



**DIE MISSIONÊRE WAARDE VAN DIE BELHAR BELYDENIS  
VIR DIE NG KERK:  
INSTRUMENT TOT INHEEMSWORDING**

**deur**

**JAN MATHYS DE BEER**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad  
Philosophiae Doctor**

**in die Fakulteit Teologie,  
Universiteit van Pretoria  
Augustus 2008**

**Promotor: Dr. A S (Attie) van Niekerk**



**THE MISSIONAL VALUE OF THE BELHAR CONFSSION  
FOR THE DUTCH REFORMED CHURCH:  
INSTRUMENT OF INDIGENIZATION**

by

**JAN MATHYS DE BEER**

**Presented for the fulfillment of the degree  
Philosophiae Doctor**

**in the Faculty of Theology ,  
University of Pretoria  
August 2008**

**Promotor: Dr. A S (Attie) van Niekerk**

## INHOUDSOPGAWE

<b>Samevatting: Afrikaans .....</b>	<b>xii</b>
<b>Summary: English .....</b>	<b>xiv</b>
<b>Lys van afkortings .....</b>	<b>xvi</b>
<b>Voorwoord .....</b>	<b>xvii</b>
<b>HOOFSTUK 1    <b>METODOLOGIE</b>.....</b>	<b>1</b>
<b>1.1    Inleiding .....</b>	<b>1</b>
<b>1.2    Godsdiens- en sendingwetenskaplike studie.....</b>	<b>1</b>
<b>1.3    Probleem en aktualiteit van studie.....</b>	<b>3</b>
1.3.1 <i>NGK en NGSK/VGKSA histories naby.....</i>	3
1.3.2 <i>NGK en VGKSA kan mekaar ook in die toekoms nie ignoreer.....</i>	3
1.3.3 <i>Die roeping van die kerk is op die spel .....</i>	3
1.3.4 <i>Die Belhar Belydenis is 'n groot faktor hierin.....</i>	4
1.3.5 <i>Die Missionêre roeping binne 'n (Suid-) Afrika konteks.....</i>	5
1.3.6 <i>Verkeerde beweegredes .....</i>	5
<b>1.4    Vraagstelling en hipotese .....</b>	<b>6</b>
<b>1.5    Metode en werkswyse.....</b>	<b>6</b>
<b>1.6    Uitklaring van terminologie.....</b>	<b>7</b>
1.6.1 <i>Belhar Belydenis .....</i>	7
1.6.2 <i>Die Kerk en die NG Kerk .....</i>	8
1.6.3 <i>Familie van NG Kerke .....</i>	10
1.6.4 <i>Missionêre waarde .....</i>	10
1.6.5 <i>Konfessie .....</i>	10
<b>1.7    Slotsom.....</b>	<b>11</b>

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

<b>HOOFSTUK 2 MISSIONÊRE WAARDE EN DIE MISSIE VAN DIE KERK .....</b>	<b>12</b>
<b>2.1 Inleidende gedagtes oor <i>missionêre waarde</i>.....</b>	<b>12</b>
<b>2.2 Missionêr: 'n meer omvattende benadering tot sending .....</b>	<b>12</b>
2.2.1 <i>Samehang van missie, taak en roeping .....</i>	13
2.2.2 <i>Missio Dei en missie van die Kerk .....</i>	14
2.2.3 <i>Missie is kollektief eerder as individualisties .....</i>	16
2.2.4 <i>Missie as woord, daad en bestaanswyse.....</i>	17
2.2.5 <i>Die bestaanswyse van die Kerk en haar geloofwaardigheid .....</i>	18
2.2.6 <i>Hoe lyk hierdie missie prakties vandag?.....</i>	21
<b>2.3 Herbesinning oor die Kerk se missie .....</b>	<b>23</b>
2.3.1 <i>Hoe lyk hierdie herbesinning in werklikheid?.....</i>	23
2.3.2 <i>Is dit 'n bewustelike ontdekkingsproses, of gebeur die Kerk se verstaan van haar missie spontaan?.....</i>	26
2.3.3 <i>Betekén dit dat kerke (of gemeentes) voortdurend met 'n program van missie-formulering besig moet wees? .....</i>	26
<b>2.4 Missie omsluit evangelisasie, getuienis en missionêre diakonaat .....</b>	<b>27</b>
<b>2.5 Samevatting .....</b>	<b>28</b>

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>SENDINGMOTIEWE EN INHEEMSWORDING</b>	
	<b>AS AANLOOP TOT DIE BELHAR BELYDENIS.....</b>	<b>27</b>
<b>3.1</b>	<b>Inleiding .....</b>	<b>27</b>
<b>3.2</b>	<b>Die agtergrond, konteks en toekoms van die Belhar Belydenis .....</b>	<b>29</b>
<b>3.3</b>	<b>Die missionêre agtergrond van Belhar .....</b>	<b>30</b>
3.3.1	<i>Die ontwikkeling van sending in die NG Kerk vanuit 'n Europese missiologie en onder invloed van sendinggenootskappe.....</i>	<i>31</i>
3.3.2	<i>Die wêreldbeeld van die Verligting as wegspringplek van die moderne sending .....</i>	<i>34</i>
3.3.3	<i>Die ontwikkelende verhouding met ander kulture.....</i>	<i>36</i>
<b>3.4</b>	<b>Inheemswording en die Suid-Afrikaanse kerk.....</b>	<b>40</b>
3.4.1	<i>Wat is inheemswording? .....</i>	<i>40</i>
3.4.2	<i>Verskillende modelle van kontekstualisering, inheemswording en inkulturasie .....</i>	<i>42</i>
3.4.3	<i>'n Nuwe verstaan van Inheemswording: Lesslie Newbiggin en Goheen .....</i>	<i>46</i>
3.4.4	<i>Die unieke diverse kulturele samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing .....</i>	<i>51</i>
3.4.5	<i>Die Roeping van die NG Kerk tot inheemswording .....</i>	<i>54</i>
3.4.6	<i>Rigtingwysers vir die NG Kerk se inheemswording .....</i>	<i>55</i>
3.4.6.1	<i>'n Missionêre benadering tot Evangelie en kultuur .....</i>	<i>55</i>
3.4.6.2	<i>'n Konfrontasie tussen fundamentele wêreldbeskouings vra nederigheid.....</i>	<i>56</i>
3.4.6.3	<i>Sensitiwiteit vir diverse uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof.....</i>	<i>57</i>
3.4.6.4	<i>'n Spanningsveld tussen wêreldbeelde noodsaak volgehoue herbesinning .....</i>	<i>58</i>
3.4.6.5	<i>'n Drie-rigting dialoog is die begin van 'n oplossing vir die spanningsveld .....</i>	<i>58</i>
3.4.6.6	<i>Bekering is nodig .....</i>	<i>59</i>
<b>3.5</b>	<b>Die Belhar Belydenis as instrument tot inheemswording vir die NG Kerk.....</b>	<b>59</b>
<b>3.6</b>	<b>Samevatting .....</b>	<b>61</b>

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>DIE MISSIONÊRE KONTEKS VAN DIE BELHAR</b>	
	<b>BELYDENIS.....</b>	<b>64</b>
<b>4.1</b>	<b>Sinodesitting van die NGSK in 1982 .....</b>	<b>64</b>
<b>4.2</b>	<b>Ras, Volk en Nasie verteenwoordig ‘n geloofwaardigheidskrisis .....</b>	<b>66</b>
4.2.1	<i>Die geloofwaardigheidskrisis loop uit op ‘n missionêre gevangenskap .....</i>	68
4.2.2	<i>Die status confessionis breek aan .....</i>	71
4.2.3	<i>Die ontvangs van die Belhar Belydenis in die NG Kerk.....</i>	73
4.2.3.1	<i>Twee wêrelde .....</i>	74
4.2.3.2	<i>Die aanklag-skok .....</i>	75
4.2.3.3	<i>Belhar se twee simboliese betekenisse vir die twee wêrelde .....</i>	77
4.2.3.4	<i>Die NGSK se motivering vir die aanklag van kettery en afgodery.....</i>	81
4.2.4	<i>Samevatting .....</i>	83
<b>4.3</b>	<b>Die missionêre funksionering van Belhar sedert sy ontstaan tot op hede ..</b>	<b>84</b>
4.3.1	<i>‘n Werksdefinisie vir sending.....</i>	84
4.3.2	<i>Die Wes-Kaapse Getuienisaksie verenig .....</i>	89
4.3.3	<i>Belhar en die NG Kerk se groei in versoening .....</i>	90
4.3.4	<i>Uiteenlopende voorbereidings in die NG Kerk-familie vir die Nuwe Suid-Afrika.....</i>	94
4.3.5	<i>Die vereniging van die NGSK en die NGKA.....</i>	96
4.3.6	<i>Die hantering van eenwording-beswaardes .....</i>	102
4.3.7	<i>Die Belhar Belydenis word toenemend gesien as ‘n struikelblok vir eenwording.....</i>	105
<b>4.4</b>	<b>Die werklike struikelblok in die eenwordingsproses: inwendige teenstrydigheid.....</b>	<b>112</b>
<b>4.5</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>115</b>

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>DIE DEBAT OOR BELHAR IN DIE WÊRELDWYE KERK, IN DIE NG KERK-FAMILIE EN DIE TEOLOGIE VAN KARL BARTH OOR GEREFORMEERDE BELYDENISSE .....</b>	<b>116</b>
<b>5.1</b>	<b>Die realiteit van weerstand teen die Belhar Belydenis.....</b>	<b>116</b>
<b>5.2</b>	<b>Aanvaarding, erkenning en ondersoek van 'n belydenis .....</b>	<b>117</b>
<b>5.3</b>	<b>Die oop debat in die universele Kerk oor die Belhar Belydenis .....</b>	<b>119</b>
<b>5.4</b>	<b>Redes waarom die NG Kerk-familie Belhar nie kan ignoreer nie .....</b>	<b>124</b>
5.4.1	<i>Die Belhar Belydenis is die belydenis van 'n mede- Suid-Afrikaanse NG Kerk:.....</i>	<i>125</i>
5.4.2	<i>Die Belhar Belydenis word wêreldwyd al hoe meer erken:.....</i>	<i>125</i>
5.4.3	<i>Wat kan uit die Belhar Belydenis geleer word?.....</i>	<i>125</i>
5.4.4	<i>Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis .....</i>	<i>125</i>
<b>5.5</b>	<b>Besware teen die Belydenis van Belhar vanuit die NG Kerk.....</b>	<b>126</b>
5.5.1	<i>Besware teen die ontstaansgeskiedenis van Belhar.....</i>	<i>126</i>
5.5.2	<i>Besware teen die inhoud van Belhar .....</i>	<i>128</i>
5.5.2.1	<i>Stem die Belhar Belydenis met die Skrif en Formuliere van Eenheid ooreen? .....</i>	<i>129</i>
5.5.2.2	<i>Verskil Belhar van die Formuliere van Eenheid?.....</i>	<i>131</i>
5.5.3	<i>Besware teen die status van Belhar as 'n belydenisskrif.....</i>	<i>133</i>
5.5.3.1	<i>Wat is die kriteria wat die NGSK aangelê het vir die opstel van 'n belydenis?.....</i>	<i>134</i>
5.5.3.2	<i>Hoe vergelyk Belhar met algemene belydenis-tendense?.....</i>	<i>136</i>
<b>5.6</b>	<b>Konklusie oor besware teen die Belhar Belydenis .....</b>	<b>138</b>

(Vervolg ...5.7)

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

### HOOFSTUK 5 (VERVOLG)

<b>5.7</b>	<b>Karl Barth se Teologie van Gereformeerde Belydenisse.....</b>	<b>139</b>
5.7.1	<i>Barth se 1923 lesings .....</i>	139
5.7.2	<i>Die onderskeid tussen Gereformeerde en Lutherse benaderings .....</i>	142
5.7.2.1	<i>Ekumeniese openbare karakter van belydenisse .....</i>	142
5.7.2.2	<i>Eenheid in interpretasie .....</i>	143
5.7.2.3	<i>Verband met vroeë kerklike simbole .....</i>	146
5.7.2.4	<i>Veranderlikheid of permanensie van belydenis .....</i>	149
5.7.2.5	<i>Toewyding vereis aan belydenisse .....</i>	150
5.7.3	<i>Die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis .....</i>	151
<b>5.8</b>	<b>Implikasies vir die herenigingsproses en die belydenisgrondslag.....</b>	<b>154</b>
<b>5.9</b>	<b>Die missionêre implikasies van Karl Barth se insigte oor die karakter van Gereformeerde belydenisse.....</b>	<b>156</b>
<b>5.10</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>158</b>



## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

<b>HOOFSTUK 6</b>	<b>DIE MISSIONÊRE WAARDE VAN DIE BELHAR BELYDENIS VIR GEMEENTES EN LERAARS VAN DIE NG KERK .....</b>	<b>156</b>
<b>6.1</b>	<b>Die basis-vraag oor die Belhar Belydenis: Missionêre waarde.....</b>	<b>156</b>
<b>6.2</b>	<b>Wat die vraag na die missionêre waarde van Belhar behels.....</b>	<b>158</b>
6.2.1	<i>Insigte van Goheen &amp; Newbiggin.....</i>	158
6.2.2	<i>Insigte van Karl Barth.....</i>	161
6.2.3	<i>Is 'n oop en eerlike gesprek moontlik binne die herenigingsproses?.....</i>	163
<b>6.3</b>	<b>Riglyne vir 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis .....</b>	<b>165</b>
6.3.1	<i>Belydenisse is poorte tot die Evangelie en Skrif.....</i>	165
6.3.2	<i>Die motivering vir die studie van die Belhar Belydenis .....</i>	167
6.3.3	<i>Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.....</i>	168
6.3.4	<i>Riglyne vir die fasilitering van die debat.....</i>	170
<b>6.4</b>	<b>'n Verwysingsbron van aktuele temas in die Belydenis van Belhar .....</b>	<b>173</b>
6.4.1	<i>Ontstaans-konteks van Belhar.....</i>	173
6.4.2	<i>Artikel 2: Eenheid en eenwording as getuienis.....</i>	176
6.4.3	<i>Artikel 3: Versoening.....</i>	178
6.4.4	<i>Artikel 4: Geregtigheid, armoede en bevrydingsteologie .....</i>	179
6.4.5	<i>Artikel 5: Gehoorsaamheid .....</i>	180
6.4.6	<i>'n Denkskuif (wegkom van piëtisme) in die ekklesiologie van NG Kerk-familie .....</i>	181
6.4.7	<i>Belydenisse uit die Reformasie en 'n eietydse belydeniskarakter .....</i>	182
6.4.8	<i>Gesprek/kontak tussen die NG Kerk en die VGKSA .....</i>	183
6.4.9	<i>Die universele karakter van Belhar .....</i>	184
6.4.10	<i>Die kerk as eksemplaar of alternatiewe gemeenskap .....</i>	185
6.4.11	<i>Hedendaagse toepassing van Belhar .....</i>	186
6.4.12	<i>Simboliese betekenis van Belhar.....</i>	188
<b>6.5</b>	<b>Slotbeskouing.....</b>	<b>190</b>

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

### HOOFSTUK 7: ADDENDUM

	<b>ONDERHOUDE AS STIMULASIE TOT GESPREKVOERING BINNE DIE NG KERK-FAMILIE .....</b>	<b>169</b>
7.1.	Die gebruik van die Belhar Belydenis in 'n gesprek oor die missie van die NG Kerk-familie in die Suider-Afrikaanse samelewing .....	169
7.2.	Kwalitatiewe onderhoude oor die Belhar Belydenis as voorbeeld- gesprekke oor die missie van die NG Kerk-familie in die Suider-Afrikaanse samelewing .....	172
7.3.	ONDERHOUD MET ANDRIES LOUW .....	175
7.4.	ONDERHOUD MET ANONIEM 1 .....	190
7.5.	ONDERHOUD MET DANIËL MALULEKE .....	199
7.6.	ONDERHOUD MET ANONIEM 2 .....	206
7.7.	ONDERHOUD MET JOHAN BOTHA .....	210
7.8.	ONDERHOUD MET HANNES THERON .....	222
7.9.	ONDERHOUD MET NICO KOOPMAN .....	226
7.10.	ONDERHOUD MET PIETER GROVE .....	232
7.11.	ONDERHOUD MET JAAP DURAND .....	239
7.12.	ONDERHOUD MET PHIL ROBINSON .....	245
7.13.	ONDERHOUD MET DAAN CLOETE .....	253
7.14.	ONDERHOUD MET ANONIEM 3 .....	260
7.15.	ONDERHOUD MET ANDRÉ BARTLETT .....	273
7.16.	ONDERHOUD MET REGGIE NEL .....	280
7.17.	Samevattende opmerkings .....	282

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

<b>BIBLIOGRAFIE .....</b>	<b>310</b>
<b>BYLAE 1: Besluite van die NGSK oorgedra aan die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1982 .....</b>	<b>319</b>
<b>BYLAE 2: WBGK besluite rakende die NG Kerk en apartheid .....</b>	<b>324</b>
<b>BYLAE 3: THE LAUDIUM DECLARATION .....</b>	<b>327</b>
<b>BYLAE 4: DIE BELYDENIS VAN BELHAR 1986 .....</b>	<b>329</b>

## SAMEVATTING

### DIE MISSIONÊRE WAARDE VAN DIE BELHAR BELYDENIS VIR DIE NG KERK: INSTRUMENT TOT INHEEMSWORDING

deur

Jan Mathys de Beer

Promotor: Dr. A S (Attie) Van Niekerk

Departement: Godsdiens- en Sendingwetenskap

Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

Graad: Philosophiae Doctor

Die Belhar Belydenis was sedert sy ontstaan in 1982 'n omstrede dokument in die NG Kerkfamilie. Ná die Kerkbode-debat in 1998, is Belhar al hoe meer gesien as 'n struikelblok in die weg van eenwording. Denke oor die Belydenis het gepolariseer tussen diegene wat dit aanvaar as konfessie teenoor diegene wat dit nie aanvaar nie. Besware wat teen die Belydenis ingebring is, het te make met sy ontstaansgeskiedenis, sy status as konfessie en inhoudelike besware. Die negatiewe persepsies oor die Belhar Belydenis is diep gewortel.

In hierdie studie word 'n derde posisie voorgestel, naamlik dat die *missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk* genoeg rede is om die inhoud van die belydenis te ontgin, ongeag of die belydenis as konfessie aanvaar word of nie. Deur 'n bestudering van die sendingbenadering en –beleid in die NG Kerk as historiese aanloop tot die Belhar Belydenis, word die belang van inheemswording in terme van die missie van die kerk uitgelig. Die NG Kerk het 'n sendingbeleid rondom die negentiende-eeuse Europese teologie van inheemswording ontwikkel wat bygedra het tot die ontstaan van afsonderlike kleur-bepaalde kerke. Hierdie beleid van inheemswording het bygedra tot 'n versmelting van kerk en volk by die Afrikaner, met 'n verdere gevolg van toenemende isolasie, 'n geloofwaardigheidskrisis en 'n missionêre gevangenskap. Dit vorm die missionêre agtergrond van die Belhar Belydenis. Ongelukkig het die NG Kerk die belydenis baie negatief ontvang – saam met 'n aanklag van kettery en afgodery. Selfs te midde van hierdie negatiewe persepsie van die Belhar Belydenis, het die belydenis nogtans 'n vormende en bevrydende invloed uitgeoefen op die sending van die kerk tot op hede, weereens: missionêre waarde.

Die leemte in die inheemswording van die NG Kerk is dat dit tot volks-inheemswording beperk was. 'n Nasionale inheemswording-benadering word uitgewys as 'n meer relevante uitdrukking van die missie van die kerk in Suid-Afrika, met 'n Suid-Afrikaanse Gereformeerde kerk as oogmerk. In terme hiervan is die Belhar Belydenis 'n instrument tot inheemswording vir die hele NG Kerk-familie.

Belhar is nie die struikelblok in die weg van eenwording nie. In die herenigingsgesprekke het 'n inwendige teenstrydigheid ontstaan, en dít is die werklike struikelblok. Verskillende benaderings tot belydenisse bring verskillende beoordelings van Belhar mee. Karl Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse dui op 'n derde weg uit die hereniging-dilemma. Die aanvaarding van 'n belydenis in die Gereformeerde benadering geskied altyd in vryheid, want Gereformeerdes staan onder gesag van die Skrif en Christus alleen. Die gesag wat die Kerk aan 'n belydenis toeken word nie ontken nie, maar eerder ontgin.

Die studie sluit af met riglyne vir die ontginning van die missionêre waarde van die Belhar Belydenis, gegrond op 14 onderhoude met teoloë uit die NG Kerk en VGKSA. Die onderhoude word weergegee as stimulasie tot gesprek tussen die lede van die NG Kerk-familie, veral tussen die NG Kerk en die VGKSA. Die studie eindig met enkele praktiese riglyne vir leraars en gemeenteleiers wat die missionêre waarde van die Belhar Belydenis wil ontgin deur 'n oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis. 'n Verwysingsbron van aktuele temas in die Belhar Belydenis word as hulpmiddel gegee.

### **Lys van Sleutelterme**

Belhar Belydenis

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk)

Verenigende Gereformeerde Kerk in S.A. (VGKSA)

NG Sendingkerk

Inheemswording

Kontekstualisering

Missionêr

Missie

Sending

Herenigingsgesprek

Eenwording

Karl Barth

Lesslie Newbigin

Gereformeerde

Lutherse

Status Confessionis

## SUMMARY

### THE MISSIONAL VALUE OF THE BELHAR CONFESSION FOR THE DUTCH REFORMED CHURCH: INSTRUMENT OF INDIGENIZATION

by

Jan Mathys de Beer

Promotor: Dr. A S (Attie) Van Niekerk

Department: Science of Religion and Missiology

Faculty of Theology, University of Pretoria

Degree: Philosophiae Doctor

Since its inception in 1982, the Belhar Confession has been a controversial document in family of Dutch Reformed Churches. After the debate in *Die Kerkbode* (1998), Belhar was progressively seen as an obstacle in the way of church unity. Opinion on the Confession polarized between those who accepted Belhar as their confession and others who did not want to accept it altogether. Objections on Belhar has to do with factors surrounding its inception, its status as confession and objections on certain textual formulations. The negative perceptions of the Belhar Confession is deep rooted.

This study proposes a third position, namely that the missionary value of the Belhar Confession reason enough gives to make use of the contents of the Confession, irrespective of whether it is accepted as confession or not. Through a study of the missionary approach and policy of the Dutch Reformed Churches, the importance of indigenization as mission of the church is highlighted. The Dutch Reformed Church (DRC) developed its missionary policy based on nineteenth century European theology of indigenization. This policy of indigenization, however, contributed to the formation of separate churches determined by colour. This policy of indigenization also contributed to a fusion of church and “volk” (indigenous people) of the “Afrikaner”, further resulting in isolation, a crisis of credibility and a missional imprisonment in die DRC. This is the missional background of the Belhar Confession. The DRC, however, had a very negative reception of the Confession, since it was accompanied by a charge of heresy and idolatry against this church. Nevertheless, even in the midst of this negative perception of Belhar, the Confession still had a formative influence on the mission of the church until now: hence its missional value.

The shortfall in the indigenization of the DRC is that it was confined to “volks”-indigenization. A national indigenization approach is shown to be a more relevant expression of the mission of the

church in South Africa, with a South African Reformed Church as objective. In terms of this, the Belhar Confession is an instrument of indigenization for the whole DRC-family.

Belhar is not an obstacle in the way of church unity. In the re-unification talks, an internal contradiction appeared, which is the actual obstacle. Different approaches to confessions lead to different evaluations of Belhar. Karl Barth's theology of Reformed confessions points to a third way out of the dilemma of the re-unification process. In the Reformed approach, the acceptance of a confession is always voluntary, because the reformed believer is only under the authority of Christ and his Word (Scripture). The authority that the church gives to a confession is not denied, but rather discovered.

The study concludes with a contemporary reading of the Belhar Confession, based on 14 interviews with theologians in the DRC and the Uniting Reformed Church. These interviews are presented to stimulate a conversation between members of the DRC-family, especially between die DRC and the Uniting Reformed Church. At the end of the study, some practical guidelines are given for church leaders and pastors who wish to make use of the missional value of Belhar by facilitating and organizing an open and honest dialogue between members of the DRC-family.

### **List of Key words**

Belhar Confession

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk)

Verenigende Gereformeerde Kerk in S.A. (VGKSA)

NG Sendingkerk

Indigenization

Contextualization

Missional

Mission

Missionary

Church unity

Karl Barth

Lesslie Newbigin

Reformed

Lutheran

Status Confessionis

Dutch Reformed Church Family

## LYS VAN AFKORTINGS

AACC:	All Africa Conference of Churches
ASK:	Algemene Sinodale Kommissie
Belhar:	Belhar Belydenis
CCAP:	Church of Central Africa Presbyterian
DRC:	Dutch Reformed Church (Engels vir NG Kerk)
GER:	Gereformeerde Ekumeniese Raad
NAV:	1983 Afrikaanse Vertaling van die Bybel
NG Kerk:	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NGKA:	Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
NGSK:	Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk
NGTT:	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NHK:	Nederduitsch Hervormde Kerk
OAV:	1953 Afrikaanse Vertaling van die Bybel
OVS:	Oranje Vrystaat (tans net: Vrystaat)
RC America:	Reformed Church in America
RCA:	Reformed Church in Africa
RVN:	Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif
SADHS:	South Africa Demographic and Health Survey
SKG:	Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie
TEF:	Theological Education Fund
UP:	Universiteit van Pretoria
URCSA:	Uniting Reformed Church in Southern Afrika (Engels vir VGKSA)
USA:	United States of America
UWK:	Universiteit van die Wes-Kaap
VGKSA:	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
VPKB:	Verenigde Protestantse Kerk in België
WBGK:	Wêreldbond van Gereformeerde Kerke
WCC:	World Council of Churches – Wêreldraad van Kerke



## VOORWOORD

Ek het gewonder wat ek sal sê as iemand vir my vra: “Nou wat is die slotsom van jou navorsing?” Verskeie antwoorde het by my opgekom, sommige akademies, ander tegnies, nog ander versigtig en ook ‘n paar reguit antwoorde. Maar een het by my vasgesteek, en ek dink dit is die slotsom: **liefde**.

Sonder liefde sal al my ywer met hierdie proefskrif vir my, vir die leser en vir die kerk niks baat nie. Ons, die NG Kerkfamilie, kan net vorentoe beweeg in hierdie land waarin die Here vir ons toelaat om te woon, met liefde. Dit geld ook vir al die ander inwoners van die land, maar as die kerk nie liefde uitstraal nie, wie sal dan daarvan weet?

Ek is heeltemal bewus daarvan dat die tema van hierdie navorsing baie ongewild is. Daar is voorstanders van die Belhar Belydenis wat nie daarvan hou dat ek hier voorstel dat die belydenis nie noodwendig as konfessie aanvaar moet word nie. Daar is ook teestaanders van Belhar wat sekerlik nie weer van dié dokument wil hoor nie – en nog boonop dat dit waarde vir ons het nie! My dilemma is dat ek mense ken aan beide kante (pro- en anti- Belhar), en dat ek lief is vir almal. Trouens, die meeste van hierdie mense is saam met my in een kerk, wat ons in werklikheid deel maak van een gesin. Mens leer in ‘n gesin om iemand lief te hê, al verskil julle van mekaar.

My wens is daarom dat hierdie studie daartoe sal bydra dat gelowiges in die NG Kerk-familie (en selfs wyer) nader aan mekaar sal beweeg omdat ons deel is van een gesin deur dít wat die Messias vir ons gedoen en gewys het.

Ek is aan soveel mense dank verskuldig vir hierdie navorsing: eerstens ons Hemelse Vader wat dit enigszins moontlik gemaak het; ook my vrou, Elanie, en twee seuns, Anru en Tian, wat my so geduldig bygestaan het; my promotor, Attie, vir sy diepte, skerp insig, goeie leiding (en ruimte) en rustigheid; my Kaapse vriend, Danie, wat die onderhoude in leesbare vorm omgesit het; die hele gemeente van Waterkloofrif (hier gaan ek dit nie eens waag om name te noem nie – daar is te véél!), sonder wie hierdie studie eensydig en onafgehandel sou wees; kollegas en vriende (soos Annemarie Venter) wat my aanhou bemoedig het; die besonderse mense met wie ek so insiggewend kon gesels in die onderhoude; en ‘n hele reeks hulpvaardiges by die Universiteit, ABID en die verskillende sinodale kantore.

Ek wil veral die hoop uitspreek dat twee dinge ‘n werklikheid sal word. Eerstens, dat mense wat soveel emosies ervaar wanneer hulle “Belhar Belydenis” hoor, dat hulle hierdie navorsing in die asblik wil smyt, tog die durf aan die dag sal lê om eers bietjie daarin te lees voor hulle dit doen. Tweedens, dat die liefde en eensgesindheid in Christus so sal toeneem in die NG Kerk-familie vir mekaar, dat hierdie studie vinnig verouderd raak en mense dit in die asblik begin gooi met die woorde: “Been there, done that.”

Alle lof aan ons Hemelse Vader, want aan U behoort die Koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen

Jan de Beer

Augustus 2008

# HOOFSTUK 1

## METODOLOGIE

### 1.1 Inleiding

Enige studie moet goed gemotiveer word. Om egter 'n positiewe studie oor die Belhar Belydenis in die NG Kerk te onderneem, moet ekstra goed gemotiveer word, want daar is sterk emosie betrokke by besprekings oor hierdie dokument.

### 1.2 Godsdienst- en sendingwetenskaplike studie

Hierdie studie wil die *missionêre waarde* van die Belhar Belydenis vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk (voortaan NG Kerk) na vore bring. Dié belydenis het nie alleen missionêre waarde vir die NG Kerk nie, hierdie waarde is ook van toepassing op die NG Kerk-familie, op die ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika en wyer, en uiteindelik vir enige ander kerk wat wil nadink oor hul sending (missie) in hierdie wêreld.

Die studie word onderneem in die Departement Godsdienst- en Sendingwetenskap, maar die fokus van die studie is op Sendingwetenskap, oftewel *Missiologie*. Die onderwerp van die studie is van so 'n aard dat daar ook raakvlakke met verskeie ander teologiese dissiplines bestaan. Die onderwerp van studie is die Belhar Belydenis (1982, 1986) (konfessionele raakvlakke), die historiese aanloop tot die Belhar Belydenis en rol van die belydenis tot op hede (kerk-historiese raakvlakke), die konteks en kerk waarbinne die Belhar Belydenis tot stand gekom het (ekklesiologiese raakvlakke), die rol van die Belhar Belydenis in die herenigingsproses van die familie van NG Kerke (ekumeniese raakvlakke) en die inhoud van die belydenis (ekklesiologiese, etiese-morele en pastorale raakvlakke). Om die waarheid te sê, alle teologiese vakrigtings het 'n missionêre dimensie, of, behoort ten minste so 'n dimensie te hê, want alle teologie wat Skrifgetrou is, het op een of ander manier 'n impak op die lewens van mense. Kirk (1999:11) stel dit nog sterker: "...there can be no theology without mission – or, to put it another way, no theology which is not missionary". In hierdie studie sal daar dus voortdurend gevra word en verwys word na die missionêre waarde van die Belydenis vir die NG Kerk terwyl die genoemde aspekte van die Belhar Belydenis ondersoek word.

Die begrip "sending" het die afgelope halfeeue grootliks van inhoud verander. Bosch praat van 'n "emerging ecumenical missionary paradigm" waarheen die hedendaagse sending besig is om te beweeg (1991:368). Moreau (2000:637) som die veranderinge in sending die afgelope eeu op as

twee belangrike verskuiwings wat plaasgevind het: (a) die besef dat sending meer is as die aktiwiteite van die kerk, op grond van die *Missio Dei*; en (b) die weglating van die tweede “s” in die woord “missions”, om die eenheid van die totale Bybelse taak van die kerk aan te dui: “mission of the church”. In hierdie studie word by die verskuiwing in die begrip sending aangesluit en daarom word nie gevra na die sendingwaarde van Belhar nie, maar na sy *missionêre* waarde. In die tweede hoofstuk word in meer besonderhede op hierdie kwessie ingegaan ten einde duidelik te omskryf wat met *missionêre waarde* bedoel word.

Sendingwetenskap (missiologie) is ‘n wetenskap. Dit beteken dat hierdie studie wetenskaplik uitgevoer word. Daarmee word nie bedoel dat die wetenskap(-pe) die bron van kennis is waaruit teologie bedryf word, of dat die wetenskap die norm verskaf waaraan oordele in hierdie studie gemeet word nie. As teologiese wetenskap word die uitgangspunt geneem dat God die Bron van alle kennis is, soos Hy die Bron van alle dinge is: “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge” (Rom. 11:36), maar dat hierdie kennis nagevors word deur die bestudering van (a) die Skrif, (b) die woorde en dade van mense, (c) die verkondiging en lewe van die één Kerk en verskillende kerke en (d) die res van die skepping. Al hierdie dinge kan deur ‘n mens ondersoek word, maar nie God nie: “O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad?” (Rom. 11:35). Daarom word teologie nie verstaan as die wetenskaplike bestudering van God self nie (bv. Athanasius en Augustinus in Wright 1988:680). Wanneer daar in teologie oor God gepraat word, behoort dit beperk te word tot dit wat Hy self aan die mens openbaar in sy Skrif – en daarvoor is nie ‘n studie van God nie, maar ‘n studie van die Skrif nodig. In hierdie studie is die onderwerp die Belhar Belydenis, maar daarmee saam word ook die familie van NG Kerke, die geskiedenis rondom die Belhar Belydenis, die verhouding tussen die NG Kerk en die ander lede van die NG Kerk-familie (veral die VGKSA), asook mense se persepsies oor die Belhar Belydenis bestudeer.

Alle teologiese evaluering moet vanuit die Skrif gekontroleer word, hoe moeilik dit ookal soms voorkom, want die Skrif is die enigste kontroleerbare openbaring van die wil van God vir die mens se lewe, en in die wetenskap is kontroleerbaarheid van groot belang. Daarom word teologiese evaluering in dié studie telkens met die Skrif gekontroleer. Daarmee word nie bedoel dat die skrywer se verstaan en interpretasie van die Skrif finaal of die enigste geldende interpretasie is nie, want enige student van die Skrif bly dit lewenslank, of soos Jonker (1976:31) dit stel: “‘n Mens kan nooit eens en vir altyd wéét wat in die Bybel staan...nie.” Met so ‘n Skriftuurlike kontrole word dit vir die akademiese en nie-akademiese leser moontlik gemaak om saam te evalueer, en waar daar verskil word, kan dit ook vanuit die Skrif gedoen word. Die mees basies gereformeerde Skrifbeginsel, naamlik *Skrif verklaar Skrif*, word op hierdie manier toegepas. Tog is die studie wat hier onderneem word nie bloot van akademiese belang nie. Dit is die skrywer se wens dat dit vir gelowiges op alle vlakke van die kerklike lewe van waarde sal wees, en, uiteindelik, ook vir mense

wat nog buite die kerk funksioneer, sodat die kennis, insig en wysheid wat hieruit verkry word daartoe kan bydra dat lof, eer en dank aan ons Hemelse Vader gebring word. Daarmee word hierdie studie met 'n missionêre gesindheid benader: "Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening." (1 Petrus 2:12).

### **1.3 Probleem en aktualiteit van studie**

#### *1.3.1 NGK en NGSK/VGKSA histories naby*

As mens histories kyk na die ontstaan van die NGK en die VGKSA, kan dit nie ontken word dat hierdie twee kerke eintlik vir baie lank 'n noue band met mekaar gehad het nie. Tot en met 1881 was daar net een Kaaps-Hollandse kerk en sinodale verband vir die Kerke van Gereformeerde belydenis in die Kaapkolonie. In 1881 is 'n afsonderlike sinode gevorm vir die gemeentes wat uit sendingwerk onder slawe en nie-westerlinge ontstaan het. Hierdie sinode het bekend gestaan as die NG Sendingkerk (NGSK), die voorloper van die VGKSA. 'n Groot aantal leraars van die NGSK het uit die NGK gekom. Die verhouding tussen die NGK en die NGSK is tot en met 1982 beskryf as 'n Moeder-Dogter verhouding. Die korrektheid van hierdie tipe verhouding vir kerke is nie tans onder bespreking nie. Wat wel belangrik is, is dat hierdie twee kerke nooit los van mekaar kon funksioneer nie, al is dit net omdat hulle in dieselfde land bestaan. Dit is dus noodwendig dat predikante en teoloë wat hul opleiding in die NGK ondergaan het, ook baie nou betrokke was by die skryf van die Belhar Belydenis (bv. Dirkie Smit en JJF Durand). In hierdie opsig kan die NG Kerk nie die Belhar Belydenis ignoreer nie.

#### *1.3.2 NGK en VGKSA kan mekaar ook in die toekoms nie ignoreer*

Kyk ons na die feit dat die NGK en die VGKSA in dieselfde land naas mekaar bestaan, is dit vanselfsprekend dat dieselfde nasionale vraagstukke op hierdie kerke se tafels beland. Voeg daarby die ooreenstemmende belydenis in die vorm van die drie Formuliere van Eenheid, die Gereformeerde karakter, asook die historiese band tussen hierdie kerke, is dit duidelik dat die NGK en die VGKSA mekaar in die toekoms nie sal kan ignoreer nie. Dit lyk eerder asof hierdie kerke nader aan mekaar sal moet beweeg as hulle hul missie ten volle wil uitleef in die Suider-Afrikaanse samelewing.

#### *1.3.3 Die roeping van die kerk is op die spel*

Kyk ons na die roeping van die Kerk, en dan in besonder die roeping van die kerke van Gereformeerde leer in Suid-Afrika (en Afrika), is dit verder duidelik dat die NGK en die VGKSA nie

geïsoleerd van mekaar kan funksioneer nie, aangesien hierdie kerke dieselfde roeping en taak in hierdie land (en kontinent) het. Die verkondiging van die Evangelie aan die mense van Afrika word al genoem in die betoog vir die koloniserings van die Kaap teen 1650 (Sien die “remonstrantie” van Janssen en Proot in Du Plessis 1965:20-21). Dit beteken dat die blote teenwoordigheid van die kerk vanaf 1652 aan die suidpunt van Afrika ‘n roeping binne die konteks van Afrika en Suid-Afrika impliseer – en hierdie roeping is primêr ‘n *missionêre* roeping. Die vraag is nou of die NGK óf die VGKSA (en die familie van NG Kerke) daarin kan slaag om hul (missionêre) roeping ten volle binne hierdie konteks uit te leef, solank hul as afsonderlike kerke bly voortbestaan.

#### 1.3.4 Die Belhar Belydenis is ‘n groot faktor hierin

Die gesprek oor eenwording in die familie van NG Kerke is al vir twee dekades aan die gang – selfs langer, as die federale Raad van Kerke ook daarby ingesluit word. Hierdie gesprek word gekenmerk deur “die beweging en spanning tussen eenheid en verskeurdheid” (Van der Linde 2002:7). Een van die grootste faktore in die eenwordingsgesprek is die *Belhar Belydenis*. Sommige meen dat die Belhar Belydenis ‘n struikelblok is op die weg na eenwording. “Daar kan met reg gesê word dat die Belydenis van Belhar hoog op die lys van omstrede sake is wat tans die proses van kerkvereniging negatief beïnvloed” (289). Vir die VGKSA kan kerkvereniging nie sonder die Belhar Belydenis plaasvind nie: “Die lidmate [van die VGKSA] het *Belhar* al te veel hulle eie gemaak om weer daarvan te kan afsien.” (Smit 2000:172). Met die samespreking te Esselenpark en Achterberg (2006-2007) het die herenigingsproses momentum begin optel, maar onlangs het die tekens van verwydering weer na vore gekom, veral in die polarisasie tussen prof. Thias Kgatla en Piet Strauss, die nuutverkeuse moderators van die VGKSA en die NG Kerk onderskeidelik. In hierdie breuk staan die Belhar Belydenis weereens sentraal: “Prof Strauss sê daar is sekere vrae oor die Belydenis van Belhar wat uitgeklaar sal móét word. ‘Ek, en ‘n groot deel van die NG Kerk, sien Belhar nie as ‘n belydenis nie. Is dit hoekom my belewenis van die eenheidsproses vir prof. Kgatla onaanvaarbaar is?’” (Die Kerkbode 25 Januarie 2008:1). Volgens Smit sal enige kerk wat met die VGKSA wil verenig, op “een of ander wyse met Belhar ook moet reken” (172). Hierdie studie is presies daarmee besig. Tot dusver kon nog geen streeksinode besluit om die Belhar Belydenis as konfessie vir die NG Kerk te aanvaar nie, en daarom bly hierdie besluit ook ‘n onmoontlikheid vir die Algemene Sinode, maar is dit die enigste manier om met die Belhar Belydenis te reken? Hierdie studie wil ‘n alternatiewe roete aandui. Die vraag wat gevra word, sentreer nie rondom die aanvaarding van die Belhar Belydenis deur die NG Kerk as konfessie nie, maar het te make met die missionêre waarde van die belydenis.

### 1.3.5 Die Missionêre roeping binne 'n (Suid-) Afrika konteks

Binne die konteks van Suid-Afrika (en natuurlik ook Afrika) vandag, is daar 'n sensitiviteit rondom ras- of kleurverdeling. Die rassevraagstuk en die geskiedenis van apartheid maak die afsonderlike ontwikkeling van twee gereformeerde kerke met dieselfde belydenis, maar wat begrens word deur verskillende rasse-bevolkings, nie iets wat ongesiens verby kan gaan nie. Dit is nie bloot 'n saak wat deur kerke intern behandel kan word nie. Die oë van die hele Suider-Afrikaanse bevolking is op so 'n situasie gerig. Selfs die internasionale gemeenskap is hiervan bewus. Dit beteken dat die boodskap wat hierdie kerke na die gelowige- en ongelowige gemeenskap uitstuur, baie mooi oorweeg moet word. Hierdie boodskap het te make met vroeë soos:

- ; Wat beteken geloof in Christus vir die eenheid tussen gelowiges?
- ; Watter verskil maak die Evangelie ten opsigte van versoening tussen mense?
- ; Wat het die Bybelse boodskap te sê oor geregtigheid in die samelewing?

Hierdie vroeë word in die Belhar Belydenis aangespreek en verder uitgelig in die volgende hoofstuk (hoofstuk 2).

### 1.3.6 Verkeerde beweegredes

Die benadering tot die waarde van die Belhar Belydenis wat in hierdie studie onderneem word, is 'n verantwoordelike gereformeerde omgang met hierdie dokument. Dit sou verkeerd wees vir die NG Kerk om die Belhar Belydenis te aanvaar bloot ter wille daarvan om die NG Kerk te red, ter wille van eenwording met die VGKSA, vanweë politieke druk, of as gevolg van nuwe ervarings wat in die huidige Suider-Afrikaanse samelewing na vore kom, soos byvoorbeeld dat ongeregtigheid in die samelewing nou behels dat 'n ander groep mense benadeel word. Vir die gereformeerde kerk is die enigste ware maatstaf wat aangelê kan word vir die beoordeling van die waarde van 'n dokument soos die Belhar Belydenis vir 'n kerk of gemeente, die roeping van daardie kerk volgens die Skrif binne 'n bepaalde konteks. Vir die NG Kerk beteken dit dat daar gevra moet word na *die missionêre waarde van Belhar Belydenis*. Hoewel hierdie studie nie *primêr* fokus op die gesprekke oor kerkeenheid tussen die familie van NG Kerke in Suider Afrika nie, het die bepaling van die missionêre waarde van die Belhar Belydenis as konfessie *sekondêre* waarde vir die proses van kerkeenheid (in die familie van NG Kerke), en daarom gaan die studie afsluit met opmerkings oor die waarde van die Belhar Belydenis vir hierdie eenheidsgesprek.

## 1.4 Vraagstelling en hipotese

Hierdie navorsing is onderneem met die titel: *Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis as konfessie van die NG Kerk*, met subtitel: *instrument tot inheemswording*. Die bedoeling was om te kyk na die waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk indien die NG Kerk dit amptelik sou aanvaar as 'n belydenis. Soos die navorsing gevorder het, is al hoe meer beseft dat die titel moet verander na: ***Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk: instrument tot inheemswording***. Die rede hiervoor is dat die bestudering van die gereformeerde siening van konfessies gelei het tot die vraag of die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk afhanklik is van die aanvaarding van hierdie dokument deur die NG Kerk as *konfessie*. Met die aanvanklike titel kon die indruk geskep word dat die Belhar Belydenis slegs missionêre waarde vir die NG Kerk het indien dit as *konfessie* aanvaar word op dieselfde basis as die drie Formuliere van Eenheid, maar is dit werklik nodig? Het die Belhar Belydenis, binne die raamwerk van die gereformeerde siening en hantering van belydenisse, steeds groot missionêre waarde vir die NG Kerk, selfs al sou dit nie deur die NG Kerk as hul konfessie aanvaar word nie?

Die vraag wat deurlopend in hierdie studie na vore kom, is:

Wat is die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk, of, anders gestel, hoe dra die Belhar Belydenis by tot 'n meer gehoorsame uitleef van die NG Kerk (familie) se missie in die wêreld?

Die **hipotese** wat gestel word, is **dat die Belhar Belydenis groot missionêre waarde het vir die NG Kerk**.

As **subhipoteses** word gestel:

- (a) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is nie afhanklik van die aanvaarding van die belydenis as konfessie nie;
- (b) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is meervoudig en ontwikkel voortdurend;
- (c) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis kan gesien word daarin dat die belydenis 'n instrument tot egte inheemswording is vir die NG Kerk-familie in Suid-Afrika

## 1.5 Metode en werkswyse

Die studie is onderneem in aansluiting by verskillende dissiplines. Vir die teoretiese onderbou van die missiologie is literatuur oor die missiologie nagevors, wat in hoofstuk 2 uiteengesit word. 'n Literatuurstudie is gemaak rondom die Belhar Belydenis wat gelei het tot 'n histories-kontekstuele analise in hoofstuk 3 en 4 (die konteks van die Belhar Belydenis word histories ontleed) en 'n

konfessionele bestudering van die belydenis in hoofstuk 5 (resepsie, karakter van belydenisse). Ten einde meer inligting oor die internasionale belangstelling in die Belhar Belydenis te bekom, is 'n internet-studie en epos-gesprekke onderneem. 'n Proses van kwalitatiewe onderhoude is onderneem met die doel om vars inligting te bekom rondom mense in die NG Kerk en die VGKSA se persepsies oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Omdat kwalitatiewe onderhoude 'n baie omslagtige proses is, is besluit op slegs 14 onderhoude, met 10 respondente uit die VGKSA en 4 uit die NG Kerk. Met die onderhoude is spesifiek persone gekies wat positief oor die Belhar Belydenis is en goeie kontak met die belydenis het, sodat die vraag oor die missionêre waarde van die belydenis aan hulle gestel kon word. In hierdie opsig is die oormaat respondente lidmate van die VGKSA. Die keuse van persone vir onderhoude is nie bedoel om 'n verteenwoordigende groep ("sample") te wees nie, aangesien die doel van die onderhoude ook nie was om 'n verteenwoordigende mening te verkry nie. Die doel van die onderhoude was om van die narratiewe beginsels in te span om die gesprek oor die Belhar Belydenis, en veral oor die waarde van dié belydenis vir die missie van die kerk, te stimuleer. Omdat dit die doel van die onderhoude is, en omdat dit 'n lewendige bydrae tot die gesprek oor Belhar wil lewer, word die getranskribeerde weergawe van die onderhoude as 'n deel van die studie gesien. Dit word in hoofstuk 7 as Addendum weergegee. Aan die begin van elke onderhoud word die redes vir die keuse van daardie betrokke respondent weergegee. In hoofstuk 6 word belangrike temas wat uit die onderhoude afkomstig is, as 'n verwysingsbron gegee. Hoofstuk 6 gee riglyne vir gemeenteleiers en leraars vir die fasilitering van 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis in die familie van NG Kerke.

## **1.6 Uitklaring van terminologie**

### *1.6.1 Belhar Belydenis*

Die Belhar Belydenis is 'n dokument wat deur die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) in die vorm van 'n geloofsbelydenis opgestel is in 1982. Hierdie dokument is aanvaar as 'n belydenisskrif van die NGSK op die sinode van 1986, naas die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus (hierdie drie dokumente staan bekend as die drie Formuliere van Eenheid). In 1994 het die NGSK verenig met 'n deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) te vorm. Die Belydenis van Belhar was van die staanspoor af een van die belydenisse van die VGKSA.



### 1.6.2 Die Kerk en die NG Kerk

Voordat gepraat word oor die sending van die Kerk, moet eers uitgeklaar word wat bedoel word met *die Kerk*. Daar word vandag baie maklik en baie dikwels gepraat van *die kerk*, maar dit is nie altyd seker wat 'n persoon met hierdie woord bedoel nie. Soms word “die dominee”, die “priester” of “die pastoor” bedoel (“die kerk het my nie eens kom besoek in die hospitaal nie”), soms word 'n aantal lede van 'n bepaalde gemeente bedoel (“die kerk veroordeel my egskending”), soms word 'n breër kerklike struktuur bedoel (“die kerk beweeg nou in die verkeerde rigting”), soms word 'n bepaalde gemeente bedoel (“die kerk het my verkies as ouderling”) en soms word 'n gemeentelike byeenkoms bedoel (“gaan jy more kerk toe?”).

Om te probeer worstel met onderskeidings soos sigbare *versus* onsigbare, organisme *versus* instituut, strydend *versus* triomferend, staties *versus* dinamies (Heyns 1984:386-389) is nie die bedoeling van hierdie studie nie. Dit is handig om kennis te neem van Dulles (1974) se modelle vir die kerk, naamlik *'n institutêre model*, *'n mistiese gemeenskapsmodel*, *'n sakramentele model*, *'n verkondigingsmodel* en *'n dienskneg of diakonale model* in die sin dat dit die verskillende vorme van selfverstaan van kerke of gemeentes uitwys, maar dit het nie veel waarde vir die omskrywing van die Kerk soos dit in hierdie studie beoog word nie.

'n Handige definisie is Coenie Burger (1999:10) se beskrywing van die Kerk: “As ons kerk sê, sê ons gemeente”. Hy verduidelik dat hy bewus is van ander gestaltes van die kerk soos streeksverbande, denominasies, die ekumene, asook kleiner eenhede soos groepe en selfs gesinne – en hulle belangrikheid vir die toekoms van die Christendom, maar dat “*die meeste van hierdie ander gestaltes alleen bestaan op grond van die werk wat in gemeentes gedoen word. Waar gemeentes vou, gaan daar weinig van hierdie ander gestaltes oorbly*” (Burger 1991:10 – sy kursivering).

Die Nuwe Testamentiese woord *ekklesia* ( ἐκκλησία) kom op dieselfde gedagte neer. *Ekklesia* verwys na 'n versameling gelowiges (nie noodwendig net Christene<sup>1</sup> nie, ook Joods-Messiaanse gelowiges). Louw en Nida omskryf ἐκκλησία as volg:

“a congregation of Christians, implying interacting membership - ‘congregation, church... Though some persons have tried to see in the term ἐκκλησία a more or less literal meaning of ‘called-out ones,’ this type of etymologizing is not warranted either by the meaning of ἐκκλησία in NT times or even by its earlier usage. The term ἐκκλησία was in common usage for several hundred years before the Christian era and was used to refer to an assembly of persons constituted by well- defined membership. In general Greek usage it was normally a socio-political entity based upon citizenship in a city-state (see ἐκκλησία<sup>c</sup>, 11.78) and in this sense is parallel to ἀγομή (11.78). For the NT, however, it is important to understand the meaning of ἐκκλησία<sup>a</sup> as ‘an assembly of God’s people.”

(Louw & Nida 1988:126)

Met “die Kerk”, word eintlik *ekklesia*, soos hierbo, bedoel en die woord waarmee *ekklesia* vertaal word, is “gemeente”. Waar van gemeentes gepraat word, word daarby ook alles wat vanuit gemeentelike werksaamhede vloei, bedoel. Wanneer gedink word aan gemeentes, moet in gedagte gehou word dat hierdie woord (gemeente) ook in 'n verskeidenheid terme verstaan kan word, en dat hierdie studie dit in die wydste moontlike sin wil verstaan. Daar bestaan vandag makro-gemeentes én klein gemeentes. Dink byvoorbeeld aan die onderskeidings wat Alice Mann (1998) maak tussen familie-grootte, pastor/predikant-grootte, program-grootte en korporatiewe-grootte gemeentes.

Wanneer dus gepraat word van *die Kerk* (met hoofletter “K”) sal uitgegaan word van 'n gemeentosentriese denke (gemeentes staan sentraal in die ekklesiologie/kerkbegrip), nie 'n *sola ekklesia* (daar bestaan slegs gemeentes) nie. Gemeentes is vandag die beginpunt van kerk-wees (eklesiologie). Die vraag oor die missie van die Kerk is: “Wat is die missie van gemeentes?”, en die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is: “Wat is die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir gemeentes van die NG Kerk, en alles wat vanuit hierdie gemeentelike bestaan vloei?”

---

<sup>1</sup> *Christene* in terme van die latere onderskeid wat gekom het tussen Christen en Jood, as twee verskillende godsdienste. Die eerste Christene was Jode.

### 1.6.3 Familie van NG Kerke

Hiermee word bedoel die groep Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suider Afrika. Hierdie familie van NG Kerke bestaan uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA), die Reformed Church in Africa (RCA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA). Een of meer van die familie van NG kerke kom voor in Suider Afrikaanse lande soos Suid-Afrika, Namibië, Zambië, Zimbabwe, Botswana, Lesotho en Swaziland.

### 1.6.4 Missionêre waarde

Die woord ‘missionêr’ wil iets weergee van die taak of missie wat die kerk in die wêreld het. In die verlede is die Engels “missions” dikwels vertaal met “sending”, maar hierdie woord het tradisioneel in die NGK ‘n konnotasie van ‘n sendeling wat elders in ‘n ander land gaan sendingwerk doen. *Missionêre waarde* gaan om ‘n baie wyer begrip wat konsepte soos diens-getuienis, getuienis (“witnessing”), kerugma, koinonia, geregtigheid en evangelisasie (in verskeie vorme) insluit. Kraemer (1938) noem dat die Evangelie-boodskap nie net ‘n godsdienstige impak op ‘n gemeenskap behoort te hê nie, dit moet ook die sosiale, politieke en kulturele lewe insypel vir ‘n werklik standhoudende impak. *Missionêr* het te make met die invloed van die kerk op al hierdie vlakke van ‘n samelewing. Die vraag wat gevra word, is watter waarde het die Belhar Belydenis vir die boodskap wat die NG Kerk (Suid-Afrika en) die wêreld instuur, asook die boodskap waaraan die NG Kerk haarself meet.

### 1.6.5 Konfessie

Die woord “konfessie” beteken belydenis of belydenisskrif wat deur ‘n kerk aanvaar word as gesaghebbend en deel van sy getuienis en erfenis. ‘n Konfessie is ondergeskik aan die Bybel. Dit verwoord die waarhede aangaande ‘n sekere saak of groep sake soos die kerk dit verstaan in die lig van die Skrif. Konfessies het verskillende betekenis vir verskillende kerke. So is daar byvoorbeeld verskil tussen die belangrikheid van ‘n konfessie binne die Lutherse en die Gereformeerde tradisies (sien hoofstuk 4). Aangesien hier gewerk word met die waarde van die Belhar Belydenis as konfessie vir die NGK, sal “konfessie” verstaan word vanuit die gereformeerde agtergrond.

## 1.7 Slotsom

Met hierdie vooraf-opmerkings kan nou voortgegaan word met die studie oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis as instrument tot inheemswording. Die eerste twee sake wat aandag verdien, is die vraag oor die betekenis van “missionêr” en “inheemswording”. Hierdie twee begrippe het met mekaar te make, maar nie op ‘n reglynige wyse nie, en daarom sal dit nou in die volgende hoofstuk in besonderhede bespreek word as teoretiese onderbou vir die res van die navorsing.

## HOOFSTUK 2

### MISSIONÊRE WAARDE EN DIE MISSIE VAN DIE KERK

In hierdie Hoofstuk gaan gefokus word op twee konsepte, naamlik *missionêre waarde* en *inheemswording*. Die onderbou van die studie steun op 'n goeie begrip van hierdie twee sake, en daarom word dit hier aan die begin uiteengesit

#### 2.1 Inleidende gedagtes oor missionêre waarde

Eerstens word die *missionêre waarde* van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk nagevors. Om bloot te vra: “wat is die waarde van die Belhar Belydenis?”, is nie spesifiek genoeg nie, want die waarde van 'n dokument kan op meer as een vlak bepaal word. Daar kan byvoorbeeld gepraat word van die *emosionele* of *simboliese* waarde van die Belhar Belydenis, die *politieke* of *teologiese* waarde van die Belhar Belydenis en die *ekonomiese*, *historiese* of *kerklike* waarde daarvan. Elke gesigshoek van waaruit na die Belhar Belydenis gekyk word, gaan bepaal watter waarde dit het. Die vraag wat hier gevra word, is na die *missionêre* waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk. Hierdie vraag word vanuit 'n *missionêre gesigshoek*, oftewel dié van die *sending* van die Kerk bekyk, want, soos dit in hierdie Hoofstuk uiteengesit word, het missionêre waarde met die karakter en wese van die NG Kerk spesifiek, en die Kerk van Christus in die breë, te make.

#### 2.2 Missionêr: 'n meer omvattende benadering tot sending

Bosch (1991:1-11) beskryf die problematiek rondom die verstaan van sending (“mission”) in die inleiding van sy boek *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. Volgens Bosch word die term *sending* sedert 1950 besonder toenemend gebruik onder Christene, en daarmee saam in 'n al wyer sin verstaan. Tot en met die 1950's het die term *sending* 'n baie beperkte stel betekenis gehad. Bosch omskryf hierdie betekenis as volg:

- n die uitstuur van sendelinge na 'n spesifieke gebied,
- n die bedrywighede van sulke sendelinge,
- n die geografiese area waar die sendelinge werksaam was,
- n die organisasie wat die sendelinge uitgestuur het,
- n die nie-Christelike wêreld of “sendingveld”,
- n die sentrum van waaruit die sendelinge in die “sendingveld” gewerk het,
- n 'n plaaslike gemeente sonder 'n inwonende predikant, wat steeds afhanklik is van die ondersteuning van 'n ouer, gevestigde kerk, of
- n 'n reeks spesiale dienste wat daarop gemik is om die Christelike geloof uit te brei of te verdiep, meestal in 'n sogenaamde Christelike omgewing.

(Bosch 1991:1)

Wanneer na hierdie siening van sending verwys word, sal gepraat word van die *tradisionele siening van sending*. Dit is nie noodwendig 'n verkeerde verstaan van sending nie, maar in die hedendaagse tyd het dit duidelik geword dat sending nie net tot hierdie inhoud beperk kan word nie (sien Bosch 1991:3-4; Verkuyl 1981:17-19). Verkuyl verkies die term “missiologie” wanneer hy oor sendingwetenskap praat, en verduidelik dit as volg:

Ik geef de voorkeur aan de internationaal gebruikte term “missiologie”, die zakelijk niet verschilt van “apostolaatstheologie”, maar waarin door het spraakgebruik voor ieder duidelijk is, dat het veld van onderzoek niet primair de inhoud van die boodschap is, maar het missionaire handelen van God en van de mensen in zijn opdracht.

(Verkuyl 1981:16)

Missie het dus grootliks te make met die gestuurdheid van 'n gemeente, met die missionêre handeling van God en met die missionêre handeling van die mense wat aan sy opdrag gehoorsaam is. Wat behels hierdie opdrag? God se opdrag aan die mens het te make met sy taak en sy roeping, maar wat is die verskil of ooreenkoms tussen missie, taak en roeping?

### 2.2.1 Samehang van missie, taak en roeping

Waar kom die woorde *missie* en *missionêr* vandaan? Die Engelse woord *mission* word in die *Tweetalige Woordeboek* van Bosman, Van der Merwe & Hiemstra (1984:1021) as volg vertaal: “sending; opdrag, boodskap; (vlieg)tog, krygsvlug, vegvlug; beroep, werk; roeping, bestemming; sendingwerk; sendingveld; sendingpos, sendingstasie; sendinghuis; gesantskap; missie.”

Eintlik beteken *sending* en *missie* baie dieselfde, maar as gevolg van die *tradisionele* interpretasie en verstaan van die woord *sending*, word die term “sending” so min as moontlik verder in hierdie studie gebruik. Die Engelse woord “mission” word in hierdie navorsing vertaal met *missie*, soos dit in die laaste instansie in die woordeboek hierbo voorkom.

Wat word bedoel met *missie*, *missionêr*? *Missionêr* het te make met die *missie*, die *taak* of die *roeping* van die kerk in die wêreld vandag, en deur die eeue heen. Die *tradisionele verstaan van sending*, is nie uitgesluit in die *missie* van die kerk nie, maar dit is 'n verskraling van die sending van die kerk indien haar (die kerk se) betrokkenheid in die wêreld beperk word tot die ondersteuning van 'n sendeling in 'n verafgeleë gebied (hoe belangrik dit ookal is)! Die woord *missionaal* het te make met 'n doelgerigte missionêre bewustheid en word in hierdie studie as 'n wisselvorm vir *missionêr* gebruik. Die Engelse woord “missional” verskil van “missionary” net soos “missionaal” / “missionêr” van “sendeling” verskil.

Daar moet eers verduidelik word hoe *missie*, *taak* en *roeping* met mekaar verband hou. Hoewel *missie*, *taak* en *roeping* van die kerk nie heeltemal dieselfde is nie, is dit moeilik om hierdie drie konsepte van mekaar te skei. Ons God en Vader *roep* mense deur sy groot genade en liefde om aan Hom te behoort. Die volgende uittreksels uit die Nuwe Testament gee reeds aanduidings hiervan:

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is....Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik. (Rom. 8:26 NAV)

God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here. (1 Kor. 1:9 OAV)

God, die Vader, *roep* mense, maar hulle bly nog in die wêreld. Hy haal hulle nie uit die wêreld uit nie. “Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God.” (1 Kor. 7:24 NAV). Wanneer die Vader jou *roep*, beteken dit nie noodwendig dat jy geografies, sosiaal, polities of ekonomies van een plek na ‘n ander moet verskuif nie (in aansluiting by die tradisionele siening van sending). Dit was wel die geval met Abraham (geografiese verskuiwing) en Moses (geografiese en sosiale verskuiwing). Paulus sê ook vir die slawe wat geroep is: “As jy ‘n slaaf was toe God jou geroep het, moet jy jou nie daarvoor kwel nie. Maar as jy die kans kry om vry te word, maak gerus daarvan gebruik.” (1 Korintiërs 7:21 NAV). Moenie dink dat jy noodwendig van werk moet verander, na ‘n ander plek moet verhuis, of ‘n sendeling moet word wanneer die Vader jou *roep* nie. Waar dit wel so uitwerk, is dit goed so. Selfs al gaan jou roeping gepaard met ‘n verskuiwing, jy bly steeds *in* die wêreld – daaruit word jy nie geneem nie, want jou roeping beteken juis dat jy ‘n *taak in die wêreld* het.

Die Here *roep* mense om in die plek waar hulle hul bevind (in die wêreld) besig te wees met ‘n *taak*. “Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is” (Efesiërs. 4:1). *Roeping* lei tot die bewuswording van ‘n spesifieke of minder spesifieke *taak* in die wêreld en hierdie *taak* is gelowiges se *missie*.

### 2.2.2 *Missio Dei* en *missie van die Kerk*

Ons kan nie van die *missie* van die Kerk praat, sonder om te begin by die *Missio Dei* nie. God is besig om te werk in die wêreld (insluitend die Kerk). Hy het ‘n *missie* in die wêreld, en hierdie *missie* word genoem die *Missio Dei*. Bosch gee ‘n uiteensetting van die ontstaan en verstaan hiervan (1991:389-393). Die *Missio Dei* word begrond in die werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees: God die Vader stuur Jesus, sy Seun, na die wêreld om verlossing te bewerk deur sy offer aan die kruis. Jesus stuur sy Gees om ná sy hemelvaart voort te gaan met die werk wat Hy

begin het. Kyk na die woorde van die *Lutheran World Federation*<sup>1</sup>: “Mission is, primarily and ultimately, the work of the Triune God, Creator, Redeemer and Sanctifier, for the sake of the world, a ministry in which the church is privileged to participate.” (LWC 1988:6-10 in Bosch 1991:392).

Bosch sluit sy bespreking af met die opmerking: “Die besef dat sending God se sending is, verteenwoordig ‘n deurslaggewende deurbraak ten opsigte van die voorafgaande eeue. Dit is ondenkbaar dat ons weer kan terugval na ‘n enge, ekklesiosentriese (kerk-gesentreerde) siening van sending.” (Bosch 1991:392 – my vertaling: JM de Beer).

Wat beteken dit nou vir die verstaan van die missie van die Kerk? ‘n Belangrike implikasie van *Missio Dei* vir die Kerk is dat gemeentes baie verantwoordelik moet besin oor hul missie in die wêreld. ‘n Gemeente kan nie maar net bestaan sonder besinning oor haar missie nie, want dit waarmee ‘n gemeente besig is, word gekoppel aan dit waarmee God besig is in die wêreld (*Missio Dei*). Vir *oningelikes* is daar min onderskeid tussen die handeling van die Kerk en die handeling van God. Vir *ingelikes* is dit duidelik wanneer die optrede van ‘n Kerk nie ooreenstem met die karakter van God nie. Albei hierdie scenarios het vërreikende gevolge vir die Kerk. Kerke wat nie in lyn met die *Missio Dei* optree nie, plaas nie net hul eie integriteit nie, maar ook die integriteit van die Evangelie en selfs die integriteit van die karakter van God in die gedrang. As die Kerk liefdeloos optree, waar sal iemand wat God nie ken nie, leer van Sy liefde vir die wêreld?

Aan die ander kant veroorsaak Kerke wat teenstrydig met die *Missio Dei* lewe, dat hul eie geloofwaardigheid betwyfel word deur diegene wat (iets van) die karakter van God ken. Hierdie mense sien dat daar ‘n teenstrydigheid is tussen die optrede van die Kerk en die wese van God. Die gevolg hiervan is nie dat sulke mense die karakter van God in twyfel trek nie, hulle trek eerder die egtheid en betroubaarheid van die betrokke kerk of gemeente in twyfel.

---

<sup>1</sup> LWF. 1988. Together in God’s Mission. A Lutheran World Federation Contribution to the Understanding of Mission, LWF Documentation, no 26. in Bosch 1991: 392)



Dit is daarom nie vreemd dat Burger die volgende stelling maak nie:

“... ons missie [is] nie iets ... waaroor ons beskik en waaroor ons besluite kan neem soos ons wil nie. Ons kan dit ook nie vul en kleur soos ons goed dink nie ... hier waar dit gaan oor die inhoud van ons taak, oor die vraag *wat* ons moet doen, moet ons ver weg bly van oorspronklikheid en kreatiwiteit. Hier pas dit dat ons sal luister en hoor, dat ons weer en weer die Skrif sal lees, weer en weer na die verhale van God se bemoeienis met mense gaan kyk en dat ons dit wat ons in die Bybel hoor oor die kerk se taak voortdurend met mekaar as geloofsgenote sal bespreek en kontroleer – in die hoop dat ons so in lyn sal bly met die Here se wil. “

(Burger 1999:80)

Burger se aanhaling hierbo, raak die kern van hierdie navorsing aan. Om te vra na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk, is nie ‘n blote akademiese oefening nie. Dit raak die wese van die Kerk en haar missie. Aan die een kant beteken dit vir die NG Kerk dat sy hierdie belydenis van haar geloofsgenoot (die VGKSA) ernstig sal opneem en dit sal gebruik as ‘n instrument vir “bespreking en kontrole” (sien aanhaling hierbo Burger 1999:80). Aan die ander kant beteken dit vir die VGKSA dat sy ook haar geloof soos geformuleer in die Belhar Belydenis sal kontroleer en bespreek met die NG Kerk – alles met die oog daarop om meer en meer in lyn met die *Missio Dei* in Suid-Afrika te dink, praat, leef en wees. In terme van die missie van die Kerk in Suid-Afrika, kan niemand dit meer bekostig om in denominasionele terme te dink nie. Dit gaan nie oor watter kerk reg is en watter een verkeerd nie. Die vraag is of ‘n kerk haar missie verstaan vanuit die *Missio Dei* en hoe daardie kerk haar missie lééf.

### 2.2.3 *Missie is kollektief eerder as individualisties*

In die tradisionele siening van sending is dit nie vreemd om te hoor van ‘n individu wat ‘n roeping ontvang om iewers in ‘n ander gebied die Evangelie te gaan verkondig nie. Hierdie persoon word dan ‘n sendeling in daardie gebied, en wanneer die gemeente(s) wat hom finansiëel en andersins ondersteun, van hul sending praat, verwys hulle na hul “sendeling”. Volgens die tradisionele siening van sending is dit moontlik dat ‘n gemeente haar hele missie (sending) in hierdie terme kan verstaan.

Dit is waar dat individue so ‘n *roeping* en *taak* ontvang en dikwels wonderlike werk verrig as sendeling, maar sendingwerk in hierdie sin is slegs ‘n (klein) deeltjie van die totale geheel van sending.

Waar daar in terme van *roeping* en *taak* in die Skrif gepraat word, word dit hoofsaaklik in 'n kollektiewe sin bedoel. Kyk byvoorbeeld na 1 Petrus 2:9-13:

<sup>9</sup>Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. <sup>10</sup>Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

<sup>11</sup>Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe. <sup>12</sup>Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

In hierdie Skrifgedeelte is die *missie* van die kerk nie 'n *taak* waarmee enkele gelowiges op hul eie besig is nie, dit is 'n *kollektiewe taak van gemeentes*. Mense wat vanuit 'n Westerse individualistiese denkraamwerk funksioneer, sal maklik hierdie Skrifgedeelte so verstaan: *Jy is uitverkore, 'n koninklike priester, vir God afgesonder, wat die eiendom van God is, 'n enkeling wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat jou uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig... Jy is 'n vreemdeling en bywoner in die wêreld, daarom moet jy nie aan sinlike begeertes toegee nie... Gedra jou altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van jou asof jy 'n misdadiger is, hulle jou voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik... So 'n vertolking lê wel klem op die persoonlike verantwoordelikheid en rol van elke gelowige in die missie van die Kerk, maar vir baie klink dit na 'n onmoontlike taak – en dit is 'n belangrike vraag of 'n enkeling die missie van die Kerk kan uitvoer. Geen gelowige kan alleen hierdie missie volvoer nie. Daarom het God die *ekklesia* tot stand gebring deur sy Gees.*

Die een gelowige se *roeping* en *taak* hang ten nouste saam met die ander se *roeping* en *taak*, want die *ekklesia* (vergadering, kerk) het 'n *roeping* en *taak* in die wêreld, oftewel 'n *missie*, en hierdie missie hang weer ten nouste saam met die *Missio Dei* – dít waarmee God in die wêreld besig is.

#### 2.2.4 *Missie as woord, daad en bestaanswyse*

Wat is hierdie *missie* van die Kerk?

Geroepenes het 'n *missie* in die wêreld. Die Skrif hierbo noem twee dimensies van hierdie *missie*, asook die einddoel daarvan: “om die verlossingsdade ...[te] verkondig van Hom wat julle uit die

duisternis geroep het” en om “julle” altyd goed te gedra onder die heidene, sodat die heidene “God kan verheerlik op die dag van afrekening”. Die *missie* van die kerk in die wêreld het ‘n *verkondigings*-dimensie en ‘n *voorbeeld*-dimensie, asook ‘n einddoel, naamlik die *verheerliking van God*.

Die twee dimensies van *missie* (verkondiging en voorbeeld) is onafskeidbaar van mekaar:

*Verkondigings-dimensie van die missie van die kerk*: Hier word gedink aan getuienis, onderrig, verduideliking, uitleg, prediking, vermaning en bemoediging as enkele voorbeelde van die verkondigings-dimensie van die missie van die kerk. Die kerk word gestuur met ‘n boodskap wat verbaal, of skriftelik beslag kry.

*Voorbeeld-dimensie van die missie van die kerk*: Hierdie dimensie verteenwoordig alle aksies, reaksies, optrede, handeling, maniere van ondersteuning, openbaring van liefde en omgee op nie-verbale en nie-skriftelike wyse.

Die missie van die Kerk bestaan uit verkondiging en voorbeeld, altyd tot verheerliking van God en voortdurend op soek na instemming met die *Missio Dei*. Daar is ‘n verdere element wat uitgelig moet word: ‘n Gemeente wat glo dat sy deel is van die *Missio Dei*, het nie net die verantwoordelikheid om te besin oor haar boodskap en taak in hierdie wêreld nie. Haar totale *bestaanswyse* bevestig of weerspreek die waarheid van dit wat sy verkondig.

Newbigin (1989:128-140) bespreek in sy boek, *The Gospel in a Pluralist Society*, sending as woord, daad en nuwe bestaanswyse (*Mission: word, deed and new being*). Hy maak die punt dat die destydse debat waar woord en daad, prediking en aksies teenoor mekaar geplaas is, eintlik “absurd” is. Die sentrale waarheid is nie net woorde nie en ook nie net aksies nie, maar die totale lewe van ‘n gemeente wat deur die Heilige Gees in staat gestel word om in Christus te leef en op so ‘n wyse Sy lyding en die krag van Sy opstanding met ander deel (Newbigin 1989:137).

#### 2.2.5 *Die bestaanswyse van die Kerk en haar geloofwaardigheid*

Wat beteken dit as daar gesê word dat die hele bestaanswyse van die Kerk baie nou saamhang met haar missie in die wêreld? In ‘n latere Hoofstuk van sy boek bespreek Newbigin (1989:222-233) die gemeente as hermeneutiek van die evangelie (*The Congregation as Hermeneutic of the Gospel*)<sup>2</sup>.

---

<sup>2</sup> Hierdie Hoofstuk lê die grondslag vir die projek wat Goheen in VSA begin het om die Westerse kultuur te beïnvloed met die evangelie.

Hiermee word *missie, woord, daad, bestaanswyse* en *Missio Dei* in een konsep saamgevat. Newbigin bedoel hiermee:

I am suggesting that the only answer, the only hermeneutic of the gospel, is a congregation of men and women who believe it and live by it. I am, of course, not denying the importance of the many activities by which we seek to challenge public life with the gospel – evangelistic campaigns, distribution of Bibles and Christian literature, conferences, and even books such as this one. But I am saying that these are all secondary, and that they have power to accomplish their purpose only as they are rooted in and lead back to a believing community.

(Newbigin 1989:227)

Die ware uitleg van die boodskap wat die Kerk aan die wêreld verkondig, die bedoeling van die dae waarmee die Kerk in die wêreld besig is, die bevestiging van die Kerk se deelname aan die *Missio Dei*, is te siene op een plek: die lewe van die gemeente wie se bestaanswyse en missie met mekaar ooreenstem. Is dit nie presies wat Paulus bedoel as hy aan die gemeente in Filippi skryf nie?

Julle deel immers almal saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my gevangenskap as in my verdediging van die evangelie en die bevestiging van die waarheid daarvan. (Fil. 1:7)

<sup>27</sup>Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie <sup>28</sup>en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van hulle ondergang en van julle redding, en dit kom van God. (Fil 1:27-28)

<sup>12</sup>My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlose mense te lewe, <sup>13</sup>want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. <sup>14</sup>Doen alles sonder kla of teëpraat. <sup>15</sup>Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld <sup>16</sup>deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie. <sup>17</sup>Julle geloof is 'n offer in diens van God. (Fil. 2:12-17)

Vir Paulus was dit noodsaaklik dat daar 'n gemeente (gemeenskap) moes wees op elke plek waar hy die evangelie verkondig het, wat sy boodskap in hul bestaanswyse bevestig het. Dit is waaroor *die gemeente as hermeneutiek van die evangelie* gaan. Hermeneutiek is die vraag na die interpretasie van die teks of boodskap: Hoe moet die boodskap verstaan word? Deist (1984) se woordeboek gee dit as volg aan: : **“Hermeneutics:** 1. Theoretical reflection on the process(es) of comprehension in general. 2. Theoretical reflection on the process of communicating the message of a text to a specific audience (referred to also as homiletics). 3. Theoretical reflection on textual interpretation of on methods of exegesis.”

Paulus se antwoord op die vraag: “Hoe moet ons jou boodskap verstaan?”, was eenvoudig: “Gaan kyk na die lewe en bestaan van die mense wat onder leiding van God leef!” Daarom sê hy vir die gemeente in Filippi dat hulle van die eerste dag af met hom saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie (Fil. 1:5). Dieselfde kan gesê word van Paulus se beskrywing van sy werk in Tessalonisense (sien Tess. 1:2-10). Die gemeentes het met hul bestaanswyse die boodskap van die Messias, van Jesus van Nasaret, geloofwaardig gemaak. Onder moeilike omstandighede het die Tessalonisense nie verbitterd geword nie, maar blydskap getoon – 'n blydskap wat slegs van die Heilige Gees afkomstig kon wees - en sodoende het hulle die boodskap van die blydskap van die Gees geloofwaardig gemaak (1 Tess. 1:6-7). Die getuienis wat die Tessalonisense gelewer het deur hul blote bestaanswyse – hulle het Paulus-hulle ontvang, hul van die afgode tot God bekeer, die lewende en ware God begin dien en in afwagting geleef op die koms van Jesus – was so kragtig, dat Paulus kon sê: “sodat dit nie vir ons nodig is om nog iets daarvoor te sê nie” (1 Tess. 1:8-10). Hierdie getuienis is meer as net woorde of dade: dit is “being”, wese of bestaanswyse. Waar 'n gemeente die boodskap wat hul verkondig in hul bestaanswyse uitleef, word hierdie boodskap geloofwaardig. Mense kan die boodskap glo, omdat hulle dit in mense se lewens sien.

Die geloofwaardigheid van die NG Kerk se getuienis is een van die vier hoofredes waarom kerkhereniging van die familie van NG Kerke op die oomblik hoë prioriteit geniet. Die inligtingstuk wat vir bespreking in gemeentes van die NG Kerk versprei is, lees as volg:

'n Derde rede het te doen met geloofwaardigheid. As kerk bring ons die evangelie van Christus se liefde en versoening na die wêreld. Ons bely dat die liefde en versoeningswerk van Christus kragtig is, deur niks gekeer kan word nie en in die mees onmoontlike situasies herstel en vrede kan bring. Deur te herenig, bevestig en bely ons dat ons regtig glo dat die krag van die evangelie die klowe van menslike verskille ten opsigte van taal, ras en kultuur kan oorbrug.

(NG Kerk: 2007, 11)

Die bestaan van die familie van NG Kerke as sinodes wat afsonderlik funksioneer op grond van verskil in ras, mag dalk om verskeie historiese en praktiese redes verdedigbaar wees, maar in terme van die *Missio Dei* stuur dit 'n verkeerde boodskap die wêreld in. Daarom tas dit die geloofwaardigheid van die Kerk aan. Hierdie bestaanswyse van die familie van NG Kerke verkondig iets wat teenstrydig is met die boodskap van die Bybel, en daarom is die kerkhereniging nodig – al lyk dit na 'n pynlike proses vir baie lidmate van hierdie kerke (sien bv. die besware van Conradie 2005 en Danzfuss 1998).

Dit is maar een van die vele voorbeelde van die Kerk as hermeneutiek van die Bybelse boodskap wat sy verkondig. Dit illustreer hoe belangrik dit vir die Kerk is om haar missie prakties te verstaan om daarvolgens te lewe. Daarom is dit belangrik om te vra: Hoe lyk hierdie missie prakties vandag?

### 2.2.6 Hoe lyk hierdie missie prakties vandag?

In die hedendaagse eeu, kan nie gepraat word van 'n enkelvoudige *missie van die kerk* nie. Hoewel die kerk se missie steeds die twee dimensies van *verkondiging* en *voorbeeld* bevat, sal dit in die pluralistiese samelewing, die pre-moderne gemeenskappe, die moderne én post-moderne generasies, die “global village” stede én die onderontwikkelde platteland, die digbevolkte én verafgeleë areas in die Afrika-wêreld op verskillende plekke 'n groot variasie vertoon. Dit is geensins verbasend dat Bosch (1991:368-510) 'n groot verskeidenheid elemente van, wat hy noem, die *Opkomende Ekumeniese missionêre paradigma* identifiseer nie – “Mission as the Church-with-Others”, “*Missio Dei*”, “Mediating Salvation”, “the Quest for Justice”, “Evangelism”, “Contextualization”, “Liberation”, “Inculturation”, “Common Witness”, “Ministry by the Whole People of God”, “Witness to People of Other Living Faiths”, “Theology”, “Action in Hope”. Hy kom tot die slotsom dat sending (*missie van die kerk*) wat geloofwaardig wil wees en getrou wil bly aan die oorsprong en karakter daarvan, *multidimensioneel* sal moet wees.

Die bekende missioloog, Kraemer (1947), begin *The Christian Message in a Non-Christian World* in 1938 met 'n ontleding van die wêreld waarin die kerk haar bevind. Indien sending (mission) 'n enkelvoudige konsep was met 'n eenmalige definisie en toepassing, sou sy boek heeltemal oorbodig wees, maar hy maak dit duidelik dat die kerk weer in daardie tyd gekonfronteer word met die vraag: “What is its [the Church's] essential nature, and what is its obligation to the world?” (1947:1) Hy herinner die kerk daaraan dat dit die enigste instansie in die wêreld is wat gegrond is op 'n Goddelike opdrag (“divine commission”). Daarom, as die kerk nadink oor hierdie posisie, moet sy opnuut bewus word van haar *missie* (“mission”) in die Christen en nie-Christen wêreld. Hierdie *missie* is 'n apostoliese taak, nie omdat dit van die apostels afkomstig is nie, maar omdat die kerk in al haar woorde en daede die draer is van 'n getuigenis oor “God and His decisive creative and redeeming acts and puposes” (1947:2). Om bewus te word van hierdie apostoliese karakter is

die sekerste manier vir die kerk om 'n greep op haar werklike wese en inhoud ("essence and substance") te verkry, en dit is waaroor gedink moet word wanneer gevra word na die Christelike boodskap in 'n nie-Christelike wêreld. Dit bring Kraemer tot die uitspraak: "Therefore, re-orientation of the missionary enterprise is urgent, whether the outcome should be in some cases to perpetuate or in other cases to change radically what we are accustomed to say and do." (1947:2)

Die missie van die Kerk is dus 'n gegewe, gekoppel aan die roeping en wese van die Kerk. Die manier waarop daardie missie 'n werklikheid word in 'n veranderende wêreld, is egter nie altyd so duidelik nie. Groot veranderings in die wêreld waarbinne die Kerk haar missie uitvoer, vra ook 'n herbesinning (re-orientation) van die missionêre bedrywighede van die kerk. In die tyd waarbinne Kraemer geskryf het, het dit duidelik geword dat die wêreld waarbinne hy hom bevind het, verskuif het van 'n hoofsaaklik Christelike omgewing, na 'n nie-Christelike wêreld – en daarom is 'n herbesinning van die taak van die Kerk binne hierdie nie-Christelike wêreld nodig.

Newbigin is met so 'n herbesinning besig, wanneer hy oor die gemeente as hermeneutiek van die Evangelie in 'n pluralistiese sekulêre samelewing skryf:

...the gospel cannot be accommodated as one element in a society which has pluralism as its reigning ideology. The Church cannot accept as its role simply the winning of individuals to a kind of Christian discipleship which concerns only the private and domestic aspects of life. To be faithful to a message, which concerns the kingdom of God, his rule over all things and all peoples, the Church has to claim the high ground of public truth...Public truth, as it is taught in schools and universities, as it is assumed in the public debate about political and economic goals, is either in conformity with the truth as it is given in Jesus Christ, or it is not. Where it is not, the Church is bound to challenge it.

(Newbigin 1989:222)

Dit beteken dat die kerk in elke nuwe situasie, elke konteks, opnuut sal moet besin oor haar *missie* binne daardie konteks in die wêreld. Nie bloot as een van vele bedrywighede nie, maar as die hoogste prioriteit van haar bestaan. Nel (1994:123) sê: "Die kerk is immers nie met sy eie missie besig nie. Die kerk neem deel ("partake") aan die missie van God." Omdat die Kerk se missie niks anders is as deelname aan God se missie in die wêreld nie, is daar kontinuïteit en verandering in die uitleef van hierdie missie. God is onveranderlik, en daarom is Hy net met een missie in die wêreld besig, maar God is ook vry om te maak soos Hy besluit en daarom tree Hy nie altyd dieselfde op nie. Sy missie kry 'n ander gesig van tyd-tot-tyd. Hy het immers self tyd geskep. Hy weet hoe om die beste op te tree in elke situasie, en die Kerk volg Hom hierin na.

Die gestalte van die kerk se missie mag ooreenstem met die optrede van die kerk in vorige eeue, maar dit mag ook grootliks daarvan verskil. Die *motivering* agter die kerk se soeke na 'n relevante *missie* in die wêreld sal altyd wees: haar roeping deur die Hemelse Vader. Hierdie roeping bepaal die karakter en wese van die kerk. Hierdie roeping is hoekom die kerk bestaan. Malan Nel sê: "Dit is dus die missie van God wat die kerk tot gevolg gehad het. Anders gestel: die kerk bestaan omdat God nog altyd verlossend met sy wêreld besig is." (Nel 1994)

As die Kerk aan haar roeping getrou wil wees, het sy geen ander keuse as om besig te raak met die proses van besinning en herbesinning oor haar *missie* in 'n al sneller veranderende wêreld. Om begrip te kry vir die missie van die NG Kerk in Suider-Afrika, is dit nodig dat eers stilgestaan word by hierdie proses van besinning en herbesinning van die Kerk se missie.

### 2.3 Herbesinning oor die Kerk se missie

Drie vrae kan help om die herbesinning oor die Kerk se missie beter te verstaan:

- n Hoe lyk besinning en herbesinning van die Kerk se missie in werklikheid?
- n Beteken dit dat kerke (of gemeentes) voortdurend met 'n program van missie-formulering besig moet wees?
- n Is dit 'n bewustelike ontdekkingsproses, of gebeur die Kerk se verstaan van haar missie spontaan?

Die bespreking oor die Kerk se missie sal met 'n antwoord op elkeen van hierdie drie vrae afgesluit word.

#### 2.3.1 Hoe lyk hierdie herbesinning in werklikheid?

In Suid-Afrika, en spesifiek in die NG Kerk, was daar die afgelope dekade en 'n half baie sprake van gemeente-vernuwing, gemeentebou en strategiese beplanning in gemeentes. Hendriks (1992) is 'n bekende naam op hierdie gebied en skryf in 1992 sy boek oor strategiese beplanning in gemeentes. Nel (1994) se boek, *Gemeentebou*, verskyn in 1994. Laasgenoemde gaan gepaard met die formulering van 'n visie en doelwitte. Hoewel hierdie publikasies vanuit 'n prakties-teologiese oogpunt geskryf is, kan gevra word: Is Gemeentebou nie in wese 'n herbesinning oor die Kerk se missie nie? Is gemeentebou dalk die praktiese missiologiese implikasies vir gemeentes?



Anders gestel: het ons hier met praktiese missiologie te make? Wanneer Malan Nel se beskrywing van gemeentebou gelees word, klink dit soos praktiese missiologie:

Uitgaande van die feit dat God drie-enig sy gemeente bou, moet gehandhaaf word dat die doel daarvan die bekendwording van God is. God drie-enig moet as die enigste en ware God deur die gemeente in die wêreld bekend word—só soos Hy Hom deur sy Woord bekendgemaak het. Wanneer dit gebeur, word God verheerlik. Dan bestaan die gemeente en werk die gemeente vir die eer van God.

(Nel 1997:1)

Dat God “deur die gemeente in die wêreld bekend word...soos Hy Hom deur sy Woord bekendgemaak het”, stem ooreen met die missie van die Kerk soos dit tot dusver in hierdie studie uiteengesit is – met dien verstande dat God se openbaring eers deur die Skrif aan die gemeente, en dan deur die gehoorsame lewe van die gemeente aan die wêreld bekend gemaak word. Die missionêre einddoel, naamlik verheerliking van God, is ook hier ter sprake. Dit lyk dus asof gemeente-vernuwing en strategiese beplanning ‘n vorm van *praktiese missiologie* is, net soveel as wat dit *praktiese teologie* is. Hierdie stand van sake is te verstane as in gedagte gehou word dat die missie van die Kerk ‘n kernbegrip is vir die wese en karakter van die kerk. Vanuit die missie van die kerk, moet die ekklesiologie aangepas word, en praktiese teologie is die prosesse waardeur hierdie ekklesiologiese aanpassings teologies gekontroleer, uitgewerk en bestuur word.

Dit bring mee dat daar in dieselfde sin van *praktiese missiologie* en *praktiese ekklesiologie* gepraat kan word. Anders gestel: moet daar nie in die teologie gepraat word van die *praktyk van ‘n missionêre ekklesiologie* in plaas van *gemeentebou* nie? Hierdie verband tussen missiologie en ekklesiologie word treffend bespreek deur Bosch (1991:372) in sy paragraaf “*Missionary by Its Very Nature*”. Hierin wys hy dat die Kerk in wese as missionêr gesien word in die ontluikende ekklesiologie (“the church is seen essentially missionary”). Die Kerk is nie die stuurder nie, maar die een wat gestuur is. Die kerk bestaan omdat sy gestuur is, en daarom vind gemeente-opbou plaas ter wille van hierdie sending (missie). Sending is nie een van die verskeie take van die Kerk nie, dit is die taak waarmee die Kerk besig is. Omdat God ‘n missionêre God is (*Missio Dei*), is sy mense missionêr. Dit het onmoontlik begin word om oor die Kerk te praat, sonder om oor sending (missie) te praat.

Sweet (2007) het 'n kleurryke manier om hieroor te praat. In antwoord op die vraag: "What does a missional church look like?", sê hy:

I believe the primary mode of the church today is "attractional" rather than "missional." The Bible says Jesus "sent them out" (Mark 6:7). A "missional" church is a GOOD Church, where GOOD means Get Out Of Doors. A GOOD church is not one where people are trying to "live in" the gospel so much as "live out" the gospel. Just as the early church was shaped by mission, so must we be shaped by mission.

∨ An attractional church is focused on the word "come" ; a missional church is focused on the word "go."

∨ An attractional church tries to invite people in; a missional church tries to interact with people where they are.

∨ An attractional church is fixated on increased market share; a missional church is obsessed with increased world presence.

(Sweet 2007:2)

Vir Sweet gaan dit daaroor dat die lidmate van die Kerk individueel asook kollektief 'n suigkrag-invloed in die wêreld moet uitoefen. In hierdie beeld van 'n "attractional church" is hy besig met 'n herbesinning van die missie van die kerk vir die hedendaagse Noord-Amerikaanse samelewing. Die "attractional church" as definisie van die "missional church" is eintlik net 'n nuwe manier om ekklesiologie en missiologie met mekaar te versoen.

### 2.3.2 *Is dit 'n bewustelike ontdekkingsproses, of gebeur die Kerk se verstaan van haar missie spontaan?*

Malan Nel (1994) is van mening dat die verstaan en opneem van hul missie by gemeentes alles behalwe 'n vanselfsprekende taak is. Hy beskryf dit as volg:

Gemeentebou is 'n *proses*. Hiermee word nie bedoel dat gemeentebou outomaties verloop nie. Dit is 'n proses wat in fases verloop...Hierdie fases moet begelei word. Daar moet meermale in die proses ingegryp word. Soms gryp faktore van buite of binne die gemeente as 't ware in die proses in en moet daarmee rekening gehou en aanpassings gemaak word. Die punt waarom dit gaan, is dat gemeentebou 'n langtermynbediening is wat as prosesmatig en in fases onderskei kan word.”

(Nel 1994: 225)

Hier word definitief nie van 'n spontane gebeurtenis gepraat nie. In gemeentes behoort 'n bewustelike proses aan die gang te wees waarbinne die gemeente gelei word om haar missie te verstaan vir die tyd waarin sy leef. Hoewel gemeentebou en strategiese beplanning redelike onlangse teologiese ontwikkelings is, is die proses waar 'n gemeente gelei word, toegerus word en opgebou word, so oud soos die Nuwe Testament self. Paulus skryf: “En dit is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was *om die gelowiges toe te rus* [my kursivering] vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus” (Ef. 4:11-12 NAV).

Dit is die verantwoordelikheid van die leierskap van 'n gemeente (evangeliste, herders en leraars) om toe te sien dat hierdie proses van herbesinning van missie plaasvind in lyn met die Skrif (apostels en profete), sodat gelowiges toegerus kan wees vir hulle diens en die liggaam van Christus opgebou kan word (Ef. 4:11-13 NAV).

### 2.3.3 *Beteken dit dat kerke (of gemeentes) voortdurend met 'n program van missie-formulering besig moet wees?*

Malan Nel (1994:Ten slotte) sê: “Gemeentebou is 'n *bediening*. Dit is nie 'n program nie. 'n Program kry klaar en word afgesluit. Gemeentebou word nooit afgesluit nie. Om van gemeentebou as 'n program te praat is om 'n verwagte voltooiingsdatum in vooruitsig te stel.”

Herbesinning oor missie is dus nie één van die dinge waarmee 'n gemeente besig moet wees nie, dit is deel van dié voortdurende taak van die Kerk. Waarom kan die missie van die Kerk nie net eenmalig vasgestel word en van daar af uitgeleef word nie? Eenvoudig omdat die Kerk haar in 'n

voortdurend veranderende wêreld bevind, en soos die wêreld verander, verander die gesig van die missie van die Kerk ook.

Die afgelope tyd het 'n groot bewuswording van hierdie veranderende wêreld gesien in die vorm van nadenke oor die hedendaagse konteks. 'n Onderzoek na die verhouding tussen die evangelie, kultuur en konteks kan meer duidelikheid gee oor die voortdurende missionêre herbesinning van die Kerk te midde van 'n veranderende konteks. In die volgende Hoofstuk sal meer hierby stilgestaan word.

## **2.4 Missie omsluit evangelisasie, getuienis en missionêre diakonaat**

Op hierdie manier beskou, behoort gemeentes voortdurend in die lig van die Skrif en relevant tot hul omstandighede oor hul missie te besin. Die kernvraag in die herbesinning van missie is: Wat is ons gemeente as sigbare onderdeel van die Liggaam van Christus besig om te wys van Jesus Christus se verlossing en liefde, van ons Vader se almag, grootheid en genade en van die werking van die Heilige Gees in ons lewens, aan 'n wêreld wat op soek is na God? Soms en in sommige omstandighede is dit nodig om nie 'n sendeling te stuur nie, maar om self in die strate te gaan evangelisasie doen. Soms vereis omstandighede dat mense by hul onderskeie werkplekke getuies vir Christus sal wees. Ander kere weer, vra die omstandighede 'n missionêre diakonaat. Of 'n mens nou besig is met evangelisasie, getuienis, missionêre diakonaat, sendingwerk – al hierdie dinge behoort te gebeur as 'n uitdrukking van hoe die gemeente hul missie binne hul omstandighede vertolk.

Maar die missie van 'n gemeente het nie net te make met die dinge wat die gemeente of die individue van daardie gemeente doen (daad) nie. Dit gaan oor veel meer as die boodskap wat daardie gemeente of haar lidmate in woorde (woord) sê. Die missie van die Kerk word ook (en dikwels is dit die sterkste deel van haar boodskap) weerspieël in haar bestaanswyse. Hoe is die lidmate van 'n gemeente se verhouding met hul Hemelse Vader? Hoe lyk hul verhoudings teenoor mekaar? Hoe lyk die huweliksverhoudings, ouer-kind verhoudings? Hoe lyk die verhoudings wat hulle met mense buite die gemeente het? Wat is die stand van die verhoudings met vreemdelinge, weeskinders en weduwees? Word hierdie verhoudings opgebou deur die samelewingstruktuur waarin hulle hul bevind en wat deur hulle in stand gehou word, of is die “fibre” van die samelewing van so 'n aard dat dit gesonde Bybelse verhoudings teëwerk? In die apartheids-tyd het die hele samelewingstruktuur die eenheid tussen gelowiges van verskillende “rasse” belemmer. In die huidige tydsvak bemoeilik die samelewingstruktuur in Suid-Afrika verskeie familieverhoudings omdat dit daartoe lei dat baie jongmense 'n heenkome in ander lande gaan soek – iets wat op 'n ander manier ook teenwoordig was tydens die vorige landsregering. Het die missie van die Kerk nie ook met die herstrukturering van hul bestaanswyse te maak nie? Daarvoor is voortdurende herbesinning nodig.

## 2.5 Samevatting

Sending is tradisioneel gesien as 'n onderafdeling van die bedrywighede van die kerk. Die afgelope tyd is al meer ontdek dat sending ten nouste saamhang met die Missio Dei, God se sending in die wêreld. Die Kerk het nie haar eie sending nie, maar word geroep om deel te neem aan God se missie in die wêreld. Missie hang daarom ten nouste saam met taak en roeping, en daarom verkies hierdie studie die term “missie” bo “sending”. Missie is die uitvoering van die kollektiewe roeping en taak van die Kerk, en het te make met die kerk se woorde, dade en bestaanswyse, soos Newbigin dit treffend aantoon. Omdat die Kerk deelneem aan God se Missio Dei, is die missie van die Kerk 'n gegewe vanuit die Skrif: Verkondiging en voorbeeld tot eer van God. Die gesig van hierdie missie verskil egter van plek tot plek en tyd tot tyd. Daarom is dit belangrik dat die Kerk voortdurend herbesin oor haar missie in die wêreld. Missie word gesien as praktiese ekklesiologie en missionêre ekklesiologie. Dit omsluit terme soos evangelisasie, missionêre diakonaat en getuienis. Wanneer daar in hierdie studie na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis verwys word, word daarmee bedoel die waarde wat Belhar vir die missie van die Kerk in die wêreld het. In daardie opsig is die Belhar Belydenis reeds 'n missionêre dokument.

## HOOFSTUK 3

# SENDINGMOTIEWE EN INHEEMSWORDING AS AANLOOP TOT DIE BELHAR BELYDENIS

### 3.1 Inleiding

Gaan doen 'n mens 'n soektog op Google met die woorde “Dutch Reformed Church South Africa”, is die resultaat nie baie verkwikkend nie. Op 31 Julie 2008 is die eerste tien webbladsye wat die soektog na vore bring: *Overview of World Religions; African National Congress; Wikipedia; African Christianity: A history of the Christian Church in Africa; Reformed Ecumenical Council; Britannica; Country Studies (U.S. Army); Gonzaga University: Institute for action against hate; World Alliance of Reformed Churches; URCSA Wikipedia*. Van hierdie tien webbladsye, koppel sewe die NG Kerk aan die rassebeleid van apartheid – in 'n negatiewe sin. Die ander drie webtuistes lewer baie min en neutrale inligting oor die NG Kerk: die derde webtuiste skryf drie sinne oor die NG Kerk in Suid-Afrika, as 'n uitvloeisel van die NG kerk in Nederland; die Sesde webtuiste is 'n “paysite” en lewer nie veel inligting oor die NG Kerk nie; die tiende webtuiste noem die NG Kerk as deel van die ontstaan van die VGKSA.

Vir 'n persoon (soos die Skrywer) wat sedert hy kan onthou deel is van die NG Kerk en tans 'n leraar in hierdie kerk, is dit nie goeie nuus dat so 'n negatiewe prentjie van sy<sup>1</sup> kerk die wêreld ingestuur word nie. Die wêreld staan aan die begin van die derde millennium en die internet maak inligting volop beskikbaar – maar hoe gemaak as hierdie inligting negatief is? Die verbintenis wat die NG Kerk met die rassebeleid van apartheid gehad het, het skade aan die internasionale beeld en getuienis van hierdie kerk aangerig, wat waarskynlik nog nie eens ten volle bereken is nie. Dit laat die indruk by 'n mens dat die laaste van die drie en 'n half eeu van die bestaan van die NG Kerk hierdie kerk die meeste skade aangedoen het.

Tog is daar soveel goeie dinge waarvan daar getuig kan word oor hierdie kerk (sien bv. Crafford 1982:576-588; Cronje 1981:382-384)! Die Skrywer kan getuig dat hy Jesus as sy Verlosser leer ken deur die werk wat in die NG Kerk gedoen word. Afrika lê vol kerke en gemeentes wat 'n uitvloeisel van die NG Kerk se werk oor die afgelope eeu is. Opheffingswerk, hulpverlening, mediese versorging, onderwys – noem maar op. Dit is alles werk wat deur die NG Kerk aangepak is en met groot deernis en sukses uitgevoer is, maar die eerste sinne wat mens op die internet vandag lees oor hierdie kerk is:

---

<sup>1</sup> “sy” kerk beteken nie dat die kerk aan hom behoort nie, maar dat hy deel van hierdie kerk is. Die kerk behoort immers aan Christus, haar Hoof.

The most controversial aspect of the Dutch Reformed Church's theology has been its support of the apartheid system: that is, the institutionalised separation of the people of South Africa according to their race.

(<http://philtar.ucsm.ac.uk/encyclopedia/christ/cep/drcsa.html>)

How is it that so many political and ecclesiastical leaders allied with the National Party, especially of the Dutch Reformed Church (D.R.C.), the *Gereformeerde Kerk* and the *Hervormde Kerk* can proclaim so rigidly and self-assuredly that they are on the right path? This is made possible, no doubt, by the fact that the policy of apartheid is shored up by an ideological elan which has gradually taken the shape of a pseudo-religion...

([http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/verkuyl.html#\(1\)](http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/verkuyl.html#(1)))

The NGK has been the church of the Afrikaner establishment. From 1948 to 1994 it, (along with the NHK) was the church most closely identified with the racist policies of Apartheid, and provided theological justification for Apartheid

(<http://www.bethel.edu/~letnie/AfricanChristianity/SAAfrikanerChurches.html>)

Various indigenous churches grew out of the mission work of the Dutch Reformed Church. In the years following 1948 and the institution of the policy of apartheid, the relationship between the DRC and these churches was often seriously disrupted.

(<http://rec.gospelcom.net/index.php?section=39>)

Daar kan sekerlik baie vrae gevra word oor die situasie waarin die NG Kerk haar bevind, maar twee vrae is vir hierdie studie van belang. Eerstens: Hoe het dit gebeur dat die NG Kerk in so 'n situasie beland? Tweedens: Hoe kan die NG Kerk wegkom van hierdie etikettering as "apartheidskerk"?

Die eerste vraag is belangrik, want deur te kyk na die historiese ontwikkeling van die beeld van die NG Kerk as die kerk wat apartheid Bybels gelegitimeer het, kan waardevolle lesse geleer word. Daaruit moet geleer word waarvoor die Kerk en haar lidmate versigtig moet wees. Daaruit moet geleer word oor die belangrikheid van die beeld van die Kerk na buite. Daaruit moet die waarde van die integriteit en die geloofwaardigheid van die Kerk gesien word. In die eerste deel van hierdie hoofstuk sal gekyk word na die historiese ontwikkeling van die familie van NG Kerke as agtergrond vir die ontstaan van die Belhar Belydenis. Na aanleiding van hierdie agtergrondstudie sal dan stilgestaan word by die begrip inheemswording.

Die tweede vraag is belangrik omdat die NG Kerk tog veel meer is as bloot “die kerk wat apartheid ondersteun het”. As die NG Kerk in die toekoms nog ‘n sinvolle bydrae wil lewer in die post-apartheid Suid-Afrika en in die breër Afrika, sal hierdie Kerk ‘n nuwe beeld moet vertoon. Nie ‘n die beeld van eensydigheid en afsydigheid nie, maar die werklike beeld van dit waarin die NG Kerk glo; wat die NG Kerk doen en wat die NG Kerk is. In hierdie hoofstuk gaan ook na die moontlikhede hiervan gekyk word, veral met die vraag of die Belhar Belydenis instrumenteel kan wees in hierdie verskuiwing van die taak van die NG Kerk en haar beeld na die res van die wêreld.

### 3.2 Die agtergrond, konteks en toekoms van die Belhar Belydenis

Geen dokument is sonder ‘n bepaalde konteks en geskiedenis nie. Dit geld veral van ‘n belydenis. Barth definieer ‘n Gereformeerde Belydenis (Reformed Creed) as volg:

*A Reformed Creed is the statement, spontaneously and publicly formulated by a Christian community within a geographically limited area, which, until further action, defines its character to outsiders; and which, until further action, gives guidance for its own doctrine and life; it is a formulation of the insight currently given to the whole Christian Church by the revelation of God in Jesus Christ, witnessed to by the Holy Scriptures alone.*

(1925:112)

In die definisie van Barth is ‘n baie sterk missionêre dimensie ingebou: ‘n belydenis definieer die karakter van ‘n Christen gemeenskap aan buitestaanders (“outsiders”), en rig daardie gemeenskap se eie leer en lewe (“own doctrine and life”). Dít is die element wat die waarde van ‘n belydenis verder neem as die bepaalde tyd waarbinne en plek waar dit opgestel is – in ‘n sekere sin *tydloos* en *universeel*. Die missionêre dimensie van ‘n belydenis kan eintlik verstaan word as die *imperatief* van daardie belydenis vir die Christen gemeenskap waarbinne dit tot stand gekom het, en die *profetiese boodskap* wat daardie belydenis vir die wêreld (rondom hierdie Christen gemeenskap) het. Die twee elemente van die missionêre dimensie, naamlik *profetiese stem* aan buitestaanders en die gemeente se *eie leer en lewe*, moet nie as twee aparte sake gesien word nie. Dit is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die Skrif-boodskap wat binne die gemeente (Christen gemeenskap) geleer word, word deur die belydenis gevorm en gefokus op die omstandighede van die wêreld rondom die Kerk. Hierdie gefokusde boodskap beïnvloed weer die lewens van die gemeentelede. Deur die lewens van die lede, word hierdie boodskap gedemonstreer aan mense buite die Christen gemeenskap.

Dit kan vergelyk word met ‘n vergrootglas. Die belydenis is soos ‘n vergrootglas wat die lig van die Skrif op so ‘n manier fokus, dat dit sekere dele van die samelewing verlig en profeties aanspreek. Die wêreld kyk egter met dieselfde vergrootglas na die gemeente se lewe om te sien of hulle



volgens die belydenis leef. Dieselfde vergrootglas fokus die gemeente se aandag op die Skrif en die wêreld. Deur die vergrootglas sien hulle duideliker wat die Skrif vir daardie tyd, plek en omstandighede sê. Deur die vergrootglas sien hulle ook duideliker die nood van die wêreld, waarvoor hierdie vergrootglas ontwerp is, raak. Die hoop is altyd ook dat die wêreld deur hierdie vergrootglas verby die gemeente sal kyk in die rigting van die Skrif, en uiteindelik ook vir God sal raaksien. In die bespreking van die missionêre waarde van die Belhar Belydenis, gaan hierdie missionêre dimensie na vore gebring word, maar voordat dit gedoen kan word, is dit nodig om eers na die ander elemente van Barth se definisie hierbo te kyk.

Barth praat in sy definisie van 'n spesifieke Christen gemeenskap (Christian community) waarbinne 'n belydenis tot stand kom. Daarmee dui hy die historiese konteks van die belydenis aan. 'n Christelike gemeenskap, of kerk, het 'n bepaalde geskiedenis, 'n bepaalde agtergrond na aanleiding waarvan en waarbinne belydenis gedoen word. Dit gebeur nie *sommer-net* nie. Die Belhar Belydenis is geskryf binne die konteks van die NG Sendingkerk. Dit maak die belydenis dus ook in 'n sekere sin *histories gebonde*. Daarom is dit nodig dat gekyk word na belangrike gebeure in die geskiedenis van die NGSK wat verband hou met die ontstaan van die Belhar Belydenis.

Die definisie van Barth plaas 'n belydenis ook binne 'n spesifieke geografiese area ("geographically limited area") en 'n bepaalde tyd ("currently given"). Hiermee word die plek en tydstip van 'n belydenis sterk beklemtoon. Dit kan genoem word die kontemporêre konteks, en in daardie sin is 'n belydenis *kontekstueel gebonde*. Belhar het ook so 'n plek en tyd: dit het tot stand gekom in Suid-Afrika in 1982-1986, en in die bespreking wat volg, sal ook hieraan aandag gegee moet word.

'n Belydenis is dus terselfdertyd *kontekstueel gebonde*, *histories* bepaald én *tydloos en universeel* geldig. Dit geld ook van die Belhar Belydenis. In hierdie studie gaan die Belhar Belydenis op al drie vlakke ondersoek word. Daar gaan nou eers stilgestaan word by die missionêre agtergrond en daarna by die konteks van die Belhar Belydenis (hoofstuk 4) voordat die missionêre waarde van Belhar vir die Kerk vandag en in die toekoms verder ondersoek word.

### **3.3 Die missionêre agtergrond van Belhar**

In die geval van die Belhar Belydenis, soos met alle ander gereformeerde belydenisse, is die historiese aanloop tot sy ontstaan van groot belang om die belydenis self te verstaan. Wanneer gekyk word na die ontstaansgeskiedenis van die NGSK en die Belhar Belydenis, is dit duidelik dat hierdie geskiedenis ineengewef is met die geskiedenis van die NG Kerk (-familie), die sendingbeleid van die NG Kerk en die rassekwessie in Suid-Afrika. Die geskiedenis van die NGSK en die NG Kerk en hul verhouding tot mekaar is al goed gedokumenteer en dit sou blote

herhaling wees om die hele verhaal ook hier weer te gee (sien o.a. du Plessis 1965; Smith 1972; Crafford 1982; Adonis 1982; van der Watt 1989; Van Niekerk 1989:144-169; Loff 1998; Hofmeyr & Pillay 1994; Van der Linde 2002). Die doel van die bespreking wat volg, is om 'n beeld te vorm van die ontwikkeling van sending in die NG Kerk, wat dien as agtergrond vir die ontstaan van die Belhar Belydenis.

### **3.3.1 Die ontwikkeling van sending in die NG Kerk vanuit 'n Europese missiologie en onder invloed van sendinggenootskappe**

Hoe het sending in die NG Kerk ontwikkel? Dit is belangrik om eers oor hierdie vraag duidelikheid te verkry, voordat verder gegaan word met die gesprek, want hiermee word die Belhar belydenis binne die missionêre konteks van die NG Kerk-familie geplaas.

Die skrywer se eie ervaring as gemeentepredikant is dat die woord *sending* dikwels in gemeentes van die NG Kerk gebruik word in verband met die ondersteuning van 'n sendeling wat op 'n verafgeleë plek van nuuts af die evangelie gaan verkondig aan mense met 'n ander kultuur. Gemeentelede is by hierdie *sending* betrokke deur finansiële ondersteuning aan die sendeling en gaan besoek soms die sendeling om te kyk hoe die "sendingveld" lyk. Die sendeling besoek weer op sy/haar beurt van tyd-tot-tyd die gemeente, wanneer vertel word van sy/haar wedervaringe in die "sendingveld", getuïenisse van mense wat van die heidendom na die Christendom oorgekom het, en soms die aantal mense wat "tot bekering gekom het" binne 'n bepaalde tydperk.

Dat hierdie siening van *sending* diep gewortel is in die geskiedenis van die NG Kerk, is ook duidelik uit Van der Watt se beskrywing daarvan:

Kenmerkend van die lang sendinggeskiedenis van die Ned Geref Kerk was gehoorsaamheid aan die Bybelse opdrag tot sending in Matteus 28:19 en Markus 16:15 (Robinson & Botha 1986), maar veral ook die oortuiging dat die "Blankes" aan die "*Suidhoek van Donker Afrika*" geplant is, met die doel om die evangelie na die "*heidense nasies... van hierdie vasteland*" uit te dra.

(Van der Watt 2003:214-215)

Om die waarheid te sê, hierdie *tradisionele siening van sending* is so diep gewortel in baie gelowiges se verstaan van die woord "sending", dat mens in werklikheid kan vra: "Is dit nie die regte betekenis van sending nie, en indien nie, waar kom hierdie siening dan vandaan?" Was dit nie nog altyd die siening in die NG Kerk nie? 'n Kykie na Bosch (1991:262-345) se beskrywing van die missionêre paradigma in die voetspore van die Verligting ("Mission in the wake of the Enlightenment"), verskaf 'n goeie verduideliking van hierdie spesifieke inhoud wat aan die woord

*sending* gegee is. Daar gaan vervolgens gekyk word na die oorsprong en ontwikkeling van die *tradisionele siening van sending* binne die raamwerk van David Bosch se missionêre paradigmas, om aan te toon dat die tradisionele siening van sending in die NG Kerk tot 'n bepaalde tydvak behoort, en nie die enigste inhoud van die woord “sending” is nie.

In *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology and Mission*, wys Bosch (1991) daarop dat die inhoud van die kerk se sending(“mission”)-begrip deur die eeue heen verander het, en dat dit nie as 'n enkelvoudige konsep verstaan moet word nie. Hy plaas hierdie veranderings binne die denkraamwerk van paradigmas en paradigma-skuiwe, in, wat hy noem “historical paradigms of mission”:

- The New Testament as Missionary Document (hoofstuk 1)
- The Missionary Paradigm of the Eastern Church (hoofstuk 6)
- The Medieval Roman Catholic Missionary Paradigm (hoofstuk 7)
- The Missionary Paradigm of the Protestant Reformation (hoofstuk 8)
- Mission in the Wake of the Enlightenment (hoofstuk 9)
- The Emergence of a Postmodern Paradigm (Deel 3)

Die doel van hierdie bespreking is nie om die akkuraatheid van Bosch se tydvak-indeling te beoordeel, of om krities na sy gebruik van paradigma-skuiwe te kyk nie, maar eerder om raak te sien dat *sending* verskillend verstaan word binne verskillende omstandighede.

Bosch toon voortdurend aan hoedat 'n verandering in konteks ook 'n nuwe visie op die sending van die kerk genoodsaak het. Wanneer Bosch byvoorbeeld die eerste Nuwe Testamentêre paradigma bespreek, skets hy eers die konteks waarbinne Jesus geleef het: “This is the context and climate into which Jesus of Nazareth was born.” (Bosch:20), en vervolg dan om aan te toon dat die sending van Jesus (en uiteindelik ook dié van sy dissipels, verband gehou het met hierdie konteks: “And he clearly and unequivocally understood his mission in terms of the authentic Old Testament tradition... Jesus ministered, lived, and thought almost exclusively within the framework of first-century Jewish religious faith and life” (Bosch: 20). Net so, in sy bespreking van die sending-paradigma van die Oosterse Kerk (hoofstuk 6), begin hy met 'n bespreking van “The Church and Its Context” (Bosch:192). Die volgende paradigmaskuiwe hou ook verband met veranderde kontekste (Middelleeuse paradigma: 214; Protestantse Reformasie: 239; die Verligting: 262 en die einde van die Moderne era: 349).

Hierdeur toon Bosch hoe belangrik dit is om die Skrifgefundeerde sending van die Kerk in die wêreld te verstaan en ontwikkel binne die konteks van daardie wêreld. Hieruit vloei ook voort dat, wanneer die konteks van die Kerk verander, die sending van die Kerk binne daardie konteks noodwendig ook 'n nuwe dimensie betree. Daarmee word nie bedoel dat die konteks bepalend is

vir hoe en wat sending behoort te wees nie, want die Skrif bly die bron van waaruit die sending van die Kerk verstaan word, en ontwikkel behoort te word, maar die konteks waarbinne die Kerk haar bevind, bly die ruimte waarbinne die Kerk se sending konkreet uitgevoer word, en in daardie sin speel die konteks altyd 'n definitiewe rol. Om die term “sending” vir 'n bepaalde tyd op 'n bepaalde plek te verstaan, moet daar dus erns gemaak word met die konteks en omstandighede van daardie era en daardie land.

As 'n mens wil verstaan waarom sending in die NG Kerk gedefiniëer is soos dit hierbo beskryf word, sal die vraag gevra moet word: “Wat was die missionêre konteks van die NG Kerk aan die Suidpunt van Afrika die afgelope drie en 'n half eeu?”

Om hierdie vraag sinvol te beantwoord, moet in gedagte gehou word dat die kerk wat in die sewentiende eeu aan die Kaap begin ontwikkel het, nog altyd baie sterk bande met die Europese kerk behou het. Vanaf 1652 tot 1824 (met die eerste Sinodesitting aan die Kaap: sien Van der Watt 1989:39) was die Kaapse Kerk onder toesig van die Klassis van Amsterdam, en dus in effek niks anders as 'n replika van die Nederlandse Hervormde Kerk, in Afrika, nie (Van der Watt:11). Die Westers-Europese missiologie was al wat hierdie kerk tot op daardie stadium geken het. Die kerk, wat later as die NG Kerk ontwikkel het, kon nie anders as om binne die Westerse missionêre beweging van die afgelope drie eeue vorm te gee aan hul sendingteologie, sendingbeleid en sendingpraktyk te.

Hoe het hierdie Europese sendingbenadering gelyk? Bosch beskryf die Westerse missionêre beweging van die afgelope drie eeue as 'n produk van die “matrix” van die Verligting:

The entire Western missionary movement of the past three centuries emerged from the matrix of the Enlightenment...The Western missionary enterprise of the late eighteenth to the twentieth century remained, in spite of valid criticism which may be aimed at it, a most remarkable exercise...Within the ambience of the movement Western Christians – in their emerging relationship with people of other cultures – did the only thing that made sense to them – they brought them the gospel as they understood it. For this we owe them respect and gratitude. In our own time, however, the Christian missionary enterprise is, slowly but irrevocably, moving away from the shadow of the Enlightenment.

(Bosch 1991:344)

Uit bostaande aanhaling van Bosch kom drie belangrike elemente van die post-verligting, westerse sendingbenadering na vore: die *wêreldbeeld van die Verligting as wegspringplek*, die

*ontwikkende verhouding met ander kulture* en die *uiteindelike wegbeweeg uit die skadu van die Verligting*. As die ontwikkeling van sending in die NG Kerk met hierdie drie tendense vergelyk word, kom 'n baie insiggewende beeld na vore. Daar is duidelike ooreenkomste met die eerste twee fases, naamlik *die wegspringplek vanuit die Verligting* en *die ontwikkelende verhouding met ander kulture*. In die volgende twee afdelings sal dit beter uitgelig word. Die derde fase, naamlik *die wegbeweeg uit die skadu van die Verligting*, is nie noodwendig al deurloop nie, en daarom sal dit in meer besonderhede bespreek word in die tweede deel van hierdie hoofstuk. Hierdie drie fases word voortdurend in verband gebring met die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.

### **3.3.2 Die wêreldbeeld van die Verligting as wegspringplek van die moderne sending**

Het die NG Kerk se sendingbenadering die *wêreldbeeld van die Verligting as wegspringplek*? Die effek van die Verligting op Europa is te groot om hier in detail te behandel en daarom word slegs enkele elemente genoem om die landskap van die NG Kerk se sendingbenadering in die beginjare van die NG Kerk binne perspektief te plaas.

Die Verligting het gelei tot ontwikkelings in terme van handel en skeepsvaart wat dit moontlik gemaak het vir Europese lande om voorheen onbekende gebiede te bereik. Gedurende 1600 tot 1800 het Spanje en Portugal die voortou geneem met kolonisasie en verkenning, en daarmee saam is die Rooms Katolieke Kerk in kontak gebring met Asië, Afrika en die Nuwe Wêreld (Kane 1978:74-75). In hierdie tydperk was daar nog onsekerheid in die protestantse en gereformeerde wêreld oor die belangrikheid van wêreldsending (Kane:73).

In dié era (1652-1800) het die Kaaps Hollandse kerk byna onveranderd oorgekom vanuit Nederland as 'n kerk waaraan die koloniste behoort het. Die vestiging van gemeentes gedurende die sewentiende en agtiende eeu aan die Kaap was deel van die taak van die *Vereenighde Oost-Indische Compagne* (VOC).

“In die tweede oktrooi wat in 1622 aan die VOC verleen is, het die State-Generaal bepaal dat hierdie groot maatskappy ondanks sy vooropgestelde handelsbelange, ook moes sorg ‘omme te konserveren het publieke geloof’ – wat prakties niks anders beteken het nie as die stigting en bevordering van die Gereformeerde kerk in daardie gewestes waar mettertyd permanente Hollandse nedersettings ontstaan het...”

(Van der Watt 1989:4)

Tot en met die negentiende eeu was daar nie sprake van 'n sterk sendingbewustheid by die Kaapse Kerk nie – hoewel die evangelieverkondiging tog daartoe gelei het dat mense uit die heidendom tot geloof gekom het, en tot die Kaapse gemeentes toegevoeg is (sien Du Plessis 1965:26-27). Die Kaapse gemeentes kan ook nie in hierdie tyd as eg inheemse gemeentes

beskou word nie. Dit was bloot 'n verlengstuk van die kerk in Nederland. Van der Watt praat van 'n "besondere verhouding en wesentlike band" tussen die gemeentes aan die Kaap en die "moederkerk" in Nederland. Die NG Kerk<sup>2</sup> het nie as die resultaat van sendingwerk tot stand gekom nie, maar deur die verskuiwing van lidmate van die Nederlandse Hervormde Kerk vanaf Nederland na die Suidpunt van Afrika. Dit bring mee dat die mense in hierdie kerk na die nie-kerklike slawe en inheemse volke gekyk het vanuit 'n Europese kerklike- en sendingperspektief, al was eersgenoemde ook inwoners van Afrika.

Dit was natuurlik onvermydelik dat die Europese bewuswording van talle nuwe wêrelddele waar die Kerk nog nie bestaan nie, gelei het tot 'n ontwaking van die sendingverantwoordelikheid van die kerk in die protestantse en gereformeerde wêreld. Die negentiende eeu word met reg beskou as die "Groot Eeu" van die moderne sending . Kane beskryf dit as volg:

Many factors contributed tot the inauguration of the "Great Century" of modern missions. The famous East India Companies tapped the riches of the Indies and laid the foundation of world trade. They also paved the way for European colonization which, in the providence of God, greatly facilitated the worldwide mission of the church.

(Kane 1978:83)

Die Kaapse kerk het parallel met die res van die Europese kerk ook in hierdie tyd 'n sendingbewustheid begin ontwikkel. Du Plessis (1965:91) skryf die ontwaking van 'n begeerte aan 'n sendinggenootskap aan die Kaap toe aan die stigting van die vroeë sendinggenootskappe in Engeland (Baptist Missionary Society in 1792 en London Missionary Society in 1795) en die totstandkoming van die Nederlandse Sendinggenootskap in Rotterdam in 1797. Met die aankoms van dr. Van der Kemp saam met die eerste groep Londense sendelinge, is die wiewe aan die rol gesit vir die sendinggenootskaplike sending aan die Suidpunt van Afrika (Du Plessis: 91). Die Kaapse kerk het deel geword van die sending-ontwaking van die negentiende eeu met die stigting van *Het Zuid Afrikaansche Genootschap ter bevordering van de Uitbreiding van Christus Koninkrijk* op 22 April 1799 (Du Plessis:93). Die eerste artikel van die kontitusie van hierdie genootskap het die doel duidelik uitgespel, naamlik "om die uitbreiding van Christus se Koninkryk te bevorder onder die nie-verligtes ("unenlightened") in die Kolonie, en onder die heidene – binne, sowel as buite sy grense". So het die, tot dusver redelik homogene Kaapse kerklike gemeenskap, begin met 'n nutgevonde verhouding met ander kulture in die land. Hiermee kom die volgende element van die post-verligting sendingbeeld na vore: 'n ontwikkelende verhouding met ander kulture.

---

<sup>2</sup> Let wel dat kerk eers in 1842 offisiëel die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk" begin gebruik het (Van der Watt 1989:10-11)

### 3.3.3 Die ontwikkelende verhouding met ander kulture

Spoedig het die sendinggenootskaplike sendingwerk op verskillende plekke in Suidelike Afrika begin posvat, en hoewel daar baie lidmate van die Kaapse Kerk betrokke was by die sendinggenootskappe en dit ondersteun het, het hierdie werk van die begin af *langs* die gemeentelike werk ontwikkel, en nie *deur* die gemeentes nie. Smith (1972), se werk, *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* wys hoedat die werk van sendinggenootskappe, veral sedert 1799, gelei het tot die “vorming van ‘n afsonderlike gemeenskap van Nie-Blanke gelowiges uit die heidendom as kersteningswyse” (Smith: 29). Hy wys daarop dat daar “binne die grense van die gemeentes... dus kersteningswerk onderneem [is] waarby die gemeentes wel ten nouste betrokke was, maar wat nie onder die jurisdiksie van die plaaslike kerkrade verrig is nie” (Smith: 29), iets wat op “die meeste plekke tot gespanne verhoudinge tussen die genootskappe en die plaaslike kerkrade aanleiding gegee” het (Smith:29).

Smith (1972:105-107), identifiseer drie elemente wat vanuit die sendinggenootskappe ‘n invloed uitgeoefen het op die praktyk van afsonderlike kerkvorming, asook in die ontwikkeling van ‘n sendingbeleid vir die NG Kerk teen die einde van die negentiende en die eerste helfte van die twintigste eeu: 1) ‘n sterk klem op die bekering van die individu, naamlik: enkelinge uit die heidendom – met, hopelik later, die gevolg dat ‘n hele volk tot bekering sal kom; 2) die drievoudige formule van Venn en Anderson vir inheemswording, waar veral die eis tot selfonderhouding die hoofklem ontvang het – iets wat later ‘n struikelblok was vir die selfstandigheid van die “nie-blanke” NG Kerke; 3) ‘n volk-gesentreerde benadering tot kerkplanting – in aansluiting by Gustav Warneck se gedagtes, wat verder uitgebrei is deur J du Plessis, in sy werk: *Wie sal gaan?* (in Smith 1972:107).

Hierdie volk-gesentreerde benadering tot kerkplanting het goed ingepas by die wêreld van die Afrikaner. Wanneer die geskiedenis van die middel-negentiende tot die middel-twintigste eeu nagegaan word, kan tekens gesien word dat daar nie net ‘n volks-inheemswording missiologie (Smith 1972:166-167) in die NG Kerk gefunksioneer het nie, maar dat hierdie volks-inheemswordingsgedagte ook die ekklesiologie van dié kerk self beïnvloed het. Hierdie ontwikkeling kan in drie fases verdeel word: ‘n anti-imperialisme voortrekker volksbewuswording; ‘n Afrikaner volkseenheid-beweging; en ‘n apartheids volkskerk-gedagte. Ter wille van duidelikheid word hierdie drie fases kortliks bespreek (vir ‘n gedetailleerde uiteensetting van hierdie tydperke, sien Botha 1984).

Die *eerste fase* in die ontwikkeling van ‘n volks-inheemswording ekklesiologie het plaasgevind rondom die twee vryheidsoorloë in die voortrekker republieke. Die Afrikaners (boere) het hulle in die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Transvaal bevind omdat hulle teen die verengelsing van die

Imperialisme gekant was. Met die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 en die Eerste Vryheidsoorlog teen die Britse magte (1880-1881) het sterk tekens van nasionalisme onder die Afrikanervolk na vore gekom (Van der Watt 1989:309). Dit het ook die drang na 'n eenheid in die kerk versterk – maar 'n eenheid in die Afrikaner-kerk. Te midde van hierdie eenheidsgevoel en drang na eenheid onder die Afrikaner, was dit nie 'n probleem om ook 'n “inheemse kerk” in 1881 vir die “nie-blankes” tot stand te bring nie, naamlik die NG Sendingkerk. Die gedagte dat inheemswording van die kerk aan volk gekoppel is, was so sterk dat daar in hierdie tyd nie sprake was van 'n teenstrydigheid in die strewing na eenheid onder die Afrikaanse kerk, en die verbreking van eenheid met die “nie-blanke” kerk nie. Hierdie volksband in die kerk is nog verder versterk met die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog 1899-1902).

Die *tweede fase* in die volks-inheemswording ekklesiologie is versterk in die na-oorlogse opbou van die Afrikaner en die strewing na Afrikaner-eenheid, tot en met die bewindoorname van die Nasionale Party in 1948. 'n Goeie beskrywing van hierdie eenheidsbeweging onder die Afrikaner kom voor in die boek van D F Malan (1959), *Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*. Die boek begin met 'n afdruk van Malan se handskrif met die woorde: “Glo in jou God! Glo in jou volk! Glo in jouself!” Hierdie formidabele figuur in die landspolitiek het met hierdie drie sinne die kern van die volks-inheemswording ekklesiologie opgesom. Vir die Afrikaner (soos Malan dit sien) is sy geloof en sy godsdiens uiters belangrik, *maar volk en kerk is in sy denke dieselfde*. In hierdie drie sinne lyk dit asof Malan niks oor die kerk sê nie, maar vir hom is *kerk en volk ten volle met mekaar versmelt*. Die kerk het op 'n unieke manier inheems geword in die Afrikanervolk. Vanuit 'n na-apartheidsdenke word so 'n kerkbegrip hewig gekritiseer, maar mens moet nie die toewyding van die Afrikaner aan hul geloof, selfs op politieke gebied, hierin miskyk nie. Die versmelting van kerk en volk is deur die Europese missiologie van Venn en Anderson, Warneck en Graul (sien Smith 1972:103-104) gelegitimeer, en aangehelp deur die Britse Imperiale druk op die Afrikaner en laasgenoemde se stryd om politieke mag in hul geboorteland.

Die *derde fase* van volks-inheemswording in die Afrikanerkerk se ekklesiologie is tot 'n hoogtepunt gebring deur die realiteit van afsonderlike ontwikkeling (apartheid). Daar is vir die Afrikaner sy eie wêreld geskep, verwyderd van die “nie-blanke”, die haglike omstandighede van die verstedelike swartman, die krisis wat aan die opbou was teen die apartheidsregering nie die “nie-blanke” wêreld in Suid-Afrika. Binne hierdie veilige wêreld het die Afrikaner steeds probeer om getrou aan die evangelie te wees, maar kon nie vanuit daardie posisie die onreg, verdeeldheid en vyandigheid raaksien wat so duidelik op die voorstoep van (byvoorbeeld) die NGSK aan die opbou was nie. Die taak van die kerk “...bestaan allereers daarin dat hy die evangelie van heil in Christus na binne aan sy eie lidmate sal verkondig, ten einde hulle op te bou... Die kerk het in 'n veelvolkige situasie ook teenoor die owerheid 'n dubbele roeping: hy moet die norme van Gods Woord...in hierdie verband verkondig, én hy moet waarsku wanneer onreg geskied...” (*Ras, Volk en Nasie* 1974:70).



Hierdie taakoms krywing klink op die oog af goed, maar in effek was dit tekenend van die doodloopstraat waarin die NG Kerk haar bevind het. Die NG Kerk het binne die apartheidsituasie al hoe meer haar hoofsaak gesien as die geestelike versorging van die Afrikaner en gesprek met die owerheid. Die verkondiging van die evangelie aan ander volke in die land en skakeling met kerke uit hierdie “volke” is uitgerangeer na die sending-afdeling van die kerk. Die veelvolkige situasie met sy eiesoortige probleme was nie in die sentrum van die denke van die Afrikanerkerk nie.

Botha (1984:162) noem hierdie ontwikkeling die “Christelik-nasionale” ideologie van die Afrikaner se volksteologie. In breë trekke is die uiteensetting hierbo in aansluiting by Botha, maar dit verskil in dié opsig dat hier eerder sprake van ‘n proses van volks-inheemswording is as dat ‘n bepaalde ideologie ontwikkel is. Botha sien nasionalisme as ideologie as volg:

As nasionalisme nog verder so gedefiniëer word dat die volk sentraal staan en dat dit ‘n mens se eerste liefde en lojaliteit opeis, is dit ‘n vraag of dié nasionalisme wel op ‘n legitieme, Bybelse wyse met die ware godsdiens van die koninkryk in verband gebring kan word. Die sentrale plek wat God vir Homself en sy koninkryk opeis, word immers in ‘n nasionalistiese denksisteem deur die “volk” ingeneem.

(Botha 1984:161)

In die NG Kerk het die volk nie die “sentrale plek wat God vir Homself en sy koninkryk opeis” ingeneem nie. Kerk en volk is met mekaar versmelt. Die ekklesiologiese denke van die NG Kerk in haar kontak met ander kulture het sy wegspring in die wêreldbeeld van die verligting (Bosch aangehaal in punt 1.3.1), wat via die sendinggenootskappe en die Europese sendingteologie (Venn, Anderson, Warneck, Graul) in die NG Kerk ingebring is, maar deur die loop van die twintigste eeu het dit in ‘n eg Suid-Afrikaanse gerigtheid op die Afrikanervolk ontwikkel. Wat aanvanklik as ‘n sterk samehorigheidsgevoel onder die Afrikaner begin het, as gevolg van druk vanaf die Britse Imperialisme en moeilike lewensomstandighede (gedeelde lyding in oorloë), het ontwikkel in ‘n samesmelting van kerk en volk. In samehang met die stelsel van afsonderlike ontwikkeling het dit weer aanleiding gegee tot ‘n isolasie van die Afrikaner en die NG Kerk, verwyderd van die wêreld waarin die ander lede van die NG Kerk-familie geleef het.

Op so ‘n manier het die volks-inheemswording ekklesiologie van die Afrikaner gelei tot ‘n *krisispunt* in die bestaan van die familie van NG Kerke gedurende die sewentigs en tagtigs van die twintigste eeu. Plaaslike en internasionale kritiek teen die apartheidsbeleid van die regering in hierdie tydperk het die krisispunt nog verder op ‘n spits gedryf, want ‘n waarnemer sou maklik die (oppervlakkige?) afleiding kon maak dat daar ‘n direkte verband tussen die stigting van afsonderlike kerke vir “nie-blankes” en apartheid te vind is.

Dit is belangrik om daarop te let dat die ontwikkeling van 'n Afrikaner volkskerk nie 'n bewustelike poging tot inheemswording deur die NG Kerk was nie, maar dat dit parallel geloop het met die gedagte dat mense wat as gevolg van sendingwerk uit ander ("nie-blanke") volke gelowiges geword het, in 'n eie, inheemse kerk gegroepeer moet word. Dit was dus nie die oogmerk van die NG Kerk om inheems te word deur kerk en Afrikanervolk te laat saamsmelt nie, dit was die gevolg van die sendingbeleid van die NG Kerk dat kerke van "nie-blanke" volke in Suid-Afrika inheems moes raak. Deur hierdie sendingbeleid is kerklike kontak met ander volke toenemend verminder, en was die logiese uitvloeisel dat die NG Kerk al hoe meer homogeen Afrikaner-bepaald geword het.

Die moeilike deel van hierdie krisispunt in die sendingbeleid en ekklesiologie van die NG Kerk, en die bestaan van die NG Kerk-familie, is dat dit ten nouste saamgehang het met die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling (apartheid).

...sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog en in besonder sedert die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in Suid-Afrika (1948), geniet die sendingbeleid van die Ned. Geref. Kerk die aandag van die kerk oor die hele wêreld. Voortdurend kom dié sendingbeleid onder die soeklig van kerke binne sowel as buit Suid-Afrika en word die beleid van die Ned. Geref. Kerk t.o.v. die afsonderlikheid tussen Blank en Nie-Blank op kerklike terrein bevraagteken.

(Smit 1972:4)

Hier moet 'n belangrike persepsie-verskil uitgewys word. Vanuit die NG Kerk-denke was die ontstaan van afsonderlike kerke, en die afsonderlike bestaan van die NG Kerk gebaseer op 'n "teologies-regverdigbare" volks-inheemswording ekklesiologie. Die persepsie van die ander lede van die NG Kerk-familie en die buitelandse kerke was dat die basis van die afsonderlike bestaan van die NG Kerk uit *rassisme* gebore is. Die stigting van afsonderlike kerke vir "nie-blanke" bevolkingsgroepe deur die NG Kerk, het nie gelei tot volks-inheemse kerke nie, maar ras-bepaalde kerke. Die NGSK het nie uit een volk met 'n samehorigheidsgevoel (soos die Afrikaner) bestaan nie. Hierdie kerk het bestaan uit nasate van verskillende volks-groeperinge, soos die Khoikhoi, die slawe, Basoetoes en die Temboes, om net enkeles te noem (Loff 1998:68), en in die NGKA was 'n verskeidenheid van volke soos die Zulu, Xhosa, Sotho en Venda saamgegroepeer. Hoewel plaaslike gemeentes rondom bepaalde volke tot stand gekom het, het die NGKA uit verskeie volke bestaan, wat saamgegroepeer is as "swartmense" (sien Crafford 1982). Vir die lidmate in die NG Kerk was die bestaan van 'n afsonderlike Afrikanerkerk maklik versoenbaar met die inheemswording gedagte, maar vir lidmate in die NGSK en die NGKA het hul saamgroepering in 'n

afsonderlike kerk neergekom op rassisme (sien Adonis 1982:194-197). Die een “nie-blanke” kerk wat hierin ‘n uitsondering is, is die RCA, wat onder Indiërs tot stand gekom het.

Hiermee is die tafel gedek vir toenemende verset vanuit die geleedere van die jonger kerke in die NG Kerk-familie. Die oudste van hierdie kerke, die NGSK, sou die leiding neem in die verset op kerklike gebied.

Vanuit die NG Kerk-familie self, word soortgelyke verset in verskeie geskrifte verwoord, byvoorbeeld: *Stemme uit die Swart Kerk* (Meiring 1975), *Die Eenheid van die Kerk* (Meiring & Lederle 1979), *Storm Kompas* (Smith, O’Brien Geldenhuys & Meiring 1981), *Die NG Kerk en Apartheid* (Kinghorn 1986). Het hierdie skrywers toenemend bewus geword van die ander wêreld van die NG Kerk-familie en gepoog om die NG Kerk hiervan bewus te maak?

Dat daar verset teen rassisme aan die opbou was, is te verstane, en in die volgende hoofstuk gaan daarby stilgestaan word. ‘n Ander vraagstuk moet nou eers uitgeklaar word: As die sendingbeleid van inheemswording bygedra het daartoe dat die NG Kerk volk en kerk met mekaar laat saamsmelt het, en dit bygedra het tot die stigting van afsonderlike ras-bepaalde kerke, is dit nie ‘n konsep wat uit die teologie geweier moet word nie? Kan daar nog enigsins in die missiologie gepraat word van inheemswording as ‘n doelwit in die planting van kerke? Dit bring die bespreking by ‘n punt waar daar duidelikheid oor inheemswording gesoek moet word.

### **3.4 Inheemswording en die Suid-Afrikaanse kerk**

#### **3.4.1 Wat is inheemswording?**

Dit gebeur vandag nog dat ‘n “sendeling”, predikant of ‘n gemeentelid die stelling maak: “Ek verkondig net die ‘suiwer’ evangelie aan die mense (van ‘n ander taal, kultuur of bevolkingsgroep)”. Saam met die *tradisionele siening van sending* bestaan die gedagte dat ‘n individu, kerk of teoloog ‘n ‘suiwer’ vorm van die evangelie kan ken, ‘n boodskap wat geensins beïnvloed is deur ideologie, kultuur, lewensbeskouing of ander voorveronderstellings nie. Bosch (1991:448) wys daarop dat hierdie denke oor die Evangelie in die koloniale tydperk algemeen was. Westerse Christene was onbewus van die feit dat hul teologie kultureel gekondisioneer is. Hulle het eenvoudig aanvaar dat dit supra-kultureel en universeel-geldig was, en aangesien die Westerse kultuur implisiet gesien is as Christelik, was dit ewe veel aanvaar dat hierdie kultuur saam met die Christelike geloof uitgevoer moet word. Maar selfs met so ‘n benadering is aangevoel dat dit nodig is om sekere aanpassings te maak ten einde die bekeringsproses te

bespoedig. Hierdie strategie het by die Katolisisme bekend gestaan as aanpassing (adaptation) of akkomodasie (accommodation) en by die Protestante as inheemswording<sup>3</sup> (indigenization).

Die moderne sendingbeweging (as uitvloeisel van die Verligting) het binne die raamwerk van inheemswording (“indigenization”) gefunksioneer. Die werke van mense soos Henry Venn (1796-1873), Rufus Anderson (1796-1880), Rowland Allen (1868-1947), Melvin Hodges (1909-1988) het inheemswording gestel as die doelwit van die sending, en dit het beteken dat ‘n kerk wat deur sendingwerk tot stand gekom het, self-regerend, self-onderhoudend en self-uitbreidend moet wees. Hierdie benadering in die Westerse sendingpraktyk het beteken dat nuwe kerke hul eie vorme van aanbidding, musiek, kerk argitektuur en evangelisasie patrone moes ontwikkel, met of sonder die hulp van sendelinge. Sommige sending-instansies het inheemswording aangemoedig en ander het dit weer ontmoedig. Later het die jonger kerke beide positief en negatief reageer teenoor hul eie kulturele erfenis. (Nicholls 1979:20).

Inheemswording is egter ‘n konsep wat hoofsaaklik gebruik is in die eenrigting-verkeer van evangelieverkondiging vanaf die Westerse kerk of sendinggenootskappe na die inheemse volke van Asië, Indië, Afrika en Suid-Amerika. Dit is waarom Nicholls (1979) kan sê: “Since the colonial era came to an end...there has been increasing frustration with the nineteenth-century formulation of the indigenized church by the younger churches in their search for self-identity and their enthusiasm to participate in the national life of their new nations” (Nicholls :20). Met die einde van kolonialisme, en soos die Derdewêreld-state onafhanklikheid verkry het, wou die jongkerke ook meer onafhanklik van hul Eerstewêreld “moederkerke” word. Hulle wou binne hul eie lande tot reg kom en hulle wou relevant wees vir die mense van hul eie nasies en aan daardie nasionale lewe deelneem<sup>4</sup>.

Vroeg in 1972 is ‘n nuwe woord, kontekstualisering, al hoe meer gebruik. Die *Theological Education Fund* (TEF) het hierdie term verduidelik as alles wat met die term inheemswording bedoel word, maar dit gaan verder om ook die prosesse van sekularisasie, tegnologie en die stryd (“struggle”) vir menslike geregtigheid, soos dit plaasvind in die Derde Wêreld, in te sluit. “Contextuality, it is claimed, is the capacity to respond meaningfully to the gospel within the framework of one’s own situation. Contextualization is not simply a fad or a catchword, but a theological necessity demanded by the incarnational nature of the Word.” (Nicholls :21)

---

<sup>3</sup> Die konsep “inheemswording” wat in hierdie studie gebruik word, verskil van Bosch se gebruik van die term hier. Dit word hieronder in meer besonderhede bespreek.

<sup>4</sup> In die volgende hoofstuk sal aangetoon word hoe hierdie prosesse anders verloop het in Suid-Afrika

### 3.4.2 Verskillende modelle van kontekstualisering, inheemswording en inkulturasie


Wanneer kontekstualisering in teologie, geloof en die praktyk van die kerk nagevors word, raak dit duidelik dat daar 'n groot verskeidenheid menings hieroor is. Vir 'n begrip van die wisselwerking tussen die evangelie, kultuur en konteks, is dit belangrik om eers duidelikheid te kry oor *kontekstuele teologie* en *kontekstualisering in teologie*. Daar kan wel gesê word dat alle teologie binne 'n bepaalde historiese konteks ontwikkel, maar is alle teologie kontekstuele teologie? Meer nog, kan daar beweer word dat alle teologie kontekstualisering is? Sommige verstaan onder kontekstualiteit van die Christelike geloof dat die Christendom soos 'n verkleurmannetjie die kleur van die kultuur waarin Christene lewe, aanneem (Vroom en Tennekes 1989:7). Ander sien dit as “critical reflection on Christian praxis in the light of the Word” (Gustavo Gutiérrez in De Gruchy 1994:11), wat beteken dat die hoofdoel van teologie is om die kerk in haar missie in die wêreld by te staan deur 'n kritiese ondersoek van die manier waarop die kerk betrokke is deur sending binne 'n spesifieke konteks, in verhouding tot die boodskap van die Skrif self (De Gruchy 1994:11). In sy analise van die teologie van Lesslie Newbigin, bespreek Goheen (2000) die modelle van kontekstualisering van teoloë soos Bevans, Dyrness, Friedli, Schreiter, Ukpong en Waldenfels, maar kom tot die slotsom dat Newbigin se konsep van kontekstualisering nie by een van hierdie modelle inpas nie. Om 'n oorsig oor hierdie verskeidenheid modelle van kontekstualiteit te kry, is dit nodig om eers te kyk na Ukpong en Bosch se hantering van kontekstualiteit, dit te vergelyk met Nicholls en daarna stil te staan by Newbigin en Goheen se benadering tot kontekstualisering. Dit sal help om *kontekstualisering* te definiëer en die basis verskaf vir 'n bespreking oor die inheemswording in die NG Kerk.

Doktor Justin S. Ukpong, Professor in Nuwe Testament aan die *Catholic Institute of West Africa* (Port Harcourt, Nigerië), werk met die interpretasie van die Skrif vir die kerk in 'n Afrika-konteks. As akademikus en boorling van Afrika is hy baie bewus van die Westerse erfenis van die teologie maar terselfdertyd ook die noodsaaklikheid van teologie wat die kerk ondersteun in die ontdekking en uitleef van haar missie in Afrika. Hy maak gebruik van die term “kontekstualisering” (Ukpong 1987a) wat afkomstig is van die *Theological Education Fund* (1972). Vir hom verteenwoordig *kontekstualisering* 'n nuwe oriëntasie in die Christelike praktyk en uitdrukking, wat veral die afgelope eeu waargeneem word. Dit het ontwikkel uit die besef dat alle vorme van Christelike uitdrukking gekleur word deur die kulturele konteks van waaruit dit ontstaan het. Daarom het 'n doelbewuste soeke ontstaan na nuwe Christelike uitdrukkingsvorme wat die nuwe kulturele kontekste waarmee daardie Christendom in aanraking kom, ernstig opneem. *Kontekstualisering* word volgens Ukpong in verskillende vorme uitgevoer, veral in die sogenaamde jong kerke, naamlik:

- Aanpassing van die liturgie, waarby kulturele elemente soos musiek en musikale instrumente in die liturgie ingebring word;

- Aanpassings in die bediening, waardeur nuwe konsepte van die bediening ontwikkel (“evolve”) – konsepte wat deur plaaslike kulturele praktyke inspireer word;
- Inkulturasie teologie, wat na nuwe kultuur-relevante teologiese uitdrukkings soek; en
- Bevrydingsteologie, wat die onreg in sosiale sisteme in die lig van die Evangelie uitdaag.

Bosch bespreek Ukpong (1987b:163-168) se indeling, maar meen dat slegs inkulturasie en die rewolusionêre modelle (bevrydingsteologie) egte kontekstualisering is. Hierdie indeling kan skematies gesien word in **Skets 1**.



Waarom kwalifiseer hy Ukpong op hierdie manier? Vir Bosch is kontekstualisering en kontekstuele teologie nie net die blote bewustheid van ‘n verskil in kultuur en konteks nie. Dit gaan ook nie oor ‘n aanpassing van sogenaamde minder belangrike elemente ter wille van die oordrag van die evangelie nie. Kontekstualisering het vir hom te make met ‘n totale nuwe manier van teologie bedryf. In die geval van bevrydingsteologieë (sien “Revolusionêr” in Skets 1) word daar ‘n skoon breuk gemaak met die verlede - rewolusionêr (Bosch 1991:435). Bevrydingsteologie is daarom ‘n teologie “van onder” wat glo dat die wet van die geskiedenis nie bestaan uit ontwikkeling nie, maar

uit rewolusie (Bosch :439) – dit het veral duidelik geword in derdewêreld-lande soos Latyns-Amerika. Die menslike vyand is nie die natuur nie (soos met tegnologiese humanisme), maar ‘n enkele struktuur van menslike mag wat die magteloses eksploiteer en vernietig. Hy sluit af met die woorde:

I have simply attempted to point out that this movement [Liberation Theology], in spite of its flaws (and there are several) represents “a new stage, closely connected with earlier ones, in the theological reflection that began with the apostolic tradition”...It is not a “new theology” but a new stage in theologizing, and as such both continuous and discontinuous with the theologizing of earlier epochs. It is not a fad but a serious attempt to let the faith make sense to the postmodern age. Precisely for this reason it will never be a finished product.

(Bosch 1991:447)

Die bedoeling is nie om hier bevrydingsteologie as sulks te bespreek of te evalueer nie. Die doel van hierdie bespreking is om te verstaan hoe Bosch die rewolusionêre afdeling van die sosio-ekonomiese model verstaan as egte kontekstuele teologie. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Bosch op twee elemente klem lê: die nuwe stadium (paradigma?) in teologie wat aangebreek het, asook die poging om in teologie erns te maak met die eise van die postmoderne era. Dit onderskei bevrydingsteologie van byvoorbeeld die teologie van ontwikkeling (sien Skets 1). Laasgenoemde is ‘n uitvloeisel van die moderne era. Kontekstuele teologie is vir Bosch ‘n *nuwe fase in teologie*, asook ‘n teologie wat in die *postmoderne era* tuishoort.

In die tweede plek kwalifiseer Bosch vir Ukpong ten opsigte van inkulturasie. Hy meen dat *vertaling* nog tot ‘n vorige era behoort, maar dat *inkulturasie* egte kontekstuele teologie is. Inkulturasie beteken vir hom ‘n self-teologisering van die sogenaamde jong kerke. Dit verskil ook duidelik van “akkomodasie” en “inheemswording” op die volgende punte (Bosch 1991:452-455):

- Die hoof-agente vir inkulturasie teologie is die Heilige Gees en die plaaslike gemeente (teenoor die Westerse sendeling wat voorheen die agent vir teologisering was)
- Die klem is op ‘n egte plaaslike situasie, waar klem gelê word op die algehele konteks: sosiaal, ekonomies, polities, opvoedkundig, ens.
- Inkulturasie is nie net plaaslik nie, dit het ook ‘n streeks, makrokontekstuele of makrokulturele manifestasie.
- Inkulturasie volg ‘n bewustelike patroon van inkarnasie: die Evangelie word be-liggaam, word vlees in ‘n volk en sy kultuur, daar is sprake van ‘n “ongoing incarnation”. Die kerk word nie uitgebrei nie, maar word in elke nuwe konteks en kultuur opnuut gebore.

- Inkulturasie veronderstel 'n dubbele beweging: daar vind terselfdertyd 'n inkulturasie van die die Christendom en 'n Christenisering van die kultuur plaas.
- Omdat kultuur alles-omvattend is, is inkulturasie ook alles-omvattend. Daar kan nie net sekere elemente van die kultuur geneem word en dit dan in 'n Evangeliese kleur gegiet word, terwyl ander elemente agterweë bly nie.

Vir Bosch is daar dus twee tipes kontekstualisering: *inkulturasie* en *bevrydingsteologie*. Hy gee egter 'n ander inhoud aan *inkulturasie* (as 'n onderafdeling van inheemswording) as wat tradisioneel daarmee bedoel is. Vir hom is *inkulturasie* 'n meer omvattende proses as dié waarmee die protestante en Katolieke (akkomodasie) in vorige eeue besig was. *Inkulturasie* is 'n alles-omvattende proses waarmee 'n gemeente self besig is met 'n poging om die Evangelie binne die huidige tydsgees getrou te verkondig, te leef en te wees.

Nicholls (1988:164-167) bring weer glad nie die term *inkulturasie* in verband met kontekstualisering nie, maar sy gebruik van *inheemswording* herinner sterk aan inkulturasie. Volgens Nicholls is *inheemswording* 'n uitvloeisel van die Westerse sendingbeweging in die negentiende eeu. Skrywers oor missionêre strategie soos Henry Venn (1725-97) en Rufus Anderson (1796-1880) het die konsep *inheemswording* ontwikkel, waarmee bedoel word die oorplanting van die onveranderlike Evangelie na die statiese en gewoonlik "primitiewe" kulture van die nie-Christelike volke – deur vorme van aanbidding, sosiale gebruike, kerklike argitektuur en evangelisasie-metodes. Hierdie invalshoek is steeds in gebruik by kulturele antropologie en die "Church Growth" beweging. In die teologie is die inheemswording beginsel egter onder felle kritiek. Nicholls skryf dit toe aan die opkoms van nasionalisme sedert die Tweede Wêreldoorlog, die omverwerping van Westerse kolonialisme, en die politieke rewolusie wat tot militêre diktatorskap, Marxistiese of Sosialistiese regerings gelei het onder vele nasies. Die ontploffing van menslike kennis, wetenskap en tegnologie, en die gees van materialisme en sekulêre humanisme wat alle moderne samelewings infiltreer, het gelei tot 'n geloofskrisis en 'n soeke na waarheid en relevansie anderkant (beyond) die grense van inheemse identiteit. Nicholls kom tot die gevolgtrekking dat dit nodig geword het om van inheemswording na kontekstualisering te beweeg, aangevuur deur sake soos: die situasie-hermeneutiek van Bultmann; die oproep tot die kerk om in 'n snel-veranderende wêreld aksie-georiënteerd te wees (World Conference on Church and Society, Geneva, 1966); die bevraagtekening van die onderskeid tussen heilsgeskiedenis en wêreldgeskiedenis (WCC Uppsala 1968); die aanvaarding van die beginsel van humanisasie en universalisme in verlossing (WCC Commission on World Mission and Evangelism, Bangkok, 1972); en die soeke na die eenheid van die mensdom (WCC, Nairobi, 1975). Dit dui op 'n prioriteitsverskuiwing vanaf teksinterpretasie na nadenke (reflexion) oor lyding en onderdrukking in spesifieke kontekste.



Vir Nicholls is *inheemswording* 'n voorloper van *kontekstualisering*. Wat Nicholls hier bedoel, klink dieselfde as wat Bosch beskryf as inkulturasie. Dit lyk asof die terme *kontekstualisering* by Nicholls, *inkulturasie* by Bosch en *inheemswording* by Ukpong oor dieselfde proses handel. In terme van die bespreking sover, kan hierdie proses gelykstel word aan die Kerk se besinning oor haar missie in die wêreld, spesifiek met inagneming van haar eie kultuur, sosio-ekonomiese konteks en lewensbeskouing.

As ons wil wegkom uit die krisissituasie waarin die NG Kerk se sendingbeleid verval het in 'n poging tot verinheemsing van die "nie-blanke" kerke, sal dit nodig wees om die konsep *inheemswording* binne hierdie raamwerk van kontekstualisering, inkulturasie en inheemswording in meer besonderhede te definieer.

### 3.4.3 'n Nuwe verstaan van Inheemswording: Lesslie Newbigin en Goheen

Verskeie teoloë kwalifiseer *kontekstualisering* om te onderskei tussen radikale en konserwatiewe interpretasies (Nicholls 1988:165) of egte en valse *kontekstualisering* (Kraemer 1938:420-421; Newbigin 1989:141-154). Twee vrae moet gelyktydig bevredigend beantwoord word in die dialoog tussen die Evangelie en die konteks: Hoe kan die kerk terselfdertyd getrou bly aan die Evangelie én relevant wees vir die spesifieke kultuur of konteks sonder om in sinkretisme te verval? Hoe kan die *één* boodskap getrou oorgedra word sonder om in etnosentrisme te verval, binne die *veelheid* van moontlike uitdrukkingsvorme daarvan in die pluraliteit van kulture, sonder om in relativisme oor te gaan (sien Goheen 2000: 334)? Hoe kan *inheemswording* Skrifgetrou plaasvind?

Lesslie Newbigin het 'n unieke benadering ontwikkel ten opsigte van kontekstualiteit, wat 'n antwoord bied op hierdie twee vrae. 'n Goeie verstaan van sy benadering verskaf 'n basis vir die ontwikkeling van 'n missionêre benadering van *inheemswording* wat beide getrouheid aan die Evangelie en relevansie binne konteks/kultuur/wêreldbeeld in 'n kreatiewe spanning balanseer. Michael Goheen het Newbigin se kontekstualisering in sy proefskrif nagevors, waarna nou gekyk word as die basis van waaruit 'n nuwe verstaan van *inheemswording* ontwikkel kan word.

Newbigin was sedert 1959 tot 1965 administrateur van die Internasionale Sendingraad (*International Missionary Council*) en die Wêreldraad van Kerke. Daarna was hy vir nege jaar biskop van Madras (1965-1974) in Indië (Goheen 2000:60-61), waar hy dikwels as straatprediker die evangelie aan mense wat nog nooit van Christus gehoor het nie, verkondig het (Goheen:336). In 1974 keer hy terug na Brittanje. Sy verstaan van kontekstualisering het ontwikkel terwyl hy in Indië was, en dit het hy uitgebrei in terme van sending binne 'n Westerse wêreldbeeld met sy terugkeer na sy Britse geboorteland.

Goheen (2000:339) noem Newbiggin se benadering tot kontekstualisering 'n *kruis-kulturele missionêre ontmoeting* ("cross-cultural missionary encounter"). Newbiggin beskryf nie kontekstualisering in sistematiese terme en definisies nie. Hy begin by die basiese missionêre ontmoeting waar een persoon die Evangelie aan 'n persoon in 'n ander kultuur oordra. Hierdie ontmoeting is die basis waarop sy hele teorie oor die verband tussen evangelie, kerk en kultuur gebou word (Goheen:336).

In die kruis-kulturele missionêre ontmoeting word drie-riktig dialoog aan die gang gesit tussen die evangelis, die hoorder en die Evangelie. Hierdie proses behels drie dinge. *Eerstens* moet die evangelis die taal van die hoorders gebruik. Daardie taal gebruik terme wat 'n wêreldbeeld waarmee die hoorders sin maak van hul wêreld, reflekteer. Elke woord is nie 'n deursigtige medium wat eenvoudig na willekeur aangewend kan word om die gedagtes van die evangelis te kommunikeer nie. Die Tamil-taal, byvoorbeeld, is 'n gemeenskaplike manier om die wêreld te verstaan. As sulks druk dit verbintnisse uit wat onversoenbaar is met die Evangelie. Daarom sal daar 'n konflik van grondbeginsels ("commitments") ontstaan tussen die Evangelie en die Hindu-kultuur. Kruis-kulturele kommunikasie sal dus in die *tweede plek* die onderliggende wêreldbeeld wat in 'n taal impliseer word, bevraagteken. Die Evangelie roep op tot berou (*repentance*) en bekering (*conversion*), om die wêreld te verstaan en uit te leef volgens die Evangelie en nie volgens die Hindu wêreldbeeld nie (Goheen:336).

Newbiggin illustreer hierdie twee dimensies van kruis-kulturele kommunikasie met die probleem oor hoe die evangelis in Indië Jesus effektief kan voorstel. Hy noem sewe terme (*swamy, avatar, maya, kadavul, satguru, adipurushan, chit*) wat elk 'n aspek van wie en wat Christus is, voorstel, maar wat nie een op sigself voldoende is nie. Hy verduidelik: "What all these answers have in common is that they necessarily describe Jesus in terms of a model which embodies an interpretation of experience significantly different from the interpretation which arises when Jesus is accepted as Lord absolutely" (Newbiggin 1978a:2f in Goheen 2000:337). Daar is egter geen manier om hierdie spanning vry te spring indien 'n evangelis die Evangelie aan sy hoorders wil kommunikeer nie. Die hoorders se taal moet gebruik word, maar op so 'n manier dat die Evangelie steeds getrou oorgedra word.

Waar die Skrywer die Evangelie verkondig het in 'n kruis-kulturele opset in die Kavango en die Wes-Caprivi in Namibië, is hierdie spanning sterk aangevoel. Hy het nie die tale van die mense geken nie (Kwangali, Portugees, Luchasi en Khwedam) en moes van tolke gebruik maak. Aan die einde van 'n evangelisasie-gesprek het dit hom dikwels met die vraag gelaat: "Het die hoorders dit wat ek wou oordra, via my taal (Afrikaans), die tolk se verstaansproses, die tolk se eie vertalingsproses (in bv. Khwedam) en die hoorders se verstaan binne hulle eie wêreldbeeld, enige idee wat ek gesê het?"

Dit gaan nie net oor verstaanbaarheid nie. Soos Goheen dit stel, die evangelis moet beide getrou aan die Evangelie én relevant tot die kultuur wees:

The missionary must be faithful to the gospel as it has been transmitted in the tradition of the church and at the same time must make the gospel relevant to the cultural situation. The first danger is faithfulness without relevance. Jurgen Moltmann calls this fossil theology - the present remnant of something that was once alive but is now dead. The second danger is relevance without faithfulness. Moltmann calls this a chameleon theology - something that takes on the colour of its surroundings to such an extent that it cannot be distinguished from it.

(Goheen 2000:337)

Newbigin se antwoord op hierdie spanning word in twee terme uitgedruk: “challenging relevance” of “subversive fulfillment”. Beide verwys na dieselfde proses. Hindu terme en kategorieë word gebruik, maar dit word “oopgebreek” deur die krag van die Evangelie. Aangesien Hindu kategorieë gebruik word, is die verkondiging van die Evangelie *relevant*. Die Evangelie daag die Hindu se verstaan van die wêreld uit deur ‘n oproep tot berou en bekering. Die verkondiging van die Evangelie vervul die godsdienstige hunkering van die Hindu se hart soos dit in hul eie terminologie uitgedruk word. Die enigste manier waarop hierdie missionêre kommunikasie kan plaasvind en die Hindu of hoorder dinge op ‘n ander manier kan begin sien, is deur ‘n radikale bekering, wat die werk van God is (Goheen 2000:338).

Daar is egter meer by die kruis-kulturele proses betrokke as net die idee dat dit die sendeling se poging is om ‘n kultuur-vrye evangelie in ‘n heidense omgewing te verkondig. Hierdie kommunikasieproses het Newbigin in staat gestel om raak te sien hoe diep sy eie verstaan van die evangelie gevorm is deur die kultuur waaruit hy kom. Net soos die Tamil, beliggaam Westerse tale ook ‘n bepaalde wêreldbeeld. Goheen stel dit as volg:



Western languages express foundational assumptions about the world that are incompatible with the gospel. Indeed, being unaware of this reality set up Newbigin for a syncretistic alliance between the gospel and his western worldview...The gospel is always culturally embodied and all cultures are incompatible with the gospel. The recognition of the cultural embodiment of the gospel in both cultures - that of the missionary and of the hearer - sets up a three-cornered dialogue between the gospel, the missionary’s culture, and the target culture.

(Goheen 2000:338)

Elke persoon, gemeente of kerklike denominasie wat besig is met 'n trans-kulturele kommunikasie van die evangelie, kan deur die model van kruis-kulturele missionêre ontmoeting ontdek hoe hulle self gebonde is aan 'n bepaalde kultuur – 'n kultuur wat, net soos hul hoorders se kultuur, verskil van die Evangelie. Dit is juis in hierdie blootstelling aan 'n ander kultuur dat 'n driehoek-gesprek aan die gang gesit word, waarbinne hulle die geleentheid kry om self-krities na hul eie kultuur te kyk. Die waarde wat hierdie kruis-kulturele missionêre ontmoetingsmodel aan die missionêre dimense van 'n kerk of gemeente toeskryf is byna onberekenbaar, want dit open onbeperkte nuwe moontlikhede.

Volgens die tradisionele siening van sending sou die sendingproses voorgestel kan word in Skets 2.1. Hier is die sendeling besig om die (sogenaamde) “suiwer evangelie” (a) te bring aan 'n heidense hoorder (b). Daar is 'n gewer en 'n ontvanger - en so eindig die kommunikasie. Die gesprek is afgehandel wanneer die boodskap van die sendeling oorgedra is en die hoorder die boodskap aanneem en reageer met 'n veranderde lewenswyse. Die gewer het eintlik geen voordeel in hierdie proses nie, behalwe die satisfaksie dat iemand “sy boodskap” aangeneem het.

Skets 2.2. is 'n grafiese voorstelling van Newbiggin se trans-kulturele missionêre ontmoeting. 'n Evangelis dra die Bybelse boodskap, wat hy binne sy konteks kan verstaan (a), oor aan sy hoorders (b). Hulle word uitgedaag om krities na hul eie wêreldbeskouing te kyk in die lig van die Skrif. Die Heilige Gees bewerk berou en bekering in hul lewens, en hulle begin met nuwe oë na die wêreld kyk ('n teken dat hul wêreldbeeld begin verander in die lig van die Skrif). Nou begin hulle terugpraat met die evangelis (c), en daag hom uit om ook krities na sy eie lewensbeskouing te kyk en die Gees toe te laat om hom deur berou en bekering te vernuwe. Hy kan weer terug antwoord, en sy hoorders kan ook weer reageer in 'n voortdurende dialoog wat lei tot 'n vernuwing van beide die evangelis en sy hoorders se wêreldbeskouing en lewens.

Skets 2.1  
Tradisionele siening  
van sendingSkets 2.2  
Kruis-kulturele  
missionêre ontmoeting

Met sy kruis-kulturele bediening in die Kavango het die Skrywer beleef waarvan Newbiggin praat in hierdie model. Die Skrywer het baie nou saamgewerk met die leiers van die VGKSA Gemeentes in die Kavango. Die Evangelie is so onlangs soos die afgelope half-eeu aan die Kwangali, waaruit hierdie gemeentes hoofsaaklik bestaan, verkondig. In die gemeente-praktyk het dit dikwels gebeur dat die Skrywer se eie lewensbeskouing uitgedaag is deur die optrede van hierdie gelowiges in hulle worsteling met die Skrif.

Een van die mees treffende voorbeelde hiervan is die manier waarop gelowiges in die Kavango eredienste bywoon. Die Skrywer is dikwels gevra om met behulp van 'n tolk eredienste te lei vir klein gemeentes. Wanneer die Skrywer by 'n kerkgeboutjie opdaag, is die kerkklok gelui. Die mense het dan stadigaan nader begin kom vir die erediens. Almal het stelselmatig die kerkgebou binnegegaan, en dan is daar vir ten minste 'n driekwart uur lank gesing. Teen die tyd dat die Skrywer uiteindelik aan die woord gekom het, was dit dikwels reeds 'n uur nadat die diens sou begin. Die prediking moes dan ten minste 'n halfuur aanhou, anders het die mense gevoel hulle word afgeskeep. Daarna het 'n verskeidenheid gebruike gevolg: koorsang, sang en dans terwyl verskillende groepe hul dankoffers bring, gelukwensings en soms 'n ete saam.

Die Skrywer kom uit 'n kultuur waar mense na 'n erediens gegaan het met die voorveronderstelling dat die diens nie langer as een uur sal duur nie. Waar dit wel gebeur het dat die diens tien of twintig minute langer as 'n uur geneem het, sou daar definitief 'n opmerking daarvoor gemaak word. Toe die Skrywer op 'n keer in die Kavango oor die lengte van 'n erediens (gemiddeld vier ure, maar dikwels langer) met die mense gesels het, was hulle verbaas om te hoor dat die westerse mense hul Sondag so "afskeep". Hulle het gevra: "Sonder hierdie mense dan nie 'n dag saam met God af nie?" Hierdie mense het in 'n gemeenskap geleef waar daar nie veel vermaak op 'n Sondag was nie. Nie-kerklike mense het dikwels in die kroë ("Cuca-shops") gekuier en alkohol ingeneem op hierdie dag. Vir die gelowiges was dit 'n uitgemaakte saak dat hulle hul dag aan God wy deur saam met mede-gelowiges die dag deur te bring. Dit was werklik 'n weeklikse feesviering

wat gekoppel is aan hulle geloof. Sedert hierdie ervaring het die Skrywer hom voorgeneem om nie gespanne te wees oor die lengte van 'n erediens nie. Hy hou steeds die kultuur van westerse mense in ag wanneer hy 'n erediens in, byvoorbeeld Pretoria, lei, maar lê ook klem daarop dat dit nie 'n Bybelse voorskrif is dat 'n erediens slegs 'n uur lank moet duur nie. Op hierdie manier het die kruis-kulturele kontak vir die Skrywer tot 'n insig gebring wat nie maklik sou kon plaasvind as hy net binne sy eie kultuur erediens gelei het nie.

Newbigin se kruis-kulturele missionêre ontmoeting verskaf 'n model wat baie bruikbaar is vir die verstaan van die dialoog tussen gelowiges met verskillende wêreldbeelde. Wanneer hierdie model toegepas word op die kerklike situasie tussen die NG Kerk en die NGSK (VGKSA), kom dit daarop neer dat die NG Kerk die evangelie verkondig het aan die NGSK (Skets 2, b). Die NGSK het hierdie evangelie gehoor, hul eie gemaak en in die lig van die Skrif antwoord hulle op die boodskap wat hulle van die NG Kerk ontvang het (Skets 2, c). *Hierdie antwoord word verwoord in die Belhar Belydenis.* In die volgende hoofstuk gaan stilgestaan word by die manier waarop hierdie boodskap aan die NG Kerk oorgedra is, en laasgenoemde se reaksie daarop. Vir die huidige is dit egter belangrik om daarop te let dat *Newbigin se model die Belhar Belydenis sal beskryf as die begin van 'n voortgaande dialoog waar beide die NG Kerk en die NGSK (VGKSA) se wêreldbeelde getoets word in die lig van die Skrif, sodat beide deur hierdie dialoog die evangelie beter kan verstaan en uitleef. Die dialoog help beide kerke met hul missie in die Suid-Afrikaanse samelewing, en daarom is die antwoord van die NGSK in die vorm van die Belhar Belydenis van groot missionêre waarde.* Die dialogiese proses self kan gesien word as die proses van inheemswording vir beide kerke. Hierdie model kan op dieselfde manier toegepas word op enige van die ander kerke in die NG Kerk-familie. *Deur hierdie dialogiese proses word die Belhar Belydenis 'n instrument tot inheemswording vir die NG Kerk, saam met die res van die NG-familie.*

Newbigin se model word gebruik as agtergrond vir *inheemswording* in die Suid-Afrikaanse kerklike omgewing, spesifiek ten opsigte van die missie van die NG Kerk in Suid-Afrika. Om hierdie model toe te pas op die NG Kerk in Suid-Afrika, is begrip vir die unieke *diverse kulturele samestelling* van die Suid-Afrikaanse samelewing nodig.

#### **3.4.4 Die unieke diverse kulturele samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing**

Dat Suid-Afrika die ontmoetingspunt van 'n groot verskeidenheid kulture is, is nie te betwyfel nie. Die geskiedenis van hierdie land teken 'n prentjie van die inwoners en politici se hantering van die verskillende agtergronde, tradisies, tale, kulture en behoeftes wat op een plek saamgetrek is. Die *South Africa Demographic and Health Survey (SADHS)*<sup>5</sup> begin met die opmerking dat die mense

---

<sup>5</sup> Die 1998 SADHS word as volg verduidelik: SADHS is a project which was initiated and primarily funded by the Department of Health.

van Suid-Afrika van uiteenlopende herkoms is, en “the rich heritage of South Africa has resulted in enormous cultural diversity” (SADHS 1998:1). Die nuwe konstitusie beklemtoon die reg van almal om hul eie godsdienste en kultuur te bevorder. Die land het elf amptelike tale, die grootste georganiseerde godsdienst is die Christendom, maar ander godsdienste soos Hindu, Muslim en Judaïsme is teenwoordig, terwyl daar ook verwys word na baie mense se “‘traditionalist’ belief system” (SADHS:2).

In hierdie studie word *nie* in die eerste plek gepraat van ‘n *multikulturele* samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing *nie*, aangesien “multikultureel” binne die moderne pluralistiese samelewing eintlik ‘n tipe kultuur op sigself begin word het. Die woord “multikultureel” het in die *Encarta World English Dictionary* (2007) twee moontlike verklarings: eerstens het dit te make met meer as een kultuur, en tweedens handel dit oor integrasie van mense van verskillende lande, etniese groepe en godsdienste in alle areas van die samelewing. Binne die raamwerk van die tweede betekenis, word byvoorbeeld gepraat van *multikulturele onderwys* as ‘n filosofiese konsep gebaseer op die ideale van vryheid, geregtigheid, gelykheid, regverdigheid en menswaardigheid, soos vervat in dokumente soos die *U.S. Declaration of Independence*, die Konstitusies van Suid-Afrika en die VSA, en die *Universal Declaration of Human Rights* wat deur die Verenigde Nasies aangeneem is. Dat daar ook so ‘n beweging in Suid-Afrika deur sommige voorgestaan word, is moontlik, maar die klem wat in hierdie navorsing gelê word, is op die *werklikheid (fenomeen) dat daar in Suid-Afrika ‘n groot verskeidenheid van lewensbeskouings, wêreldbeelde of kultuur-sisteme teenwoordig is.*

In die SADHS kon mense hulself klassifiseer volgens vyf groepe: Swart Afrikaan (*Black African*), Wit, Kleurling (*Coloured*), Indiër en ongespesifiseerd. Drie van hierdie groeperings verteenwoordig drie verskillende wêreldbeskouings: Swart Afrikaan verteenwoordig ‘n Afrika lewensbeskouing, Wit verteenwoordig ‘n Westerse lewensbeskouing en Indiër verteenwoordig ‘n Oosterse lewensbeskouing. Hiermee word nie bedoel dat alle swart Afrikane in Suid-Afrika *per se* ‘n Afrika lewensbeskouing het (of alle Witmense ‘n Westerse en alle Indiërs ‘n Oosterse) nie, maar wel dat drie uiteenlopende wêreldbeskouings in een land teenwoordig is. Die Suid-Afrikaanse samelewing het beslis ‘n *unieke diverse kulturele samestelling*. As daar vir ‘n oomblik ‘n veralgemening toegelaat word, kan gesê word dat die NG Kerk-familie hierdie drie wêreldbeelde in die Suid-Afrikaanse samelewing huisves: NG Kerk – wit; NGKA - Swart Afrikaan; RCA – Indiër. Hoe sou mens die VGKSA klassifiseer? Hierdie kerk het reeds die grense van wêreldbeelde deurbreek, en kan beskou word as ‘n brugbouer, want al drie lewensuitkyke (Westers, Afrika en Oosters) kom in hierdie kerk voor!

Terwyl hier oor kulturele samestelling gepraat word, moet onmiddelik ook erken word dat kulture nie staties is nie, maar dinamies. Dit verander gedurig - veral deur kontak met ander kulture en wêreldbeskouings – soos die geval is met Suid-Afrika. Om dus die verskillende kulture in Suid-

Afrika as losstaande, afgeslote sisteme te beskou, sal 'n fout wees. Dit raak al moeiliker om 'n klinkklare definisie te gee van die Afrikaner-kultuur, die Venda-kultuur, die Xhosa of die Zulu-kulture in Suid-Afrika. Die belangrikste les wat geleer word uit die unieke kulturele samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing is dat uiteenlopende wêreldbeskouings en geloofsisteme in hierdie een land byeenkom – en in die besinning oor die missie van die Kerk in Suidelike-Afrika sal daar deeglik mee rekening gehou moet word.

Die groot verskille tussen die Afrika-denke en die Westerse denke kom duidelik na vore in professor Attie van Niekerk se boeke *Dominee, are you listening to the drums?* (1982), *Saam in Afrika* (1992) en *Anderkant die reënboog* (1996). Hier gaan dit nie soseer oor die kulture van Afrika-stamme nie, maar die Afrika wêreldbeskouing word meer op 'n makro-kulturele vlak uitgelig, om te wys hoe daar eintlik in Suid-Afrika 'n konflik tussen Westerse en Afrika denke en leefwyse bestaan. Hierdie konflik word deur baie geïgnoreer, terwyl ander weer op 'n oppervlakkige manier verklarings en oplossings daarvoor soek. Van Niekerk se vertellings maak 'n mens se oë oop vir die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse situasie, sowel as die nuwe moontlikhede wat dit bied. Hy vertel hoe hy tot die insig gekom het dat 'n valse romantisering van nóg die Afrika nóg die Westerse lewenssisteme geensins die probleem aanspreek nie, net soos 'n poging tot onttrekking en weerhouding van mekaar ook nie moontlik is nie. 'n Opregte belangstelling in mekaar met 'n gepaardgaande openheid vir mekaar is volgens hom die enigste sinvolle moontlikheid wat oorbly (Van Niekerk 1992:82).

In hoofstuk tien van *Saam in Afrika* vra Van Niekerk (1992:83) die vraag: "Ons tuiskoms in Afrika?". Hy beskryf die dilemma van 'n sendeling wie se ervaringe in Afrika hom in 'n geloofskrisis dompel omdat hy nie die Afrika-mense en hul gebruike verstaan nie. 'n Groot gevaar vir enige "blanke" kerk in Suid-Afrika (en Afrika) is om meer te wil leer by Europa en Amerika as by Afrika – waarin die kerk haar bevind. Dit kan lei tot groot geloofskrisisse. Net so is die teendeel ook waar: deur te leer uit die eenvoud van geloof in Afrika, kan so 'n kerk uit 'n geloofskrisis gelig word. Van Niekerk eindig hierdie hoofstuk:

Met liefde, reg, vergiffenis (gee en ontvang) en realisme kom ons in Afrika verder as wat ons kom met Europa se beste beginsels soos: vryheid, gelykheid en broederskap, en die lig van die verligting. En sekerlik: die missionaris se soektog na 'n verhouding met Afrika is vandag nog 'n soeke om die teenwoordigheid van God te begryp. Ná twee honderd jaar beproef Afrika sy mense nog steeds tot die limiet, en dwing dit mense tot die grense van hulself, tot die oomblik van waarheid.

(Van Niekerk 1992:91)



Die roeping wat die Kerk in Suid-Afrika het om al hoe meer inheems te word terwyl sy steeds getrou bly aan die Skrif, is nie 'n geringe saak binne die huidige Suid-Afrikaanse omgewing nie. Geloofskrisisse ontstaan by mense van alle kulture as gevolg van Afrika se ruwe aanslae: regstellende aksie, misdad, moord, verkragting, diefstal, politieke gevegte, HIV/VIGS, armoede, energie-tekorte en onwettige immigrante.

### 3.4.5 Die Roeping van die NG Kerk tot inheemswording

Die NG kerk het 'n roeping om in Suid-Afrika tuis te kom op so 'n manier dat sy beide getrou bly aan die Bybelse Boodskap en relevant is vir die mense van hierdie kontinent. Suid Afrika se inheemse bevolking praat Afrikaans, Sotho, Engels, Xhosa, Zulu en vele ander tale, maar die kerk ken net een taal: gehoorsaamheid aan die roeping van God. Wie nie hiermee saamstem nie, sal waarskynlik ook nie verdere waarde vind in 'n studie soos hierdie nie. In gehoorsaamheid aan hul Hemelse Vader soek gelowiges na nuwe moontlikhede, want hulle word gedryf deur liefde, geloof en hoop. Liefde vir die mense van Suider-Afrika, geloof in God se vermoë om die Kerk hier te laat slaag in haar missie en die blywende hoop dat daar 'n toekoms vir die liggaam van Christus in Afrika en Suidelike Afrika is.

In sy openingstoespraak van die eerste konferensie van die *Southern African Missiological Society* (SAMS) in 1968 het Prof. W J van der Merwe telkens na Afrika verwys as 'n veranderende kontinent waarin die kerk van Christus betrokke is in 'n geestelike lewensstryd (Sien Van Niekerk 1987:123). Vir hom is dit die konteks waarbinne die missioloë in Suidelike Afrika geroep word om te dien – en hy suggereer selfs dat dit belangriker vir hulle is om kennis te neem van missiologiese denke en navorsing in Afrika as in Europa en Amerika. In aansluiting hierby het Van Niekerk die publikasies van SAMS nagevors tussen 1968 en 1987 om 'n aanduiding te kry of Afrika wel in so 'n mate aan die woord gekom het. Mens sou verwag dat die Suider Afrikaanse missiologie uit al die teologiese vertakkinge kan getuig van goeie kommunikasie tussen die Westerse en Afrika-wêreldbeskouings, maar Van Niekerk kom tot die slotsom dat selfs SAMS nog nie ver gevorder het op hierdie pad nie. Hy sluit af met 'n pleidooi dat die inheemse brandpunte van Afrika en veral Suidelike Afrika meer aandag moet ontvang, en dat hierdie brandpunte nie deur die Europese en Amerikaanse teoloë opgelos gaan word nie – die antwoord moet gesoek word hier waar ons is:

I have travelled in Europe and the USA ...They can at best stimulate us to think for ourselves ... But we must search for our answers here where we are, in the living involvement with the complex situation around us, as theologians and as church members directly under God... We should never make a show of our involvement with the poor, but we must make the minister...the elder in the congregation or even the regular church member our real hero. We should try to understand his or her dilemmas, choices, efforts to make sense of daily life and of being a Christian. We

should know these people, think about them, feel with them, and spend time with them. Out of this real-life encounter we should build our missiology. Those Christians are today the real missionaries of the church, because they are living on the frontier between church and world daily.

(Van Niekerk 1987:131)

Het SAMS, die teologie in Suid-Afrika, die NG Kerk en die kerke in Suider-Afrika die afgelope twintig jaar enigsins verder gevorder op hierdie pad van inheemswording? Dit kan nie in hierdie studie bepaal word nie, maar die navorsing in die volgende hoofstukke het ten doel om 'n bydrae te maak tot die kruis-kulturele dialoog in 'n land met 'n *unieke diverse kulturele samestelling* soos Suid-Afrika – *met die twee oogmerke van inheemswording van die Kerk in gedagte, naamlik getrouheid aan die Evangelie en relevansie vir die wêreld.*

Indien die NG Kerk erns wil maak met haar inheemswording in Suidelike-Afrika, is dialoog met gelowiges van ander wêreldbeskouings, wat hul meestal ook in ander (Suider-Afrikaanse) kerke bevind, onvermydelik. Die “seisoen van luister” waarbinne die NG Kerk tans staan, is 'n teken dat daar 'n ernstige soeke na inheemswording in die kerk teenwoordig is. Dit sal jammer wees as hierdie aspek van luister na ander wêreldbeelde in die lig van die Skrif nie ook in hierdie tyd hoog op die agenda van gemeentes en gelowiges geplaas word nie.

*Die NG Kerk-familie word geroep tot inheemswording in terme van die Suid-Afrikaanse NASIE.* Hoe moet dit gebeur? Daar bestaan nie 'n program vir inheemswording vir die NG Kerk-familie nie, maar die implikasies van die kruis-kulturele missionêre ontmoetingsmodel van Lesslie Newbigin kan belangrike rigtingwysers gee vir hierdie proses. Dit sal nou bespreek word aan die hand van ses punte wat Goheen identifiseer.

### **3.4.6 Rigtingwysers vir die NG Kerk se inheemswording**

Goheen (2000:338-339) beskryf ses punte wat die basis vorm van Newbigin se denke oor die verhouding tussen Evangelie en kultuur. Hierdie ses punte is belangrike rigtingwysers vir die inheemswording van die NG Kerk. In die volgende afdeling word die ses punte wat Goheen uitlig toegepas op die Suid-Afrikaanse situasie waarbinne die NG Kerk besig is met inheemswording:

#### *3.4.6.1 'n Missionêre benadering tot Evangelie en kultuur*

First, Newbigin approaches the relation of gospel to culture from a missionary standpoint. He does not attempt to start at a scientific, neutral description of the

relationship between the two but from the standpoint of one who is charged to faithfully communicate and embody a message.

Hoewel inheemswording in die Suid-Afrikaanse konteks kruis-kulturele kommunikasie insluit, gaan dit nie in die eerste plek oor kulture as sulks nie. Die NG Kerk het 'n roeping en missie om die Bybelse Boodskap te verkondig, te doen en te wees in die samelewing van Suider Afrika (en Afrika, en selfs ook wêreldwyd). Hierdie samelewing is kultureel divers en bestaan uit verskillende wêreldbeskouings. Daarom gaan dit nie hier oor 'n wetenskaplike analise van kruis-kulturele kommunikasie nie, maar oor gehoorsaamheid aan God om so getrou moontlik deel te neem aan die *Missio Dei* in die unieke diverse kulturele samestelling van die Suider-Afrikaanse samelewing. Die kerk is nie besig met 'n politieke program vir die bou van 'n reënboognasie nie. As die Kerk se gehoorsaamheid aan haar roeping daartoe lei dat politieke ideale van “een nasie” makliker verwesenlik word, is dit omdat die kerk getrou is aan haar missie en nie omdat die Kerk politieke oogmerke het nie. Politieke oogmerke kom en gaan, maar die Kerk se roeping om deel te neem aan die *Missio Dei* bly onveranderlik.

#### 3.4.6.2 'n Konfrontasie tussen fundamentele wêreldbeskouings vra nederigheid

Second, the missionary encounter involves a confrontation between ultimate beliefs or foundational assumptions. Two fundamentally different ways of looking at the world meet. The concern of the evangelist is to communicate the gospel to people and call them to believe the good news. It quickly becomes apparent that each 'individual' is part of a community or social network that shares a way of life. “The idea that the gospel is addressed only to the individual and that it is only indirectly addressed to societies, nations, and cultures is simply an illusion of our individualistic post-Enlightenment Western culture” (1989e:199). That person shares a whole range of beliefs, customs, symbols, and institutions. The evangelist sees that at the heart of his social network is a formative core of fundamental religious beliefs that shape each part of society. Each custom, symbol, and institution embodies these core assumptions. These foundational beliefs are not neutral but religious and stand in some degree of opposition to the gospel.

Die NG Kerk moet in die uitvoering van haar missie in Suider-Afrika voortdurend bewus wees daarvan dat sy nie net 'n suiwer Evangelie oordra aan die samelewing nie, maar ook 'n inhoud daaraan gee wat bepaal word deur haar eie Westerse wêreldbeeld. Dit vra nederigheid om in die Suider-Afrikaanse konteks ook te luister na hoe kerke wat deur haar sending-arbeid tot stand gekom het (en sekerlik ook ander kerke), maar binne 'n ander lewensbeskouing leef, die Evangelie

verstaan. In die verhouding tussen die NG Kerk en die VGKSA het gaan dit nie net oor twee verskillende kerke nie, dit gaan ook oor die ontmoeting van gelowiges met fundamenteel verskillende uitkyke op die wêreld (“Two fundamentally different ways of looking at the world”). Die NG Kerk sal nederig genoeg moet wees om krities na haar eie insigte te kyk in die lig van bydraes vanuit die VGKSA (byvoorbeeld die Belhar Belydenis), maar terselfdertyd sal die VGKSA dieselfde nederigheid aan die dag moet lê oor haar insigte (soos byvoorbeeld verwoord in die Belhar Belydenis) – hoe belangrik dit ookal vir haar is. Dit geld ook vir die NGKA en die RCA en dokumente soos die Laudium Verklaring.

*In hierdie sin kan gepraat word van die Belhar Belydenis as ‘n instrument tot inheemswording. Dit is ‘n antwoord van gelowiges wat binne die tradisie van die Gereformeerde leer staan - binne bepaalde omstandighede, vanuit ‘n bepaalde wêreldbeeld - gerig aan medegelowiges (van hul eie kerk in die eerste plek, maar ook van ander gereformeerde kerke) oor hoe hulle die Evangelie verstaan en beleef. Deur hierdie belydenis ernstig op te neem, daarna te luister, dit te bestudeer vanuit ‘n eie wêreldbeeld, is ‘n teken van nederigheid voor die Woord van God. Daarmee kan gevorder word op die pad van inheemswording.*

#### *3.4.6.3 Sensitiwiteit vir diverse uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof*

Third, the gospel is not a timeless message quarantined from all cultural ‘contamination.’ Rather, the gospel is always embodied in the life and words of a particular culture.

Binne hierdie proses moet die realiteit van inkulturasie nie misgekyk word nie. In die dialoog tussen die familie van NG kerke sal daar voortdurend sensitief opgetree moet word vir verskillende uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof. Vorme van aanbidding verskil van kultuur tot kultuur, sonder dat die een vorm voorgelê kan word as meer Bybels korrek. Nogtans kan kontak met verskillende aanbidding-spiritualiteite aan die een kant mense se oë oopmaak vir nuwe moontlikhede en aan die ander kant ‘n afstand skep van die kultuur-eie vorme, tradisies en gewoontes wat nie noodwendig Bybels-bepaald is nie. Die Belhar Belydenis funksioneer op dieselfde wyse: dit is nie ‘n tydlose boodskap wat gesuiwer is van alle kontekstuele “kontaminasie” nie. Dit is ‘n beliggaming van die Evangelie in die lewe en woorde van die NGSK gedurende 1982 tot 1986 onder spesifieke omstandighede. Dit moet ook as sulks gelees word sodat die waarde daarvan vir ander tye, ander omstandighede en ander mense raakgesien kan word. Die navorsing wat volg kyk op hierdie manier na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.

#### 3.4.6.4 'n Spanningsveld tussen wêreldbeelde noodsaak volgehoue herbesinning

Fourth, the religious shape of culture and the necessary cultural embodiment of the gospel combine to produce a tension in the attempt to faithfully communicate the gospel. On the one hand, the gospel must be translated into the language and culture of the hearers if it is to be relevant. On the other hand, the communication of the gospel must be faithful to the tradition given in Scripture and not reshaped by the faith commitments of the culture into which the gospel is translated.

Die gelowiges met 'n Westerse wêreldbeskouing is net so vatbaar vir sinkretisme as gelowiges met Afrika- en Oosterse lewensuitkyke. Daarom is dit verstaanbaar en selfs nodig dat daar 'n bepaalde spanningsveld bestaan in die kontak tussen die familie van NG Kerke. Hierdie spanningsveld help dat daar voortdurend besin word oor die mees geskikte uitdrukking van die missie van elke gemeente binne haar omstandighede. Om weg te skram van dialoog met mekaar omdat lidmate ongemaklik daarmee is, of omdat hulle hul teen herenigingsgesprekke verset, kan 'n poging wees om hierdie spanningsveld te vermy ter wille van daardie groep lidmate, maar dit kan die integriteit van die evangelie op die spel plaas. Geloof laat nie toe dat die unieke diverse kulturele samelewing van Suid-Afrika as 'n vloekskoot of 'n fout gesien word wat ten alle koste geïgnoreer of vermy moet word ter wille van die vermindering van konflik nie. Die missie van die Kerk is nie een van veroordeling of onttrekking nie, maar van *verkondiging*, *voorbeeld* en gehoorsame *bestaan* in elke denkbare situasie. Deur die Belhar Belydenis af te maak as ongereformeerde of onbybels en daarom onbenullig, mag dalk die spanning wat die belydenis by sommige gelowiges in die NG Kerk wek, tydelik oplos, maar dit help die NG Kerk niks in die proses van *herbesinning oor haar missie in die wêreld*, en die strewe om getrou aan die Skrif te wees nie. Die navorsing wat hier gedoen word, is ten volle bewus van die verskeidenheid van emosies rondom die Belhar Belydenis, en sal poog om so sensitief moontlik daarvoor te wees, maar die spanning wat hierdie emosies veroorsaak kan slegs opgelos word deur met 'n oop gemoed te vra na die missionêre waarde van die belydenis vir die NG Kerk.

#### 3.4.6.5 'n Drie-rigting dialoog is die begin van 'n oplossing vir die spanningsveld

Fifth, the resolution of this tension begins as an internal dialogue between the gospel as expressed in the story of the Bible and the target culture. With the deepening recognition of the cultural assumptions of the missionary, this internal dialogue becomes a conversation between three partners: Scripture, the missionary's culture, and the target culture.

In die dialoog tussen lede van die familie van NG Kerke moet ook onthou word dat dit nie hier gaan om 'n blote antropologiese of sosiologiese gesprek tussen verskillende kulture nie. Dit is 'n drie-rigting gesprek tussen gelowiges in een kultuur (wêreldbeskouing), gelowiges in 'n ander kultuur (wêreldbeskouing) en die Skrif. Deur die werking van die Gees is die drie gespreksvennote egter nie op gelyke voet nie. Die Skrif behoort telkens die deurslag te gee waar daar verskil van opinie is, en waar hierdie verskille nie 'n klinkklare oplossing uit die Skrif ontvang nie, mag daar 'n spanning bly voortbestaan totdat 'n oplossing gevind word. Hier gaan dit oor die Liggaam van Christus - 'n Bybelse eensgesindheid móét gevind word: "En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê" (Romeine 15:5 NAV; sien ook Psalm 133:1, Romeine 15:6, 12:16, 1 Korintiërs 1:10, 2 Korintiërs 13:11, Filippense 2:2, 4:2, 1 Petrus 3:8).

#### 3.4.6.6 *Bekering is nodig*

Sixth, conversion is necessary. There is no straight line from the fundamental assumptions of any culture to an understanding of the gospel. The gospel calls for conversion and repentance - a turn from idols to Christ to see all of life from a new set of foundational beliefs. Conversion will, of course, be a process for both hearer and missionary. Conversion is a work of God opening one's eyes to the truth of the gospel.

In die gesprek tussen lede van die NG Kerk familie behoort daar ruimte te wees vir bekering – bekering van onjuiste aannames wat op grond van vooroordele of lewensbeskouing gemaak word, bekering van 'n beterweterige benadering tot mekaar, bekering van 'n selftevredeheid wat onder die illusie leef dat gelowiges in hierdie familie van kerke mekaar nie nodig het nie, of beter af is sonder mekaar. So 'n bekering is die werk van God waarmee Hy mense se oë oopmaak vir die waarheid van die Evangelie. Deur die missionêre waarde van die Belhar Belydenis te bestudeer word daar nie gevra dat gelowiges hul tot die belydenis moet bekeer nie. Gelowiges word geroep om deur hierdie instrument (Belhar Belydenis), waarmee ander gelowiges hul geloof bely, opnuut na die Skrif te gaan kyk en, indien hul tot nuwe insig kom oor die Evangelie, hul in daardie opsig ook te bekeer tot God, hul Vader en Koning. Ware bekering gaan gepaard met 'n verandering in lewensuitkyk én lewensdade. Is dit nie iets waarna die land uitroep nie?

### 3.5 **Die Belhar Belydenis as instrument tot inheemswording vir die NG Kerk**

In die vorige hoofstuk is bepaal dat die NG Kerk 'n missie het in die wêreld. 'n Voortdurende herbesinning oor die gesig van hierdie missie is nodig. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat die NG Kerk (-familie) geroep word tot *inheemswording in die diverse kulturele*

*samelewing van Suid-Afrika* (en wyer). Die Belhar Belydenis is 'n belangrike instrument wat deur die NG Kerk (-familie) gebruik kan word om te help op hierdie pad van inheemswording.

Die NGSK het ontstaan deur sendingwerk van die NG Kerk en ander sendinggenootskappe in die Kaapkolonie gedurende die agtiende en negentiende eeu. Hierdie sendingwerk is onderneem deur kerke met 'n Westerse wêreldbeeld, afkomstig uit die Verligting-era. Daarom is sending gedefiniëer in terme van die tradisionele siening van sending. Die NGSK bestaan uit die nageslag van mense met beide 'n Westerse en 'n Derdewêreld wêreldbeeld. Die antwoord op die evangelie vanuit die NGSK is dus 'n belangrike bydrae tot die herbesinning oor die implikasies van die missie van die kerk in 'n diverse kulturele samelewing.

*Die Belhar Belydenis verwoord die antwoord van die NGSK op die evangelie, soos hulle dit verstaan binne die Suid-Afrikaanse konteks. Daarom kan die Belhar Belydenis nie deur die NG Kerk of enige van die ander lede van die NG Kerk-familie geïgnoreer word nie. Hierdie antwoord is 'n onmisbare sleutel in die gesprek oor die missie van die Suid-Afrikaanse inheemse kerk. Die NG Kerk-familie word geroep tot inheemswording in terme van die Suid-Afrikaanse NASIE.*

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis lê daarin dat dit 'n antwoord bied op die Evangelie wat van die NG Kerk af uitgegaan het binne die raamwerk van 'n Afrikaner-Westerse wêreldbeeld, na die NGSK. Of hierdie belydenis deur die NG Kerk aanvaar word of nie, dit bly in hierdie opsig 'n missionêre dokument met onskatbare missionêre waarde vir die NG Kerk (-familie) in Suid-Afrika en wyer. Die Belhar Belydenis se missionêre waarde het te make met die kruis-kulturele dialoog in 'n land met 'n *unieke diverse kulturele samestelling* soos Suid-Afrika – *met die twee oogmerke van inheemswording van die Kerk in gedagte, naamlik getrouheid aan die Evangelie en relevansie vir die wêreld*. Op hierdie wyse is die Belhar Belydenis 'n instrument tot inheemswording vir die NG Kerk in die Suid-Afrikaanse diverse kulturele samelewing. In terme van inheemswording van die Evangelie vir die Afrikaner volk, is daar in die twintigste eeu soveel klem gelê, dat kerk en volk met mekaar versmelt het. Die groot leemte wat nou met behulp van die Belhar Belydenis aangevul moet word, is 'n inheemswording van die Evangelie vir 'n eg Suid-Afrikaanse kerk.

Noudat daar duidelikheid is oor die funksie wat die Belhar Belydenis in die inheemswording van die NG Kerk kan vervul, gaan in die volgende hoofstuk gekyk word na die ontstaanstyd van die belydenis en die missionêre waarde wat dit binne daardie konteks tot op hede vertoon het.

## Samevatting

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die sendingbeleid in die geskiedenis van die NG Kerk gevolg om aan te toon dat hierdie beleid binne die raamwerk van en parallel met die Europese Verligting en teologie gefunksioneer het. In Suid-Afrika het dit beteken dat 'n sterk klem op inheemswording gelê is, en geleidelik het hierdie inheemswording gelei tot 'n versmelting van volk en kerk by die Afrikaner. Hierdie volkskerk motief was 'n uitvloeisel van 'n inheemswording sendingbeleid wat nie suksesvol was by die ander kulture en volke in Suid-Afrika nie, maar tot 'n isolasie van die Afrikaner kerk (NG Kerk) gelei het in die apartheidsjare. Inheemswording is ondersoek om tot 'n beter verstaan daarvan gekom, en daar is bevind dat dit baie nou in verband met kontekstualisering staan. Goheen se uitwerk van die teologie van Newbiggin maak moontlikhede oop vir 'n nuwe verstaan van inheemswording, meer in terme van 'n nasionale Suid-Afrikaanse gereformeerde kerk. Die Belhar Belydenis is 'n antwoord op die evangelie vanuit die geledere van die NGSK, en as sulks 'n instrument vir hierdie nuwe soort inheemswording van die kerk in Suid-Afrika.



## HOOFSTUK 4

### DIE MISSIONÊRE KONTEKS VAN DIE BELHAR BELYDENIS

Die missionêre agtergrond wat in Hoofstuk 3 beskryf is, vorm die historiese aanloop tot die Belhar Belydenis in die jaar 1982. In die beskrywing wat volg, word die proses beskryf waartydens die NG Kerk en die NGSK stadigaan begin wegbeweeg het uit die skadu van die Verligting, in lyn met Bosch se aanhaling aan die einde van punt 3.3.1 van Hoofstuk 3. Dit kom neer op 'n beskrywing van die konteks waarbinne die Belhar Belydenis “gebore” is, naamlik die tagtigs van die vorige eeu, en 'n ontdekkingsreis van gebeure wat met die Belydenis verband hou tot op hede. In hierdie bespreking gaan verder gesoek word na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk.

#### 4.1 Sinodesitting van die NGSK in 1982

In Oktober 1982 vergader die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 'n voorstad van Bellville, Belhar, in die Wes-Kaap (Adonis & Millard 1994:284). Dit is 'n onstuimige tyd. Die jaar 1982 is bestempel as 'n “beslissende jaar” (Gaum 1997:33), hoofsaaklik as gevolg van die beslissings wat by hierdie sinode geneem is, maar ook weens ander groot gebeure waarvan hieronder vertel word. Die Sinode het sy besluit van 1978 herbevestig dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is omdat dit die versoening in Christus bedreig:

\*Omdat die sekulêre evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die N.G. Sendingkerk in S.A. dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n Status Confessiones (sic) daarstel.

('n Status Confessiones beteken dat ons hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstiglik in gevaar te stel.)

(NG Kerk 1982a:1071)

Die kern van hierdie besluit is die afkondiging van 'n *status confessionis*<sup>1</sup>. Volgens Smith is hierdie term deur die geskiedenis al op verskeie maniere gebruik, maar dit kom op die volgende neer:

Streng gesproke beteken die uitdrukking *status confessionis* dat 'n Christen, 'n groep Christene, 'n kerk of 'n groep kerke oordeel dat 'n situasie ontstaan het, 'n oomblik van waarheid aangebreek het waarin niks minder nie as die evangelie self, hul mees basiese belydenis aangaande die Christelike evangelie, op die spel staan, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel.

(Smit 1984:22)

Hier kry mens die indruk dat die NGSK 'n *verpligting* gevoel het om op te tree en te getuig. Durand (1984:41) sê nou wel dat die vorming van 'n nuwe belydenis nie vanselfsprekend die gevolg van 'n *status confessionis* hoef te wees nie, maar in die geval van hierdie sinodesitting was daar weinig ander moontlikhede. Dit is veral duidelik uit die toespraak wat dr. Bam gegee het na afloop van die besluit oor *status confessionis* (sien BYLAE 1, punt 5).

Die rede vir die *status confessionis* was dat die “versoening in Jesus Christus” en die “eenheid van die Kerk van Jesus Christus” bedreig is. Die implikasie van die *status confessionis* was dat daar 'n “oomblik van waarheid” aangebreek het “waarin die evangelie op die spel staan.” Die klem lê swaar op die “situasie, die kairos, die oomblik wat ryp geword het” (Smit 1984:22), 'n oomblik wat so abnormaal geword het, dat buitengewone optrede en beslissing genoodsaak is. 'n *Analise van die situasie* is van groot belang (Smit 1984:23), want die beslissings wat uit die *status confessionis* vloei, moet daarop gerig wees om die evangelie duidelik te stel teenoor die sonde in die situasie. Dit beteken nie dat beslissings “aan die situasie ontleen, of daaruit afgelees word nie. Die situasie spreek nie, maar wel die evangelie” (Smit 1984: 24). In terme van die beeld wat hierbo gebruik is, word daar deur 'n vergrootglas gekyk na die situasie of wêreld, en 'n beslissing word gevra in die lig van die Skrif.

Hoe het die situasie gelyk? Die jare sewentig en tagtig, waarbinne Belhar geskryf is, kan beskou word as stormagtige jare in Suid-Afrika. Die apartheidsbeleid van die regerende Nasionale Party was ná drie dekades stewig gevestig in Suid-Afrika én onder groot internasionale kritiek. Binnelands het die weerstand teen die apartheidswetgewing opgebou en krisisafmetings aangeneem in die vorm van die Soweto-opstande in 1976. Honderde mense is gevange geneem, Steve Biko sterf in September 1977 in aanhouding en sewentien organisasies word verban op 19

---

<sup>1</sup> In hierdie studie sal die spelling “confessionis” gebruik word, aangesien dit die gangbare spelling is, al het die sinode 1982 “confessiones” gebruik.

Oktober 1977 (Adonis & Millard 1994:281). Die wêreld het al hoe meer druk op Suid-Afrika uitgeoefen deur ekonomiese sanksies en disinvestering, aksies wat onder andere deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) aangemoedig is (Adonis & Millard 1994:290). In 1985 roep president PW Botha 'n noodtoestand uit in 36 landdrostdistrikte, terwyl onrus in die swart woonbuurte daaglik toeneem, en minstens 500 lewens eis in daardie jaar. Die sogenaamde "Rubicon-toespraak", waarmee president Botha na verwagting 'n era van radikale hervorming moes aankondig, stel die wêreld teleur en die anti-apartheid spanning bereik nogeens 'n hoogtepunt (Joyce 2000:191). Hierdie gebeure illustreer die tipiese drastiese optrede wat in hierdie tydvak plaasgevind het in Suid-Afrika.

#### **4.2 Ras, Volk en Nasie verteenwoordig 'n geloofwaardigheidskrisis**

In die kerk het dinge nie veel anders verloop nie. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1974 die dokument *Ras, Volk en Nasie en Volkerereverhoudinge in die lig van die Skrif* (RVN) goedgekeur. Dit is 'n "soort samevatting van 'n besinningsproses" oor rasseverhoudings en die sendingbeleid van die kerk "wat tot in die dertigerjare terugstrek" (Kinghorn 1986b:130). Die dokument begin met 'n Bybelse fundering van aparte ontwikkeling in kerk en samelewing, binne die norm van naasteliefde (RVN 5-38). Die taak van die kerk in die wêreld, die verband tussen kerk en volk, kerk en politiek en die ekumene van die kerk word bespreek (RVN 39-53). Horizontalisme en die teologie van die Rewolusie word beoordeel (veroordeel) (RVN 54-63). Die kerk en maatskaplike geregtigheid word bespreek, met onder andere 'n beskrywing van die kerk se rol ten opsigte van sosio-ekonomiese ontwikkeling, staatkundige aspekte, opvoeding, die "bantoe" in blanke gebiede, trekarbeid, Indiërs en ander Asiërs (RVN 64-82). Onder die opskrif "Kerk en Sending" word die "wesentlike eenheid" van die afsonderlike Ned. Geref. Kerkverbande vir verskillende bevolkingsgroepe bespreek as bestaande uit "die gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord, kragtens die aanvaarding van dieselfde Gereformeerde belydenis en kerkregering en vanweë hulle historiese verbondenheid" (RVN 83). Die heiligheid van die kerk word bespreek (RVN 85-86), asook die "katolisiteit van die kerk en die inheemse eiesoortigheid van die kerk onder die volkere" (RVN 87). Laastens word die huwelik en die gemengde huwelik uiteengesit, met die benadering dat 'n rasgemengde huwelik "ongewens en ongeoorloof" is vanweë die "faktore wat die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n Christelike huwelik strem, sowel as faktore wat eventueel die God-gegewe verskeidenheid en identiteit vernietig" (RVN 100). Twee eienskappe van hierdie dokument was problematies.

*Eerstens*, die RVN het ten doel om die *status quo* in kerk en samelewing te handhaaf, deurdat "die apartheidsparadigma en die daarmee samehangende volksbelange in beskerming" geneem word (Botha 1984: 263). Dit het 'n groot probleem geskep vir die "nie-blanke" bevolking wat toenemend gevra het vir verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die weerstand teen die

apartheidsbeleid van die regering het 'n stryd na die bruin en swart woonbuurte gebring wat hulle persoonlike veiligheid bedreig het.

Die skoolgaan van ons kinders is hier gereeld ontwrig. Mense kon nie sorgeloos gaan werk nie...In hulle woongebiede moes kinders vry en sorgeloos kon speel. Maar daar het swaar bewapende soldate die strate dopgehou. Die oorlog van die grens was skielik naby en die dood het sy slagoffers tussen ons kom eis. Die nood, die leed en lyding het in baie van ons se huise ingekom en baie ander is daardeur geraak.

(Botha 1998b:24).

Dit het ook vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap al hoe meer duidelik geword dat noemenswaardige politieke verandering slegs kon plaasvind as die NG Kerk bereid sou wees om saam te gaan met 'n koersverandering. "Solank die NG Kerk die bastion bied waarin die meerderheid van wit Afrikaners kan skuilgaan in die wete dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling daar teologiese en moreel regverdig word, is die kans skraal dat enige regering genoegsame steun onder die wit kieserkorps sal kan verwerf om fundamentele wysigings aan die ...politieke stelsel...aan te bring" (Durand 1984b:123). Die verdediging van die *status quo* deur RVN het dus beteken dat die groepsbelange van die Afrikaner teenoor die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika beskerm is. Die gevolg is dat sending vir sommige lidmate net aanvaarbaar was indien en in soverre as wat dit die belange van die Afrikaner nie aantast nie, maar bevorder (Smith, O'Brien Geldenhuys & Meiring 1981:136). Hier sien ons reeds hoe die kerk missionêr ingeperk word – die voorloper van 'n uiteindelijke *missionêre gevangenskap*.

Die tweede probleem met RVN was die Skrifbeskouing en hermeneutiek. Die hermeneutiek gaan uit van 'n "beginsel" en "praktyk" benadering en toon "tipiese trekke van 'n natuurlike teologie". In die NG Kerk kon twee groepe onderskei word, naamlik diegene wat vanuit die praktyk van rassessekering gesoek het na beginsels in die Skrif om hierdie praktyk te legitimeer, en diegene wat vanuit Skrifbeginsels geen gronde vir apartheid kon vind nie, en daarom rassessekering as 'n tydelike reëling binne die gebroke werklikheid gesien het. (Botha 1984:264-267)

Dit is insiggewend om Durand (2002:65) se interpretasie van hierdie Skrifbenadering te lees. Hy beskryf dit as 'n fase waardeur sy eie teologiese denkwêreld gegaan het, 'n "fase van teologiese beginsels of ewige waarhede". Baie beskou dit nog as die enigste manier waarop teologie behoorlik gedoen kan word, maar dit is eintlik 'n terugkeer na die "skolastiese metode van die paar eeue wat die Reformasie voorafgegaan het" deur die "na-Reformatoriese Ortodoksie", iets wat kort ná die tyd van die reformasie plaasgevind het. "Dit het gelei tot die gelykstelling van die Gereformeerde geloof met die aanvaarding van 'n aantal basiese leerstukke en die gebruik van 'n

teologiese metode waarvolgens “ewige waarhede” afgelei word van die Bybelse boodskap.” (Durand 2002:65)

Volgens Durand was die pogings om apartheid op Bybelse gronde te regverdig ‘n teologiese proses waar losstaande tekste (soos Gen. 11:1-9 en Hand. 17:26), losgemaak van die tyd waarin dit geskryf is, gebruik is om teologiese beginsels te formuleer, en van hierdie beginsels is weer ander beginsels afgelei (Durand 2002:66). Op hierdie manier is ‘n hele sisteem van waardes en beginsels opgebou. Op dieselfde manier is “Bybeltekste wat oor die eenheid van die kerk en die eenheid van die menslike geslag handel... téén die apartheidsteoloë ingespan...Willem Vorster (saliger) van Unisa het op ‘n keer gesê dat albei kante met dieselfde teologiese paradigma werk, slegs hulle waardesisteme verskil”. Durand verwys dan na die “Kuyperiaanse kosmologie (skeppingsleer) wat die hoeksteen gevorm het van ‘n teologie wat legitimiteit verleen het aan die Afrikaner- burgerlike godsdiens” (Durand 2002:66). Kinghorn (1986b:135-136) som sy kritiek teen *RVN* op met die woorde: “*RVN* word van begin tot end beheers deur die pluriformiteitskonsep soos wat dit in Suid-Afrikaanse omstandighede ontwikkel is om aan die apartheidsgedagte steun te bied. Eers wanneer hierdie paradigma in sy geheel agtergelaat word, sal daar van ‘n ware verandering in die kerklike denke sprake wees.”

Dit is nie die doel van hierdie studie om alle kommentaar op *RVN* te bespreek nie. Met bogenoemde verwysings word bloot daarop gewys dat die beleidsdokument van die NG Kerk baie kritiek uitgelok het, en dat die teologie wat daarin saamgevat is die geloofwaardigheidskrisis waarin die NG Kerk haar toenemend bevind het, verteenwoordig.

*RVN* se aanvaarding in 1974 kan dus met reg gesien word as die kulminasiepunt van ‘n teologie wat enersyds die NG Kerk in ‘n *geloofwaardigheidskrisis* geplaas het, en andersyds uitloop het op ‘n *stryd tussen pro- en anti-apartheidsteoloë, gebaseer op twee verskillende waardesisteme wat binne dieselfde teologiese paradigma ontstaan het*. Een of ander vorm van drastiese optrede was nodig, want as gevolg van die hermeneutiek wat gebruik is, kon die Skrif nie klinkklaar gebruik word om te onderskei wie reg en wie verkeerd is nie.

#### 4.2.1 *Die geloofwaardigheidskrisis loop uit op ‘n missionêre gevangenskap*

In die jaar voor die sinodesitting in Belhar verskyn ‘n boek met die titel *Storm-kompas: Opstelle op soek na ‘n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Die motivering vir die bundel lê volgens die voorwoord in ‘n “byna angswekkende besef van die verantwoordelikheid wat die Ned. Geref. Kerk vanweë sy posisie in die land het om Bybels verantwoorde standpunte in te neem op elke terrein van ‘n situasie wat, glo ons, vir ons land en vir die Christelike geloof hier krisis-omvang aanneem in die onstuimige tagtigerjare.” (Smith, O’Brien Geldenhuys & Meiring 1981)

Hierdie aanhaling beskou die situasie waarin die NG Kerk haar bevind op daardie stadium van “krisis-omvang”, en wanneer die boek onder oë geneem word, verstaan mens die rede daarvoor. Piet Meiring (1981:8-14) skryf oor die Evangelie *In die konteks van Afrika*. In wese wentel sy hele bespreking rondom die missionêre relevansie van die NG Kerk binne die destydse konteks. Sy kommentaar staan binne die raamwerk van die woorde van Biskop Lesslie Newbigin tydens die eerste kongres van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing aan die Universiteit van Pretoria gedurende Julie 1980. In antwoord op die vraag: “Biskop Newbigin, watter bydrae kan die Ned. Geref. Kerk in ons tyd in Afrika lewer?”, sê Newbigin:

Broers, u verwag van my ‘n eerlike antwoord, maar ek twyfel of ek dit moet gee. U vra na die rol wat die Ned. Geref. Kerk in die toekoms in Afrika kan speel, maar ek vrees ek moet sê u het geen rol nie! Miskien moet u die wrede waarheid maar onder die oë sien: die Ned. Geref. Kerk het deur die jare so ‘n negatiewe reputasie opgebou as die apartheidskerk, die kerk wat met sy strukture en beleid ‘n streep deur die eenheid en gemeenskap van die gelowiges trek, wat broers en susters in die Here uitmekaar hou eerder as saamsnoer, dat mense eenvoudig nie meer na u sal luister nie!

(Meiring 1981:11-12)

Dat ‘n internasionaal bekende teoloog so ‘n persepsie oor die rol van die NG Kerk kon hê op daardie stadium van die geskiedenis, illustreer die “krisis-omvang” waarin die NG Kerk haar bevind het. Vir die doel van hierdie navorsing word die uitspraak van Newbigin gesien as ‘n *missionêre gevangenskap* waarin die NG Kerk haar bevind het. As mense nie meer na die boodskap van die Kerk luister nie, en as die NG Kerk nie meer ‘n rol in Afrika het nie, beteken dit dat hierdie kerk se missionêre taak gevange geneem is – deur haar eie ontsporing in die doodloopstraat van ‘n ras-gebaseerde sendingbeleid en volkgesentreerde ekklesiologie.

In dieselfde bundel skryf ds. DP Botha (1981:92-97) oor die kerk se onvoltooide taak in die konteks van die NG Kerk se sendingsituasie. Hy verduidelik dat sending en versoening twee kante van dieselfde muntstuk is, want “sending is die verkondiging en bediening van versoening”. In sy opstel pas hy die historiese verloop van die verhouding tussen die NG Kerk en die NG Sendingkerk toe op die onderskeid tussen die verkondiging van versoening enersyds, en die bediening daarvan andersyds. Die verkondiging van die versoening het wel plaasgevind in die sendingwerk wat in die verlede gedoen is deur die NG Kerk, maar met die besluit om die verskillende rasse afsonderlik te mag bedien (1857), en die uiteindelijke besluit om die NG Sendingkerk *langs* die NG Kerk te laat ontwikkel (1880), beteken dat die bediening van die versoening nog nie na behore plaasgevind het nie. Die hoop by besluite soos in 1857 was dat die bediening van die versoening in twee fases sou verloop: die eerste fase is dat mense van

dieselfde etniese afkoms hul versoening met God sou laat uitloop op 'n versoening met mekaar; die tweede fase is waar mense van verskillende etniese groepe ook in hul verhoudings versoening beleef. Hierdie laaste fase het nooit plaasgevind nie. Daarom stel Botha dit baie sterk:

...volgens hul [die afgevaardigdes by die sinode van 1857] besluit het hulle geglo dat hulle die agenda van die bediening van die versoening in twee fases kon afhandel. Hulle het met die eerste begin en die kerk het dit ná net meer as 'n eeu voltooi. Die aanpak van die tweede fase staan dus nog steeds op die agenda. Dit is hierdie agenda wat vir afhandeling aan die deur van die kerk klop. Dit is wat ons as die veranderde sendingsituasie beskryf...[E]n nou het God die konfrontasie op die skouers van hierdie geslag van sy kinders in die RSA gelê. Volgens my mening en aanvoeling is dit ons laaste geleentheid. Die sendingtaak van die Ned. Geref. Kerk sal slegs afgerond wees wanneer ook die "tweedefase"-versoening tussen ons kerke en lidmate 'n werklikheid word.

(Botha 1981:95-96)

Ds. E Bruwer, wat ook oor dieselfde tema skryf, sluit hierby aan. Hy sê:

Dis totaal onregverdigbaar bv. dat die vrug van die sending van die Ned. Geref. Kerk uit die kerk geweer moet word. 'n Afsonderlike kerk met 'n afsonderlike struktuur vir 'n afsonderlike groep binne een gemeenskaplike vaderland lyk vir diegene wat nadelig daardeur geraak word, na 'n poging om hulle buite te hou in plaas van om hulle tot hulle eie individuele reg te laat kom....[S]o 'n sendingbeleid het 'n teoretiese oefening geword wat die werklike sendingarbeid eerder kompliseer as vereenvoudig. Die struktuur word gedwonge en stagnant, en die sending ly daaronder.

(Bruwer 1981:98-99)

Smit (1984:26) interpreteer die aanbreek van die *status confessionis* as 'n situasie waarbinne "Die wese van die kerk of die geloofwaardigheid van die evangelie ... op die spel [is]."

As ons na die bogenoemde aanhalings vanuit die geleedere van die NG kerk kyk, is dit inderdaad die geval. Die geloofwaardigheid van die evangelie is niks anders as die missionêre impak van die evangelie nie. As die evangelie nie meer "geloof waardig" is nie, beteken dit dat die evangelie nie "geglo" kan word nie. Dit raak die wese van sending, getuienis, evangelisasie en die missionêre taak en roeping van die kerk. *As die evangelie nie meer geglo kan word nie, is die grootste sendingarbeid kreupel, en het die kerk inderdaad in 'n missionêre gevangenskap beland.*

#### 4.2.2 Die status confessionis breek aan

Is dit dan vreemd dat die NGSK in 1982 'n *status confessionis* afkondig? Dit is byna te verwagte. "Die abnormale situasie maak juis dat standpunte en reëlings wat in normale omstandighede *ad iafora* of neutrale sake sou wees, nie meer onskadelik en neutraal is nie." (Smit 1984:22). Die tydsgees van die tagtigs was een van krisis, toenemende druk, ernstige optrede en buitengewone maatreëls. Die kerk wat binne hierdie konteks Skrifgetrou én relevant wou optree, móés eenvoudig besin oor die politieke, ekonomiese, sosiale, morele en etiese uitdagings waarvoor die mense van daardie kerk daagliks te staan gekom het.

Die NGSK was nie alleen in hul afkondiging van 'n *status confessionis* nie. Reeds in 1977 het die Lutherse Wêreldbond in Dar es Salaam vergader en 'n *status confessionis* oor rassisme en apartheid afgekondig (Smit 1984:15) en in Junie 1982 het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) 'n resoluëie aanvaar dat apartheid kettery is (Van Niekerk 1989:170), maar die grootse invloed op die NGSK was ongetwyfeld die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK).

Die WBGK het in Augustus 1982, kort voor die NGSK Sinode, hul Algemene Vergadering in Ottawa (Kanada) gehad. Doktor Allan Boesak was een van die afgevaardigdes van die NGSK na die vergadering van die WBGK, en hier moes hy sy kerk se besluit van 1978, dat apartheid sonde is, aan die Gereformeerde Kerke oordra (Smit 1984:20). 'n Paar ingrypende gebeure het by hierdie vergadering plaasgevind: (a) die WBGK het 'n *status confessionis* afgekondig oor rassisme en apartheid; (b) dr. Boesak is verkies as voorsitter van die vergadering; (c) die lidmaatskap van die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) tot die Wêreldbond is voorwaardelik opgeskort as gevolg van hul standpunte oor apartheid; en (d) met die nagmaalviering aan die einde van die vergadering het die lede van die NGSK en die NGKA geweier om saam met die afgevaardigdes van die NG Kerk en die NHK nagmaal te gebruik (sien Van Niekerk 1989:170; Gaum 1997:37-38). Hierdie drastiese gebeure was teen Oktober 1982 nog vars in die geheue van die sinodegangers, en die momentum van hierdie sterk ondersteuning vanaf die internasionale gereformeerde gemeenskap, in die vorm van die WBGK, moet nie onderskat word nie. Wat was die beslissings wat die NGSK na aanleiding van die *status confessionis* en hierdie momentum gemaak het?

Die eerste beslissing het bestaan uit afwysings van die landsituasie: "Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is." (NG Kerk 1982a:1071). Hierdie beslissing het drie dele:

- Apartheid is sonde;
- Die morele en teologiese regverdiging van apartheid is 'n bespotting van die evangelie; en



- Apartheid se (“sy”) volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God is teologiese kettery.

Hierdie beslissing handel oor die regeringsbeleid van apartheid. Dit staan lynreg teenoor *RVN* se standpunt dat apartheid nog gehandhaaf kan word. Hierin word die twee wêreldes en twee werklikheidsbelewings van die NG Kerk en die NGSK weer duidelik na vore gebring.

Die *tweede* beslissing het bestaan uit die opstel van ‘n belydenis. Direk nadat die aangehaalde besluit hierbo goedgekeur is, het dr. Gustav Bam die sinode toegesprek. Hy was van mening dat die gevolg van ‘n *status confessionis* moet wees dat die kerk die ware evangelie bely – iets wat die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke nie kon doen nie, omdat dit nie ‘n kerk is nie. ‘n Deel van sy betoog lui so:

Deur die afkondiging van 'n status confessiones [sic] sê die Sinode: Ek het nou op 'n plek gekom waar ek apartheidsreëlinge oor my lewe, beide vanweë die staat en die kerk, verstaan en beleef as 'n uitvloeisel van opvattinge en oortuiginge wat direk strydig is met die evangelie van Jesus Christus soos ek dit verstaan. Ek ervaar die geloofsbotsing so skerp dat dit my *dwing tot belydenis en afwysing van die valse leer* wat my bedreig. Ek bevind my in 'n situasie waar ek óf konfrontierend bely teen die magte wat dreig om my geloofsbelydenis in sy wese te neutraliseer en kragteloos te maak, óf swyg en verval tot niks.

(NG Kerk 1982a:1072 – my kursivering)

‘n Kommissie is aangewys om voor die einde van die sinode ‘n belydenis op te stel. Die Kommissie het bestaan uit: Prof. Gustav Bam; dr. Dirkie J Smit; prof. Jaap J F Durand; ds. Isak Mentor; dr. Allan Boesak (Loff 1998:264). ‘n Belydenis is opgestel en aan die sinode voorgelê<sup>2</sup>. Dit is met enkele klein wysigings aanvaar as ‘n konsep-belydenis. Hierdie konsep-belydenis moes na al die gemeentes deurgegee word vir bespreking en kommentaar, en by die volgende Sinode (1986) sou besluit word of dit goedgekeur word as belydenis (Van Niekerk 1989:171).

Ter wille van ‘n goeie begrip van die kontemporêre konteks van Belhar, moet hier vir ‘n oomblik stilgestaan word by die lede van die ad hoc-kommissie wat die Belydenis moes opstel. Die Moderator van die vergadering was ds. Isak (Sakkie) Mentor, maar dr. Allan Boesak (Assessor)

---

<sup>2</sup> In die onderhoud met Emeritus Prof. Jaap Durand (Sien Hoofstuk 5) word vertel dat prof. Dirke Smit die grootste bydrae tot die formulering van die belydenis gemaak het, maar dat die belydenis die sentimente en geloofsoortuiging van die hele vergadering verwoord het, en nie gesien moet word as die opinie van net een persoon of die ad hoc-kommissie nie. Die mening van sommige mense dat die Belydenis “Boesak se belydenis” is, is dus ongegrond.

was ook op die moderatuur en daarom is dit te verstane dat hulle twee deel was van die kommissie. Die kundige lede was Proff. Bam en Durand, en dr. Dirkie Smit. In hierdie tydvak het dr. Boesak in 'n toenemende mate 'n omstrede “kerklik-politieke” figuur in Suid-Afrika geword. Daar is vandag nog mense wat negatief is oor die Belhar Belydenis op grond van dr. Boesak se veronderstelde groot invloed op die skryf van die belydenis. Doktor Sarel Eloff (Kerkbode 1998:B12) koppel byvoorbeeld dr. Boesak aan die Belhar Belydenis en maak dan summier die afleiding dat Belhar “dus duidelik die vrug van die ‘struggle’-politiek [is], en die bevrydingsteologie”. Conradie (2005:36-42) doen dieselfde in sy publikasie *Die Belydenis van Belhar: Waarom gaan dit?*, wanneer hy die aanloop tot die Belhar Belydenis en die rol van dr. Allan Boesak daarin bespreek.

So 'n benadering is nie histories korrek nie, aangesien die grootste deel van die inhoud van die belydenis opgestel is waar dr. Boesak nie teenwoordig was nie, en aangesien die sinode self verklaar het dat dit 'n getroue uiting van hul geloof was. Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat die Belhar Belydenis nie die resultaat van politieke prosesse is nie, hoewel hierdie prosesse in dieselfde tyd plaasgevind het. Die belydenis is die uitvloeïing van 'n *status confessionis*, wat 'n kerklike konteks en agtergrond het, nie 'n politieke een nie. Hoewel die protes in die NGSK in dieselfde tyd as ander protesstemme teen apartheid plaasgevind het, en hoewel die NGSK se beslissings in dieselfde rigting was as politieke anti-apartheid drukgroepe, kan hierdie twee nie aan mekaar gelykgestel word nie. Om die rol van die Belhar Belydenis in die NG Kerk te verstaan, sal nou eers gekyk word na die ontvangs van die Belhar Belydenis in die NG Kerk.

#### 4.2.3 *Die ontvangs van die Belhar Belydenis in die NG Kerk*

Dit bring die bespreking by die vraag oor hoe die Belydenis aan die NG Kerk gekommunikeer is. Die Sinode van die NGSK het besluit dat die konsep-belydenis aan die NG Kerk se komende Sinode, wat enkele weke ná dié van die NGSK sou plaasvind, gestuur moes word. Die besluit hieroor was as volg:

Die Sinode dra dit aan die Moderatuur op om die besluit van die Vergadering oor die Status Confessiones, asook die 1978 besluite oor apartheid en kerkeenheid aan die Algemene Sinode van die N.G. Kerk oor te dra en verlot te vra om dit persoonlik te mag doen in die volle vergadering op 'n tydstip waarop dit nog vir die Algemene Sinode moontlik sal wees om daaraan aandag te skenk,"

(NG Kerk 1982a:1076)

Die moontlikheid, wat in hierdie besluit na vore kom, was dat daar vir die NG Kerk die ruimte gegun word om “daaraan aandag te skenk”. Wat sou dit behels? Een moontlikheid sou wees dat die NG Kerk, net soos die NGSK, vir die volgende vier jaar (tot en met hul volgende sinode) die

Belhar Belydenis kon bestudeer op sinodale-, rings- en gemeentevlak en wysigings aanbring of voorstelle maak vir 'n finale dokument. Hierdie proses het nie in die NG Kerk plaasgevind nie en 'n mens sou seker kon vra: Waarom nie? Waarom het die NG Kerk nie hierdie geleentheid as 'n "oomblik van waarheid", 'n "kairos" aangegryp nie? In plaas daarvan dat die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1982 met die ontvangs van die Belhar Belydenis en die Begeleidende Brief die belydenis na gemeentes deurgestuur het vir kommentaar, is die kwessie na die Breë Moderatuur verwys. Die Moderatuur het eers in Maart 1984 op die Belhar Belydenis reageer (Gaum 1997:34) – 'n jaar en 'n half later! Die abnormale omstandighede van hierdie tydsgleuf het vir seker bygedra tot die manier waarop die NG Kerk die belydenis ontvang het, maar dit is nie die enigste rede nie. Om dieper in te gaan op die reaksie van die NG Kerk op die konsepbelydenis van 1982 is 'n belangrike sleutel vir die verstaan van die kontemporêre konteks van die Belhar Belydenis.

#### 4.2.3.1 *Twee wêrelde*

Die eerste rede vir die reaksie van die NG Kerk op die Belhar Belydenis het te make met die verskillende wêrelde waarbinne die NGSK en die NG Kerk beweeg het. Die mense in die NG Kerk het die situasie in die land baie anders beleef as die mense van die NGSK, en waarskynlik ook baie anders as verskeie ander kerke. Apartheid het die Suid-Afrikaanse samelewing in verskillende gebiede opgedeel met die gevolg dat verskillende bevolkingsgroepe (bv. wit- en swartmense) so geïsoleerd van mekaar geraak het dat hulle in verskillende wêrelde geleef het (Durand 1984b:125). Twee aanhalings van sprekers by die Rustenburgse Konferensie in November 1991 beskryf hierdie verskillende wêrelde van die tagtigs treffend:

If I had to sum up the situation in South Africa, I would say that South Africa consists of at least two worlds and at least two histories. The black world and the white world. The world of the privileged and the underprivileged, the oppressors and the oppressed. All this because of the heretic system of apartheid. Apartheid has kept not only blacks and whites apart, but it has also divided the Church of Christ in South Africa for many years.

(Chikane 1991:49)

This isolation of Christians from one another can be a great obstacle in the way of united witness. The fact is that we live in two different worlds. We have different experiences and hold different views. Very few white Christians know what is really going on in the black townships or rural areas. Apartheid has succeeded in withholding from white people the truth of the real hardship, poverty and frustration in the black world.

(Jonker 1991:89)

Die uiteenlopende belewenisse van die lidmate van verskillende denominasies in Suid-Afrika, het veroorsaak dat kerke ook op uiteenlopende maniere gereageer het op die landsituasie. Aan die een kant was die NGSK onder druk om op 'n wyse op te tree wat sou pas binne sy gereformeerde agtergrond. Die NGSK het op twee vlakke 'n bestaanskrisis beleef. *Eerstens* is lidmate se lewenssituasie en hul fisiese veiligheid bedreig deur die omstandighede. *Verder* is die integriteit van die NGSK en sy boodskap bedreig deur sy historiese verbintenis met die NG Kerk. Omdat die NG Kerk nie hierdie bedreigings beleef het nie, was dit nie vir die Algemene Sinode so duidelik waarom 'n *status confessionis* afgekondig is nie, maar dit het hom onder groot druk geplaas, wat vererger is deur die opstel van 'n konsepbelydenis en 'n klag van kettery teen die kerk.

#### 4.2.3.2 Die aanklag-skok

Die *tweede* rede vir die NG Kerk se reaksie op die Belhar Belydenis kan gesoek word in die aanklag wat saam met die Belhar Belydenis vanaf die NGSK op die NG Kerk se sinodale tafel beland het. Hierdie aanklag was die *derde* beslissing van die NGSK na aanleiding van die *status confessionis*: 'n "afwysing van die valse leer" (NG Kerk 1982a:1072 – sien ook aanhaling hierbo). Die NGSK het die posisie van N.G. Kerk ten opsigte van die *status confessionis* as volg beoordeel:

Die N.G. Kerk glo na die Sinode se oortuiging in die ideologie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk besluit van 1978...mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die N.G. Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologies geformuleerde standpunt en die implementering daarvan in die praktyk. Die N.G. Sendingkerk doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie "terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie." 1 Kor. 9:27.

(NG Kerk 1982a:1073-1074)

Hierdie paragraaf kan nie anders beskryf word as 'n *ekstreme skokmaatreël* nie. Durand (1984b:123-134) bespreek die reaksie van die NG Kerk op die Belhar Belydenis in sy artikel *Belhar – krisispunt vir die NG Kerke*, maar verwys net kortliks na hierdie beskuldiging (Durand 1984b:126). Hy bestempel die NG Kerk se reaksie op die beskuldiging as 'n "onmiskbare poging...om die dringende appèl van die NG Sendingkerk vir alle praktiese doeleindes vrugteloos te maak deur die sinode se 'hartseer en ontsteltenis' uit te spreek oor die 'onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery'" (Durand 1984b:126-127). Hy verdink die NG Kerk van 'n "vertragingstaktiek" en beweer dan verder dat die "NG Kerk nie teologies opgewasse was om die oomblik te hanteer nie" (Durand 1984b:127). Die vraag is of daar al werklik goed besin is oor die ekstreme skok-effek wat hierdie beskuldiging in die denke van die lidmate van die NG Kerk gehad

het. Om 'n gereformeerde kerk te beskuldig van teologiese kettery en afgodery is nie 'n geringe saak nie. Wat het die NGSK sover gebring om die NG Kerk op hierdie wyse aan te kla?

NGSK was oortuig daarvan dat hulle in apartheid eintlik met 'n "pseudo-godsdienstige ideologie" te make het. Hulle het hierdie teologie deur die afkondiging van 'n *status confessionis* verwerp, maar moes daarmee saam hul geloof positief bely met die Belhar Belydenis (Botha 1991:[ ]; sien ook NG Kerk 1982a:1071). Dit beteken dat die Belhar Belydenis apologeties opgestel is teen die "pseudo-religieuse ideologie" waarvan tydens die sinodesitting sprake was.

Die vraag wat dadelik hieruit voortvloei, is: Wat is die inhoud van hierdie "pseudo-religieuse ideologie" waarteen die Belhar Belydenis apologie aanteken? In die verslag wat aan die Algemene Sinode van die NG Kerk gestuur is, word hierdie ideologie kortliks uiteengesit, en ter wille van duidelikheid word die derde en vierde paragrawe in geheel hier weergegee:

Die sinodale besluit gaan nog verder en wys daarop dat die praktyk onteenseglik aangetoon het "dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen is aan die evangeliese eis dat geregtigheid aan almal sal geskied nie." Binne 'n sisteem waarin die "eie" en die "afsonderlike" soveel klem kry, gaan die mens inderdaad in die eerste plek na die "eie" omsien. Die gevolg is dat die magtige en bevoorregte nie gewillig is om sy mag en bevoorregting te deel nie, maar inderdaad in die versoeking kom om nog meer na homself te haal. Ten slotte wys die sinode daarop dat deur die apartheidsisteem "nie alleen die menswaardigheid van die nie-bevoorregte bevolkingsdele nie, maar ook die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas is"... Die kommissie onderskryf die definisie wat soos volg lui: "Rassisme kweek 'n valse gevoel van meerderwaardigheid en is gebaseer op die veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur ras."

Waar dit gereguleer is in kerk- en samelewingstrukture verloën dit die gesamentlike menswees van die gelowiges en dit verloën die versoenende en vermenslikende werk van Christus.

In Suid-Afrika steun die apartheid in Kerk en samelewing in 'n groot mate op 'n teologiese en morele regverdiging van die sisteem. Apartheid is dus 'n pseudo-religieuse ideologie sowel as 'n politieke beleid - wat hom laat geld op die terreine van kerk en staat en sodoende die hele Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed en struktureel bepaal.

(NG Kerk 1982a:1071)

Is hierdie uiteensetting van die aanklag teen die NG Kerk voldoende? As mens in ag neem dat 'n hele kerk aangekla word van kettery en afgodery, kan hierdie oortreding so bondig uiteengesit word? In 1984 verskyn die proefskrif van Johan Botha, 'n lidmaat van die NGSK, en daarin ondersoek hy "die teologiese denkbeelde ten grondslag van die apartheidsdenksisteem soos dit deur die jare ontwikkel het" (Botha 1984:11). Hy maak in sy inleiding die opmerking hieroor: "Ook dít [navorsing oor die "apartheidsdenksisteem"] is nog selde op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse gedoen, ten spyte van die gangbare beskuldiging van teologiese kettery ten opsigte van die teologiese onderskraging van die apartheidsparadigma aan die adres van die NG Kerk." (Botha 1984:11).

Dit laat 'n mens wonder of hierdie aanklag deur die NGSK aan die adres van die NG Kerk op hierdie stadium 'n wyse daad was, veral in die lig daarvan dat die "pseudo-religieuse ideologie" wat die basis van die aanklag vorm, ten tyde van die aanklag nog nie behoorlik nagevors of uiteengesit is nie, en in die lig van die skok-effek wat dit vir die NG Kerk meegebring het.

Enige toegewyde lidmaat van 'n kerk wat aangekla word van kettery, sal tog in die eerste plek wil weet presies waar hy/sy 'n aandeel in hierdie teologiese kettery en afgodery het, en hoe hy/sy van hierdie verkeerdheid kan wegkom. As daar nie duidelik gedefiniëer word wat presies hierdie afgodery is nie, waar laat dit dan die lidmate van so 'n kerk? Hierdie klag is tot op datum nie teruggetrek nie, met die gevolg dat dit in kontras staan met die herenigingsgesprekke tussen die NG Kerk en die VGKSA. Hoe kan die VGKSA aan die een kant 'n aanklag van kettery en afgodery teen 'n kerk handhaaf, en terselfdertyd eenheid met daardie kerk soek? Het ons nie in die aanklag van 1982 en die Belydenis van Belhar twee opponerende belange nie? Watter boodskap stuur dit die wêreld in? Het die tyd nie aangebreek dat die VGKSA kerk-leiding hierdie teenstrydigheid uit die weg ruim nie?

#### *4.2.3.3 Belhar se twee simboliese betekenis vir die twee wêrelde*

Gesien in die lig van die "twee wêrelde" waarin die NG Kerk-lidmate en die NGSK-lidmate geleef het, is dit moontlik dat die 1982 Algemene Sinode van die NG Kerk nie mooi verstaan het waarom die kerk aangekla is van kettery en afgodery nie?

Dat daar wel onsekerheid hieroor bestaan het, kan duidelik gesien word in die versoek vanaf die Breë Moderatuur om met die NGSK te ontmoet, asook in die verslag van die Breë Moderatuur wat in 1984 opgestel is as antwoord aan die NGSK. Voordat die verslag van die Breë Moderatuur opgestel is het hulle aan die NGSK geskryf:

Omdat ons ... nie graag in 'n nuttelose stryery oor betekenis van woorde wil verval nie, is ons wel ook bereid om te luister na wat u eintlik wil sê. Daarom is dit nodig dat ons duidelik toeligting sal kry omtrent u bedoeling en begrip van sekere

uitdrukings waardeur dit vir ons tans voel dat u ons beskuldig van dinge wat ons heel anders as u verstaan.

Ons stel dus voor dat daar eers 'n ontmoeting met verteenwoordigers van u kerk sal plaasvind waarin dit primêr gaan om duidelikheid te verkry omtrent u siening aangaande die terme wat u gebruik soos: "onversoenbaarheid", "samelewingsbestel", "apartheid", "rassisme", "afgodery", "kettery", ens. Wanneer ons dan seker is dat ons nie bymekaar verbypraat nie, sal ons u graag daarna bedien van 'n puntgewyse antwoord soos van toepassing op u skrywe.

(NG Kerk 1986:21)

Ongelukkig wou die Moderatuur van die NGSK nie so 'n gesprek met die Breë Moderatuur van die NG Kerk aangaan nie. Op 30 November is die volgende antwoord van hulle ontvang:

Die Moderatuur van die Ned Geref Sendingkerk het die besluit van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk ontvang en neem kennis dat in verband met sekere terme opheldering van die Ned Geref Sendingkerk gevra word. Die Moderatuur oordeel egter dat die standpunt van die onderhawige sake so duidelik is dat daar geen misverstand kan wees nie. Die Moderatuur sal dit waardeur as u tog maar u antwoord volledig wil verstrek in die lig waarvan die voortsetting van die gesprek oorweeg sal word.

(NG Kerk 1986:21-22)

Dit sal seker altyd 'n onbeantwoorde vraag bly waarom daar nie op hierdie stadium gesprekvoering tussen die NG Kerk en die NGSK se moderature kon plaasvind nie. Het dit dalk met die stormagtige jare 1984-1985 te make? Het die politieke spanning sake bemoeilik vir die betrokke partye? Het dit dalk met persoonlike konflikte tussen sommige persone in die twee Moderature te make gehad? Dit is geen geheim dat daar spanning tussen dr. Allan Boesak en prof. Johan Heyns was op daardie stadium nie (Sien Heyns 1988 B-E6). Wat ookal die rede was, dit het definitief bygedra tot die situasie dat die NG Kerk op daardie stadium nie duidelikheid oor die kettery aanklag kon verkry nie, en dat die NG Kerk nie kon deelneem aan die aanvaardingsproses van die Belhar Belydenis voordat dit in 1986 as belydenis aanvaar is deur die NGSK nie.

Was die beskuldiging teen die NG Kerk billik? Vanuit die wêreld van die NGSK was dit beslis. Die bespreking van *RVN* hierbo, bevestig dit. In 1982 verskyn die werk van Adonis *Die Afgebreekte Skeidsmuur weer opgehou: Die verstrengeling van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die praktyk en ideologie van die Apartheid in historiese perspektief*. In hierdie studie word aangetoon hoe die NG Kerk deur die verloop van jare etlike

pogings aangewend het om sy sendingbeleid, wat in rassistiese praktyke gewortel is, Bybels-teologies te regverdig. In sy latere sistematiese verwoording het dié sendingbeleid “verstrengeld geraak met en is dit beslissend bepaal deur die praktyk en ideologie van Apartheid” (Adonis 1982:Inleiding). Die volgende aanhalings verduidelik waarom die aanklag teen die NG Kerk vir die moderatuur in die NGSK “so duidelik is dat daar geen misverstand kan wees nie”.

...die NGK se sendingbeleid van kerklike apartheid...[is] duidelik afkomstig...van die tradisionele rassistiese visie van die Afrikaners dat daar geen gelykstelling tussen ‘inverieure’ Swartmense en ‘superieure’ Blankes kan en sal wees nie...

Die stigting van aparte ‘inheemse’ Swartkerke is ‘n doelbewuste daad van die blanke NGK om die gelykstelling van die rasse teen te hou.

...*die intieme verbondenheid tussen hierdie kerk en die Afrikanervolk*...sluit ook die noue samewerking van dié Kerk met die politieke, ekonomiese en kulturele organe (Nasionale Party, Broederbond en Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) van dié volk in... Ten eerste moet die NGK hom radikaal bevry uit hierdie heillose verstrengeling van kerk en volk...

...hierdie sendingbeleid van die NGK in feite geen sendingbeleid is nie en dat dit ook niks met sending in die bybelse sin van die woord te doen het nie...[dit] is...’n onderdrukkersinstrument waar swart en blank nie as gelykes beskou en behandel word nie.

Samevattend moet gekonstateer word dat die NGK in hierdie rapport [RVN] duidelik die rassevraagstuk van Suid-Afrika in die Bybel inlees om dit dat vervolgens weer van daaruit uit te lê. Hulle het eers isogese (inlegkunde) gepleeg om dan vervolgens tot die gewenste eksegeese te kom...[dit] moet as *misbruik* van die Skrif aangedui word.

(Adonis 1982:193-204)

Die wêreld van die NG Kerk, daarenteen, het bestaan uit ‘n veilige omgewing waar die belange van die Afrikaner en daarom ook die belange van die kerk, goed versorg is. Die beleidsdokument, RVN, en natuurlik die kommunikasie vanaf die regering, het die indruk gelaat dat dit ook die geval met die ander “volke” in Suid-Afrika is, en die eerste verklaring wat vir die onrus in die land gegee is, was die “kommunistiese aanslag”. Sake soos eenheid, inheemswording en die beginsel van apartheid is in die denke van die meeste NG Kerk lidmate teologies begrond. Die NG Kerk kon tot op hierdie stadium nie “...werklik hoor en aanvoel en begryp wat die lidmate van die swart kerke moes deurmaak onder die apartheidstelsel nie. Hierdie onvermoë het die NG Kerk die slagoffer



van sy eie propaganda gemaak” (Durand 1984b:125). Binne hierdie wêreld kan met Durand saamgestem word dat die “...steriliteit van ‘n soort van teologie van skeppingsordeninge waarmee die NG Kerk hom besig hou te midde van die probleme rondom rasseverhoudinge, het hom magteloos gemaak om teologies sinvol te reageer” (Durand 1984b: 127).

Binne die wêreld van die NG Kerk het die aanklag van kettery en afgodery beslis as ‘n skok gekom én dit het die opstel van die meer positief geformuleerde Belhar Belydenis oorskadu. Die voorblad van *Die Kerkbode* van 6 Oktober 1982, die laaste sittingsdag van die sinode, het die hoofopskrif: “*Gewetenskrisis vir NGK: NG Kerk van afgodery beskuldig oor steun aan apartheid*”. Die hele voorblad word aan die sinodesitting gewy, en die hoofartikel begin as volg: “Die Ned. Geref. Kerk staan vandeeweek midde-in sy ernstigste gewetenskrisis nadat sy oudste dogterkerk hom van teologiese kettery en afgodery beskuldig het weens sy standpunte oor ‘apartheid’” (Froneman 1982:A-D1). Eers in die daaropvolgende uitgawe van *Die Kerkbode* word melding gemaak van die konsep-belydenis. Die konsep-belydenis is verder oorskadu tydens die Algemene Sinode later daardie jaar, toe daar feitlik nie daarop reageer is nie, maar die saak na die Breë Moderatuur verwys is. Was dit nie ‘n groot fout nie? Dit is sekerlik waar dat hierdie punt nie as deel van die agenda vooraf aan afgevaardigdes gestuur is nie, maar hoe is dit moontlik dat ‘n Kerk kerkregtelik korrek kan optree, maar so sonder begrip vir die krisis in die wêreld rondom haar?

Die herdelike brief van die Algemene Sinode van 1982 praat op ‘n tipies sinodale trant oor die beskuldigings van die NGSK. Nadat daar betuig is dat dit die Sinode “diep bedroef en in die siel gegryp” het, stel dit die wens tot selfondersoek en dat die NG Kerk “...van Hom (God) verneem wat Hy deur hierdie stemme vir ons wil sê.” Dan word die byna onverstaanbare verklaring gemaak: “Ons dank God vir die talle seëninge en vir die vooruitgang wat Hy aan alle volke in Suid-Afrika geskenk het” (NG Kerk 1982b:F7). Iemand (soos die Skrywer), wat die gebeure in hierdie tyd en tydens die sinode bloot histories navors (wat nie fisies daar teenwoordig was nie), kan byna nie glo dat so ‘n stelling nog gemaak word in daardie stormagtige tyd nie, terwyl daar niks oor die lewensbedreigende omstandighede van talle mense in die nie-blanke gebiede gesê word nie. Al afleiding wat gemaak kan word, is dat die NG Kerk werklik binne ‘n geslote wêreld geleef en bestaan het – weereens ‘n bewys van die missionêre gevangenskap waarbinne die NG Kerk haar bevind het.

Hoe het hierdie beskuldiging mense in die NG Kerk se persepsie van die Belhar Belydenis beïnvloed? Doktor Coenie Burger praat van die “wonde” in die NG Kerk-familie wanneer hy hierdie saak ter sprake bring:

Ons sukkel om saam te stem oor die belydenisskrif [Belhar Belydenis] omdat emosies van seerkry en vernedering mettertyd daaraan gekoppel is. Ná baie jare se seerkry het die VGK met die belydenis destyds aan ons gesê: “Julle kan

nie so met ons werk nie. Ons is ook kinders van God en julle broers en susters.” Aan die ander kant het die assosiasie van die Belhar-belydenis met die ketteryklag weer na die NG Kerk se kant toe diep gesny en is mense op ‘n ander manier seergemaak en verneder.

(Burger 2005:12)

Burger praat in hierdie artikel van die *simboliese betekenis* van Belhar. Die *simboliese betekenis* van die Belydenis verskil radikaal tussen mense in die VGKSA en mense in die NG Kerk, en die agtergrond hiervoor kan gevind word in die beskuldiging van kettery en afgodery wat saam met die Belhar Belydenis na die NG Kerk gekom het. Die verskille kan as volg beskryf word:

*Vir die VGKSA (NGSK):* Vir baie mense in die VGKSA is Belhar ‘n simbool van die vernedering waardeur hulle moes gaan oor jare heen. Antropologies gesien het dit te make met die seerkry-belewenis in die apartheids tyd. Die Belhar Belydenis is vir hierdie mense ‘n bevestiging van hul menswaardigheid. Daarom sal die erkenning van Belhar deur die NG Kerk vir hulle beteken dat die NG Kerk aan hulle respek betoon as kinders van God.

*Vir die NG Kerk:* Vir baie mense in die NG Kerk is Belhar ‘n simbool van die kettery klag by Ottawa, en daarna by die Algemene Sinode van 1982, en daarom is dit ‘n vernedering vir die NG Kerk. Daar is vir die NG Kerk gesê dat sy onderskrywing van apartheid kettery is. Nou moet die NG Kerk hom nog verder verneder voor hierdie mense wat hom aangekla het, deur Belhar te aanvaar as ‘n belydenis.

Naudé beskryf hierdie tyd as ‘n “warrelwindtyd”. “Ons kon nie die sake waarom dit gaan mooi onderskei nie. Ons was diep seergemaak.” Dan vertel hy van ‘n leraar se emosies nadat hy gehoor het van die kettery klag teen die NG Kerk: “Ek het die Here Jesus lief. Vakansietye preek ek al jare lank in die Sendingkerk naby ons vakansiehuis. Is ek nou ‘n ketter?” (Naudé 1998:79). Dit wys hoe gelowiges in die NG Kerk diep geraak is deur die aanklag. Baie het dit persoonlik opgeneem en dit gesien as ‘n onherstelbare breuk tussen die NG Kerk en die NGSK.

#### 4.2.3.4 Die NGSK se motivering vir die aanklag van kettery en afgodery

Volgens Loff (1998:264-265) was daar by die NGSK-sinode van 1982 ‘n baie sterk gees teenwoordig om bande met die NG Kerk te behou. Hy sien dit in die besluit om die sake van die status confessionis en die 1978 besluite oor apartheid en kerkeenheid persoonlik aan die NG Kerk se Algemene Sinode oor te dra later daardie jaar. Dit word onderstreep deur die hoop op “‘n uitbouing en nie ‘n verbreking” van die verhouding tussen die NG Kerk en die NGSK nie (Loff 264). Die vergadering het ook waardering uitgespreek teenoor mense wat binne die NG Kerk in die verlede hul profetiese getuienis gelewer het teenoor apartheid en ten opsigte van kerkeenheid.

Die gesindheid wat in die Begeleidende Brief weergegee word, is 'n bevestiging van Loff (1998) se waarneming. In die eerste paragraaf bely die NGSK self hul eie skuld en medeverantwoordelikheid aan dit wat uiteindelik gelei het tot 'n "skrifvreemde ideologie". In die tweede paragraaf word gepleit dat die "belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie" en die begeerte word uitgespreek "om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus". Die derde paragraaf begin met die versekering dat die belydenis nie "teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke" uitgespreek word nie, maar teen 'n "valse leer" en 'n "ideologiese verdraaiing". Hoewel die belydenis nie as 'n uitspraak teen 'n kerk of mense bedoel is nie, het die aanklag van kettery en afgodery wat saam met die belydenis aan die NG Kerk aangebied is, hierdie paragraaf verduister en die gees daarvan tot vandag toe vernietig. Die skrywer se waarneming is dat lidmate van die NG Kerk vandag nog die naam "Belhar Belydenis" assosieer met die pyn van 'n aanklag van kettery en afgodery.

In hierdie verband moet verwys word na die *Kairos Document* (1986). 'n Baie insiggewende vergelykende studie tussen die *Kairos Document* (1986), die *Belhar Belydenis* (1986) en *Kerk en Samelewing* (1986) is onderneem deur Van Niekerk (1989), en dit is buite die oogmerk van hierdie studie om so 'n vergelyking te herhaal, maar in terme van die aanspreek van valse teologie, verskil die Belhar Belydenis grootliks van die *Kairos Document*. Die Belydenis is baie meer positief verwoord met die motief van versoening op die voorgrond. Kairos, aan die ander kant, spreek valse teologie meer direk aan, byvoorbeeld:

### **The Church is divided and its Day of Judgment has come**

The moment of truth has compelled us to analyze more carefully the different theologies in our Churches and to speak out more clearly and boldly about the real significance of these theologies. We have been able to isolate three theologies and we have chosen to call them 'State Theology,' 'Church Theology' and 'Prophetic Theology.' In our thoroughgoing criticism of the first and second theologies we do not wish to mince our words. The situation is too critical for that.

(Kairos Document 1986: Ch. 1)

Hierdie tipe direkte kritiek kom nie in die Belhar Belydenis voor nie. Die *Kairos Document* kan in verband gebring word met die kerklike konteks waarbinne die Belhar Belydenis ontstaan het, en binne hierdie raamwerk is die aanklag van kettery en afgodery begryplik.

#### 4.2.4 Samevatting

In die bespreking van die konteks waarbinne die Belhar Belydenis tot stand gekom het, is 'n reeks gebeure beskryf wat kort op mekaar gevolg het en wat (a) die verhouding tussen die NG Kerk en die NGSK (VGKSA) groot skade aangedoen het, (b) die positiewe bydrae van die Belhar Belydenis oorskadu het en (c) die geloofwaardigheid van die NG Kerk-familie in Suid-Afrika skade berokken het en daarmee saam “anti-missionêre” gevolge gehad het.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat daar onderskei moet word tussen die drie beslissings wat die NGSK op sy sinode van 1982 gemaak het, naamlik:

- a. die afkondiging van 'n *status confessionis*;
- b. die aanklag van kettery en afgodery teen die NG Kerk; en
- c. die opstel van 'n belydenis (Belhar Belydenis).

Slegs deur so 'n onderskeid te maak, bestaan die hoop dat die Belhar Belydenis losgemaak kan word van die negatiewe persepsie wat by die NG Kerk daaroor ontstaan het deur die aanklag van kettery en afgodery.

Die NG Kerk het in 'n *missionêre gevangenskap* beland as gevolg van sy *hermeneutiek van beginsels*, soos toegepas in *RVN*, wat neergekom het op 'n ras-bepaalde sendingbeleid. Hierdie missionêre gevangenskap is vererger deur die geïsoleerde wêreld waarbinne die NG Kerk haar bevind het. Die waarde wat die afkondiging van 'n *status confessionis* vir die NG Kerk het, is dat dit 'n nuwe weg geopen het wat die familie van NG Kerke gedwing het tot 'n herbesinning van sy sendingbenadering. Dit het gevra vir 'n radikale ommekeer uit die doodloopstraat van rassisme. Die Belhar Belydenis, as 'n apologie op die teologie wat gelei het tot hierdie *missionêre gevangenskap*, het dus groot waarde vir die NG Kerk op soek na 'n nuwe missionêre koers. Daarom het die Belhar Belydenis bygedra tot 'n missionêre bevryding van die NG Kerk. Ons wil dié missionêre waarde van die Belydenis verder in hierdie studie navors.

Omdat die aanklag van kettery teen die NG Kerk nie rekening gehou het (of kon hou) met die verskillende wêreld van die NG Kerk en die NGSK nie, het dit 'n teenproduktiewe effek op die waarde van die Belhar Belydenis. Dit het veroorsaak dat die Belydenis negatief ontvang is in die NG Kerk, en belemmer die potensiaal van die Belydenis tot 'n voller missionêre bevryding. Dit het bygedra tot 'n skok-effek in die NG Kerk, en in retrospek moet gevra word of die VGKSA nie meer kan doen om hierdie negatiewe persepsie van die Belhar Belydenis af te breek nie.

In die volgende deel van hierdie Hoofstuk, gaan gekyk word na die rol wat die Belhar Belydenis sedert 1982 tot op hede gespeel het in die besinning oor die missie van die NGSK, die VGKSA en

die NG Kerk-familie. Dit kan verdere rigtingwysers bied vir die pad vorentoe met die Belhar Belydenis.

### 4.3 Die missionêre funksionering van Belhar sedert sy ontstaan tot op hede

Die bespreking hierbo het gesentreer rondom die konteks van die Belhar Belydenis in die sewentigs en tagtigs van die vorige eeu. Die Belhar Belydenis is nou al 'n kwart eeu oud. Het dit die afgelope 26 jaar missionêr gefunksioneer? Het dit bygedra daartoe dat die NG Kerk uit haar missionêre gevangenskap kon wegkom? Die invloed wat die belydenis in hierdie tyd op die sending van die kerk gehad het, gaan 'n goeie aanduiding gee van die missionêre waarde wat dit vir die NG Kerk vandag en in die toekoms bied. Daarom sal die rol wat die Belhar Belydenis sedert sy ontstaan tot op hede gespeel het nou nagegaan word, sodat daaruit riglyne vir die huidige situasie en vir die toekoms gevind kan word.

Robinson (1984:51) merk op dat die Belhar Belydenis nie in "*tradisionele sendingterminologie*" opgestel is nie. Die woord "sending" kom nie daarin voor nie, die dokument praat nie van die "onbekeerde menigtes" nie, dit roep nie lidmate op tot 'n betrokkenheid by "evangelisasiewerk" of die "stigting van gemeentes" nie, en dit roep niemand op tot 'n "persoonlike bekering" nie. Hy maak die stelling dat dit belangrik is om na die inhoud van Belhar te kyk en dan daaruit te bepaal wat sy "sendingteologiese betekenis" is. Daarom gaan hierdie bespreking die inhoud van die Belhar Belydenis in verband bring met gebeure in die NG Kerk-familie die afgelope kwart eeu. Daar sal telkens gesoek word na die missionêre bydrae wat die belydenis gelewer het.

#### 4.3.1 'n Werksdefinisie vir sending

In die tagtigerjare het daar reeds verwarring begin ontstaan tussen die konsepte sending, evangelisasie en gemeentebou (Van der Watt 2003:223). "Sending het die betekenis van werk oor kultuurgrense heen gekry, terwyl evangelisasie basies gemik was op die 'eie mense'" (Van der Watt 2003:224). Teen 1978 het die Algemene Sinode "gesamentlike sending met die Jongkerke...as die belangrikste sendingmetode" (Van der Watt 2003:223) beskou, met die gevolg dat skakeling met hierdie kerke en sending vir baie gemeentes sinoniem geword het. Dit is na aanleiding van hierdie praktyk dat Robinson opmerk:

"Die teenstrydigheid wat daarmee opgeroep is as kerklike samewerking met en onderlinge hulpverlening aan 'n 'suster' kerk nog as sendingwerk aangemerkt word, het skynbaar die NGK se aandag ontsnap. Die anomalie neem selfs komiese trekke aan wanneer 'n NGK-gemeente van 'n NGSK-gemeente wat selfs 'n aantal dekades ouer is as 'n 'dogtergemeente' praat."

(Robinson & Botha 1986:4)

Met die afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van die konsepbelydenis in 1982, het groot vrae oor die sendingpraktyk in die NG Kerk ontstaan. Dit het dringend nodig geword vir 'n "herbesinning, apologie en die uitwerk van 'n nuwe rasse- en sendingbenadering" en die temas van die Belhar Belydenis, naamlik eenheid, versoening en geregtigheid moes in die nuwe sendingbenadering verreken word (Van der Watt 2003:221). Baie van die NG Kerk se energie het in die formulering van Kerk en Samelewing (1986 en 1990) ingegaan, maar nog voor die opstel hiervan het 'n groot geleentheid vir die bevryding van die sending uit sy *missionêre gevangenskap* aangebreek.

Op 1-3 April 1986 kom 'n groep mense vanuit die verskillende sinodes van die NG Kerk-familie bymekaar in Bellville by die Universiteit van Wes-Kaap (UWK) om te praat oor sending. Hierdie werkswinkel is georganiseer vir die NG Kerk-familie deur die Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie (SKG) van die NGSK, in samewerking met die Departement Missiologie aan die UWK. Die deelnemers kom van oral oor Suidelike Afrika: plekke in die Wes-Kaap, Transvaal (tans Gauteng), Suidwes-Afrika (tans Namibië), Noord-Kaap, Vrystaat, Zambië, Zimbabwe, Malawi word aangeteken in die teenwoordigheidslys (Robinson & Botha 1986:165-166). Wat die werkswinkel merkwaardig maak is (a) dat dit die eerste werkswinkel van sy soort in die geskiedenis van die NG Kerk-familie is; (b) dat daar 'n gesindheid van openheid vir gesprek tussen die deelnemers teenwoordig was (Robinson & Botha 1986:107); (c) dat die samewerking in die soeke na 'n nuwe visie op sending telkens gemotiveer is vanuit die behoefte aan geloofwaardigheid vir die Christelike/kerklike getuienis in Suider-Afrika.

Hierdie laaste punt sluit baie sterk aan by die Belhar Belydenis wat sê:

Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is...[en] dat hierdie eenheid sigbaar moet word *sodat die wêreld kan glo* dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is ...

(Belhar Belydenis artikel 3 – my kursivering)

Dat hierdie motivering 'n baie belangrike rol gespeel het by die werkswinkel, kan gesien word in die aanbiedings wat deur die loop van die werkswinkel gemaak is. Waar die NG Kerk se sendingbenadering voor hierdie werkswinkel in 'n doodloopstraat geëindig het (sien punt 4.2.1 hierbo), het daar in hierdie byeenkoms 'n duidelike koersverandering gekom en sending is in nuwer, meer omvattende terme gedefiniëer.

Die werksdefinisie wat tydens hierdie werkwinkel opgestel is, kan werklik as 'n mylpaal in die ontwikkeling van die sending in Suid-Afrika beskou word. Dit lui as volg:

A. ONS GLO DAT:

1. Sending volgens die Bybel God se sending is en dat Hy as Vader, Seun en Heilige Gees die Subjek daarvan is.
2. In die sending God die heil (sjaloom) van die wêreld op die oog het en dat Hy dit deur die realisering van sy Ryk wil bereik. Sending gee uitdrukking aan God se bewoënheid oor en heilsplan vir die wêreld in al sy dimensies.
3. Die Vader hiervoor sy Seun in die wêreld gestuur het om deur die Seun sy kerk te versamel en in die wêreld in te stuur in die krag van die Heilige Gees.
4. Die kerk as liggaam van Christus na sy wese missionêr in die wêreld leef. Die kerk in sy geheel en elke gelowige afsonderlik staan onder die opdrag van God om in afhanklikheid van en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees:
  - 4.1 die bediening van voorbidding vir die wêreld te beoefen;
  - 4.2 die evangelie van God se heil, deur woord en daad, aan die hele mensheid te bedien;
  - 4.3 die aarde in God se Naam te bewerk en te bewaak ter wille van dié wat daarop woon.
5. Die heil wat deur Christus verwerf is, allesomvattend is en dus tesame met die vergewing van sondes ook die bevryding van die mens op alle lewensterreine sowel as van die skepping wil bewerk. Sending vind plaas waar die kerk in gehoorsaamheid aan en in navolging van Christus bewoë is oor en dienend betrokke is by die mens en die wêreld in al die vorms van sy nood.
6. Dat die bediening van God se heil aan hierdie wêreld daarin tot uitdrukking kom dat God sy Ryk reeds hier en nou bou. Sy Ryk sal egter by die wederkoms van Christus ten volle verwerklik word.
7. Dat daar 'n onlosmaaklike verband is tussen die geloofwaardigheid van die een kerk as draer van die evangelie en die bediening van die heil in Christus (Joh. 17:11).



## B. DIT BETEKEN DAT

ten opsigte van die NG Kerk-familie in Suider-Afrika, en in hierdie tye veral in Suid-Afrika waar die liggaam van Christus deur haat, geweld en wedersydse vooroordeel uitmekaar gedryf word;

1. die eenheid van die kerk dié toetssteen vir die getuienis aangaande die Koninkryk van God is;
2. die kerk die beginsels van die Koninkryk van God in sy eie lewe moet beliggaam en in die samelewing moet bevorder;
3. hierdie eenheid impliseer dat eenwording binne die NGK-familie sowel op plaaslike as op breër vlak dringend gesoek moet word en dat dit sowel in die gemeenskapsbelevens van gelowiges op gemeentelike vlak as in die breër strukture van die Kerk bewerkstellig moet word om sodoende ook die bestaande isolasie te deurbreek;
4. hierdie eenheid ook daadwerklik met liefde vir die res van die liggaam van Christus gesoek word.

## C. ONS BELY DAT

In die lewe van die NG Kerk-familie in die verlede en tans daar 'n sondige verskeurdheid is wat deur die geskiedenis loop en 'n gebrek aan bereidheid om mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het. Die eenheid van die kerk het op hierdie wyse in gedrang gekom. Hierdie skuld moet bely word in die diepe besef van die verskriklike moontlikheid dat as gevolg van ons optrede die Naam van God deur die heidene belaster word (Rom.2:24). Here wees ons genadig!

## D. ONS VERKLAAR:

1. ons ootmoediglik bereid om in gehoorsaamheid aan Christus te midde van die gebrokenheid op alle vlakke van die kerklike lewe die weg na mekaar te soek, mekaar se laste te dra waar ons klagtes teen mekaar het (Gal. 6) en mekaar te vergewe soos die Here ons ook vergewe het (Kol. 3:13).
2. ons verder bereid om te werk vir die afskaffing van apartheid en die totstandkoming van 'n regverdige bestel vir Suid-Afrika.



## E. ONS GEBED IS

Dat op hierdie manier die wêreld die tekens van die Koninkryk van God sal sien en tot geloof kom en ons doen 'n dringende beroep op die NG Kerk-familie om aan hierdie saak ernstig aandag te gee.

(Robinson & Botha 1986:163-164)

As ons hierdie werksdefinisie vergelyk met die Belhar Belydenis, kom daar treffende ooreenkomste voor. Net soos die *eerste artikel* van Belhar die kerk binne die kader van God as Vader, Seun en Heilige Gees se versameling, beskerming en sorg plaas, word die sending in punt A.1. bestempel as die sending van God die Vader, Seun en Heilige Gees. In punt A.3. word ook hierby aangesluit as die Seun van God genoem word as die Een wat sy kerk versamel. Punt A.5b. is 'n direkte uitvloeisel van *Artikel 4* van Belhar wat sê “dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg” en “dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan”. Punt A.7. is weer die positief van die negatiewe stelling in Belhar *Artikel 3*:

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;

Punt B.1. en C is weer die teenpool van *Artikel 2* in Belhar: “dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is.”

Punt B.2. sluit aan by die deel in *Artikel 2* wat lui: “dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees.”

Punte B.3. en B.4. is die praktiese implikasies van *Artikel 2* dat die eenheid van die kerk “'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word”.

Punte D.1. het te make met *Artikel 2* wat verklaar “dat ons tot die nuwe mensheid saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul”, terwyl D.2. aansluit by *Artikel 4* wat handel oor geregtigheid.

Hoewel daar by al die artikels van Belhar aangesluit word, is dit opvallend hoe baie die tweede *Artikel*, wat handel oor die *eenheid* van die kerk, gekoppel kan word aan hierdie werksdefinisie.

Dit is veral van groot waarde, aangesien die sending in die verlede juis gekenmerk is deur die pluraliteit van volke. Om aan die *missionêre gevangenskap* te ontkom, dui die fokus van Belhar op Bybelse eenheid van die kerk 'n nuwe weg aan. Hiermee word nie impliseer dat Belhar doelbewus bygewerk is in die opstel van die werksdefinisie nie. Die moontlikheid is groter dat die basiese gedagtes van Belhar so sterk in almal se denke gefigureer het, dat dit nie anders kon as om in die formulerings van die werksdefinisie vir sending deur te skemer nie. Wat hierdie werkswinkel so belangrik maak is dat dit die aanbreek van 'n nuwe era aankondig vir die sending en vir die missionêre beskouing in die NG Kerk-familie. Dit kan as 'n deurbraak beskou word – 'n Mens sou kon vra of hierdie deurbraak enigsins moontlik sou kon wees in 'n era vóór die Belhar Belydenis.

#### 4.3.2 Die Wes-Kaapse Getuienisaksie verenig

Die sogenaamde “jongkerke” het, ondanks vertroebelde verhoudings gedurende die begin van die negentigerjare, hul steeds beywer vir eenheid in die NG Kerkfamilie, en “hierdie soeke na eenheid [het] al sterker op die voorgrond getree” (Van der Linde 2002:156). Die werksdefinisie wat hierbo bespreek is, is in Oktober 1986 deur die NGSK se sinode aanvaar as in ooreenstemming met hul beginsels vir sending en evangelisasie (Botha & Naudé 1998:69). Omdat *Kerk en Samelewing* (1986) so 'n hoë prioriteit by die Algemene Sinode van die NG Kerk gehad het daardie jaar, is die sendingdefinisie eers later deur die NG Kerk opgeneem (Botha & Naudé 1998:70). In Desember 1986 het 'n belangrike ontwikkeling plaasgevind op die sendinggebied. Die Sendingkommissie van die NG Kerk in die Wes-Kaap het die Kommissie vir Getuienisaksie van die NGSK genader met die versoek om voortaan saam te werk. Na 'n aantal samesprekings is die ander lede van die NG Kerk-familie in die Wes-Kaap ook betrek. As uitgangspunte is die Belydenis van Belhar (saam met die sinodebesluite van die Wes-Kaap in 1988) en besluite uit *Kerk en Samelewing* aanvaar as die grondslag van die verenigde kommissie se werk. “Die omskakeling en die bestuur van die afsonderlike projekte tot verenigde werksaamhede is dus hierna binne die Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap ...doelbewus in dié lig en die gees van Belhar onderneem” (Botha & Naudé 1998:70).

Die verteenwoordigers van die verskillende kerkverbande het verder ook laat weet dat hulle begeer om voortaan uit net een kerkverband te werk, en daarom is die werk en bestuur reeds van die begin af vir hierdie doel beplan. “Die amptelike vorming van die Kommissie vir Getuienisaksie in 1990 was 'n doelgerigte poging” om die visie van een kerkverband waar te maak. “Vandag is die getuienisprojekte van die vier binnelandse lede van die NGK-familie alreeds binne die Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap verenig. Al die getuienisprojekte word ook réeds as verenigde projekte bestuur” (Botha & Naudé 1998:70).

Hierdie positiewe en doelbewuste vereniging van kommissies in die NG Kerk-familie is die konkrete bewys dat die “gees van Belhar” (Botha & Naudé 70) ‘n groot bydrae gelewer het om die NG Kerk (-familie) uit haar missionêre gevangenskap na ‘n missionêre kerk te begelei. Dit is veral van groot betekenis dat die voormalige sendingkommissie van die NG Kerk, wie se sendingbeleid in die brandpunt van beskuldigings oor “die praktyk en ideologie van apartheid” gestaan het (Adonis 1982:196), nou die eerste inisiatief neem en verenig met die ander lede van die NG Kerk-familie.

Hierdie verenigingsproses is ook uitgebrei na ‘n nasionale vlak. Dit was ‘n ingewikkelde en langsame proses (sien Botha en Naudé 1998:72), maar omdat daar ‘n sterk drang tot eenheid en samewerking by die onderskeie verteenwoordigers was (Botha en Naudé 1998:70), kon maniere gevind word om binne die gebroke werklikheid van drie verskillende kerke (VGKSA, RCA, NG Kerk) een nasionale kommissie vir Getuienisaksie tot stand te bring teen 2002. Die NGKA was op hierdie stadium nie deel van die gesprekke nie, maar het in November 2006 ook deel geword van die Gesamentlike Kommissie vir Diens en Getuienis van al vier kerke (Keta, Hoffman & Ramolahlehi 2007:42). Dit is hierdie drang na *eenheid en samewerking* wat in die Belhar Belydenis verwoord word.

#### 4.3.3 *Belhar en die NG Kerk se groei in versoening*

Die jaar 1990 het nie net die tagtigs tot ‘n einde gebring nie, maar ook nuwe hoop in die onstuimige politieke gebeure die lig laat sien. Die nuwe president, Frederik W de Klerk, lewer ‘n verstommende toespraak met die opening van die parlement. Hy kondig aan dat die verbod op 34 organisasies, insluitend die African National Congress (ANC), opgehef word, dat politieke gevangenes vrygelaat gaan word en dat die media noodregulasies herroep word. Op 11 Februarie stap Nelson Mandela, ná 26 jaar in die tronk, uit die Victor Verster gevangenes uit. “Die verskyning van die effens grys, waardige leier in sy grys pak word deur miljoene oor die hele wêreld aanskou, en met ekstase deur Swartmense en baie blankes deur die hele Suid-Afrika begroet” (Joyce 2000:201). Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika vergader politieke leiers van alle bevolkingsgroepe in 1993 in Kempton Park om ‘n tussentydse grondwet op te stel, die “tuislande” weer by Suid-Afrika in te lyf en ‘n datum vir ‘n algemene verkiesing vas te stel. Die verkiesing word beplan vir April 1994.

Met die aanbreek van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1990 (Gaum 1997:50), was daar nog littekens van die vorige dekade sigbaar. Die aanklag van kettery en afgodery van 1982 het bly staan, die Belhar Belydenis is deur die NGSK aanvaar sonder dat die NG Kerk deelgeneem het aan die opstel daarvan en *Kerk en Samelewing* het gebreke getoon wat reggestel moes word. ‘n Groot slag was dat daar sedert die vorige Algemene Sinode (1986) ‘n noemenswaardige aantal beswaarde lidmate die NG Kerk verlaat het en ‘n nuwe kerk, die

Afrikaanse Protestantse Kerk (1987), gestig het (Van der Linde 2002:189). Die Vereniging beraad (1989), waar die NG Kerk-familie gevra het vir die vorming van 'n verenigde, nie-rassige Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en Sentraal-Afrika, is nie so goed in die NG Kerk ontvang nie (Van der Linde 2002:195; Gaum 1997:46) met die gevolg dat die beraad nie veel vrug afgewerp het nie (Hofmeyr & Van der Linde 2007:16). Daar was nou wel nie vrug teenwoordig by Vereniging nie, maar is daar nie reeds die saad geplant vir 'n verdere ontplooiing van eenheid nie?

In 1990 verklaar die NG Kerk (in lyn met die res van die familie) dat apartheid sonde is. Die sinode moet ook besluit oor die implikasies daarvan dat die Belhar Belydenis aanvaar is as 'n vierde belydenis van die NGSK. Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) word getaak om die Belhar Belydenis te beoordeel en 'n verslag voor te lê. Die verslag word met enkele wysigings aanvaar, en die volgende standpunt word ingeneem:

#### BEVINDINGE OOR DIE BELHARBELYDENIS

1. Die ASK verwys na Art 1 van die Kerkorde wat die Formuliere van Eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) as die belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk omskryf.
2. Die NG Sendingkerk het in 1986 die Belharbelydenis as vierde belydenisskrif aanvaar.
3. Die ASK erken die prinsipiële reg van elke kerk om 'n bykomende belydenisskrif te aanvaar.
4. Die ASK het begrip dat die Belharbelydenis met groot erns deur die sinode van die NG Sendingkerk behandel en aanvaar is en dat die inhoud sake hanteer wat veral vir die NG Sendingkerk van wesenlike belang is.
5. Die ASK oordeel dat die Belharbelydenis op sigself genome nie met die drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie en behoort daarom nie 'n werklike belemmering in die verhouding tussen die kerke te wees nie.
6. Die ASK beskou "Kerk en Samelewing" as die Ned Geref Kerk se antwoord op die gedeeltes wat handel oor verwerping in die Belharbelydenis.
7. Die ASK wys daarop dat na die aanvaarding van die beleidstuk "Kerk en Samelewing" bepaalde uitsprake rondom die Belharbelydenis nie sonder meer op die Ned Geref Kerk van toepassing gemaak kan word nie.

8. Die ASK oordeel dat bepaalde uitsprake anders geformuleer kon gewees het, o.a. par 4 van die Belharbelydenis en dat die uiteensetting van "Kerk en Samelewing" oor die Here as God van "die arme en verontregte", die Bybelse uitsprake in die verband suiwerder stel (vgl par 143-151 van Kerk en Samelewing).

9. Die ASK benadruk dat in toekomstige gesprekke tussen die twee kerke beide die Belharbelydenis en "Kerk en Samelewing" as basis van gesprek gebruik behoort te word.

(NG Kerk 1990:29)

Die Algemene Sinode besluit ook verder dat lidmate, predikante en proponente van die familie van die NG Kerke wat die Belharbelydenis onderteken het, "opnuut moet verklaar dat die drie Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk aanvaar word," voor hulle na 'n gemeente van die NG Kerk oorkom (NG Kerk 1990:59).

Uit hierdie besluite kom verskeie posisies van die NG Kerk na vore. *Eerstens* wil die sinode dit duidelik maak dat die Belhar Belydenis nie deur die sinode aanvaar word as belydenis op dieselfde vlak as die drie Formuliere van Eenheid nie. Dit is 'n belydenis van die NG Sendingkerk (punt 2); dit handel oor sake wat "veral vir die Sendingkerk" van wesenlike belang is (punt 4); en mense wat die Belhar Belydenis aanvaar het en by die NG Kerk aansluit moet duidelik weet dat die nie die standpunt van die NG Kerk is nie ("opnuut verklaar...enigste belydenisgrondslag"). *Tweedens* is *Kerk en Samelewing* die dokument wat vir die NG Kerk rigtinggewend is, soos die Belhar Belydenis vir die NGSK rigtinggewend is (punte 6-8). *Derdens* is daar ook punte van verskil met die Belhar Belydenis, maar dit is nie so groot dat die belydenis as in stryd met die drie Formuliere van Eenheid gesien kan word nie (punt 5a).

In die *vierde* plek word steeds 'n openheid gehandhaaf vir die bou van 'n verhouding en gesprek met die NGSK. Punt 5 stel dit duidelik dat die Belhar Belydenis "nie 'n werklike belemmering in die verhouding tussen die kerke [behoort] te wees nie." Punt 9 lê klem daarop dat daar wel toekomstige gesprekke met die NGSK beoog word. Die rol wat die Belhar Belydenis (saam met *Kerk en Samelewing*) in sulke toekomstige gesprekke sou speel, word reeds by hierdie vergadering erken. Hierdie erkenning het die weg gebaan vir die Belhar Belydenis om tog van waarde te wees vir die NG Kerk, al is dit aanvanklik net in haar verhouding met die NGSK.

Hierdie posisie wat die NG Kerk in 1990 inneem is eintlik merkwaardig, gesien in die lig van die littekens van die vorige dekade. Dit is egter duidelik dat die NG Kerk op hierdie stadium nog nie gereed is vir ernstige eenwordingsgesprekke nie – iets wat te verstane is as mens die kerkskeuring van 1987 (APK) in gedagte hou. Die NG Kerk het haar nou tussen vier brandpunte bevind: aan

die een kant die aanklag van kettery en afgodery vanaf die kant van haar oudste “dogterkerk”; aan die ander kant die ekumeniese kritiek wat nog nie afgeneem het nie; op ‘n derde front die kritiek van oud-lidmate van die Afrikanervolk, vir wie die NG Kerk die wêreld se ongewildheid verduur het, vanuit die APK; en op ‘n vierde front die ingrypende politieke veranderinge wat aan die ontwikkel was, en waarin die Kerk ook ‘n belangrike rol gespeel het. In die persoon van professor Johan Heyns, wat as moderator verkies is op die 1986 Algemene Sinode, het al hierdie konflikte tussen die twee sinodes saamgekom, en sy invloed in *Kerk en Samelewing* moet nie onderskat word nie (sien Williams 2006:285-287 vir ‘n goeie bespreking van Heyns se bydrae). Dit is moeilik om die direkte invloed van die Belhar Belydenis op die besluite van die 1990 sinode te bepaal, maar dat hierdie sinode die NG Kerk op ‘n pad van nuwe missionêre moontlikhede geplaas het, is ongetwyfeld waar – dit sal ook duideliker word met die verloop van hierdie studie. Die basis vir die bevryding van die NG Kerk uit haar missionêre gevangenskap is goed gelê.

Die Algemene Sinode is opgevolg met die Rustenburg kerkeberaad in November 1990. Hierdie beraad is getipeer “The Conference of Confessions,” want professor Willie Jonker se belydenis van sy persoonlike en sy Kerk se aandeel in ‘n sisteem wat rasse-diskriminasie vir die afgelope 43 jaar bevorder het, het ‘n spontane reaksie ontlok waardeur die Heilige Gees die Kerk in Suid-Afrika gelei het om vergifnis te vra vir die onreg van die verlede. Daarmee is die Kerk op ‘n nuwe koers geplaas vir die toekoms (Alberts & Chikane 1991:16). Watter rol die Belhar Belydenis in hierdie ingrypende beraad gespeel het, is moeilik om vandag te bepaal. Wat wel opmerklik is, is dat die koers van versoening ingeneem is – ‘n koers wat die NG Kerk in die teenoorgestelde rigting as *RVN* geneem het. Dit is dieselfde koers wat in die Belhar Belydenis gevind word, en dít is die koersverandering wat nodig was om die NG Kerk uit haar missionêre gevangenskap te bevry. “Vir die NG Kerk is die skuldbelydenis van die Algemene Sinode van 1990 en die oordra daarvan aan die Rustenburgse Kerkeberaad ‘n oomblik van bevryding,” word in *Die Kerkbode* van 16 November 1990 geskryf (Gaum 1997:57). Die pad na egte Bybelse versoening loop deur skulderkenning, belydenis en die gebed om vergifnis. Binne hierdie gebeure word die volgende Skrif ‘n werklikheid:

<sup>5</sup>Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. <sup>6</sup>As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. <sup>7</sup>Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. <sup>8</sup>As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. <sup>9</sup>Maar as ons ons sondes bely — Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Met die afloop van 1990 was 'n datum vir die eerste algemene verkiesing in Suid-Afrika vasgestel vir April 1994. Alle oë was nou gerig op hierdie datum, en ook die kerke moes hul voorberei vir die 1994 oorgang.

#### 4.3.4 Uiteenlopende voorbereidings in die NG Kerk-familie vir die Nuwe Suid-Afrika

Die NGSK en die NGKA berei voor vir die nuwe Suid-Afrika deur te werk aan strukturele eenwording. Die NG Kerk en die RCA het nog veel om te doen aan interne vraagstukke en fokus nog eers daarop.

RCA:

Die Reformed Church in Africa, wat hoofsaaklik uit Indiër-lidmate bestaan, moes met hul sinode in 1990 duidelikheid vind rondom die missionêre aard van dié kerk. Die resultaat van hul worsteling word weergegee in die *Laudium Declaration* (sien BYLAE 3). Nadat hy 'n analise van die *Laudium Verklaring* gemaak het, kom Maniraj Sukdaven (2006) tot die gevolgtrekking:

One could therefore conclude that the RCA is a church that is evangelical with a strong missionary attitude to reach all people with the Gospel of Jesus Christ and also to meet people at their point of need. It could also be suggested that the RCA has both, an "inclusive" and "exclusive" missionary mentality. Inclusive, because it claims to include "every creature", and exclusive, because it is directed mainly at Indians.

(Sukdaven 2006:42)

Die RCA moes hulself dus missionêr posisioneer ten opsigte van die veranderinge in die Suid-Afrikaanse kerklike en politieke arena. Dit is insiggewend dat hierdie kerk besluit om nie die Belhar Belydenis te onderskryf nie, maar hul eie verklaring uit te reik. *Laudium* lê klem op: die Bybelse evangelie (boodskap) en die taak van elke gelowige om die evangelie te verkondig en daarvolgens te leef; die onmisbare getuienis van die Heilige Gees in hierdie evangelisasie; die noodsaaklikheid om God se liefde sigbaar te demonstreer; die bestaande eenheid met "born again bloodwashed" gelowiges en die volgehoue soeke na sigbare eenheid; en die profetiese getuienis van die kerk oor reg (geregtigheid), vrede en heiligheid. Dit is opvallend dat hierdie verklaring die Belhar Belydenis nêrens weerspreek nie, maar eerder lyk na 'n aanvulling vanuit die perspektief van die RCA. Net soos die Belhar Belydenis en *Kerk en Samelewing* belangrike dokumente is vir die missie van die Kerk in Suid-Afrika, sal die *Laudium Declaration* dus ook 'n belangrike plek in die gesprekke tussen die familie van NG Kerke inneem (sien ook Van der Linde 2002:205). Dit is buite die doel van hierdie studie om in meer besonderhede op die RCA in hierdie tyd in te gaan.

Op hierdie punt is dit belangrik om waar te neem dat die RCA 'n eie unieke bydrae te lewer het tot die interkerklike gesprek in die familie van NG Kerke, veral vanuit hul evangeliese benadering en hul gerigtheid op die Indiër-segment van die Suid-Afrikaanse diverse kulturele samestelling. Waar die NG Kerk 'n sterk Westerse wêreldbeeld as agtergrond het, en die NGKA 'n Afrika wêreldbeeld, verstaan die RCA veel meer van die Indies-Oosterse wêreldbeeld. Lê die leemte van die Belhar Belydenis dalk juis op hierdie punt?

NG KERK:

Daar word so min in die literatuur oor die tydperk tussen 1990 en 1994 na werksaamhede van die NG Kerk verwys, dat mens wonder of die NG Kerk in hierdie periode nie eintlik maar net asem opgehou het nie? Vir die Afrikaner was die drastiese veranderinge wat besig was om plaas te vind 'n "toekomsskok". Reuse veranderinge het gekom op politieke, ekonomiese, maatskaplike, sedelike en godsdienstige vlak. Met die eerste algemene verkiesing in April 1994 het "die prominente en bevoorregte posisie van die N G Kerk in die samelewing dramaties verander" (Schreuder 2002:226). Tog word die Algemene Sinode van 1994 bestempel as die "Sinode van Versoening" (Gaum 1997:61). Die nuutverkose president Nelson Mandela, prof. B J Marais en dr. C F Beyers Naudé besoek die sinode en 'n hand van versoening word na hulle uitgesteek.

Die jaar 1994 kan nie beter beskryf word as met die woord "wonderwerk" nie. "Gegewe die bizarre Apartheidspolitiek en die verwoesting wat dit meegebring het, is dit 'n wonderwerk dat die nasie nie buite beheer geslinger en in 'n volskaalse burgeroorlog gedompel is nie" sê Denise Woods (2006:25) in *Suid-Afrika: Oes die stormwind van volksgodsdienste*. Selfs in die sekulêre media word die vreedsame verkiesing waarmee die nuwe Suid-Afrika ingelui word as 'n wonderwerk beskou (Woods 2006:26; Joyce 2000:208). Kan dit wees dat die eenheidsgesindheid wat in die kerk aan die ontwikkel was, die gesindheid waarvan Belhar getuig, reeds op hierdie vroeë stadium oorgespoel het na die hele Suid-Afrikaanse samelewing?

Asof al die skokke van verandering nie genoeg is nie, word prof. Johan Heyns op 5 November 1994 deur 'n onbekende sluipskutter in sy huis se woonkamer, in die teenwoordigheid van sy vrou en drie van sy kleinkinders, koelbloedig doodgeskiet (Williams 2006:379). Williams getuig van Heyns dat hy "homself resloos gegee [het] om versoening te bewerkstellig, nie net tussen kerke en gelowiges nie, maar ook in die breë Suid-Afrikaanse samelewing." (Williams 2006:400) Hierdie versoening is die onderbou van die Belhar Belydenis, wat in die tweede artikel begin met die woorde: "Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is..." Is hierdie sluipmoord op Heyns nie simbolies van die sluipmoord wat baie op die Belhar Belydenis sou wou uitvoer nie – juis omdat egte versoening so bitter moeilik is?



#### 4.3.5 Die vereniging van die NGSK en die NGKA

Op 14 April 1994, 13 dae voor die eerste Algemene verkiesing in Suid-Afrika, het die sinode wat tot die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) sou uitloop, vergader. In plaas daarvan dat die hele NG Kerk-familie daar teenwoordig was, soos bepleit is in Vereeniging in 1989, was net die NGKA en die NGSK verteenwoordig. Waarom was die NG Kerk en die RCA nie daar teenwoordig nie? Daar word nie redes verskaf vir hierdie twee kerke se afwesigheid nie, maar die motief vir die NGKA en veral die NGSK se dringendheid tot strukturele eenwording moet wel verstaan word.

In 1998 verskyn die proefskrif van C J A Loff, 'n geskiedenis van die NGSK, met die titel *Bevryding tot eenwording: Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994*. Die titel sê alreeds baie: eenwording word gesien as 'n bevryding – nie maar net nóg 'n baken op die toekoms pad van die kerk nie. In hierdie sin was eenwording die einddoel vir die NGSK. Eenwording moes die bestaan van die NGSK afsluit, sodat 'n nuwe kerk “gebore” kon word. Die vrae wat Loff (1998:2) in sy proefskrif navors, is “Waarom is die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika in 1881 gestig en waarom is dié Kerk se afsonderlike bestaan in 1994 beëindig?”. Hierdie twee vrae word dan as volg beantwoord:

Die Sendingkerk is in 1881 gestig omdat die vooroordeel van die wit lidmate van die NG Kerk teen hulle gekleurde susters en broers sterker was as hulle belydenis van die *una sancta catholica* en die *communio sanctorum*...

Die Sendingkerk het, langs die weg van kerkvereniging, sy afsonderlike bestaan as kleur-bepaalde kerk beëindig omdat die kerkstigting van 1881 nie geregverdig kon word nie.

(Loff 1998: 277, 278)

Loff se proefskrif gee 'n goeie aanduiding van die denke in die VGKSA oor haar ontstaan en bestaan. Toe die NGSK in 1978 oor strukturele eenwording begin praat het, het dit vir die mense in hierdie kerk oor veel meer as net 'n eenwordingsproses gegaan. Breytenbach het die geskiedskrywing van die NGSK nagevors en vind dat dit telkens met 'n motief geskryf is. 'n Bepaalde motief is as uitgangpunt geneem en die geskiedenis is daarvolgens interpreteer. Aanvanklik het die NG Kerk (as sendende kerk, “moederkerk”) die geskiedenis van die sendingkerk beskryf om sy sendingwerk in herinnering te roep en te “bemark” (Breytenbach 1991:109). “Die sendingkerk moes die ontwikkeling van die sendende kerk bewys. Die geskiedenis van die NGSK as kerk in eie reg, het nie tot sy reg gekom nie. In hierdie sin was die aandrang op herinterpretasie noodsaaklik” (Breytenbach 1991:109). Breytenbach noem hierdie vertolking van die geskiedenis 'n “sendingidealisme” (Breytenbach 1991:115). Die herinterpretasie

is deur die leraars van die NGSK self onderneem - met ander woorde, nie (wit) leraars uit die NG Kerk wat as sendelinge in die NGSK gewerk het nie, maar leraars wat grootgeword het in die NGSK. Hulle hervertolking het nie met die “sukses”-verhaal van die NG Kerk oor hul geskiedenis saamgestem nie. Vir hulle was die NGSK eintlik ‘n verleentheid as gevolg van die (veronderstelde) “verontregting” van kleurlinglidmate deur die NG Kerk in die verlede” (Breytenbach 1991:115). Hierdie herinterpretasie van die geskiedenis van die NGSK dui ‘n oorgangstyd aan. Dit dui op ‘n oorgang, vanaf die geskiedenisverhaal van die NGSK soos vertolk deur sendelinge uit die NG Kerk, na die vertolking van die geskiedenis deur leraars wat “inheems” aan die NGSK is. Breytenbach verduidelik dan as volg:

Omdat die verskillende vertolkings ten opsigte van hulle konteks en situasie relevant wou wees, hou hulle noodwendig verband met bepaalde ideologiese uitgangspunte van besondere gemeenskappe. Elke konteks, elke samelewing het lewens- en wêreldbeskoulike opvattinge en ervarings. Binne ‘n gemeenskap word vrae aan die verlede gestel, en vanuit daardie perspektief word die geskiedenis vertolk. Die vertolking wat gangbaar geword het, is beïnvloed deur die Afrikaner se teokratiese strewe. Aan die ander kant het die hervertolking in die bruin gemeenskap ontstaan, en in die motivering om veronregting in terme van die “swart” gemeenskap reg te stel, ‘n metodologiese uitgangspunt gevind. Die ideologiese voorveronderstelling word met voorbedagte rade ingespan om die onreg wat in die verlede gepleeg is in die reïne te bring.

(Breytenbach 1991:115)

Dit beteken dat die leierskap (en lidmate?) ten diepste ontevrede was met die ontstaan en bestaan van die NG Sendingkerk, want dit is die gevolg van die sonde van wit lidmate (“vooroordeel...sterker as hul belydenis”), by name die NG Kerk. Die mense in die NGSK het dus ‘n sterk drang en behoefte daaraan gehad om die “sondige” posisie waarin hul bevind het in hul eie kerk, te verander, en eenwording met die NGKA sou so ‘n verandering teweeg bring én terselfdertyd konkrete uitdrukking gee aan die Belhar Belydenis. Hoewel in ‘n mindere mate, het die NGSK ‘n vennoot gekry in die NGKA. Dit was in ‘n mindere mate, want die NGKA is baie jonger as die NGSK<sup>3</sup>, en die herinterpretasie van hul eie geskiedenis het nog nie by die NGKA plaasgevind soos by die NGSK nie. By die NGKA was die drang om eenwording nie so sterk soos by die NGSK nie.

---

<sup>3</sup> Die NGKA het in 1951 gekonstitueer in ‘n eie sinode, terwyl die NGSK reeds in 1881 gestig is. NGKA is dus 80 jaar jonger.

Dat eenheid vir beide kerke 'n Bybelse opdrag was, is nie te betwyfel nie, maar by die NGSK was daar 'n verdere motivering. Dit het vir hulle ook gegaan om 'n uiterse ongemak met hul eie bestaan as Sendingkerk. Die aanklag wat in 1982 teen die NG Kerk gerig is, was 'n verwerping van hierdie "sondige" bestaanswyse van die NGSK. Daarom was dit 'n logiese uitvloeisel dat daar by die Vereeniging beraad aangedring is op 'n herstel van die kerkverband vir *al* die lede van die NG Kerk-familie. So 'n "herstel" van kerkverband sou 'n regstelling op die *oneerbare ontstaan en bestaan* van die NGSK en al die ander ras-gebaseerde "stiefkinders" van die NG Kerk wees. Dit is vanuit hierdie raamwerk dat Johan Botha opmerk: "Die geboorte van die Belharbelydenis is, by wyse van spreke, in die onbeduidende, minder doeltreffende en randgebied Nasaret voltrek, nie in die selfversekerde en selfvoldane Jerusalem nie. Word die Belhar-belydenis miskien daarom so moeilik in die NG Kerk gehoor en gesluk en verteer?" (Botha 1995:5).

Die NG Kerk het nie hierdie sterk behoefte aan verandering nie. Vir die lidmate van die NG Kerk is daar niks verkeerd met die ontstaan van die kerk nie. Die teologiese begroning van apartheid is reeds erken, bely en vervang met beter teologie (sien *Kerk en Samelewing*). Waarom is daar dan haas om met die NG familie een te word en die risiko te loop dat dit sal uitloop op 'n verdere verdeeldheid in die NG Kerk? Dit is belangrik vir die NG Kerk dat haar bestaande eenheid nie verbreek word in die proses om met die res van die NG Kerke te verenig nie.

Hierdie sentiment was duidelik nie teenwoordig met die vereniging van die NGSK en die NGKA nie. Loff (1998) sê:

Wat die Sendingkerk betref, was dit bykans 16 jaar nadat die Sinode van 1978 vir strukturele kerkvereniging gekies het, dat dié *grootse doel* [my kursivering] uiteindelik bereik is. Daarmee het die bykans 113-jarige bestaan van die *Sendingkerk se bestaan as 'n afsonderlike, kleurbepaalde kerk* [my kursivering] tot 'n einde gekom. Die begrip "Sendingkerk" was nou formeel iets van die verlede want, later daardie dag...is die naam van die pas gestigte kerk vasgestel as die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika"

(Loff 1998:274)

Die ontstaan van die VGKSA – 'n nuwe kerk met 'n nuwe naam, gegrond op die drie Formuliere van Eenheid én die Belhar Belydenis (dus 'n nuwe belydenisgrondslag) – was van kardinale belang vir die leiers van hierdie eenheidsbeweging. Daarom sê Loff dat "dié grootse doel uiteindelik bereik is". Die doel van die VGKSA is dus om 'n kerk te wees wat nie meer gesien kan word as 'n afsonderlike, kleurbepaalde kerk nie, maar wat sy roeping, taak, doel en missie vanuit die Belhar Belydenis kan verstaan. Daarom sê Smit:

...die verenigende, versoenende, motiverende, identiteit-stigtende rol wat *Belhar* gespeel het binne die VGK was te ingrypend. Die lidmate het *Belhar* al te veel hulle eie gemaak om weer daarvan te kan afsien. Dit het deel van hulle eie lewens geword. Die VGK is *Belhar*. Dit is wat hulle bymekaargebring het en dis die visie wat hulle kerkordening en hulle lewe bepaal, dis fundamentele deel van hulle waarheid én bestaansvorm. Die geboorte en die bestaan van die VGK is 'n gevolg van die *Belhar*-geskiedenis. Enige vorm van 'resepsie' van die VGK impliseer gevolglik resepsie van *Belhar*. In die ekumeniese beweging, waar 'resepsie' so 'n sleutelterm is, dui dit immers nie net op die aanvaarding van dokumente nie, maar, meer fundamenteel, op aanvaarding van mekár, met ons onderskeie en gesamentlike geskiedenis. Dit is om dié rede dat die VGK se 1997-Sinode uitdruklik kon verklaar dat, alhoewel die ander lidkerke van die NGK-familie nie self, op hulle eie, *Belhar* hoef te aanvaar as hulle eie belydenisskrifte nie, wat dit tog nie is of kan wees nie, *Belhar* wel, vir die VGK, 'ononderhandelbaar' sal wees in enige kerkvereniging. Dit beteken eenvoudig dat die VGK *met Belhar, as Belhar*, in enige kerkvereniging inkom. Wie met die VGK wil verenig, sal op een of ander wyse met *Belhar* ook moet reken.

(Smit 2000:172)

Hierdie laaste sin is in effek waarmee hierdie studie besig is: hier word met *Belhar* gereken, want die NG Kerk is besig met 'n herenigingsproses met die VGKSA, en in so 'n proses moet daar ook met die *Belhar* Belydenis op een of ander wyse gereken word. Verwerping van die *Belhar* Belydenis beteken vir die VGKSA 'n verwerping van hulle self. 'n Weiering om die *Belhar* Belydenis te aanvaar beteken vir die VGKSA 'n weiering om hulle self te aanvaar. Strukturele eenheid met die VGKSA beteken ook 'n aanvaarding dat die *Belhar* Belydenis die motivering vir die eenwording gee (Artikel 2 oor eenheid), die onderbou van die versoening verskaf (Artikel 3 oor versoening) en die werkswyse vir alle handeling van die kerk, gebaseer op God se reg (Artikel 4 oor geregtigheid), voorskryf. Die VGKSA weet wat dit beteken om 'n kerk te wees wat nie op die regte motivering, onderbou en werkswyse gebaseer is nie – dit was die NGSK vir 113 jaar.

Die 'ononderhandelbaarheid' van die *Belhar* Belydenis is die VGKSA se manier om te sê: "Nooit weer nie. Nooit weer sal ons op sulke twyfelagtige gronde kerk wees nie."

As daar met hierdie agtergrond gekyk word na die opmerking van Williams, sien mens hoe maklik hierdie sentiment van die NGSK misgekyk kan word in die kerkvereniging tussen die NGSK en die NGKA in 1994:

In *Die Kerkbode* word Heyns aangehaal met die woorde: "Ons kan nie met strukture begin en kerkvereniging deur sinodes aan die kerke opdwing nie; ons moet op gemeentevlak begin werk aan gesindhede en dan strukture tot stand bring wat nodig is vir samewerking. As ons dit andersom benader, gaan ons nie die saak van kerkeenheid regtig dien nie." (10 Augustus 1990d: 1). Agterna was hierdie woorde van Heyns betekenisvol toe die kerkverenigingsproses van die NGSK en NGKA nie verloop het soos beplan nie.

(Williams 2006:282)

Die kerkverenigingsproses van die NGSK en die NGKA het verloop soos beplan. Die eerste en grootste doel van die kerkvereniging was nie om 'n kerk tot stand te bring wat reeds ten volle saamgebind as 'n eenheid sou wees, of wat 'n voltooide eenheidsgevoel onder mekaar sou hê nie. Met die Belhar Belydenis as basis was dit ook nie nodig nie, want Belhar bied die Bybelse basis op grond waarvan verskille en verdeeldheid hanteer sou word – nadat strukturele eenheid bereik is.

Vir die NGSK was daar min sin om te werk aan kerkeenheid binne die bestaande opset van dié kerk, want die *wese van die NGSK se ontstaan en bestaan* was gebaseer op 'n rasseverdeling. Slegs met 'n nuwe ontstaan, gebaseer op die Belhar Belydenis, kon die NGSK (nou as VGKSA) begin werk aan die uitdrukking van hul eenheid.

Hoe kan mense, wat hulle in verskillende kerklike strukture bevind, strukture waardeur daar slegs sporadies, indien enigsins, kontak tussen die mense plaasvind (soos die familie van NG Kerke voor 1994 gestruktureer was), die volgende eenheid met oorgawe uitleef?

...daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen;

daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee;

daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel en saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken;

saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul; mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig...

(Belhar Belydenis Artikel 2)

In kort, die VGKSA self is die basis waarop gewerk kan word tot 'n volle uitleef van Bybelse eenheid, versoening en geregtigheid tussen die gelowiges van daardie kerk. In die gemoed van die VGKSA is dit byna onmoontlik om hierdie eenheid, versoening en geregtigheid te koester buite 'n verenigde kerk. Die denkwysie wat by baie mense in die NG Kerk nog teenwoordig is (soos verwoord in die aanhaling van Heyns hierbo), is dat versoening tussen die mense van die NG Kerk-familie *eers* moet plaasvind, sodat dit kan lei tot 'n eenheidsgevoel, en daar dus die drang na 'n kerkhereniging bestaan wat die basis kan wees van 'n suksesvolle, probleemvrye eenwording.

Is dit nie die persepsie van kerkeenheid wat gevestig is met die totstandkoming van die Algemene Sinode in van die NG Kerk in 1962 nie? In sy boek, *Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*, beskryf D F Malan (1959) die moeisame pad om die Afrikaner as volk te verenig in die periode 1910 tot 1959. Malan se droom vir 'n Afrikaner eenheid is in 1961 (twee jaar ná sy dood) verwesenlik met die Republiekwording. Net die volgende jaar slaag die Afrikaner NG Kerk vir die eerste keer in honderd jaar daarin om te verenig met die totstandkoming van die Algemene Sinode in Kaapstad (Hofmeyr 2002:198-199). Eenheid in die Afrikaner kerk het dus in die geskiedenis van die NG Kerk *gevolg* op eenheid van die Afrikaner volk. Binne hierdie raamwerk is Heyns se uitspraak hierbo verstaanbaar, maar is dit Bybels-teologies korrek?

Die VGKSA benader die saak van die ander kant af. Hierdie benadering sou as volg kon argumenteer: Moenie soek na Bybelse versoening en eenheid terwyl die kerklike strukture hierdie versoening en eenheid weerspreek nie – soos die geval was met die strukture van die NGSK en die NGKA voor die VGKSA. Struktureer die kerk op grond van jou geloof en belydenis (in hierdie geval die Belhar Belydenis) en hanteer dan probleme wat opduik *binne* daardie herstelde struktuur, eerder as om te probeer om eers alle probleme uit te klaar binne die raamwerk van 'n struktuur wat mense uitmekaar hou. Waarom wil die NG Kerk eers versoening en eenheid probeer bewerk tussen afsonderlike kerke (binne die NG Kerk-familie), terwyl die kerke nog afsonderlik is, en dit 'n baie moeiliker en langsaam proses gaan wees om op daardie manier eenheid en versoening te bewerk? Waarom verenig die kerke nie *eers* en werk dan aan eenheid en versoening binne hierdie eenheidstruktuur nie? Die struktuur gaan dan die eenheid en versoening *dien*, nie *frustreer* of *benadeel* nie. Dit is die benadering wat gelei het tot die stigting van die VGKSA.

Vanuit hierdie hoek bekyk, is dit deel van die roeping, taak en missie van die NG Kerk om te verenig. Die blote vereniging van hierdie kerke sal 'n kragtige getuie in Suid-Afrika en die res van die wêreld instuur. Die ander kant van die saak is die realiteit dat 'n strukturele eenwording tussen verskillende kerke nog lank nie beteken dat daar 'n eenheidsband tussen die lede van daardie kerke is nie. In enige kerkvereniging moet rekening gehou word met beswaardes, want as daar nie voldoende vir hulle voorsiening gemaak word om deel te raak van die eenwordingsproses nie, sal die eenwording net uitloop op 'n verdere skeuring. Met die ontstaan van die VGKSA was daar ook beswaardes. Die hantering van hierdie beswaardes is net so 'n belangrike boodskap aan die wêreld (missionêr) as die eenwording van gemeentes, en daarom gaan nou vir 'n oomblik daarby stilgestaan word.

#### 4.3.6 Die hantering van eenwording-beswaardes

Die een faktor waarmee die NGSK en die NGKA skynbaar nie genoegsaam rekening gehou het met hul eenwording nie, is die hantering van die teenstanders van kerkvereniging. Voor die kerkvereniging was daar 'n groep predikante wat as *Ekklesia* bekend gestaan het, en wat die "indruk" gewek het dat hulle 'n drukgroep teen kerkvereniging was. Hieronder was di. JJF Mettler en IJ Mentor wat in *Die Ligdraer* "anti-kerkvereniging"-briewe geskryf het (Loff 1989:273). Omdat hierdie tendens algemeen bekend was in die Sendingkerk, het die Sinode 'n "Ad Hoc Kommissie vir Pastorale Gesprek" benoem om hierdie mense "die geleentheid te gee om hulle probleme, vrese, onsekerhede en onduidelikhede openhartig bekend te maak en te bespreek". Hierdie kommissie het die volgende aanbeveling aan die sinode gemaak: "die sinode hanteer die betrokke lidmate, ampsdraers en gemeentes as behorende tot die verband van die NGSK en na vereniging tot die van die VGKSA op grond van Artikel 94.4" (Loff 1989:273). Volgens Loff, was die indruk dat "daar gemeentes was wat hulle nie as deel van die te stigte Verenigende Gereformeerde kerk sou beskou nie" (Loff 1989:273).

Die NGSK sinode van 1994 (laaste sinode van die NGSK) het 'n "verenigingsklousule" geskep "om seker te maak dat daar geen grond sou wees vir teenstanders van die kerkvereniging om dit geregtelik te kon beveg nie" (Loff 1989:272). Al die sub-klousules van Artikel 94.4 is afsonderlik met 'n twee-derde meerderheid aanvaar en die beskrywingspunt wat hieroor gehandel het is in geheel met 'n twee-derde meerderheid aanvaar (Loff 1989:272-273). Ten spyte van hierdie meerderheidstem vir die wysigings in die Kerkorde was nóg die *Ad Hoc* Kommissie vir Pastorale Gesprek, nóg die verenigingsklousule voldoende om te keer dat gemeentes van die NGSK hulself buite die vereniging beskou. Tog, deur 'n "pastorale lankmoedigheid" het hierdie gemeentes uiteindelik almal by die VGKSA aangesluit (Loff 1989:284). Die stigtingsinode van die VGKSA het in die Oorkonde van Kerkvereniging onderneem om "in pastorale bewoënhed met mekaar om te gaan" en probleme wat op dié pad mag voorkom te hanteer "vanuit die oortuiging dat ons mekaar

as susters en broers in Jesus Christus nie onder sulke omstandighede mag loslaat nie” (Loff 284). Hierdie benadering sluit goed aan by die Belhar Belydenis wat bely:

Ons glo...dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom *gawe én opdrag* is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat *nagejaag en gesoek moet word* en waartoe die volk van God *voortdurend opgebou moet word*... dat hierdie eenheid *slegs in vryheid* gestalte kan vind en nie onder dwang nie [my kursiverings]

(Belhar Belydenis Artikel 2)

Die proses het minder goed verloop by die NGKA sinode. Daar was beswaarskrifte teen die kerkvereniging vanuit 21 gemeentes in die Vrystaat, maar dit is nie op die sitting van die NGKA in 1994 hanteer nie (Keta, Hoffman & Ramolahlehi 2007:40). Die vrees vir 'n kerkverdeling was gegrond en kort ná die stigting van die VGKSA het die afgevaardigdes van die NGKA in die Phororo (Noord-Kaap) te kenne gegee dat hulle nie deel van die nuwe kerk sou word nie (Keta, Hoffman & Ramolahlehi 2007:41). Dieselfde protes het uit die streeksinode van die Vrystaat gekom (Loff 1989:284).

Kort daarna het twee predikante van die NGKA 'n protes geskryf waarin hulle gesê het: (a) dat die vereniging al vier kerke van die NG familie moet insluit; (b) dat die kerk nie die besware hanteer het nie; en (c) dat die kerkorde nie gevolg is nie. Die Sinode van die Vrystaat (OVS) kom in September 1995 byeen en besluit om nie te ontbind nie. In November dieselfde jaar vergader die VGKSA-OVS sinode in Welkom. In antwoord op die besware van lede, sê die sinode dat beswaarde lidmate hulself onkerkregtelik georganiseer het teen die besluit van die sinode “where they were defeated” (Keta, Hoffman & Ramolahlehi 2007:42). Die VGKSA besluit om die saak na die hof te neem en in 1996 besluit Regter van Coller in die guns van die VGKSA: “The NGKA no longer exists.” Die NGKA-OVS besluit om te appelleer en teen die einde van 1998 besluit die hof in die guns van die NGKA.

Dat die saak van beswaarde lidmate in 'n kerkvereniging tot by die hooggeregshof moes gaan draai, is 'n slegte ervaring vir die Kerk. Keta, Hoffman & Ramolahlehi (2007:45), vanuit die NGKA, beskryf hierdie gebeure as 'n tragedie wat verhoed kon word en wat in die toekoms vermy moet word. Johan Botha (2007:25), vanuit die VGKSA sê: “Wat ookal die redes vir ons struikelgang met kerkvereniging mag wees, in die VGKSA het die feit dat ons nie met die eenheid kon vorder soos ons moes en selfs gehoop het nie, ons meermale daartoe gebring om ons in die mindere en meerdere kerkvergaderings hieroor voor die Here te verootmoedig.” . Hy wys daarop dat die VGKSA as ontvangers en draers van die Belhar Belydenis, “wat juis die geleefde eenheid, ware



versoening en ontfermende geregtigheid in die kerk Skrifgetrou beklemtoon, moes klaarblyklik eers self leer hoe om met dié genadegawe om te gaan.”

In hierdie stelling van Botha sien mens die dinamiese invloed wat die Belhar Belydenis op die VGKSA uitgeoefen het sedert die ontstaan van hierdie kerk. Die VGKSA moes al hoe meer hul eie woorde, dae en wese inrig volgens die riglyn van hul belydenis. Die hantering van beswaardes teen die kerkvereniging word ‘n positiewe leer-ervaring vir hierdie kerk in die lig van die Belhar Belydenis. Botha vertel van die afsluitingsdiens tydens die sinode van die VGKSA in 1997:

...professor Jaap Durand [het] in sy preek ons almal vermaan om ons getuienis met die Belydenis van Belhar glad nie as ‘n saak vir eie roem te hanteer nie. Hoewel dit sy ontstaan onder ons gehad het, is die belydenis vir die hele Gereformeerde kerk wêreldwyd van besondere waarde. Ons is daarom aangemoedig om die aanbod van dié belydenis se inhoud van eenheid, versoening en geregtigheid aan ander mense en kerke doelgerig met daardie Christelike liefde te onderneem waartoe Paulus ons in 1 Korintiërs 13 oproep.

(Botha 2007:25)

Die hantering van beswaardes in ‘n kerkvereniging is ‘n baie relevante kwessie vir die herenigingsproses in die NG Kerkfamilie vandag. Dit is belangrik, aangesien daar ook in die huidige proses ‘n groot aantal beswaardes is wat op die regte manier hanteer moet word: voor, gedurende en na afloop van ‘n beoogde kerkvereniging. As dit nie gebeur nie, sal die kerkvereniging bloot op skeuring uitloop. Dit is een van die belangrike lesse wat geleer word uit die vereniging tussen die NGSK en die NGKA.

Vanuit die perspektief van die NGKA kom die volgende opmerking na aanleiding van die breuk wat tussen lidmate van die VGKSA en die NGKA gekom het in die nadraai van die 1994 kerkvereniging:

We believe that from the little we presented here, it will be clear that the division grew over a long time, had many causes, and was interwoven with the broader history and developments in our country. It was not the result of a few individuals with anti-unity sentiments misusing a few technical mistakes. Therefore it was wrong (and hurt a lot) when the rest of the family *ostracised* [my kursivering] the NGKA before the whole world and excluded them for so many years from joint meetings and discussions.

(Keta, Hoffman & Ramolahlehi 2007:42)

Hierdie opmerking is 'n belangrike rigtingwyser vir die hantering van beswaardes in 'n kerkvereniging, én dit is belangrik vir die onderwerp van hierdie studie. Die NGKA het, te midde van 'n kerkvereniging en kort daarna, gevoel dat hulle “uitgesluit” (“ostracised”) word uit die kerklike gemeenskap van hulle broers en susters in die VGKSA en ook deur die res van die NG Kerk-familie. Keta, Hoffman en Ramolahlehi (2007:42) verwys na M J Mabaso se teologiese evaluering van die Belhar Belydenis wat meen dat die belydenis verdeeldheid in plaas van eenheid in die NGKA gebring het, omdat dit in vergelyking met die drie Gereformeerde Belydenisse meer klem op die mens as op Christus lê. Die vraag wat nou na vore kom, is of die Belhar Belydenis verdeeldheid en skeiding bring tussen mense. Watter rol het die Belhar Belydenis in die gesprekke oor eenwording (as deel van hul roeping en missie) in die NG Kerkfamilie gespeel tot op hede? Hoe raak dit die missionêre waarde van die dokument vir die NG Kerk? Hierdie vrae gaan nou van nader bekyk word.

#### 4.3.7 Die Belhar Belydenis word toenemend gesien as 'n struikelblok vir eenwording

In Oktober 1994 spreek die NG Kerk die ernstige begeerte uit om met ander lede van die Familie van NG Kerke saam te werk aan een kerkverband deur die aanwys van 'n gesamentlike kommissie wat die kerkorde vir hierdie beoogde verband moet begin opstel, en aan ander sake rakende kerkvereniging moet aandag gee – bv. belydenisskrifte, naam, liturgie, bedieningsbehoefte en praktiese implikasies (Van der Linde 2002:216). Die Gesamentlike Kommissie is saamgestel met lede van die NG Kerk, die RCA en die VGKSA, maar nie die NGKA nie. Die kommissie het slegs twee keer vergader, maar by die tweede vergadering is ooreengekom oor die Belhar Belydenis: “As vertrekpunt is aanvaar dat die Belydenis van Belhar (1986) deel sal vorm van die belydenis-corpus van die verenigde kerk, maar dat dit nie afdwingbaar is nie.” (Van der Linde 2002:220).

In Maart 1995 word die inligtingstuk “Sodat almal een kan wees...” beskikbaar gestel vir bespreking in die NG Kerk. 'n Wye reeks van reaksies is ontvang, maar van die kant van beswaardes teen kerkvereniging is 'n dokument uitgegee wat standpunt teen kerkvereniging in die NG Kerk inneem (*Kerkvereniging: Eenvormige Verskeurdheid of Veelvormige Eenheid* in Van der Linde 2002: 226). Volgens Van der Linde word die eenheidsproses gerem deur die interne weerstand binne die VGKSA (wat in die hof geëindig het) en verskille oor die Belydenis Belhar.

Wat die verskille oor die Belydenis van Belhar betref, moet begin word by die “veronderstelling” van die VGKSA dat die NG Kerk en die RCA die belydenis sal aanvaar as 'n belydenisskrif binne 'n verenigde kerk (Van der Linde 2002:235). Die NG Kerk kon verklaar dat die belydenis “op sigself genome nie met die drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie”, maar het benadruk dat gesprekke met die VGKSA beide die Belharbelydenis en *Kerk en Samelewing* as basis sou

gebruik. In 1996 rig die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die VGKSA 'n brief aan die ASK van die NG Kerk, waarin onder andere gesê word:

2. Die ASK is die mening toegedaan dat die onderhandelinge oor kerkeenheid tans 'n dooiepunt rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif bereik het. Dit is dus nodig om andermaal te bevestig dat die Belydenis van Belhar ononderhandelbaar is as belydenisskrif vir die verenigde kerk.

5. Die ASK beskou die onvoorwaardelike aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die NG Kerk as ononderhandelbare vereiste vir die voortgang van die gesprek oor kerkeenheid. Daar word dus reikhalssend daarna uitgesien dat die NG Kerk hierdie skrifgefundeerde belydenis sal aanvaar en in gehoorsaamheid aan die Here van die Kerk die pad na kerkeenheid saam met die VGKSA sal bewandel.

(Van der Linde 2002:238)

Alle verdere gesprekke is hiermee gestaak totdat die NG kerk die Belydenis van Belhar aanvaar het. "Die gevolg was dat die pad na kerkvereniging gesluit is tot verdere kennisgewing!" (Van der Linde 2002: 238-239), want die NG Kerk kon eers verder hierop reageer met haar volgende sinodesitting in 1998. Nóg die Algemene Sinode, nóg enige streeksinode kon tot dusver die Belydenis van Belhar aanvaar as belydenis. Die Algemene Sinode in 1998 het as volg besluit oor die Belhar Belydenis:

1. Die Sinode neem kennis van en het begrip vir die geweldige premie wat die VGKSA op die Belydenis van Belhar as belydenisskrif vir dié kerk plaas.

2. Die Algemene Sinode verklaar, op grond van die kommentaar wat ontvang is van lidmate en kerkvergaderinge, dat die Belydenis van Belhar nie op die oomblik as vierde belydenisskrif aanbeveel kan word nie.

3. Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie.

4. Die Sinode aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar.

5. Die Algemene Sinode oordeel dat dit noodsaaklik is dat die Kerk opnuut en in oorleg met die ander gespreksgenote sal kyk na 'n manier waarop die Belydenis van Belhar in die nuwe kerkverband se belydenisgrondslag opgeneem kan word,

maar op so 'n wyse dat niemand se gewete onder enige dwang geplaas word nie...

6. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASK dat, indien die belydeniskwessie 'n onoorkomelike probleem vir die vorming van een sinodale verband blyk te wees, indringend aandag gegee moet word aan alternatiewe strukture van kerkverband.

(Van der Linde 2002:245-246)

Die NG Kerk bevind haar in 'n dilemma wat die Belhar Belydenis betref. Die gesprek oor kerkvereniging het in 'n doodloopstraat beland omdat die VGKSA die aanvaarding van die belydenis as voorwaarde vir 'n verenigde kerk stel, en die NG Kerk nie tot die punt kan kom om die belydenis as konfessie te aanvaar nie. Die Algemene Sinode kan nie die Belhar Belydenis aanvaar sonder die steun van die streeksinodes nie, en laasgenoemde kan ook nie sonder die steun van die Ringe en gemeentes nie. Hierdie punt is nog nie in die NG Kerk bereik nie (en dit is nie seker of dit ooit bereik sal word nie). Van der Linde (2002:250-253) meen dat die eenwordingsproses in 'n "slakkepas" versand het, en in 'n "impasse" beland het.

Op 24-25 Julie 2001 het die Sinode van Kaapland van die VGKSA en die Oos-, Suid- en Wes-Kaapse sinodes van die NG Kerk 'n *Konvent van Kaapland* byeengebring te Wellington. Die struikelblokke in die weg van kerkvereniging is bespreek, 'n reglement vir die Konvent is opgestel, en 'n verklaring van voorneme is uitgereik (Van der Linde 2002: 258). Die belangrike bydrae van hierdie konvent is dat dit weer momentum verleen het aan die gesprek oor kerkvereniging in die NG Kerk-familie, en dat dit meer klem gelê het op die opbou en versterking van onderlinge verhoudings (Van der Linde 2002:262).

Die sinodes in die Noorde (Suid-Transvaal) het in hierdie inisiatief gevolg en die gesprek tussen die NG Kerk en die VGKSA het weer aan die gang gekom met die sogenaamde "treinkonferensie" van 3-6 Maart 2002 (Van der Linde 2002:262). "Die moderature het verder die gemeentes aangemoedig om prakties uitvoering te gee aan die eenheidsproses deur nouer kontak met mekaar te soek", byvoorbeeld deur gesamentlike evangelisasie-uitreike, kanselruilings, gesamentlike jeugkampe en jeugbyeenkomste, gesamentlike gebedsbyeenkomste en etes – met die klem op "verhoudingsbougeleenthede" (Van der Linde 2002:263).

Uit die prosesse wat in die Suide en die Noorde van die land die eenheidsgesprek weer op dreef laat kom het, is dit duidelik dat eenheid meer op die vlak van gemeentes en lidmate gesoek moet word as op die vlak van sinodale vergaderings. Dit is op hierdie "voetsoolvlak" waar mense: "saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul; mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar

vermaan en mekaar vertrou, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig” (Belhar Belydenis Artikel 2).

‘n Groot deurbraak in die gesprek oor kerkeenheid, wat nou al hoe meer bekend gestaan het as die *hereniging* van die familie van NG Kerke, is gemaak tydens ‘n “waterskeidingsberaad” wat in Junie 2006 by Esselenpark naby Kempton Park gehou is (Hofmeyr & Van der Linde 2007:17). Hier is ‘n standpunt geformuleer waarvolgens die VGKSA en die NGK in hul huidige vorm sal ophou bestaan en sal saamsmelt. Dit behels dinge soos ‘n nuwe kerkorde en nuwe belydenisskrifte, waarby die Belhar Belydenis ook ingesluit word, maar nie die enigste dokument is nie. ‘n Belangrike wending in die gesprek het gekom toe daar duidelik gestel is dat die Belydenis van Belhar nie ‘n voorwaarde vir kerkvereniging is nie (Van der Linde 2002:17). Professor Thias Kgatla het in sy boodskap (namens die VGKSA) aan die Algemene Sinode in 2007 die volgende gesê:

We, from URCSA, do not stop praising God for the miracle of Esselenpark where for the first time in our history we covenanted together for Church reunification within the DRC Family. Ever since Esselenpark we have witnessed a growing trust and respect between the two Churches. God, in a special way, has demonstrated to us all *how important it is to witness together in this country*. South Africa is crying for genuine Christian witness. We as members of the DRC family have a huge task to perform to the people of this country. *The country is looking at us*. [my kursiverings]

(NG Kerk 2007a:181)

In hierdie beraad het dit weereens duidelik na vore gekom dat een van die grootste motiverings om tog voort te gaan met die hereniging van die NG Kerkfamilie, die *missionêre imperatief* is: “how important it is to witness together in this country” en “The country is looking at us”. In hierdie toespraak wys prof. Kgatla ook weer daarop dat die Belhar Belydenis ‘n onmisbare rol speel in hierdie hereniging, saam met die model vir kerkvereniging en versoening tussen die vier kerke.

Wat die persepsie oor die Belhar Belydenis in die NG Kerk betref, gee prof. Kgatla ‘n baie belangrike verduideliking:

URCSA is particularly concerned with perceptions some members of our Churches have that the URCSA uses the Belhar Confession as a stick to hit them. The Belhar Confession was never intended to be used as such. The Belhar Confession should be read and understood within the context from which it emerged. When the Belhar Confession emerged and we received that as a gift

from God, we were confronted with a very difficult situation. Our children were asking us questions “why do you belong to a Church of an oppressor?” “How did it come that you chose to belong to the Church of an oppressor?” Our colleagues, theologians and ministers from other Churches were also confronting us with the same questions. Some were even saying to us: “When the white man came to this land, he had the Bible in his hand. You had the land. And he said ‘let us pray’. And when he said ‘Amen’ you had the Bible, he had the land”. We had these types of insulting insinuations. And God gave us this Confession. And we could refute that and we could say “We stand where God stands. We could say Jesus is Lord.” And I think those people who are uncomfortable or opposed to Belhar – perhaps they do not know these facts. Yesterday during your discussion here in one of the reports I think Prof van Rensburg suggested a phenomenological approach to things. And I said to myself: Is it not a time that people could approach Belhar in this way? Break down the prejudices and go to the essence...

(NG Kerk 2007a:181)

Die laaste sinnetjie is ‘n sterk aanduiding van die nuwe benadering tot die Belhar Belydenis in die herenigingsgesprek: “Break down the prejudices and go to the essence...”. Wat is hierdie “essence”, die kern van die saak waarvan gepraat word? Die studie wat hier gedoen word sien die kern van die Belhar Belydenis as die missionêre roeping wat die NG Kerk in Suid-Afrika het. Te midde van die Suid-Afrikaanse omstandighede moet die Kerk die lig wees wat op God se Woord skyn, en Belhar die vergrootglas wat daardie Woord duideliker maak vir mense buite die geloof.

By die twee gesamentlike byeenkomste te Achterberg (Krugersdorp) wat in November 2006 en van April 2007 plaasgevind het, het hierdie nuwe gees voortgesit. By Achterberg II is die volgende aanvaar as die eerste punte van konsensus tussen die vier kerke ten opsigte van die konfessionele basis:

1. Belhar moet nie ‘n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie.
2. Gesprek tussen die vier kerke word voortgesit met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die

Bybelse inhoud van Belhar en om ‘n gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van Belhar in ‘n nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word.

3. In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om Belhar te aanvaar of daarvan afstand te doen.

4. Die waarde wat Belhar as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

Die volgende punte gee konsensus tussen die VGKSA en die NG Kerk weer. Die RCA en die NGKA is gewillig om dit te oorweeg nadat deelgeneem is aan die proses in punt 2 hierbo ooreengekom:

5. In 'n nuwe kerkverband word Belhar as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskrif (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.

6. Die groei na 'n volle aanvaarding van Belhar is 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband.

(NG Kerk 2007b:28)

Wat Achterberg II anders maak, is dat dit lyk asof die Belhar Belydenis nie meer as voorvereiste vir hereniging gestel word deur die VGKSA nie. Het die VGKSA dan oor die "ononderhandelbare aanvaarding van die Belhar Belydenis" van opinie verander? Hieroor hoor mens uiteenlopende kommentaar. In Die Kerkbode van 14 September 2006 word berig:

Volgens die jongste verklaring deur die vier moderators beskou die VGK die aanvaarding van die Belydenis van Belhar steeds nie as 'n voorwaarde vir kerkeenheid nie. Nie aan die begin nie en ook nie aan die einde nie. Hulle sê omdat die Belydenis van Belhar 'n belangrike rol in die VGK speel, is dit egter verstaanbaar dat die aanvaarding daarvan deur al lede van die NG Kerkfamilie met vreugde deur die VGK begroet sal word.

(Eenheidsgesprek gaan gebuk onder spanning: Kerkbode 2006)

In die Kerkbode van 25 Januarie 2008 word die nuutste moderator van die VGKSA, prof. Thias Kgatla aangehaal: "Ons staan vir strukturele eenheid volgens die Presbiteriale model en met die Belydenis van Belhar as deel van die belydenisgrondslag van die herenigde kerk..." Verder berig die artikel: "Uitsprake van die VGK-kant dat die Belydenis van Belhar nie tydloos opsioneel in 'n nuwe kerkverband kan wees nie, laat volgens prof Strauss vrae wat uitgeklaar moet word. 'Hulle het dan by Esselenpark – so verstaan baie NG mense dit – gesê dat dit nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid is nie.'" (Taai jaar wat op gesprekke oor eenheid 2008:A-E1) Hierdie berig stel die

twee moderature (en moderators) teenoor mekaar en klink asof daar nou 'n verskil is oor wat by Esselenpark (en Achterberg) ooreengekom is.

Die kwessie oor die vereiste aanvaarding van die Belhar Belydenis word dus nou in onsekerheid gedompel. Die gevolg daarvan is dat die verhoudinge, wat net weer op dreef begin kom het, nogeens 'n knou toegedien is.

Die NG Kerk se onlangse aansoek om lid te word van die *All Africa Conference of Churches* (AACC) het vereis dat die VGKSA 'n aanbeveling aan die AACC vir die NG Kerk moes gee. Die VGKSA antwoord op 4 Augustus 2008 aan die NG Kerk dat hulle nie in alle eerlikheid en met 'n skoon gewete die NG Kerk kan aanbeveel vir lidmaatskap by die AACC nie. Hulle verduidelik:

It is however with regret that we have to reply that in the light of on (sic!) our experience of the unification talks we cannot in all honesty and with a clear conscience recommend you for membership of the AACC. Up to now the basis on which even WARC readmittance was gained, which stipulated that unification and the inclusion of Belhar Confession becomes the acid test for the departure of the DRC from apartheid made at Debrecen and reiterated in Accra has not been fulfilled. Contrary to the spirit of the Esselenpark declaration, the last communication by the DRC leadership has dashed our hopes that this issue will be resolved soon. So, we are really sorry that URCSA is not in a position to recommend your application at this time.

(Brief vanaf die VGKSA aan die NG Kerk 4 Augustus 2008)

In hierdie brief word eenheid met die VGKSA en die insluiting van die Belhar Belydenis in die belydenisgrondslag van die Kerk gesien as die toets wat bewys dat die NG Kerk afgesien het van apartheid. Verder word daar ook verwys na die Esselenpark verklaring, en dat die laaste kommunikasie van die NG Kerk leierskap aan die VGKSA die boodskap gegee het dat dit nie binnekort sal gebeur nie. In die Kerkbode van 22 Februarie 2008 word berig oor die konsultasieproses oor kerkhereniging in die Noordelike Sinode waar gemeentes aan die einde van 2007 inspraak kon lewer, en waarvoor vroeër in 2008 terugvoer gegee is aan die VGKSA:

Die sinode se lidmate voel soos elders in die land sterk oor die Belydenis van Belhar. Die posisie van dié belydenis het geweldige sterk reaksie uitgelok. In letterlik elke respons was daar 'n opmerking oor die Belydenis van Belhar – meestal negatief...Daar is baie wantroue oor die groot druk ten opsigte van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Die Ring van Louis Trichardt het amptelik besluit om nie deel te neem aan die konsultasieproses nie...Van die



lidmate is selfs van mening dat die huidige proses van kerkhereniging 'n besliste potensiaal vir kerkskeuring inhou..."

(Van verleentheid tot geleentheid: Kerkbode 2008:A-E3)

Al hierdie gebeure rondom die hereniging en die Belhar Belydenis mens tot die gevolgtrekking dat: (a) die herenigingsgesprek voortdurend stuit op uiteenlopende sentimente en belange by die betrokke kerke; (b) daar selfs intern in die kerke nie eenstemmigheid is oor sentimente en belange nie; (c) daar baie meer oor die Belhar Belydenis gepraat word, as wat daar in 'n Bybelse gesindheid van eenheid, versoening en geregtigheid, soos onder andere binne Belhar verwoord word, met mekaar gewerk word; (d) dat dit voorkom asof die Belhar Belydenis 'n struikelblok in die eenwordingsproses geword het; en dat (e) die dringendheid om tot 'n vergelyk te kom ter wille van die missionêre waarde van eenheid, versoening en geregtigheid binne 'n verenigende kerk in Suid-Afrika, nog nie die klem ontvang wat dit behoort nie. In die volgende Hoofstuk gaan hierdie sake aandag ontvang.

#### 4.4 Die werklike struikelblok in die eenwordingsproses: inwendige teenstrydigheid

Daar is al in die verlede dikwels die oortuiging of persepsie uitgespreek dat die Belhar Belydenis in die weg van eenheid staan (sien bv. Van der Linde 2002:176). So 'n stelling bevat 'n *inwendige teenstrydigheid* (in Engels: *internal contradiction*). Hoe kan 'n dokument wat soveel klem op eenheid en versoening lê, in die weg van eenheid en versoening staan? Alvin W. Gouldner<sup>4</sup> (1920-1980) het oor industriële sosiologie geskryf, maar hy maak 'n paar belangrike opmerkings oor *inwendige teenstrydighede*. "An *internal contradiction* is one in which a system, at any concrete level, is blocked/inhibited from conforming with one system *rule* because (or to the extent that) it is performing in conformity with another system *rule*. It is, in short, a 'double bind'." (Gouldner 1980:170). In die geval van eenwording in die familie van NG Kerke, kan die herenigingsproses beskou word as die sisteem (system) wat besig is om plaas te vind. Die een sisteem reël is *eenheid* (en versoening), soos dit verwoord word in die Belhar Belydenis. Die ander sisteem-reël is die *aanvaarding van die Belhar Belydenis as 'n belydenis*. Die NG Kerk weet dat 'n aanvaarding van die Belydenis van Belhar op hierdie stadium heel waarskynlik tot kerkskeuring gaan lei binne die NG Kerk self, maar eenwording met die VGKSA is slegs moontlik deur die aanvaarding van Belhar op een of ander manier. Selfs al word die aanvaarding van Belhar nie meer as 'n voorwaarde vir eenwording gestel nie, sal Belhar tog op een of ander manier

---

<sup>4</sup> Alvin W. Gouldner (1920-1980) was 'n Amerikaanse sosioloog wat in die post Tweede Wêreldoorlog era baie navorsing in industriële sosiologie gedoen het. Hy is ook aan Marxisme gekoppel, en het die term *internal contradiction* gebruik om konflikte binne Marxisme te beskryf.

in die belydenisgrondslag van 'n verenigde kerk moet funksioneer – en dit beteken 'n vorm van *aanvaarding* deur almal wat aan daardie kerk behoort. Wanneer daar dus aan die een sisteem reël voldoen sou word, naamlik *aanvaarding van Belhar*, ter wille daarvan om by die ander sisteem reël uit te kom, naamlik *eenheid* (met die VGKSA), loop die NG Kerk gevaar om laasgenoemde sisteemreël te breek, naamlik *eenheid* (met NG Kerklidmate wat weier om Belhar te aanvaar as belydenis). Die twee sisteem reëls *eenheid* en *aanvaarding van Belhar as belydenis* blokkeer mekaar dus uit (*double bind*).

Hoe kan mens uit so 'n dilemma kom? Volgens Gouldner (1980:170) kan mens nie van die *inwendige teenstrydigheid* wegkom deur die *status quo* te handhaaf nie, want daar bestaan 'n konflik tussen twee sake wat beide reg is: in hierdie geval is dit *eenheid van gelowiges* en *aanvaarding/nie-aanvaarding van 'n belydenis oor eenheid van gelowiges (Belhar)*. Die kerk stem reeds lankal saam dat gelowiges in 'n eenheid saamgesnoer word deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees lei die kerk ook daartoe om nie die simboliese betekenis van die Belhar Belydenis te ignoreer nie. Dit beteken dat die kerk(e) wat by die herenigingsproses betrokke is, sensitief moet wees vir die belangrikheid van die Belhar Belydenis vir die VGKSA en terselfdertyd die weersin wat baie lidmate van die ander kerke vir die belydenis toon. Dit sou niks help om hierdie realiteit te ignoreer nie, want diegene wat Belhar aanvaar glo vas in hul siening en diegene wat Belhar nie wil aanvaar nie, dien dit ook uit geloofsoortuiging. Wat kan dan aan die dilemma gedoen word?

Gouldner (1980) gee twee moontlike maniere om op die dilemma te reageer: (a) die twee opponerende groepe kan in konflik met mekaar gaan en deur die gebruik van senioriteit, mag, aanhang en selfs Bybelse argumente kan die een groep probeer om die ander te oorreed van hul standpunt; (b) die twee opponerende groepe kan soek na 'n hoër reël wat die teenstrydige (laer) reël voorafgaan of wat beide alternatiewe van daardie reël omsluit, "for example, the higher 'good' or 'survival' of the group, or 'order', or 'justice'" (Gouldner 1980:170).

Die eerste metode van 'konflik' is nie 'n metode wat in die kerk gevolg behoort te word nie, maar tog gebeur dit soms. Was dit nie die manier waarop dr. Beyers Naudé hanteer is ná Cottesloe nie? Was dit nie ook hoe die kritiek op die Bybelse begroning van apartheid deur Ben Marais en B B Keet hanteer is nie? Was dit nie hoe die NGSK en die NG Kerk teenoor mekaar te staan gekom het in die situasie van die *status confessionis* nie? Was dit nie juis die manier waarop die probleme rondom die ontstaan van die VGKSA en die oorblywende lede van die NGKA hanteer is nie?

Hierdie studie wil eerder die tweede opsie gebruik as 'n metode om uit die dilemma van die Belhar Belydenis in die herenigingsproses te kom. Dit behels dat daar gesoek moet word na 'n hoër orde as die Belhar Belydenis, 'n orde wat beide die voorstanders én die teenstanders van die Belhar Belydenis die motivering kan gee om voort te gaan met sigbare eenheid. Watter moontlikhede is

daar vir so 'n hoër orde? Binne die raamwerk van die NG Kerk kan daar aangeneem word dat beide die voorstanders en die teenstanders van die Belhar Belydenis groot waarde heg aan hul gereformeerde agtergrond. Uit hierdie agtergrond kan reëls van 'n hoër orde as die Belydenis van Belhar geput word.

*Eerstens* is die gehoorsaamheid aan Christus, wat net een Liggaam op aarde het, belangriker as die aanvaarding van 'n belydenis wat van hierdie gehoorsaamheid getuig. Ter wille van hierdie gehoorsaamheid staan die NG Kerk-familie onder die opdrag van Christus om die breuk wat in die geskiedenis tussen die kerke van die NG familie plaasgevind het, te heel. Dit maak dus nie saak of 'n persoon pro-Belhar of anti-Belhar is nie, hul gehoorsaamheid aan Christus vra nog steeds dat hulle op alle vlakke sal soek na mekaar as lede van die Liggaam van Christus, mekaar sal liefhê en leer liefkry as lede van Sy Liggaam en sal werk aan 'n ware omgee tussen gelowiges wat in die verlede niks van mekaar geweet het nie en tog langs mekaar woon. Hierdie gehoorsaamheid vra dat lede van die NG Kerk-familie daarom na mekaar sal luister. As eerste stap wil hierdie studie bydra tot daardie "na mekaar luister" deur onderhoude wat in Bylae 4 weergegee word.

*Tweedens* is die missie of taak van die NG Kerk-familie in Afrika, Suidelike Afrika en Suid-Afrika belangriker as die aanvaarding aldan nie van die Belhar Belydenis. Of die belydenis aanvaar word of nie, dit het groot waarde vir die verstaan van die missie van die NG Kerk in Suid-Afrika en wyer. Daarom word daar in hierdie studie voortdurend gevra na die *missionêre waarde* van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk vandag. 'n Persoon wat die Belhar Belydenis *nie aanvaar as belydenis nie*, kan ook hieruit waarde put, want die dokument word nie voorgehou as 'n belydenis wat daardie persoon *moet* aanvaar nie. Selfs mense wat nooit die belydenis as (hul eie) konfessie sal erken nie, mag heel moontlik steeds raaksien dat die worstelingsproses waardeur die belydenis opgestel is aan die inhoud daarvan 'n waarde gee wat nie weggegooi of geïgnoreer behoort te word nie. Die inhoud van die dokument word dus bestudeer om die *missionêre waarde* daarvan te kan benut, en nie om te bewys dat dit as belydenis aanvaar behoort te word nie. Aan die ander kant kan 'n persoon dalk al vir jare die Belhar Belydenis as belydenis aanvaar en erken, maar nog nie die missionêre waarde van die dokument ontdek het nie. Hierdie studie wil ook vir daardie persoon van waarde wees om die missionêre waarde van sy/haar eie belydenis raak te sien en toe te pas.

*Derdens* is alle Gereformeerde belydenisse ondergeskik aan die Skrif. Wie ookal Belhar aanvaar as belydenis, en wie ookal sukkel om Belhar te aanvaar as belydenis, beide hierdie groepe aanvaar die Skrif as hoogste norm vir hul lewens. In die volgende Hoofstuk gaan gekyk word na die gereformeerde siening van belydenisse met die doel om binne die raamwerk van 'n gesamentlike gereformeerde Skrifgehoorsaamheid die konflik tussen pro-Belhar en anti-Belhar te verminder. Uit hierdie gereformeerde waardering van belydenisse sal dit duidelik word waarom die

missionêre waarde van die Belhar Belydenis nie afhang van die erkenning daarvan as konfessie nie.

#### 4.5 Samevatting

In Hoofstuk 4 is die missionêre konteks van die Belhar Belydenis nagevors en uiteengesit. In die stormagtige jare wat die ontstaan van die belydenis voorafgegaan het, kan die dokument *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* (NG Kerk 1974) verteenwoordigend gesien word van die geloofwaardigheidskrisis waarin die NG Kerk en NG Kerk-familie toenemend beland het. Hierdie geloofwaardigheidskrisis het beteken dat die NG Kerk haar in 'n missionêre gevangenskap bevind het. Binne die raamwerk van apartheid, het die NG Kerk en die ander lede van die NG Kerk-familie hul dikwels in twee uiteenlopende wêrelde bevind. Die afkondiging van 'n Status Confessionis was tiperend van die tydsgees, en die min begrip wat in die NG Kerk daarvoor getoon is, was 'n bewys van die geïsoleerde wêreld waarbinne sy haar bevind het. Daarom was die aanklag van kettery en afgodery 'n groot skok vanaf die kant van die NGSK, en dit het grootliks die ontstaan van die Belhar Belydenis oorskadu.

Dit kan ook deels gesien word as die rede waarom daar sulke uiteenlopende simboliese betekenis aan die Belhar Belydenis geheg word in die NG Kerk en die VGKSA (NGSK). Die NGSK se motivering vir die aanklag was teologiese van aard, en begryplik, al het die NG Kerk baie negatief daarop reageer.

Selfs al is daar sedert die ontstaan van die Belhar Belydenis weerstand teen die belydenis vanuit die NG Kerk, het dit nogtans 'n belangrike vormende funksie vervul in die jare daarna. Missionêre beskou, het die Belhar Belydenis reeds bygedra tot groot denkskuiwe en strukturele veranderings, soos byvoorbeeld gesien kan word in die Sendingkonferensie van 1986 en die Wes-Kaapse Getuienisaksie. Algaande het die verenigingsprosesse in die familie van NG Kerke begin vasval, totdat dit 'n punt bereik het waar gepraat word van 'n "impasse" in die herenigingsgesprek. Die Belhar Belydenis word deur sommige beskou as die struikelblok in hierdie proses, maar hierbo is aangetoon dat dit nie werklik waar kan wees nie. Die werklike struikelblok word eerder gesien as 'n inwendige teenstrydigheid in die herenigingsgesprek.

Om verder op hierdie teenstrydigheid in te gaan, is dit nodig dat daar in Hoofstuk 5 aandag gegee word aan die debat oor Belhar in die wêreldwye kerk, die NG Kerk-familie en die teologie van Karl Barth oor Gereformeerde Belydenisse.

## HOOFSTUK 5

# DIE DEBAT OOR BELHAR IN DIE WÊRELDWYE KERK, IN DIE NG KERK-FAMILIE EN DIE TEOLOGIE VAN KARL BARTH OOR GEREFORMEERDE BELYDENISSE

In Hoofstuk 3 is aangedui dat die Belhar Belydenis kan funksioneer as instrument wat 'n groot bydrae kan lewer tot die NG Kerk (en die NG Kerk-familie) se pad van inheemswording in Suid-Afrika (en wyer). Die NG Kerk se roeping tot inheemswording is één motivering om die Belhar Belydenis ernstig op te neem en te vra: Wat kan gelowiges in Suider-Afrika leer uit hierdie geloofsantwoord op die Evangelie (Belhar Belydenis) vanuit Gereformeerde bodem? Waar Suid-Afrika die ontmoetingspunt van Westerse, Afrika- en Oosterse wêreldbeelde is, kan die Belhar Belydenis 'n deur oopmaak tussen gelowiges van hierdie verskillende agtergronde, en so die Kerk in Suid-Afrika help met haar missionêre taak.

In Hoofstuk 4 het dit na vore gekom dat die Belhar Belydenis toenemend gesien word as 'n struikelblok in die weg van eenwording<sup>1</sup> in die NG Kerk-familie. In hierdie hoofstuk (5) gaan na twee aspekte hiervan gekyk word, omdat die dilemma waarin die eenwordingsgesprekke tans vasgeval het, die funksionering van die Belhar Belydenis as missionêre dokument vir die NG Kerk-familie belemmer. In die eerste plek gaan die besware teen die Belhar Belydenis van nader bekyk word om die aard daarvan te ondersoek. Tweedens gaan Karl Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse uiteengesit word as 'n moontlike uitweg uit die inwendige teenstrydigheid van die herenigingsgesprek.

Voor daar met hierdie twee besprekings begin word, moet eers bepaal word of dit enigsins nodig is dat die mense wat teen die Belhar Belydenis gekant is, daaraan aandag behoort te skenk. Uit die realiteit van die weerstand teen die belydenis, die verskillende maniere van resepsie van 'n belydenis en die wêreldwye debat wat bestaan, sal vier redes verskaf word waarom die NG Kerk nie kan bekostig om Belhar te ignoreer nie. Die rol wat die missionêre waarde van die belydenis speel, sal hierin duidelik gemaak word.

---

<sup>1</sup> Eenheid, vereniging en hereniging is drie terme wat in die NG Kerk-familie gebruik word om die proses van nader-beweeg-aan-mekaar te beskryf. Selfs oor hierdie terme is daar by sommige verskil van opinie. Vir die doel van hierdie studie word die drie terme as wisselvorme van dieselfde begrip gebruik.

## 5.1 Die realiteit van weerstand teen die Belhar Belydenis

Daar is egter een realiteit wat nie misgekyk kan word nie: sedert die Belhar Belydenis in 1982 as konsep opgestel is, en in 1986 deur die NGSK aanvaar is as belydenis, bestaan daar sterk weerstand teen die dokument in die NG Kerk, die RCA en dele van die NGKA.

Binne die raamwerk van die gesprekke oor kerkeenheid in die familie van NG Kerke is hierdie weerstand in die NG Kerk duidelik sigbaar. *Kerkspieël* rapporteer in hul opsommende verslag oor *Kerkhereniging en Homoseksualiteit: ondersoek onder gemeenteleiers binne die NG Sinodes van Noord-, Suid- en Oos-Transvaal* (Augustus 2005) dat 15% respondente<sup>2</sup> Belhar as konfessie aanvaar en positief daaroor is, vir 10% is daar tog een of ander vorm van waarde in die belydenis, maar nie op die vlak van die drie Formuliere van Eenheid nie en vir 36% is die belydenis onaanvaarbaar (om verskeie redes). Ten minste in die Sinodes Noord van die Vaalrivier beteken dit dat slegs 'n kwart (15%+10%) van alle gemeenteleiers die moontlikheid het om die missionêre waarde van Belhar te ontgin, terwyl meer as twee derdes (36%) skynbaar nie enige waarde daaruit wil put nie.

As gevolg van hierdie kritiek, moet eers die vraag gevra word: *Gaan Belhar toegelaat gaan word om 'n bydrae te lewer in die NG Kerk-familie?* Dit help nie dat hierdie studie die missionêre waarde van die belydenis ondersoek, maar die weerstand teen Belhar maak dat dit *per se* gesien word as 'n dokument wat in die NG Kerk vermy moet word nie.

## 5.2 Aanvaarding, erkenning en ondersoek van 'n belydenis

Die ontvangs, erkenning of aanvaarding (*reception*) van 'n belydenis kan op verskillende vlakke plaasvind. Naudé (2003) bespreek die ontvangs van die Belhar Belydenis vir die periode 1982 tot 2000 en onderskei tussen volle aanvaarding (*full reception*), erkenning (*recognition*) en ondersoek (*explication*) van 'n belydenis. *Volle aanvaarding* van 'n belydenis sluit normaalweg 'n kerkregtelike aksie in, waar die ontvangende kerk die dokument deel maak van hul kerkorde, en waar dit in 'n wyer sin gebruik word in kategese en die liturgie van die kerk. *Erkenning* van 'n belydenis is eintlik 'n voor-fase van die proses van volle aanvaarding, waar die belydenis erken word as gedeelde geloof, maar nog nie amptelik (juridies) aanvaar is nie. Die *ondersoek* van 'n belydenis is 'n eerste kontak daarmee met die doel om te kyk watter verdere aanvaardingsprosesse kan plaasvind.

---

<sup>2</sup> Die vraelyste van 226 predikante, 2026 ouderlinge, 1194 diakens en 483 ander lidmate is verwerk vir die verslag.

Hy maak die opmerking dat nie alle kerke sal vorder tot die punt van 'n volle aanvaarding van Belhar nie, aangesien nie alle kerklike tradisies gebruik maak van belydenisse in hul kerkorde nie: "The ecumenical church consists of many for whom the full reception of any text as confessional text would at this stage in principle be impossible" (Naudé 2003:408). Voorbeelde hiervan is die Rooms Katolieke Kerk en die familie van Ortodokse kerke. Die belangrike punt wat hier gemaak word, is dat 'n kerk waarde uit Belhar kan put, sonder dat daardie kerk die belydenis amptelik as deel van die kerkordelike belydenisbasis opgeneem het.

Die vraag is, kan 'n kerk wat in beginsel Belhar in hul belydenisbasis kan opneem, maar dit (nog) nie aanvaar het as belydenis nie, op 'n ander manier waarde daaruit put? Is dit nie waar dat enige dokument wat tot op die vlak van 'n aanvaarde belydenis van een of ander kerk binne die Gereformeerde tradisie gevorder het, beslis van waarde kan wees vir 'n ander Christelike kerk nie? Daardie dokument sou tog nie deur 'n hele kerk as belydenis aangeneem word, as dit nie een of ander belangrike bydrae maak tot daardie gelowiges se verstaan van hul geloof binne hul besondere omstandighede nie. Dit beteken dat gelowiges in die NG Kerk heel waarskynlik baie kan leer deur die Belhar Belydenis te bestudeer, self al word die belydenis nie amptelik as een van die belydenisse van hierdie kerk erken nie. Dit geld ook vir die NGKA en die RCA, of vir enige ander kerk in Suid-Afrika, selfs wêreldwyd.

Die lesings van Karl Barth in 1934 oor belydenisse (in *The Theology of the Reformed Confessions*), en sy latere opmerkings daaroor in *Kirchliche Dogmatik*, wys duidelik hoe sy bestudering van verskillende belydenisse sy teologiese denke gevorm het. Die volgende aanhaling stel treffend hoe belydenis in die (universele) Kerk tuiskom en deel vorm van 'n oop debat:

Confession in the most general sense is the accounting and responding which in the Church we owe one another and have to receive from one another in relation to the hearing and receiving of the Word of God. Confessing is the confirmation of that common action. I have not heard and received alone and for myself, but as a member of the one body of the Church. In confessing, I make known in the Church the faith I have received by and from the Word of God. I declare that my faith cannot be kept to myself as though it were a private matter. I acknowledge the general and public character of my faith by laying it before the generality, the public of the Church. I do not do this to force it on the Church in the peculiar form in which I necessarily hold it, as though I were presuming either to want or to be able to rule in it, as though I were presuming either to want or to be able to rule in the Church with my faith as it is mine. On the contrary, I do it to submit it to the verdict of the Church, to enter into debate with the rest of the Church about the common faith of the Church, a debate in which I may have to be guided, or even opposed and certainly corrected, i.e., an open debate in

which I do not set my word on the same footing as the Word of God, but regard it as a question for general consideration according to the Word of God commonly given to the Church. But because my confession is limited in this way, I cannot refrain from confessing, I cannot bury my talent. Irrespective of what may come of it whether it may be shown that I have received ten talents or only one – I owe it to the Church not to withhold from it my faith, which can be a true faith only in community with its own, just as conversely it cannot be too small a thing for the Church, in order to assure itself afresh of a true faith in the community of faith, in order to miss anything in its encounter with the Word of God, to take account even of my confession of faith and to enter into a debate which is open on its side as well.

(Barth 1956:588-589)

Hiervolgens moet 'n belydenis wat gemaak is, aan die Kerk beskikbaar gestel word, en omdat die Kerk alles wil doen om soveel moontlik die Skrif ("Word") te verstaan, moet dit so ontvang word, maar as 'n oop debat, nooit geslote nie. Die debat bly oop omdat die Kerk altyd onder die gesag van die Woord staan, en die gesag van 'n belydenis is ook hieraan onderworpe. Op geen stadium in Barth se beskrywing word van 'n die Kerk (Liggaam van Christus) verwag om 'n belydenis amptelik te aanvaar as belydenis van daardie kerk nie. Inteendeel, Barth hou aan praat van "my confession". Hiermee word belydenis nie gerelativeer nie, maar op sy regmatig plek geplaas, naamlik in die midde van die universele Kerk. Vir die dilemma waarin die NG Kerk-familie hul ten opsigte van die Belhar Belydenis bevind, is hierdie perspektief baie waardevol. Hier word 'n balans gehandhaaf tussen die gee van 'n belydenis en die ontvangs daarvan. 'n Kerk stel 'n belydenis van haar geloof op omdat die Woord van God haar daartoe verplig, maar dan word die belydenis die eiendom van die "public of the Church". Dit bly dan deel van 'n oop debat en word nooit 'n vorm van dwang nie: "I do not do this to force it on the Church in the peculiar form in which I necessarily hold it". Aan die ander kant mag die Kerk nie eenvoudig hierdie belydenis ignoreer of verwerp nie. Daar moet in erns en met 'n oop gemoed na die belydenis gegaan word en na die waarde daarvan gesoek word. Die belangrikste waarde van 'n belydenis is dat dit my geloof in die gemeenskap van gelowiges versterk en daarom mag die belydenis nooit minderwaardig ("too small a thing") vir die Kerk wees nie, want gelowiges mag dalk net tot 'n dieper insig in die Woord van God kom daardeur.

Net so moet die waarde, en spesifiek die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die kerke in Suid-Afrika, en veral die NG Kerk nie onderskat word nie. In wat hier volg, word nie net gekyk na kerke wat Belhar amptelik erken as belydenis nie, maar ook na ander aanvaardingsprosesse wat in die ekumeniese kerklike gemeenskap aan die gang is rondom Belhar. Hierin sien mens die "open debate" wat aan die gang is oor die Belhar Belydenis.



### 5.3 Die oop debat in die universele Kerk oor die Belhar Belydenis

Naudé (2003) wys hoe daar reeds op al drie bogenoemde vlakke met Belhar gehandel is deur verskillende kerke tussen 1982 en 2000. Hy noem die volgende:

#### VOLLE AANVAARDING:

- (i) Die NGSK het Belhar tussen 1982 en 1986 bestudeer, en in 1986 ten volle aanvaar as 'n vierde belydenisskrif.
- (ii) Die NGKA het in Julie 1991 Belhar aanvaar (hoewel dit later deel was van die hof-dispuut met 'n deel van die NGKA).
- (iii) Met die vorming van die VGKSA in 1994 is Belhar aanvaar as deel van die konfessionele basis van die nuutgestigte kerk.
- (iv) Die Verenigde Protestantse Kerk in België (VPKB) wat die Protestantse Kerke in België sedert 1979 saambind, was sedert 1988 in vennootskap met die Belydende Kring en sedert 1994 met die VGKSA. Hierdie kerk het in 1998 die Belhar Belydenis tydens die Sinode te Paturages aanvaar.

#### ERKENNING:

Die NG Kerk het in 1990 erkenning aan die Belhar Belydenis gegee, al was dit met 'n mate van weerstand.

#### ONDERSOEK:

- (i) Die *Reformierten Bund* en die *Lippische Landeskirche* in samewerking met die *Evangelisch Reformierte Kirche* in Duitsland het begin met 'n studie en ondersoekproses van die Belhar Belydenis in Mei 1998. Hierdie proses is steeds aan die gang en daar is reeds 'n dokument daaroor gepubliseer met die titel: *Das Bekenntnis von Belhar und seine Bedeutung fuer die reformierten Kirche in Deutschland*.
- (ii) Die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) is in 1988 deur die NGSK gevra om Belhar as Belydenis te erken (in Harare) met die gevolg dat sommige lidkerke begin het met 'n ondersoek van die belydenis.

Hoewel dit 'n handige indeling is, gebeur die aanvaardingsprosesse in die Kerk nie altyd so netjies binne die raamwerk van Naudé se drie onderskeidings nie. Kerke het die vryheid om op hul eie

manier Belhar vir hulself te verwerk, en daar het sedert 2000 ook weer verdere ontwikkelings plaasgevind op ekumeniese gebied:

(iii) Uit 'n epos-gesprek met Prof. Dr. LJ Koffeman in 2007, kom die stand van die Duitse proses met die *Evangelisch-Reformierte Kirche*, die *Lippische Landeskirche* en die *Reformierte Bund* na vore. Die sekretaris-generaal van die *Reformierte Bund*, Pastoor D. Hermann Schaefer, het vir die sinode van die *Evangelische Kirche Deutschland* (2000) 'n ekumeniese profiel van die *Reformierte Bund* beskryf, waarin hy ook die Belhar Belydenis ter sprake bring. Die verhouding tussen die *Reformierte Bund* en die VGKSA word bepaal deur die wedersydse erkenning van die Teologiese Verklaring van Barmen en die Belydenis van Belhar as uitdrukkings van die geloof van hierdie kerke. Die Belydenis van Belhar word gesien as model vir 'n "nuwe omgang met het belijdend profiel van het christeljk geloof", en daarom as 'n "inhoudeljk zwaartepunt van het oecumenisch beleid van de Reformierte Bund". In die nuwe diensboek van die *Reformierte Bund* (1999) is die teks van Belhar opgeneem as belydenis te midde van ander geloofsbelydenisse (Reformierte Liturgie, p.127-129). Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die Duitse susterkerke uit die Gereformeerde tradisie hou dus in die praktyk in dat die Belydenis in 'n ooreenkoms met die VGKSA erken word, en ook dat die teks van die Belydenis 'n plek ontvang het in die liturgie van die kerk.

(iv) In Nederland het die Belhar Belydenis ter sprake gekom by die kerke in die *Samen op weg* sinode. Die vraag oor die betekenis van Belhar is bespreek in die trio-sinode van 2 Desember 1999. Verdere vrae wat deur die Nederlanders ondersoek word, is: Wat hou 'n belydenis in, en wat is belydenis in ons tradisie? Watter kriteria kan geformuleer word om te bepaal of 'n belydenis wat (soos die Belydenis van Belhar) deur 'n susterskerk in 'n ander konteks aanvaar is, opgeneem kan word in die geloofsgoedere van die Protestantse Kerk in Nederland? Kan die Belhar Belydenis in die lig daarvan as belydenis opgeneem word in hul (Nederlandse kerke se) kerkorde, en indien wel, hoe?

Binne die huidige bespreking oor die vrae by punt (i) hierbo, word in diepte ondersoek ingestel na vrae soos: Wat is die funksie van 'n belydenis?; Hoe konteksgebonde is 'n belydenis?; Wat hou die aanvaarding van 'n belydenis in, en wat nie?; Wat is die uiteindelike kriteria aan die hand waarvan, of dan waarvan nie, besluit kan word om 'n belydenis in 'n toekomstige kerkorde op te neem? Hoewel hierdie bespreking in die Nederlandse Protestantse kerke by die Belhar Belydenis begin het, loop dit ook nou uit op die formulering van 'n beleid ten opsigte van die belydenis-aard van hierdie kerke in hul eenwordingsproses. As daar in gedagte gehou word dat mens hier met kerke vanuit die protestantse tradisie te make het, is hierdie proses van groot belang vir die missie van dié kerke in die Nederlandse samelewing. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis is dus dat dit die gesprek rondom die betekenis en funksie van eietydse belydenisse laat herlewe in Nederland – net soos dit die geval is in Suid-Afrika met die familie van NG Kerke.

(v) In Malawi is daar by die CCAP (Church of Central Africa Presbyterian) Nkhoma Sinode 'n fyngemoetheid vir die betekenis van Belhar as 'n dokument wat eensyds vir hulle samelewing op 'n nuwe manier die appél van die evangelie verwoord, amper as 'n sendingdokument na die burgerlike gemeenskap van Malawi (missionêr), en andersyds "resoneer" hoe die kerke self dink oor die spesifieke sake van eenheid, versoening en geregtigheid volgens die Skrif (uit onderhoud met Johan Botha).

(vi) Ander kerkverbande in lande soos Mosambiek raak deur hul kontak met die Sinodale Getuieniskommissie (waarvan Johan Botha lid is) al hoe meer bewus van Belhar en die waarde daarvan vir hulself.

(vii) In 1991 is die Belhar Belydenis as 'n geskenk oorhandig aan die Kerk van Christus onder die Tiev in Nigerië (onderhoud: J Botha). Botha is oortuig daarvan dat die Belhar Belydenis besig is om 'n weg te vind in Afrika.

(viii) Daar word reeds die afgelope paar jaar in die Reformed Church in America (R C America) oor die Belhar Belydenis besin. Die algemene sekretaris van die R C America het vroeër vanjaar by hul Sinode beweer dat die grootste uitdaging vir hul kerk vandag is om die oorgang vanaf 'n gevestigde na 'n missionêre kerk te maak: "The most critical challenge facing the Reformed Church in America today is making the transition from being a 'settled' denomination to becoming a missional church," said general secretary Wes Granberg-Michaelson in his report to synod." 'n Missionêre kerk, is volgens hom 'n kerk "that places its commitment to participate in God's mission in the world at the centre of its life and identity." Hy redeneer verder dat, teologies gesien, die Belhar Belydenis hul kan help om die aard van die kerk in die huidige missionêre eeu te verstaan. In sy pleidooi dat die R C America Belhar voorlopig moet aanvaar vir bespreking, sê hy:

Belhar will complement our other three confessions because of its biblically grounded focus on racial reconciliation, unity, and justice. It confesses the Word in the midst of the world, and it would theologically undergird our missional witness in the future. ...The credibility of our witness to the gospel in a missional future will be judged by whether, in our own life, we are building a community that makes manifest the power of Christ to overcome the barriers of racial divisions."

(Webblad van R C America:

<http://www.rca.org/NETCOMMUNITY/Page.aspx?&pid=3031&srcid=2059>)

Hiermee wys Granberg-Michaelson uit dat die Belhar Belydenis van groot waarde is om die Kerk te help in haar besinning oor haar missie in 'n (Amerikaanse) wêreld wat vasgevang word in die vraag oor die verskille tussen rasse-groepe. Die geloofwaardigheid van die kerk se getuienis word verbind aan die mate waarin die Kerk in die toekoms daarin sal kan slaag om die versperrings wat

deur rasse-skeidings ontstaan het, te bowe te kom. As dit waar is van die Noord-Amerikaanse samelewing, hoeveel te meer is dit nie waar van die Suid-Afrikaanse samelewing nie? Deel van die missie van die Kerk is om, in haar eie woorde, dade en bestaan (dink aan Newbigin se *word, deed and being*) die boodskap te bring dat, in Christus en deur die oë van Christus, almal op gelyke voet voor God die Vader staan, ongeag taal, geslag, sosiale stand of ras. Ten opsigte van die missie van die Kerk in 'n ras-verdeelde samelewing, het Belhar verseker ook missionêre waarde vir die NG Kerk (en NG Kerk-familie) in Suid-Afrika. Die *Christian Reformed Church* het tydens die laaste sinode (12 Junie 2007) dialoog oor die Belhar Belydenis in die lidgemeentes aangemoedig (sien webtuiste: <http://www.crcna.org/news.cfm?newsid=176>), en die *Presbyterian Church of the USA* beveel die belydenis aan vir nadenke, studie en reaksie: "The 216th General Assembly (2004) commends the Belhar Confession to the church for reflection, study, and response, as a means of deepening the commitment of the Presbyterian Church (U.S.A.) to dealing with racism and a means of strengthening its unity." (Web: <http://www.pcusa.org/theologyandworship/>).

(ix) Doktor Douglas Pratt van die Universiteite van Waikato en Auckland in Nieu-Seeland het saam met Professor Piet Naudé die moontlikhede ondersoek waarop die Anglikaanse en Metodiste Kerke (in Nieu-Seeland) sou kon antwoord op die Belhar Belydenis vanuit nadenke oor hul eie hedendaagse situasie (sien Naudé & Pratt 2003:421). Hul artikel, *South speaks to South: a New Zealand response to the 'kerygma' of Belhar*, is 'n goeie voorbeeld van hoe die Belhar Belydenis toegepas kan word op 'n heel ander situasie as in Suid-Afrika, waar dit handel oor die verhouding tussen die Maori's en die nasate van die koloniste in die Nieu-Seelandse kerke vandag. Volgens Naudé en Pratt is een van die uitdagings waarvoor Belhar die Kerke in Nieu-Seeland stel, om versigtig te wees vir 'n onkritiese aanvaarding van 'n "polities-korrekte" beleid wat neerkom op 'n bi-kulturele samestelling van die kerk (*biculturalism*). Hul stem saam dat Belhar kulturele diversiteit erken en bewaar, maar kulturele ideale en ideologieë wat voorrang bo die evangelie geniet, word ten sterkste verwerp. Belhar is 'n protes teen die eiesoortigheid, die geïsoleerdheid en die kulturele oorheersing van die Nieu-Seelandse konteks – iets wat die Nieu-Seelandse kerke kan laat wegdryf van hul kerklike families in die wyer gemeenskap. Dit word treffend gestel:

Belhar challenges the particularity, insularity, and cultural hegemonies of the New Zealand context, hegemonies that risk dividing the Churches in New Zealand from their own wider familial fellowships. This is particularly a risk currently for Methodism; it is less so for the Anglicans, although they have been subject to the criticism that in adopting an ethnically structured constitution they have become an apartheid church of sorts.

(Naudé & Pratt 2003:430)

Die skrywer vind dit baie ironies dat 'n vriend hom meegedeel het dat hy na Nieu-Seeland emigreer, onder die indruk dat hy van die Suid-Afrikaanse rasse-kwessie kan ontsnap, terwyl daar in werklikheid dieselfde vraagstukke in die kerk na vore kom as in Suid-Afrika. Net soos in Suid-Afrika maak Belhar ook in Nieu-Seeland 'n bydrae tot die missie van die kerk binne 'n multi-rassige samelewing.

In 'n gesprek met Dr. Coenie Burger (Februarie 2007) is aan hom gevra wat hy dink die grootste waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is. Sy antwoord is dat dit die NG Kerk kan help om in lyn te bly met kerke van Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom, meen hy, is dit belangrik dat die NG Kerk groot erns maak met die belydenis. Uit die voorafgaande beskrywing is dit duidelik dat die Belhar Belydenis nie gesien moet word as 'n geïsoleerde, onbelangrike belydenis wat deur 'n klein kerkie in afsondering aangehang word nie. Dit moet eerder gesien word as die verwoording van die Gereformeerde geloof wat binne 'n bepaalde tyd en onder bepaalde omstandighede, nie net aan die NGSK nie, maar ook aan die wêreldwye kerk gegee is, om haar missie in die wêreld van vandag beter te begryp, te verwoord en beter uit te leef.

Die voorbeelde wat hierbo genoem word is bedoel as 'n aanduiding van hoe wyd die Belhar Belydenis se invloed strek. Dit is geensins 'n volledige uiteensetting van kerke wêreldwyd wat die waarde van Belhar ontdek nie, want kerke vind op verskillende vlakke en op 'n groot verskeidenheid van maniere aansluiting by die belydenis. Die groter-wordende bydrae wat Belhar wêreldwyd maak, is besig om 'n ongekende momentum op te tel. Hierin word die ekumeniese missionêre waarde van die Belhar Belydenis in sy geheel onderstreep.

Vir 'n buitestaander moet dit baie vreemd voorkom: in dieselfde land waarbinne 'n NG Kerk (NGSK) 'n belydenis opstel, is daar sterk weerstand van ander lede van die familie van NG Kerke wat weier om dit as belydenis te aanvaar. Intussen is daar al hoe meer kerke wêreldwyd wat hierdie belydenis ontdek as van waarde vir hul omstandighede. Dit bring die bespreking by die vraag: om watter redes behoort die NG Kerk-familie erns te maak met die Belhar Belydenis?

## 5.4 Redes waarom die NG Kerk-familie Belhar nie kan ignoreer nie

Daar is verskeie redes waarom 'n gemeente, ring of sinode in die NG Kerk-familie nie bloot kan verklaar: "Ons is klaar met Belhar"<sup>3</sup> nie. Uit wat tot sover bespreek is, kan die volgende redes uitgewys word waarom die NG Kerk-familie die Belhar Belydenis nie kan ignoreer nie:

### 5.4.1 *Die Belhar Belydenis is die belydenis van 'n mede- Suid-Afrikaanse NG Kerk:*

Of die Belhar Belydenis as belydenis aanvaar word of nie, dit *is* 'n belydenis van die VGKSA. Hierdie kerk staan ook nie los van die NG Kerk nie, dit is een van die vier kerke in die familie van NG Kerke in Suid-Afrika (NG Kerk, VGKSA, NGKA, RCA) – en hierdie kerk het tot stand gekom uit die sendingwerk van (o.a) die NG Kerk. Dit is 'n gegewe dat hierdie vier kerke nader aan mekaar moet beweeg (herenigingsproses), maar die herenigingsproses is nie die *hoofrede* waarom die NG Kerk (en daarmee saam die NGKA en die RCA) na die Belhar Belydenis behoort te kyk nie. Die feit dat *hierdie kerke saam aan een familie behoort* maak dit onvermydelik dat die verskillende lede van hierdie familie erns maak met mekaar se uitsprake, verklarings en geloofsbelydenisse – al is dit afkomstig uit 'n tyd toe hierdie kerke nie *een* was nie. Die verdere implikasie hiervan is dat die vier lede van die NG Kerk-familie ook moet erns maak met dokumente soos die *Laudium Verklaring* (RCA), die *Geloofsverklaring 2000* (NG Kerk) en *Kerk en Samelewing* (NG Kerk).

### 5.4.2 *Die Belhar Belydenis word wêreldwyd al hoe meer erken:*

Wêreldwyd toon verskeie kerke belangstelling in die Belhar Belydenis. Dit wys dat die Belhar Belydenis 'n toepassingswaarde het wat veel wyer strek as die VGKSA, Suid-Afrika en die konteks van apartheid.

### 5.4.3 *Wat kan uit die Belhar Belydenis geleer word?*

Die Belhar Belydenis is die eerste Gereformeerde belydenis wat in Afrika en Suid-Afrika sy beslag het. As kerke regoor die wêreld vandag nog kan leer uit belydenisse wat honderde jare gelede deur die Kerk in Europa geskryf is, hoe kan 'n Gereformeerde kerk in Suid-Afrika beweer dat daar niks by die Belydenis van Belhar geleer word nie? Ter wille van daardie leerervaring kan die NG Kerk-familie nie die Belhar Belydenis ignoreer nie.

---

<sup>3</sup> In die Kerkbode van 7 Mei 2008 verskyn 'n brief : "Die Kerkraad van Darling het eenparig besluit om nie verder gesprek te voer oor die Belydenis van Belhar nie. Die belydenis is nie nodig vir kerkeenheid nie, maar staan eerder in die pad van kerkeenheid en veroorsaak onnodige stryery tussen gelowiges. Die Bybel en die Drie Formuliere van Eenheid is voldoende."

#### 5.4.4 Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis

Daar is reeds aangetoon in hierdie studie dat die Belhar Belydenis groot waarde het vir die gesprek in die NG Kerk-familie oor die missie van die Kerk in die tyd waarin ons leef. Hierdie missionêre waarde gaan nog verder ondersoek word in die res van die studie, maar dit kan nou reeds beklemtoon word dat besinning oor die missionêre taak van die Kerk die belangrikste aspek van enige gemeente, ring, sinode en Kerk is. As die Belhar Belydenis dan een van die instrumente is waardeur die missie van die Kerk beter bepaal kan word, en die inheemswording van 'n Suid-Afrikaanse kerk kan aanhelp, sal die NG Kerk-familie onverantwoordelik wees om dié belydenis te ignoreer.

Met hierdie enkele voorbeelde waarom die Belhar Belydenis nie geïgnoreer mag word deur die Suid-Afrikaanse NG Kerke nie, gaan nou ook kortliks stilgestaan word by besware teen die Belhar Belydenis vanuit die NG Kerk. Die doel daarvan is om 'n aanvoeling te kry vir die sentimente wat rondom die weerstand teen die belydenis heers, sodat daar op 'n relevante wyse vanuit die Gereformeerde siening van belydenisse na 'n uitweg uit die dilemma van die NG Kerk-familie se gesprek oor eenwording gesoek kan word. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis sal deur hierdie bespreking verder na vore kom.

### 5.5 Besware teen die Belydenis van Belhar vanuit die NG Kerk

Wat is die besware teen die Belydenis? Hierdie vraag kan nie enkelvoudig beantwoord word nie, aangesien besware al op verskeie vlakke en vanuit verskillende oogpunte aangeteken is. In die eerste helfte van 1998 is 'n debat oor die Belhar Belydenis in *Die Kerkbode* gevoer, wat 'n goeie weergawe van die besware van lidmate in die NG Kerk gee. Hierdie debat is geïnnisiëer met die kerkhereniging in die familie van NG Kerke in gedagte. In die *Kerkbode* van 20 Februarie 1998 word in die hoofartikel verduidelik dat die "Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk, en as deel van die lang proses om een kerkverband in die NG Familie tot stand te bring, 'n spesiale inligtingstuk gepubliseer [het], 'Sodat almal een kan wees ...' 2" (:4), wat in dié uitgawe verskyn as inleiding tot "die bestudering en oorweging van die Belydenis van Belhar" (*Die Kerkbode* 1998:4) op versoek van die VGKSA. Dr. Francois Wessels (*Die Kerkbode* 1998:11) gee in die uitgawe van 19 Junie 1998 'n opsomming van die vorige drie maande se bespreking. Hy identifiseer in hoofsaak drie soorte besware teen die aanvaarding van Belhar as vierde belydenisskrif (naas die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls) in 'n verenigde kerk: 1) besware teen die inhoud van Belhar; 2) besware teen die status van Belhar as 'n belydenisskrif; en 3) besware oor die ontstaansgeskiedenis van Belhar. Om te bepaal of hierdie besware van so 'n aard is dat daar nog verder gesoek kan word na die waarde van die Belhar belydenis, is dit nodig om dieper in te gaan op hierdie teenkanting vanuit die geledere van die NG Kerk.

### 5.5.1 *Besware teen die ontstaansgeskiedenis van Belhar*

Wessels meen dat die wyse waarop Belhar tot stand gekom het, waarskynlik vir NG Kerk lidmate die grootste struikelblok is om die Belydenis te aanvaar. Hy haal prof. Pieter Potgieter aan:

Ons kan nie van die historiese konteks van Belhar wegkom nie. Dié konteks is die afkondiging van 'n *status confessionis* omdat apartheid as 'n kettery beoordeel is. Dié staat van belydenis is nooit teruggetrek nie. Soos ek dit sien, beteken dit dat, as die NG Kerk Belhar aanvaar, dit by implikasie sou kon beteken dat hy die siening onderskryf dat die NG Kerk hom aan kettery skuldig gemaak het.

(Wessels 1998:11)

In die derde Hoofstuk van hierdie studie is reeds uitgewys hoe die Belhar Belydenis saam met die besluit oor *status confessionis* en die aanklag van kettery en afgodery by die NG Kerk aangekom het. Meer nog, voordat die algemene kerklike publiek van die NG Kerk te wete gekom het van die Belhar Belydenis, het hulle in Die Kerkbode verneem van die aanklag teen die NG Kerk. Daarom is hierdie besluite in Hoofstuk 4 (punt 4.2.3.b) ontleed en bevind dat dit eintlik as drie afsonderlike beslissings gesien moet word. Indien hierdie beslissings nie so uitmekaar gehou word nie, word presies die teenoorgestelde met die Belhar Belydenis bereik as wat in die vierde paragraaf van die Begeleidende Brief beoog word (sien hoofstuk 4, punt 4.2.3 d). In die aanhaling van Prof. Potgieter hierbo is 'n goeie voorbeeld van die slotsom wat bereik word wanneer die Belhar Belydenis, die *status confessionis*, die aanklag en die aanvaarding van Belhar deur die NG Kerk in een sin gebruik word. Hierin kan ook duidelik die simboliese betekenis wat die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het (sien punt 4.2.3.c in hoofstuk 4), gesien word. Waar die NGSK binne 'n konteks van verdrukke geleef het, het die NG Kerk 'n konteks van aangeklaagde beleef. Vir beide was dit negatiewe belewenisse. Die Belhar Belydenis was vir die NGSK 'n uitkoms uit hul verdrukking, maar die die NGSK die bron van hul aanklag!

Wat hier duidelik na vore kom, is die feit dat daar letterlik teenoorgestelde kontekste by die NG Kerk en die NGSK teenwoordig was in hul belewenis van die Belhar Belydenis. Kan daar van mense in die NG Kerk, wat die Belhar Belydenis as so 'n persoonlike aanklag beleef het, verwag



word om die belydenis te onderskryf, sonder dat daar aandag gegee is aan die verskillende maniere waarop die mense in die NGSK en die NG Kerk die konteks beleef het? Sal daar nie nog vir lank gepraat moet word oor hierdie uiteenlopende verskille in ervarings nie? Sal mense nie gehelp moet word om hierdie tyd van woelinge te verwerk, voordat daar sprake kan wees van 'n wedersydse aanvaarding van die Belhar Belydenis en mekaar nie? Vra die Belhar Belydenis nie juis in hierdie geval 'n missionêre en pastorale sensitiwiteit van mense wat die Belydenis as hul eie aanvaar teenoor mense wat die Belydenis as 'n aanklag beleef het nie? Sal so 'n pastorale en missionêre benadering in die kerk nie meer vrug afwerp as 'n persepsie dat die VGKSA onverbiddelik staan by 'n belydenis nie?

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het grootliks te make met die wyse waarop mense in die VGKSA – die verlenging van die ontstaanskerk van Belhar – hierdie belydenis in liefde uitleef. Hoewel historiese konteks nie bepaal of 'n belydenis in ooreenstemming met die Skrif is nie, bepaal dit wel of daardie belydenis in mense se lewens 'n rol gaan speel of nie. Wanneer mense 'n negatiewe konnotasie aan die Belydenis heg, is dit moeilik om daardie persepsie te verander. Die sosiologie leer dat die nie eenvoudig is om persepsies te verander nie. Daar is verskeie faktore wat gepaard gaan met die verandering van persepsies, byvoorbeeld: die professionaliteit, betroubaarheid en aanvaarbaarheid van die kommunikeerder; die argumentasie, angs-opwekking, aggressie en konsekwentheid van die kommunikasie; die belangstelling van die hoorder om aandag te skenk aan die saak waaroor persepsie-verandering gesoek word; die toewyding, weerstand en persoonlikheid van die waarnemer; en ander eksterne konnotasies (Sears et al 1988:192-197). Gaan hierdie negatiewe beskouing van Belhar verander word as die VGKSA bloot aanhou aandring op die “onvoorwaardelike insluiting” van die Belhar Belydenis in die konfessionele basis van 'n verenigde kerk?

In hoofstuk 4 (punt 4.3.7) word verwys na prof. Kgatla, moderator van die VGKSA, se opmerkings oor die negatiewe persepsies oor die Belhar Belydenis. Die VGKSA is dus bewus hiervan. Watter positiewe rol speel die VGKSA daarin om die negatiewe persepsies oor die Belhar Belydenis by ander lede van die NG Kerke (en ander kerke) te verander? Wat kan die VGKSA doen? Gee die Belhar Belydenis self nie die antwoord op hierdie vrae nie? Is dit nie juis die missie van die VGKSA om die Belhar Belydenis op so 'n manier uit te leef, dat dit eenvoudig nie meer 'n struikelblok vir gelowiges in Suid-Afrika is nie? Gee die NG Kerk-familie hierdie geleentheid vir die VGKSA deur gereelde kontak?

Hierdie vrae sal nie nou almal beantwoord kan word nie. In die volgende hoofstuk sal gekyk word na verhale van verskillende mense in hierdie verband. Daar sal nou eers gekyk word na die tweede groot beswaar teen die Belydenis van Belhar, naamlik besware teen die inhoud van Belhar.

### 5.5.2 Besware teen die inhoud van Belhar

Volgens Wessels (1998: A11) was dit opvallend dat daar in die debat oor Belhar in *Die Kerkbode* (Junie 1998) relatief min oor die inhoud van die Belydenis gedebatteer is. Vir hom is dit 'n aanduiding dat die inhoud nie die vernaamste probleem vir die teenstanders van Belhar was nie, maar die gebeure, persone en sake wat met Belhar geassosieer word. Die inhoudelike besware wat wel teen die Belydenis ingebring word, handel oor die vierde artikel – oor die geregtigheid van God. Die deel wat die grootste struikelblok veroorsaak, is die belydenis dat “God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in ‘n wêreld vol onreg en vyandskap op ‘n besondere wyse die God van die noodlydendes, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg.” Wessels (1998: B-C11) verwys na JPM Stapelberg wat in die debat skryf: “Die bevrydingsteologie verklaar dan: God is aan die kant van die armes, verdruktes, verontregtes, weduwees en wese, teenoor die rykes en besitters. By implikasie: is God ook téén die gelukkig-getroudes, die kinders wat nie wees is nie?”. “Wat beteken dit dat God ‘op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en veronregte is?”, vra Wessels (1998: C11) dan. Hy gee die antwoord van die “voorstanders van Belhar” dat dit nie beteken dat net armes hemel toe gaan nie. “Dit wil net sê dat God ‘n spesiale gevoel het vir mense wat veronreg en arm is” (Wessels C11). Hy verduidelik vanuit die eenvoudige uitleg van Belhar wat voorheen deur die NGSK gepubliseer is:

Die wêreld is nie soos God dit wil hê nie. Weens die sonde is die wêreld vol onreg en vyandskap. In hierdie wêreld gaan dit met niemand werklik goed nie, al mal ly op een of ander manier onder die sonde. Tog is daar party mense wat baie meer ly as ander – mense wat siek is, mense wat arm is, mense wat verdruk of veronreg word. God het die hele wêreld baie lief, daarom is Hy jammer vir die hele wêreld wat ly onder die sonde. Hy is soos enige vader wat lief is vir al sy kinders, maar ekstra tyd maak om by die kind te wees wat siek lê ... Net so is God op ‘n besondere manier God van hulle wat ly, sonder dat Hy ophou om ook vir almal lief te wees en te sorg.

(Wessels 1998: C11)

Hy vra of die frase “op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende” nie vatbaar is vir misverstand, asof dit bevrydingsteologie is nie, en antwoord dan by monde van prof. Gustav Bam, een van die mede-opstellers van Belhar: “Dit is wel moontlik’...maar...‘moet nie u steun vir die Belydenis terughou omdat hy moontlik misverstaan sou kon word nie....Nie een van ons het dit nog oorweeg om vir Lukas te sê: ‘Lukas, ek aanvaar jou nie, want jy laat die Here Jesus sê, ‘Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God’” (Wessels 1998: C11).

In terme van die inhoud van die Belhar Belydenis is eintlik net een vraag gevra word vanuit die Gereformeerde agtergrond: Is die Belhar Belydenis in lyn met die Skrif?

#### 5.5.2.1 *Stem die Belhar Belydenis met die Skrif en Formuliere van Eenheid ooreen?*

Vir die Gereformeerde kerke is die belangrikste in terme van inhoud dat dit in ooreenstemming met die Woord van God, die Skrif moet wees<sup>4</sup>. *Sola Scriptura* is een van die groot reformasieslagspreuke. 'n Belydenis wat getuig van geloof in die lewende God kan nie anders as om die basis van sy geloofsuitsprake in die Skrif te vind nie. Nêrens (in die Gereformeerde tradisie) sal die slagspreuk *sola confessio* gevind word nie. 'n Belydenis is en bly ondergeskik aan die Woord. Barth stel dit so:

The confession of the Church involves the formulation and proclamation of a definite ecclesiastical understanding of the revelation attested in Holy Scripture. Therefore from the outset the confession and its authority does not stand above or alongside, but as a Church confession under Holy Scripture. Therefore it does not speak by direct revelation, and what it says cannot be a source of revelation for the Church which listens to it.

(Barth 1956:620)

Mens kan verstaan dat daar nie baie oor die inhoud van Belhar in *Die Kerkbode* gedebatteer is nie, want die NG Kerk het lank reeds tot die slotsom gekom dat “die belydenis van Belhar nie as in stryd met die Woord van God of die Gereformeerde belydenisskrifte beskou kan word nie” (Jonker 1993:108). Dit strook met wat in die besluiteregister van die Algemene Sinode van 2004 gesê word: “Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar” (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2004 = NG Kerk 2004), asook met

---

<sup>4</sup> Vanuit 'n missionêre hoek gesien, is daar nie baie sin om in die kerk 'n debat oor *quia* en *quatenus* te voer nie, want 'n belydenis is 'n getuigenis aangaande geloof in die lig van die Skrif binne 'n bepaalde situasie. 'n Persoon, gemeente of kerkverband bely geloof binne 'n spesifieke konteks op grond van dit wat die Skrif op daardie oomblik vir daardie persoon, gemeente of kerkverband leer. Dit is deel van die missie van die kerk in die wêreld om te sê hoe sy binne sekere omstandighede aangespreek word deur die Skrif (natuurlik onder leiding van die Heilige Gees). In terme van die “gemeente as hermeneutiek van die evangelie” (Newbigin) is die daad van geloofsbelydenis self 'n gemeente se reaksie op die leiding van die Woord. Dit kan niks anders wees nie. So 'n belydenis begin by die Skrif. Indien die Skrif nie die gemeente aangespreek het nie, sou daar ook nie 'n belydenis gewees het nie. Hierin kom die missionêre waarde van 'n belydenis, en dan ook van die Belhar Belydenis, sterk na vore. As daad van gehoorsaamheid, is 'n belydenis niks anders as 'n deelname aan die *Missio Dei* nie. Die Kerk wat moet bely, het op daardie oomblik geen groter missionêre funksie as juis dit nie: 'n belydenis van geloof binne daardie omstandighede in gehoorsaamheid aan God. Daarom is dit 'n valse vraag of die gesag van 'n belydenis daarin geleë is *omdat* dit in ooreenstemming met die Skrif is, of *in soverre* as wat dit in ooreenstemming met die Skrif is. Die belydenis word gemaak *in die lig* van die Skrif binne 'n bepaalde konteks. Die Skrif, of beter gestel, die lewende Woord van God, inisiëer 'n belydenis – en hierdie Woord is Jesus die Messias wat deur sy Gees en deur die Bybel vir mense 'n ander uitkyk op hul omstandighede gee as wat die gangbare opinie is. Daarom kan hulle nie anders as om hul geloof te bely teenoor die algemene mening van die dag nie. Om dan agterna te vra of daardie belydenis belangrik is *omdat* dit ooreenstem met die Skrif, of *in soverre* as wat dit met die Skrif ooreenstem is 'n anachroniese vraag. Die belydenis is belangrik omdat dit in gehoorsaamheid aan die Woord en Skrif gemaak is. Die Kerk het die missie om geloof te bely, die Heilige Gees sal die oortuigingswerk in die wêreld verrig (Joh. 16:7-11).

die verslag van die Moderamen (bylae 1) vir die Algemene Sinode 2007 waarin genoem word dat die “NG Kerk [instem] met die inhoud en boodskap van hierdie belydenis (dat dit Skriftuurlik is en nie in stryd met die *Drie Formuliere van Enigheid* nie – só is in 1998 en 2002 deur die Algemene Sinode besluit)” (NG Kerk 2007:364 agenda). Die eerste beswaar teen die Belydenis mag dalk die opinie van individue wees, maar dit is verseker nie ‘n beswaar wat namens die NG Kerk gemaak kan word nie.

Daar is ook al studies gedoen om te bepaal of die Belhar Belydenis in ooreenstemming met die Bybel is, maar dit lyk nie asof hierdie studies ‘n groot impak op die debat oor die gesag van Belhar as belydenis gemaak het nie, aangesien “besware vanuit die NG Kerk oor hierdie belydenis...meestal nie aangevoer op grond van die Bybel nie, maar op ander gronde...” (Meyer 1997: 63). Laasgenoemde skrywer het die interpretasie van die Ou Testament in die Belydenis van Belhar ondersoek, en bevind dat “[D]ie bydrae wat die Bybelwetenskappe...tot die debat kan lewer is om aan te voer dat hierdie belydenisskrif inderdaad *repetitio Sacrae Scripturae* is en dat ons dit kan aanvaar as Belydenisskrif omdat...dit ooreenkom met die Skrif” (Meyer:64). In nog ‘n studie oor Bybelgebruik in die artikel oor “eenheid” (artikel 2), word aangetoon dat “[B]elhar...die Skrif getrou [navolg] in sy verstaan oor eenheid” (Daniels 2001:206). Van Niekerk (1996:450) stel dit so: “Die Belydenis wil die weg open tot Skrifwaarhede wat in ons tyd aktueel geword het”.

*Daar kan dus met groot sekerheid gesê word dat die Belhar Belydenis in lyn met die Skrif is, maar hoe is dit dan moontlik dat bekende teoloë en gemeentes in Suid-Afrika beweer dat die belydenis van die drie Formuliere van Eenheid verskil?*

#### 5.5.2.2 *Verskil Belhar van die Formuliere van Eenheid?*

Kyk na die volgende voorbeelde:

...Gesien in die lig van die feit dat die Belydenis van Belhar sake hanteer wat nie in die ander belydenisskrifte van ons kerk genoegsaam verwoord word nie, naamlik versoening, geregtigheid en kerkeenheid, aanvaar ons die Belydenis van Belhar as ‘n vierde belydenisskrif ...

(NG Kerkraad Langebaanweg 1998:A12)

... Belhar is gevolglik nie maar net ‘n aanvulling by die FE [Drie Formuliere van Enigheid - JMdB] nie. Dit is ‘n Belydenisskrif wat in eie reg, egter ‘n ander weg inslaan as die FE. Daarom is dit die belangrikste dokument wat nog ooit op die tafel van die NG Kerkfamilie gekom het. Dit bring ons almal by ‘n kruispad, want wie hom normatief deur die FE wil laat lei, sal hom nie met Belhar kan vereenselwig nie. In die uitmaak hoe ons na die eise van die Skrif kerk van Christus in Suid-Afrika moet wees, sal ons

dié probleem eerlik met mekaar moet deurpraat. As die Belydenisgrondslag uiteenlopende oortuigings huisves, kan die eenheid in die ware geloof nie kom nie...

(R M Britz 1998:E13)

Ons kan nooit die Belydenis van Belhar met die drie Formuliere van Eenheid gelyk stel nie. Daar bestaan diepgaande verskille. Belhar is in elk geval erg tydgebonde, terwyl die Formuliere van Eenheid tydlose Skrifwaarhede deur gee. ... Die Belydenis van Belhar val glad nie in die klas van 'n belydenisskrif nie en bied ook nie 'n grondslag vir kerkvereniging nie. As kerkvereniging afhanklik gestel word van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar, kan daar beswaarlik sodanige vereniging wees.

(E P J Kleynhans 1998:B13)

... Hierdie dokument het as 'n sterk verklaring binne 'n bepaalde situasie ontstaan, maar is nie werklik 'n belydenisskrif nie. Dit lê nie op dieselfde vlak as die ander Gereformeerde belydenisskrifte nie, omdat dit nie die volle Raad van God vir die gelowige oopsluit nie. ...

(NG Kerk Joubertina 1998: D8)

Wat uit bogenoemde voorbeelde opvallend is, is dat die “andersheid” van die Belhar Belydenis vir die meeste beteken dat dit nie aanvaarbaar is nie, maar vir sommige is dit juis die rede waarom hulle Belhar aanvaar (sien die opmerking van Langebaanweg NG Kerk hierbo). Hoe moet dit verstaan word?

Naudé (2001:17) verdeel die geskiedenis sedert die Nuwe Testamentiese tyd in “drie vrugbare ‘belydenistye’”: die vroeë kerk (ongeveer die eerste vier eeue), die Reformasietyd (vir 150 jaar vanaf 1521) en die twintigste eeu (vanaf die Barmen-belydenis in 1934). Die Belhar Belydenis is volgens Naudé (2001) deel van die derde belydenistyd. Hy sê:

Terugskouend was Barmen, naas die vroeë kerk en die Reformasietydperk, die impuls vir 'n uiters vrugbare nuwe era van (formele) belydenisvorming. Hiervan getuig die opname van uiteenlopende konfessies vanuit die ekumene in Choang-Seng Song se bundels *Giving account of the hope today* (1976) en *Giving account of the hope together* (1978), asook die ekumene Likas Vischer se spesifiek Gereformeerde versameling getiteld *Reformed witness today* (1982). Die Kerklike stryd vir en teen apartheid het eweneens gesorg vir die belangwekkende gebeurtenis van belydenis, vir die eerste keer uit ons eie bodem. Na die “kennisgewing” in 1982 dat gedwonge skeiding van mense onaanvaarbaar is in die lig van die evangelie, het die destydse NG Sendingkerk in 1986 die *Belydenis van Belhar* aanvaar.

Wie die Belhar Belydenis wil beoordeel, behoort dit billikheidshalwe teen die agtergrond van hierdie derde belydenistyd te beoordeel. Die missionêre waarde van Belhar as 'n Suid-Afrikaanse belydenis, is dat dit die NG kerk-familie ingelei het in hierdie derde vrugbare tydperk van belydenis. Sedert 1982 is 'n lewende gesprek oor *belydenis* in die NG kerk-familie aan die gang gesit - terwyl daar, sover bekend, geen belydenisse in die NG Kerk opgestel is sedert haar aankoms in Suid-Afrika (1652) nie, het die afgelope 20 jaar, naas die Belhar Belydenis, ook ander geskifte in dieselfde klas na vore gekom, byvoorbeeld *Kerk en Samelewing* (1986), *Laudium Declaration* (1990), *Geloofsverklaring 2000*. Naudé (2001:22) noem dat Belhar 'n besondere gebeurtenis is, want dit "breek 'n droogte van digby 300 jaar in die Gereformeerde kerke van Nederlandse oorsprong" – 'n droogte in die ontstaan van nuwe belydenisse. In terme van die missie van die NG Kerk, is dit van groot waarde dat konfessies 'n plek kan inneem ten einde te help vorm aan 'n Bybels-gefundeerde samelewing in Suid-Afrika (en wyer). Dit is waarskynlik een van die grootste bydraes wat die gereformeerde-konfessionele kerke in Afrika kan lewer!

Om die belydenis dus langs die drie Formuliere van Enigheid te plaas en 'n een-tot-een vergelyking van stellings te maak, sal tot geen ander slotsom kan kom as dat daar teenstrydighede in voorkom nie. Dit verklaar waarom sommige teoloë kan aanvoer dat Belhar van die drie Formuliere van Eenheid verskil. Aan die ander kant is daar ook heelwat teoloë wat die teendeel bevind, soos W D Jonker (1993:108), J J F Durand (1984a:44), Johan Botha en Piet Naudé (Naudé & Botha 1998: 6-22).

Dat teoloë oor so 'n saak van opinie verskil beteken dat daar nie met dieselfde maatstawwe na die Belhar Belydenis gekyk word nie. Aan die einde van hierdie hoofstuk gaan verder op hierdie saak ingegaan word wanneer die Gereformeerde benadering van belydenisse bespreek word. Die derde beswaar wat teen Belhar ingebring word, het te make met sy status as belydenisskrif.

### 5.5.3 *Besware teen die status van Belhar as 'n belydenisskrif*

Die tweede groot beswaar handel oor Belhar se status as 'n belydenisskrif. Hier gaan dit oor twee vrae: Kwalifiseer die Belhar Belydenis as 'n belydenis, met ander woorde, voldoen dit aan die vereistes van 'n belydenis?; en Moet die NG Kerk Belhar as 'n eie belydenisskrif naas die drie *Formuliere van Eenheid* aanvaar? Dié twee vrae is so nou in mekaar verweef, dat dit soms moeilik is om te onderskei watter vraag ter sprake is. Omdat die NG Kerk met Belhar as 'n *konfessie*, nie net 'n inligtingsdokument nie, te make gekry het – boonop binne die raamwerk van 'n *status*

*confessionis* - moes dié kerk die vraag vra of sy Belhar ook as 'n belydenisskrif moet aanvaar. Maar voordat daar besluit kan word of Belhar ook 'n konfessie van die NG Kerk moet word, moet eers uitgeklaar word of dit wel aan die vereistes van 'n belydenisskrif in die sin van Gereformeerde belydenisse voldoen. Sodra hierdie vraag gestel word, word daar outomaties ook 'n derde vraag gevra, naamlik: *Stem die belydenis met die Bybel ooreen?*

Wanneer Nel (1995:81) hierdie kwessie bespreek in *Is die Belharbelydenis 'n belydenisskrif?*, maak hy die belangrike opmerking dat die vraag of Belhar 'n belydenisskrif is, bepaal word deur die posisie wat mens inneem. Hy sê "Uit die oogpunt van die VGK is die vraag uiteraard belaglik. Belhar is 'n belydenisskrif. Dit is op die tafel wanneer oor kerkvereniging gepraat word". Die NGSK het die belydenis van Belhar opgestel as 'n konfessie van hul geloof binne bepaalde omstandighede. Al sou niemand anders in die hele wêreld Belhar as konfessie erken nie, bly dit steeds 'n belydenis van die NGSK, en uiteindelik die VGKSA. Die antwoord op vraag a) hierbo (Kwalifiseer die Belhar Belydenis as 'n belydenis?) moet dus in die eerste plek "ja" wees. Dit is 'n belydenis van die NGSK, en is later ook aanvaar as 'n vierde belydenis van die VGKSA.

Beteken dit dat die formaat, inhoud, doel en funksie van 'n belydenis irrelevant is vir die belydenis om as belydenis te kwalifiseer? Dit is nie sonder belang nie, maar om na 'n eksterne stel reëls te gaan soek wat as maatstaf gaan dien om te bepaal of die NGSK destyds die reg gehad het om hul konfessie 'n belydenis te noem, sal onbillik wees. Daar kan hoogstens twee vrae aan die NGSK (VGKSA) gevra word oor die status van die Belhar Belydenis: (a) Wat is die riglyne en kriteria wat julle self in gedagte gehad het oor 'n belydenis toe Belhar opgestel is? (b) Hoe vergelyk dit met algemene tendense wat by ander Gereformeerde belydenisse voorkom?

#### 5.5.3.1 *Wat is die kriteria wat die NGSK aangelê het vir die opstel van 'n belydenis?*

Wat die riglyne vir die opstel van die Belhar Belydenis betref, kan gekyk word na die toespraak van ds. Bam tydens die sinode van 1982:

Wanneer ek my in 'n status *confessiones* [sic!] bevind dan moet die woord wat op hierdie plek spreek die status en die karakter van belydenis hê. Dis nie maar 'n besluit wat ek neem, of 'n beleidsverklaring wat ek uitvaardig, 'n administratiewe reëling wat ek tref of 'n prosedure reëling in my onderhandeling met andere nie. Dit is 'n belydenis op die vlak van die ander belydenisskrifte van die kerk. Die ou Christene het in 'n status *confessiones* gesê: "Jesus Christus is die Heer". So het hulle bely teen die Romeinse kreet: "Die keiser is heer."

Die Apostoliese Belydenis het gedeeltelik langs dié weg gegroei en so ook die klassieke Ekumeniese simbole. Al was dit nie formeel die geval nie, saaklik was dit wel

so. Die Oosterse Leerreëls kom uit 'n Status Confessiones. Die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys.

Die verklaring van die belydenissinode van Barmen, 1934, is die jongste belydenis wat uit so 'n situasie ontstaan het. Ek lees vir u die eerste artikel van die belydenis: Hier hoor ek die taal van belydenis. Dit is die taal wat ons Sondagmôres gebruik: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper, van hemel en aarde."

Nóg Ottawa, nóg die Tydelike Ekumeniese Kommissie kom tot belydenis en tot afwysing van die dwalinge wat verwerp word. Vir Ottawa was dit nie nodig nie. Die W.A.R.C. is nie 'n kerk nie. Maar van die kerk vra status confessiones duidelik belydenis en duidelike afwysing. Daar moet simbool geskep word wat deel word van die belydenis van die kerk waardeur die kerk hier en nou homself verklaar, 'n belydenis waarteen die dwaalleer erken kan word. Daarom, broeder voorsitter, wil ek die sinode vriendelik versoek om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n belydenis daar te stel en vir goedkeuring aan die sinode voor te lê.

Karl Barth, een van die opstellers van die Barmen verklaring, sê in sy Kerklike Dogmatiek dat so 'n belydenis aan vier eise moet voldoen:

1. Die belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely omdat ek hoop om daarmee hierdie of daardie wins te maak nie, hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God en om niks, en dan ook niks anders nie.
2. Belydenis is nie 'n opinie wat ek uitspreek nie, selfs nie 'n vaste oortuiging nie; dis 'n **protes** van die geloof wanneer dit gekonfronteer en bevraagteken word deur die lewe, dit sny dwars deur die clichés van die dag en lê tot op die been bloot. En daarom gaan 'n status confessiones nie maar net terug op die ou belydenisse nie, maar dit skep nuwe belydenis.
3. Belydenis is nie 'n liriese ontboeseming nie of emosionele ontlading nie. Dit is 'n **daad** van uitdaging en **konflik**.
4. Belydenis is 'n vrye daad, onder dwang van die Heilige Gees aangegryp deur die Woord van God, en dit alleen. Dit vind nie plaas onder aanstigting van 'n wêreldmening nie.



Belydenis is nooit iets om mee te speel nie, want dit is soos vuur. Laat ons hiermee omgaan soos dit ons pas met heilige dinge.

(NG Kerk 1982 :1072-1073)

Hieruit is dit duidelik dat die Belydenis van Belhar ernstig bedoel is as 'n belydenis. Dit het gevloei uit 'n *status confessionis*, naamlik 'n situasie wat volgens die NGSK, die Lutherse Wêreldbond en die WBGK van soveel erns was dat daar van gelowiges verwag is om standpunt in te neem teen rassisme. Die riglyne vir die opstel van die belydenis is (wat die sinode van die NGSK betref) gevind in die vroeë kerk se belydenisse, in aansluiting by tye van *status confessionis* deur die geskiedenis van die kerk, by die Barmen-verklaring en by die opmerkings van Karl Barth hieroor. Later in hierdie hoofstuk sal verder hierop ingegaan word wanneer die teologie van Gereformeerde belydenisse bespreek word.

#### 5.5.3.2 Hoe vergelyk Belhar met algemene belydenis-tendense?

Die tweede vraag aan die NGSK (VGKSA) is: Hoe vergelyk hierdie riglyne met algemene tendense wat by ander Gereformeerde belydenisse voorkom? Hierdie vraag hang ten nouste saam met die vraag oor *wat* 'n belydenisskrif is. Oor presies *wat* 'n belydenisskrif is, met ander woorde, die kriteria van 'n egte konfessie, is daar al baie geskryf (sien bv. Jonker 1993; Doekes 1979; Noll 1991; Hartveld 1991; Barth 1925 en die klassieke werk van Schaff c1919).

Van Niekerk (1996) onderskei breedweg drie maniere waarop die term “belydenis” verstaan word. Dit dui op drie verskillende vorme van belydenisse wat deur die loop van die geskiedenis van die kerk na vore gekom het:

*Confessio* – spontane, dikwels persoonlike, maar beslis 'n situasiegebonde belydenisdaad ('n “gebeurtenis”, volgens O Weber)

*Symbolum* – skriftelike of mondelinge belydenisformule wat die eie ontstaansituasie transendeer om 'n gesamentlike geloofsverstaan daar te stel (bv. die Ekumeniese Belydenisse)

*Doctrina* – die leeruitsprake van 'n kerkgemeenskap waardeur eie identiteit afgegrens word (bv. die drie Formuliere van Eenheid)

(Van Niekerk 1996 :444)

Hoewel daar baie verskille voorkom wanneer die verskynsel van belydenisse ontleed word, is daar een ding wat ooreenstem: die Skrif gee nie 'n definisie van belydenisse (soos ons dit vandag ken), met 'n lys van eienskappe waaraan voldoen moet word nie. Wanneer oor die karakter van

Gereformeerde belydenis gepraat word, word dit vanuit 'n studie van bestaande belydenisse, verklarings en geskifte gedoen. Die gevolg hiervan is dat daar ook nie 'n standaard formule vir belydenisse bestaan nie, en daarom verskil belydenisse in vorm, doel en selfs inhoud van mekaar.

Wat inhoud betref, is daar 'n groot verskeidenheid van belydenisse. Van Niekerk (1996) verwys na die kernformulering van die Christelike belydenis as: "Jesus is die Here", en dat hierdie belydenis in 'n voortgaande proses deur die Heilige Gees in die kerk tot uiting gebring word. Jonker (1993:1-2) sien weer die mees basiese Christelike belydenis in die trinitariese formule: Vader, Seun en Gees. 'n Belydenis kan 'n baie kort stelling oor geloof wees of 'n meer uitgebreide dokument oor geloofsake wat deur 'n kerk opgestel is. Daar is ook geen voorskrif vir die temas waaruit die inhoud van 'n belydenis moet bestaan nie – dit word dikwels bepaal deur die spesifieke konteks waarbinne die belydenis opgestel is. Hiermee stem die Belhar Belydenis met ander Gereformeerde belydenisse ooreen.

Die aanhaling van Barth, waarmee hierdie hoofstuk begin het, plaas 'n belydenis binne die kader van die Kerk. 'n Kerk kan op 'n spesifieke oomblik in die geskiedenis die dringende nodigheid ervaar om 'n belydenis op te stel oor 'n gegewe kwessie, en wanneer daaraan uiting gegee word, is hierdie Kerk bloot gehoorsaam aan haar missie vir daardie oomblik. Al wat hierdie Kerk dan doen is om uiting te gee aan die geloof wat volgens haar besef op daardie stadium dringend na vore moet kom. In die Gereformeerde Kerk is hierdie geloof nie net blote stellings nie, maar juis die uitdrukking van 'n geloof wat deur die Skrif gevorm is. Die Belhar Belydenis het te midde van die NGSK tot stand gekom op dieselfde manier as waarvan Barth praat.

Op die webblad van die NG Kerk is 'n artikel van prof. Dirkie Smit (2006) beskikbaar, met die titel: *Die Gereformeerde siening van belydenis? Enkele algemene gedagtes*. Hy praat oor geloofsbelydenis of belydenisgeskifte as volg:

Selfs binne die Protestantse geledere self is dit egter ook nodig om fyner te onderskei. Só gebruik alle tradisies en geloofsgemeenskappe binne die Protestantisme natuurlik nie almal uitdruklik die term "geloofsbelydenisse" nie. Dis immers nie 'n tegniese term nie. Dit slaan nie net op spesifieke soort dokumente, wat volgens sekere generiese voorskrifte opgestel is en aan sekere algemene kriteria voldoen, sodat dit byna meganies moontlik is om te oordeel of sekere dokumente wel belydenisskrifte is, of dalk nie aan die kriteria voldoen nie. Enige sodanige benadering berus op formalistiese misverstande oor die aard van belydenisgeskifte.

(Smit 2006:1)

In die geskiedenis van die Gereformeerde belydenis, is die dokumente wat mettertyd die belydenisgrondslag van kerke geword het, nie almal van die begin af "belydenis" genoem nie. Dit

geld byvoorbeeld ook van die drie Formuliere van Enigheid: die Nederlandse *Geloofsbelydenis*, die Heidelbergse *Kategismus* en die Dordtse *Leerreëls*. So is daar ook die *Thirty-Nine Articles*, die *Formula of Concord* en die *Lambeth Articles*, en verskeie ander dokumente wat bloot *verklaring* (Eng.: declaration, bv. Barmen Verklaring) of *stellings* (Eng.: Theses, bv. Luther se Vyf-en-Negentig Stellings) genoem word (sien Noll 1991:16-17). Wanneer hierdie historiese ontwikkeling van belydenisse in gedagte gehou word, beteken dit dat nie net die Belhar Belydenis nie, maar ook ander dokumente van groot betekenis is vir die besinning oor die missie van die Kerk vandag: *Laudium Verklaring*, *Geloofsverklaring 2000*, en *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die NG Kerk*. Hoewel daar dus in hierdie studie klem gelê word op die missionêre waarde van die Belhar Belydenis, moet dit nie verstaan word as die enigste dokument wat 'n belangrike rol in die toekoms van die NG Kerk-familie kan speel nie. Ver al in terme van die gesprekke oor hereniging, behoort die genoemde dokumente saam met die Belhar Belydenis oorweeg te word vir toekomstige gebruik.

## 5.6 Konklusie oor besware teen die Belhar Belydenis

Tydens die Algemene Sinode van die NGSK in 1982 was dit, soos te verstane in 'n sinodesitting, nie moontlik om 'n studie te gaan maak oor al die verskillende fasette van belydenisse in die protestantisme nie. Die riglyne wat ds. Bam voorgestel het vir die opstel van 'n belydenis is deur die Sinode aanvaar. As dit van naderby bekyk word, sluit hy aan by die belydenisse van die vroeë kerk (Apostoliese Geloofsbelydenis en die Oosterse Leerreëls), die *status confessionis* en die Duitse teoloog Karl Barth (in aansluiting met die Barmen Verklaring). Hiermee is die Belhar Belydenis binne 'n bepaalde lyn van belydenisse opgestel.

Die Belhar Belydenis is in 'n "oomblik van waarheid" (Cloete & Smit 1984) as 'n "kreet uit die hart" (Botha 1998b:39) gebore. Om hierdie dokument op allerlei eksegetiese metodes of vanuit verskeie hermeneutiese beginsels te ontleed sal nie daaraan reg laat geskied nie. Dit is 'n belydenis. Dit is wat die NGSK bely het in 1982, en dit is die uitdrukking van die geloof wat sterk in die VGKSA leef. Geen teologiese kritiek of verwerping van die Belydenis kan daaraan verander nie.

Dit bring die studie weer terug na die dilemma van die herenigingsgesprek in die familie van NG Kerke. Die Belhar Belydenis het gekom om te bly. Die VGKSA het dié belydenis ingesluit in hul belydenisgrondslag. Wie ookal met die VGKSA in 'n kerkvereniging instap sal saam met die VGKSA ook die Belhar Belydenis ontvang. In die NG Kerk-familie het baie mense 'n weerstand teen die Belhar Belydenis. In die vorige hoofstuk (4.4) is uitgewys dat die struikelblok in die weg van eenwording nie in werklikheid die Belhar Belydenis is nie, maar eerder 'n inwendige teenstrydigheid. Hoe kan 'n dokument wat oor Bybelse eenheid, versoening en geregtigheid getuig, in die weg van eenheid, versoening en geregtigheid staan?

Die probleem is dat die herenigingsproses by die NG Kerk en die VGKSA 'n konflik van belange meebring. Die VGKSA kan nie by die doelwit van eenheid uitkom sonder die Belhar Belydenis nie. Die NG Kerk kan nie by die doelwit van eenheid uitkom met die Belhar Belydenis nie. Dit lyk na 'n tipiese "catch 22"! Wat is die uitweg? In die vorige hoofstuk is reeds voorgestel dat daar ten opsigte van die Belhar Belydenis na 'n hoër beginsel as die belydenis self gekyk moet word, ten einde die regte perspektief te verkry. In die studie oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis word voorgestel dat daar duidelikheid by beide die NG Kerk en die VGKSA moet kom oor die funksionering van Gereformeerde belydenis, want die inwendige teenstrydigheid in die herenigingsgesprek sentreer rondom aanvaarding aldan nie van belydenis (binne die raamwerk van twee Gereformeerde kerke, vir wie belydenis baie sterk op die voorgrond staan).

Omdat die Belhar Belydenis aansluit by die Barmen Verklaring waarby Karl Barth baie nou betrokke was, en omdat hy in die vorige eeu uitblink het in die bestudering, ontleding en verstaan van die Gereformeerde belydenis, sal Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse bespreek word as basis vir 'n nuwe verstaan van die rol wat die drie Formuliere van Eenheid, die ekumeniese belydenisse, die Belhar Belydenis en ander eietydse belydenis-verwante dokumente in die toekomstige missionêre Suid-Afrikaanse NG Kerk (-familie) kan speel.

## 5.7 Karl Barth se Teologie van Gereformeerde Belydenisse

### 5.7.1 Barth se 1923 lesings

Professor Eberhard Busch en sy navorsingspan van die *Instituut vir Barth Studies* (Universiteit van Göttingen) het in 1998 'n Duitse uitgawe van Barth se lesings (1923) oor die teologie van die Gereformeerde belydenisse gepubliseer. Darrel en Judith Guder (2002) het hierdie werk vertaal en uitgegee as *The Theology of the Reformed Confessions: 1923 – Karl Barth*. Hier kry mens te doen met 'n jong Barth voor Barmen (1934) en voor *Kirchliche Dogmatik* (1932-1970), wat uit die wêreld van die Switserse kerk (Safenwil) verhuis het na Göttingen om 'n Gereformeerde professoraat te beklee.

In die Voorwoord beskryf Busch (2002) die kerklike konteks waarbinne Karl Barth hom bevind het in die 1920's. Barth is deur Johann A Heilmann uitgenooi om die Gereformeerde professoraat in Göttingen op te neem, met een doel in gedagte, soos Heilmann in sy brief aan hom (Barth) skryf: "... I do not want to recreate something old an past, nor even less conjure up any confessional narrowness, but what I would like is that the charismata that the Lord has given to the Reformed branch of the church should not remain unused, forgotten, and scorned. Reformed Protestantism has a calling and should fulfill it to the blessing of German Christianity" (Busch 2002:vii).

Saam met Heilman kan die Gereformeerdes in Suider-Afrika sê: “Gereformeerde protestantisme het ‘n roeping en behoort dit tot die seën van die gelowiges in Suid-Afrika en Afrika te vervul”. Daarvoor is dit nodig dat die NG Kerk en alle ander vertakkinge van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika weer opnuut besin oor hul roeping en missie in Afrika. Die vraag is of die Belhar Belydenis, wat uit die bodem van die Suid-Afrikaanse Gereformeerde kerk afkomstig is, ‘n bydrae kan lewer tot ‘n beter begrip vir en beter uitlewing van hierdie missie. So ‘n bydrae bly moeilik solank daar in die familie van NG Kerke ‘n onverbiddelike verskil in denke oor die Gereformeerde belydenis is, wat net kan lei tot ‘n groter afstand indien daar nie in diepte daarna gekyk word nie. ‘n Kennis van die konteks van die Duitse Kerk waarin Barth hom bevind het en deur Busch beskryf word, kan help dat daar uit die verlede geleer word in plaas daarvan dat die negatiewe in die verlede herhaal.

Wat Heilman in gedagte gehad het, kan in verband gebring word met die konfessionele vernuwing van die Gereformeerde beweging wat aan die einde van die negentiende eeu ontstaan het. Hierdie beweging was aan die een kant ‘n reaksie op die wydverspreide liberalisme wat konfessionalisme verwerp het, en aan die ander kant teen die neiging tot “Lutheranisering” (wat neerkom op ‘n oordrewe klem op die gesag van die belydenis). Die beweging wat hier tot stand gekom het (en wat Heilmann in gedagte gehad het), het (a) in reaksie teen hierdie twee neigings baie duidelik gestel dat dit vir hulle belangrik is om die “Gereformeerde belange” te bewaar; (b) in aansluiting by die Duitse Lutherse *renaissance*, en parallel daarmee, ontstaan uit die konfessionele ontwaking van die negentiende eeu; (c) hulself ernstig gewy aan die erfenis van die “vaders”; en (d) goed ingepas by die konteks van die tyd, veral by die “Jong Gereformeerde Beweging” wat openlik anti-liberaal en ‘n konserwatiewe houding ingeneem het. (Sien Busch 2002:vii-viii)


Met sy aankoms in Göttingen (1921) het Barth hom in hierdie konfessionele konteks bevind sonder dat hy vooraf daarmee kennis gemaak het. Die Switserse kerk waaruit hy gekom het, was volgens Barth sedert die middel van die negentiende eeu “konfessioneel swak”, maar hy het in Göttingen met groot erns die Gereformeerde teologie bestudeer en onderrig (Busch 2002:viii). Barth se lesings van 1923, “*The theology of the Reformed confessions*”, kan beskryf word as ‘n nuwe ontwikkeling in sy teologiese denke, waar die dimensie van die Kerk al meer by hom ontwikkel het met sy bestudering van die Gereformeerde belydenisse. Barth se konsep van kerklike belydenis wat hier na vore kom, staan krities teenoor die konfessionele beweging wat hul beywer het vir die bewaring van “Gereformeerde belange”. Busch praat van ‘n “unresolved tension between two conceptions of confession that were hardly susceptible to harmonization” in die Gereformeerde beweging van die twintigs. Hierdie spanning het gelei tot ‘n skeuring wat die Gereformeerdes regdeur die Duitse Kerkstryd verdeel het in ‘n posisie van “bewaring van Gereformeerde belange”

teenoor 'n posisie van 'n Gereformeerde “amp van brandwag in diens van die totale kerk” (Busch 2002:ix – my vertaling), die posisie van Barth.

Is hierdie gebeure in Barth se tyd nie soortgelyk aan wat in Suid-Afrika tans gebeur nie? In die studie wat tot dusver onderneem is, het dit ook duidelik geblyk dat daar verskillende benaderings van belydenis, en spesifiek die Belhar Belydenis in die NG Kerk-familie is (sien punt 5.5.2.2.). Is dit hierdie verskillende benaderings wat die interne teenstrydigheid in die herenigingsgesprek veroorsaak? As daar in Duitsland destyds verdeeldheid in die kerk ontstaan het as gevolg van verskillende benaderings van belydenis, hoe kan die NG Kerk-familie in Suid-Afrika voortgaan met kerkhereniging sonder om hierdie verskille uit te klaar? Barth se *The theology of the Reformed confessions* (2002), *The desirability and possibility of a universal Reformed creed* (1925) en sy uiteensetting in *Church Dogmatics I,2* (1965:620-660) bied 'n deeglike studie van die Gereformeerde belydenisse, hul aard, funksie en gesag, wat 'n groot bydrae in hierdie gesprek in die NG Kerk kan maak.

Barth neem in sy beskouing van belydenisse 'n derde posisie in teenoor twee uiteenlopende pole: aan die een kant 'n siening wat 'n seleksie van belydenisse (byvoorbeeld die drie Formuliere van Enigheid) op 'n Lutherse manier vir alle praktiese doeleindes onaantasbaar en onveranderbaar beskou het deur daaraan 'n gesag soortgelyk aan die Skrif te gee; aan die ander kant 'n benadering wat uit die negentiende-eeuse liberale teologie kom, geen gesag in belydenisse gesien het nie, nie begrip vir die ontstaan en ontwikkeling daarvan gehad het nie, en dit bloot as historiese dokumente beskou het. Barth kan beslis nie van 'n konfessionalistiese óf 'n liberalistiese beskouing van belydenisse aangekla word nie.

Hoe lyk hierdie derde weg wat Barth inslaan? In kort kom dit daarop neer dat hy (a) die Gereformeerde belydenisse onderskei van die Lutherse benadering tot die *Formula Concordiae*, (b) die eiesoortige karakter van Gereformeerde belydenisse ontleed en (c) hierdie ooreenstemmende karaktertrekke verklaar in terme van Skrifgesag. In die huidige Suid-Afrikaanse debat oor die rol wat Belhar in die NG Kerk-familie kan en moet speel, is daar in 'n sekere sin 'n groot onsekerheid. Hierdie onsekerheid strem nie net die herenigingsproses nie, maar veroorsaak ook dat die (missionêre) waarde van die Belhar Belydenis misgekyk word. Die mate waarin die verskillende sienings van belydenis hierin 'n rol speel, kan verminder word deur 'n beter verstaan van die alternatiewe wat Barth bied. Om 'n begrip van sy derde weg te kry, sal dieper op die temas van (a)-(c) hierbo ingegaan word aan die hand van sy hoofstuk getiteld: *The significance of the confession in the Reformed church* (Barth 2002:1-37). In Skets 5.1. kan die posisie en “derde weg” van Barth skematies gesien word:



Skets 5.1. Barth se posisie tussen Liberalisme en Konfessionalisme

## 5.7.2 Die onderskeid tussen Gereformeerde en Lutherse benaderings

### 5.7.2.1 Ekumeniese openbare karakter van belydenisse

Die Lutherse belydenis is bedoel as 'n ekumeniese konfessie. Dit wil gesien word met dieselfde status en geldigheid as die belydenisse van die destydse (een) Europese Rykskerk. Die *Formulae Concordiae* impliseer dit deur die verskeie verwysings na die groot Lutherse konfessie, die *Augsburg Confession*, wat voorgelê is aan die *Keiser* in 1530. Dit is 'n *publieke* eerder as 'n *private* dokument. Volgens die *Formulae Concordiae* is die *openbare* aard 'n belangrike kenmerk van die konsep van 'n egte kerklike leer – die wydste moontlike gehoor moet daarvan kennis neem. Die vroeë Lutheranisme het die Keiserryk en sy kerk ondersteun en die voorlegging van hul geloof aan hierdie Ryk is gesien as die bevestiging van die ware katolieke geloof - daarom het die kerk aangedring op hierdie sigbare vorm van haar katolesiteit: die openbare lees van die dokument voor die Keiser en die Keiserryk. Die wye aanvaarding van die *Augsburgse Konfessie* kan slegs teen hierdie agtergrond verstaan word. Die waarde van dié dokument is nie soseer inhoudelik nie, maar lê in hierdie skynbaar eksterne aspek, wat vir die vroeë Lutherane alles behalwe ekstern was: Luther het hierdie dag waarop die belydenis voor die Keiser aangebied is, beskou as 'n vervulling van die woorde van Christus: "Wie My bely voor die mense... vir hom sal ek ook bely voor my Vader in die hemel." (Barth 2002:1-2)

Die Gereformeerde belydenisse het glad nie die *ekumeniese openbare* (publieke) karakter, wat vir die Lutherane van soveel belang was met die Augsburg konfessie van 1530 nie. In dieselfde tyd as Augsburg is twee Gereformeerde belydenisse aan die keiser voorgelê. Die een is 'n private belydenis van Zwingli (*Fidei Ratio*), wat nooit deur enige Gereformeerde kerk amptelik erken is nie. Die ander is die sogenaamde *Confessio Tetrapolitana*, maar die opstellers en ondersteuners van

hierdie belydenis het dit ten gunste van die Augsburg konfessie laat vaar. Die Gereformeerde kerk het dus nie daarin geslaag om die verbintenis met die *Roomse Keiserryk* en sy *keiserlike kerk* te maak soos die Lutherane wel vermag het nie. Luther het op 'n stadium verklaar dat die Rykdsag van Augsburg die “last trump before the day of judgement” was, want op daardie dag “our doctrine and faith were brought to light” deur die Konfessie (Barth 2002:8).

Die Gereformeerdes kon nie hierdie eskatologiese betekenis vir hul leerstellings toe-eien nie. Hul konfessies het van mekaar verskil en elkeen was uniek (*particular*), selfs al is dit in die naam van 'n hele land gepubliseer. Dit beteken dat die *katolieke waarde* van 'n Gereformeerde konfessie uitgeleef is en toegeken is na aanleiding van die relevansie en bruikbaarheid van die inhoud van daardie belydenis, soos in die geval van die Heidelbergse Kategismus. Die universaliteit van geloof, waarvoor die leiers van die reformasie hul beywer het, kon nie soos by die Lutherane in die verlede (as verlengstuk van die Romeins-Christelike Duits-Europa) lê nie, dit is iets waarvoor hulle hul moes beywer in die toekoms. Ekumeniese publieke erkenning is iets waarvoor gewerk en gebid is (in stilte), maar nie oor gepraat is nie. So 'n *partikulêre belydende kerk* kon die waarheid van haar belydenis *alleenlik* bewys en verdedig deur die verskeie kerke se verbintenis tot die Heilige Skrif en nie deur enige formele band met 'n universele kerk (bv. Luthers) of 'n normatiewe interpretasie van die Skrif (bv. Augsburg) nie. Daarom kom Barth tot die slotsom:

The legitimate pathway to universality is here the pathway of particularity. Certainly they sought with all urgency to move beyond that particularity – Calvin indeed did that – but they were content in the process to have a Genevan, an Emden, and a Heidelberg Catechism; a Dillenburger and Bentheim Confession; a Zurich, Genevan, and Bremen Consensus; and a Helvetic, Gallican, Belgic, Scots, Bohemian, and Hungarian Confession...That is the situation in which the Reformed confessional writings emerged. None of them is a 'public document'... in the strict sense of the term.

(Barth 2002:12)

#### 5.7.2.2 Eenheid in interpretasie

Vir Lutheranisme is die *eenheid* en die *verenigde* interpretasie van die belydenis uiters belangrik. Die *Formulae Concordiae* maak dit baie duidelik dat daar nie gepoog word om 'n nuwe belydenis op te stel nie, maar dat die *een ou konfessie* bely word. Al die ander (Lutherse) geskrifte in die versameling van die *Concordiae* is blote kommentaar op die een offisiële Lutherse leer soos dit in die Augsburgse Konfessie voorkom. Daar word met groot sorg verseker dat hierdie belydenis saamgevoeg word in 'n eenheid wat ook as sulks geïnterpreteer moet word.

Elke Gereformeerde belydenis is in effek 'n *unieke werk*, een van vele ander. Die opstellers van die Gereformeerde belydenisse het min daarin belanggestel om 'n belydenis vir *alle*



Gereformeerde kerke op te stel, of om hul eie belydenis op te gee ter wille van 'n ander, of om hul werk te laat invloei in 'n *algemene* belydenis vir alle Gereformeerde kerke. Hier word elkeen se eie benadering op 'n buitengewone manier gekombineer met 'n ewe-belangrike respek vir ander benaderings. Die Gereformeerde beweging het vir baie lank 'n sterk praktykgerigte koalisie en samewerking ontwikkel tussen die verskillende kerke, maar 'n opmerklieke swak neiging tot *konfessionele* eenheid. 'n Eenvormige formulering soos die Augsburgse belydenis mag dalk mooi en aantreklik klink, maar dit word nie vereis "bo alles" vir ooreenstemming tussen Gereformeerdes nie. Wat "bo alles" nodig is, is dat die leerstellings van die kerk oral en voortdurend *op die Heilige Skrif gegrond is* – en hiermee word nie *konfessionele eenheid* uitgedruk nie, maar die *konfessionele vryheid* van elke spesifieke kerk in sy verhoudings met ander.

Hierdie vryheid is 'n baie belangrike eienskap wanneer dit kom by die wedersydse aanvaarding van belydenisse in die Gereformeerde kerke. Die Heidelbergse Kategismus, byvoorbeeld, is seker die mees bekende van al die Gereformeerde geskrifte, wat gevestig geraak het bloot vanweë die dogmatiese en pedagogiese bruikbaarheid daarvan – in so 'n mate dat dit selfs verkies is bo Calvyn se Kategismus en ander bruikbare geskrifte. Dit is nie van belang of hierdie proses reg of verkeerd is nie, want dit het binne 'n vryheid plaasgevind wat nog altyd in die Gereformeerde konfessionele begrip teenwoordig was, soos Barth dit stel: "It happened in the freedom that was always openly or secretly characteristic of the 'confessional position' of the entire Reformed church, to the extent that one can even speak of such a thing. It was only in this way that a certain confessional universality could and can be achieved on Reformed soil" (Barth 2002:14).

Hierdie afdeling is van besondere waarde vir ons studie. Die waarde van die Belhar Belydenis kan nie onder dwang geskied nie. Wanneer dit 'n dwang-belydenis word, is dit nie meer in die gees van Gereformeerde belydenisse nie, en verminder die missionêre waarde daarvan, want dit weerspreek die Gereformeerde vryheidstradisie. Hierdie vryheid het nie veroorsaak dat kerke onafhanklik van mekaar voortbestaan het nie. Die volgende het deel gevorm van die konfessionele vryheid wat in die Gereformeerde wêreld aangetref is:

(a) Spesiale ooreenkomste kon tussen spesifieke Gereformeerde kerke of groepe kerke gesluit word. 'n Baie interessante en relevante voorbeeld van so 'n ooreenkoms is die aanvaarding van die Tweede Helvetiese Konfessie deur die Switserse kerke in 1566. Toe die Switserse Sinode hierdie Konfessie aanvaar het as een van hul belydenisse, het die verskillende gemeentes die reg gehad om hul instemming hiermee te gee. Die Switserse kerk het deur 'n aanvaardingsproses gegaan waar gemeentes mettertyd hul steun aan die Tweede Helvetiese Konfessie kon toesê. Hierdie aanvaardingsproses het toegelaat dat die oudste Switserse universiteitstad, Basel, tagtig jaar geneem het om instemming met hierdie aanvaarding te betuig (nadat dit, volgens Barth, van 'n tydperk van Lutheranisme herstel het!!). (Barth 2002:14)

Die implikasie hiervan vir herenigingsproses wat stuit op die aanvaarding van die Belhar-belydenis deur die NG Kerk: daar kan 'n klousule wees wat gemeentes die vryheid gee om Belhar te aanvaar as belydenis, maar die ruimte laat vir gemeentes om dit nie te aanvaar nie (soos by Switserland 1566). Uit punt (a) hierbo is dit leersaam dat die Gereformeerde kerke in Switserland, wat baie verdeeld was, tog daarin kon slaag om die Tweede Helvetiese Konfessie te aanvaar, op so 'n wyse dat sekere stede dit ook eers later kon doen. Dit wys dat eenheid in Gereformeerde kringe nie gebaseer is op eenheid in belydenis alleen nie, maar eenheid om in vryheid aan die Woord ondergeskik te kan wees.

(b) Verklarings van wedersydse erkenning van mekaar se belydenisse (bv. Nederland en Frankryk in 1583); en

(c) Wedersydse konsultasie, byvoorbeeld om hulp te vra van 'n Gereformeerde susterskerk in gevalle van besonder moeilike dogmatiese kwessies (bv. Dordt 1619-1619 teenoor die Arminiane);

(d) Akademiese versamelings van verskillende Gereformeerde konfessies. Waar hierdie werke gepoog het om 'n harmonie van Gereformeerde belydenis te bewerk, het dit nie veel ondersteuning gevind nie. Die latere belangstelling in sulke versamelings teen die einde van die negentiende eeu is eerder gemotiveer deur 'n historiese belangstelling en lê op 'n ander vlak as die sewentiende-eeuse versamelings van *Salnar* (Suid-Frankryk) en *Caspar Laurentius* (sulke pogings tot harmonie word deur Barth as on-gereformeerde bestempel).

Barth gee 'n samevatting van sy gedagtes oor die uniekheid van Gereformeerde belydenisse:

This illustrates the fact that the Reformed confession is, to be sure, a very particular house, but a house whose doors and windows are open in all directions. A Reformed theologian or Christian could or can regard, either by free choice or in terms of the origins of one's church, this or that confession as definitive for oneself. One could and can eclectically affirm all of them in order to take from each what is *personally meaningful*. If capable of doing so, one could or can follow the example of Zwingli, Bullinger, Calvin, or Elector Johann Sigismund, and with due respect for the others write *one's own* Reformed confession. The only thing one cannot do is to argue to oneself or to others that *one's own* confession is *the* Reformed confession. Reformed confessions, as long as and to the extent that they are Reformed, will always be *many* and not *one*.

(Barth 2002:16)

Hierdie eienskap van Gereformeerde belydenis is uiters belangrik vir wie op soek is na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis en stuit op die besware teen Belhar vanuit NG Kerk-

geledere. Dit is 'n antwoord op die vraag of nóg 'n belydenis naas die drie Formuliere van Enigheid nodig is. Die antwoord vanuit Gereformeerde agtergrond is: ja én nee. Daar is voortdurend ruimte vir belydenis vir die reformatoriese gelowige, maar die Gereformeerde wat tevrede is my die bestaande belydenisse kan ook daarmee volstaan.

Dit bied ook 'n antwoord op die vraag of Belhar “van buite af” op enige persoon of kerk afgedwing kan word. Die Gereformeerde antwoord: nee. Elke kerk en gemeente kan in volle vryheid self besluit of die Belhar Belydenis aanvaar behoort te word of nie. Nou is die vraag: As Belhar deur die NG Kerk as belydenis aanvaar word, beteken dit dat gemeentes en gemeentelede aan elke deel daarvan gebind word soos gelowiges gebind word deur die Heilige Skrif? Nee. Daar kan ruimte geskep word vir die belydenis, terwyl dit steeds onder kritiek van die Skrif staan om gewysig te word, omdat van gelowiges slegs 'n gehoorsaamheid aan die Skrif vereis word. Selfs al word die belydenis nie amptelik deur 'n kerklike vergadering aanvaar nie, kan die NG Kerk (-familie) steeds die waarde, en spesifiek die missionêre waarde daarvan ontgin en implementeer.

### 5.7.2.3 Verband met vroeë kerklike simbole

Volgens die *Formulae Concordiae* het hierdie een openbare belydenis van Lutheranisme die karakter van 'n kerklike simbool ('n credo of vroeë belydenis). Dit beskryf die Augsburgse Konfessie as “ons credo vir hierdie tyd” en wys daarop dat dit op dieselfde wyse as die Belydenis van Nicea tot stand gekom het. Daarom is *Augsburg* nie bedoel as 'n *nuwe* konfessie nie, maar volgens Luther word die oorspronklike antieke belydenis, wat aanvanklik deur Christus self gegee is, slegs opnuut bely.

'n Derde verskil tussen die Gereformeerde en Lutherse benaderings tot belydenis is dat die ouer Gereformeerdes nie hul belydenisse “boeke van simbole<sup>5</sup>” (*libri symbolici*) noem nie. Barth sê:

The Reformed confessions are precisely not symbols. They are called Confession of Faith (*Confessio fidei*) (this is the usual term), or Consensus or Catechism or Articles (*Articuli*) or Theses or Declaration. In other words, they do not want to be placed at the same level of dignity as the confessions of the first centuries, which belong to a higher order, so to speak.

(Barth 2002:16)

---

<sup>5</sup> Die Engels *symbol* is dalk meer bekend as die Afrikaans *simbool*. Dit verwys na die korter ekumeniese belydenisse wat uit die vroeë kerk afkomstig is, bv. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenisse van Nicea en Athanasius.

Die *Formula Concordiae* plaas die Augsburg-konfessie op dieselfde vlak as die vroeë belydenisse, maar vir die Gereformeerdes was dit nie van die begin af duidelik wat om met hierdie vraagstuk te maak nie. Dit het nie soseer oor die inhoud van belydenisse gegaan nie, maar oor die normatiewe aard daarvan. Die gedagte daaraan dat 'n historiese outoriteit tussen die Skrif en die hedendaagse situasie te staan gekom het, was vreemd vir die Gereformeerde siening van die algenoegsaamheid van die Heilige Skrif (sien bv. die Tweede Helvetiese<sup>6</sup> Konfessie in hierdie verband). Met uitsondering van die *Apostolicum*, waarvan die apostolisiteit en ooreenstemming met die Skrif onbetwis is, is dit volgens Barth eintlik 'n onvermydelike toegewing<sup>7</sup> wanneer die Gereformeerde belydenis van *simbool* praat, en dan slegs met verwysing na die antieke ekumeniese simbole. Hierdie toegewing het beteken dat daar deur die latere Gereformeerdes met eerbied na die vroeë kerklike simbole verwys is, sonder dat dit duidelik is presies waarom. Dit het nie soseer daaroor gegaan dat hierdie simbole nodig was nie, maar meer dat hulle nie die indruk wou skep dat hulle van die *credo's* verskil nie. Dit is die rede waarom, met die uitsondering van die Twaalf Artikels, die belydenisse baie min aansluit by, en slegs in die verbygaan melding maak, van die ekumeniese belydenisse.

Barth beklemtoon twee beginsels wat hierdie benadering tot die vroeë simbole verklaar. *Eerstens* verwys die Gereformeerde belydenisse baie duidelik na die gesag van konsilies en sinodes as *menslik* en *feilbaar*. *Tweedens* kan die Gereformeerdes nie 'n konsep aanvaar wat enigiets anders as die Heilige Skrif beskryf as gawe en openbaring van die Heilige Gees (aangaande geloof) nie. Barth kan dit seker nie sterker stel nie:

The simple reason is that, for the Reformed, that which is given and revealed by the Holy Spirit can only be the Holy Scriptures themselves. As a Reformed Christian, one firmly confesses *one's own* faith, certain that what one confesses is true, and concerned to demonstrate that one's confession is in agreement with the confession of all the faithful of all times. But, with one's confession, one does not claim to restore again the 'holy church of God in former times'...What is *given* and *revealed* in Scripture must not be confused with what one subsequently *confesses*, for which it is the eternal *origin*. The '*testimony of faith*' ('*testificatio fidei*') must orient itself to the 'truth of

---

<sup>6</sup> Die Tweede Helvetiese Konfessie en die Heidelbergse Kategismus is seker die bekendste twee belydenisse van die reformasie. *Helveties* verwys na 'n Switserse bodem.

<sup>7</sup> Barth wys dat Calvyn aanvanklik geweier het om die Credo van Athanasius te onderteken, omdat hy trou aan God, en nie aan Athanasius nie, belowe het. Later, toe hy beskuldig is van Arianisme, het hy 'n meer positiewe houding teenoor die vroeë kerklike simbole ingeneem.

Scripture' ('*veritas scripturae*'), as surely as it is the 'testimony of faith' ('*testificatio fidei*'), but it does not become in the process a kind of lower level or further development of Scripture. Scripture remains Scripture, unique, incommensurable, one of a kind. The Reformed confessions *were not able* to claim for the ancient church's symbols that higher level of holiness but, on the contrary, *denied* such a claim. With every acknowledgement of their content, their validity could only be seen in what they truly were, 'sincere expositions of the faith'... or, more clearly in Calvin's words, 'testimonies of inwardly conceived faith'.

(Barth 2002:20)

Hier is dus 'n groot verskil tussen die Lutherse benadering en die Gereformeerde benadering van belydenisse. Lutheranisme plaas konfessies van die reformasie op dieselfde vlak van gesag as die simbole uit die vroeë kerk, en daardie simbole het weer dieselfde geopenbaarde gesag as die Skrif. Daarom is die Wittenbergse gesegde: "God se Woord en Luther se lering sal nooit as te nimmer vergaan" (Barth 2002:21) vir Lutherane aanvaarbaar, maar ondenkbaar vir 'n Calvinis. Vir Gereformeerdes is die gesag van die geopenbaarde Woord van God uniek en op 'n ander vlak as enige ander menslike dokument. Alle ander dokumente is onderhewig aan kritiek, verandering, ondersoek en kan vervang word met 'n ander, beter dokument. Elke stelling in 'n belydenis is hoe ons, hier, nou, en vir die oomblik God se Woord uit die Skrif, en nie enige ander geloofs-artikel (deur mense opgestel), op 'n spesifieke manier verstaan.

Met 'n Lutherse benadering sou die implikasies van die Belydenis van Belhar wees dat daar nie eens besware daarteen ingebring mag word nie, want dit sou dieselfde tipe gesag as die Skrif dra, en daarmee ook ten minste alle gelowiges in Suid-Afrika se gewete kon bind op dieselfde vlak as die uitsprake van Jesus in die Evangelies. Dit is egter 'n dokument wat binne 'n Gereformeerde kerk sy ontstaan het, en eerder probeer getuig aangaande geloof van die NGSK (*ons*) in Suid-Afrika (*hier*) in die onlangse negentien-tagtigste (*nou*) binne 'n situasie van krisis en *status confessionis* (*vir die oomblik*) soos dit vanuit die Skrif verstaan is. Vanuit 'n Gereformeerde benadering is dit heeltemal in orde om hierdie belydenis te ondersoek, te ondervra, te toets aan die Skrif en te soek na sy waarde vir die Suid-Afrikaanse kerk en samelewing. Die vraag na die gesag van die belydenis is binne 'n Gereformeerde verstaan eintlik onnodig, want die enigste gesagvolle geskrif vir Gereformeerdes is die Skrif self, of belydenisse en geskrifte wat 'n kerk of 'n versameling gelowiges *aanvaar as gesagvol vir hul lewens*. Hierdie laaste gesag bly egter 'n relatiewe gesag in die sin dat daar nooit méér gehoorsaamheid aan 'n menslike geskrif behoort te wees as aan die Woord van God self nie. Waar gehoorsaamheid aan die Belhar Belydenis, of enige ander kerklike dokument, ongehoorsaamheid aan God beteken, is daardie belydenis of dokument waardeloos. Dit geld natuurlik vir enige ander menslike geskrif, belydenis of dokument.

#### 5.7.2.4 Veranderlikheid of permanensie van belydenis

Kerklike simbole (credo's) dra gesag omdat dit 'n kerklike simbool is, dit kan nie verander of vervang word nie. Dit bring 'n nuwe en ingewikkelde problematiek na vore. Die Concordia-konfessie (*Formula of Concord*) verkondig dat Augsburg slegs getuienisse aangaande die geloof is, wat wys hoe die Skrif in die kerk van God verstaan en geïnterpreteer is deur mense wat op daardie tydstip geleef het, maar Barth wys uit dat hierdie punt reeds verbysteek is. Hy verduidelik:

Since this witness is the witness of the true, ancient, universal faith, it must be understood as 'the unanimously received doctrine...that all our evangelical churches acknowledge and affirm, and in accordance to which, since it is taken from God's Word, all other documents are to be accessed and judged as to whether one should approve or reject them'...

(Barth 2002:3)

Die *Formulae Concordiae* is dus veel meer as slegs 'n getuienis aangaande die Skrif. Dit word op 'n vlak van gesag gelykstaande aan die Skrif geplaas. Deur 'n studie van die Concordia-konfessie en die implikasies van die gesag wat daaraan toegeken word, kom Barth tot die slotsom:

...I regard it as proven that the difference between Scripture and confession according to the teaching of the Formula of Concord is in fact only a quantitative one and not qualitative...No, in Lutheranism the Augustana is really more than a 'witness of the faith.' To put it another way, *as such* it is simultaneously an *authority* of faith, not mutable, but rather an *immutable* entity.

(Barth 2002:6)

'n Vierde verskil tussen die Gereformeerde en Lutherse benaderings tot belydenis het dus te make met die *permanensie van konfessies*. Waar die Lutherse Augsburg-Konfessie as 'n finale, onveranderlike en laaste trompetgeskal voor die einde van die eeue beskou word, het die Gereformeerde konfessies altyd 'n voorlopige aard. Ongeag hoe ernstig die bedoeling van Gereformeerde belydenis, hoe fel en kragtig teen sekere standpunte ingegaan is, of hoe wydverspreid die aanvaarding of steun vir sulke belydenisse was, dit is fundamenteel bedoel as bloot *voorlopige*, verbeterbare en vervangbare aanbiedings, nooit as 'n finale outoriteit waarteen ander geskryfte gemeet moet word nie. Slegs die Heilige Skrif dra hierdie soort outoriteit.

Daarom is daar by Gereformeerde belydenisse altyd die bereidheid om vanuit die Skrif en deur die Skrif gekorrigeer te word. Die ouer Gereformeerde bewussyn het hierdie aanvoeling dat hul

leerstellings nog vervolmaak moet word, gekombineer met 'n beslistheid waarmee hul lering neergelê is<sup>8</sup>. *Dit kom nie neer op 'n relativisme nie, maar eerder 'n waarheid wat relatief tot die Skrif gestel word.* Barth se opsomming hiervan:

The facts themselves shape the conclusion that the Reformed confessions essentially could not have the character of final words, as did the Lutheran. To be sure, there was a rigid orthodox theology on Reformed soil just as there was a Lutheran. But the source of knowledge of this orthodoxy was the Holy Scripture, interpreted through the internal witness of the Holy Spirit, which from about 1600 on could be replaced by reason illumined either by the Aristotelian or Cartesian tradition. It could never, however, become a symbol. What was lacking for the formation of a genuinely Reformed confessionalism, in spite of the pointed way in which the doctrinal differences were sensed and debated, was the one unchangeable confession like the one to which the Lutherans could always relate.

(Barth 2002:26)

Die vraag is of die Belhar Belydenis, nadat dit in 1986 deur die Sinode van die NGSK “finaal” gewysig is en aanvaar is, en nadat dit opgeneem is as vierde belydenis in die kerkorde van die VGKSA, nog verander kan word. As die vierde artikel, byvoorbeeld, op so 'n manier geformuleer is dat dit klink na 'n on-Gereformeerde bevrydingsteologie (volgens die eerste beswaar in *Die Kerkbode* hierbo bespreek), en dit 'n struikelblok vir eenwording met die NG Kerk is, waarom kan daar nie gesamentlik na 'n beter formulering gesoek word nie? Dit is te verstane dat die VGKSA op 'n besondere manier deur die uitleef van die Belhar Belydenis tot stand gekom het, en dat die Belydenis baie emosionele waarde vir die lidmate het, maar is dit genoeg rede om daaraan 'n onveranderbare gesag toe te ken? Binne 'n Gereformeerde benadering behoort daar altyd die moontlikheid te bestaan dat die Belhar Belydenis saam met ander gelowiges verfyn, herformuleer en gewysig mag word – veral as dit tot groter eenheid, versoening en geregtigheid gaan lei!

#### 5.7.2.5 Toewyding vereis aan belydenisse

Die resultaat van hierdie gesag wat aan die Augsburg Konfessie toegeken word, is dat dit 'n verpligting plaas op leraars in die kerk. “Lutheraans” beteken om die Skrif volgens die uitleg van die Augsburgse Konfessie te verstaan - in die praktyk en in realiteit beteken dit 'n interpretasie volgens die *Concordia*-konfessie se *konsep* van hierdie Skrifuitleg. Die *Concordia* deel in die

---

<sup>8</sup> Goeie voorbeelde hiervan is te sien in die Voorwoord van die *Skotse Konfessie* van 1560 en, in 'n mindere mate in die sinodale eed wat in die kerk van Zurich in die 17de en 18de eeue gebruik is (sien Guder & Guder 2002:25)

heiligheid en noodsaaklikheid van die geopenbaarde Woord van God, en daarom word iets van die bindende karakter, die verpligting wat met die Skrif saamgaan, ook daarop oorgedra. Dit het twee voordele. Eerstens is daar die voordeel teenoor die *Rooms Katolieke* Kerk dat die apokriewe en veranderlike gesag van die (Roomse) kerk se leer-amp vervang word met die belydenis van Luther se verstaan van die Bybel. Tweedens het dit ook die voordeel teenoor die *Gereformeerde* kerke wat vanuit verskeie kerklike bronne werk, maar nie die staande riglyn as beoordeling het van alle gedagtes en innoverings wat spruit uit die interpretasie van daardie bronne nie. (Barth 2002:31-33)

Hierdie laaste punt van verskil tussen Gereformeerde en Lutherse belydenisse, het te make met *toewyding aan 'n bepaalde belydenis*. Watter tipe “commitment” kan verwag word ten opsigte van belydenis? Barth toon aan dat daar eintlik nie 'n formule vir toewyding aan Gereformeerde belydenisse is nie. Hierdie punt word baie goed uitgelig in Barth se bespreking oor die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis, daarom is dit baie insiggewend om vir 'n oomblik hierby stil te staan.

### 5.7.3 Die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis

Nadat Karl Barth sy lesings oor die Gereformeerde belydenisse gegee het in 1923, het die vraag ontstaan of dit wenslik is, of selfs moontlik is, om 'n enkele, universele Gereformeerde belydenis op te stel – iets soortgelyks aan die Augsburg Konfessie. Hierdie vraag is relevant in dié opsig dat dit te make het met die afdwingbaarheid van 'n belydenis. In watter mate kan daar van die NG Kerk of NG Kerk lidmate “verwag word” om die Belhar Belydenis as 'n eie belydenis te aanvaar? In watter mate is slegs die drie Formuliere toelaatbaar in die kerkorde?

Barth het die vraag oor die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis beantwoord in 'n toespraak by die Wêreldraad van die Bond van Gereformeerde Kerke in Junie-Julie 1925. Hy begin met 'n definisie van die “Gereformeerde Geloofsbelydenis” soos dit in die geskiedenis voorkom:

A Reformed creed is the statement, spontaneously and publicly formulated by a Christian community within a geographically limited area, which, until further action, defines its character to outsiders; and which, until further action, gives guidance for its own doctrine and life; it is a formulation of the insight currently given to the whole Christian Church by the revelation of God in Jesus Christ, witnessed to by the Holy Scriptures alone.

(Barth 1962:112)



Op grond van hierdie definisie, gee hy verskeie redes waarom dit nie vir reformatore soos Calvyn nodig of wenslik was, en waarom dit ook nie op daardie stadium nodig of wenslik is om 'n universele Gereformeerde geloofsbelydenis op te stel nie. Vir die doel van hierdie studie sal ons een van hierdie redes kortliks bespreek.

Barth lê baie klem daarop dat 'n belydenis 'n tipe ooreenkoms is tussen gelowiges wat in eenheid leef. 'n Belydenis is nie 'n individuele saak nie, maar 'n saak waarin 'n groep gelowiges met mekaar ooreenstem. Dan is dit ook nie iets wat sommer net bely word nie. Dit handel oor geloof wat bely móét word. Die situasie waarbinne hierdie gelowiges hul saam (as eenheid) bevind, moet van so 'n aard wees, dat hulle nie anders kan as om hierdie Bybelse waarheid te bely nie. Hy voel so sterk hieroor, dat hy die opmerking maak: "A creed proclaimed where this human credibility and visibility of the confessing 'external body' was wholly lacking would violate both the Reformed concept of creed and the Reformed concept of Church" (Barth 1962:112). Omdat 'n sigbare eenheid van gelowiges nie moontlik is vir die ekumeniese kerk nie, is 'n universele Gereformeerde geloofsbelydenis nie wenslik nie.

As hierdie beginsel nou toegepas word op die NG Kerk-familie, beteken dit dat, hoewel die Belhar Belydenis sonder twyfel 'n belydenis van die VGKSA is, dit beslis nie op die oomblik wenslik sou wees om te verwag dat die NG Kerk dit nou as belydenis aanvaar nie. Die grootste rede hiervoor is die gebrek aan sigbare eenheid tussen die VGKSA en die ander lede van die NG Kerk-familie. Dit word so aangetoon in die Agenda van die Algemene Sinode van 2007:

\*4 Ons is verbind aan die VGK wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskrif nie.

\*5 Wat ons eie kerk betref, het ons 'n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskrif, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskrif nie.

(NG Kerk Algemene Sinode = NG Kerk 2007a:382)

Hoe kan die vier kerke van die NG Kerk verklaar: "Hierdie is ons gesamentlike belydenis", as die hele wêreld buite hierdie vier kerke duidelik kan sien dat hulle nie as 'n gesamentlike eenheid funksioneer nie? Dan is die verklaring van ('n gesamentlike) belydenis 'n leuen! Volgens Barth se redenasie is die voorvereiste vir so 'n gesamentlike verklaring van geloof, of belydenis van geloof, 'n duidelike en sigbare eenheid tussen die kerke wat saam hul geloof bely – iets wat nog nie waar

is binne die NG Kerk-familie nie. Daarom sê hy ook verder: "Any road to a universal creed which by-passes the concrete actuality of unitedness would not be a Reformed road." (Barth 1962:125)

Die implikasie hiervan is dat die Belhar Belydenis nie hanteer behoort te word asof dit noodwendig 'n gesamentlike belydenis gaan wees in 'n herenigde NG Kerk-familie nie. As mens kyk na die inligtingstuk wat in 2007 in die NG Kerk versprei is vir gesprekvoering, lyk dit asof die gedagte bestaan om Belhar so te hanteer:

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).

Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede, en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onself hiertoe.

(NG Kerk 2007a:383)

Dit blyk ook uit die resoluë wat by die tweede Achterberg vergadering gemaak is:

1.1 Die Belydenis van Belhar is nie 'n voorwaarde vir kerkhereniging nie.

1.2 In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om Belhar te aanvaar of daarvan afstand te doen. In 'n nuwe kerkverband word Belhar as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskryf (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.

1.3 Die waarde wat Belhar as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

(NG Kerk 2007a: Moderamen Bylaag 2)

Dit plaas beslis nie die Belydenis in 'n ondergeskikte posisie nie, want die Belhar Belydenis is 'n egte belydenis wat onder bepaalde omstandighede nie anders kon as om bely te wees nie. Dit is

‘n belydenis van die NGSK, en dit is ook ‘n ooreengekome belydenis van die VGKSA. Dit is egter nie ‘n belydenis van die breër NG Kerk-familie nie, en om dit op enige stadium “outomaties” deel te probeer maak van enige van die ander lede van die NG Kerk-familie is nie ‘n Gereformeerde werkswyse nie. Van die staanspoor af sal daar in ‘n herenigingsproses die openheid moet wees dat die Belhar Belydenis slegs outomaties, ná ‘n eenwording, die belydenis sal bly van diegene wat *dit tans as belydenis aanvaar*. Die nuwe (te stigte) herenigde NG Kerk sal die vryheid moet hê om in hul nuutgevonde eenheid saam ‘n belydenis of verklaring uit te reik wat iets van daardie sigbare, gesamentlike geloof verwoord.

Kan die Belhar Belydenis hierin ‘n rol speel? Definitief ja, maar net so kan die *Laudium Verklaring* en enige ander Gereformeerde dokument. Enigiets anders sal nie eg Gereformeerde wees nie. Enigiets anders sal ‘n bespotting van die Belhar Belydenis én die Skrif wees. Watter nut het dit as die NG Kerk-familie die Belhar Belydenis erken as belydenis, maar dit word nie gedoen omdat dit ‘n opregte belydenis in die harte van gelowiges in eenheid is nie? Uit die besware wat hierbo bespreek is, is daar ook groot rede om te verwag dat die Belhar Belydenis nie binnekort deur almal in die NG Kerk bely sal word nie.

Dit beteken egter nie dat die Belhar Belydenis onbelangrik is nie. Dit bly ‘n belydenis wat ‘n belangrike missionêre waarde vir die NG Kerk-familie inhou. Om ‘n rol te speel as dokument wat die NG Kerk missionêr help met haar roeping tot inheemswording in Suid-Afrika, is dit nie nodig dat die Belhar Belydenis deur almal as belydenis aanvaar hoef te word om waarde te hê nie. Dit kan steeds ‘n kragtige instrument in die inheemswording van die Kerk wees. Dit is *hierdie* missionêre waarde wat ondersoek word in die huidige studie. Die implikasies van die studie sover vir die herenigingsproses en die belydenisgrondslag van die Kerk sal nou bespreek word.

## 5.8 Implikasies vir die herenigingsproses en die belydenisgrondslag

Beide die voorlopige aard van Gereformeerde belydenisse en die groot verskeidenheid belydenisse in die Gereformeerde kerke het dit onmoontlik gemaak om van *een* Gereformeerde kerk te praat in die sin van een Lutherse kerk. Beteken dit dat die verskeidenheid en verdeeldheid van die Gereformeerde kerke ‘n swak punt of ‘n onvermydelike resultaat van hul sterkste oortuiging oor die unieke gesag van die Skrif is? Soos hierbo reeds gesê is, in die Gereformeerde tradisie word nie gesoek na *konfessionele eenheid* nie, maar daar is ‘n sterk klem op *konfessionele vryheid* van elke spesifieke kerk in sy verhoudings met ander. Die saambindende faktor, wat “bo alles” nodig is, is dat die leerstellings van die kerk oral en voortdurend op *die Heilige Skrif gegrond is*. Hierdie vryheid is ‘n baie belangrike eienskap wanneer dit kom by die wedersydse aanvaarding van belydenisse in die Gereformeerde kerke.

Maar dit is nie al nie. Newbigin gee ook 'n sleutel vir gebruik in hierdie situasie. In sy interkulturele missionêre ontmoeting wys hy op die vormingskrag van die Skrif in elke konteks of vir elke wêreldbeskouing. As daar in ag geneem word dat die lidmate van die NG Kerk en die VGKSA binne verskillende denkraamwerke leef, sal dit sin maak om te soek na 'n gesamentlike belydenis, of selfs 'n belydenis wat deur beide kerke ewe sterk aanvaar word, solank die lidmate in verskillende "wêrelde" leef, en dus voordat daar 'n hereniging plaasgevind het?

Die effek van apartheid is nou nog sigbaar, naamlik dat die mense van die NG Kerk en die mense van die VGKSA se leefwêreld dikwels ver uitmekaar is. Die realiteit van hierdie sosio-politieke geskeidenheid is wel besig om geleidelik te vervaag in 'n na-apartheid samelewing, veral in die stedelike gebiede, maar daar kan nog steeds gepraat word van verskillende denkraamwerke in die NG Kerk en die VGKSA (en die res van die NG Kerk-familie). Die herenigingsproses is op die oomblik te sensitief om op groot skaal by te dra tot 'n wedersydse begrip tussen hierdie wêreld. Sou eenwording tussen die NG Kerk en die VGKSA te vinnig plaasvind, kan kerkskeuring die gevolg wees, wat in elk geval negatiewe gevolge sal hê vir die dialoog tussen die wêreld van die NG Kerk en die VGKSA.

Hoe kan hierdie situasie opgelos word? Die realiteit is dat die Belhar Belydenis, die Laudium Declaration, Kerk en Samelewing en Geloofsverklaring 2000 almal dokumente is wat besondere waarde vir verskillende mense in die NG Kerk-familie het. Daar is geen rede waarom hierdie dokumente nie in die belydenisbasis van 'n toekomstige kerkorde vir die NG Kerk-familie opgeneem kan word, terwyl die "partikuliere" aard van hierdie dokumente beklemtoon word nie. Terselfdertyd kan die dilemma van die inwendige teenstrydigheid met die Belhar Belydenis opgelos word sodat 'n kerkhereniging kan plaasvind in vryheid.

Op die oomblik onderskei die Kerkorde van die NG Kerk die belydenisgrondslag as volg:

1.3 Die belydenisgrondslag wat die NG Kerk onderskryf en waaraan hy hom gebonde ag, is:

1.3.1 Die drie ekumeniese belydenisse, nl. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, wat die NG Kerk met die meeste ander Christelike kerke deel.

1.3.2 Die drie Formuliere van Eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat die NG Kerk met 'n aantal gereformeerde kerke deel en wat die eiendomlike van die NG Kerk is.

(NG Kerk 2004:91)

As daar in gedagte gehou word dat die Belhar Belydenis (en die ander genoemde dokumente) van groot (missionêre) waarde is vir die NG Kerk, en dat hierdie dokumente nie gaan verdwyn met 'n kerkhereniging nie, is dit nie 'n teken van Bybelse liefde, verdraagsaamheid en respek om wedersyds erkenning te gee vir dokumente wat al die kerke met hulle saambring in 'n herenigde kerk nie? Eintlik is al hierdie dokumente nodig sodat die verskillende wêrelde waarin die lidmate van die NG Kerk-familie leef, aangespreek kan word in die besinning oor die missie van die familie van NG Kerke as 'n nuwe Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk.

Daar kan byvoorbeeld voorsiening gemaak word in 'n toekomstige Kerkorde vir "eietydse belydenisse, verklarings en getuienisse" waarvoor ruimte toegelaat word in terme van formele aanvaarding, maar wat op verskillende maniere in die Kerk gebruik kan word – onderhewig aan die gesag van die Skrif. Hierdie dokumente kan waarde toevoeg tot die missionêre besinning in die Kerk, en kan selfs lei tot die vorming van 'n gesamentlike eietydse belydenis of verklaring. Waar Barth baie klem lê daarop dat die eenheid van Gereformeerdes in hul vryheid onder gesag van die Skrif geleë is, het die familie van NG Kerke ook nog die realiteit dat hulle 'n eenheid besit in belydenis in terme van die drie Formuliere van Eenheid en die drie Ekumeniese belydenisse. Hierin lê alreeds 'n gesamentlike konfessionele basis. Die sake waaroor dit in die Belhar Belydenis gaan sal veel beter 'n realiteit kan word met so 'n klousule van "eietydse belydenis in vryheid" as wat dit op die oomblik gedien word terwyl die NG Kerk-familie nie tot hereniging kan oorgaan nie.

In die Kerk kan dit nie anders gebeur nie. *As die gelowiges in die NG Kerk-familie hul roeping en missie in Suid-Afrika ernstig opneem, móét hulle eenvoudig 'n weg vind om hul medegelowiges in liefde te hoor en te lei tot die eenheid van die Gees (Ef. 4).* Dit geld vir diegene wat die Belydenis van Belhar aanvaar as hul belydenis, sowel as vir diegene wat Belhar nie kan aanvaar nie. Dit geld vir diegene wat Laudium kan aanvaar, sowel as vir diegene wat dit nie doen nie. Dit geld vir dié wat Kerk en Samelewing onderskryf, sowel as vir hulle wat dit nie wil onderskryf nie.

## **5.9 Die missionêre implikasies van Karl Barth se insigte oor die karakter van Gereformeerde belydenisse**

Die missionêre implikasies van Karl Barth se beskrywing van die karakter van Gereformeerde belydenisse word duideliker binne die raamwerk van David Bosch (1991) se beskrywing van die missionêre paradigma waarbinne die Kerk haarself vandag bevind. Bosch (1991:368) praat van 'n "emerging ecumenical missionary paradigm" vir die hedendaagse Kerk.

Hy verwys na 'n belangrike verskuiwing wat plaasgevind het in die konferensies oor wêreldsending vanaf 1910:

The distinction between Christian and non-Christian countries was in principle abandoned. This meant that Europe and North America, too, had to be regarded as mission fields. The dividing lines no longer ran between "Christianity" and "paganism", between the church and the world, but through the church as well. We are all, at best, "Christopagans"...there has been an almost imperceptible shift from an emphasis on a church-centered mission (Tambaram) to a mission-centered church...The *missio Dei* institutes the *missiones ecclesiae*...In a pamphlet published soon after the Ghana Assembly, Newbigin summarized the consensus that had by now been reached: (1) "the church is the mission", which means that it is illegitimate to talk about the one without at the same time talking about the other; (2) "the home base is everywhere", which means that every Christian community is in a missionary situation; and (3) "mission in partnership", which means the end of every form of guardianship of one church over another (1958:25-38)

(Bosch 1991:370)

Hierin word 'n belangrike missionêre ontwikkeling sigbaar, wat groot implikasies inhou vir die verhouding tussen kerke in die wêreld, maar spesifiek ook in Suid-Afrika. Die kerk is sending, of anders gestel, die kerk is missionêr van aard. Elke Christelike gemeenskap bevind hom in 'n missionêre situasie. Sending is 'n missie wat in vennootskap met ander kerke moet plaasvind om effektief te geskied. Die ou sendingverhouding moet plek maak vir ekumeniese vennootskappe wat op alle vlakke van die samelewing 'n impak maak. Gelowiges van verskillende kerke, of verskillende gemeentes binne een of meer denominasie(s) vat hande om die nood rondom hulle, en verder weg, raak te sien en te verlig. Wanneer Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse hiermee in verband gebring word, beteken dit dat daar 'n groter openheid tussen kerke kan ontstaan wat verskillende belydenisse het, maar 'n gemeenskaplike onderhorigheid aan die Skrif beoefen. Dit het vérreikende gevolge vir ekumeniese verhoudings, vennootskappe, samewerking en assosiasies tussen gemeentes.

As dit toegepas word op die verhouding tussen die familie van NG Kerke, kom een element sterk na vore: die interne verhoudings tussen die verskillende lede van die NG Kerk is op sigself 'n sendingveld. Hierdie kerke bevind hul in 'n land wat 'n missionêre situasie genoem kan word. Indien die NG Kerk-familie haar sending binne hierdie missionêre situasie (Suid-Afrika) effektief wil laat plaasvind, sal dit slegs in vennootskap met mekaar kan plaasvind. Die land roep daarna.

Die beginpunt hiervan is om indringend na mekaar te begin luister, maar om dit te doen sal die grense van die verlede oorgesteek moet word in 'n doelgerigte, georganiseerde poging om by mekaar uit te kom. Gemeentelede sal die grense van ou groepsgebiede moet oorstek om by hul medegelowiges aan die “ander kant”, in die “ander wêreld” uit te kom. Daar sal hulle in eerlikheid met mekaar moet praat oor geregtigheid, versoening en eenheid. Versoening is eers moontlik as niemand veronreg voel deur die ander nie. Eenheid is eers moontlik as mense met mekaar versoen word (omdat hulle met Christus versoen is).

### 5.10 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat:

- 1) Besware teen die Belhar belydenis te make het met uiteenlopende persepsies van Belhar, en verskillende benaderings in die gebruik en aanvaarding van belydenisse.
- 2) Die gedagte om aanvaarding van 'n belydenis te stel as voorwaarde vir kerkhereniging nie 'n Gereformeerde benadering is nie.
- 3) Die gedagte om die drie Formuliere van Eenheid as algenoegsame belydenisse vir alle tye te sien, ook nie 'n Gereformeerde benadering is nie.
- 4) Die missionêre waarde van Belhar daarin lê dat dit die gesprek oor egte belydenis geopen het vir 'n Suid-Afrikaanse konteks.
- 5) Die Gereformeerde benadering van belydenisse 'n alternatiewe deur oopmaak vir die gebruik van die Belhar Belydenis wat beide die positiewe én negatiewe emosies daar rondom in ag neem, sodat die interne teenstrydigheid van die eenwordingsproses ontkom kan word.
- 6) Die Gereformeerde benadering van belydenisse maak dit moontlik dat Belhar deel kan word van 'n gesprek oor belydenis ná hereniging en saam met ander dokumente soos Laudium, Geloofsverkering 2000, ens.
- 7) Die Belhar Belydenis steeds missionêre waarde het en as instrument tot inheemswording aangewend kan word, sonder dat dit as 'n belydenis aanvaar word.

## HOOFSTUK 6

### DIE MISSIONÊRE WAARDE VAN DIE BELHAR BELYDENIS VIR GEMEENTES EN LERAARS VAN DIE NG KERK

In Hoofstuk 1 is verwys na Burger se stelling, dat “...die meeste van hierdie ander gestaltes (van die kerk) alleen bestaan op grond van die werk wat in gemeentes gedoen word”, en is die uitgangspunt gestel dat die missionêre betekenis van die Belhar Belydenis vir die plaaslike gemeente die primêre fokus van die studie is. In hierdie Hoofstuk word aandag gegee aan die teologiese verstaan van die betekenis van Belhar in die leefwêreld van die gemeentes en leraars van die NG Kerk. In die eerste deel van hierdie Hoofstuk gaan stilgestaan word by die uitgangspunt of basis-vraag vir ‘n gesprek oor die Belhar Belydenis binne die NG Kerk, en ook binne die NG Kerk-familie. Daarna gaan aan die hand van Goheen (Newbiggin) en Barth aangetoon word waarom dit so ‘n belangrike uitgangspunt (basis-vraag) is, en hoe dit die debat oor die Belhar Belydenis (en die hereniging met die VGKSA) raak.

In die tweede deel van die Hoofstuk word praktiese riglyne gegee vir die voer van ‘n debat oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis in die NG Kerk. Daar sal veral aandag geskenk word aan die rol van gemeenteleraars en –leiers in hierdie debat.

In die derde deel van die Hoofstuk word ‘n verwysingsbron saamgestel van aktuele temas wat ter sprake mag kom in ‘n debat oor die Belhar Belydenis.

#### 6.1 Die basis-vraag oor die Belhar Belydenis: Missionêre waarde

Die gesprek oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is nog nooit gevoer nie. In die NG Kerk kom die Belhar Belydenis op die oomblik grotendeels ter sprake binne die raamwerk van die herenigingsgesprek met die VGKSA. Dit kom duidelik na vore in die aanpak van die inligtingstuk wat in 2007 aan gemeentes versprei is: *Kerkhereniging van die familie van NG Kerke: Inligting oor die voortgaande konsultasieproses* (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007b). Vir baie lidmate van die NG Kerk is dit ook die hoofrede waarom daar enigsins aandag geskenk word aan hierdie belydenis. Daarom gebeur dit dat lidmate wat negatief voel oor die Belhar Belydenis, ook dikwels negatief is teenoor die hereniging, terwyl ander wat negatief is oor hereniging, ook dikwels negatief is oor Belhar.

Die *Kerkbode* berig oor die resultate van die konsultasieproses oor kerkhereniging in die Noordelike Sinode as volg: “Die sinode se lidmate voel soos elders in die land sterk oor die



Belydenis van Belhar. Die posisie van dié belydenis het geweldige sterk reaksie uitgelok. In letterlik elke respons was daar ‘n opmerking oor die Belydenis van Belhar – meestal negatief.” (Noorde sê oor hereniging: 22 Februarie 2008 A-C3).

Die vraag is of die Belhar Belydenis tot sy reg kom binne hierdie gesprek oor kerkhereniging. Hierdie studie wil dit nog sterker stel: Word die missionêre waarde van die Belhar Belydenis enigsins in ag geneem in die wyse waarop die gesprek oor dié belydenis tans tot ‘n onderdeel van die gesprek oor hereniging gereduseer word?

Die Moderamen van die NG Kerk maak byvoorbeeld die volgende stelling ten opsigte van die belydenisgrondslag in die herenigingsproses.

3.2 Die Moderamen verstaan dat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA en vir sommige lidmate van die NG Kerk van besondere teologiese waarde en sentiment is. Terselfdertyd besef ons, veral ook na die gemeentekonsultasies, dat die Belydenis van Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk nie as vierde belydenisskrif aanvaarbaar is nie.

3.3 Die Moderamen besluit dat enige toekomstige hantering van die saak beide hierdie standpunte moet bly respekteer.

(Besluite van die uitgebreide Moderamen oor kerkhereniging, 11-12 Junie 2008, punt 3)

In hierdie stelling gaan dit slegs oor die vraag of Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk as vierde belydenis aanvaarbaar is of nie. Word hier nie eerder op ‘n tipies demokratiese manier te werk gegaan met die Belydenis van Belhar, as op ‘n missionêre wyse nie? Nóg in die verslag, nóg in die besprekingsdokument word gevra: “Kan die Belhar Belydenis die NG Kerk-familie help met haar missie in Suid-Afrika?”. Die suggestie word nie eens gelaat dat die Belhar Belydenis missionêre waarde (of enige ander tipe waarde) vir die NG Kerk het of kan hê nie – selfs al aanvaar die meerderheid lidmate dit nie as vierde belydenis nie, en al is dit nie tans ‘n belydenis van die NG Kerk nie. Die stelling laat eerder die suggestie dat die “stem” van die lidmate die finale sê oor die belydenis is.

Hierdie benadering weerspieël ‘n baie gevaarlike leierskap-tendens wat nie in die Kerk (Liggaam van Christus) tuishoort nie, naamlik ‘n tendens wat vir mense vra: “Wat dink julle?”, sonder om eers te vra: “Wat wil U, Here?”. Hierdie vraag: “Wat wil U, Here?”, is die missionêre vraag: “Hoe kan ek deelneem aan die *Missio Dei*?” Dit is die vraag wat kerklike leierskap in die eerste plek behoort te vra. So ‘n vraag begin by die soeke na die woorde en daede van God in hierdie wêreld (*Missio Dei*), soos Hy dit openbaar in sy Woord (Skrif) en dit bevestig met magtige gebeure in die

geskiedenis, en gaan voort deur menslike woorde en daede van gehoorsaamheid aan God, wat daartoe lei dat die Liggaam van Christus deelneem aan die *Missio Dei*<sup>1</sup> van haar Hoof. "...aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Efesiërs 1:22-23).

Die vraag wat oor die Belhar Belydenis gevra word is uiters belangrik vir die uitkoms van die gesprek oor die belydenis. Wanneer in hierdie studie gepraat word van die *missionêre waarde* van die Belhar Belydenis vir leraars en gemeentes van die NG Kerk, gaan dit oor een van die *belangrikste en eerste vrae wat gevra behoort te word deur die leiers van gemeentes*. In die NG Kerk is die leiers in gemeentes hoofsaaklik die "dominees" en kerkraadslede (kerkordelik), maar ander gelowige mans en vrouens staan in verskillende ander leiersposisies (in die praktyk)<sup>2</sup>, en hulle behoort dieselfde vraag te vra binne hulle kring. Vrae soos "Hou jy van die Belhar Belydenis?"; "Wat dink jy van die Belhar Belydenis?"; "Sal jy die Belhar Belydenis aanvaar as belydenis?"; "Wat beteken die Belhar Belydenis vir die VGKSA?", is eintlik verkeerde vrae om die gesprek oor Belhar te inisieer. Hierdie studie het aangetoon dat, vir die Liggaam van Christus, die volgende vraag een van die belangrikste is (indien nie dié belangrikste nie): "*Wat is die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk vandag?*". Wanneer leierskap oor die Belhar Belydenis praat, behoort hierdie vraag dus een van die uitgangspunte in die gesprek te wees.

Wat behels hierdie *missionêre* vraag?

## 6.2 Wat die vraag na die missionêre waarde van Belhar behels

Die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis kan ook as volg gestel word: "Hoe kan die Belhar Belydenis die NG Kerk help om haar roeping, taak of missie in Suid-Afrika (en wyer) te vervul?" Dit is die vraag oor hoe die Belhar Belydenis daartoe kan bydra dat die NG Kerk gehoorsaam aan God kan wees in hierdie uithoek van die aarde. Dit is die vraag oor die bydrae wat die Belhar Belydenis kan lewer tot die beantwoording van die wesensvrae waarmee gelowiges en die Kerk vandag in Suider-Afrika worstel.

### 6.2.1 *Insigte van Goheen & Newbigin*


Dit is belangrik om die uitgangspunt raak te sien dat dit nie hier gaan oor die vraag "of" die Belhar Belydenis missionêre waarde het vir die NG Kerk nie, maar eerder "wat" hierdie waarde is. Waarom gaan hierdie studie van so 'n veronderstelling uit? Die antwoord hierop lê in die

---

<sup>1</sup> Sien hoofstuk 2, punt 2.2.2 vir 'n bespreking van die *Missio Dei*.

<sup>2</sup> Hier word bv. gedink aan kommissielede, omgeegroep/kleingroep/selgroep-leiers, span-sameroepers, spanlede en verskeie ander vorme van organisasie wat nie noodwendig in die Kerkorde omskryf word nie, maar wel in die praktyk 'n leidende rol speel.

bespreking van die kruis-kulturele dialoog van Newbiggin (Goheen) in Hoofstuk 3 (3.4.3). Hierdie kruis-kulturele dialoog illustreer die spanningsveld wat tot stand kom waar die evangelie (deur die Skrif-verkondiging) van een wêreldbeeld na 'n ander oorgedra word. In SKETS 6.1 hieronder word dit weer uiteengesit vir die doel van hierdie Hoofstuk. Die spanningsveld is toe te skryf aan die verskillende maniere waarop mense die Woord van God “hoor” (a, b) vanuit verskillende beskouings van die werklikheid. Hierdie spanningsveld lei daartoe dat die “ontvanger” van die evangelie (c) die Skrif vanuit sy/haar milieu begin “hoor”, en op so 'n manier 'n gespreksvennoot oor die evangelie word, eerder as 'n blote “ontvanger” van 'n boodskap. Sodoende word die “ontvanger” (c) nou die “verkondiger” en die aanvanklike “verkondiger” (d) is die nuwe “ontvanger”.




SKETS 6.1 Kruis-kulturele missionêre ontmoeting

Die logiese uitvloeisel hiervan is dat 'n mens eintlik nie meer met 'n *dialoog* te make het nie, maar met 'n *trialoog* – tussen God, verkondiger en ontvanger (drie-riktig gesprek). God praat met (d) en inspireer hom/haar om die boodskap wat hy/sy ontvang het oor te dra aan (c). (d) staan egter in 'n bepaalde konteks en wêreldbeeld wat in sekere opsigte sy/haar verstaan van die Boodskap verhelder en in ander opsigte belemmer. God praat egter ook met (c) – nie net via (d) nie, maar ook direk vanuit die Skrif. (c) hoor (d) se boodskap, wat eintlik van God afkomstig is, maar luister vanweë sy/haar anderse wêreldbeeld en/of sosio-ekonomiese konteks op 'n ander manier. Sy/haar wêreldbeeld verhelder in sekere opsigte (soms verskillend van (d) s'n) die Boodskap van God, maar in ander opsigte belemmer daardie wêreldbeeld en/of sosio-ekonomiese konteks ook die verstaan van die Boodskap. Vanweë die beperkings van hul eie wêreldbeelde kan nie (d) óf (c) daarop aanspraak maak dat hulle die Boodskap van God in sy volheid ken of verstaan nie, en daarom is die kruis-kulturele trialoog uiters belangrik vir 'n ryker verstaan van die Evangelieboodskap.

Dieselfde proses wat deur Goheen beskryf word as 'n kruis-kulturele missionêre ontmoeting in terme van 'n sendeling wat die Evangelie aan 'n persoon van 'n ander kultuur verkondig, het plaasgevind in die Evangelieverkondiging in die NG Kerk-familie gedurende die negentiende en

twintigste eue. Toegepas op die NG Kerk en die NGSK, kan dit voorgestel word deur SKETS 6.2:



SKETS 6.2: Kruis-kulturele missionêr-kerklike ontmoeting

Op 'n heel vereenvoudigde vlak<sup>3</sup> gesien, het die NG Kerk<sup>4</sup> in samewerking met die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap die Evangelie aan die slawe en Hottentotte (of, die sg. “nie-blankes”) aan die Kaap verkondig gedurende die agtiende en negentiende eue (Smith 1972:14, 34-35). In hierdie tyd het die “oefenhuis” tot stand gekom, waar die “nie-blankes” wat die Evangelie aangeneem het saam kon aanbid (1972:34). Mettertyd het die kerklike strukture so uiteengevloei dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1881 gestig is. Die NG Kerk en die NGSK se paaie het geleidelik al hoe verder uitmekaar beweeg, tot en met die krisistyd wat in Hoofstuk 4 (4.2.1) beskryf word. Presies 'n eeu later, in 1982, word die Belhar Belydenis geskryf. Hierdie belydenis kan gesien word as die NGSK se antwoord vanuit haar wêreld-ervaring (4.2.3.1 praat van twee wêrelde) op die Evangelie wat sy van die NG Kerk ontvang het, en vir 'n eeu lank laat tuiskom het in eie boesem.

Omdat ons hier met 'n dialoog te make het, waar God, NG Kerk en NGSK (vandag: VGKSA) met mekaar in gesprek is, behoort geen persoon, gemeente of sinode van die NG Kerk om watter rede ookal die boodskap van die Belhar Belydenis te negeer of ignoreer nie, want dáárin word nie slegs die antwoord op die Evangelieverkondiging (van die NG Kerk) aan die VGKSA (NGSK) verwoord nie, dáárin kom God self deur 'n bepaalde segment van Christus se Liggaam op aarde en deur die Skrif aan die woord. In die Belhar Belydenis praat die VGKSA (NGSK) nie namens hulself nie,

<sup>3</sup> Dit is vereenvoudig, omdat die NG Kerk nie die enigste Christelike invloed op die voorsate van die NGSK was nie. Sien Smith 1972:28-34 en ook Loff 1988 en Kriel 1981.

<sup>4</sup> Dit is meer histories korrek om na die Kaaps-Hollandse Kerk, of die Kaapse Hervormde Kerk te verwys, want teen die begin van die 19de eeu is die naam: Nederduitse Gereformeerde Kerk nog nie vasgestel nie.

maar onder leiding van die Gees van God, antwoord dié kerk op die Evangelie wat via die NG Kerk na haar gekom het – natuurlik vanuit haar eie verstaans-milieu.

*Die hoof motivering vir die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir leraars en gemeentes van die NG Kerk is die posisie wat hierdie belydenis inneem in die dialoog tussen die Skrif (God/Christus), die NG Kerk en die VGKSA in Suider Afrika, Afrika en selfs op 'n globale skaal.*

### 6.2.2 *Insigte van Karl Barth*

Hierdie dialoog kom ook na vore in die bespreking van Barth se benadering tot belydenisse<sup>5</sup>. Omdat die NG Kerk erken dat sy in die VGKSA met medegelowiges te make het, wat in 'n verhouding met God die Vader staan, en vanuit daardie geloofsverhouding met die NG Kerk praat deur die Belhar Belydenis, het die NG Kerk die geloofsverpligting om te vra: “Hoe help hierdie antwoord op die Evangelie soos ons dit verkondig het, ons om meer effektief, meer getrou en meer gehoorsaam Kerk van Christus te wees in Suider-Afrika (en wyer) vandag?”. Hierdie vraag kan met vrymoedigheid gevra word, omdat daar geen kerk ter wêreld is wat vandag kan verklaar dat sy ge-“arriveer” het nie. Geen kerk kan voorgee dat sy medegelowiges en mede-kerke nie nodig het nie. Barth verduidelik dit:

I owe it to the Church not to withhold from it my faith, which can be a true faith only in community with its own, just as conversely it cannot be too small a thing for the Church, in order to assure itself afresh of a true faith in the community of faith, in order to miss anything in its encounter with the Word of God, to take account even of my confession of faith and to enter into a debate which is open on its side as well.

(Barth 1956:589)

Die NGSK (VGKSA) is dit aan die wyer kerklike gemeenskap verskuldig om die Belhar Belydenis met hul te deel, maar net so kan ander kerke hierdie belydenis van geloof nie te gering ag (“cannot be too small a thing”) om aandag daaraan te skenk nie. Kerk-genoetskappe is deel van die Liggaam van Christus en is, soos medegelowiges, vir mekaar gegee om mekaar te redigeer, te vermaan, te ondersteun en te bemoedig. Hier het 'n mens te make met *koinonia* in die wydste sin van die woord, en dié *koinonia* het ten doel om die Liggaam van Christus al hoe meer op te bou in liefde. “...ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar

---

<sup>5</sup> Hoofstuk 5, punt 5.2 – kyk veral na die aanhaling op bl. 115-116 en die bespreking daarvan.

en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde." (Efesiërs 4:15-16). Dit geld by uitstek vir die familie van NG Kerke.

'n Verdere perspektief is ook belangrik. In die debat wat oor die Belhar Belydenis gevoer is in die *Kerkbode* (sien bv. Britz 1998), is die belydenis dikwels beoordeelend bespreek. Daar word beoordeel of Belhar ooreenstem met die drie Formuliere van Enigheid, daar word beoordeel of die belydenis in lyn met die Skrif is, daar word beoordeel of dit 'n egte belydenis is. Hierdie tipe beoordeelende besprekings van die Belhar Belydenis is te verstane in die lig van die feit dat die VGKSA aan die NG Kerk die voorwaarde gestel het dat laasgenoemde Belhar as belydenis moet aanvaar voordat eenwording moontlik is, maar dit illustreer juis die probleem daarmee dat die gesprek oor die belydenis deel uitmaak van die gesprek oor hereniging, en nog nie in 'n missionêre gesprek tuisgekome het nie. Die aanhaling van Barth in Hoofstuk 5 (5.2) lê klem daarop dat 'n belydenis van een kerk nie deur ander kerke beoordeel moet word nie, maar dat dit deel vorm van 'n wyer debat, 'n gesprek om nader te kom aan die Woord van God:

I acknowledge the general and public character of my faith by laying it before the generality, the public of the Church. I do not do this to force it on the Church in the peculiar form in which I necessarily hold it, as though I were presuming either to want or to be able to rule in the Church with my faith as it is mine. On the contrary, I do it to submit it to the verdict of the Church, to enter into debate with the rest of the Church about the common faith of the Church, a debate in which I may have to be guided, or even opposed and certainly corrected, i.e., an open debate in which I do not set my word on the same footing as the Word of God, but regard it as a question for general consideration according to the Word of God commonly given to the Church.

(Barth 1956:589)

Die vraag is of daar op die oomblik só 'n benadering (soos hierbo omskryf) in die debat oor die Belhar Belydenis in die familie van NG Kerke is. Dit is die oortuiging van hierdie navorsing dat 'n gesprek oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk (en NG Kerk-familie) nader gaan kom aan die bedoeling van 'n belydenis van geloof soos Barth dit hierbo bespreek.

Wat is nou die implikasie van die dialoog-gedagte en Barth se benadering van 'n belydenis vir die gesprek oor die Belhar Belydenis in die NG Kerk? Die implikasie is dat *die gesprek oor die Belhar Belydenis en die herenigingsgesprek twee verskillende debatte is*, en twee verskillende prosesse is wat moet plaasvind in die kerk. Het die herenigingsgesprek nie vasgeval juis omdat dit gekombineer word met die gesprek oor die vraag of Belhar as belydenis aanvaar moet word of nie? Dit is waarom Van der Linde (2002:176) in sy navorsing selfs tot die konklusie kom dat die

Belhar Belydenis in die weg van eenheid en versoening staan. Die gesprek oor die Belhar Belydenis is 'n gesprek wat (ten minste) vanuit 'n missionêre hoek gevoer behoort te word, en nie eerstens of uitsluitlik as onderafdeling van die gesprek oor hereniging nie. Dit is 'n gesprek waar die VGKSA in 'n nederige gees hul geloof voor hul medegelowiges bring (“enter into a debate with the rest of the Church” – Barth), sonder om daardeur enige dwang op enige kerk te plaas (“I do not do this to force it on the Church”) of om die indruk te skep dat hulle oor iemand wil heers nie (“as though I were presuming either to want or to be able to rule in the Church with my faith”), en waar die NG Kerk die Belhar Belydenis as so 'n belydenis van geloof ontvang en met 'n eerlike en oop gemoed vra: “Wat leer ons as kerk oor die Woord van God uit hierdie belydenis?” (“a question for general consideration according to the Word of God commonly given to the Church”).

### 6.2.3 *Is 'n oop en eerlike gesprek moontlik binne die herenigingsproses?*

Die vraag is of 'n oop en eerlike/vrye hantering van die Belhar Belydenis moontlik is solank dit slegs as 'n onderafdeling van die gesprek oor kerkhereniging plaasvind. Wanneer die gesprek oor Belhar binne die raamwerk van kerkhereniging gevoer word, bly daar 'n element van dwang aan verbonde, want die uitslag van die debat bly bekend: of daar kritiek teen die belydenis uitgespreek word of nie, as dit aanvaar word, kan hereniging plaasvind, as dit nie aanvaar word nie, beteken dit *per se* dat die NG Kerk nie eenheid met die VGKSA soek nie – en dit impliseer rassisme. 'n Oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis is dus nie binne die raamwerk van die herenigingsgesprek moontlik nie. Verskeie voorbeelde van ope debat oor Belhar kan gesien word in Hoofstuk 5 (punt 5.3) van hierdie studie, en geeneen van hierdie kerke is in 'n verenigingsproses met die VGKSA betrokke nie.

As gevolg van hierdie lading op die gesprek oor die Belhar Belydenis vanaf die kant van die herenigingsgesprek, is gemeentelidiers veral geneig om weg te skram van oop en eerlike debat oor Belhar. Sodra hierdie gesprek aan die gang gesit word, kom die vrae rondom kerkhereniging, sowel as die simboliese waarde van Belhar<sup>6</sup>, ook ter sprake, en dit kompliseer die debat onmiddellik. Die teendeel is ook waar: sodra die gesprek oor kerkhereniging onderneem word, kom die (onafgehandelde) debat oor Belhar ter sprake, wat weer op sy beurt daardie gesprek kompliseer.

Wat is die uitweg uit hierdie verstrengeling van debatte? Die huidige “impasse” in die herenigingsgesprek wys duidelik dat die kombinerings van die herenigingsgesprek met die debat oor Belhar nie uitvoerbaar is nie. Hierdie twee debatte sal anders gestruktureer moet word. Indien dit gedoen word, is die volgende scenario's moontlik:

---

<sup>6</sup> Sien hoofstuk 4 van hierdie studie (punt 4.2.3.3)

Eerstens sal 'n oop en eerlike debat in die NG Kerk oor die Belhar Belydenis moet plaasvind, maar dan (ten minste) moet die vraag oor die missionêre waarde van Belhar vir die NG Kerk beantwoord word.

Solank dit 'n voorwaarde van die VGKSA bly dat die Belhar Belydenis 'n belydenis van 'n "te stigte kerk" word indien enige kerk met haar wil verenig, sal die uitslag van die ope debat oor die Belhar Belydenis bepaal of dit enige waarde het om voort te gaan met gesprekke oor kerkhereniging tussen die NG Kerk en die VGKSA. Indien die NG Kerk na afloop van 'n deeglike debat oor die Belhar Belydenis nie kans sien om die belydenis as haar eie geloofsbelydenis te aanvaar nie, kan hereniging met die VGKSA tog ook nie plaasvind (onder bogenoemde voorwaarde) nie, en moet hierdie twee kerke aanvaar dat hulle deur ander kanale van ekumene met mekaar bly skakel, maar nie deur middel van 'n hereniging nie. Sulke gesprekke om mense van die NG Kerk en mense van die VGKSA nader aan mekaar te bring het in elk geval waarde in terme van Bybelse *koinonia*, of dit lei tot 'n hereniging al dan nie.

Indien die VGKSA sou besluit om nie die Belhar Belydenis as 'n vereiste belydenis in 'n "te stigte kerk" te stel nie, sou die gesprek oor die Belhar Belydenis gelyktydig met verdere gesprekke oor kerkhereniging kan plaasvind, maar dit sal twee verskillende debatte moet wees. Daar sou dan selfs met 'n hereniging voortgegaan kan word, met die veronderstelling dat daar oor die Belhar Belydenis (en ander belydenisse) verder debat gevoer word binne 'n herenigde kerk. Dan sal die moontlikheid ook bestaan dat daar aan die einde van daardie debat binne 'n herenigde kerk op 'n gewysigde belydenis besluit kan word.

Indien die NG Kerk verdink word van rassisme, moet hierdie probleem aangespreek word, maar dan nie by wyse van 'n verpligting om die Belhar Belydenis te aanvaar nie. Hiermee word twee verskillende (al is dit verbandhoudende) sake met mekaar verwar. Om vry te kom van rassisme kan nie gelykgestel word aan die aanvaarding van die Belhar Belydenis nie. Daar is ook geen gronde om so 'n vrywording gelyk te stel aan 'n hereniging met die VGKSA nie. Om so 'n gelykstelling te maak is so goed as om van die Rooms Katolieke kerk te verwag om met die Lutherse Kerk te herenig om daardeur te bewys dat hulle nie meer glo in die aflaatstelsel<sup>7</sup> nie!

Hoe kan so 'n vrye en ope debat oor die Belhar Belydenis in gemeentes van die NG Kerk gevoer word? In die volgende afdeling gaan by praktiese riglyne vir gemeentes en gemeentelidmers vir die uitvoering van 'n debat oor Belhar gegee word.

---

<sup>7</sup> ...hoewel dit waar is dat rassisme vandag waarskynlik 'n groter wesensvraag is as wat die aflaat in die verlede was. Hier word slegs 'n ekstreme voorbeeld gebruik om die punt te illustreer.



### 6.3 Riglyne vir 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis

Beide Newbigin se kruis-kulturele missionêre dialoog (wat hierbo beskryf word as 'n trialoog) en Barth se benadering tot Gereformeerde belydenisse wys in dieselfde rigting: die Belhar Belydenis vra vir 'n oop en eerlike debat in die NG Kerk-familie. Debat oor die Belhar Belydenis is tot dusver op twee maniere gestrem. Eerstens is dit hoofsaaklik binne die raamwerk van die gesprek oor hereniging gevoer, met die gevolge soos dit hierbo uiteengesit is. Tweedens is hierdie (beperkte) debat hoofsaaklik deur leierskap op moderatuursvlak gevoer, by samesprekings soos Achterberg I en II en Esselenpark. Ten einde 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis te voer, sal dit op die vlak van gemeentes en lidmate moet plaasvind. Voor lidmate van verskillende lede van die NG Kerk-familie nog nie behoorlik met mekaar oor die belydenis gepraat het nie, het daar nog nie 'n oop en eerlike debat plaasgevind nie.


Wat hier volg, is bedoel as praktiese riglyne vir gemeentelidmate en leraars om 'n oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis in gemeentes en tussen gemeentes van die familie van NG Kerke aan die gang te sit en te bestuur. Die Belhar-debat is slegs moontlik onder leiding van persone wat hul verbind tot die prosesse wat deel uitmaak van belydenisvorming en gesprekke oor die roeping van die Liggaam van Christus, en daarom gaan hier nou na aanleiding van die navorsing wat gedoen is en die onderhoude wat gevoer is, riglyne gegee word aan gemeentelidmate vir die fasilitering van gesprekvoering. Laastens word stilgestaan by enkele praktiese oorwegings.

#### 6.3.1 *Belydenisse is poorte tot die Evangelie en Skrif*

In Hoofstuk 5 van hierdie studie (5.5.2, bl. 130) word daarna verwys dat die Belhar Belydenis 'n droogte in die ontstaan van nuwe belydenisse "breek". Die afgelope 20 jaar in Suid-Afrika het 'n nuwe belangstelling in belydenisse na vore gebring, en dokumente soos die *Kairos Dokument* (1985, 1986), *Kerk en Samelewing* (1986, 1990), die *Laudium Declaration* (1990) en *Geloofsverklaring 2000* (2000) is sprekende voorbeelde hiervan. Voorlopers van hierdie nuwe bewustheid kan selfs gevind word in 'n dokument soos *A Message to the People of South Africa* (1968). Sulke dokumente kan deur buitestaanders geïgnoreer word, in totaliteit omhels word, of op 'n kritiese afstand ontleed word, maar binne die raamwerk van die kruis-kulturele missionêre dialoog, word dit eerder poorte na die vertolking van die Evangelie en Skrif deur gelowiges uit verskillende wêreldes (al is dit in dieselfde land) en verskillende agtergronde.


'n Gemeentelidmate sal hierdie proses te midde van die Liggaam van Christus (ekklesia, Kerk) in Suid-Afrika goed moet begryp ten einde 'n gemeente te begelei om op 'n verrykende manier na hierdie dokumente te kyk – en dit geld by uitstek van die Belhar Belydenis in die midde van die familie van NG Kerke. Die kruis-kulturele missionêre dialoog en die benadering van Barth tot Gereformeerde belydenisse kan van groot waarde wees vir die voorbereiding van gemeentelidmate om gesprekke in die Kerk te fasiliteer rondom Belhar (en selfs ook die genoemde dokumente). Die

grootste samebindende eienskap van die Gereformeerdes ten opsigte van belydenisse is nie dat daar een standaard belydenis opgestel is, of dat alle kerke met alle belydenisse saamstem of dit aanvaar nie, maar eerder dat alle dokumente vir Gereformeerdes ondergeskik bly aan die gesag van die Skrif (sien die bespreking oor “Eenheid in interpretasie” punt 5.7.2.2). Dit beteken dat gemeentelid wat gemeentelid begelei in ‘n debat oor die Belhar Belydenis moet wegstuur van ‘n hiërgiese denke wat die Skrif bo die drie Formuliere van Eenheid stel, en daarna weer die Formuliere bo enige ander belydenis stel (Skets 6.3).



SKETS 6.3: Tipiese hiërgiese denke oor die gesag van Skrif en belydenis


Laat ons herhaal wat in punt 5.7.2.2. bevind is: “Wat ‘bo alles’ nodig is, is dat die leerstellings van die kerk oral en voortdurend *op die Heilige Skrif gegrond is* – en hiermee word nie *konfessionele eenheid* uitgedruk nie, maar die *konfessionele vryheid* van elke spesifieke kerk in sy verhoudings met ander.” Dit beteken dat daar vir die Gereformeerde net een gesagvolle dokument is, en dit is die Skrif. Naas die Skrif is alle ander dokumente feilbaar en ondergeskik aan die Skrif. Dit word skematies voorgestel in Skets 6.4:



SKETS 6.4: Belydenisse en ander dokumente ondergeskik aan die gesag van die Skrif

Dit beteken nie dat daar in ‘n relativisme verval moet word nie. Wanneer ‘n kerk besluit het om ‘n bepaalde belydenis of belydenisse as deel van haar grondslag te aanvaar, gee dit iets tasbaars vir

die mense van daardie kerk om hul mee te oriënteer, solank hul net voortdurend in gedagte hou dat daardie belydenis nie 'n deel van die Skrif se gesag ontvang, of op 'n ander vlak as enige ander belydenis staan nie. Dit word wel 'n rigtinggewende dokument *vir daardie kerk*. Wanneer 'n ander belydenis dan deur die kerk bestudeer word, is die bedoeling nie dat dit ondergeskik aan die bestaande aanvaarde belydenis gestel moet word nie, maar dat dit *net* soos die bestaande belydenis ondergeskik aan die Skrif gestel word. Hiermee word die konfessionele vryheid van elke kerk teenoor 'n ander uitgedruk. Solank as wat die eksterne belydenis bestudeer word, kan dit nie op dieselfde manier as die reeds (amptelik) aanvaarde belydenisse funksioneer in daardie kerk nie (al staan dit op dieselfde vlak ondergeskik aan die Skrif), bloot omdat die hele kerk nog nie in eenheid hierdie belydenis as 'n rigtinggewende dokument aangewys het vir hulself nie. Dit verhoed egter nie dat daar 'n deeglike debat oor hierdie belydenis in die kerk gevoer kan word nie. Op dieselfde wyse kan die ondergeskikte gesag van die drie Formuliere van Eenheid en die ondergeskikte gesag van die Belhar Belydenis verstaan word in 'n oop en eerlike debat oor de Belydenis. Dit word skematies in SKETS 6.5 voorgestel:



SKETS 6.5: Ondergeskikte gesag van aanvaarde- en nie-aanvaarde belydenisse

### 6.3.2 Die motivering vir die studie van die Belhar Belydenis

Die motivering vir die bestudering van die Belhar Belydenis vloei uit hierdie benadering, naamlik dat dit mense wat nie die belydenis ken of aanvaar nie, die geleentheid bied om vanuit 'n ander hoek na die Skrif te kyk – vanuit 'n ander perspektief ondergeskik aan die Skrif te wees.

In Hoofstuk 5 (punt 5.4) is ook reeds genoem waarom die NG Kerk nie die Belhar Belydenis kan ignoreer nie. Hierdie redes word gelys sodat gemeenteleiers dit as 'n verwysingspunt kan gebruik:

- a. Die Belhar Belydenis is die belydenis van 'n mede Suid-Afrikaanse NG Kerk.
- b. Die Belhar Belydenis word wêreldwyd al hoe meer erken.
- c. Ook die NG Kerk kan baie uit die Belhar Belydenis leer.
- d. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk word deur 'n debat oor Belhar ontdek.

### 6.3.3 *Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis*

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis (en ook van enige ander dokument) is nie noodwendig 'n bekende konsep vir gemeentelede of gemeenteleiers nie. Daarom sal hieroor ook leiding gegee moet word deur die leierskap voordat die debat oor Belhar 'n aanvang neem. Die beginpunt wat in hierdie studie onderneem is om missionêre waarde te ontdek, is die vraag na 'n Bybels-getroue inheemswording van die Kerk in haar eie konteks. Kerkleiers kan as volg te werk gaan om hierdie roeping tot inheemswording te verduidelik:

Daar kan onderskei word tussen verskillende soorte kontekste waarbinne die mense van die NG Kerk-familie hulself bevind. Elke gemeente het 'n bepaalde mikro-konteks wat verskil van plek tot plek. Hierdie konteks het te make met die unieke omstandighede van die gemeenskap waarbinne elke gemeente funksioneer. In Suid-Afrika bestaan gemeentes op die platteland, in kleiner dorpsgebiede, in groter dorpe en in stede of selfs metropole. Binne hierdie dorpe, stede en metropole verskil gemeentes se mikro-kontekste van mekaar, maar daar is ook gemeentes wat binne baie eenderse mikro-kontekste funksioneer. Baie plattelandse dorpe het soortgelyke mikro-kontekste, en so ook baie gemeentes in die voorstedelike gebiede.

Daar kan ook gepraat word van meso-kontekste wat gemeentes met mekaar in gemeen het. In terme hiervan deel gemeentes in die Tshwane Metropool dieselfde metropolitaanse konteks, en so ook gemeentes in die ander groter metropolitaanse gebiede. Op 'n wyer vlak, bevind alle gemeentes hulself ook binne die konteks van Suid-Afrika, en in hierdie sin deel alle Suid-Afrikaanse gemeentes dieselfde makro-konteks. Daar sou ook gepraat kan word van die mega-konteks van alle gemeentes in Afrika, en in 'n nog wyer sin deel alle gemeentes in die wêreld dieselfde globale konteks. Te midde hiervan kan weer onderskei word tussen gemeentes wat vanuit 'n Oosterse- of 'n Westerse- of 'n Afrika-wêreldbeeld funksioneer. Kultuur en taal word dikwels aan sulke wêreldbeelde gekoppel en gee weer op 'n ander vlak 'n ooreenstemmende konteks. Binne een dorp of stad is daar ook mense wat hul in verskillende sosio-ekonomiese omstandighede bevind (dink byvoorbeeld aan die verskille tussen gebiede soos Waterkloof, Wespoort, Middestad en Mamelodi in die Tshwane Metropool). Gemeentes binne sulke

ooreenstemmende sosio-ekonomiese omstandighede het baie in gemeen, maar dit is ook nodig dat gemeentes van verskillende sosio-ekonomiese kontekse op die dialoog-metode saam na die Skrif kyk. Om dit alles nog meer te kompliseer, is daar ook voortdurend veranderinge in die verskillende kontekste regoor die wêreld – veranderinge wat in die afgelope eeu al hoe sneller plaasvind.

*Inheemswording* het te make met die proses waardeur die Kerk haarself voortdurend posisioneer om die Skrif-boodskap te midde van hierdie verskillende kontekste getrou weer te gee en uit te leef (sien punt 3.4.5). As gevolg van die dinamiese aard van die verskeidenheid van kontekste, kan die Kerk nooit by 'n punt kom waar sy ten volle “ver-inheems” het nie. Dit is 'n voortdurende proses waardeur daar telkens opnuut en vanuit elke nuwe konteks in nederigheid na die Skrif gegaan word om te verstaan wat die rol van die Kerk op daardie tydstip en binne daardie bepaalde konteks(te) is. *Inheemswording* is dus die vraag na die missie van die Kerk in die wêreld waarbinne sy haar bevind, en daarom is inheemswording 'n voortdurende proses van gesprekvoering tussen gelowiges vanuit verskillende kontekste en wêreldbeelde<sup>8</sup>. Die debat oor verskillende belydenisse deur gelowiges wat hul in dieselfde land (makro-konteks) en op dieselfde kontinent (mega-konteks) bevind, maar vanuit verskillende kultuur-kontekste, verskillende meso-kontekste en verskillende mikro-kontekste afkomstig is, is dus niks anders nie as deel van die Kerk se proses van inheemswording in die land en kontinent waar sy haar vandag bevind.

As gevolg van die geskiedenis van 'n groot klem op volks-inheemswording<sup>9</sup>, is daar in hierdie studie baie klem gelê op die volgende stap van inheemswording vir die Kerk in Suid-Afrika, naamlik 'n inheemswording in terme van die *nasie* van Suid-Afrikaners. Hiermee word klem gelê op inheemswording op 'n makro-konteks skaal. Dit is nie die enigste klem wat in die Belhar-debat gelê word nie. Elke gemeente behoort haarself af te vra op watter vlak inheemswording die dringendste is – en in terme daarvan kan die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis gevra word. Dringendheid van inheemswording word byvoorbeeld bepaal deur te kyk na die krisis en nood in die verskillende kontekste rondom 'n gemeente, en die vraag te vra: “Wat doen ons gemeente, ring of sinode om vir mense die hoop van die Evangelie te bring te midde van hierdie noodsituasie?” Waar hierdie vraag nie bevredigend beantwoord word nie, is die logiese gevolg dat die gemeente (dikwels in vennootskap met ander gemeentes<sup>10</sup>) 'n manier soek

---

<sup>8</sup> “Inheemswording” het in die Sendingwetenskap die konnotasie van kultuur en volk. “Kontekstualisering” bring ook die sosio-ekonomiese konteks ter sprake. “Wêreldbeeld” sluit beide konnotasies in, maar is baie moeilik te definieer. Hierdie studie sien “inheemswording” in 'n wye sin, waar kultuur, volk, sosio-ekonomiese konteks en wêreldbeeld 'n rol speel om die konteks te bepaal. Vir inheemswording in Suid-Afrika, is 'n kennis van die mense van Suid-Afrika in al hul verskillende fasette nodig.

<sup>9</sup> Vir 'n uiteensetting hiervan, sien hoofstuk 4, punt 4.2.

<sup>10</sup> Dink byvoorbeeld aan die Vennootskap vir Gestuurde gemeentes wat reeds op so 'n manier te werk gaan.

om ook ten opsigte van hierdie spesifieke nood/krisis “inheems” te word. Tipiese noodsituasies wat tans in die Noordelike Sinode<sup>11</sup> bestaan, is byvoorbeeld die invloed van vlugtelinge uit Zimbabwe en ‘n toename in dakloos en werkloos; die groot aantal huisrowe, gewapende rooftogte, inbrake en ander misdaad; die probleem van toenemende skuld binne die huidige ekonomiese omstandighede; en werkloosheid.

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het dus grootliks te make met die verskillende kontekste waarbinne mense hul bevind, en die inheemswording wat binne daardie kontekste in vooruitsig gestel word ter wille van die verkondiging en uitleef van die Evangelie in daardie kontekste. Daarom kan daar nie in hierdie studie volstaan word met ‘n lysie van missionêre waardes wat die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het nie. Elke gemeente sal die missionêre waarde van dié belydenis ontdek in hul proses van inheemswording en missieformulering, wanneer hulle Belhar betrek by die debat oor hul missie/taak in hierdie wêreld.

Vanweë die gevaar van eensydigheid, veral binne die geïsoleerdheid wat in Suid-Afrika die nagevolge van apartheid is, is dit belangrik dat gemeentes wat aan hierdie debat begin deelneem, dit nie net in eie kring sal voer nie. Lidmate van verskeie ander lede van die NG Kerk-familie behoort deel te vorm van die debat oor Belhar. So ‘n debat kan selfs mettertyd uitkring na ander Gereformeerde kerke en ook nie-gereformeerde kerke.

#### 6.3.4 *Riglyne vir die fasilitering van die debat*

Hoe moet daar in so ‘n gesprek ingegaan word? Hoe kan gemeentelidmers so ‘n debat fasiliteer? In Hoofstuk 3 (3.4.6) word rigtingwysers vir die gesprek oor die Belhar Belydenis gegee, waar gepraat word oor “Rigtingwysers vir die NG Kerk se inheemswording”. Hierdie selfde rigtingwysers kan gebruik word deur leraars en ander gemeentelidmers wanneer gepraat word oor die Belhar Belydenis. Dit kan as volg saamgevat word:

a. *‘n Missionêre benadering tot Evangelie en kultuur.* Die gesprek wat gevoer word oor die Belhar Belydenis is nie in die eerste plek bedoel as ‘n gesprek om verskillende kulture en kontekste by mekaar uit te bring nie. Die doel daarvan is ‘n missionêre klem, naamlik om die vraag te beantwoord: “Wat is die taak/doel/missie/roeping van die Kerk binne hierdie verskeidenheid van kulture en kontekste?” Leiers moet dus waak daarteen dat sulke gesprekke in ‘n volkekundige of antropologiese debat ontaard. Die uitgangspunt vir die Kerk is om te vra na die wil van die Here vir ‘n bepaalde konteks en tyd. Die resultaat waarna gestrewe word is om meer getrou en gehoorsaam aan die Skrif en sy Outeur te wees. Daarom moet daar voortdurend aan die Belhar

---

<sup>11</sup> Hierdie krisis kom waarskynlik ook in ander sinodale gebiede voor, maar ek skryf hier uit eie ervaring oor die berigte in die gebied waar ek woon en werk.

Belydenis gevra word: “Wat openbaar hierdie dokument vir ons oor ons roeping om aan God gehoorsaam te wees in Suid-Afrika (en elders)?”

b. *‘n Konfrontasie tussen fundamentele wêreldbeskouings vra nederigheid:* In Suid-Afrika kom drie die mees fundamentele wêreldbeskouings voor: Westers, Oosters en Afrika. Die debat oor die Belhar Belydenis gaan te beperk bly indien mense van een wêreldbeskouing slegs binne eie kring praat en nie ook mense van ander wêreldbeskouings by die gesprek betrek nie. Dit gaan ‘n konfrontasie tussen fundamentele wêreldbeskouings beteken, en so ‘n konfrontasie vra nederigheid. Gemeenteleiers sal in sulke gesprekke van die begin af die grondreël moet neerlê dat daar na mekaar geluister word, dat daar nie gekritiseer of aangeval word nie en dat die gesprek in ‘n gees van diensbaarheid moet geskied. ‘n Skrifgedeelte soos Markus 10:42-45 kan so ‘n gespreksgesindheid inlei. Gemeentelede van verskillende gemeentes kan eers afsonderlik Bybelstudie doen van Skrifgedeeltes wat in Belhar ter sprake/relevant is, en dan die resultate vergelyk en bespreek.

c. *Sensitiwiteit vir diverse uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof:* Gemeenteleiers moet in die debat oor Belhar mense daarop voorberei dat daar verskillende uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof bestaan. ‘n Ander uitdrukkingsvorm is nie noodwendig ‘n verkeerde uitdrukkingsvorm nie. Maniere van aanbidding word baie deur kultuur gevorm, en veral waar daar met mense uit verskillende kultuur-agtergronde gesprek gevoer word, moet daar ‘n sensitiwiteit hiervoor wees. Dit sluit in dat daar ook hieroor oop en eerlike gesprek kan wees. Die riglyne wat in Filippense 1:9-11 en Kolossense 3:8-17 gegee word, kan deur gemeenteleiers benut word om met hierdie sensitiwiteit te help.

d. *‘n Spanningsveld tussen wêreldbeelde noodsaak volgehoue herbesinning:* Gemeenteleiers moenie dink dat die debat oor die Belhar Belydenis in een kontakgeleentheid afgehandel gaan word nie. Gemeentelede wat gereed is om daarvoor te besin het die roeping om ook mense wat nog nie daarvoor gereed is nie, deel te maak van die gesprek. Die debat gaan ook meer beteken namate gemeentelede van verskillende ander gemeentes binne die familie van NG Kerke deel gemaak word van die gesprek. Dit beteken ook dat die debat oor die Belhar Belydenis nie die enigste debat is wat missionêre waarde vir die NG Kerk het nie. Ander dokumente soos die *Laudium Declaration*, die *Kairos Dokument*, *Kerk en Samelewing* en *Geloofsverklaring 2000* kan op dieselfde wyse in ‘n kerklike gesprek rigting gee aan die NG Kerk-familie se missie in Suid-Afrika en wyer vandag. In aansluiting hierby kan Efesiërs 5:10-17 van waarde wees.

e. *‘n Drie-rigting dialoog is die begin van ‘n oplossing vir die spanningsveld:* ‘n Drie-rigting dialoog, oftewel ‘n trioloog, is die enigste manier waarop die spanningsveld wat vandag nog tussen verskillende kulture, kontekste en wêreldbeelde binne die Liggaam van Christus in Suid-Afrika (en ander lande) bestaan, op te los. Die uitgangspunt van die trioloog moet wees dat jou

gespreksvennoot net soos jyself in 'n verhouding met die Vader staan, en daarom ook deur Hom aangespreek word vanuit die Skrif, net soos jy. Die enigste verskil is dat die gespreksvennote in verskillende omstandighede lewe, en dat hierdie omstandighede hulle dikwels verskillend laat luister na die Skrif. Hulle is vir verskillende dinge sensitief, maar die Vader is ook getrou: Hy openbaar Homself aan verskillende mense volgens elkeen se behoefte. Hy maak mense juis verskillend omdat hulle as deel van 'n Liggaam moet funksioneer en nie onafhanklik van mekaar nie. As riglyne vir hierdie gesprekvoering kan Efesiërs 4:16, 25-5:2 baie nuttig gebruik word.

f. *Bekering is nodig*: 'n Debat in die Kerk is nutteloos vir die mens wat die debat betree met die vaste oortuiging dat hy/sy reg is en van geen ander insig oortuig kan word nie. Nuwe insig wat lei tot bekering is nie van mense afkomstig nie. Dit kan slegs van die Heilige Gees af kom. Tog gebruik die Gees van God jou medegelowiges om nuwe perspektiewe te open. Deur die missionêre waarde van die Belhar Belydenis te bestudeer word daar nie gevra dat gelowiges hul tot die *belydenis* moet bekeer nie. Gelowiges word geroep om deur hierdie instrument (Belhar Belydenis), waarmee ander gelowiges hul geloof bely, opnuut na die Skrif te gaan kyk en, indien hul tot nuwe insig kom oor die Evangelie, hul in daardie opsig ook te bekeer tot God, hul Vader en Koning. Ware bekering gaan gepaard met 'n verandering in lewensuitkyk én lewensdade (Jakobus 1:22-27), en wanneer God 'n mens tot nuwe insig bring, is dit van die uiterste belang om ook daarop te reageer deur bekering (kyk bv. na Openbaring 3:17-19). Daarom is debatvoering oor Belhar of enige ander saak in die Kerk van voortdurende gebed afhanklik. Wanneer gemeentelidiers so 'n debat fasiliteer is dit raadsaam om genoeg ruimte te gee vir gebed waarin die afhanklikheid en gehoorsaamheid aan die Hemelse Vader betuig word. Noukeurige uitgesoekte liedere kan ook in hierdie opsig van groot waarde wees.

Benewens hierdie missionêre perspektiewe op die fasilitering van 'n debat oor die Belhar Belydenis, is daar natuurlik ook baie ander faktore wat so 'n debat kan aanhelp of belemmer. Sommige gemeentelidiers het 'n natuurlike aanvoeling vir hierdie tipe gespreksvoering, en dikwels het hulle ook hul vaardighede om sulke gesprekke te lei, goed ontwikkel. Persoonlike styl en kommunikasievaardighede speel 'n belangrike rol in die fasilitering van gesprekke. Dit is nie die doel van hierdie studie om op sulke aspekte in te gaan nie, want hier word op die missionêre klem gelê. Ons sal volstaan met nog twee opmerkings.

Eerstens, wat ookal die benadering van 'n gemeentelidier, een van die mees belangrike fasette van die lei van sulke gespreksgroepe is die vermoë om te luister. 'n Fasiliteerder het nie die taak om oordele te vel, of te besluit wat reg of verkeerd is aan die inhoud van die gesprek nie. Hy/sy het bloot die taak om dit wat gesê word so suiwer as moontlik te hoor, dit weer te gee en seker te maak dat almal in die groep die essensie van dit wat gesê word, aanhoor.



Tweedens, gemeenteliekers wat nie tuis voel in so 'n proses of opgewasse is om as fasiliteerder op te tree in hierdie debat nie, moet eerder terugstaan en 'n ander persoon of gemeenteliker die geleentheid gee om die gesprek in sy/haar gemeente te fasiliteer. So 'n persoon moet waak daarteen om nie in die weg van die debat oor Belhar te staan, bloot omdat hy/sy vreemd voel daarin nie. Dit gaan immers nie in hierdie debat oor persoonlike gevoelens of bekwaamhede nie, maar om die missionêre dimensie wat soek na 'n dieper en voller verstaan en uitleef van die Skrif en die Evangelie.

Met hierdie opmerkings as agtergrond, gaan daar nou stilgestaan word by 'n aantal aktuele temas rondom die Belhar Belydenis wat vloei uit onderhoude tydens hierdie navorsing.

## **6.4 'n Verwysingsbron van aktuele temas in die Belydenis van Belhar**

In die bespreking wat hier volg, word 'n aantal aktuele temas uitgelig wat in die Belhar Belydenis ter sprake kom. Die bedoeling is nie om 'n volledige lys van temas hiermee saam te stel nie, maar eerder om die temas wat voorgekom het by die verskeie respondente van onderhoude (sien Hoofstuk 7), na vore te bring. Die doel daarvan is om 'n handige verwysingsbron te skep vir gemeenteliekers en leraars wat 'n oop gesprek oor die Belhar Belydenis fasiliteer. Hierdie verwysingsbron gee kommentaar van die respondente oor temas wat in die belydenis voorkom of daarmee verband hou.

Ter wille van duidelikheid en maklike gebruik, word die menings van die verskillende respondente onder elkeen se naam (of anonieme naam) gegroepeer. Sodoende kan die betrokke onderhoud in Hoofstuk 7 nagegaan word om die presiese konteks en bewoording van die opmerking op te spoor, want opmerkings wat hier weergegee word is nie woordelike aanhalings uit die onderhoude nie, slegs samevattende parafrases. Die volgorde waarin die respondente se menings gelys word, is alfabeties rangskik en dui geensins op orde van belangrikheid nie.

Aan die einde van elke tema word die hooftrekke kortliks saamgevat onder die hofie: "Samevatting".

### *6.4.1 Ontstaans-konteks van Belhar*

*Anoniem 1:*

I Die missionêre waarde van Belhar is eerstens dat dit 'n bepaalde politieke konteks aangespreek het in belydenistaal. Die drie groot woorde van die Belydenis van Belhar: eenheid, versoening, geregtigheid was gerig op die konteks van die tagtigerjare. In plaas van

eenheid was daar verwydering tussen mense in die kerk en die samelewing, mense het aan verskillende kante van die grens gestaan en mekaar beveg, vreemdelingskap en vyandskap het vererger. In plaas van versoening (deur die offer van Christus is dit moontlik dat mense in versoening met mekaar kan lewe) was daar die skyn-evangelie van apartheid wat gereken het dat as mense uitmekaar gehou word, daar rus en vrede in die land sal wees. In plaas van geregtigheid het baie mense seergekry en alles wat daarmee saam gebeur het. Belhar was 'n teologiese respons op wat in die samelewing en in die kerk aan die gang was.

- | Ten diepste lê die waarde van die Belydenis daarin dat dit baie mense gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie. Die Belydenis van Belhar was (ironies dalk) die redding van die NG Kerk familie, want dit het veroorsaak dat mense die NG Kerk familie nie summier en finaal afgeskryf het nie.

*André Bartlett:*

- | Die waarde van die Belhar Belydenis lê juis daarin dat dit 'n regstelling bring op punte waar waarhede van die Evangelie in gedrang gekom het. Dit het dus nie net gegaan oor 'n fout wat begaan is nie, maar oor 'n standpunt wat prinsipiëel verkeerd is.
- | 'n Groot verskil tussen *Belhar* en *Kerk en Samelewing*, is dat laasgenoemde 'n beleidsdokument is, terwyl eersgenoemde gaan ook die belydenis van geloof.
- | Baie mense sal erken dat apartheid 'n fout was, maar nie dat dit 'n dwaling is nie. Die waarde van die Belhar Belydenis is dat dit hierdie dwaling in geloof uitwys.
- | Niemand wat deel was van die sisteem van apartheid kan sê dat hulle eintlik onskuldig was nie. Die sisteem het mense verontreg, en die mense wat daardie sisteem in stand gehou het, was mede-verantwoordelik daarvoor.

*Jaap Durand:*

- | Die agtergrond van die Belhar Belydenis:

By die Universiteit van die Wes-Kaap is gesprekke gevoer oor die teologiese begroning van apartheid. By die sinode van die NGSK in 1978 is 'n mosie rondom hierdie gedagtes aanvaar. Dr. Allan Boesak het die besluit van die NGSK na die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (Afr: WBGK; Eng: WARC) geneem, waar verklaar is dat die teologiese regverdiging van apartheid kettery en sonde is.

Daarna het die 1982 sinode plaasgevind, waar Allan Boesak terug rapporteer het dat apartheid bestempel is as kettery en sonde by die WBGK. Gustav Bam het gesê dat 'n klag van kettery

nie sonder 'n positiewe belydenis kan plaasvind nie, en die sinode het besluit om 'n belydenis op te stel. 'n Kommissie is hiervoor saamgestel. Dirkie Smit en Jaap Durand was ook hierby betrokke.

'n Belydenis is opgestel, en met enkele wysigings deur die sinode as die *1982 Konsep Belydenis* aanvaar. By die sinode in 1986 is hierdie belydenis as die *Belhar Belydenis* aanvaar deur die sinode.

*Andries Louw:*

- | Die konteks waarbinne die Belhar Belydenis tot stand gekom het, is baie belangrik vir die verstaan van die Belydenis. Dit het tot stand gekom binne die raamwerk van 'n apartheidsbestel wat deur sommige teologies geregtig is, maar baie mense groot ellende aangedoen het, gelowiges én ongelowiges. Belhar was 'n byna onvermydelike reaksie vanuit die gereformeerde tradisie binne hierdie omstandighede.
- | Die Belhar Belydenis het vir sendelinge uit die NG Kerk, wat in die NGSK gewerk het, gehelp om die teenstrydigheid wat die apartheidsbeleid met die eenheid tussen gelowiges gebring het, te verwoord.
- | Die Belhar Belydenis het groot waarde gehad om die menswaardigheid van die mense in die NGSK te bevestig vanuit die Skrif.
- | Die Belhar Belydenis plaas die NG Kerk voor die keuse of dilemma om finaal met 'n apartheidsverlede te breek. "Wit"-mense ervaar vandag marginalisering, en sou Belhar kon gebruik om te protesteer daarteen, maar dit is emosioneel moeilik, want hul ervaring is dat Belhar aanvanklik deur "Bruin"- en "Swart"-mense teen "Wit"-mense gebruik is – al word dit duidelik in die begeleidende brief anders gestel.

*Reggie Nel:*

- | Binne 'n persoonlike belewenis van vernedering as gevolg van die rasse-beleid in Suid-Afrika destyds, het die Belhar Belydenis vir mense 'n bevestiging van hul menswaardigheid beteken. Dit is veral waar in terme van die mense wat voorheen as "kleurling" beskou is. Hierdie mense het nog konnotasies gehad van 'n "Gam-geslag" of die historiese slawe-praktyke.

*Samevatting:*

Al die respondente is dit eens dat die Suid-Afrikaanse konteks waar die hele samelewing deur *apartheid* beïnvloed is, 'n uiters belangrike rol gespeel het in die totstandkoming van die Belhar Belydenis. Daar is ook redelike konsensus dat die Evangelie in gedrang gekom het binne hierdie

konteks en dat Belhar 'n regstelling daarop bied. As belydenis wat binne 'n bepaalde konteks geskryf is, het Belhar die waarde dat dit:

- n Mense gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie;
- n Mense se menswaardigheid bevestig;
- n Mense gehelp het om die teenstrydigheid wat apartheid vir die eenheid tussen gelowiges meegebring het, te verwoord;
- n Die NG Kerk voor die keuse gestel het om finaal met 'n apartheidsverlede (in die kerk) te breek.

#### 6.4.2 Artikel 2: Eenheid en eenwording as getuienis

*Anoniem 1:*

- l Eenwording binne die NG Kerk familie is die een enkele ding wat in die huidige Suid-Afrika steeds 'n magtige getuienis die wêreld kan instuur. In daardie sin het die Belydenis 'n baie sterk missionêre dimensie. Die NG Kerk-familie moet hande vat om die probleme in die land te help oplos.

*André Bartlett:*

- l Gesprekvoering tussen mense van die NG Kerk en mense van die VGKSA is nodig, en die Belhar Belydenis kan daarmee help.
- l Die NG Kerk kan nie Christus se versoening verkondig, as hul nie bereid is om dit in die familie van NG Kerke te beoefen nie. Hier gaan dit weereens om die geloofwaardigheid van die Kerk se boodskap.

*Johan Botha:*

- l Belhar help ons en roep ons en sê vir ons: "Julle hereniging is nie 'n saak van eie keuse nie, dit het ten diepste te make met die geloofwaardigheid van die boodskap wat julle verkondig. Die Evangelie se geloofwaardigheid is op die spel. As julle dit nie doen nie, hoekom moet mense glo in die versoeningskrag en die eenheidsverkondiging van die evangelie van Christus? Hoekom sal hulle in Hom glo? So, julle Here en sy Evangelie is op die spel."

*Nico Koopman:*

- | Die Eenheid is belangrik (Artikel 2). Eenheid beteken om een van siel en sin te wees, om saam die gesindheid van Christus te deel, om te dink soos Christus, te voel soos Christus, te wil en te begeer soos Christus. Eenheid beteken om uit simpatie met mekaar te leef, om in mekaar se vreugde te deel, in mekaar se leed te deel uit empatie.
- | Die NG Kerk kan soveel kragtiger werk in die samelewing, en getuig in die samelewing, saam werk, as dit gedoen word as 'n verenigde kerk. Terwyl dit nog nie die geval is nie, moet gewerk word aan die interne verenigingsprosesse, asook voortgegaan word om in die publiek 'n getuienis te probeer lewer en 'n konkrete betrokkenheid te vergestalt.

*Daniël Maluleke:*

- | Die Evangelie verkondig dat daar wel 'n geestelike eenheid in die kerk bestaan, maar dit moet ook sigbaar wees – veral vanuit 'n missionêre hoek beskou.
- | Kerkeenheid is moontlik as ons mekaar liefhet, mekaar verdra en vir elke persoon ruimte maak. Ons het verskillende gawes, maar ons moet ruimte maak sodat elkeen sy gawe kan uitleef en bydra – maar nie téénoor die ander nie – wel om die ander te verryk. Dit is wat ons nodig het.
- | Die Belhar Belydenis word deur baie Afrikaners gesien as 'n aanklag teen hulle. Daarom is aanvaarding moeilik. Die probleem word vererger solank daar slegs binne die NG Kerk gepraat word oor die Belhar Belydenis, en nie na buite gesprek gevoer word nie.

*Hannes Theron:*

- | Binne die tydsgees waarin ons leef, is die kerkorde nie die enigste manier waarop eenheid in die NG Kerk-familie, en selfs eenheid met ander kerke uitgeleef kan word nie. Daar is ook die moontlikhede van samewerking, assosiasie en vennootskappe. Die kerkorde bied min ruimte vir hierdie tipe benaderings.

*Samevatting:*

Die meeste respondente stem saam dat die Belhar Belydenis 'n baie groot bydrae tot die eenheid van die kerk in Suid-Afrika kan lewer, en dat die totstandkoming van 'n sigbare eenheid binne die familie van NG Kerke 'n uiters belangrike missionêre boodskap dra. Die geloofwaardigheid van die NG Kerk-familie word direk geraak deur die mate waarin hul slaag om 'n eenheid te vertoon in ooreenstemming met die Bybelse Boodskap van eenheid wat hul verkondig. Daar is egter nie eenstemmigheid oor presies hoe so 'n eenheid verwesenlik moet word, of hoe dit moet lyk nie.

Almal is dit eens dat daar (met behulp van Artikel 2 van Belhar) hard gewerk kan en moet word aan die verhoudings tussen gelowiges in die familie van NG Kerke, ongeag of 'n formele hereniging realiseer of nie.

### 6.4.3 Artikel 3: Versoening

*Anoniem 2:*

- | Die Belhar Belydenis is uiters relevant vir vandag. Versoening is nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan gesien word in (a) die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk, en (b) die politieke flanke wat al hoe meer na vore kom (bv. met die liedjie “De La Rey” en die verdeeldheid in die ANC).

*Johan Botha:*

- | Belhar het baie waarde in ons samelewing wat neig om te verbrokkel en te verbreek en waar mense téénoor mekaar te staan kom. Dit is in die hart van die Belhar Belydenis om die saak van versoening op die tafel te sit. Versoening, tussen God en ons en ook tussen ons met mekaar.

*Pieter Grove:*

- | In die hart van Belhar lê die vraagstuk van identiteit: Wie en wat is die kerk? Die kerk word gekonstitueer daar waar die versoening van Christus tot sy reg kom. Daardie “in Christus-wees” oorheers alle ander strukture.
- | Belhar herinner aan die breë impak van die versoeningsleer, naamlik dat dit nie beperk moet word tot die mens en God nie, maar dat die mens ook in sy verhoudinge met sy naaste en selfs die skepping deur ons versoening in Christus geraak word.
- | Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag ... Versoening: dat almal ingesluit word in die nuwe gemeenskap, ongeag velkleur. Dit beteken dat gelowiges mede-verantwoordelikheid moet neem vir mense wat gemarginaliseer is.

*Samevatting:*

Die respondente stem grootliks ooreen dat daar nog baie gewerk moet word aan versoening in die hedendaagse samelewing. Die derde artikel van Belhar kan hierin 'n groot bydrae maak. Die huidige samelewing word beskryf as 'n gemeenskap waar politieke flanke al meer na vore kom (politieke ekstremisme), wat neig om te verbrokkel en te verbreek, waar mense téénoor mekaar te

staan kom, en waar mense gemarginaliseerd is. Hierdie artikel word selfs uitgebrei na die mens se verhouding met die res van die skepping (omgewingsbewaring).

#### 6.4.4 Artikel 4: Geregtigheid, armoede en bevrydingsteologie

*Anoniem 1:*

- | Artikel vier van die Belhar Belydenis kan ons help om 'n nuwe verstaan van noodlydendes te ontwikkel. Wat beteken die stryd om geregtigheid te midde van 'n goeie ekonomie, die vrae rondom die ekologie en die globale konteks waarin ons vandag leef? Wat beteken hierdie artikel vir die noodlydendes in 'n land soos Zimbabwe?

*Pieter Grove:*

- | In die hantering van armoede, kom die geregtigheds-aspek en die versoenings-aspek van Belhar baie sterk na vore. Armoede kan nie alleen deur armes aangespreek word nie, dit moet deur die breë samelewing, deur gelowiges gesamentlik, aangespreek word. Die motivering daaragter is 'n teologiese verstaan van die kerk wat 'vir mekaar' sorg dra.
- | Belhar spreek die sisteme wat armoede in stand hou, aan.
- | Die Belhar Belydenis het nie sy wortels in die bevrydingsteologie nie, maar in die Barmen Verklaring. Dit is sterk Calvinisties en verkondig dat Christus se heerskappy op elke terrein van die samelewing moet geskied. Daarom moet die natuurlike nie so verabsoluteer word, dat die Kerk haar lewe daarvolgens rig nie.
- | Daar is baie NG Kerk gemeentes wat gereed is om 'n bydrae maak tot die armoede-vraagstuk, maar hulle weet nie aldag hoe nie. Die Konvent tussen die NG Kerk en die VGKSA in die Wes-Kaap hou waarskynlik hiermee verband.

*Andries Louw:*

- | Die aanklag dat Belhar bevrydingsteologie is, is nie geregverdig nie. Die sosio-ekonomiese omstandighede in ons land, veral ten opsigte van armoede, maak dat Belhar steeds baie relevant is. Dit bly 'n vraag: Wat word vir die armes gedoen?

*Daniël Maluleke:*

- | Die boodskap van Belhar is dat jy nie 'n skeiding kan bring tussen uitreik en versorging nie. Mense moet die liefde van jou woorde kan sien.

*Hannes Theron:*

- | Die grootste weerstand teenoor die Belhar Belydenis kom uit die vierde Artikel oor *ongeregtigheid in die samelewing*, waarskynlik omdat dit mense ongemaklik maak. Dit wys op die emosionele (simboliese) betekenis van Belhar.

*Samevatting:*

Hierdie vierde artikel word deur byna al die respondente in verband gebring met die armoede-vraagstuk in Suider-Afrika. “Armes” word egter verskillend gedefiniëer, wat daarop dui dat Artikel 4 ‘n wye toepassingsmoontlikheid het. Sosio-ekonomiese armoede is nogtans hoog op die agenda van hierdie deel van Belhar, en die Belydenis kan in terme daarvan ‘n groot bydrae maak om die NG Kerk-familie te help om die vraagstuk oor armoede in Suid-Afrika, Suider-Afrika en Afrika meer effektief en meer Bybels-gefundeerd aan te pak.

#### 6.4.5 Artikel 5: Gehoorsaamheid

*Anoniem 1:*

- | Artikel vyf van die Belhar Belydenis het te make met doksologie en gehoorsaamheid. Die missionêre waarde lê eerstens daarin dat die liturgie (waar doksologie gevier word) en erediens die beginpunt van die sending is. Vanuit hierdie geloofsgemeenskap word mense gestuur om in die wêreld ‘n verskil te maak. Tweedens, het gehoorsaamheid te make met dissipelskap. As ons op grond van die Belydenis van Belhar - met die momente van eenheid, versoening en geregtigheid - dissipels kan kweek wat diep toegewy is aan die Here Jesus Christus, sal die kerk totaal 'n ander ding wees in ons land.

*Johan Botha:*

- | Al drie kern-artikels van Belhar beklemtoon ons verbondenheid met mekaar as God se wil en onder die heerskappy van Christus. Ons *is* om dié rede een, of ons daarvan hou of nie, ons het dit nie gekies nie.

*Pieter Grove:*

- | Die Belydenis van Belhar spreek die VGKSA op dieselfde kritiese wyse aan as wat dit die NG Kerk sou aanspreek. Baie NG Kerk mense besef dit nie. Die moeite waarmee hulle worstel met die Belydenis van Belhar – om dit waarlik te hoor – daardie selfde moeite ondervind die VGKSA om dit uit te lewe.



*Samevatting:*

Hoewel hierdie artikel min eksplisiet genoem word, vorm dit dikwels die onderbou van die gesprek oor Belhar. Hier gaan dit oor die drang van gelowiges om werklik gehoorsaam te bly aan die wil van God. Dit is belangrik om hierdie perspektief te behou, want enige ander motiewe as die verheerliking van ons Hemelse Vader, is onaanvaarbaar in die gesprek oor 'n belydenis soos die Belhar Belydenis.

*6.4.6 'n Denkskuif (wegkom van piëtisme) in die ekklesiologie van NG Kerk-familie*

*Johan Botha:*

- | Die Belhar Belydenis is vandag bruikbaar in terme van die ekklesiologie: die verskille tussen die dele van die NG Kerk-familie.

*Andries Louw:*

- | Belhar kan Christene (en die NG Kerk-familie) help om weg te kom van 'n piëtistiese soort spiritualiteit, wat net bekommerd is oor die redding van die siel. Belhar sê baie duidelik dat die Christelike geloof ook in die samelewing 'n rol het om te speel.

*Reggie Nel:*

- | In die NGSK het 'n verskuiwing in spiritualiteit plaasgevind: vanaf 'n vroomheids-tipe af, wat meer gestel was op die individuele, die persoonlike aard van sonde, na die begrip dat sonde ook sosiale sake, strukturele sonde en ongeregtheid insluit.

*Samevatting:*

Enkele respondente stem saam dat die Belhar Belydenis ook meehelp om minder "piëtisties" oor die Kerk te dink. Dit is veral insiggewend om kennis te neem van Johan Botha se opmerkings oor die ekklesiologiese bydrae van Belhar, veral aangesien hy van kleins af beide eredienste van die NGSK en die NG Kerk bygewoon het, en daarom ervaring van die spiritualiteite van albei het.

#### 6.4.7 Belydenisse uit die Reformasie en 'n eietydse belydeniskarakter

*Jaap Durand:*

- | Dit is foutief om te beweer dat die Belhar Belydenis Allan Boesak of Jaap Durand of Dirkie Smit se belydenis is. Die Belydenis het die geloof van die NGSK-sinode uitgespel oor die sake wat uit die apartheidskonteks na vore gekom het, naamlik *eenheid, versoening en geregtigheid*.
- | Hoewel die sake wat in Belhar voorkom, nie uitgespel word in die belydenisse uit die Reformasie nie, beteken dit nie dat hierdie sake eers in ons eeu ontdek is nie. Dit kom baie sterk in die Skrif na vore, en die Belhar Belydenis is op hierdie elemente in die Skrif gebaseer.
- | Die NG Kerk is besig om bewus te word dat daar aan hierdie sake aandag gegee moet word.

*Pieter Grove:*

- | 'n Belydenis is 'n uitroep in 'n bepaalde oomblik. Dit is 'n uitspraak wat bely - dit probeer nie teologies wetenskaplik korrek wees nie - dit probeer wel Bybels-getrou wees.

*Andries Louw:*

- | Daar is 'n moontlikheid om belydenisse uit die Reformasie te skei van meer moderne belydenisse, soos die Belhar Belydenis en die Laudium Verklaring, maar daar sal waarskynlik baie weerstand teen so 'n gedagte wees.
- | Die emosionele lading rondom die Belhar Belydenis speel 'n belangrike rol. Aan die een kant word gesê dat Belhar nie meer 'n absolute vereiste is nie, maar aan die ander kant gaan dit een van die gemeenskaplike belydenisse van die nuwe (beplande herenigde) kerk wees. Ons kan nie daarvan wegkom dat Belhar deel van die belydenis gaan wees nie.

*Samevatting:*

Een van die belangrikste bydraes wat die Belhar Belydenis in die NG Kerk-familie gemaak het, is dat dit die gesprekvoering en nadenke oor Gereformeerde belydenisse baie gestimuleer het. Die opmerkings van die respondente hierbo illustreer dit. Dit is egter ook duidelik dat daar 'n groot verskeidenheid sienswyses rondom belydenisse, hul waarde, status en funksie bestaan. Hieroor sal meer duidelikheid verkry moet word ter wille van 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis (asook ander dokumente soos die *Laudium Verklaring*).

#### 6.4.8 Gesprek/kontak tussen die NG Kerk en die VGKSA

*André Bartlett:*

- | Die NG Gemeente Aasvoëlkop het in die tydperk ná 1994 die Belhar Belydenis bespreek en besluit dat dit nie 'n struikelblok vir kerk-hereniging moet wees nie. Daar was twee groepe mense in hierdie gemeente: persone wat baie sterk positief gevoel het oor die Belhar Belydenis, en persone wat gevoel het dat dit nie 'n struikelblok moet wees nie.
- | Die konteks van die NG Gemeente Aasvoëlkop speel moontlik 'n groot rol in die gemeente se benadering tot die Belhar Belydenis. Aan die een kant is dit mense wat in die korporatiewe wêreld gewoond is aan samewerking oor rasse-grense heen. Aan die ander kant is hierdie mense nie gewoond aan 'n saak wat lank sloer nie. Hulle kom vanuit 'n konteks waar daar dikwels akkommoderend gewerk moet word sodat 'n saak afgehandel kan word.
- | Nouer samewerking met die VGKSA in hul omgewing, lê nog in die toekoms van die Aasvoëlkop gemeente.

*Andries Louw:*

- | Die kerkregtelike implikasies van die herenigingsproses bemoelijk sake voortdurend.
- | 'n Groter dilemma is dat daar baie min of geen kontak tussen NG Kerk gemeentes en gemeentes van die VGKSA is nie.
- | Die *status confessionis* en die kettery-aanklag teen die NG Kerk, in kombinasie met die mate waarin sommige VGKSA gemeentes finansiëel afhanklik van die NG Kerk is, het die verhoudings baie vertroebel tussen gemeentes.
- | Die hantering van finansies bly 'n probleem in 'n herenigde kerk.

*Daniël Maluleke:*

- | Die belydenis sê dat as ek jou liefhet en ek jou respekteer, sal ek vir jou ruimte maak. Dit is nie 'n saak waar jy in 'n bepaalde situasie ingedwing moet word nie.

*Samevatting:*

Dit is duidelik uit die response dat die gesprek oor kerkhereniging in die NG Kerk-familie 'n baie komplekse saak is, en dat die Belhar Belydenis maar net één van die kwessies daarbinne uitmaak. Die onderhoude wat gevoer is, laat die indruk dat die gesprek oor die Belhar Belydenis eenvoudiger gevoer kan word as dit nie binne die raamwerk van kerkhereniging gevoer moet word

nie. Die aandrang van die VGKSA dat die Belydenis aanvaar moet word as deel van 'n hereniging, beperk egter hierdie moontlikheid.

#### 6.4.9 Die universele karakter van Belhar

*Anoniem 1:*

- | Die waarde van Belhar lê ook daarin dat die Belydenis nie slegs beperk kan word tot Suid-Afrika nie, maar vir baie kerke wêreldwyd van waarde is. Dit is die eerste Belydenis van sy soort uit die kontinent van Afrika is.

*Anoniem 2:*

- | Die grootste waarde wat Belhar vir die NG Kerk het, is dat dit die kerk kan help om in lyn te bly met kerke van die Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom behoort die NG Kerk erns te maak met hierdie Belydenis.

*André Bartlett:*

- | Die blywende waarde van Belhar is dat dit geformuleer is om ook in nuwe situasies dieselfde waarheid te bevestig.

*Johan Botha:*

- | Belhar is van waarde vir verskeie kerke met wie die VGKSA te make het in Afrika.
- | n Belydenis het 'n dubbele karakter: dit praat tegelykertyd in spesifieke omstandighede, maar styg ook bó die omstandigheid uit. Dit is die geval met Belhar en die Heidelbergse Kategismus.

*Pieter Grove:*

- | Die waarde van die Belhar Belydenis lê daarin dat dit op 'n heldere wyse, op 'n kontemporêre wyse, eeu-oue Bybelse waarhede verwoord. Dit roep die kerk terug na daardie sentrale waarhede.
- | Elke belydenis het 'n aspek van tydsgebondenheid, want dit kom op uit 'n sekere situasie van konflik, maar elke ware belydenis is ook 'n belydenis wat daardie omstandighede transendeer omdat dit aanklank vind by die ewige waarheid van die Woord, en dit probeer uitdruk. Daarom is dit toepaslik vir verskeie tye en verskeie omstandighede.

*Nico Koopman:*

- | Belhar, soos wat 'n belydenis moet doen, is nie tydgebonde nie. Dit het ontstaan in 'n bepaalde periode, maar is nie net tot daardie periode beperk nie. Dit het geldingskrag buite die periode waarin dit opgestel is

*Andries Louw:*

- | Hoewel Belhar voortgespruit het vanuit die apartheidskonteks, is dit tog in 'n meer universele taal geskryf. Daarvoor moet erkenning gegee word – en daar is kerke in die res van die wêreld wat tans na Belhar kyk.

*Samevatting:*

Al die respondente is oortuig van die universele karakter van die Belhar Belydenis. Hoewel dit toegespits is op 'n bepaalde konteks (sien 6.4.1), het die belydenis baie waarde vir ander kontekste in ander wêrelddele en ander tye. Hierdie universele karakter maak 'n hedendaagse lees van die Belhar Belydenis moontlik, en verseker dat hierdie belydenis ook vandag waarde het vir die Kerk.

#### *6.4.10 Die kerk as eksemplaar of alternatiewe gemeenskap*

*Anoniem 1:*

- | Die kerk as alternatiewe gemeenskap is 'n geweldige sterk missionêre perspektief en gerigtheid. Die kerk moet voorbeeldig wys hoe versoening lyk. Deur die kerk as teken of eksemplaar, kan dit dalk gebeur dat mense groot respek kry vir die Evangelie en vir Jesus Christus en hulle kan nader getrek word.

*André Bartlett:*

- | Belhar het, in 'n nuwe soort wêreld, 'n sosiale visie vir die kerk. Dit maak sin in die tyd waarin ons leef, en daarom is dit aanvullend tot die bestaande belydenisskrifte
- | Vanuit 'n koninkryksteologie sê die kerk dat daar op geen terrein in die lewe oortree moet word nie en dat daar op geen terrein oortreding toegelaat moet word, sonder dat dit aangespreek word nie. In daardie konteks bring Belhar gereformeerde koninkryksteologie weer solied op die tafel.

*Johan Botha:*

- | As ons die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en veral die NG-familieverband nie aanspreek nie, en as ons nie sê “Wys ‘n alternatief”, of “Gee vir die gemeenskap ‘n voorbeeld van ‘n versoende gemeenskap” nie, watter hoop is daar dan? Die hart van die Belhar Belydenis sit die saak van versoening op die tafel, wat ons roep om as versoendes ‘n verskil te maak in ons samelewing.
- | Die geloofsgemeenskap is van so ‘n aard dat ons nie deur die bril van die vlees na mekaar kyk nie, maar met die oë van Christus, en daarom moet ons samelewingstrukture wat mense uitmekaar hou, oorbrug en selfs teenstaan. Daarom is Belhar ‘n bron-dokument.

*Pieter Grove:*

- | Die Belydenis van Belhar het 'n belangrike eskatologiese element, dit gee hoop. In plaas daarvan dat mense aanvaar dat die wêreld is soos dit is, wys Belhar vir ons waarna ons reeds op aarde kan werk, want God hou vir ons die hemel voor.

*Nico Koopman:*

- | Belhar voorsien 'n visie. Daar moet baie hard gewerk word om gesprekke te kry, om te help dat daar besluite gemaak word, beleid geformuleer word, prosedures in plek kom, om te help dat die visie beliggaam word.
- | Belhar gee vir 'n goeie raamwerk vir die familie van NG Kerke vir gesamentlike belydenis, getuienis en aksie.

*Samevatting:*

Die meeste respondente stem saam dat die Belhar Belydenis die Kerk help om as ‘n voorbeeld in die wêreld te funksioneer. Hier gaan dit ten diepste oor die missionêre roeping van die Kerk in die wêreld. Belhar voorsien ‘n visie, wat gebaseer is op die koninkryk van God, en wat die NG Kerk-familie kan help om ‘n verskil te maak in die samelewing van vandag.

#### *6.4.11 Hedendaagse toepassing van Belhar*

*Anoniem 2:*

- | ‘n Tweede waarde wat Belhar vir die NG Kerk meebring, is die beskerming van die regte van minderhede.

- | Die Belhar Belydenis is uiters relevant vir vandag. Versoening is nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan gesien word in (a) die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk, en (b) die politieke flanke wat al hoe meer na vore kom (bv. met die liedjie “De La Rey” en die verdeeldheid in die ANC).

*Johan Botha:*

- | Die Belhar Belydenis moet in die tyd waarbinne ons vandag leef, teen die Skrif getoets word om te bepaal of dit ‘n belydenis is en of dit die Bybelse boodskap dra.

*Jaap Durand:*

- | Al het die omstandighede sedert 1982 baie verander, bly die Belhar Belydenis aktueel, omdat dit nie net geskryf is vir daardie tyd nie. Die sake wat daarin aangeraak word, word nie so duidelik omskryf in die drie Formuliere van Eenheid nie, en daarom is dit steeds belangrik. Die Suid-Afrikaanse samelewing en Kerk is nog nie klaar met eenheid, versoening en geregtigheid nie.

*Pieter Grove:*

- | Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag en dit is deels 'n geregtigheidsvraag. Versoening: dat almal ingesluit word in die nuwe gemeenskap, ongeag velkleur. Dit beteken dat gelowiges mede-verantwoordelikheid moet neem vir mense wat gemarginaliseerd is. Geregtigheid: dat dit van toepassing is op almal wat benadeel word, nie net die materiële armes nie, ook die armes van gees.

*Nico Koopman:*

- | Die Belhar Belydenis gee teologiese rigtingwysers uit die Woord van God. Dit het gegeld vir apartheid en geld ook nou in 'n nuwe konteks, waar daar gebou word aan 'n nuwe land waar mense kan leef in eenheid en versoening en geregtigheid met mekaar.
- | Belhar, wat praat van versoening en geregtigheid, sê dat as die NG Kerk een word, aktuele knelpunte meer konstruktief aangespreek kan word in Suid-Afrika as wat huidiglik gedoen word.

*Daniël Maluleke:*

- | Die Belhar Belydenis het ‘n boodskap vir alle mense binne die samelewing en omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Wanneer daar in ons tyd steeds op grond van ras werk gegee word aan mense (regstellende aksie), en nie op grond van kwalifikasie nie, wys Belhar dat dit ook verkeerd is. Daar is wel die historiese agtergrond van Belhar, maar mens kan vandag

Belhar verklaar vanuit ons hedendaagse situasie, en dieselfde stok slaan ook na die VGKSA, die NGKA of selfs die ANC regering.

*Hannes Theron:*

- | Die Belhar Belydenis se waarde gaan toeneem vir die NG Kerk se wit lidmate, bloot omdat die omstandighede rondom hulle verander het en omdat hulle 'n baie sterk minderheidsgroep is in Suid-Afrika. Die omstandighede vir hierdie lidmate begin in baie opsigte ooreenstem met die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Belhar Belydenis.

*Samevatting:*

Al die respondente is oortuig van die hedendaagse toepassingswaarde van die Belhar Belydenis vir die Kerk. Dit sluit ten nouste aan by die vorige tema (6.4.10. *Die kerk as eksemplaar of alternatiewe gemeenskap*). Volgens die onderhoude kan Belhar toegepas word op sake soos: die beskerming van die regte van minderhede; die bevordering van eenheid, versoening en geregtigheid in die samelewing en Kerk; die regte van mense wat gemarginaliseerd is; die bystand aan armes, nie net die materiële armes nie, ook die armes van gees; die bouproses aan 'n nuwe land; 'n meer konstruktiewe aanspreek van aktuele knelpunte; en die hantering van regstellende aksie.

#### *6.4.12 Simboliese betekenis van Belhar*

*Anoniem 2:*

- | Belhar het belangrike simboliese betekenis vir die VGKSA en vir die NG Kerk. Vir die VGKSA het dit te make met hul menswaardigheid. Vir die NG Kerk is dit 'n simbool van vernedering.

*Johan Botha:*

- | Mense het emosionele weerstand teen Belhar, want mense reageer teenoor hul stereotipe voor-verstaan van persone.
- | 'n Tweede weerstand teen Belhar bestaan omdat Belhar mense se denke en leefwêreld bevraagteken het.

*Nico Koopman:*

- | Die Belhar Belydenis is 'n uitdrukking van die geloof wat in die harte van mense van die NGSK geleef het (en nog steeds leef). Hulle het dit nie by ander gehoor nie, hulle het met daardie geloof grootgeword.



*Daniël Maluleke:*

- | Die Belhar Belydenis word deur baie Afrikaners gesien as 'n aanklag teen hulle. Daarom is aanvaarding moeilik. Die probleem word vererger solank daar slegs binne die NG Kerk gepraat word oor die Belhar Belydenis, en nie na buite gesprek gevoer word nie.

*Hannes Theron:*

- | Die Belhar Belydenis was 'n belangrike moment vir die Sendingkerk om hulleself te posisioneer oor waar hulle staan, binne 'n konteks waar hulle net voel: "maar hierdie konteks vra vir 'n antwoord vanuit die Skrif." Die Belhar Belydenis het vir baie van die mense van die VGKSA gehelp om 'n identiteit te kry. Dit is die emosionele (simboliese) waarde van Belhar.
- | Die uitspraak dat die NG Kerk kettery beoefen met apartheid, het ongelukkig aan die Belhar Belydenis 'n ander betekenis gegee as wat dit bedoel was om te wees. Belhar gaan eintlik oor 'n Christen se uitdrukking van eenheid, versoening en geregtigheid binne moeilike omstandighede.
- | Dr. Alan Boesak was nie deel van die span wat die Belhar Belydenis opgestel het nie, maar hy het 'n belangrike rol in die totstandkoming daarvan gespeel.
- | Die Belhar Belydenis het aan die NGSK 'n geweldige identiteit gegee en daarom is dit 'n baie belangrike dokument vir die VGKSA. Dit is iets wat nie altyd erkenning kry in die NG Kerk nie.

*Samevatting:*

Die respondente stem ooreen dat die Belhar Belydenis ook groot simboliese betekenis het vir beide die mense van die NG Kerk en die lidmate van die VGKSA. Vir die NG Kerk het dit negatiewe betekenis gekry as gevolg van die aanklag van kettery wat daarmee geassosieer word; die koppeling van die omstrede figuur van dr. Alan Boesak aan die belydenis; die geïsoleerdheid van die gesprek oor Belhar in die NG Kerk; omdat die belydenis mense se denke en leefwêreld bevraagteken het en omdat dit 'n simbool van vernedering geword het vir sommige in die NG Kerk. Vir die VGKSA het dit 'n baie positiewe betekenis, omdat dit aan die NGSK (later VGKSA) en die mense van dié kerk 'n geweldige identiteit gegee het; omdat dit uitdrukking gee **vaan** die geloof wat in die harte van mense van die NGSK geleef het (en nog steeds in die VGKSA leef); en omdat dit vir baie mense 'n simbool van hul menswaardigheid geword het.

Met die afgelope bespreking van aktuele temas in die Belydenis van Belhar wil die Skrywer 'n verwysingsbron in die hand van gemeenteleiers en leraars van die familie van NG Kerke plaas

waarmee die gesprek oor die belydenis gefasiliteer kan word. Die kans is goed dat die meeste van hierdie temas (indien nie almal nie) ter sprake gaan kom in sulke gesprekke. Die bedoeling is dat fasiliteerders deur die lees van hierdie temas (vooraf of tydens 'n bespreking) die gesprek verder kan laat vlot.

## 6.5 Slotbeskouing

Hierdie studie is onderneem om die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk te ontdek. Daar is bevind dat die **Belhar Belydenis groot missionêre waarde het vir die NG Kerk.**

Verder is aangetoon dat:

- (a) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk nie afhanklik is van die aanvaarding van die belydenis as konfessie nie;
- (b) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk meervoudig is en voortdurend ontwikkel;
- (c) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis onder andere daarin gesien kan word dat die belydenis 'n instrument tot verdere inheemswording is vir die NG Kerk-familie in Suid-Afrika.

Die dringendste saak rondom die Belhar Belydenis vandag, is dat daar 'n oop en eerlike debat gevoer word oor die belydenis – sonder dwang, in onderworpenheid aan die Skrif.

Om leraars en gemeentelidings by te staan in hul taak om 'n oop en eerlike debat in gemeentes van die NG Kerk-familie te inisieer, motiveer en te fasiliteer, is riglyne opgestel vir so 'n debat en 'n verwysingsbron van aktuele temas in die Belhar Belydenis is saamgestel uit die onderhoude wat vir die doel van hierdie navorsing gevoer is.

Een van die mees basiese vrae wat oor die Belhar Belydenis gevra behoort te word in hierdie debat, is die vraag na die Missionêre waarde van die belydenis vir die Kerk. Wanneer hierdie vraag ondersoek word, is die insigte van Goheen (Newbigin) en Barth van groot belang. Goheen het aangetoon dat die verkondiging van die Evangelie tussen verskillende wêreldbeelde veronderstel dat die een (of kerk) wat die Evangelie bring, net soveel kan leer by die een (of kerk) wat die Evangelie ontvang, as wat anders-om die geval is. Die rede hiervoor is dat daar by die verkondiging van die Evangelie nie net 'n dialoog tussen wêreldbeelde plaasvind nie, maar in effek 'n dialoog, waar die Vader deur sy Woord met elkeen en deur elkeen na die ander in gesprek is. Barth se insigte is dat die karakter van 'n kerklike belydenis juis van so 'n aard is, dat dit nie

geïgnoreer kan word deur die res van die Kerk nie, en dat dit ook nie afgedwing kan word op enige kerk nie. Belydenisse staan onder gesag van die Skrif, en as sodanig word dit met die Universele Kerk gedeel sodat 'n oop en eerlike gesprek daaroor kan plaasvind. Daarom is 'n oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis van groot belang vir die NG Kerk-familie.

---



## ONDERHOUDE AS STIMULASIE TOT GESPREKVOERING BINNE DIE NG KERK-FAMILIE

Hierdie hoofstuk is 'n addendum tot die studie oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Die gesprekke wat hier gevoer is, is aanvanklik bedoel om slegs agtergrondinligting te verskaf aan die skrywer, maar dit het uiteindelik so 'n waardevolle kaleidoskoop van gedagtes geword, dat daar besluit is om dit in geheel weer te gee in hierdie addendum.

### **7.1. Die gebruik van die Belhar Belydenis in 'n gesprek oor die missie van die NG Kerk-familie in die Suider-Afrikaanse samelewing**

Die missie van die kerk is altyd binne 'n konteks in die wêreld. Daarom kan die waarde, en veral ook die *missionêre* waarde van die Belhar Belydenis, nie objektief, sonder konteks verwoord word nie. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis kom na vore te midde van die ervarings en sentimente van mense wat hul geloof *volgens* hierdie Belydenis bely, asook diegene wat bely dat die Belhar Belydenis *téén* hul geloof in getuig. Hierdie mense se geloofsbelydenisse spruit voort uit spesifieke kontekste, en daarom is die woorde wat hulle bely nie neutrale, ewig geldende dogma-stellings nie. Hierdie belydenisse het bepaalde simboliese en psigologiese waarde. Dit is lewende geloofstaal, wat uit die hart van gelowige mense kom, en nie staties in boeke in steriele biblioteke ontstaan het nie.

Dit het al hoe meer duidelik geword in hierdie navorsing dat die subjektiewe belewenisse van mense oor die Belhar Belydenis gehoor moet word. In die VGKSA is hierdie subjektiewe belewenisse 'n positiewe waardering van die Belhar Belydenis, want die Belydenis is 'n aanvaarde, erkende belydenis van hierdie kerk. Hul evaluering van Belhar is *per se* positief. In die NG Kerk is daar 'n mengsel van positiewe en negatiewe belewenisse van die Belhar Belydenis.

In 'n brief vanaf die Moderamen van die Algemene sinode, waar terugvoer gegee word oor die konsultasieproses wat aan die einde van 2007 in NG Kerk gemeentes gevoer is, word die volgende vermeld:

Ons het gehoor dat baie gemeentes en lidmate dink die huidige drie belydenisskrifte is genoegsaam, én dat hulle nie geneë is om die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif te aanvaar nie. Daar is ook by lidmate en gemeentes begrip vir die besondere teologiese waarde en sentiment wat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA, en vir sommige predikante en lidmate van die NG Kerk, het. Ons oordeel daarom dat enige toekomstige hantering van die Belydenis van Belhar beide standpunte, dié vir en dié teen Belhar, moet respekteer.

(Gerber 2008:1)

Die mense in die NG Kerk het geleentheid gehad om met mekaar, intern, te praat oor die Belhar Belydenis (soos in hierdie konsultasieproses). Die leierskap van die NG Kerk-familie het geleentheid gehad om op verskeie vlakke met mekaar in gesprek te tree (byvoorbeeld by die KGA en die gesprekke by Achterberg en Esselenpark). Die vraag is of daar al genoegsame interkerklike gesprekke plaasgevind het *in* die familie van NG Kerke, en veral tussen mense in die NG Kerk en die VGKSA. Die tipe gesprek waaraan hier gedink word, is 'n gesprek waar die gewone lidmaat, die mense in die gemeentes, die geleentheid het om hul "stories" aan mekaar te vertel. "Stories" van ervarings, belewenisse, hartseer, pyn, vreugde, tranes, opwinding, hoop, geloof en liefde. Lewensverhale van geloof. Belewenisse wat hul gebring het tot 'n punt waar daar 'n belydenis ontstaan het op eie bodem, en tot 'n punt waar hierdie belydenis deur ander negatief beleef is. Op watter ander manier kan daar oor die Belhar Belydenis gepraat word waar beide die standpunte vir en dié teen die Belhar Belydenis op 'n vreedsame, liefdevolle, kerklike manier bespreek kan word as binne die veilige ruimte van die Kerk?

Mens sou kon vra: Wat het 'n interkerklike gesprek tussen lede van die NG Kerk-familie, of tussen die NG Kerk en die VGKSA op grondvlak te make met sending? Beweeg hierdie studie nie buite die missiologie in die rigting van ekumene nie? Die antwoord op hierdie vrae hang ten nouste saam met 'n persoon se definisie van missiologie, sending en die rigting waarheen daar binne hierdie vakgebiede beweeg moet word. Wanneer die missiologieë van Newbigin, Goheen en Bosch bestudeer word, kom 'n ander benadering in die Missiologie na vore.

Goheen (2000) se proefskrif handel oor Newbigin se teologie: "*As the Father Has Sent Me, I Am Sending You*": J. E. Lesslie Newbigin's *Missionary Ecclesiology*. Hy beskryf hierdie teologie as 'n missionêre ekklesiologie. Hier kan mens reeds sien dat Newbigin ekklesiologie en missiologie met mekaar integreer. Die sending van die Kerk is ten nouste verweef met die wese van die Kerk.

Anders gestel, die missie van die Kerk word uitgevoer deur die Kerk se woorde, daade en bestaanswyse. Die missie van die Kerk word uitgevoer in al die aspekte van 'n gemeente se bestaan: die manier hoe die mense in 'n gemeente met mekaar omgaan; hoe hulle met mense buite die gemeente omgaan; wat hulle te sê het oor dinge wat in die wêreld gebeur; hoe hulle optree teenoor alle mense se nood; die manier waarop die kerke saamgestel is; die manier waarop gemeentes en gemeentelêde hedendaagse vraagstukke soos eenheid, versoening en geregtigheid sigbaar maak in hul verhoudings met medegelowiges en alle mense in die samelewing.

In Noord-Amerika het 'n netwerk van kerke ontwikkel wat daarop gerig is om 'n missionêre ontmoeting met die Noord-Amerikaanse kultuur te kweek. Dit staan bekend as die *Gospel in our Culture Network (GOCN)* (Goheen 2002:479-490; sien ook Guder et al 1998). Hierdie beweging is in die lewe geroep deur *kulturele* sowel as *kerklike* veranderinge wat die afgelope tyd plaasgevind het. Die Noord-Amerikaanse *kultuur* verskuif al hoe meer van 'n moderne na 'n post-moderne samelewing. Die *kerk* bevind haarself al hoe meer in 'n minder belangrike posisie in die samelewing. Daarom word die vraag gevra: "What does it mean for a church increasingly on the margins of North American culture to encounter its postmodern culture in a missionary way?" (Goheen 2002:479). Hierdie vraag kan nie net so van toepassing gemaak word op die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing nie, aangesien andersoortige kerklike en kulturele faktore 'n deurslaggewende rol speel in hierdie deel van die wêreld. Die Suid-Afrikaanse kerk kan wel by hierdie netwerk kers opsteek in terme van hul werkswyse. Volgens Goheen (2002:479) is die werk van die GOCN drieledig: kulturele analise, teologiese refleksie en ekklesiologiese (kerklike) gesprekvoering. Toegepas op die Suid-Afrikaanse kerk, beteken dit dat die kerk wat missionêr wil wees, drieledig te werk kan gaan:

- | *Kulturele analise*: Wat is die onderliggende godsdienstige waardesisteme en die kenmerkende eienskappe van die diverse kulturele Suider-Afrikaanse samelewing?
- | *Teologiese refleksie*: Wat is die inhoud van die boodskap (Evangelie) waarvan die kerk geroep word om te getuig in hierdie samelewing?
- | *Ekklesiologiese gesprekvoering*: Watter tipe kerk is nodig om 'n getroue en relevante getuienis van hierdie boodskap (Evangelie) in die Suider-Afrikaanse samelewing te lewer?

Die Belhar Belydenis is baie waardevol as 'n instrument vir gebruik tydens *teologiese refleksie* in bogenoemde werkswyse. Een van die hoofredes hiervoor is dat die Belydenis binne 'n bepaalde tydperk en konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing na vore gekom het en daarom bepaalde onderliggende godsdienstige waardesisteme verwoord. Dit maak Belhar ideaal vir teologiese refleksie oor die inhoud van die Evangelie waarvoor getuienis nodig is binne die samelewing. Die Belhar Belydenis is in wese 'n uiteensetting van die Evangelie waarvan die NGSK oortuig was dat hulle geroep word om in die Suider-Afrikaanse samelewing te getuig in 1982. Dit verteenwoordig

dus ten minste één werklike weergawe van die boodskap van die Kerk vir die diverse kulturele Suider-Afrikaanse samelewing.

Ook ten opsigte van ekklesiologiese gesprekvoering is die Belhar Belydenis van groot waarde. Belhar verwoord 'n ekklesiologie waarbinne eenheid, versoening en geregtigheid 'n bepaalde rol speel. Wanneer daar dus gevra word: "Watter tipe kerk is nodig om 'n getroue en relevante getuie van die Evangelie in die Suider-Afrikaanse samelewing te lewer?", bied die Belhar Belydenis reeds 'n antwoord. Dit bied 'n wegspringplek vir verdere bespreking oor die missie van die Kerk, en veral die NG Kerke in Suider-Afrika. Daarom kan Belhar beskou word as 'n instrument in die gesprekvoering oor die missie van die NG Kerk-familie vir hierdie deel van die wêreld.

## **7.2. Kwalitatiewe onderhoude oor die Belhar Belydenis as voorbeeld-gesprekke oor die missie van die NG Kerk-familie in die Suider-Afrikaanse samelewing**

In aansluiting by hierdie benadering (wat hoort by die Liggaam van Christus), is besluit om kwalitatiewe onderhoude te voer met mense wat positiewe kontak met die Belhar Belydenis het of gehad het. Hierdie navorsing is primêr gerig op die NG Kerk, en daarom is die oorgrote meerderheid onderhoude gevoer met mense uit die VGKSA. Ter wille daarvan om ook vir NG Kerk-lidmate voorbeelde te gee van ander mense in die NG Kerk wat Belhar positief waardeer, is vier onderhoude gevoer met mense binne die NG Kerk.

Die aantal onderhoude en die respondente is bepaal deur die tyd wat gedurende 2007 toegeken is vir die voer van onderhoude, asook deur die beskikbaarheid van die respondente gedurende daardie tyd. Die navorser het twee besoeke aan Kaapstad gebring, en alle respondente in die Wes-Kaap is gedurende daardie geleentheid besoek. Die ander respondente bevind hul in Gauteng, waar die navorser permanent werk. Twee onderhoude is met persone gevoer wat verkies om anoniem te bly – hierdie onderhoude word aan die einde geplaas onder Anoniem 1 en Anoniem 2. Uit die aard van die anonimiteit word slegs aangedui in watter kerkverband hierdie persone staan.

Hierdie onderhoude poog nie om volledig te wees nie. Dit wil die gesprek tussen die kerke van die NG familie stimuleer en uitbou. Die doel daarvan is om 'n aantal temas rondom die waarde van die NG Kerk na vore te bring, op 'n manier wat die kerk missionêr bevoordeel. Daarom begin die onderhoude met die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Die verloop van elke onderhoud verskil van die ander. Die navorser het nie probeer om dieselfde vrae by elke onderhoud te vra nie – hoewel die breë strekking van die onderhoude oor dieselfde onderwerp gehandel het, naamlik die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk. Elke respondent het self bepaal hoe die onderhoud verloop, en die vrae wat gestel is deur die navorser,

was daarop gemik om die “storie” van die respondent te verhelder en so duidelik as moontlik te laat oorkom.

Op die gebied van kwalitatiewe navorsing in die sosiale wetenskappe is daar ‘n verskuiwing in benadering vanaf ‘n “soeke na die waarheid”-werkswyse na ‘n benadering waar die sosiale werklikheid waarmee ons te make het, gekonstrueer word. In die boek, *Finding your way in qualitative research*, word hierdie verskuiwing beskryf:

It is thus in *conversation* and in *discourse communities* where the value of research is determined. Previously, prediction of facts (generalisation) dominated the social sciences. Then interpretation of meaning followed and became the fashionable thing to do. In the wake of prediction and interpretation, there was tension between *facts* and *meanings* and *observations* and *interpretations*. According to Kvale (2002:307), however, there has now been a change in direction in the search for what makes good research and the ‘... tension has moved to the relation between meanings and acts, between interpretation and action. When dichotomy between facts and values is abandoned, aesthetics and ethics come into the foreground. When knowledge is no longer the mere reflection of an objective reality, but the construction of a social reality, the beauty and the use value of the constructed knowledge comes into the foreground.’

(Henning, Van Rensburg en Smit 2004:148)

Die vraag in hierdie studie gaan dus nie oor die bepaling van positief-geformuleerde stellings oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis en die beoordeling daarvan nie. Die kwalitatiewe navorsing het ten doel om die *estetiese* (“beauty”) en die *gebruikswaarde* (“use value”) van die NG Kerk-familie se poging om ‘n moderne belydenis in haar midde te verwerk en te waardeer, na vore te bring. Om te luister, sonder veroordeling, en om te hoor, al maak dit seer, is ‘n benadering wat by die Kerk tuishoort. As gelowiges besig is met gesprek oor dit wat vir hulle belangrik is, naamlik belydenis, kan hulle nie die ander dinge wat vir hulle belangrik is, soos respek, liefde en vergifnis vergeet nie. Die gebruikswaarde van hierdie onderhoude is dat dit in NG Kerk gemeentes gelees kan word in prosesse waar gesprek met ander lede van die NG Kerk-familie aangeknoop word. Net so kan dit in gemeentes van ander lede van die NG Kerk-familie gebruik word.

Die kwalitatiewe navorsing in hierdie studie kan vanuit hierdie denke verstaan word. Die werklikheid wat tussen mense bestaan in die NG Kerk-familie, veral ten opsigte van die Belhar Belydenis, word na vore gebring in die stories van mense. In die verhale wat mense se ervarings rondom die opstel van die Belydenis beskryf, in die stories van hoe mense die Evangelie nuut ontdek het deur die Belhar Belydenis, en in die werklike lewenservarings wat die Belhar Belydenis



vir mense kosbaar maak, kom die missionêre waarde van die Belydenis na vore. In hierdie stories word 'n dialoog gestimuleer tussen gelowiges wat mekaar nouliks ken. Deur die gesprek rondom Belhar kan die mense in die NG Kerk-familie mekaar al hoe beter verstaan – tot in so 'n mate dat daar van die Belhar Belydenis as 'n instrument gepraat kan word. Dit is 'n instrument waardeur die Evangelie al hoe meer vastrapplek kan kry in 'n Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word deur diverse kulture. Dit is 'n instrument tot inheemswording vir die NG Kerk-familie in Suid-Afrika, Suider-Afrika, Afrika en selfs verder oor die aardbol.

Dit was nie moontlik om regoor Suid-Afrika 'n verteenwoordigende seleksie van respondente te maak nie. Die onderhoude is nie verteenwoordigend van die volle spektrum van ouderdom, ras, geslag of taal in die NG Kerk-familie nie. Dit is ook nie die bedoeling nie. Die bedoeling is dat hierdie onderhoude 'n verskeidenheid van sienswyses sal reflekteer, asook die dinamiese, kontekstuele aard van die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Die doel daarvan is om 'n kruis-kerklike (en dikwels ook, maar nie altyd nie, 'n kruis-kulturele) gesprek te inisieer en/of te stimuleer rondom die Belhar Belydenis. In die eerste plek kan so 'n gesprek in die familie van NG Kerke gevoer word. In die tweede plek kan so 'n gesprek uitbrei na die ander kerke van gereformeerde tradisie in Suider Afrika. Derdens kan so 'n gesprek verder uitkring na ander kerke in Suid-Afrika, en wêreldwyd.

Onderhoude is gevoer met (a) persone wat lidmate van die VGKSA is, in hulle beroep daaglik met die implikasies van die Belhar Belydenis werk, en daarom die waarde van die Belydenis binne hulle omstandighede kan verwoord (Anoniem 1, Daniël Maluleke, Johan Botha, Nico Koopman, Pieter Grove, ANONIEM 3, Reggie Nel), óf (b) met persone wat lidmate van die NG Kerk is en in gemeentes of posisies staan waar dit bekend is dat die Belhar Belydenis positief waardeur word (Andries Louw, Anoniem 2, Hannes Theron en André Bartlett), óf (c) met persone wat by die opstel van die Belhar Belydenis betrokke was (Jaap Durand, Phil Robinson, Daan Cloete, Anoniem 1).

Hierdie onderhoude mag nie gebruik word om enige respondent te diskrediteer of benadeel nie. Onderhoude is volkome vrywillig en met toestemming van die respondente gevoer. Onderhoude is digitaal opgeneem en daarna getranskribeer. Die transkribering is geredigeer om dit maklik leesbaar te maak, en enkele klein wysigings is aangebring om die betekenis te verhelder. Die geredigeerde dokumente is aan die respondente gestuur vir veranderings voordat dit opgeneem is in die proefskrif.

Hieronder volg die onderhoude volgens datum van onderhoud. Waar meer as een onderhoud op dieselfde dag gevoer is, is dit ook kronologies geplaas. Aan die einde van elke onderhoud word die hoofpunte van die onderhoud ten opsigte van die missionêre waarde kortliks uitgelig. Hierdie punte word in die volgende hoofstuk bespreek.

### 7.3. ONDERHOUD MET ANDRIES LOUW 22 JANUARIE 2007

Ds. Andries N E Louw is sedert 2004 in diens van die Sinodale Getuienisforum vir die Noordelike sinode en die sinode van Oos-Transvaal. Hy werk vanuit die Sinodale Sentrum in Mamelodi, waar hy noue kontak met die leierskap van die VGKSA het. Hy is lidmaat van die NG Kerk en het baie ervaring as predikant in gemeentes (bv. NGSK Vryburg, NG Kerke Sondagsrivier-Suid, Marble Hall, Pretoria-Fearie Glen, Valleisig). Sy werksopdrag is onder meer om kontak te bewerkstellig tussen gemeentes van die NG Kerk en die VGKSA. Vanweë hierdie bemiddelende werk is ds. Louw beskou as 'n baie goeie kandidaat vir 'n onderhoud oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.

#### ONDERHOUD

JAN: Kom ons gesels oor die Belhar Belydenis.

ANDRIES LOUW: Die Eerste ding om te onthou van Belhar is dat dit 'n standpuntname teen apartheid en apartheidsteologie was. Dit is 'n bepaalde kontekstuele teologie, wat mens in aanmerking moet neem as jy die dokument wil verstaan. 'n Mens moet net daardie konteks goed verreken, want as jy dit nie doen nie, mis jy 'n groot deel van die punt. Ek sê dit ter verdediging van Belhar. Dis maklik om Belhar in retrospeksie te beskou vanuit 'n Demokratiese SA, waar apartheid nie meer 'n wetlike sisteem is wat alles bepaal nie. Die punt is, dat toe Belhar destyds ontstaan het, was dit nie die geval nie.

In 'n sekere sin is dit 'n protes-belydenis, en die krisis waaruit dit voorgekom het, was die feit dat die destydse NGSK en later ook die NGKA (nou die VGKSA) hierdie dokument omhels het, omdat dit vir hulle op 'n manier tot uitdrukking gebring het, die konflik waarin hulle te staan kom, naamlik dat hulle deel is van 'n familie van NG Kerke wat eintlik die apartheidsteologie en die apartheidsbeleid onderskryf het.

Ek kan spesifiek dink aan prof. Thias Kgatla, wat onder andere die stelling gemaak het, (sien sy toespraak by laaste Noordelike sinode oor betekenis van Belhar). Hy noem dit spesifiek dat, toe die apartheid nog in swang was, hulle kinders vir hulle gevra: "Hoe is dit dat ons aan 'n familie van Kerke behoort wat eintlik apartheid ondersteun? Hoe kan dit dan wees? Bots dit nie met die Christelike geloof nie?" Dit is die soort vrae wat hul kinders gevra het. Hy wys daarop dat Belhar hulle in werklikheid gehelp het om te sê: Juis vanuit 'n gereformeerde en 'n Bybels-begronde teologie, is daar ernstige besware in te bring, nie net teen apartheid as instelling nie, maar ook teen apartheidsteologie. Dit is waaraan hulle vasgehou het, waar hulle aan die een kant

gereformeerd en Bybels kon bly, maar aan die ander kant duidelike standpunt teen die apartheidsteologie kon inneem.

JAN: Dit het dus nie net oor 'n proses van protes gegaan nie, maar daar is 'n teologiese begroning binne die omstandighede geformuleer.

ANDRIES LOUW: Ja, dit gaan nie in die eerste plek oor 'n protes teen 'n onmenslike beleid nie - dit ook, maar dit probeer deurdring na die grondslae – die filosofies en teologiese grondslae – van apartheid en 'n apartheidsteologie, en probeer dit beoordeel vanuit 'n Bybelse begroning.

Oor die fyner detail daarvan sou mens meer inligting moet kry. Ek weet dat Attie van Niekerk vanuit die standpunt uitgaan van 'n klem op versoening by Belhar. Dit lewer 'n probleem op wanneer daar te maklik beweeg word van versoening binne die Christelike Kerk na versoening in die gemeenskap. Hy opper die punt: "Kan mens dit so maklik doen? Kan Christus se versoening (wat verseker geld vir die kerk) so probleemloos oorgedra word op die samelewing waar almal nie noodwendig Christene is nie?" Dit is 'n geldige vraag.

Maar daar is ook teenvraag: Indien die meerderheid van die land se bevolking hulself Christene noem, en die vorige regering openlik gesê het hulle wil 'n Christelike regering (met Christelike waardes) wees, dan bly dit steeds 'n probleem dat daardie regering apartheid bedink het en dit toegepas het, en dat die NG Kerk vir 'n lang tyd met sy teologiese uitsprake apartheid begrond het.

Terug by prof. Thias Kgatla. Hy het dit baie mooi gestel dat Belhar 'n geleentheid gebied het vir kerkleiers binne die VGKSA (destyds NGSK) om juis vanuit 'n Bybelse begroning weerstand te bied teen apartheid - nie net op 'n politieke basis nie, maar ook op 'n teologiese basis. Met Belhar kon kerkleiers daarop wys dat die onversoenbaarheid van mense ten grondslag van apartheid gelê het (dus, die wese daarvan bepaal), terwyl die Evangelie juis verkondig dat Christus versoening bring, dat hy Jood en Griek een gemaak het (Ef. 2:11-20). Ek sê dit soms in gemeentes: daar is bloedweinig, indien enige, predikante wat nog nie uit die vorige perikoop – Ef. 2:1-10 - gepreek het nie (wat handel oor verlossing uit genade), maar hoeveel het al uit hierdie perikoop (Ef. 2:11-20) gepreek? Hierdie perikoop spruit eintlik direk voort uit die vorige, naamlik dat Christus dié twee, Jood en nie-Jood, een gemaak het.

Ek het nou verwys na prof. Thias Kgatla en wat dit vir hulle beteken het, as bruin en swart kerkleiers, om vanuit 'n Bybelse begroning weerstand te kon bied teen apartheidsteologie.

As ons nou 'n stappie verder gaan: dit het ook waarde gehad vir Sendelinge of mense wat sendingleraars was (blanke leraars wat vanuit die NG Kerk in die VGKSA/NGSK gewerk het), dat hulle hul met Belhar kon vereenselwig of daarmee saamstem, en dat hulle op dié manier ook kon

sê dat hulle hul vereenselwig met die oortuiging dat apartheid eintlik mense geskei het, terwyl Christus juis gekom het om mense saam te bring in 'n nuwe eenheid. Die probleem is dat baie sendingleraars gevoel het dat hulle lojaal moet bly aan die NG Kerk, veral omdat die NG Kerk hul salarisse betaal het (en daarom wou hulle hul nie met die Belhar Belydenis vereenselwig nie). So, die ou beginsel: wie se brood men eet,... So het 'n geleentheid vir baie verbygegaan.

'n Ander faktor: vir baie mense in die VGKSA, het Belhar so 'n ongelooflike betekenis gehad in dié opsig dat dit hul menswaardigheid bevestig het, teenoor die on-menswaardigheid wat apartheid vir hulle veroorsaak het – mens moet dit ook raaksien. Dit was vir hulle tog 'n manier om te sê: “Ons is tog belangrik in God se oë.” Dit wat hulle aangevoel het as vernedering – hul het tog inderdaad rede gehad om so te voel. Dit gee vir swart en bruin Christene die geleentheid om op hierdie manier hul eie menswaardigheid te bevestig.

Dit word egter onmiddelik 'n probleem wanneer 'n persoon uit die NG Kerk so 'n stelling maak. Dit kan die indruk wek dat jy eintlik sê: “Goed, ek kan verstaan dat dit vir die ‘gekleurdes’ belangrik is om aan Belhar vas te hou, maar vir my spreek dit nie eintlik aan nie. Omdat hulle 'n behoefte het aan die bevestiging van hul menswaardigheid help dit hulle daarmee.” Maar dit vermy dan die kwessie van die waarheidsgehalte van Belhar, en dit vermy die kwessie dat die NG Kerk deur Belhar voor 'n keuse geplaas word om radikaal afstand te doen van 'n apartheidsteologie – of om op 'n manier nog daaraan vas te hou – en dit is 'n keuse waarvan die NG Kerk nie hou nie.

JAN: En het die NG Kerk al daardie keuse gemaak?

ANDRIES LOUW: Ek dink nie die NG Kerk as geheel het al daardie keuse gemaak nie. Amptelik het die NG Kerk dit gedoen, deur die besluite wat sê dat die Algemene sinode die basiese beginsels van Belhar aanvaar, naamlik versoening, geregtigheid en God se mededoë met die armes. Die Algemene sinode het gesê: “Ons onderskryf dit in wese – ons verskil nie regtig oor die sake wat daar aangerak word nie,” maar die indruk word dan steeds gelaat dat mens oor die formulering sou kon verskil. Dan bly dit steeds 'n vraag: As ons dan eintlik daarmee identifiseer, hoekom kan ons Belhar nie maar onderskryf nie?

JAN: Dit is nogal 'n belangrike vraag. Daar word gesê: “Ons het nie 'n probleem met die inhoud nie, maar wel met die formulering.” Hoe kom mens by die inhoud uit anders as deur die formulering daarvan? Of gaan dit oor konsepte waarmee ons nie 'n probleem het nie?

ANDRIES LOUW: Ek dink die feit dat ons uit 'n apartheidsverlede kom... Die besluite van die Algemene sinode het uitgespel dat die meeste van die besware teen Belhar gaan oor die simboliese waarde daarvan, daar is so drie terme wat gebruik word. As jy dit regtig mooi gaan ontlee, dan bly dit nog steeds 'n raaisel – behalwe as jy op die ou end maar eintlik moet erken –

en dit is die moeilike ding om te erken – dat dit vir ons baie moeilik is om ons apartheidsverlede eerlik in die oë te kyk en te sê: “Dit kan nie verantwoord word nie, en ons moet volledig daarvan afstand doen.” Ek dink dit is die dilemma waarvoor Belhar die NG Kerk stel.

Natuurlik, in die nuwe konteks waarin ons leef, is daar verskeie aspekte in verband met die politieke bedeling – soos regstellende aksie, die hoë misdaad en die hele kwessie van naamsveranderings van dorpe – wat vir blankes spesifiek laat voel dat hulle gemarginaliseer word en dat die Afrikaanse of Afrikaner-kultuur nou onderploeg word deur ‘n swart meerderheid. Nou maak dit dat ons weereens teruggedruk word in ‘n “mode” waar ons moet laer trek en bymekaarstaan, want as ons nie saamstaan nie gaan ons belange in die grond vertrap word. Ons moet toegee dat dit ook nie noodwendig ‘n onrealistiese vrees is nie. Hierdie dinge maak dit vir mense emosioneel moeilik om terug te gaan en ‘n harde oordeel oor hul eie apartheidsverlede uit te spreek.

In terme van kronologiese gang is hierdie dinge natuurlik onlogies, want apartheid het bestaan lank voordat daar marginalisering van witmense was. As jy nou vanuit ‘n situasie kyk wat deur witmense ervaar word as marginalisering, en jy vra nou vir hulle om terug te gaan na Belhar, wat ‘n protes teen apartheid was, dan is dit asof hierdie goed die lyne kruis – mense slaag nie emosioneel daarin nie. Mense sê byvoorbeeld: “Dit is nie op die oomblik meer ter sake nie – ons is al deur apartheid, ons ondersteun dit lankal nie meer nie. Ons het met die proses saamgegaan om daarvan ontslae te raak, maar dit wat nou gebeur is ook nie wat ons in gedagte gehad het nie.” Vanuit daardie hoek is dit ook verstaanbaar dat mense ‘n weerstand teen Belhar het. Mense sê: “Nóú moet ek teen apartheid protesteer, nóú moet ek Belhar onderskryf en onderteken, terwyl die situasie nóú eintlik is dat daar ‘n nuwe vorm van omgekeerde diskriminasie teen witmense is.”

Die teen-argument kan wees: daar is tog nou juis in die Belhar Belydenis genoeg materiaal wat ons as witmense kan gebruik om te sê: “Ons mag nie gemarginaliseer word nie en die eenheid wat daar moet wees, moet rekening hou met die verskeidenheid.” Die konnotasie van Belhar maak dit moeilik dat witmense Belhar op daardie manier kan gebruik. Hoewel dit waar sou wees, of waar is, dat witmense vandag Belhar kan gebruik om te protesteer teen verdrukking of marginalisering, dan bly dit steeds emosioneel moeilik, want Belhar is aanvanklik gebruik deur bruin- en swart mense teen witmense.

Die Begeleidende brief stel dit baie mooi dat hierdie belydenis nie verstaan moet word as ‘n belydenis teen “iemand” nie, maar eerder ‘n belydenis ‘voor God’, en dit word ook nie “vanuit die troon van God af” uitgespreek in ‘n veroordelende houding nie, maar eerder “voor die troon van God in alle nederigheid”, in alle ootmoed, om te sê dat die opstellers daarvan bewus is van hul eie gebrokenheid. So, ek dink daar is ‘n ongelooflike mooi gesindheid agter Belhar as jy die woorde gaan lees, maar die profetiese skerpheid daarvan het nietemin witmense so diep getref, dat hulle

nie daardie dinge raaksien nie. Hulle beleef Belhar as 'n uitspraak teen die NG Kerk, dit was 'n klap teen die NG Kerk omdat hy apartheid beoefen het.

Dit is moeilike goed in enige konflik-situasie. Hoe hanteer jy dit? Ten spyte van die mooi woorde wat daar staan, is dit so vertolk dat dit teen die NG Kerk uitgespreek is. Daardie persepsie kry jy nie verander nie. Dit is natuurlik ook 'n vraag, die kerke wat Belhar onderskryf het, waarvan getuig hulle optrede? Ek sê dit nie om daarmee te insinueer dat hulle optrede nie reg is nie, maar dit is ook weer waar dat Belhar gepaard gegaan het met 'n tyd van redelike sterk verset, 'n gees van opstand – ek huiwer om te sê – 'n gees van rewolusie. Daar was tog 'n gees van: die land moet onregeerbaar wees, ensovoorts. Belhar het in daardie tyd ontstaan en 'n rol gespeel. Met ander woorde, jou politieke motiewe en jou politieke aksies en jou geestelik-morele teologiese standpunt-inname (hoewel jy die twee moet onderskei kan jy dit ook nie heeltemal van mekaar skei nie) – al daardie konnotasies – maak dit vir witmense moeilik. Selfs vandag nog is daar witmense wat sal sê dat dit bevrydingsteologie is wat ons in Belhar kry.

Ek dink nie die beskuldiging is korrek geoordeel op dit wat daarin staan nie. Ek dink nie die hele evangelie word vanuit die konsep van bevryding gesien nie. As jy sou sê dat Belhar die enigste belydenis van die kerk sou wees, dan sou mens dalk kon sê dat daar 'n stuk eensydigheid is, maar die punt is dat Belhar tog veronderstel dat die kerk ook die ander belydenisstukke het. Belhar pretendeer ook nie om homself in die plek van die ander belydenisstukke te stel nie. So hy is eintlik toegespits op 'n baie spesifieke situasie: die hele kwessie van sosiale of maatskaplike geregtigheid, en dan eenheid van die kerk, versoening ook in die samelewing, en uiteindelik die kwessie van God se houding teenoor die armes, die minderbevoorregtes. Elke keer wanneer ek Belhar lees, maak dit my ongemaklik, want, ek meen, ons is voorspoedige mense. Maar ek dink dat mense wat in die swart of bruin gemeenskappe woon en ekonomies voorspoedig lewe, ook hierdie ongemak ervaar – as mens dink hoe baie armes daar nog in die land is, hoe baie agterlikheid, teenoor die relatiewe voorspoed wat ander beleef. Hierdie dinge is so relatief. Die vraag is net, hoe reageer mens op hierdie goed? Ek dink dit moet ons net meer vasberade maak om wel 'n verskil te maak. As jy dit nou vanuit 'n Marxistiese of sosialistiese bril lees, dan sien jy nou weer iets anders daarin.

Dit sou waarskynlik moontlik wees om in Belhar 'n paar sosialistiese goed raak te sien. Ek dink dit is bewustelik daar geplaas nie, maar jy sou Belhar so kon aanwend, of so kon gebruik om te sê dat daar materiaal in te vind is, wat aangewend kan word in 'n politieke stryd om weg te kom van die sogenaamde “nieu-liberalisme” se ekonomiese ongeregtighede, en die ANC (wat blyk ook die kapitalisme omhels het, en nie meer omgee vir armes nie). Daar is 'n beweging wat sê dat die enigste manier om hierdie geweldige kloue te oorbrug, sou wees om terug te keer na Sosialisme. Dit sou moontlik wees om Belhar daarvoor te misbruik. Al hierdie moontlikhede van hoe mens goed kan misbruik, is aan die ander kant weer deel van sommige mense se weerstand teen

Belhar. Hulle sê dat dit te maklik is om Belhar weer aan te wend om sake soos die herverdeling van rykdom, nasionalisering, Sosialisme en grondhervorming (wat heeltemal anders kan wees as wat mense vandag hoop) verkeerd te bevorder. Hulle meen dat dit te ongekwalifiseerd voorkeur aan die arme gee, asof enige aksie wat vir die armes gedoen word verkiesliker is as die huidige (private inisiatief en eiendomsbesit) stelsel wat ons het. Ek dink die Belhar Belydenis het 'n bepaalde konteks en situasie-gebondenheid wat mens in aanmerking moet neem, maar dit is nie noodwendig die laaste woord wat oor daardie sake gegee kan word nie. Polities gesien, word die ANC inderdaad vandag uitgedaag of hulle werklik genoeg vir die armes doen. Dit beteken dat Belhar op 'n sekere manier vandag ook relevant is. Die leierskap in Suid-Afrika (ANC) vandag beleef voorspoed en is ekonomies bemagtig, maar die vraag word steeds gevra wat hulle vir die armes beteken.

Onmiddelik is daar dan die vraag: wat is die antwoord? Is Sosialisme die antwoord? Is meer maatskaplike programme vir werkskepping die antwoord? Dit lyk asof die toepassing van die vryemark-beginsel en die teorie dat groter voorspoed vir die land outomaties groter voorspoed vir die armes sal bring, maar die stelling word baie sterk gemaak dat dit klaarblyklik nie gebeur nie, en dat baie mense vandag swakker af is as wat hulle tien jaar gelede was.

Goed, die situasie het verander. Daar is baie onwettige immigrante in die land – baie werksgeleenthede wat deur hulle opgeneem word – so daar is 'n klomp ander faktore wat ook 'n rol speel.

JAN: Wel, dan beteken Suid-Afrika darem iets vir Afrika, al is dit nie soseer vir spesifiek die armes in Suid-Afrika nie?

ANDRIES LOUW: Die vraag is nou verder: is daar ook ander oorsake van armoede benewens ongeregtigheid, of ekonomiese stelsels van ongeregtigheid? Dit is ook 'n geldige vraag. Mens sou ook die vraag aan Belhar kon vra: sê Belhar dat alle armoede en alle ekonomiese ongeregtighede die skuld van ryk mense is? Is ekonomiese ongeregtigheid die enigste oorsaak van armoede? Dit hang nou saam met die vrae oor globalisering – dat die wêreld probeer om verantwoordelikheid vir mekaar te neem (tog soek alle lande ook maar selfsugtig hul eie belange). Byvoorbeeld die verwagting wat Afrika het dat die wêreld hom uit armoede moet uittrek en die reaksie van die wêreld wat nie meer lus is om geld in 'n donker gat in te pomp, terwyl dit nie lyk asof dit enige verskil maak nie.

Wat is die werklike oorsake van armoede? Is dit net ekonomies van aard, of is daar ook ander oorsake wat verband hou met die wêreldbeskouing? Spesifiek die Afrika-godsdienste se wêreldbeskouing. Dit is egter ongemaaklike vrae, polities gelaaide vrae. As jy dit vra kan jy ook

maklik in 'n situasie kom dat mense vir jou sê dat jy die eintlike punt van ongeregtheid probeer ontduik.

JAN: Dit is iets wat ek ook in Botswana en Namibië beleef het, naamlik dat dit wat ons in Suid-Afrika beskou as armoede, eintlik die lewenswyse van daardie mense is. In hul eie oë is hulle nie arm nie. Hul leef in werklikheid op 'n ander manier as die Westerse, kapitalistiese wêreld.

ANDRIES LOUW: Goed, maar mense maak ook die onderskeid van “ekstreme armoede” – mense wat werklik nie weet waar hul kos vandaan gaan kom nie, mense wat nie volhoubare landbou kan beoefen nie, omdat hulle in gemarginaliseerde gebiede is, sonder enige hulpmiddele – hulle kan nie meer trek soos nomade in die ou dae nie. Waar is daar plek vir hulle? Daar is nêrens 'n lewenstog vir hulle nie. Dit bly 'n geldige vraag. Ek dink nie ons kan maklik hierdie knellende vrae oor armoede regtig ontvlug nie. Dit kom staan lewensgroot voor ons en spreek ons gewete aan.

Ek is net nie seker of die alternatief van 'n vorm van Sosialisme die antwoord is nie. Trouens, Sosialisme het wêreldwyd so dramaties en so kolossaal in die vorm van kommunisme in duie gestort, dat geen normale mens by sy regte verstand dit nog kan ondersteun nie. Buitendien was kommunisme nog altyd 'n god-lose, 'n ateïstiese teologie – ons moet dit ook nie vergeet nie. Dit het veel groter onderdrukking en menslike lyding onder mense veroorsaak as enige ander ekonomiese of politieke bestel ooit tevore nog – saam met Nazisme.

JAN: Die probleem is dus dat daar nog nie 'n goeie alternatief gebied word vir die kapitalistiese stelsel nie.

ANDRIES LOUW: Dit is waar. Afrika sit met geweldig baie potensiaal, maar waarom word hierdie potensiaal in terme van riviere en ander bronne nie ontgin nie? Wat is die oorsake wat ontwikkeling terughou? Ons sou dus kon kyk na 'n hele teologie van ontwikkeling.

Dan is daar 'n ander faktor rondom Belhar wat mens behoort aan te spreek en dit is dat Belhar Christene (en die NG Kerk-familie) behoort te kan help om weg te kom van 'n piëtistiese soort spiritualiteit, wat net bekommerd is oor die redding van die siel, en wat die samelewing dan betref, het die geloof geen rol om te speel nie. Belhar sê baie duidelik dat die Christelike geloof ook in die samelewing 'n rol het om te speel. Die kerk se roeping is breër as om net verlossing van die individu, persoonlike heil te verkondig. Maar nou sit mens weereens met 'n balans wat gehandhaaf moet word. Die indruk het in die verlede dikwels by mense in die NG Kerk ontstaan dat daar sommige in die bruin en swart NG Kerke is, wat hul hele bediening so sterk deur Belhar laat kleur, dat die persoonlike verlossing eintlik nie meer belangrik is nie, en dat persoonlike geloof, geloofsekerheid en bekering nie meer 'n rol hoef te speel nie. Dit is 'n geldige beswaar en vrees. Dus, wat my persoonlik betref, neem ek 'n middel-posisie in: ek dink Belhar kan ons regtig help



om weg te kom van 'n oor-geestelike spiritualisering van geloof, wat reken dat daar klaar gepraat is oor die geloof as jy die Here Jesus aangeneem het en as jy verder net 'n heilige lewe lei - verder het die kerk nie 'n rol te speel nie. Ek dink dit is gewoon 'n reduksie van die Evangelie, en dat die Evangelie van sy krag ontnem word om in die samelewing 'n invloed te hê. Maar ek dink daar is ook die teenoorgestelde gevaar: dat 'n mens so op die sosiale implikasies van die Evangelie kan fokus, dat jy nie erns maak met die individuele oproep tot heiligmaking en tot 'n geloofsbeslissing nie. Met ander woorde, vir sommige mense word dit dan 'n politieke evangelie. Ek dink dit word in die NG Kerk-familie die beste geïllustreer deur die spiritualiteit van die Reformed Church in Africa, en dan die situasie van die swart en bruin gemeentes binne die VGKSA. Vir die swart en bruin gemeentes is die belangrikste kwessies ekonomiese geregtigheid en aanvaarding (versoening) – dat hulle as volwaardige mense aanvaar moet word deur die witmense en deur wit Christene en deur die wit kerk. Hulle sê: “Wat is die probleem? Hoekom kan ons nie een wees nie?” Aan die ander kant is die mense in die RCA se beleving van hul persoonlike bekering, en die geweldige implikasies wat dit vir hulle gehad het – meestal vanuit die Hindoeïsme – en hulle is ook ekonomies nie so erg benadeel nie. Hulle is tradisioneel in 'n beter posisie as die swart- en bruinmense. So, vir hulle is die groot bedreiging dat Belhar die voertuig kan word vir 'n soort-van politieke evangelie, terwyl hulle sê dat hul grootste behoefte is om uit die afgodsdienste van die Hindoeïsme uit te kom, en ook uit die geesteswêreld wat daarmee gepaard gaan. Hulle wil uiteindelik as Christene geestelik vry wees. So, hulle het 'n baie meer “gees”-telike benadering. Êrens is die uitdaging vir die NG Kerk-familie om 'n balans tussen hierdie goed te vind. Ek weet nie hoe ons dit gaan regkry nie!!

JAN: As ons praat van die aanvaarding van die Belhar Belydenis in die NG Kerk, dan sien mense dat Belhar op dieselfde vlak gaan wees as die Drie Formuliere van Eenheid. Sou dit moontlik wees dat dit nie noodwendig die geval is nie? Sou mens byvoorbeeld van twee groepe belydenisse kan praat, naamlik belydenisse uit die reformasie en meer kontekstuele of eietydse belydenisse?

ANDRIES LOUW: Die beswaar teen so-iets sal onmiddelik na vore kom, naamlik deur te sê dat alle belydenisse kontekstueel is. Die belydenisse uit die reformasie het ook binne 'n bepaalde konteks tot stand gekom, naamlik die konteks van die Roomse teologie en Roomse dwalinge in terme van verlossing, en die waarhede van regverdigmaking deur geloof alleen. Om dan 'n onderskeid te maak sal vir die mense in die VGKSA dalk die indruk wek dat jy nou 'n kategorie vir 'n tweedeklas belydenis skep. Dan sê jy die Drie Formuliere van Eenheid is nou eersteklas, dit is ewige waarhede, dit is nie kontekstueel bepaal nie. Ander belydenisse is dan meer kontekstueel bepaal. Die mense in die VGKSA sal natuurlik 'n probleem daarmee hê. Hulle sal vir jou sê dat, afgesien wat die konteks is, is Belhar vir ons 'n geestelike waarheid wat uitstaan bo alle tye – dit staan nie net vir die tyd van apartheid waarin dit tot stand gekom het nie. So, jy gaan definitief besware kry teen so 'n moontlike klassifikasie van verskillende tipes belydenisse.

JAN: Om dan sensitief te wees vir hierdie verstaan van 'n kategorisering, sal mens dan eerder praat van “belydenisse uit die tyd van die reformasie” en “eietydse belydenisse”?

ANDRIES LOUW: Ja, of “meer moderne belydenisse”, soos die Barmen Verklaring.

JAN: As ons op daardie pad begin loop, dan is daar eintlik 'n aantal ander geskifte en belydenisse wat ook op so 'n manier binne 'n bepaalde groep van belydenisse gesien kan word, byvoorbeeld die Akkra Verklaring en die Laudium Verklaring.

ANDRIES LOUW: Ek dink daar kan 'n saak daarvoor uitgemaak word, maar ek weet nie so mooi of dit algemene aanvaarding sal vind nie – trouens, ek is redelik seker daarvan dat so 'n indeling uit sekere kringe ernstige teenstand sal kry.

JAN: Wat nie vergeet moet word nie, is die volgende geslag. Ek self het nie die emosionele lading gedurende die totstandkoming van die Belhar Belydenis beleef nie. Ek lees daarvan en ek weet daarvan, maar ek beleef dit nie so nie.

ANDRIES LOUW: Ek het die emosionele ervaring wat die destydse NG Sendingkerk gehad het van apartheid, absoluut van naby beleef toe ek my eerste sinode bygewoon het in 1974. Daar was heftige debatte waar die hele kwessie van apartheid en ekonomiese ongeregtheid gedurig opgeduik het. Vir iemand wat uit 'n redelike gede-politiseerde geestelike Christendom kom, was dit vir my 'n redelike sterk ontnugtering aan die een kant, maar aan die ander kant ook 'n verruiming van my uitkyk. Ek moes besef dat ons tipe van nie-politieke Christendom, geestelike, amper 'n soort piëtisme, het baie gemaklik saamgeleef met die “onchristelike” stelsel van apartheid. Die inkonsekwensie daarvan het nooit eens by ons opgekom nie. Eers as jy in so 'n vergadering sit, en jy luister rustig na die toesprake en die emosies, begin jy mettertyd eers verstaan wat apartheid aan mense gedoen het – hoe diep dit hulle seergemaak het, hoe erg dit hulle vervreem het, hoe 'n ongelooflike anomalie dit vir hulle was dat die witmense die evangelie vir hulle gebring het, maar terselfdertyd vir hulle gesê het: “Gaan staan asseblief net ver van ons af. Ons wil eintlik niks met julle te doen hê nie. Solank julle die Evangelie glo is dit reg, maar die eenheid waarvan die Bybel praat, en die broederskap waarvan die Bybel praat, dit wil ons nie met julle hê nie.” Jy moet dit op 'n manier saam met gekleurde Christene ervaar om regtig te verstaan hoe diep daardie wonde is. Dit is moeilik om dit vir NG Kerk-mense te verduidelik. Dit is moeilik om dit vir die jong geslag te verduidelik. Soos ek netnou gesê het, wanneer witmense nou weer voel dat hulle gemarginaliseer word, stel hulle in elk geval nie belang in die ou goed nie. Hulle vra: “Maar wat van nou?” Hierdie dinge is baie kompleks.

Mens moet nou in gedagte hou dat daar met die nuutste herenigings-inisiatiewe nou 'n beweging is wat sê dat Belhar in 'n sekere sin as 'n struikelblok ervaar is. Die besluite van die Algemene sinode van die NG Kerk in 2004 het gepleit vir 'n posisie in die middel êrens, waar nie noodwendig Belhar onderskryf moes word voor eenheid moontlik is nie. Die sinode het gevra of daar nie 'n manier is om eenheid te bereik sonder dat hierdie onderskrywing as 'n absolute vereiste gesel word nie. Met die Esselenpark vergadering en daarna ook met die Agterberg vergadering is daar op 'n manier nader beweeg aan 'n konsensus waar Belhar wel deel van 'n nuwe kerk se belydenis sal vorm, maar dat dit nie as 'n absolute vereiste gestel word nie.

Nou lyk dit vir my daar is na twee kante toe 'n probleem. Aan die een kant word gesê dat Belhar nie meer 'n absolute vereiste is nie, maar aan die ander kant sê jy tog dit gaan een van die gemeenskaplike belydenis van die nuwe kerk wees. So, in die verenigde nuwe kerk wat dan deur eenwording gevorm word, gaan jy nie daarvan wegkom dat Belhar deel van die belydenis is nie. Hoewel ons dus nie nou sê dat Belhar nie 'n absolute vereistes is nie, kan dit in die toekoms wel so hanteer word. Veral wanneer mense vanuit hul vrese en hul agtergrond praat, moet jy begrip daarvoor hê dat mense sê dat dit eintlik 'n anomalie is. Aan die een kant sê jy Belhar is nie nodig nie en dit is nie 'n vereiste nie, aan die ander kant sê jy dit gaan tog op die ou end deel wees van die nuwe kerk se belydenis. Is jy nie besig met 'n innerlike teëspraak, met 'n kontradiksie nie? Jy gebruik nou eintlik taal as 'n manier om by 'n struikelblok verby te kom.

Dieselfde tipe, of 'n parallelle beswaar kom nou ook van die ander kant af, blykbaar, vanuit sommige geledere van die VGKSA – dit is nog nie in die openbaar gestel nie, maar ek tel dit hier en daar op – waar gesê word: “Watter kerkvergadering van die VGKSA het toestemming gegee dat die streng vereiste van die onderskrywing van Belhar vir kerkvereniging laat val kan word?” Met ander woorde, vanuit die VGKSA word gevra: “Ons sê dat Belhar steeds belangrik bly, maar dit is nie meer 'n vereiste nie – wat sê ons dan eintlik?” Daar word selfs die vraag gevra oor die mandaat wat die Sinodale Kommissie van die Algemene sinode gehad het om daardie meer sagte benadering te volg. Ek dink daar lê vir ons moeilike gesprekke voor.

'n Ander kompliserende faktor wat nou niks met Belhar te doen het nie, is die hele kwessie van die kerkregtelike status van kerkvereniging en, indien 'n bepaalde groep lidmate sê: “Ons gaan nie met vereniging saam nie,” wat is hul posisie dan? Daar was nou by Koppies in die Vrystaat 'n uitspraak in 'n hofsak waar die NG Kerk in Afrika aanspraak gemaak het op die geboue. Hierdie saak is nou ten gunste van die NG Kerk in Afrika beslis. Die beslissing van die regter was in ooreenstemming met ander vroeëre beslissings van howe, ook in die geval destyds van die vereniging van die NG Kerk en die Hervormde Kerk rondom 1880, toe party lidmate van die Hervormde Kerk gesê het dat hulle nie met die kerkvereniging saamgaan nie, en aanspraak gemaak het op die geboue. Presies dieselfde het nou in Koppies gebeur. Die NGKA het gesê: “Daar het 'n klompie van ons lidmate agtergebly en ons verteenwoordig die voortsetting van die

NGKA, en as dit die geval is, beteken dit die geboue behoort aan ons. Dit kan nie oorgaan na die nuwe kerk toe nie.

JAN: Daarvan het ons 'n paar voorbeelde in die Vrystaat.

ANDRIES LOUW: Dit het nou 'n hele skaduwee gewerp oor die hele proses. Dit beteken dat as jy nie 'n 100% stem vir kerkvereniging het nie, kan jy moeilik sien hoe dit kan deurgaang. Dit lê nou nie op die terrein van Belhar nie, maar dit is praktiese Kerkreg.

JAN: As jy jousef kon voorstel dat die NG Kerk die Belhar Belydenis aanvaar as hul belydenis, wat sou dit aan die wêreld kommunikeer?

ANDRIES LOUW: Dit sou belangrike simboliese waarde hê, en dit sal baie help in die herenigingsgesprek. Maar daar is twee opmerkings wat ek onmiddelik sal wil maak aan die negatiewe kant. Eerstens sal dit onvermydelik impliseer dat 'n klomp NG Kerk lidmate sal sê: "Ons onderskryf dit nie. Dit is teen ons wil en ons het sulke sterk gevoelens teen Belhar, dat ons in hierdie geval die kerk sal verlaat en na 'n ander kerk toe sal gaan." Die NG Kerk is bewus daarvan, trouens, 2004 sinode het juis daarom na 'n middelposisie probeer beweeg waar Belhar nie as 'n vereiste gestel word nie. In die vertrekpunt is duidelik gesê dat die kerk nie 'n klomp lidmate wil verloor nie en dat, sover as moontlik, die hele kerk moet saamgaan. As die NG Kerk Belhar gaan aanvaar, gaan klomp lidmate die kerk verlaat – ons weet dit, baie het dit gesê in die gesprekke wat gevoer is, veral op die platteland.

Maar hierdie kerkregtelike situasie maak nou die teendeel waar mense sê: "Gaan julle nou maar aan met Belhar, word deel van 'n nuwe kerk, maar ons bly agter in die ou NG Kerk, soos hy is."

Die ander kant van die saak is: as die NG Kerk Belhar sou aanvaar, gaan daar onmiddelik 'n klomp mense wees wat die vraag gaan vra: Wat is die implikasies nou? Beteken dit dat die NG Kerk se mense regtig nou berou het oor apartheid? Beteken dit dat hulle regtig hulle gesindheid en hul houding teenoor mense van die VGKSA gaan verander? Gaan hulle kontak soek? Gaan hulle nou doelgerig werk aan eenheid, of gaan hulle weer verskonings hê? Jy gaan onmiddelik die vraag kry: Is dit nou net 'n verklaring om die wêreld tevrede te stel, of is dit opreg? Met ander woorde, die opregtheid in terme van bedoelings, en die implikasies in terme van daad, gaan onmiddelik bevraagteken word.

In die posisie waar ek werk, het ek persoonlik 'n baie ernstige vraag, naamlik dat talle en talle NG Gemeentes geen kontak met 'n VGKSA gemeente het nie. Waar ek probeer om gemeentes te oorreed om in vennootskapsverhoudings met VGKSA gemeentes te tree, vind ek 'n oor die algemeen 'n redelike gebrek aan entoesiasme daarvoor. Daar word nou gepraat oor eenheid en

hereniging, maar op grondvlak is daar bitter min NG Kerk gemeentes wat vennootskaplike verhoudings met VGKSA gemeentes daarstel.

JAN: Op die platteland?

ANDRIES LOUW: In die stad is daar nog minder. Op die platteland is daar op 'n manier 'n bietjie kontak. Hulle geografiese omstandighede dwing hulle om mekaar raak te sien en mekaar op 'n manier te ontmoet en te vra hoe hul mekaar se hande kan vat. Maar in die stad is dit baie makliker as jy in een van die voorstedelike woonbuurte woon, om te sê: “Ons het niks uit te waai met Mamelodi nie, en met GaRankuwa, of met Sekukuniland of Rivone daar in Oos-Transvaal het ons nog minder te doen – so dit gaan by ons verby, dit is nie ons arbeidsterrein nie, ons is hier in die stad en ons werk hier.” So, dit word baie maklik, juis omdat ons in aparte strukture is, om weg te kruip en te sê: “Ek het my gemeente en dit hou my voltyds besig.” Ek het ook begrip daarvoor dat predikante dit sê. Maar beteken dit dan dat ons geen verantwoordelikheid het om verhoudings te bou met swart en bruin Christene nie? Selfs al sou kerk-eenheid nog 'n ruk vat of al sou daar nog struikelblokke wees.

Daarom het ons by die Getuienisforum gesê dat daar 'n behoefte bestaan aan strukture waar gemeentes in 'n vorm van vennootskap met mekaar saamwerk. Daardie goed gebeur nie vanself nie – jy moet baie hard daaraan werk. Jy moet doelgerig uit jou pad uit gaan om dit tot stand te bring en dit in stand te hou. Jy moet uit jou “comfort zone” uitbeweeg met so 'n verhouding. Nou kom die hele kwessie van ekonomiese realiteite weer na vore. Die VGKSA Noordelike sinode bestaan uit 130 gemeentes – dit sluit nou die sinodes van Noord- en Oos-Transvaal van die NG Kerk in. As jy 'n horisontale lyn trek Suid van Pretoria van Oos na Wes, is alles Noord van daardie lyn die sinode van VGKSA Noordelike sinode. Een derde van hierdie 130 gemeentes (ongeveer 40) het geen predikante nie. Die res wat oorbly, het ongeveer net die helfte van die gemeentes voltydse predikante – waarvan seker nie een op skaal vergoed word nie. Die ander helfte van die gemeentes het tentmaker-predikante – hulle staan in ander beroepe om 'n bepaalde lewensstandaard te handhaaf – hulle moet om te oorleef. Dan besef mens die bedieningsnood en die finansiële nood van 'n kerk soos die VGKSA – hoe gaan hy oorleef? Nou kan jy seker sê dat baie van hierdie gemeentes in die verlede te veel afhanklik was van subsidies van die NG Kerk, en die afgelope 2-3 dekades het talle NG Gemeentes hul subsidies van VGKSA gemeentes onttrek. Daar is geen wetlike verpligting op 'n gemeente om dit te gee nie – dit is 'n ander kerk! Die sending van die verlede het veronderstel dat daar so 'n verhouding is: ons is die moederkerk en hulle is ons dogterkerk en ons moet hulle help.

Dit is belangrik om te sê dat baie van die weerstand van die NG Kerk gaan nie soseer om Belhar nie, maar gaan oor die *status confessionis* wat ook uitgespreek is deur die destydse NGSK, waar hulle gesê het: “Hierdie is 'n belydenissaak. Dit is 'n saak waar die Evangelie op die spel is.” Daar

is gesê dat die regverdiging van apartheid is kettery. Die feit dat die NG Kerk van kettery beskuldig is, het daartoe gelei dat baie mense in die NG Kerk gesê het: “As ons dan nou kettters is, hoekom moet ons nog bande hê met daardie kerk? Hoekom moet ons nog vir hulle geld gee? So ‘n kerk wat dan nou so getrou aan die Evangelie is, wil mos nie bande hê met ‘n kerk wat kettters is nie, so kom ons stop die geld.” Die hartseer daarvan is dat al hierdie dinge verwydering gebring het, en groter finansiële swaarkry vir die VGKSA. Goed, dit het dalk hier-en-daar die voordeel gehad dat die VGKSA (baie gemeentes en dominees) besef het dat hulle harder moet werk om doelwit van finansiële selfstandigheid te bereik. Hierdie dinge wys vir ons dat finansiële afhanklikheid ‘n ellendige ding is. Op ‘n dag word jou finansiële ondersteuning net skielik afgesny. Dit het vir dominees wat dit beleef het, en hul gesinne, groot ekonomiese swaarkry meegebring. Vanuit die NG Kerk gesien, is daar die vraag gevra: Hoe nou verder? Hoe kan ons aanhou subsidies gee vir ‘n kerk wat sê: “Julle is kettters, ons wil niks met julle te doen hê nie.” Nou het jy weer die probleem dat baie van hierdie goed op die vlak van ‘n teologiese gesprek lê. Baie van die gewone gemeentes en gewone lidmate van die VGKSA verstaan nie altyd hierdie goed nie. Hulle besef nie dat hierdie sinodale uitsprake nou weer hierdie konsekwensies gaan hê nie.

Nou kom jy by die vraag van kerk-eenheid. Watter reëlins gaan getref word rondom finansiële sake? Daar bestaan die persepsie by baie in die verskillende kerke dat eenheid net beteken dat ons nou by Ringsvergaderings en Sinodale vergaderings saam gaan wees en dat dit nie finansiële implikasies vir NG Gemeentes gaan hê nie. Ek dink dit is naïef, want die finansiële nood van die VGKSA is so groot, dat, as jy binne een struktuur werk, en jy sien hierdie geweldige nood en die bedieningsbehoefte, en daar is nie geld om die predikante te betaal nie, gaan daar mettertyd ‘n aandrang wees op ‘n stelsel van subsidiëring wat weer in plek geplaas sal moet word. So sal minder goeie gemeentes gehelp moet word om weer ‘n predikant te kan bekostig. Daar is op die oomblik ook ‘n tekort aan predikante, hoewel daar ook mense is wat wag vir beroepe, maar gemeentes sien nie kans om te beroep in die VGKSA nie, want hulle is gebonde aan die arbeidswetgewing en as hulle ‘n beroepsbrief aan iemand gee, moet hulle presteer in terme van die betaal van ‘n salaris. Dan is daar dikwels nie die verhouding met ‘n bepaalde NG Kerk gemeente nie, wat hulle in staat stel om met die hulp van daardie NG Gemeentes ‘n dienskontrak te gee.

Hoe gaan kerkvereniging daardie situasie raak? Gaan dit onveranderd bly? Dan sou mens kon vra: wat is dan die voordeel van kerkvereniging? As alles bly net soos wat dit is, waarom wil mens dan kerkvereniging hê? Dit bring ons by twee konklusies. Of die mense is nie eerlik wat sê dat alles gaan bly soos dit is nie, of dan is kerkvereniging ‘n ydel oefening as niks gaan verander nie.

Erens pas hierdie goed ook nie lekker in mekaar in nie. Ek verstaan dat daar vir gemeentes gesê word dat hulle onveranderd gaan bly voortbestaan as gemeentes. Daar gaan nie van sinode-kant af ‘n gemeente gedwing word om sy hele bediening te verander nie. Daarvoor het ek groot begrip

dat daardie pastorale gerusstelling aan gemeentes gegee word. Maar ek dink nog steeds dat dit 'n te simplistiese stelling. Ek dink daar gaan bepaald druk op gemeentes kom vir groter finansiële bydraes om VGKSA gemeentes te help.

JAN: Ja, mens kan nie die bedieningsgeleenthede laat verby gaan vanweë finansies nie.

ANDRIES LOUW: Ons het ook in die kerk die gees van entrepreneurskap en die vryemark-stelsel – hierdie goed werk op mark-beginsels. Die vraag is: moet dit 'n rou vryemark-stelsel wees? Daar is goeie Bybelse argumente waar Paulus byvoorbeeld in 2 Kor. 9 praat oor kollekte vir gelowiges in Judea. Hy pleit nie vir 'n totale gelykheid nie. Dié wat min het, moet nie te min hê nie, en dié wat baie het, nie te veel nie. So, daar moet 'n vorm van balans wees.

JAN: Ek dink ons gaan in elk geval iewers in die toekoms 'n punt bereik waar die NG Kerk VGK-gemeentes moet begin bystaan, al vind die eenwording nie plaas nie. Mens moet net nie dink dat dit gaan wegbly as die kerk een word nie.

Ek wonder oor 'n ander saak. In 'n sekere sin het een kerk 'n ander kerk “aangekla” met die situasie van die *status confessionis*. Nou wonder ek of dit al ooit in die geskiedenis gebeur het dat jy so 'n situasie gehad het, waar die een kerk gesê het: “Julle is reg, ons is verkeerd,” en daar versoening plaasgevind het. Byvoorbeeld tydens die reformasie het iets soortgelyks gebeur waar die hervormers die Katolieke kerk “aangekla” het.

ANDRIES LOUW: Dit is die situasie wat ons in aanmerking moet neem, en mense soos dr. Coenie Burger het hier 'n groter en wyer visie, waar hy dit openlik sê dat daar tussen protestantse kerke (of kerke van gereformeerde belydenis, soos die Presbiteriaanse- en Kongregasionaliste Kerk, en die Gereformeerde en Hervormde Kerke met die NG Kerk) – ook in Suid-Afrika – 'n groter eenheid moet kom. Hy beywer hom daarvoor, maar die eerste hekkie wat ons moet oorkom, is die eenheid op die vlak van die NG Kerk-familie – dit is nou waar die rasse- en kulturele aspekte ter sprake kom. Dit is natuurlik ook so dat die rasse- en kulturele verskille by almal baie diep sit – ook die VGKSA kan nie daarvan wegkom nie.

JAN: Het die Belhar Belydenis se waarde afgeneem die afgelope paar jaar?

ANDRIES LOUW: Hoewel Belhar voortgespruit het vanuit die apartheidskonteks, is dit tog in 'n meer universele taal geskryf. Die kontekstuele bepaaldheid van Belhar moet nie uit die oog verloor word nie, maar mens kan dit oordryf deur te sê dat dit net vir 'n bepaalde tydperk waarde gehad het. Dit is tog so dat kerke wêreldwyd op die oomblik kyk na die Belydenis, byvoorbeeld die Protestantse Kerk in België en die Reformed Church in America, met die oog op die vraag of hulle sou kans sien om dit as 'n addisionele belydenisskrif te aanvaar. Daar is ander kerke wat dus ook

hierdie vraag vra: “Is Belhar so kontekstueel dat dit net eie is aan die spesifieke Suid-Afrikaanse konteks (te midde van die ou apartheidsituasie destyds) of het dit ook universele relevansie?” By hierdie kerke kom spesifieke situasies voor waar hulle oor Belhar sê: “Dit is vir ons ‘n riglyn, ons belydenis.” Ons as kerk funksioneer so dat ons nooit ‘n eksklusiewe kerk vir ‘n bepaalde bevolkingsgroep kan wees nie, want die versoening wat Christus bewerk het, bring ons juis na mekaar toe – en die saak van geregtigheid, asook die saak van armoede. ‘n Mens moet erkenning gee dat Belhar inderdaad so geskryf is dat dit universeel toegepas kan word – en daar is kerke wat in die res van die wêreld daarna kyk. Dit sou ons baie kon help as ander kerke Belhar sou kon aanvaar.

Om jou vraag te antwoord of mens moet sê of Belhar nog relevant is of nie. Ek dink dit is die gevoel van baie mense in die NG Kerk, omdat hulle dit spesifiek sien as ‘n dokument wat net apartheid aangespreek het. Maar as Belhar wyer as apartheid gesien word, as dit ‘n meer universele waarde kry, kan dit nog vir lank baie relevant wees.

### **Opmerkings uit die onderhoud met Andries Louw**

- | Die konteks waarbinne die Belhar Belydenis tot stand gekom het, is baie belangrik vir die verstaan van die Belydenis. Dit het tot stand gekom binne die raamwerk van ‘n apartheid-bestel wat deur sommige teologies geregverdig is, maar baie mense groot ellende aangedoen het, gelowiges én ongelowiges. Dit was ‘n byna onvermydelike reaksie vanuit die gereformeerde tradisie binne hierdie omstandighede.
- | Die Belhar Belydenis het vir sendelinge uit die NG Kerk, wat in die NGSK gewerk het, gehelp om die teenstrydigheid wat die apartheidbeleid met die eenheid tussen gelowiges gebring het, te verwoord.
- | Die Belhar Belydenis het groot waarde gehad om die menswaardigheid van die mense in die NGSK te bevestig vanuit die Skrif.
- | Die Belhar Belydenis plaas die NG Kerk voor die keuse of dilemma om finaal met ‘n apartheidsverlede te breek. Witmense ervaar vandag marginalisering, en sou Belhar kon gebruik om te protesteer daarteen, maar dit is emosioneel moeilik, want hul ervaring is dat Belhar aanvanklik deur bruin- en swart mense teen witmense gebruik is – al word dit duidelik in die begeleidende brief anders gestel.
- | Die aanklag dat Belhar bevrydingsteologie is, is nie geregverdig nie. Die sosio-ekonomiese omstandighede in ons land, veral ten opsigte van armoede, maak dat Belhar steeds baie relevant is. Dit bly ‘n vraag: Wat word vir die armes gedoen?
- | Belhar kan Christene (en die NG Kerk-familie) help om weg te kom van ‘n piëtistiese soort spiritualiteit, wat net bekommerd is oor die redding van die siel. Belhar sê baie duidelik dat die Christelike geloof ook in die samelewing ‘n rol het om te speel.



- | Daar is 'n moontlikheid om belydenisse uit die reformasie te skei van meer moderne belydenisse, soos die Belhar Belydenis en die Laudium Verklaring, maar daar sal waarskynlik baie weerstand teen so 'n gedagte wees.
- | Die emosionele lading rondom die Belhar Belydenis speel 'n belangrike rol. Aan die een kant word gesê dat Belhar nie meer 'n absolute vereiste is nie, maar aan die ander kant gaan dit een van die gemeenskaplike belydenisse van die nuwe (bepande herenigde) kerk wees. Ons kan nie daarvan wegkom dat Belhar deel van die belydenis gaan wees nie.
- | Die kerkregtelike implikasies van die herenigingsproses bemoeilik sake voortdurend.
- | 'n Groter dilemma is dat daar baie min of geen kontak tussen NG Kerk gemeentes en gemeentes van die VGKSA is nie.
- | Die *status confessionis* en die kettery-aanklag teen die NG Kerk, in kombinasie met die mate waarin sommige VGKSA gemeentes finansiëel afhanklik van die NG Kerk is, het die verhoudings baie vertroebel tussen gemeentes.
- | Die hantering van finansies bly 'n probleem in 'n herenigde kerk.
- | Hoewel Belhar voortgespruit het vanuit die apartheidskonteks, is dit tog in 'n meer universele taal geskryf. Daarvoor moet erkenning gegee word – en daar is kerke in die res van die wêreld wat tans na Belhar kyk.

#### **7.4. ONDERHOUD MET ANONIEM 1 31 JANUARIE 2007**

Hierdie persoon het verkies om anoniem te bly, maar maak tog 'n groot bydrae tot hierdie navorsing, en daarom is die onderhoud behou. Anoniem 1 is in die Verenigende Gereformeerde Kerk.

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir uself, vir die VGKSA? Hoe beleef u dit?

ANONIEM 1: Die groot waarde is die feit dat ons deur die genade van die Here, deur sy Gees, tog iets reggekry het binne konteks, om iets te bely en te formuleer oor ons geloof in die Here Jesus Christus, oor ons verstaan van kerkwees, en die verstaan van die groot Bybelse woorde soos eenheid, versoening en geregtigheid en die een wat baiemaal heeltemal in die skadu gestel word, is gehoorsaamheid.

Die groot waarde lê vir my nogmaals binne 'n gegewe konteks - en as ek nou heel konkreet mag wees, en weet, as ek die ding mag kompliseer, dan is dit eintlik een van die goed waaroor mense van die NG Kerk struikel, want hulle sê steeds dat hulle nie soseer 'n probleem met die inhoud van

die Belydenis het nie, maar met die manier waarop die Belydenis tot stand gekom het. Wat dan gebeur - half 'n sielkundige ding van VGK se kant af - ons probeer 'n bietjie verskonend verduidelik dat die ding nooit bedoel was om 'n politieke diktaat te wees nie. Ons maak nie suiwer politieke uitsprake nie. Ons probeer nie vanuit die politiek iets sê oor apartheid binne die kerk en binne die samelewing nie. Dit is 'n teologiese standpunt wat daar gestel word. Om te sê dit is 'n teologiese standpunt, verdraai die ding amper ook al weer, want dit is 'n belydenis. Dit is wat die dokument veronderstel is om te wees. Die groot waarde lê dus vir my daarin dat ons binne 'n baie konkrete konteks ons geloof geformuleer het.

Dit was vir ons baie moeilike dae, waar die vervreemding tussen die NG Kerk en die ander lede van die NG Kerk-familie vererger het, die gaping het net groter geword. Dit is die tyd waarin die amptelike aanvaarding van Belhar as Belydenis-grondslag van die kerk (1986) plaasgevind het. Tussen die skrywe van die belydenis in sy konsep-vorm en die amptelike aanvaarding van die belydenis as deel van die belydenis-grondslag van die kerk, was daar die “noodtoestand”. Die “noodtoestand” is 'n baie sterk aanduiding van die situasie in Suid-Afrika in die tagtigerjare. Dit is 'n baie moeilike situasie, waar die staat op 'n gewelddadige manier ingegryp het om die weerstand teen apartheid te onderdruk. Maar as 'n mens spesifiek op die drie groot woorde van die Belydenis van Belhar afgaan: eenheid, versoening, geregtigheid, dan sou jy van daaruit die konteks van die tagtigerjare kon ontleed en sê, in plaas van eenheid was daar groot verwydering tussen mense in die kerk en die samelewing. Daar was vyandskap. Ons het aan verskillende kante van die grens gestaan en mekaar beveg. Vreemdelingskap het vererger.

As jy kyk na die kwessie van versoening, was die gevolg van apartheid daarin geleë dat ons amper half as 'n soort skyn-evangelie gefunksioneer het, in die sin dat apartheid gereken het dat as ons die mense uitmekaar uit hou, as ons hulle in groepsgebiede organiseer, as ons hulle in tuislande hou, sal daar rus en vrede wees in die land. Terwyl die evangelie van Jesus Christus van 'n ander kant af opgaan. Die evangelie sê juis in Christus en in die spesifieke offer wat Hy gebring het, is dit moontlik dat mense van alle kleure en geure wel in versoening met mekaar kan lewe.

As ons kyk na die geregtigheidskwessie, dan is dit so dat apartheid op sy aggressiefste deurgevoer is in die tagtigerjare, en baie mense het seergekry. Dit is 'n ou bekende storie. Binne daardie konteks het die voormalige NG Sendingkerk gevoel dat ons nie meer flou stellinkies kan maak, of flou standpunte stel oor apartheid nie. U sal agterkom dat ek elke keer weer sê, in die kerk en ook in die samelewing. En daarom is die Belydenis van Belhar vir ons baie belangrik en 'n waardevolle belydenis omdat dit een belydenis is wat uit 'n heel spesifieke konteks opkom as 'n teologiese respons op wat in die samelewing en in die kerk aan die gang was.

Verder lê die waarde ook daarin dat die Belydenis nie slegs beperk kan word tot Suid-Afrika nie, maar dat dit die eerste Belydenis van sy soort uit die kontinent van Afrika is. Ten diepste lê die waarde van die Belydenis daarin dat baie van ons gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie - om nie van die Here af weg te loop nie. Dit is 'n baie diep punt wat die NG Kerk nie aldag raaksien nie. Soos u sal weet was dit 'n redelike ernstige krisis in daardie tyd, van mense uit die "Townships", wat eenvoudig so totaal sinies geword het, oor die kerk, maar ook oor die geloof, omdat hulle nie kon verstaan dat dieselfde kerk wat vir hulle die Evangelie gebring het, nou die kerk geword het wat apartheid moreel en teologies regverdig nie.

Ek sê weer: Die grootste waarde was (vir my is die diepste missionêre dimensie van die Belydenis van Belhar daarin geleë, en ek gebruik die term nou redelik algemeen) dat dit swart Christene gehelp het om nie die Evangelie af te sweer nie. Om nie vir Jesus Christus af te sweer nie. Soos u sal weet is dit die tyd dat baie mense in die "Townships" hulle toevlug tot Islam geneem het. Dit sal interessant wees om 'n studie te maak hoeveel mense het nou regtig padgegee en by Islam 'n heenkome gaan soek.

JAN: Daar is die persepsie dat die mense wat hierdie apartheidsbeleid en die swaarkry wat daarmee saamgaan, gekoppel het aan die Christelike geloof. Baie mense wat nie 'n in-diepte kennis gehad het nie, het gereken dit is die NG Kerk wat dit aan hulle doen - en die mense wat die Belydenis opgestel het, was self deel van die NG kerk familie.

ANONIEM 1: Dit het dinge net meer pynlik gemaak, omdat dit vanuit dieselfde familie gekom het. Dit het ongelooflike geloofs- en teologiese verwarring veroorsaak. Daardie tyd was die terminologie "moeder" en "dogter" nog in volle gang. Die totale verbystering was: hoe kan die "moeder" soveel leed aan haar "dogter" doen? Teen daardie agtergrond moet 'n mens die Belydenis van Belhar probeer verstaan, dat dit nie bedoel was as 'n stok om die NG Kerk mee te slaan nie, maar dat dit eerder bedoel was om binne die breër NG Kerk familie iets sinnigs te sê oor apartheid vanuit die Evangelie en dus nie bloot in terme van 'n suiwer politieke benadering nie. Daarom dink ek ook dat enigiemand wat probeer, van binnekant die VGK of NGK of watter kant ookal, om die Belydenis van Belhar tot 'n politieke dokument te verklaar, begryp heeltemal nie die werklike essensie van die Belydenis nie.

JAN: As ek nou in my eie woorde sou sê: Die hele ding wat gehelp het dat 'n klomp mense nie afvallig word van die kerk nie, en dat 'n klomp mense dalk dit sou oorweeg om hierdie geloof aan te neem – mense wat nie daarin is nie - dít is eintlik 'n missionêre dimensie van die Belydenis self.

ANONIEM 1: Wat ek toegee, is dat dit nou, retrospektief, verskriklik moeilik sal wees om dit na te gaan, in terme van veldnavorsing. Maar binne daardie konteks was dit werklik so, dat die ding

missionêr gefunksioneer het, in dié sin dat dit voorkom het dat 'n baie groot gros mense die Here die rug toekeer, en die kerk die rug toekeer.

JAN: Ek het hiervan gehoor in Namibië. Lede van die voormalige EGKA [Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika] het hierdie teenstrydigheid beleef met die mense van die omgewing. Daar is vir die EGKA-lede gevra hoe hulle deel van daardie kerk kon wees as dit die kerk van die vyand is? Hulle kerk daar het tog ontstaan as gevolg van die Kapelaansdienste wat daar was. Die mense het vir hulle gesê: “Hoe kan julle NG wees as die NG die mense is waarteen ons baklei het?”

ANONIEM 1: Ja, dit was 'n baie groot krisis. In daardie sin was die Belydenis van Belhar op 'n verskriklike ironiese manier dalk, die redding van die NG Kerk familie. Die feit dat mense die NG Kerk familie nie summier en finaal afgeskryf het nie. Ons is die Here innig dankbaar daarvoor. Dit is verskriklik interessant, want tot vandag toe nog, as jy byvoorbeeld die VGK in Eersterus soek, en jy moet vir iemand die roete vra, sal jy tevergeefs soek, tensy jy op 'n lidmaat van die VGK afkom. Enige iemand anders sal jou stom verbaas aankyk, maar as jy die NG Kerk soek sal hulle jou dadelik kan sê. So, daar is daardie identifikasie en daarom sê ek dat in 'n bepaalde sin was die Belydenis van Belhar - hoe ironies dit ookal klink - half die redding van die NG Kerk familie.

JAN: In 'n sekere sin voel ek dat dit nou nog nie afgehandel is nie. Hier is nog 'n proses aan die gang. Ek dink daar is baie mense in die NG Kerk wat nog nie die waarde daarvan besef in hierdie terme nie. Dit is hoekom ek nog daarvoor navraag doen.

ANONIEM 1: As 'n mens net 'n bietjie verder kan praat oor die spesifieke missionêre dimensie van die Belydenis van Belhar. Dit is hoekom ek soms half die gevoel het, dat die Belydenis nou dalk meer relevant is as in 1982/1986 toe dit tot stand gekom het. As jy net kyk na die eenheidskwessie, met 'n spesifieke verwysing na Jesus, wat bekend geword het as die hoëpriesterlike gebed in Johannes 17, waar die punt om die eenheid van sy volgelinge gaan, dan kom daar 'n baie duidelike missionêre perspektief na vore: “...sodat die wêreld kan glo dat u My gestuur het.”

Die ding waarvoor ek maar hoop en bid is dat die NG kerk sal besef, sedert verlede jaar veral, dat daar weer sterk entoesiasme oor die eenwording is en dat daar allerhande pogings aangewend word om dit te bespoedig, om dit af te handel. Ek hoop dat die NG Kerk op 'n baie breë vlak sal insien watter getuieniswaarde die eenwording tog nog sal hê. Daar is doemprofete wat sê nou ná 1994 sal dit eintlik tog nie meer soveel waarde hê nie. Ek wil hulle graag weerspreek deur te sê dat die eenwording binne die NG Kerk familie die een enkele ding is wat in die huidige Suid-Afrika steeds 'n magtige getuienis die wêreld kan instuur. In daardie sin het die Belydenis 'n baie sterk missionêre dimensie. Dit behoort ook 'n baie sterk missionêre werking te hê. In daardie sin is die

eenheid van kardinale belang vir die sending, want ons weet uit die geskiedenis dat die verkondiging van die Evangelie baie keer skipbreuk gely het vanweë die verdeeldheid van Christene. Vanuit daardie perspektief bly die eenwording belangrik as 'n getuienis vir die Evangelie en 'n getuienis dat Jesus die Here is.

Daar was 'n tyd toe ek self bietjie sinies geraak het oor die strukturele eenwording. 'n Tyd toe ek gedink het dat ons ons liever moet beywer vir kontekstuele eenheid. Ná 1994 het ek gedink: "As daar tog maar net iets van 'n kontekstuele eenheid binne die NG Kerk familie tot stand kan kom." Ek het gedink aan die geweldige bronne binne die NG Kerk. Ek verwys nou nie na finansiële bronne nie, maar doodgewoon na vaardighede en kundighede. In die ander drie kerke is daar ook weer ander soort bronne en as mens dit saam kon bring en gemeenskaplik werk aan 'n aantal sake wat redelik knellend is in die land soos siekte (Vigs), armoede en die geweld wat ons almal dronkslaan...

Daar is 'n vlak van geweldsmisdaad wat niemand behoorlik kan verstaan nie. Ons, vanuit die gereformeerde tradisie, is dalk die slegste geplaas om 'n antwoord daarop te bied. Ek dink die Pinksterkerke en Charismatiese Kerke het meer blootstelling gehad aan hoe jy oorlog voer teen die magte en owerhede. Daar is iets hier wat jy nie bloot tegnies kan verduidelik nie. En daaroor kan jy dit ook nie bloot tegnokraties oplos nie. Dit is nie bloot werkskepping of elektrifisering van gebiede nie. Al wat ek probeer sê is dat ons binne die NG Kerk familie moet hande vat en saamwerk aan die kwessies in die land. Hoe meer ek oor die ding nadink, des te meer dink ek dat 'n strukturele eenwording binne die NG Kerk familie, in 'n bepaalde sin, 'n nog magtiger getuienis sal wees in ons land.

JAN: Hoe lyk die VGKSA se missionêre aksies buite Suid-Afrika en die res van Afrika? Ek weet dat die NG Kerk self 'n klompie aksies het. In terme daarvan wonder ek of dit nie al klaar 'n baie groter impak sal hê nie. Ons is mense van Afrika, ons behoort eintlik baie meer in Afrika betrokke te wees, maar omdat ons nog hierdie huishoudelike geveg aan die gang het, doen ons dit nie.

ANONIEM 1: 'n Baie belangrike sleutel hier is dat as ons deur die Here se genade 'n sterker Afrika bewustheid kan ontwikkel, sal dit ons dalk help om hierdie reduksionistiese verstaan van identiteit te oorkom, want op die oomblik is deel van die probleem in die land dat ons nog steeds vasgevang is in daardie baie eng definisie van identiteit, en dat ons Afrika-bewussyn ons dalk kan help. As jy praat van uitreik-aksies, dan het die VGKSA 'n baie lae verstaan van daardie vorm van sending en dit is 'n baie belangrike, baie legitieme sending-dimensie. Wat ek in die VGKSA opmerk, is dat daar dalk 'n sterker verstaan is van sending as iets wat jy nie noodwendig elders gaan doen of verrig nie, maar iets wat sommer hier in jou agterplaas gedoen behoort te word. As mens nou dink aan evangelisasie as 'n sending-dimensie, dan moet ons toegee, binne die wit gemeenskap en ook Eersterus is daar 'n geweldige behoefte aan goeie grondige evangelisasie. As ons na ons eie

kinders kyk, kan ons geskok wees oor hoe swak hulle die Bybel ken. Dit is dalk 'n teken dat die sending eers hier in jou eie agterplaas moet begin, sonder om die ander dimensies noodwendig te verwaarloos. Ek stem eenhonderd persent saam dat ons ons moet bemoei met die sorg en probleme van die Afrika kontinent. Dit is 'n verskriklike belangrike sendingperspektief, maar ook omdat ons onself verarm in terme van wat ons kan leer van die reis van die kontinent van Afrika. Ek staan tog partymaal verstom oor hoedat mense kan oorleef. Die vlak van armoede in Kameroen, byvoorbeeld, is ongelooflik uitsigloos, en dit het my regtig verstom hoedat die mense nog kan dans, speel, bly wees en aangaan met hul lewens. So, daar is ook 'n bepaalde klomp goed wat ons van die res van Afrika kan leer, maar ons het ook beslis iets om vir hulle aan te bied, waarmee die Here ons geseën het.

JAN: Dit is altyd 'n wedersydse ding. Jy leer eintlik self wanneer jy kontak maak met ander mense. My eie ondervinding het dit ook vir my geleer daar in Namibië en Angola.

ANONIEM 1: Daar is tog iets - dat 'n mens moet vra: "Maar wat is hier aan die gang? Tot watter mate is dit die Here self wat hier betrokke is by die situasie?" 'n Baie belangrike dimensie is die hele kwessie van die versoening self. In die huidige situasie in die land, hierdie spesifieke historiese moment, is versoening so ontsettend belangrik. Daar is nou nog maar groot misverstande. Mense leef eintlik nog so baie verwyderd van mekaar. Ek dink dat sending as versoening nogal 'n baie belangrike kwessie is vir die hier en die nou.

JAN: Buite die kerk kry die mense dit nog nie reg nie. As die mense dit kan regkry binne die geloofsgemeenskap, of iets daarvan, is dit al klaar die moeite werd.

ANONIEM 1: Dit is baie interessant. Jy gee my nou 'n belangrike wenk. Oorlede Professor Bosch, beïnvloed deur die Mennoniete van die VSA veral, het in die sewentiger-tagtiger jare, baie sterk die konsep van die kerk as alternatiewe gemeenskap hier in Suid-Afrika ingelui. Daardie tyd het ons soort-van die wenkbroue bietjie gelig, omdat ons bang was dat jy weer op 'n snaakse manier 'n tweedeling sal skep tussen die kerk en samelewing. Ek self het groot probleme gehad daarmee, want my uitgangspunt is dat die kerk deel is van een en dieselfde sosiale werklikheid. Die kerk verteenwoordig nie 'n ander sosiale werklikheid nie, maar hy het baie sterk die kerk as alternatiewe gemeenskap verkondig.

Skielik spook die ding by my, want as jy dink aan kwessies soos versoening, dan is dit my oortuiging dat die kerk eintlik voorbeeldig moet wys hoe lyk die versoening. Dit is 'n geweldige sterk missionêre perspektief en gerigtheid. Deur die kerk as teken of eksemplaar, kan dit dalk gebeur dat die mense groot respek kry vir die Evangelie en vir Jesus Christus en kan hulle dalk nader getrek word.

Ook die kwessie van geregtigheid. Ons het nog nie eers begin om in Suid-Afrika 'n duidelike keuse vir die armes, die veronregtes en onderdruktes uit te oefen nie. Ek voel soms dit is vir my 'n baie belangrike punt. U sal beter weet om dit te formuleer en inwerk in u proefskrif. Ek kom agter dat meeste van die mense uit die NG kerk, wat 'n probleem het met Belhar, struikel 'n bietjie oor artikel vier wat sê dat God op 'n besondere wyse die God van die veronregtes, ensovoorts, is. Wat ek jammer vind daar, is dat hulle in die proses, 'n baie belangrike “issue” miskyk. Daar is witmense wat regtig herderloos is in die nuwe Suid-Afrika, hulle is amper slegter af as mense in Mandela Village. Dié mense [Mandela Village se mense] kan vanweë hulle politieke agtergrond saamstaan en protes aanteken. Die mense waarna ek verwys kan dit nie doen nie, en hulle wil dit nie doen nie, omdat hulle sal voel dat hulle 'n bietjie belaglik sal voorkom. Die situasie vir hulle is amper in 'n sekere mate uitsigloos.

Artikel vier [van die Belhar Belydenis] open 'n perspektief wat ons behoort te help om bo alle etniese perspektiewe uit, 'n nuwe verstaan van noodlydendes te ontwikkel. Vir my lê daar ook dan 'n baie belangrike sending-perspektief in, naamlik: wat beteken dit in die SA van 2007, waar die ekonomie eintlik baie goed doen? Dit is objektief - jy sien dit aan die soort motors en huise wat sommige mense het. En dit is nie net meer witmense nie, dit is allerhande ander mense. Wat beteken dit in daardie konteks, waar dit globaal toegeneem het, waar die kompetisie erger as ooit tevore aan die orde van die dag is? Maar nie net mense nie, ook waar die ekosisteem redelik ernstig aangetas word deur ons ekonomiese gedrag. Die vraag vir my sal wees: “Wat is die betekenis van die stryd om geregtigheid binne daardie konteks?” Dit is 'n verskriklike belangrike missionêre dimensie.

Ek het vroeër al gesê, wat ek jammer vind in verband met die lees van die Belydenis van Belhar, is dat Artikel vyf (wat die oerou belydenis bevat van Jesus is die Here en dan spesifiek fokus op gehoorsaamheid) baiekeer in die slag bly, terwyl hierdie artikel self ook weer twee uiters belangrike missionêre dimensies daarstel. Die een is die soort van liturgiese viering van die Belydenis. Die Belydenis is ten diepste bedoel vir die liturgiese gemeenskap, dit is 'n ding wat gevier moet word. Dit gaan heel spesifiek oor doksologie, die verheerliking van die Drie-enige God. Vir my hoort dit dan baie duidelik tuis binne die liturgiese gemeenskap, en die liturgiese gemeenskap is die beginpunt van die sending. Die sending begin op geen ander plek nie as binne die liturgie - binne die erediens - waar God se eie mense saamkom om Hom te loof en te prys en dan lafenis te kry, sterk te word en weer uit te gaan. Onbedoeld lê daar 'n baie sterk liturgiese missionêre dimensie in die stukkie doksologie wat in die Belydenis ingevoer is.

Die ander missionêre dimensie het spesifiek te doen met die saak van gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid het te make met dissipelskap. Daar is jy amper fundamentalisties terug by Jesus se opdrag in Matteus 28, wat sê: “Gaan dan heen en maak dissipels van alle mense.” Dit is 'n groot leemte binne die VGKSA self dat ons 'n baie lae verstaan van dissipelskap het. Daar is nie

'n “genuine”, diep toewyding aan Jesus Christus nie. As ons dus op grond van die Belydenis van Belhar - met die momente van eenheid, versoening en geregtigheid - dissipels kan kweek wat regtig diep toegewy is aan die Here Jesus Christus, sal die kerk totaal 'n ander ding wees in ons land. Daarom verleen die hele “issue” van gehoorsaamheid 'n verskriklike sterk missionêre dimensie.

JAN: Wat was u eie betrokkenheid by die opstel van die Belydenis van Belhar?

ANONIEM 1: Ek was by die sinode waar die Belydenis in 'n konsepvorm aanvaar is. Hoewel ek nie 'n lid was van die spesifieke kommissie nie, het 'n mens maar van die vloer af insette gelewer. Die vaders van die Belydenis was eintlik professor Gustav Bam, Jaap Durand en nog ander.

JAN: Professor Bam, hy het mos ook 'n groot deel daarvan by die sinode voorgedra?

ANONIEM 1: Ek dink amper, die Begelydende Brief, kom, 'n baie groot deel daarvan, van sy hand af. Hy word allerweë as die vader van die Belydenis beskou. Vir my is dit ook een van die ironieë as jy kyk na professor Bam, Dirkie Smit, Jaap Durand en natuurlik Allan Boesak. Hulle was die kommissie.

Ek het gedink dat die NG Kerk iewers bietjie daarvoor sal reflekteer en sê: “Dit is tog seuns uit ons eie geledere. Ons het hulle eintlik gestuur om in die swart kerk te gaan werk. Ons moet trots wees daarop dat hulle geboorte gegee het aan die Belydenis van Belhar.”

Ek weet baie mense struikel bietjie oor die betrokkenheid van Allan Boesak met die opstel van die Belhar Belydenis. Daar is sekere momente waar jy sy hand baie skerp sien in die Belydenis, maar dit was mos nou die hele kommissie wat dit daar gestel het.

JAN: As ek nou luister na al hierdie goed, besef ek al hoe meer hoe sterk die “propaganda” was rondom die Belydenis. As jy net doktor Boesak se naam genoem het, dan was daar al klaar 'n negatiewe reaksie - wou niemand meer luister nie. Dit was 'n persepsie wat gekweek is.

ANONIEM 1: Dit is ook soos die Here werk. God troef ons elke keer. Op die oomblik is dit so dat dr. Boesak half die toegeeflikste teenoor die NG Kerk is. Hy het 'n baie groot sleutelrol gespeel verlede jaar in die beraad in Esselenpark. Daar het hy baie uitdruklik gesê hy dink dit is tyd dat hy self ook die NG Kerk om vergifnis moet vra vir 'n aantal dinge wat hy kwytergemaak het teenoor hulle - soos ons Suid-Afrikaners is - dit is nie net 'n ding van die NG Kerk nie - daar is maar altyd 'n mate van skeptisisme. “Jong, hoe ernstig is hy nou eintlik?” sal mens dink. Een van die teorieë wat ek gehoor het, is dat hy nou maar weer 'n bietjie ambisieus is omdat hy graag die moderator wil word



van so 'n Verenigde Kerk en daarom speel hy sy kaarte nou so. Maar ek dink nie dit is werklik so nie.

Ek dink daar het 'n hele paar goed gebeur wat hy in sy eie lewe as 'n krisis ervaar het, dat daar 'n verandering en loutering by homself plaasgevind het. Krisisse het soms die uitwerking dat dit jou jou gemoedstoestand baie dieper laat verstaan. Dat dit half een deel is vanuit jou eie menswees dat jy probeer begryp hoekom mense op dáárdie tydstip só opgetree het, of dié ding gedoen het, of gedink het dít is die oplossing, terwyl hulle dalk moes geweet het dit is nie die oplossing nie. Ek dink die dinge wat dr. Boesak die afgelope paar jaar self aan sy lyf moes ervaar, het hom dalk gelouter om op 'n ander manier na die hele ding van menswees te kyk.

### **Opmerkings uit die onderhoud met Anoniem 1:**

- | Die missionêre waarde van Belhar is eerstens dat dit 'n bepaalde politieke konteks aangespreek het in belydenistaal. Die drie groot woorde van die Belydenis van Belhar: eenheid, versoening, geregtigheid was gerig op die konteks van die tagtigerjare. In plaas van eenheid was daar verwydering tussen mense in die kerk en die samelewing, mense het aan verskillende kante van die grens gestaan en mekaar beveg, vreemdelingskap en vyandskap het vererger. In plaas van versoening (deur die offer van Christus is dit moontlik dat mense in versoening met mekaar kan lewe) was daar die skyn-evangelie van apartheid wat gereken het dat as mense uitmekaar gehou word, daar rus en vrede in die land sal wees. In plaas van geregtigheid het baie mense seergekry en alles wat daarmee saam gebeur het. Belhar was 'n teologiese respons op wat in die samelewing en in die kerk aan die gang was.
- | Ten diepste lê die waarde van die Belydenis daarin dat dit baie mense gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie. Die Belydenis van Belhar was (ironies dalk) die redding van die NG Kerk familie, want dit het veroorsaak dat mense die NG Kerk familie nie summier en finaal afgeskryf het nie.
- | Verder lê die waarde ook daarin dat die Belydenis nie slegs beperk kan word tot Suid-Afrika nie, maar vir baie kerke wêreldwyd van waarde is. Dit is die eerste Belydenis van sy soort uit die kontinent van Afrika is.
- | Eenwording binne die NG Kerk familie is die een enkele ding wat in die huidige Suid-Afrika steeds 'n magtige getuienis die wêreld kan instuur. In daardie sin het die Belydenis 'n baie sterk missionêre dimensie. Die NG Kerk-familie moet hande vat om die probleme in die land te help oplos.
- | Die kerk as alternatiewe gemeenskap is 'n geweldige sterk missionêre perspektief en gerigtheid. Die kerk moet voorbeeldig wys hoe versoening lyk. Deur die kerk as teken of eksemplaar, kan dit dalk gebeur dat mense groot respek kry vir die Evangelie en vir Jesus Christus en hulle kan nader getrek word.

- | Artikel vier van die Belhar Belydenis kan ons help om 'n nuwe verstaan van noodlydendes te ontwikkel. Wat beteken die stryd om geregtigheid te midde van 'n goeie ekonomie, die vrae rondom die ekologie en die globale konteks waarin ons vandag leef?
- | Artikel vyf van die Belhar Belydenis het te make met doksologie en gehoorsaamheid. Die missionêre waarde lê eerstens daarin dat die liturgie (waar doksologie gevier word) en erediens die beginpunt van die sending is. Vanuit hierdie geloofsgemeenskap word mense gestuur om in die wêreld 'n verskil te maak. Tweedens, het gehoorsaamheid te make met dissipelskap. As ons op grond van die Belydenis van Belhar - met die momente van eenheid, versoening en geregtigheid - dissipels kan kweek wat diep toegewy is aan die Here Jesus Christus, sal die kerk totaal 'n ander ding wees in ons land.

### **7.5. ONDERHOUD MET DR. DANIËL MALULEKE 6 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. S D Maluleke op 6 Februarie 2007. Doktor Maluleke is predikant in Sinodale diens vir die VGKSA se Noordelike sinode. Hy werk vanuit die Sinodale Sentrum in Mamelodi. Hy is Sotho-sprekend en was voorheen in die NGKA, voordat die VGKSA gestig is. Hy kommunikeer dikwels met predikante, lidmate en gemeentes van beide die NG Kerk en die VGKSA. Daarom is hy beskou as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir u self, vir u kerk en moontlik ook vir die NG Kerk?

DANIËL MALULEKE: Daar is een ding wat baie belangrik is van die Belhar Belydenis: dit bevat net vyf artikels. Die eerste artikel gaan daarvoor dat ons glo in die Drie-Enige God. Al die aanvaarde belydenisse het hierdie konsep. Die tweede konsep wat na vore kom, is die kerk van Christus, en dan veral die versoening wat Christus gebring het, naamlik die versoening tussen God en tussen mense onderling. Aangesien dit nou met die kerk te make het, is dit belangrik dat die kerk eenheid beklemtoon. Hierdie eenheid moet sigbaar wees. Ons weet dat mense oor die eenheid in Efesiërs praat, en dan maklik sê: "Ons is een in Gees, dit is al. Ons hoef nie te sukkel met 'n sigbare, strukturele eenheid nie." Dit is egter nie alles wat die Evangelie sê nie. Die Evangelie sê dat daardie geestelike eenheid wel daar is, maar dit moet ook sigbaar wees. Verlaas ons vanuit 'n missionêre hoek daarna kyk. Die doel van die kerk is om ander te wen vir Christus, te trek na Christus toe. Om dit te doen, moet die kerk na buite gaan. "Na buite" verwys na mense buite die kring van die NG Kerk-familie, of mense wat buite die geloof staan. Jy moet mense buite hierdie geloof oortuig. Gestel nou ek en jy gaan na dieselfde gemeenskap. Ons kom uit dieselfde NG kerklike agtergrond, maar ons is verdeeld, dan maak ons die Evangelie swak.

Daarom is dit belangrik dat die sigbaarheid van hierdie eenwording moet plaasvind. Hierdie sigbaarheid help om die Evangelie uit te dra na mense daar buite. Mense kan sien dat ek en jy in dieselfde God glo en dit is belangrik.

Nou, die Belhar Belydenis is baie duidelik oor hierdie sigbaarheid: “the visibility of the unity of the church.” Hierdie sigbaarheid is net geestelik nie, dit moet ook sigbaar wees vir die gewone mens. Op daardie manier het Belhar ‘n missionêre boodskap vir mense daar buite. Dit is vir my baie belangrik.

JAN: Dit is ook vir my ‘n baie belangrike aspek wat u hier uitlig.

DANIËL MALULEKE: Met dieselfde boodskap van die eenheid van die kerk, stel Belhar dit ook baie duidelik dat mense moet leer om mekaar te respekteer, mekaar lief te hê en mekaar te help waar dit nodig is. As jy die Belydenis self lees, kry jy die boodskap wat opgesom word met die term: “missionêre diakonaat”, “caring together”. As jy my liefhet, dan het ons te make met dit wat Paulus noem in Galasiërs: “dra mekaar se laste.” So, die eenheid van die kerk moet dus nie net sigbaar wees nie, maar dit moet ook duidelik tasbaar wees vir mense. Die belydenis sê dat as ek jou liefhet en ek jou respekteer, sal ek vir jou ruimte maak. Dit is nie ‘n saak waar jy in ‘n bepaalde situasie ingedwing moet word nie. Die Belydenis sê baie duidelik dat die eenwording van die kerk nie iets is wat uit dwang plaasvind nie. Met ander woorde, jy los iemand om op sy/haar eie tyd te beweeg in die rigting waarheen ons op pad is. Met ander woorde jy laat hom/haar toe teen op sy/haar eie pas te beweeg. Sommige gee lang treë om daar te kom, ander gee kort treë, maar elkeen moet ‘n kans gegun word om oortuig te word. Die mense wat van buite af kyk na ons en wonder of hulle in ons God kan glo, moet kan sien dat ons vir mekaar belangrik is en vir mekaar omgee.

So, die boodskap van Belhar is dat jy nie ‘n skeiding kan bring tussen uitreik en versorging nie. Met ander woorde jy wil die evangelie verkondig aan mense, maar hierdie verkondiging bestaan uit woorde en dade. Ons verkondig, ja, maar ons moet dit ook doen. Vir iemand wat daar langs die pad staan, moet dit die besef bring: daar is iets wat ek kan “koop” by hierdie mense, en dit is liefde. Dit is nie liefde in woorde alleen nie, maar ook liefde in dade. Die geloofsbelydenis van Belhar probeer om ons te leer om geregtigheid aan alle mense te doen.

Veral in hierdie tyd waarin ons lewe is daar baie lidmate in die NG Kerk en die NG Kerk-familie wat voel dat hulle nie meer welkom is in hierdie land nie. Sommige voel dit is beter om na Australië of na Engeland te gaan en wat voel dat daar nie meer geregtigheid in ons land plaasvind nie. Hierdie Belydenis help ons, want dit verkondig dat geen regering mense mag onderdruk nie. In hierdie tyd waar ons ‘n ANC-regering het, en waar ons misdad en verskeie ander dinge beleef, sien ons dit. Gestel nou jy sou aansoek doen vir werk, maar jy word geenaliseer omdat jy ‘n man is, en omdat

jy wit is, of wat ookal. Dit is oppresie! Die Belhar Belydenis help ons om teen daardie praktyk in die samelewing te gaan staan. Dit maak nie saak of jy swart of wit of wat ookal is nie, die feit is dat daar 'n onreg aan 'n mens gedoen word.

Die Belydenis sê dat, wanneer ons uitreik na mense, daar nie net 'n boodskap is dat jy eendag in die hemel gaan wees nie. Die Belhar Belydenis het ook 'n boodskap vir alle mense binne die samelewing en omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Vir die jong Afrikaner, of vir jongmense, wat sukkel om werk te kry, omdat daar vir hulle gesê word: "Jy is nie swart genoeg nie", of "jy is nie vrou genoeg nie", terwyl hulle die kwalifikasies en kwaliteite het om daardie werk te doen, dan sê Belhar dat dit eintlik apartheid in "reverse" is.

Dit is waar hierdie Belydenis in hierdie tyd vir my belangrik is. Dit sê vir my: Ons moet waak! Dit was baie maklik om te sê: "Apartheid! Apartheid!", maar nou, hier is ek in die swart regering en ek is swart, maar ek sien die onreg. Wat sê ek? Onmiddelik wanneer ek die Belhar Belydenis lees, beseef ek dat dit wat ek nou sien, onreg is voor God. Dit geld veral vir die artikel oor die geregtigheid van God.

As jy nou oor "missionêr" praat, dink sommige mense dat jy nou 'n vliegtuig moet neem en Rusland toe gaan, dan is jou nou 'n sendeling. Dit is nie waaroor dit gaan nie. Missionêr beteken om die boodskap van jou af na 'n ander persoon oor te dra. Hy kan naby wees of ver, maar jy doen dit sodat die ander persoon meer kan sien as bloot vir jou. Soos die Engelse term sê: "Help the other person to see beyond you." Wie het jou gestuur? Hoekom doen jy so? Die Gees help jou om te sê: "Ek moet nou hierdie boodskap so bring dat hulle begin om die pad na die Here te soek." Die Here wil hê dat mense in harmonie moet leef en met volle respek vir mekaar.

Mense lees die Belhar Belydenis met 'n ander bril. Veral in die NG Kerk se agtergrond, lees mense Belhar in die gees van die Ottawa vergadering in 1982 toe die NG Kerk se lidmaatskap opgehef is by die "World Alliance of Reformed Churches". Dit is 'n stigma wat 'n gewone NG Kerk lidmaat hoor wanneer hy/sy Belhar lees. Baie is geneig om te dink: "Daar is niks wat ek hieruit kan leer nie, want dit is teen my gerig", maar dit is nie so nie. Daar is wel die historiese agtergrond van Belhar, maar mens kan vandag Belhar verklaar vanuit ons hedendaagse situasie, en dieselfde stok slaan ook na die VGK, die NGKA of selfs die ANC regering – en steeds vra: "Waar is die geregtigheid?"

JAN: So, Belhar het nie net 'n boodskap binne die konteks van 1982 nie?

DANIËL MALULEKE: Ja, die boodskap is ook meer as dit. As jy vasgevang is in daardie historiese gebeure, gaan jy Belhar weggooi, en dink dat die Belydenis jou nie help nie. Maar as jy nou na ons huidige situasie kyk en jy probeer 'n nuwe betekenis daarin vind, sal die meeste mense

wat onderdrukking beleef, vind dat hulle daaruit kan baat. Dit maak nie saak wie jou onderdruk nie.

Kom ek gee 'n voorbeeld. My dogter het gestudeer as prokureur, maar sy kon vir baie jare nie werk kry nie. Sy het vir baie poste aansoek gedoen, en vir baie onderhoude gegaan. Baie onderhoude het geëindig met die vraag: "In which camp were you in exile? In which country were you – Zambia, Russia? Where were you?" So is sy benadeel omdat sy geantwoord het dat sy hier in Suid-Afrika was al die jare. Hulle het haar geantwoord: "Jy het jou kans gehad. Dit is nou ons kans, ons wat nou van ver af kom. Of daar nou kennis is of nie, hulle wat in die bos was, moet nou die pos kry. Hierdie dinge is onreg! Indien jy nou Belhar teen hierdie agtergrond lees, kry dit 'n nuwe betekenis vir jou. Dit help jou om hierdie omstandighede te verdra en steeds te hoop op die toekoms. Jy kan selfs baie ander mense help wat in daardie situasie is. Daarom is Belhar so belangrik vir my.

JAN: So, u dogter het werklik hierdie dinge beleef?

DANIËL MALULEKE: Ja, baie. Sy het selfs effens bitter geword op 'n stadium. Sy het gevra: "Hoekom het ek nie blank geword nie? Dan kon ek nou na Australië gegaan het. As ek nou na Europa gaan, sal hulle sê ek is swart, ek hoort in Afrika. Maar hier is Afrika, wat my swak behandel. Nou, waar moet ek heengaan? My vriende wat blank is, het nog die alternatief om na Engeland of Holland toe te gaan." Dit is dit tipe dinge wat mens beleef.

JAN: Het sy darem nou werk gekry?

DANIËL MALULEKE: Kyk, sy het 'n lang draai gemaak. Sy het by die Polisie diens aangesluit. Toe het sy na Pretoria gekom vir opleiding vir ses maande en is aangestel as konstabel. Uit hierdie pos as konstabel het sy aansoek gedoen vir ander poste. Daaruit het sy die geleentheid gekry om die staat te help met ou sake wat onopgelos is. Sy het hierdie werk deelyds gedoen, en na ses jaar se "struggle" het sy nou die regte pos gekry. So, jy sien nou die reg en die onreg. Maar die Belhar Belydenis het ons moed gegee: dit praat met ons en met die huidige regering. Dit is nie net bedoel vir apartheid nie, maar dit is bedoel vir enige onreg wat mens beleef.

JAN: U sê vir my 'n belangrike ding rondom die troos wat Belhar gee. Al luister die onderdrukker nie na die Belydenis nie, vir die gelowige is dit 'n bevestiging van sy/haar geloof, en 'n versterking daarvan.

DANIËL MALULEKE: Ja, presies. Nou, rondom die eenwording van die kerk. Sommige mense voel bedreig wanneer daar oor die eenheid van die kerk gepraat word. As daar sprake is dat die familie van NG Kerke een gaan word, vra hulle: "Waar sal ek sit?" Hulle dink dat daar busse vol

mense van Mamelodi aangery sal word na gemeentes in ander woonbuurte van Pretoria. Kom ons neem nou die NG Kerk self. As jy praat van die eenheid van die kerk: Monumentpark-Wes en Monumentpark gemeentes is gemeentes op hul eie, maar daar is nie vyandigheid tussen die twee gemeentes nie. Die eenheid van die kerk vir my is dat dit nog die NG Kerk bly, maar dat elkeen sy eie plek (erf) het waar dienste gehou word ensovoorts. Dit beteken nie dat die ander een jou vyand is nie. Dit is jou broer of suster of wat ookal, ons respekteer mekaar en ons aanvaar mekaar. As daar nood is, sal ons outomaties saam staan en sê: “Daar is nou groot nood en ons moet hande vat.” Gestel nou daar kom ‘n hongersnood. Al die kerke in Pretoria kan dan saamstaan en een fonds stig om hul stem te laat hoor. Hulle stuur een persoon om spesifiek vir hierdie doel te werk, maar elke gemeente doen nie sy eie ding en maak die mense deurmekaar met wie hul werk nie – omdat die kerke nie saamstem nie.

Dit gebeur partykeer in die NG Kerk familie. Ek was eenmaal in Malawi, en ek het gelag, maar ook gehuil. Een gemeente in die Kaap wou sendingwerk gaan doen daar, maar die plaaslike gemeente daar het nie geweet dat daar sendelinge daarheen gestuur is. ‘n Ander gemeente hier in Johannesburg wou ook gaan sendingwerk doen in dieselfde gemeenskap, maar hulle ken mekaar nie, hulle kommunikeer nie.

Nou, die eenheid vir my, soos ek dit lees in Belhar, is nie om ‘n “stew” te maak nie. Ek verstaan die eenheid van Belhar as ‘n “potjiekos”. Potjiekos word nooit geroer nie, maar die geur van alles wat daar gekook word kom byeen in daardie een pot, en dit maak die kos lekker. Dit verskil van ‘n “stew”. In “stew” wil jy nie meer ‘n tamatie sien nie, jy wil nie meer ‘n boontjie sien nie, jy wil nie meer ‘n wortel sien nie. Potjiekos is nie so nie, jy sal nog al hierdie dinge sien, maar dit geur is die sigbaarheid van die eenheid. Die geur moet goed wees vir die mense wat daarbuite staan. As hulle dit ruik, moet hulle sê: “Ons begeer om deel te wees hiervan. The smell is nice.” Ons kan dit doen as ons mekaar liefhet, mekaar verdra en vir elke persoon spasie maak. Ons het verskillende gawes, maar ons moet ruimte maak sodat elkeen sy gawe kan uitleef en bydra – maar nie téénor die ander nie – wel om die ander te verryk. Dit is wat ons nodig het.

JAN: So, ons probleem is dat daar op die oomblik nog ‘n vyandigheid tussen die kerke in die NG Familie is.

DANIËL MALULEKE: Ja, dit is reg. Dit is ons probleem.

JAN: Ek het die vraag of die aanvaarding, kennis of verstaan van die Belhar Belydenis dalk op hierdie stadium belangriker is vir die NG Kerk as die hereniging met die ander lede van die NG Familie. Die tweede ding wat ek by u hoor is dat daar ‘n eenwording kan plaasvind waar jy selfs nog verskillende name van kerke kan behou, maar daar is ‘n sigbare eenheid. Wil u nie vir my iets meer daaroor sê nie?

DANIËL MALULEKE: Kom ek gee 'n voorbeeld van gemeentes wat naby aan mekaar is. Neem nou Monumentpark-Wes en Monumentpark en Waterkloofrif NG Gemeentes wat baie naby aan mekaar is. Die lidmate is vry om te beweeg tussen hierdie gemeentes. Die NG Kerk kwel hom nie vandag veel oor die grense van gemeentes nie. In die verlede was jy verplig om by die gemeente aan te sluit binne wie se grense jy woon. Vandag is dit nie meer so nie. Mense is vry om te beweeg. Eenwording moet daardie geleentheid gee. Ek kies om te wees waar ek wil, nie omdat ek jou haat of omdat ek dink jy is minderwaardig nie, maar ek is vry om te beweeg. Kyk, die NG Kerk is 'n goeie voorbeeld. Daar word van die NG Kerk gepraat as een kerk, maar as jy dink aan wat elke gemeente doen, dan is elke gemeente eintlik 'n selfstandige gemeente. Jy kry ook gemeentes waarvan jy dink dat dit nie aan die NG Kerk behoort nie, dit is 'n kerk op sy eie. Dit is so populêr dat hulle kan doen sonder die sinode. Maar tog is daardie koppeling nodig om te sê: "Ons is familie."

Nou vra jy die vraag of dit nie belangriker is vir die NG Kerk om die Belydenis eers te verstaan voor eenwording plaasvind. In 'n sekere sin is dit reg, maar die NG Kerk het die gevolgtrekking gemaak: "Belhar is vir ons 'n gogga." Jy kan Belhar 'n omslag gee of wat ookal, dit bly 'n gogga. Ek het altyd vir mense 'n voorbeeld gegee en gesê: "Jy kan mense nie 'bluff' nie. Hulle voel die Belhar Belydenis het ons aangekla as kettters, as mense wat nie by die waarheid staan nie." Ek het gesê, kom ons neem nou die armblanke vraagstuk. Die blankes wat van plase af getrek het, het destyds na die Witwatersrand gestroom. Daar het jy die onderdrukking van die blankes gevind onder die sogenaamde "rooinekke" – die Engelse. As Belhar gelees is in hierdie konteks van die Afrikaner, sou dit baie gou aanvaar gewees het, want die onderdrukker is 'n ander persoon. Maar aangesien Belhar die Afrikaner aangekla het as onderdrukker, al is hulle nie nou meer die onderdrukker is nie, wil hulle nie verstaan dat Belhar nou van toepassing is op die een wat nou hul onderdrukker is nie. Belhar se boodskap is: "Ons mag nie ander mense onderdruk nie – met woord of daad of wat ookal. Dit is 'n boodskap vir altyd."

Nou is die groot probleem dat baie mense, veral in die NG Kerk, oor Belhar praat, maar slegs onder mekaar. Hulle praat nooit met iemand wat 'n ander perspektief het om vir hulle die deur oop te maak na nuwe moontlikhede nie. Hulle nooi net mense om oor Belhar te praat, wat met hulle saamstem, mense wat negatief oor Belhar praat. Maar daar is tog 'n plek waar Belhar nog positief ervaar word. Dit moet uitgewys word.

JAN: Sou dit dan sin maak om Belhar eenkant te plaas en voort te gaan met die herenigingsproses daarsonder?

DANIËL MALULEKE: Dit is "cheating"! As jy die besluite en verklaring lees van byvoorbeeld Esselenpark, waar gesê word: "Kom ons los Belhar vir 'n rukkie, en gaan aan met die

eenwordingsproses.” Maar net in die volgende paragraaf word gesê: “In die nuwe kerk sal Belhar wel belangrik wees.” Nou vra jy jousef af: “Wat sê jy?” Hoekom sê jy nie: “Ons dwing niemand om Belhar te aanvaar, maar ons sê ook nie dat Belhar nie nou belangrik is nie. Belhar is vir ons belangrik, maar om die belangrikheid daarvan te aanvaar, is jou saak. Dit verhinder ons nie om te onderhandel met mekaar nie.” As ek ‘n gewone lidmaat was, sou ek ook onseker daarvoor gewees het.

JAN: Ek sien daar is ontwikkeling in die onderhandelingsproses. Aanvanklik was Belhar ononderhandelbaar en later het dit eintlik meer onderhandelbaar geword. Ek dink nou aan die Belgiese Kerk wat verskillende groeperinge van belydenisse het, waar die Belhar Belydenis onder ‘n spesifieke groepering val. Ek wonder of ons nie ook sulke onderskeidings kan maak nie. Byvoorbeeld dat ons die belydenisse uit die reformasie saam groepeer, en belydenisse uit ons eie tyd as eietydse belydenisse erken.

DANIËL MALULEKE: Dit is waar. Dalk is die probleem die gevoelens wat oor Belhar bestaan. As die mense die Belydenis lees, hoor hulle Ottawa. Hulle hoor vir Allan Boesak – en hy was nie deel van die opstel van die Belydenis nie, hy was bloot voorsitter van die sinode.

#### **Opmerkings uit die onderhoud met dr. Daniël Maluleke:**

- | Die Evangelie verkondig dat daar wel ‘n geestelike eenheid in die kerk bestaan, maar dit moet ook sigbaar wees – veral vanuit ‘n missionêre hoek beskou.
- | Die belydenis sê dat as ek jou liefhet en ek jou respekteer, sal ek vir jou ruimte maak. Dit is nie ‘n saak waar jy in ‘n bepaalde situasie ingedwing moet word nie.
- | Die boodskap van Belhar is dat jy nie ‘n skeiding kan bring tussen uitreik en versorging nie. Mense moet die liefde van jou woorde kan sien.
- | Die Belhar Belydenis het ‘n boodskap vir alle mense binne die samelewing en omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Wanneer daar in ons tyd steeds op grond van ras werk gegee word aan mense (regstellende aksie), en nie op grond van kwalifikasie nie, wys Belhar dat dit ook verkeerd is. Daar is wel die historiese agtergrond van Belhar, maar mens kan vandag Belhar verklaar vanuit ons hedendaagse situasie, en dieselfde stok slaan ook na die VGK, die NGKA of selfs die ANC regering – en steeds vra: “Waar is die geregtigheid?”
- | Kerkeenheid is moontlik as ons mekaar liefhet, mekaar verdra en vir elke persoon ruimte maak. Ons het verskillende gawes, maar ons moet ruimte maak sodat elkeen sy gawe kan uitleef en bydra – maar nie téénoor die ander nie – wel om die ander te verryk. Dit is wat ons nodig het.
- | Die Belhar Belydenis word deur baie Afrikaners gesien as ‘n aanklag teen hulle. Daarom is aanvaarding moeilik. Die probleem word vererger solank daar slegs binne die NG Kerk gepraat word oor die Belhar Belydenis, en nie na buite gesprek gevoer word nie.



- I Die Belhar Belydenis kan nie afsonderlik van die herenigingsproses hanteer word nie. Dit is deel daarvan. Om iets anders te suggereer, is misleiding.

## 7.6. ONDERHOUD MET ANONIEM 2 19 FEBRUARIE 2007

Hierdie onderhoud is gevoer op 19 Februarie 2007. Die respondent verkies om anoniem te bly, en word daarom slegs geïdentifiseer as ANONIEM 2. Die respondent is lidmaat van die NG Kerk en het op verskillende vlakke met die Belhar Belydenis en die herenigingsproses te make. Daarom is hy as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud beskou. Hierdie onderhoud is ook nie digitaal opgeneem nie, daar is slegs aantekeninge gemaak. Die weergawe hieronder is dus 'n breë raamwerk van die onderhoud, en nie 'n woordelike weergawe nie.

### ONDERHOUD

JAN: Wat, sou u sê, is die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk. Sou ons nog enigsins kon sê dat Belhar vandag waarde het, veral in die lig van die veranderinge wat in 1994 plaasgevind het in Suid-Afrika?

ANONIEM 2: Die vraag of die Belydenis van Belhar se waarde verby is ná 1994, sê baie van ons verstaan van Belhar. Dit is foutief om te dink dat Belhar nie meer waarde het vir vandag nie. Die duidelikste rede daarvoor kan gesien word in die wêreldwye belangstelling in die Belydenis, soos vanuit kerke in die Verenigde State van Amerika, naamlik die *Christian Reformed Church*, die *Reformed Church in America* (RCA) en die *Presbyterian Church of the USA*. Die rede waarom hierdie kerke vandag belangstelling toon in Belhar, is dat dit drie temas bespreek wat baie belangrik is vir ons tyd: eenheid, versoening, geregtigheid. Hierdie drie temas kry min aandag in die belydenisse van ons tradisie. Daar word deesdae baie krete in die VSA gehoor oor eenheid, versoening, geregtigheid, en veral ekonomiese geregtigheid.

Dus, die grootste waarde wat Belhar vir die NG Kerk het, is dat dit ons kan help om in lyn te bly met kerke van die Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom behoort die NG Kerk erns te maak met hierdie belydenis. Die RCA het byvoorbeeld vir drr. Coenie Burger en Russel Bothman genooi om by hul sinode in Junie (2007) te praat oor die Belhar Belydenis. Dit wys die tipe belangstelling in Belhar, maar ook die rol wat die NG Kerk-familie daarin kan speel.

'n Tweede waarde wat dit vir ons meebring, is die beskerming van die regte van minderhede.

JAN: Watter waarde het dit vir die NG Kerk om die Belydenis te aanvaar as 'n belydenisskrif?

ANONIEM 2: As ons op die een of ander manier Belhar kan opneem in die belydenisgrondslag van die kerk, sal dit 'n ongelooflike versoenende ding wees (tussen gelowiges van verskillende rasse in Suid-Afrika).

Belhar is ná 25 jaar steeds aktueel. Neem byvoorbeeld "versoening". Daar is op die oomblik 'n wapenstilstand in die land tussen die verskillende rassegroepe. Daar is toleransie vir mekaar, maar dit beteken nog nie versoening nie. Die Kerke moet die moed hê om ware versoening aan te spreek in Suid-Afrika. Op die oomblik is 'n groot skuif besig om plaas te vind in die land. Die politieke welwillendheid wat uit die Mandela-tydperk kom, is besig om te verkrummel. Tot nou toe het oud-president Mandela so sterk oorgekom dat die politieke flanke doodgeswyg is. Nou begin hierdie flanke aan beide kante van die politieke spektrum weer te wys. Dink byvoorbeeld aan die gebeure rondom die liedjie "De La Rey". Die regse flank geniet die ontsteltenis oor hierdie liedjie, want vir hulle is dit 'n manier om die griewe van hul werkloosheid te lug (al het die skrywer en sanger waarskynlik niks hiervan beoog nie). Die linkse flank wys ook al hoe meer hul kleure, veral in die ANC-geledere.

Versoening is dus nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan ook gesien word in die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk. Byvoorbeeld, in my eie ontwikkeling het ek uit Belhar geleer dat God se geregtigheid nie noodwendig strook met hoe ons daarvoor dink nie. Dit geld ook vir God se siening van eenheid.

JAN: Wat moet ons maak met die negatiewe gevoelens oor Belhar in die NG Kerk?

ANONIEM 2: Dit is baie ongelukkig dat die NG Kerk Belhar verstaan het as 'n persoonlike aanval. Dit is hoe baie mense in die NG Kerk daarvoor dink. Al wat baie van die Belhar Belydenis weet, is dat die NGSK die NG Kerk destyds beskuldig het van kettery. Dit bly 'n ongelukkige siening, want die Belhar Belydenis is nie 'n aanval of aanklag nie. Dit is 'n Belydenis.

Kyk na die formulerings oor Belhar in die stukke van die Algemene sinode 2004:

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms.

(Notule Algemene sinode 2004: Notule F.1.1 punt 3, bladsy 3)

Belhar het belangrike simboliese betekenis:

1) Vir die VGKSA: Dit is 'n simbool van die vernedering waardeur hulle moes gaan oor jare heen. Antropologies gesien het dit te make met die seerkry-belewenis in die apartheidstryd. Daarom sal die erkenning van Belhar deur die NG Kerk vir hulle beteken dat die NG Kerk aan hulle respek betoon as kinders van God.

2) Vir die NG Kerk: Dit is 'n simbool van die kettery klag by Ottawa, en daarom is dit 'n vernedering vir die NG Kerk. Daar is vir die NG Kerk gesê dat sy onderskrywing van apartheid kettery is. Nou moet die NG Kerk hom nog verder verneder voor hierdie mense wat hom aangekla het, deur Belhar te aanvaar as 'n belydenis.

As ons kyk na die Gereformeerde Belydenisskrifte, het dit tot stand gekom rondom tye van skeuring en nie gelei tot eenwording nie. Dalk is dit te veel om te verwag dat Belhar na 20 jaar aanvaar word deur die NG Kerk?

JAN: Sou u sê dat almal in 'n herenigde kerk die Belhar Belydenis behoort te onderskryf, sou daar 'n hereniging van die familie van NG Kerke plaasvind?

ANONIEM 2: Kerkhereniging is so 'n uitsonderlike proses, dat dit nie so eenvoudig is nie.

Kom ons kyk na parallelle kerkherenigings:

- | *Protestantse Kerken Nederland*: Hulle het beide die Lutherse en Gereformeerde belydenisse opgeneem, maar lidmate kan self besluit watter vir hulle belangrik is.
- | Australië: Die Methodiste en die Presbiteriane het gewoon die preke van Wesley as belydenisbasis aanvaar.
- | *Presbyterian Church in the USA*: Hulle gooi al die belydenisse saam en skryf 'n opsommende belydenis.
- | *South African Presbyterian Church*: Hulle verwag van lidmate om een van die drie belydenisse te onderskryf.

Die vraag bly: wat is die bindende krag van 'n belydenis?

Daar bestaan 'n verskil tussen die Lutherse en Gereformeerde siening. Volgens die Lutherse benadering loop jy die risiko van afsnyding as jy nie die Augsburg Konfessie onderskryf nie. Die Gereformeerde benadering is oper. Daar sal dus besin moet word oor die aanvaardingsposisie van die Belhar Belydenis in die beoogde herenigde kerk. 'n Belangrike stap wat in hierdie rigting geneem is, is die besluite by Esselenpark.

JAN: Hoe sal mens dan te werk gaan as almal nie onder die verpligting is om Belhar as belydenis te aanvaar in 'n herenigde kerk nie?

ANONIEM 2: 'n Verdere vraag is: wie moet Belhar onderteken? Sou mens dit net van die jonger dominees verwag en nie van die leraars wat reeds georden is nie?

'n Mens moet die emosionele lading van Belhar begryp, toe die NGKA en die NGSK in Ottawa uitgestap het uit die nagmaal omdat hulle nie saam met die NG Kerk nagmaal wou gebruik nie. Dit is baie moeiliker om dit te aanvaar as mens aan die negatiewe kant van die belydenis staan. BUVTON het al in 1994 voorgestel dat daar 'n sesde artikel by Belhar gevoeg word, of 'n *Postscript* geskryf word – 'n gesamentlike respons in die familie van NG kerke. Dit is nog nie so aanvaar nie, maar dit is 'n voorbeeld van wat moontlik is.

'n Verdere vraag wat mense in die NG Kerk vra, is: "Die Wes-Kaapse sinode het die 1957 besluit herroep. Waarom kan die VGKSA nie die *status confessionis* herroep nie?" Hierdie dinge wys watter rol die emosionele lading van Belhar by mense speel.

'n Laaste gedagte. By Akkra is meer in die rigting van 'n *processus confessionis* beweeg. Is dit nie eerder waarmee ons besig is nie? Is die NG Kerk-familie nie eerder in 'n proses van belydenisvorming besig nie, eerder as dat die *status confessionis* dui op 'n afgehandelde gebeurtenis?

### **Opmerkings uit die onderhoud met Anoniem 2:**

- | Die grootste waarde wat Belhar vir die NG Kerk het, is dat dit die kerk kan help om in lyn te bly met kerke van die Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom behoort die NG Kerk erns te maak met hierdie Belydenis.
- | 'n Tweede waarde wat dit vir die NG Kerk meebring, is die beskerming van die regte van minderhede.
- | Die Belhar Belydenis is uiters relevant vir vandag. Versoening is nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan gesien word in (a) die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk, en (b) die politieke flanke wat al hoe meer na vore kom (bv. met die liedjie "De La Rey" en die verdeeldheid in die ANC).
- | Belhar het belangrike simboliese betekenis vir die VGKSA en vir die NG Kerk. Vir die VGKSA het dit te make met hul menswaardigheid. Vir die NG Kerk is dit 'n simbool van vernedering.
- | Daar kan op verskillende maniere te werk gegaan word om die belydenis-basis vir 'n herenigde kerk vas te stel.
- | Ten opsigte van die aanvaarding van 'n belydenis, is dit belangrik om daarop te let dat daar verskillende benaderings is, byvoorbeeld die Lutherse en die gereformeerde sienings.

| Is ons nie in die NG Kerk-familie met 'n *processus confessionis* besig nie?

### 7.7. ONDERHOUD MET JOHAN BOTHA 20 FEBRUARIE 2007

Hierdie onderhoud is gevoer met dr Johan Botha op 20 Februarie 2007. Doktor Botha is predikant in Sinodale Diens vir die Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap. Hierdie is 'n kommissie wat gesamentlik werk vir die streeksinodes van die NG Kerk en die VGKSA in die Wes-Kaap. 'n Onderhoud is met dr. Botha gevoer, op grond van die volgende oorwegings:

- | Dr. Botha het grootgeword as dooplidmaat van die NGSK, maar het baie kontak met die NG Kerk gehad en het belydenis van geloof afgelê in die NG Kerk. Hy ken dus beide kerke baie goed.
- | Dr. Botha het vir lank as leraar in die NGSK, later die VGKSA, gewerk.
- | Dr. Botha was ook teenwoordig tydens die ontstaan van die Belhar Belydenis, en het rondom hierdie tema gepubliseer.
- | Dr. Botha is tans betrokke by die samesprekings oor Kerkhereniging in die familie van NG Kerke.

#### ONDERHOUD

JAN: Hoe het dit gebeur dat jy 'n lidmaat van die VGKSA is?

JOHAN BOTHA: Ek is die seun van 'n Sendingkerk dominee, wat in Wynberg predikant was. My pa is David Botha. Ek is dus gebore en gedoop in die Sendingkerk in die jare 1950. Ek het grootgeword in die Sendingkerk. My ouers het my (en my broers en susters) van die begin af blootgestel aan die "meer-vlakkigheid" of die "meer-kantigheid" van die NG Kerk-familie. So, my vroegste herinnering is waar ek as kind saam met ds. Pietie Victor, wat by Straatwerk betrokke was, aan die hand gestap het Sondagskool toe by die NG Kerk op die bult, by Wynberg. As ek klaar was met Sondagskool, dan vat hy my af na die NG Sendingkerk, net onder die bult, waar my pa dan preek. So, ek het letterlik grootgeword met my voete alkant van die lyn. Ek het nie net so grootgeword nie, my hele lewe loop so.

Ek is toe later na Malmesbury, en toe ons daar kom, was die kerk weer so bietjie bo-op die bult en onderkant die bult. Ek het uiteindelik deur my ouers se oorweging belydenis van geloof afgelê in die NG Kerk, maar ek het my roeping ontvang om predikant te word, in die Sendingkerk, want ek is Sondag vir Sondag katkisasieklas toe, en erediens toe. My pa het gesê: "Ek gaan jou nou op 'n gestruktureerde manier blootstel aan die NG Kerk, so gaan doen daardie katkisasie, maar ek sal jou katkiseer van die kansel af." Dit het uitstekend gewerk vir ons, vir my. Ek het die gesange aan beide kante leer sing – ek ken hulle uit my kop uit, die ou gesange van die Sions-kant af en van die

Psalms en Gesange-kant af. Ek ken die gebruike, ek dink ek kan dit goed vergelyk, want ek praat nie van hoorsê daaroor nie – ek praat van ervaring. Ek dink nie ons is ver van mekaar af nie, maar dit is my persoonlike perspektief. Die dinge waarmee ons dink ons ver van mekaar af is, is regtig nie wesenlik nie.

JAN: Is dit meer uiterlike gebruike as teologie?

JOHAN BOTHA: Ek sou nie dit sê nie. As jy teologie praat, dan moet jy nou sê: “Was die heersende denke oor God in die Sendingkerk destyds en die NG Kerk naby aan mekaar?” Ek sal antwoord: nee. In die NG Kerk het diegene wat die apartheidsideologie teologies ‘n fondament gegee het, mos nou darem die botoon gevoer. Hulle sou byvoorbeeld aan 1 Korintiërs 12, Efesiërs 4 en Romeine 12, wat gaan oor die Liggaam, ‘n geestelike interpretasie heg, terwyl ek (ons in die VGK, of die Sendingkerk destyds) dit van die begin af anders verstaan het. Dit was nie geestelik uitgelê asof ons met mekaar niks te make het nie. Die versugting in die Sendingkerk was na die gemeenskap met die NG Kerk – nou my eie ervaring – in die beginjare. Dit is nou voordat die vervreemding sodanig geraak het dat daar vanuit die Sendingkerk vir die NG Kerk gesê is: “Ons wil nie eintlik met julle praat nie. Ons wil nie eintlik naby julle wees nie, want ons dink nie ons praat vanuit dieselfde wortels nie. Ons Godstaal verskil van mekaar, en die ellende is dat ons mekaar ook nie meer behoorlik hoor nie, so kom ons los mekaar, ons praat nou maar eerder nie.” Dit was ‘n later fase. My eerste ervaring was dat ek geleer het om die liedere wat aan die een kant gesing is en dié wat aan die ander kant gesing is, in myself te integreer. Dit het my spiritualiteit saam gevorm. As ek nou sê dat kerkwees nie so ver van mekaar is nie, dan bedoel ek dat die goed wat ons gewoonlik gebruik om aan te dui dat ons eintlik nie so eenders is nie, dit is nie wesenlik nie.

Die stryd wat ons gehad het rondom die Godstaal, rondom die manier waarop ons oor God dink, hoe die gemeente behoort te lyk – kom ek noem dit: wat ons ekklesiologie betref – was ‘n al groter wordende stryd. Ek dink, spesifiek op hierdie punt, maak die Belhar Belydenis vir ons ‘n nuwe lyn oop. As jy vir my sou vra: Waar rondom is daar die grootste korreksie aangebring? Wat kan die Belhar Belydenis doen? Hoe is die Belhar Belydenis bruikbaar? – dan sou ek nogal dink ons moet bietjie praat oor die ekklesiologie - hoe dit verskil het tussen die verskillende dele van die NG Kerk-familie – op hierdie punt is die groot korreksie.

My eie ervaring ondergaan mos ook verskillende stadiums in die geskiedenis. Mens groei mos maar. Jy belewe soms dinge sus en soms dinge so. Vandag onthou ek sekere goed, more weer ander. As jy my vandag sou vra: “Verskil ons regtig?”, dan sal ek antwoord: Daar is soveel wat ons eintlik met mekaar deel, wat eenders is, dat ons vrese om bymekaar te kom, nie goed gegrond is nie. Ons maak van verkeerde goed te veel, en van die regte goed te min.”

JAN: Een van die basiese vrae is of die Belhar Belydenis enigsins nog relevant is, veral na die gebeure van 1994. Kan Belhar nog 'n rol speel vandag?

JOHAN BOTHA: Ek dink nie Belhar is minder belangrik nie – ek dink dit word al hoe belangriker, omdat die soort uitdagings wat ons in die samelewing het – teologies beskou – vanuit die Belhar Belydenis antwoorde kry, geantwoord kan word en beantwoord moet word. As jy maar net dink aan die neiging in ons samelewing om te verbroekel en te verbreek en téénoor mekaar te staan, is dit in die hart van die Belhar Belydenis om die saak van versoening op die tafel te sit. Versoening, uiteindelik nie net tussen God en ons nie, maar ook tussen ons met mekaar. Daar is nou nie net historiese 'n werklikheid van onversoendheid in ons samelewing nie. Daar is vandag duidelik 'n onwilligheid om mekaar op te neem, om met mekaar saam te stap, vir mekaar ruimte te gee en vir mekaar 'n vredevolle gemeenskap te waarborg. Ons het op soveel verskillende vlakke neigings dat mense uitmekaar loop, weg van mekaar wil staan, nie regtig met mekaar wil verbind nie. Ek sou dink dat die golf van misdaad in die samelewing ons weg van mekaar af dwing. Dit bring ou stereotipes na vore. Ons kyk na mekaar met historiese brille, weer en weer.

Die kohesie, wat ons in 1994 gedink het bestaan, is besig om te ontrafel, en die neiging is dat ons teenoor mekaar te staan kom en teenoor mekaar polariseer – nie soos van ouds nie, maar heel nuut nou, met 'n onwilligheid om die pad te stap wat deur die versoenings-boodskap van Belhar op die tafel gesit word. Ons is tog mekaar s'n, ons is aan mekaar verbind – en ek bedoel nou selfs so: as ons die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en veral die NG-familieverband nie aanspreek nie, en as ons nie sê “Wys 'n alternatief”, of “Gee vir die gemeenskap 'n voorbeeld van 'n versoende gemeenskap” nie, watter hoop is daar dan? In die gewone sekulêre gemeenskap is daar die neiging om uitmekaar te loop, om te verindividualiseer en in die gevolg daarvan uiteindelik elkeen besig te wees met hom-/haarself, óf as individue óf as groepe – soos Martin Luther sê: “Met ons eie naeltjies besig te wees.” Ons draai nie na mekaar toe en sê: “Ek is jou broeder, ek is jou hoeder. Jy is my suster. Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor my. Ons het 'n versorgings-verantwoordelikheid teenoor mekaar en ons is medeverantwoordelik vir mekaar en saam met mekaar vir die toekoms.” Wat roep ons soontoe?

Die hart van die Belhar Belydenis sit die saak van versoening op die tafel, wat ons roep om as versoendes 'n verskil te maak in ons samelewing. Dit is nou spesifiek aan die adres van die kerklike gemeenskap gerig. Ek het net-nou gesê: “Ekklesiologie is die ‘issue’”. Die versoeningsboodskap in die hart van Belhar herstruktureer die ekklesiologie – die ekklesiologie van afsonderlikheid wat deur mense begrond is en gemotiveer is vanuit die teologie. Daarteenoor staan die versoeningsteologie wat die ekklesiologie 'n nuwe inhoud gee deur te sê: ons is daar vir mekaar, ons is aan mekaar verbind, nie omdat ons so besluit het nie, maar omdat Jesus die Here is. As dit so is en ons sukkel daarmee, kan ons na die eerste artikel van Belhar gaan en sien: God maak bymekaar en God gee julle vir mekaar, en God gee julle as broers en susters vir mekaar.

Die versoeningsboodskap van Belhar kwalifiseer die “bymekaar-wees”. Ons is nie bymekaar omdat ons dit so gekies het nie, ons is nie bymekaar omdat ons van mekaar hou nie, ons is bymekaar omdat ons by mekaar gesit is.

Belhar is ‘n belydenis, en ‘n belydenis praat met jou objektief – van buite af. ‘n Belydenis herinner jou aan wat die waarheid is. Dit keer jou om te ver te gaan in jou eie subjektivisme. Dit is ‘n objektiewe maatstaf. Dit help jou om te oriënteer – en in daardie sin moet ons nie te maklik opgee oor die konfessionele karakter waarvan ons praat nie. Dit is ‘n belydenis. Belydenisse het deur die eeue ‘n rol gehad om ons te help om te oriënteer wanneer ons “dis-oriënteerd” geraak het. Belydenisse het deur die eeue die rol gehad om ons te help om in te sien wat ons nie insien nie, wat ons nie kan raaksien nie. Belydenisse het deur die eeue die rol gehad om vir ons as ‘n gemeenskap, wat neig om ons eie ding te wil doen, daaraan te herinner aan ons verantwoordelikheid teenoor die Here, iets wat ons nie moet vergeet nie. Belhar is so ‘n soort dokument. Belhar was nie bedoel om iets anders te wees nie. Belhar was nie ‘n verklaring nie, en is dit vandag ook nie.

So, as jy die vraag vra: “Is dit nog so belangrik?”, sal ek wil sê: “Dis uiters belangrik.” Die vraag oor hoe ons dit hanteer, is ‘n tweede vraag – ‘n tweede-orde vraag. Moet almal dit onderteken? Word dit van almal verwag? Moet ons dit so doen? Dan wil ek sê: “Ons kan daarvoor bietjie praat.” Op die vraag of Belhar en sy boodskap nog belangrik is, is my antwoord: “Nog meer as ooit.” Ons het nog nie geslaag met betrekking tot kerkhereniging nie. Belhar help ons en roep ons en sê vir ons: “Julle hereniging is nie ‘n saak van eie keuse nie, dit het ten diepste te make met die geloofwaardigheid van die boodskap wat julle verkondig. Die Evangelie se geloofwaardigheid is op die spel. As julle dit nie doen nie, hoekom moet mense glo in die versoeningskrag en die eenheidsverkondiging van die evangelie van Christus? Hoekom sal hulle in Hom glo? So, julle Here en sy Evangelie is op die spel.” Belhar herinner ons daaraan.

Belhar herinner ons daaraan dat die aard van ons geloofsgemeenskap ook op die spel is. Of ons dit regkry om as versoendes met mekaar saam te lewe, of nie, bring die geloofwaardigheid van die Evangelie op die spel.

Die derde punt is dié van die geregtighede-eis wat op die tafel geplaas word. Ons konteks is vandag ‘n konteks waar die gaping tussen ryk en arm al groter word, waar maklik vergeet word dat die gevoeligheid van diegene wat swaarkry, ‘n belangrike saak is. Dit is God se geaardheid dat Hy ‘n sagte hart het vir dié wat in nood is. Belhar herinner ons daaraan dat ons ‘n verantwoordelikheid teenoor mekaar het, dat ons veronderstel is om vir mekaar te sorg, vir mekaar om te gee. As jy oor die inhoud van Belhar dink: dit is evangelie. Ons sou dit nie wou minder maak nie. Ek dink nie dit is onbelangrik nie, intendeel.



As dit nie so was nie, sou daar nie soveel gemeenskappe en kerke reg oor wêreld gedink het dat dit belangrik is nie. België, Duitsland, Holland, Amerika, selfs verder weg as die kontekste wat ek tans genoem het. Ander kerklike denominasies se reaksie vra ons om ook te oorweeg om Belhar deel van ons konfessionele grondslag te maak.

JAN: Ek weet van verskillende lande wat op verskillende maniere na Belhar kyk. Ek wonder net of dit verder in Afrika 'n rol speel.

JOHAN BOTHA: Dit is interessant dat ons die Belydenis op die tafel gehad het in ons gesprek in Malawi. In Malawi is daar 'n fyngevoeligheid by ons susterskerk, CCAP Nkhoma sinode, vir die betekenis van hierdie belydenis vir hulself, maar ook in ons verhouding met mekaar, as 'n dokument wat vir die samelewing daar op 'n nuwe manier die appél van die evangelie verwoord. Jy kan amper sê dat dit as 'n sendingdokument na die burgerlike gemeenskap van Malawi beskou kan word. Dit is 'n dokument wat resoneer hoe die kerke self dink oor die spesifieke sake van eenheid, versoening en geregtigheid, soos dit in die Woord na vore kom. Daar is 'n teologiese aanvaarding en besinning aan die gebeur, maar daar is ook die onmiddellike vraag: hoekom sou ons dit doen? So word ook die konteks op 'n nuwe manier aangespreek deur die dokument.

In ons bilaterale gesprek met die kerk in Malawi, vanuit die hoek van die VGK (Moderature), is die saak van die Belhar Belydenis op die tafel gesit. Nie net op daardie vlak nie, ook vanuit die hoek van die Getuienis-aksie, wat die Sendingkommissie van die Kaapse is, is die Belydenis na vore gebring. Ons is besig om dit op die tafel te sit met ander kerkverbande, byvoorbeeld Mosambiek. Die Belhar Belydenis is 'n belangrike bron wat deel uitmaak van die Getuieniskommissie se eie verstaan, daarom word die belydenis uitgedra as deel van ons aktiwiteite. Ook toe ek saam met my pa in 1991 besoek afgelê het by die kerk van Christus onder die Tiev (in Nigerië), is die Belydenis van Belhar amptelik aan hulle oorhandig as 'n geskenk. Die belydenis is besig om 'n weg te vind in Afrika. Dit gebeur op 'n ander manier as die teologiese gesprek waarmee ons besig is.

JAN: Sodra die NG Kerk en die VGKSA betrokke raak in Afrika, kan ons nie anders as om dit gesamentlik te doen nie. Hoe kan twee kerke met dieselfde belydenis by 'n gemeenskap aankom en die mense aanmoedig om saam te werk, maar hulle kan dit self nie doen nie? Belhar lê aan die basis van hoe dit gedoen kan word.

JOHAN BOTHA: As jy dink aan die drie kern-artikels van Belhar – al drie beklemtoon ons verbondenheid met mekaar as God se wil en onder die heerskappy van Christus, ons is om dié rede een, of ons daarvan hou of nie, ons het dit nie gekies nie. Dit is nie ons besondere insig nie, selfs teen ons sin. Ek onthou in SARK 1997, het Desmond Tutu die bydrae gemaak: “Broers en susters, ek sê vir julle so, want in die gemeenskap van die gelowiges kies ek nie my broers en

susters nie, hulle word vir my gegee – daarom is PW Botha my broer. Dit was die nuus van SARK, dat Tutu, wat sekretaris van die SARK gaan word, en ‘n openlike kritikus van Botha se politieke beleid, dit sê. Daarom is dit vanselfsprekend dat ons dit moet verstaan as ‘n grondliggende riglyn.

‘n Ander grondliggende riglyn is die aard van daardie geloofsgemeenskap. Ons kyk nie meer na mekaar deur die bril van die vlees nie (2 Kor. 5), ons kyk na mekaar met die oë van Christus. Om na mekaar te kyk deur die oë van Christus is iets anders. Ons is nuut, mekaar s’n. Die konsekwensie daarvan is dat, al verskil ons van mekaar, laat ons nie toe dat die strukturering van die samelewing (wat ryk en arm op ‘n manier van mekaar weg-definiëer en weg-struktureer) die finale rol speel nie. Intendeel, ons moet hierdie samelewingstrukture oorbrug. As die samelewing se politieke en ekonomiese orde dit nie moontlik maak nie, dan roep Belhar ons op om daartéén te staan. Dit kan dan nie so bly nie, want dit eer God nie en is ook nie ons naaste tot voordeel nie.

So, ek stem met jou saam, Belhar is basis, dit is bron. As ons van mekaar verskil, het ons geen gesamentlike getuienis nie. Daarom is dit noodsaaklik om uit te maak of Belhar in ooreenstemming is met die Woord. Die NG Kerk het al in die jare negentig gesê dat die Belhar Belydenis nie in stryd met die Woord van die Here is nie. Of ons dit positief kan sê: “Dit *is* in ooreenstemming met die Woord van God,” lyk vir my, is die moeilike een.

JAN: As ons so praat, kom twee dinge vir my na vore: die verskil tussen die inhoud van die Belhar Belydenis, en die konnotasie wat baie mense aan die Belydenis heg. Daar is ook baie wat sê hulle stem saam met die Belydenis, maar beteken ditstrukturele eenwording?

JOHAN BOTHA: Ek verstaan dit. In sy resensie van die boekie: *Op pad met Belhar*, het Mike Smuts (jr.) gesê dat een van die dinge waarmee ons nie genoegsaam rekening hou nie, is die emosionele weerstande wat mense het teen die Belydenis – en hoe moeilik dit is om hierdie weerstande te bestuur. Mense reageer teenoor persone, oftewel, hul stereotipe voor-verstaan van persone. Omdat jy verdag is, word jou bydrae ook afgeskiet. Hoe moet ons dit hanteer?

Die tweede ding is: hierdie gogga, wat Belhar genoem is, het dít wat ons al die jare gedink het die regte ding is, kom bevraagteken. Mense sê: “Ek is gewillig om ‘n nuwe pad met jou te loop, maar kom ons los Belhar, dit het my skaam gemaak. Belhar het ‘n rol gehad, maar het dit nie nou meer nie.”

Die moeilikheid waarmee ons te make het, is om die dubbele karakter van ‘n Belydenis – wat tegelykertyd in spesifieke omstandighede praat, maar ook bó die omstandigheid uitstyg – voortdurend saam in gedagte te hou. Dit is een van die goed wat vir mense moeilik is om te verstaan. Belhar het ‘n waarheidswoord gepraat in ‘n spesifieke konteks. Belhar is spesifiek

tydsbepaald. Die Belydenis het nie los gepraat van die destydse moeilikheid wat ons gehad het en die ellendes waarin ons gesit het nie, maar dit so helder as moontlik aangespreek. Dit was die formulering van 'n *norma normata*, naas die *Norma Normans*, naas die Woord. Die mees belangrike woord wat 'n kerk kan spreek, is 'n belydeniswoord. Dit is 'n belydeniswoord wat 'n spesifieke afwyking van die Christelike Evangelie aangespreek het, op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis, vir 'n spesifieke groep mense wat op daardie spesifieke tyd saam met mekaar in daardie omstandighede was. Dit is nooit anders nie. Alle belydenisse het so 'n spesifieke historiese verworteldheid.

Maar die karakter van 'n belydenis is eweneens dat dit die spesifieke te bowe gaan. Dit verteenwoordig 'n algemene waarheid, waaraan ons ons kan bly oriënteer vir 'n volgende historiese konteks. Die rede daarvoor is dat, wanneer 'n belydenis gebore word, is dit die Here wat ingryp en insig gee in ons werklikheid. Daardie kwaliteit, naamlik dat dit 'n Woord van die Here is, maak dit 'n kwaliteit waarna ons altyd weer kan luister en waarna ons behoort te luister. So bring dit ons terug na waar ons behoort te wees en so gee dit ons koers na waarheen ons behoort te gaan. Dit is die kwaliteit van alle belydenisse. Die Heidelbergse Kategismus is vir ons 'n riglyn tot vandag toe. Hoekom sal ons daaraan vashou? Dit is dan geskryf in 'n tyd toe daar 'n feudale stelsel in Duitsland was, wat daar nie nou meer is nie. So, wat het dit met ons te doen? Waarom moet ons dit as 'n historiese dokument aanvaar as 'n riglyn vir ons lewe?

Ek dink nie ons moet die Heidelbergse Kategismus weggooi, en omdat ons sê die Belydenis van Belhar se belydeniskarakter is vir ons te moeilik, moet ons nou minder konfessioneel dink. Ek dink ons moet eerder meer *reg konfessioneel* dink. Wat is 'n konfessie? Watter rol het 'n konfessie? Hoe hanteer ons konfessies? Hoe hanteer konfessies ons? As ek kan sê wat my op hierdie stadium die beste troos gee, is dit artikel een van die Heidelbergse Kategismus. Dit sê vir my dat ek nie aan myself behoort nie. Waar het ek dit gehoor? Omdat mense in Duitsland dit vir die eerste keer gesê het en dit nie in Afrika uitgedink is nie, is dit vir my nie belangrik nie? Nee.

Dit is 'n waarheid. Dit staan vas, op grond van die Here se Woord. So, die toets vir die Belhar Belydenis is nie *my* gevoel daarvoor, of *jou* gevoel daarvoor nie. Die toets vir die aanspraak dat die Belhar Belydenis 'n belydenis is, het te make daarmee of ons die toets van die Skrif vir die Belydenis aanlê. Dit het te make daarmee of Belhar die toets slaag of nie. Niemand kon nog sê dat dit nie die toets slaag nie. Dít help my om weg te kyk van die geskiedenis waaruit Belhar gekom het, as 'n eerste interpreteer. Dit was 'n eerste interpreteer, maar vir hierdie tyd waarin ons nou is, is dit noodsaaklik om die vraag te vra: Hoe hou die Belhar Belydenis met die Bybel verband? Is dit die Bybel se boodskap? Is dit iets anders as die Bybel se boodskap? Is die feit dat feilbare mense dit aan ander feilbare mense moes kommunikeer en omdat ons nie hou van die boodskapdraer nie, genoegsame rede om die boodskap weg te gooi? Ek dink nie so nie.

Ek wil 'n laaste opmerking maak. Ek dink ons het, as Sendingkerk destyds (en as VGKSA later), te min gedoen (wat onself betref) om die Belhar Belydenis só te verkondig, dat mense minder die mense wat dit bring gesien het, maar meer die waarheid wat dit dra. Ons moet maar ernstig in ons eie geskiedenis gaan kyk. Wat het ons regtig gedoen om die Belhar Belydenis te beliggaam? Ons, by wie dit gebore is, het óns genoeg erkenning gegee daaraan dat dit nie 'n belydenis is wat sy oorsprong by ons het nie, maar wat letterlik sy oorsprong by die NG Kerk-familie het? As jy bietjie die geskiedenis lees soos wat dit in die boekie ( ) verskyn, dan besef mens daar is allerlei strominge wat tot die Belydenis se geboorte aanleiding gegee het. Dit word nie alles daarin vertel nie. Daar is ook nog die rol van ABRECSA en die Belydende Kring, wat mense gehelp het om belydenis-georiënteerd te dink. As jy met iemand gesels soos Allan Boesak, sal hy dit beter kan vertel as ek. Daar was 'n baie sterk besinning by mense oor wat hul pad uit hierdie situasie sou wees. Daar was 'n ernstige besinning oor *belydenis* as belangrike saak, wat gekom het vanuit mense se bewuswording van die kerkstryd in Duitsland. Studente wat in Europa gaan studeer het, is hieroor ingelig en het begin nadink oor die stryd van Belydende Kerk in Duitsland. Hulle het gevra: "Is dit dalk vir ons 'n leitmotiv?" Beyers Naudé skryf reeds daaroor in sy *Christelike Instituut*-dae. Daar is 'n motivering wat van daar af kom wat net so belangrik is as ook die ander strominge. Teoloë soos Willie Jonker, David Bosch en Jaap Durand het ons gehelp om dit wat ons tans hoor te verstaan, naamlik dat die manier waarop die Bybel uitgelê word deur mense wat die apartheid se teologie teologies begrond, gewoon onaanvaarbaar en verwerplik is. Mense wat uiteindelik saam die Brief van 123 geteken het, het dit geteken omdat dit 'n uitroep was teen dit wat destyds gangbare teologie was. Daar is 'n nuwe stem gehoor oor eenheid, versoening en geregtigheid. Al drie hierdie sake lê in die brief van die 123. Hulle was almal geordendes van die NG Kerk of Proponente van die NG Kerk wat binne die konteks van die susterkerke gewerk en geleef het. Dit is vanuit die "sending" teruggepraat. Daarom kan jy sê dat Belhar 'n sendingdokument is. Belhar het sy ontstaan vanuit die dampkring van mense wat elders (nie binne die NG Kerk nie) diens gedoen het.

JAN: Lesslie Newbigin praat van 'n dialoog wat binne die raamwerk van 'n sending-situasie plaasvind. Het daar iets daarvan in SA plaasgevind?

JOHAN BOTHA: Dit is nie net die groep van 123 wat teruggepraat het nie. Die vrug van die sendingwerk het begin terugpraat. Die menses soos Allan Boesak en Chris Loff, verskeie ander mense het begin terugpraat. Die kerk het begin terugpraat. Die "dogterkerk" het begin terugpraat, en hierdie kerk was nie net "bruin" nie, die kerk was wit, swart en bruin. Ek het jou vertel waar ek self vandaan kom. Ek is nie 'n produk van die NG Kerk nie. Ek is 'n produk ook van die NG Kerk, maar ek het eintlik my gevoeligheid vir die liggaam van Christus se besonderheid, en se andersheid en se karakter, van kleins af leer ken in die arms van die moeders van die NGSK van Wynberg. Hulle het my my eerste taal laat praat, hulle het my saam met my ma versorg. Die susters van die Susters Bond van daardie gemeente is nou nog my eerste familie.

So, as jy my vra wie ek is, dan antwoord ek: “Ek is gedoop en gebore in die Wynberg Gemeente van die NGSK, en ek kom daarvandaan. As ek terugpraat na die NG Kerk toe, dan doen ek dit vanuit so ‘n vertrekpunt, maar met die duidelike verstaan dat ek deel is van die groot NG Kerk-familie. Ek is in die familie. Ek is nie uit die familie uit nie.

So is daar verskillende maniere van terugpraat. As jy my nou sou vra: “Wat help uit die terugpraat vir ons om beter te begin insien,” dan is daar twee kante. Ek praat met jou terug oor hoe ek die evangelie hoor, en hoe ek die Here van die Evangelie hoor. Ek praat ook met jou terug as ‘n mede-verantwoordelike vir die hele Liggaam. Hierdie twee goed is nie noodwendig teenstellend nie en dit hoef nie noodwendig twee goed te wees nie, dit is dalk maar dieselfde ding. Maar ek praat met jou terug omdat ek vir jou wil vertel hoe ek die Evangelie hoor. Omdat ons mank gaan aan die invloed van die sonde en die gebrokenheid, is dit noodsaaklik dat ek my deel-perspektief laat konfronteer met jou deel-perspektief, sodat ons uit ons ontmoeting met mekaar ‘n groter geheel-perspektief kan open. Dit kan natuurlik wees dat jy op ‘n stadium in die geskiedenis die heel-perspektief die beste verwoord van enige een van ons tot op hierdie stadium.

JAN: Dit kan ook andersom wees...

JOHAN BOTHA: Dit kan ook andersom wees, maar dit is in die geval van die Belhar Belydenis, na my verstaan, ook so. Die eenvoudige waarheid vir, my is, dat die Belhar Belydenis vir my die waarheid verteenwoordig. Daarom is “‘n Oomblik van waarheid” nie ‘n onbelangrike titel nie – veral vir die huidige konteks waarin ons is. Dit is asof die Evangelie gefokus is vir ons konteks.

As mens bietjie wonder: Hoekom eenheid, hoekom versoening, hoekom geregtigheid?

(Lees soveel jy kan van Dirkie Smit se goed want ek dink hy verwoord dit die heel beste. Hy kry dit reg om die teologiese betekenis van die belydenis raak te vat. Sy teologiese besinning is altyd in terme van die konteks gedoen. Hy probeer ook nie op sy eie praat nie - hy praat saam met ander. Sy greep van die belydenis en van die aard van die belydenis in sy konteks, is na my mening die beste.)

Die feit dat dit oor eenheid, versoening en geregtigheid gegaan het, het ‘n direkte historiese motief. Op die eenheid het ons al vir baie jare gekonsentreer, trouens, ek dink die heel eerste formele voorstel dat ons tot ‘n gestruktureerde eenheid moet kom, is afkomstig uit die middel van die 1960’s. Ek dink dit was in 1967, maar die denke daar rondom kom uit die vroeë sestigs. Dit het altyd gepaard gegaan met die besef dat die geloofwaardigheid van die Evangelie op die spel is. Die behoefte om uitdrukking te gee aan ons eenheid, was nog altyd daar by mense in die leierskap van die NG “dogterkerke”. Die Federale Raad van Kerke (wat ‘n ander interessante bron kan

wees oor hoe die denke verloop het) se rolspelers het besef dat hulle mekaar nodig het in 'n voortdurende kommunikasie met mekaar. Hulle het besef dat hulle nie daarsonder kan gaan nie. Hoe hanteer mens moeilike tendense in die hedendaagse sosiale konteks, anders as om dit saam met mekaar te doen? As dit waar is van die leierskap, waarom sal dit nie waar wees van dele van dieselfde Liggaam, wat op alle vlakke met mekaar behoort te organiseer nie?

Moet ons noodwendig een struktuur wees? Doodgewoon sosiologies, as jy en ek nie met mekaar te make het nie, het ons niks *vir* mekaar te sê nie, en waarskynlik nie die regte goed *van* mekaar te sê nie. Dit is tog soos dit werk in die samelewing. As ons nooit met mekaar praat nie, het ons geen vriendskap nie. As jy nie met mekaar kommunikeer nie, het jy niks aan mekaar se behoeftes nie, het jy niks aan versorging van mekaar nie, ken jy nie mekaar se behoeftes nie, het jy nie 'n verantwoordelike gevoel vir mekaar nie, het jy niks van omgee vir mekaar nie. Dis tog in die aard van die Christelike kerk dat ons omgee vir mekaar, dat ons sorg dra vir mekaar, dat ons verantwoordelik is vir mekaar, en tog meer nog, dat ons lief is vir mekaar. Hoe kry dit hande en voete, word dit waar, hoe is dit sigbaar, hoe is dit aantreklik vir die wêreld? Hoe word iets soos die woord van Christus aan sy dissipels “die wêreld sal weet dat julle aan my behoort as julle liefde het onder mekaar,” waar vir ons tyd?

As ons dit histories ontleed, dan weet ons dat die groep wat rondom Christus was, so uiteenlopend was as wat ons kan dink. Ons weet ook dat die eerste geloofsgemeenskap geworstel het met die vraag: hoe bring jy Jode en nie-Jode in een gemeenskap saam? Dit is Bybels-histories verantwoordbaar om te sê dat die stryd aan die begin van die Christelike era was: Hoe maak met teenoorgesteldes? Hoe maak met mekaar-uitsluitende gemeenskapsdele en individue?

Dit was eenvoudig waar. Die Grieke het nie veel van die Jode gedink nie. Die Grieke het die Jode verag vanuit hulle lewens- en wêreldbeskouing. Jode het Grieke beskou as heidene. Die Grieke het die Jode beskou as barbare. Dit weet ons uit ons studie van die Bybel. (Dink maar oor die Efesiërbrief.) So, die sending aan die wêreld was om 'n alternatief aan die wêreld te wys – anders as wat die wêreld is. Die wêreld van destyds was verdeel in belangegroepes. Die “nuwe” van die Evangelie was om vir die wêreld 'n nuwe alternatief te wys: die Kerk, wat bestaan het uit Jode en nie-Jode, in al die verskeidenheid daarvan.

Handelinge 2 se “amper-opheffing” van die taalverwarring was ook 'n opheffing van die verskeidenheid kulture wat bymekaarkom. Jy kan dit anders lees as jy wil, maar dit sal, wat my betref, histories on-sin maak. Op lyn daarmee lê Belhar se beklemtoning van die eenheid van die kerk, en die spesifieke punt daarvan is juis dat dit moet sigbaar word. Jy kan dit nie sigbaar maak as jy 'n kerk het (bv Rundu) op een plek, en 'n kerk op 'n ander plek, en hulle kom nooit by mekaar uit nie? Waar is die Christelike omgee, versorging...ensovoorts? Hoe kry jy anders gedink (onbybels) oor 'n perikoop soos Efesiërs 4 wat sê dat die verskillende liggaamsdele mekaar saam

opbou in liefde, as dat hulle aan mekaar kan raak, met mekaar fisies te doen kan hê, dat hulle vir mekaar fisies kan sorg dra in die byeenkomste van die eredienste, in die samekomste van die bidure, in die byeenkomste van omgeegroepes, in selgroepe – hoe kry jy dit anders gedoen? Wat moet dit wees? Die Belydenis van Belhar sê dit is bedoel vir sigbare waarneming, en ons het dit nie. Ek het daarvoor min anders te sê as dat ons tans ‘n voortsetting het van iets wat nie Bybels is nie. Ons het nou al ‘n klompie jare gehoor dat ons moet omdraai van ons verkeerde weë, sodat ons die missionêre gemeenskap kan wees wat aan die wêreld wys dat Jesus die Here is. Het die NG Kerk iets daarmee te make? Hy het alles daarmee te make, ja.

Die Belhar Belydenis spreek ons gemeentes aan, spreek ons praktyk tee. Daarom is dit vir ons moeilik om dit te aanvaar. Ons wil nie ons praktyke opgee nie. Ons is gelukkig soos ons is. Ons is tevrede soos ons is. Ek sou dit oor die versoening kon sê. Ek sou dit oor die geregtigheids-eise kon sê. As jy nie vir my sien nie, en ek nie vir jou sien nie, gaan ek nie onthou dat jy in “rags en tags” loop nie. Ek gaan nie in my gemoed ontsteld wees oor dit wat ek, selfs in my onbewuste manier van doen, aan jou doen nie. As ek nie die arm mense by my sien nie, gaan ek die arm mense nie aan die bors druk en sê “Ek is vir jou verantwoordelik” nie. As ek nie toelaat dat die arm mense my vry maak van vrees vir die arm mense nie, gaan ek nie ophou om te vrees nie. As ons nie die liefdesgemeenskap gestruktureer kry nie, gaan ons aanhou om onself toe te maak met die veiligheidsheining rondom ons, want ons weet nie wat ons vir die wêreld kan sê nie. Ons is te bang vir die misdadigers en ons glo al die ander wat anders as ons lyk is misdadigers.

Ons hou nie op om die stereotipes voort te sit nie. Ons bly in ons stereotipes gevange. Ons ontwikkel ons eie klein simboliese universums, soos tente waarbinne jy sommige mense toegelaat het, en jy praat ‘n sekere taal binnekant. Om daar in te kom is amper onmoontlik. Om daaruit te breek is rebellie. Dit is muitery en jy kan nie uitkom nie. Jy kan nie ‘n groter wêreld betree nie. Jy bly in jou eie klein wêreldjie. Die Belhar Belydenis praat dit tee.

Dit is nie omdat die VGKSA is wat dit ontvang het nie. Die VGKSA het ‘n gebrekkige verkondiging gehad, maar ek dink die jongste besluite van Esselenpark is ‘n regstelling daarop. Daar het ons gesê: “Wat onself betref, sien ons kans om die Belhar Belydenis aan te bied, sonder dat daar dwang op mense gelê word. Ons verstaan ons moet die Evangelie gaan verbeeld. Ons moet dit simboliseer. Ons moet vir mense sê om nie bang te wees daarvoor nie. Onthou net, as ek na jou toe kom, het ek die Belhar Belydenis in my bloed. Ek is Belhar. As ek dit sê, dan moet ek dit leef.”

Dis die groot uitdaging vir die mense wat van die kant van die VGKSA kom. Ek dink daar is genoeg mense in die NG Kerk wat dit ook onderskryf en wat dit ondersteun. Ek dink dat ons op ‘n manier die druk afgehaal het (naamlik dat diegene wat nou inkom, ordelik daaraan gehoor moes gee). Ons het mekaar losgemaak, wat dit betref. Ek dink ook dit is noodsaaklik dat Belhar nie net op papier staan nie, maar wel ‘n belydenis van die hart is.

Die Belhar Belydenis is nie formeel deur die NG Kerk as dokument aanvaar nie. Ek dink daar is ruimte daarvoor dat die Belydenis in die belydenisbasis van die herenigde kerk opgeneem sal kan word. Maar ek is oortuig daarvan dat dit reeds 'n belydenis van die hart geword het, in die manier waarop ons met mekaar omgaan. Dit is minder op papier. Dit is meer in ons denkraamwerk en in ons gees. Dit is nou al in ons gene. Dit vind stadig, maar seker, plaas – al is dit nie as formele dokument aanvaar nie.

### **Opmerkings uit die onderhoud met dr. Johan Botha:**

- | Die Belhar Belydenis is vandag bruikbaar in terme van die ekklesiologie: die verskille tussen die dele van die NG Kerk-familie.
- | Belhar het baie waarde in ons samelewing wat neig om te verbroekel en te verbreek en waar mense téénoor mekaar te staan kom. Dit is in die hart van die Belhar Belydenis om die saak van versoening op die tafel te sit. Versoening, tussen God en ons en ook tussen ons met mekaar.
- | As ons die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en veral die NG-familieverband nie aanspreek nie, en as ons nie sê “Wys ‘n alternatief”, of “Gee vir die gemeenskap ‘n voorbeeld van ‘n versoende gemeenskap” nie, watter hoop is daar dan? Die hart van die Belhar Belydenis sit die saak van versoening op die tafel, wat ons roep om as versoendes ‘n verskil te maak in ons samelewing.
- | Belhar help ons en roep ons en sê vir ons: “Julle hereniging is nie ‘n saak van eie keuse nie, dit het ten diepste te make met die geloofwaardigheid van die boodskap wat julle verkondig. Die Evangelie se geloofwaardigheid is op die spel. As julle dit nie doen nie, hoekom moet mense glo in die versoeningskrag en die eenheidsverkondiging van die evangelie van Christus? Hoekom sal hulle in Hom glo? So, julle Here en sy Evangelie is op die spel.”
- | Belhar is van waarde vir verskeie kerke met wie die VGKSA te make het in Afrika.
- | Al drie kern-artikels van Belhar beklemtoon ons verbondenheid met mekaar as God se wil en onder die heerskappy van Christus. Ons *is* om dié rede een, of ons daarvan hou of nie, ons het dit nie gekies nie.
- | Die geloofsgemeenskap is van so ‘n aard dat ons nie deur die bril van die vlees na mekaar kyk nie, maar met die oë van Christus, en daarom moet ons samelewingstrukture wat mense uitmekaar hou, oorbrug en selfs teenstaan. Daarom is Belhar ‘n bron-dokument.
- | Mense het emosionele weerstand teen Belhar, want mense reageer teenoor hul stereotipe voor-verstaan van persone.
- | ‘n Tweede weerstand teen Belhar bestaan omdat Belhar mense se denke en leefwêreld bevraagteken het.



- | 'n Belydenis het 'n dubbele karakter: dit praat tegelykertyd in spesifieke omstandighede, maar styg ook bó die omstandigheid uit. Dit is die geval met Belhar en die Heidelbergse Kategismus.
- | Die Belhar Belydenis moet in die tyd waarbinne ons vandag leef, teen die Skrif getoets word om te bepaal of dit 'n belydenis is en of dit die Bybelse boodskap dra.

## 7.8. ONDERHOUD MET HANNES THERON 21 FEBRUARIE 2007

Dominee J P (Hannes) Theron is leraar van die Ned. Geref. Gemeente Helderberg (Wes-Kaap). Die Helderberg gemeente het die Belydenis van Belhar aanvaar as belydenis en is in gesprekke betrokke om met die VGKSA-gemeente in Somerset-Wes te verenig. Hierdie is een van die min NG Gemeentes in Suid-Afrika wat al so ver gevorder is met kerk-eenheid, en daarom is 'n onderhoud met ds. Theron ingesluit in die navorsing.

### ONDERHOUD

JAN: Wat, sou jy sê, is die waarde van die Belhar Belydenis (dalk ook binne julle proses in die gemeente)? Hierdie is 'n oop gesprek, so vertel my asseblief waaraan jy dink wanneer ek hierdie vraag vra.

HANNES THERON: Weet jy, in die eerste plek wil ek sê die Belydenis gaan nog 'n groot Belydenis vir ons self word in Suid-Afrika, en as ek sê *ons*, dan bedoel ek spesifiek die NG Kerk se wit lidmate, bloot omdat die omstandighede rondom ons verander het en omdat ons 'n baie sterk minderheidsgroep is. Ek dink dit wat aanleiding gegee het tot die Belhar Belydenis gaan ons nou al hoe meer aan ons “bas” begin voel, in 'n land waar ons voel ons word oorrompel deur 'n klomp ander mense. Daardie Belydenis, dink ek, gaan ons baie help om onself te verstaan binne die konteks van ons tyd. Kom ek gee vir jou een voorbeeld: 'n Vriend van my was op 'n stadium baie negatief oor die Belhar Belydenis en toe begin sy kinders in 'n situasie kom waar hulle werk soek en hulle kan nie werk kry nie. Een van die redes waarom hulle nie werk kry nie, is regstellende aksie. Al twee kinders sit op die oomblik in die buiteland. Hy bly hier. Daardie pa het vir die eerste keer die waarde van die Belhar Belydenis ontdek, en nou is hy 'n vurige ondersteuner van die Belhar Belydenis omdat hy sê dat hierdie Belydenis, in hierdie konteks, reg of verkeerd, hom help om dit te verstaan. Hy sien nou vir die eerste keer die waarde van die Belhar Belydenis.

JAN: Jy dink daar is iets van 'n “selfverstaan” binne sulke omstandighede wat belangrik is?

HANNES THERON: Absoluut! Dit is vir my juis die waarde van die Belhar Belydenis. Ek het baie opgelees oor die ontstaan oor die Belydenis heel aan die begin, en ek was ook teenwoordig die dag, as besoeker, toe die Belhar Belydenis aanvaar was in die sinode. Ek dink, behalwe dat die Belhar Belydenis 'n baie sterk standpunt wil maak rondom eenheid en versoening, was dit ook 'n belangrike moment vir die Sendingkerk op daardie stadium om hulleself te posisioneer oor waar hulle staan, binne 'n konteks waar hulle net voel: “maar hierdie konteks vra vir 'n antwoord vanuit die Skrif.” Trouens ek tel dit vandag nog by baie van die mense van die VGK op dat die Belhar Belydenis vir hulle gehelp het om 'n identiteit te kry. Dit is hoekom ons so sukkel in ons gesprekke met hulle, want hulle gee geweldige emosionele waarde aan die Belydenis, deels as gevolg van die inhoud van die Belydenis, maar ek dink meer as gevolg van die emosionele inhoud daarvan, want dit het vir hulle gehelp om hulleself te posisioneer en te verstaan binne die konteks van ons land.

JAN: Waar behoort 'n gelowige te staan binne sulke omstandighede waarin hy verdruk of veronreg voel?

HANNES THERON: Kyk, ek het groot respek daarvoor, en ek dink ons ouens het dit nooit verstaan nie. Die Wêreldraad van Kerke se besluit het ongelukkig nie die NG kerk mense baie gehelp om die Belhar Belydenis se konteks te verstaan nie. Hulle uitspraak dat ons [die NG Kerk] kettery beoefen met apartheid, het ongelukkig aan die Belhar Belydenis betekenis gegee wat hy nooit wou wees nie. Die Belhar Belydenis het nooit na apartheid gewys nie. Dit gaan oor hoe ek as Christen my inspan, in 'n situasie waarin ek voel dat ek my weer opnuut moet verantwoord wie God is, wat eenheid is, wat versoening is en wat geregtigheid is. Dit geld eintlik vir enige konteks. Ek maak geen geheim daarvan, as ek na al ons Belydenisskrifte kyk, dat die Belhar Belydenis vir my die meeste betekenis het, omdat dit iets is waarmee ek regtig kan identifiseer. Dit is kontekstueel, en dit help my ook verstaan wat my taak en rol as gelowige nou is. Die ander Belydenisskrifte is ook vir my belangrik, maar het nie dieselfde emosionele waarde vir my nie.

JAN: Wat bedoel en verstaan jy onder “kontekstueel”?

HANNES THERON: Dit is iets waarmee ek kan identifiseer wat vir my help in die konteks waarin ek staan, om te verstaan hoe ons oor geregtigheid en versoening moet dink. Ek was deel van die “struggle”-tydperk, maar ek het meer aan die wit kant van die “struggle”-tydperk gestaan en ek het dit op 'n ander manier aan my bas gevoel. Ek was in vergaderings en ek het net gevoel: “maar dit kan nie meer so aangaan en wees nie.” Vandag nog is ons groot ongemak met die Belhar Belydenis dat ons gekonfronteer word met 'n stuk werklikheid waarmee ons nie graag gekonfronteer wil word nie. Dit is vir ons sleg. Die grootste weerstand teenoor die Belhar Belydenis is juis die sinsnede: “...dat God op 'n besondere manier aan die kant van die verontregte staan...” Hoekom pla dit ons nog? Ek dink dit is emosioneel, want dit maak ons ongemaklik. Ons

weet dit is eintlik waar, maar ons ongemak maak dat ons in opstand daarteen kom - en ek kan dit verstaan as ongemak ons dryfveer is - maar teologies kan jy nie daarvan verskil nie.

JAN: Sal 'n mens vir mense sê dat jy die twee goed miskien 'n bietjie uitmekaar uit moet haal?

HANNES THERON: Ja, ek doen dit ook gereeld. Ons het juis met die eenheidsprosesse waarmee ons nou besig is, gevind dat dit nogal baie help om vir mense dit te sê. Die VGK of destydse Sendingkerk het nog nooit die NG Kerk van kettery beskuldig nie. Dis nogal vir baie mense 'n verrassing. In daardie tyd het dit gegaan oor Boesak, het dit gegaan oor Ottawa en dit het gegaan oor die Sendingkerk.

JAN: Het jy baie kontak met Alan Boesak?

HANNES THERON: Ja, baie, trouens ek bly baie naby aan hom. Ons sien mekaar deesdae gereeld in vergaderings.

JAN: Het Alan Boesak 'n groot betrokkenheid by die ontstaan van die Belhar Belydenis gehad?

HANNES THERON: Daar is baie mense wat die Belhar Belydenis net aan hom koppel. Ons weet vandag dat hy nie deel was van die formulering nie, maar hy was teenwoordig. Die Belhar Belydenis was grotendeels geskryf deur Dirkie Smit, Jaap Durand, Gerrit Cloete, Gustav Bam. Daar was 'n paar ouens wat 'n groot rol gespeel het en dat Alan Boesak wel 'n groot rol gespeel het in hierdie Belydenisvergadering is verseker. Ek dink baie dat sy aanvanklike optrede, deurdat hy homself uitgespreek het dat die kerk iets moet sê, toe op die ou einde 'n Belydenisskrif geword het.

JAN: Was jy by die 1982 of 1986 vergadering?

HANNES THERON: Ek was by die 1986 vergadering. By die 1982 vergadering was ek destyds by Youngsfield met dienspelig in die weermag en daar het ek kontak gehad met die Broederkring. Die Broederkring het 'n groot rol gespeel. Dit was 'n klomp NGSK dominees wat bymekaar gekom het en oor hierdie goed gepraat het en dit is ook waar dit sy ontstaan gehad het. Ons het op daardie stadium van die NG Kerk kant af met dominees, wat liberaal was, in vergaderings gegaan - juis met mense soos Alan Boesak. Op daardie stadium was dit nog 'n groot "sonde" as jy dit gedoen het, maar dit was 'n ongelooflike dag in 1986 toe hulle die Belhar Belydenis aanvaar het as Belydenisskrif.

JAN: Wat het vir jou op daardie dag in 1986 uitgestaan?

HANNES THERON: Die feit dat die Belhar Belydenis aan die NG Sendingkerk 'n geweldige identiteit gegee het, en ek dink dit is vir my hartseer dat ons as NG Kerk dit elke keer misgekyk het dat hierdie belydenis vir hulle geweldig kosbaar is. Dit is iets wat uit hulle nood gebore is en ek dink hulle het 'n kosbare dokument vasgevang. By die laaste sinodesitting het een van die VGK-lidmate vir die vergadering gesê: “ons het nie baie om te bied nie, ons het nie 'n klomp fasiliteite nie, ons het nie 'n klomp kundigheid soos julle nie, maar ons het een ding wat vir ons baie spesiaal is, en dit is die Belhar Belydenis, en dan behandel julle dit asof dit niks is nie.” Dit is vir my hartseer as ek sien hoe sommige NG predikante en lidmate omgaan daarmee so asof dit maar net ietsie toevallig is. Dit is nie. Dit is baie belangrik vir hulle. Dit wat ek nou sê is nie baie gewild nie. In die hele eenheidsgesprek tans het Alan Boesak gesê dat daar nie 'n voorwaarde is dat die Belhar Belydenis aangeneem hoef te word nie, maar aan die een kant is ek baie jammer daarvoor. Ek sal ontsettend opgewonde wees as die NG Kerk sê ons aanvaar die Belhar Belydenis ook as ons Belydenis en word vir hom lief omdat ons weet dat hy kosbaar is vir die VG Kerk.

JAN: Dit lyk vir my asof die herenigingsproses en die aanvaarding van die Belhar Belydenis al meer van mekaar geskei word.

HANNES THERON: Jy is reg. Daar is baie faktore wat dit verskriklik moeilik maak vir ons. Ek dink ons gaan al hoe meer beweeg in 'n rigting van 'n assosiasie netwerk-benadering en ek dink dit is ons tydgees ook. Jy moet dit in gedagte hou. Ek dink wat die kerk sal moet leer is dat geen twee kerke meer eenders dink nie, en ons sal daarvoor moet ruimte maak. Ek dink 'n groot uitdaging vir ons in die toekoms oor kerk-eenheid is om selfs met kerke wat totaal anders werk, ook te kan saamwerk. In Kaapstad het ons in Stellenbosch 'n gemeente wat 'n ou AGS-gemeente was (wat hul nou losgemaak het van die AGS-kerk) wat nou 'n behoefte het om saam met die NG Kerk in assosiasie te gaan, maar tans maak ons strukture dit nie moontlik nie.

JAN: Hierdie strukture kom, soos ek dit nog verstaan, uit die 1816 Kerkformulering en Kerkorde, maar ons het darem nou al aan beweeg in tyd en selfs teologies.

HANNES THERON: Dit is nou ons grootste uitdaging in vandag se tyd om tussen spanninge te oorleef. Ons moet mekaar juis ontmoet en vind rondom ons belydenisskrifte, maar terselfdertyd moet ons ook vir mekaar sê: “Wat maak ons nou met gelowiges wat baie sterk voel oor hoe ons dink, maar oor sekere aspekte van ons Belydenisskrifte baie van ons verskil?” Wat maak jy nou met hulle? Rondom die doop byvoorbeeld, of die tydsgeses waarin ons is. Ek kry net al meer die gevoel dat dit vir lidmate nie meer so saak maak nie. 'n Kerkorde is per definisie altyd agter, want daar is nou 'n geweldige beweging en ek dink mens moet daarvoor ruimte maak. Ek dink die sleg gaan net wees as die kerkorde die hele tyd nou net alles gaan beheer en kontroleer. Ek is absoluut ten gunste daarvoor dat die veranderings en die energie wat loskom in 'n nuwe tyd verreken moet word in jou kerkorde. Ek dink ook dat daar nie 'n manier is dat ons hierdie

ekumeniese golf gaan keer nie. Ek werk op hierdie stadium baie lekkerder saam met kerke van 'n meer breë spektrum as sommige van ons eie NG Kerke.

### **Opmerkings uit die onderhoud met ds. Hannes Theron:**

- | Die Belhar Belydenis se waarde gaan toeneem vir die NG Kerk se wit lidmate, bloot omdat die omstandighede rondom hulle verander het en omdat hulle 'n baie sterk minderheidsgroep is in Suid-Afrika. Die omstandighede vir hierdie lidmate begin in baie opsigte ooreenstem met die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Belhar Belydenis.
- | Die Belhar Belydenis was 'n belangrike moment vir die Sendingkerk om hulleself te posisioneer oor waar hulle staan, binne 'n konteks waar hulle net voel: “maar hierdie konteks vra vir 'n antwoord vanuit die Skrif.” Die Belhar Belydenis het vir baie van die mense van die VGKSA gehelp het om 'n identiteit te kry. Dit is die emosionele (simboliese) waarde van Belhar.
- | Die uitspraak dat die NG Kerk kettery beoefen met apartheid, het ongelukkig aan die Belhar Belydenis 'n ander betekenis gegee as wat dit bedoel was om te wees. Belhar gaan eintlik oor 'n Christen se uitdrukking van eenheid, versoening en geregtigheid binne moeilike omstandighede.
- | Die grootste weerstand teenoor die Belhar Belydenis kom uit die vierde Artikel oor ongeregtheid in die samelewing, waarskynlik omdat dit mense ongemaklik maak. Dit wys op die emosionele (simboliese) waarde van Belhar.
- | Dr. Alan Boesak was nie deel van die span wat die Belhar Belydenis opgestel het nie, maar hy het 'n belangrike rol in die totstandkoming daarvan gespeel.
- | Die Belhar Belydenis het aan die NG Sendingkerk 'n geweldige identiteit gegee en daarom is dit 'n baie belangrike dokument vir die VGKSA. Dit is iets wat nie altyd erkenning kry in die NG Kerk nie.
- | Binne die tydsgees waarin ons leef, is die kerkorde nie die enigste manier waarop eenheid in die NG Kerk-familie, en selfs eenheid met ander kerke uitgeleef kan word nie. Daar is ook die moontlikhede van samewerking, assosiasie en vennootskappe. Die kerkorde bied min ruimte vir hierdie tipe benaderings.

### **7.9. ONDERHOUD MET PROFESSOR NICO KOOPMAN 21 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. Nico Koopman op 21 Februarie 2007. Professor Nico Koopman is dosent in Sistematiese Teologie and Ekklesiologie by die Universiteit van Stellenbosch, asook direkteur van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie. Hy is 'n lidmaat van die VGKSA en die aard van sy doseerwerk en veral sy betrokkenheid by die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, maak hom 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud.

## ONDERHOUD

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir u self, vir u kerk en dan kan ek miskien idees kry oor die waarde vir die NG Kerk?

NICO KOOPMAN: As 'n mens kyk hoe die Belhar Belydenis ontstaan het, sal 'n mens beseef wat dit vir die VGKSA beteken. Toe dit nog NG Sendingkerk was in 1982, het Gustav Bam gesê: “As jy sê jy is in 'n *staat van belydenis* en die wese van die Evangelie word bedreig dan moet jy positief ook bely”, en die voorstel is aanvaar dat die Belhar Belydenis opgestel moet word. Daar is aan die kommissie wat die Belhar Belydenis opgestel het, gesê: “Ons moet gewoon gaan neerskryf wat die Sendingkerk se lidmate glo.” Toe het hulle daar besin in daardie kleingroep: Wat is die dinge wat die Sendingkerk glo?

As jy nou na die “anties” toe stap daar in die Paarl of in die Noord-Kaap en jy vra vir hulle wat glo hulle, sal jy hoor dit is die dinge wat nou verwoord is die Belhar Belydenis. Die aanhef wat praat oor geloof in God wat sy kerk roep, versamel, en versorg; artikel een oor eenheid; artikel twee oor versoening; artikel drie oor geregtigheid; en die slot: lojaliteit teenoor Jesus Christus as die Here, gehoorsaamheid aan Hom, die rustigheid en vertroue in hierdie Een wat op die troon sit as die Here. Dít is wat die lidmate glo.

In 'n sin is dít die waarde: dat Belhar 'n geleefde geloof artikuleer. My ervaring is ook so, dat wanneer NG Kerk lidmate dit vir die eerste keer hoor, dan vind dit soveel instemming by mense. Mense vind onmiddelik aanklank daarby. Belhar is waardevol want dit artikuleer nie iets wat vreemd is vir mense nie, wel die geloof waarmee hulle opgegroeï het - dit is die goed waarmee ek grootgeword het. Dit is tog die Evangelie hierdie.

Ek was 'n finalejaar student toe Belhar finaal aanvaar was, en deur my studentejare het Belhar my gehelp teen apartheid, én toe ek nog predikant ook was, kon jy gesê het, hier is teologiese rigtingwysers. As ons sê apartheid is verkeerd, dan sê ons dit uit die diepte van God se Woord, en as ons nou in 'n nuwe konteks moet bou aan 'n nuwe land, dan gee Belhar vir jou teologiese riglyne. In hierdie nuwe land wil ons graag sien dat ons leef in eenheid en versoening en geregtigheid met mekaar. Belhar gee vir ons 'n teologiese raamwerk en dit maak dit so waardevol. Ek dink ons moet nog baie dink en skryf oor die teologie van Belhar, die etiese implikasies, ensovoorts.

Die konferensie wat ons saam met die Duitsers in Barmen gehou het in 2004, het juis die tema gehad: “Confessing and embodying Belhar and Barmen today.” Dit het gegaan oor hóé bely jy Belhar vandag, en hóé beliggaam jy Belhar vandag. Ek dink daar kan baie insigte daaruit kom.

Ek het nou-die-dag gepraat by die teologiese dag waar die tema “Kerkhereniging” was, en die “Publieke betekenis van kerkhereniging”, en dit was vir my amper vanselfsprekend dat waar die NG Kerk familie sogenaamd praat oor kerkhereniging en hulle vra: “Wat is die publieke betekenis hiervan?”, gee Belhar vir ons ook riglyne. So, vir teologiese besinning, vir nadenke oor die kerk se publieke getuienis, gee Belhar vir ons soveel stof tot nadenke.

By daardie geleentheid het ek net gesê: die Eenheid is belangrik (Artikel 2). Eenheid beteken dan: ons is een van siel en sin, ons deel saam die gesindheid van Christus, dink soos Christus, voel soos Christus, wil en begeer soos Christus. Eenheid beteken ons leef uit simpatie met mekaar, deel in mekaar se vreugde, deel in mekaar se leed, maar daardie simpatie groei uit empatie. Ons klim in mekaar se velle, maar dit is eintlik wat David W Augsburg<sup>1</sup> in Amerika genoem het “interpatie”. Dit is om oor kleurgrense heen, en oor allerlei ander grense heen, in mekaar se “velle in te klim”. So, die eenheid wat ons in die oog het, is 'n eenheid in nabyheid, dit is 'n eenheid wat groei uit interpatie en empatie wat uiteindelik 'n ware simpatie en ware solidariteit oor grense heen beteken.

As jy sê jy het al daardie dinge, dan praat ek makliker oor “Affirmative Action”. Ons praat nie oor 'n afstand nie, ons skel nie mekaar deur koerante nie, ons sit bymekaar, ons leer ken mekaar se pyn. Oor allerlei grense heen kan ons sê: ons werk beter vir geregtigheid, ons beveg rassisme beter, asook homofobie en alles wat in die weg van versoening staan. Belhar, wat dan juis praat van versoening en geregtigheid, sê vir ons as ons een word kan ons hierdie sake meer konstruktief aanspreek in ons land as wat ons huidiglik doen. Ek dink Belhar gee vir ons 'n skitterende sosiale etiek, 'n skitterende publieke teologie en dan wil ek dit beklemtoon, die idee wat die teologie deur Belhar ten diepste vir ons wil sê ('n belydenis wil tog vir God eer en Belhar leer nie net baie lesse vir ons van die kerk nie, maar spesifiek ook oor God): Belhar help ons om ietsie meer van God se hartklop te verstaan. Belhar help ook vir ons in die ontwikkeling van goeie publieke teologie.

JAN: As jy nou so praat, dan dink ek daaraan dat mense soms vra: “Is Belhar dan nie net 'n historiese dokument nie? Hy het tog reggekry wat hy wou en apartheid is nou verby.” Maar soos u nou praat is daar 'n Christelike- of 'n geloofshoop of droom opgesluit in Belhar wat ons nog nie naastenby by uitgekom het nie. Sou u sê dat 'n deel wat Belhar wou bereik, klaar afgehandel is, of is ons nog besig daarmee?

NICO KOOPMAN: Een ding wat ons moet beklemtoon is dat Belhar in die apartheids-konteks ontstaan het, maar Belhar is nie beperk tot apartheid nie. Trouens die woordjie apartheid kom nie voor in die Belhar Belydenis nie. Belhar, soos wat 'n belydenis moet doen, kan nie tydgebonde wees nie. Ja, hy ontstaan in 'n bepaalde periode, maar hy is nie net beperk tot daardie periode

---

<sup>1</sup> David W. Augsburg is professor in pastorale berading in die *Associated Mennonite Biblical Seminaries*, Elkhart, Indiana. Hy onderskei tussen empatie, simpatie en interpatie.

nie. Hy het tog geldingskrag buite die periode waarin hy opgestel word. Belhar is in 'n situasie van aanvegting van geloof opgestel, maar dit het nie net geldingskrag in daardie spesifieke situasie nie. Telkens wanneer die geloof aangeveg word, kan ons hom opsê.

Ons kan sê hy het in dáárdie situasie ontstaan, jy weet, waar Allan Boesak sê: “n Jong dominee is in die Paarl in die laat sestigerjare en gedwonge verskuiwings word toegepas en dan staan hy buitekant 'n huis in 'n area wat nou nuut Wit Paarl geword het, en daardie bruin antie staan en sy sien hoe haar meubels uit haar huis uitgedra word, en hy as jong domineetje moet staan en sy vra vir hom: dominee nou moet jy vir my sê: Wat sê die Here hiervan? Dan wil Belhar vir hom sê dat God nie die God van ongeregtigheid is nie. Hy is die God wat in die besonder staan by die veronregte.”

Dáárdie tyd was dit die antie in die Paarl, maar vandag is dit dalk die mens wat VIGS het wat nie behandeling kry nie, nie versoring kry nie. Hy moet weet God staan ook by hom in sy nood. In elke situasie waar onreg geskied, waar versoening nie plaasvind nie, waar eenheid nie gedien word nie, daar getuig Belhar luid. Dit is nie beperk tot apartheid nie. Vir die uitdagings wat ons in die gesig staar - daar is so baie geweld en misdaad in die land - Belhar het 'n woord daaroor. Ons moet dit ontdek en ons moet dit duidelik artikuleer. Oor armoede wat toeneem, oor die groeiende kloof tussen ryk en arm, oor die swart bemagtiging - vir al daardie goed het Belhar 'n woord. Ek dink ons moet eintlik baie skaam wees dat ons nie genoegsaam profeties saampraat nie.

Ek dink ons moet nou, ná apartheid, ons visie duidelik uitspel. Maar ons moet ook verder gaan en ons moet vra: hoe kan hierdie visie vandag beliggaam word? Hoe bou ons nou geregtigheid konkreet? Hoe werk ons saam met mense in die burgerlike samelewing, in politieke omstandighede? Hoe werk ons met die besigheidsektor saam om hierdie visie te beliggaam? Dit is ons verantwoordelikheid en Belhar gee nie hiervoor 'n bloudruk nie, maar Belhar voorsien vir ons 'n visie. Ons moet baie hard werk daaraan om gesprekke te kry, om te help dat daar besluite gemaak word, beleid geformuleer word, prosedures in plek kom, om te help dat die visie beliggaam word.

JAN: Dit lyk asof Belhar nie net 'n dokument vir die kerk is nie, vir Christene ondermekaar nie, maar dit is ook 'n dokument wat wil hê dat die kerk se invloed moet oorspoel in die samelewing. Is dit nie 'n baie moeilike, amper 'n onmoontlik proses, as ons sien dat die eenwordingsproses in die kerk nog nie regtig plaasgevind het tussen die NG Kerk en VGKSA nie?

NICO KOOPMAN: Dit is eintlik hartseer dat dit so is wat jy nou daar noem. Ons kan soveel kragtiger werk in die samelewing, en getuig in die samelewing, saam werk, as ons dit doen as 'n verenigde kerk, maar dit is belemmerend dat ons nog verdeeld is. Wat ek egter oordeel ons moet doen is om te sê: dit is én-én. Ons moet werk aan ons interne verenigingsprosesse, maar ons kan



nie wag dat dit eers voltooi is, voordat ons voortgaan om ook in die publiek 'n getuienis te probeer lewer en 'n konkrete betrokkenheid te vergestalt nie. Ons moet beide doen, en ek dink juis die betrokkenheid na buite kan die interne prosesse stimuleer. Ons moet ook saam getuig en ek dink dit is maar 'n geval dat ons moet werk aan die interne eenheid en eenwording, maar ook saam aandag skenk aan ons sosiale en sosiaal-etiese verhouding in die samelewing. Dié goed sal hopelik op mekaar impakteer en vir ons vorentoe help om te vorder met eenwording en ook met ons publieke getuienis.

JAN: 'n Mens sou dit ook as 'n belangrike waarde van die Belhar Belydenis kon sien dat dit vir die NG Kerk saam met alle ander kerke in Suid-Afrika, wat die Belydenis as 'n konfessie hanteer, eintlik dieselfde plan van aksie gee, om 'n invloed of getuienis in die land te hê. Ek dink maar nou in terme van missionêre waarde. Ons as kerke kan op dieselfde manier te werk gaan om 'n verskil te maak in die land deur die Belhar Belydenis as ons werkswyse te ontwikkel.

NICO KOOPMAN: Belhar gee vir ons 'n goeie raamwerk. Ons konferensie wou drie jaar gelede juis sê dat ons Belhar nuut moet bely. Ek dink dit is belangrik dat 'n mens vra: “Wat is sy waarde?”, “Wat is sy implikasies?”, “Wat is sy sosiale betekenis?”, “Wat is sy etiese betekenis?”, maar jy moet ook vra “Wat beteken dit om hom saam te bely vandag en om hom saam te beliggaam?” Daaruit vloei al hierdie wonderlike mooi implikasies. Dit beteken dan dat ons saam kan aanbid, saam kan glo, saam getrou aan ons roeping probeer lewe, dat ons ook saam oor grense heen lewe as God se kinders. Dit sou beteken dat ons as kerke saam hierdie Belydenis ons eie maak, saam bely, elke keer nuut bely. Ek meen Belhar kan ons baie help.

JAN: Ek dink ook dit is 'n baie waardevolle dokument. Die groot weerstand wat ek beleef in die NG Kerk is meer 'n emosionele weerstand. Ek was nie deur daardie tyd nie. Daardie tyd was ek nog op skool en ek was nie soseer betrokke by politieke gesprekke nie. Ek het nie heeltemal dieselfde konnotasies daaraan nie, soos sommige van ons ouer lidmate ervaar, wat sê “As daardie dokument in ons kerk inkom, dan loop ek uit die kerk uit.” Ek lees die dokument, en as ek kyk na die teks en die begeleidende brief, dan verstaan ek nie waar die beswaar teen die dokument is nie. Dit voel vir my dat sommige lidmate nie eers weet wat in die Belydenis staan nie, maar reeds klaar beswaar aanteken, voordat hul gekyk het na die inhoud – terwyl dit vir my lyk dat Belhar 'n baie belangrike en kosbare dokument vir die mense in die VGKSA is. Hoe nou gemaak in so 'n situasie waar daar so baie negatiewe en baie positiewe gevoelens oor 'n dokument is? Het u al daaroor gedink, en daaroor gesels?

NICO KOOPMAN: Ek dink dit is 'n sleutelvraag met die oog op die hereniging. Dit is so dat die VGKSA mense oor die algemeen, nie in 'n nuwe kerk sal ingaan waarvan die Belhar Belydenis nie deel is nie, want die dokument is so 'n belangrike deel van hoe jy jou identiteit as Christen probeer artikuleer. Jy moet ook kan vra: “Wil ons hê dat almal Belhar as Belydenis aanvaar of wil ons hê

almal moet Belhar se Visie uiteindelik dien?” Gaan dit oor die status, of gaan dit oor die inhoud? As mense uiteindelik hulle verbind om die inhoud te belliggaam, dan moet ons ook 'n opening hiervoor gee. Daarom dink ek die VGK het ver beweeg om te sê ons sal een word. Laat Belhar deel van die Belydenis van 'n nuwe kerk vorm, maar ons gee ruimte vir lidmate van kerke wat saam een word, wat dit nie onderskryf nie. Ons kan dus 'n situasie hê waar ons 'n poel van belydenisse in 'n nuwe kerk het. Sommige lidmate verbind hulle tot al vier, ander sê: “Nee, ek kan my net tot drie verbind.” Ons gee so ruimte in hierdie nuwe kerk. Mense leer mekaar ken en praat oor Belhar. Die resepsie van Belhar kan oor dekades heen groei. Dalk het ons 'n situasie later dat mense sê: “Ek het 'n probleem gehad, maar dit het nou verdwyn.”

Toe ons die Belhar Belydenis moes aanvaar het, het ons óók mense gehad wat dit nie aanvaar het nie, maar ons het nie 'n geweer teen hul kop gedruk om dit te aanvaar nie. Daar was nie tyd gekoppel daaraan om die Belydenis te aanvaar nie, daar is 'n resepsie-periode gegee waartydens mense dit kon oorweeg. Daar was nie dreigemente dat as jy dit nie na 10 jaar aanvaar nie, dan waai jy uit die kerk uit nie. Almal, tot die dominees wat aanvanklik weerstand gehad het daarteen, het dit uiteindelik aanvaar.

Wanneer ons kerke dan nuut en een word, moet ons die nie-teologiese faktore wat 'n weerstand by mense bring, uit die weg ruim. Daar is baie NG mense wat dit wil aanvaar, maar daar is ook 'n beduidende klomp mense wat dit nie wil aanvaar nie - hoofsaaklik dan vanweë die sogenaamde “nie-teologiese redes”. 'n Mens moet hulle ook tyd en kans gee om dit te aanvaar. 'n Mens moet vir mekaar sê dat dit moontlik is om in 'n nuwe kerk saam te leef, met 'n poel van belydenisse. Mense het verskillende vlakke van verbintnisse aan die status daarvan. Ek het nogal die vermoede dat daar nie veel mense gaan wees wat met Belhar se inhoud 'n probleem gaan hê nie, maar eerder met die status. So, kom ons gee ruimte en tyd daarvoor. So dien ons die gees en die intensie van Belhar. Dit sou vir my 'n bietjie teen die intensie van Belhar wees as ons die aanvaarding van Belhar se status as belydenis deur almal as 'n absolute voorwaarde stel.

JAN: Is dit nie 'n afwyking of meer gematigde standpunt as wat daar drie tot vier jaar gelede was nie?

NICO KOOPMAN: Ja, ek dink so. Die VGKSA het, om die herenigingsproses te dien, regtig sterker tegemoetkomende skuiwe gemaak. Ons het gesê: “Hoe dien ons die intensie van Belhar? Dien ons die intensie ten beste as ons veg dat ons Belhar se status as belydenis aanvaar? Of dien ons dit ten beste as ons die saad waarvoor Belhar staan te aanvaar? As jy laasgenoemde wil dien, al aanvaar jy Belhar nie as Belydenis nie, dan gaan ons met jou saam.” Dit is die VGKSA, soos ek dit interpreteer, se amptelike posisie op die huidige oomblik.

### Opmerkings uit die onderhoud met professor Nico Koopman:

- | Die Belhar Belydenis is 'n uitdrukking van die geloof wat in die harte van mense van die NGSK geleef het (en nog steeds leef). Hulle het dit nie by ander gehoor nie, hulle het met daardie geloof grootgeword.
- | Die Belhar Belydenis gee teologiese rigtingwysers uit die Woord van God. Dit het gegeld vir apartheid en geld ook nou in 'n nuwe konteks, waar daar gebou word aan 'n nuwe land waar mense kan leef in eenheid en versoening en geregtigheid met mekaar.
- | Die Eenheid is belangrik (Artikel 1). Eenheid beteken om een van siel en sin te wees, om saam die gesindheid van Christus te deel, om te dink soos Christus, te voel soos Christus, te wil en te begeer soos Christus. Eenheid beteken om uit simpatie met mekaar te leef, om in mekaar se vreugde te deel, in mekaar se leed te deel uit empatie.
- | Belhar, wat praat van versoening en geregtigheid, sê dat as die NG Kerk een word, aktuele knelpunte meer konstruktief aangespreek kan word in Suid-Afrika as wat huidiglik gedoen word.
- | Belhar, soos wat 'n belydenis moet doen, is nie tydgebonde nie. Dit het ontstaan in 'n bepaalde periode, maar is nie net tot daardie periode beperk nie. Dit het geldingskrag buite die periode waarin dit opgestel is.
- | Belhar voorsien 'n visie. Daar moet baie hard gewerk word om gesprekke te kry, om te help dat daar besluite gemaak word, beleid geformuleer word, prosedures in plek kom, om te help dat die visie beliggaam word.
- | Die NG Kerk kan soveel kragtiger werk in die samelewing, en getuig in die samelewing, saam werk, as dit gedoen word as 'n verenigde kerk. Terwyl dit nog nie die geval is nie, moet gewerk word aan die interne verenigingsprosesse, asook voortgegaan word om in die publiek 'n getuienis te probeer lewer en 'n konkrete betrokkenheid te vergestalt.
- | Belhar gee 'n goeie raamwerk vir die familie van NG Kerke vir gesamentlike belydenis, getuienis en aksie.
- | Omdat die visie van Belhar belangriker is as die aanvaarding daarvan (as belydenis), het die VGKSA al verder gegaan en vra dat daar eenwording plaasvind, al aanvaar almal nie vir Belhar as belydenis nie.
- | Hierdie benadering is 'n meer tegemoetkomende standpunt binne die VGKSA.

#### **7.10. ONDERHOUD MET DS. PIETER GROVE 22 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met ds. Pieter Grove op 22 Februarie 2007. Dominee Grove is in diens van *Communitas* (voorheen BUVTON), waar hy verantwoordelik is vir die Armoede Projek. Dominee Grove is bekend met die toepassing van beginsels van die Belhar Belydenis op die praktyk van die bekamping van armoede. Hy is lidmaat van die VGKSA en is aanbeveel deur dr. Coenie Burger. Daarom is ds. Grove beskou as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud.

## ONDERHOUD

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir uself, en u kerk? Wat sou u sê kan die waarde wees vir die NG Kerk?

PIETER GROVE: Daar is baie elemente in Belhar. Sy waarde is nie tydgebonde nie, dit wil sê, dit kom nie bloot uit die omstandighede waarin dit opgestel is nie, maar dit is die inhoud wat sy volle waarde gee: die klousules van eenheid, versoening, geregtigheid. Ek dink dit verwoord in 'n groot mate die uitdagings van ons tyd en seker nog baie tye wat kom. In elke gemeenskap ontstaan die kritieke uitdaging: hoe verkondig en lewe ons die vraagstuk van versoening - wat is die aard van versoening - waarna ons strew? Hoe affekteer dit ons identiteit as Christene? Hoe definieer dit die kerk?

Tweedens, die versoeningsklousules en ekumeniese sleutel - die ander dinge vloei daaruit. Eenheid byvoorbeeld: hoe kry die versoening gestalte in die manier waarop ons lewe en met mekaar omgaan, ons verhoudinge, die strukture wat ons skep, en dan dink ek dat ware versoening nie losgemaak kan word van die vraagstuk van geregtigheid nie. In elk geval, spesifiek, om diegene te ondersteun wat in omstandighede van gebrokenheid is, mense wat gebrek het aan baie lewensmiddele, of bloot aan menswaardigheid. So, as jy vir my vra na die waarde van Belhar, dan lê dit vir my daarin dat dit op 'n heldere wyse, op 'n kontemporêre wyse, eeu oue Bybelse waarhede verwoord. Dit roep die kerk terug na daardie sentrale waarhede. Onthou die rede waarom dit 'n belydenis is en nie 'n verklaring nie. Ons professore, wat deel gehad het aan die opstelling van Belhar, het daardie vraag gevra: Waarom 'n belydenis, waarom nie 'n verklaring nie?

Byvoorbeeld, waar verskil dit met die Kairos-dokument wat 'n verklaring was, wat uit 'n politieke konteks baie sterk navore gekom het? Die Belydenis van Belhar is 'n belydenis omdat dit te doen het met die sentrale waarhede van die Skrif. Dit sluit direk aan by die Apostoliese Geloofbelydenis, en veral die aspek van die eenheid van die kerk en ons versoening in Christus.

JAN: So, dit gaan oor kernwaarhede van die Skrif, en die Skrif staan absoluut sentraal.

PIETER GROVE: 'n Belydenis is tog niks anders as 'n nawoord nie, 'n tweede woord oor wat die Skrif sê. Die Belydenis van Belhar is ondergeskik aan die Skrif. Dit is 'n belydenis omdat dit in ooreenstemming is met die Skrif.

JAN: Bogenoemde het nou belangrike goed verwoord en belig van daardie tyd. Die land het nou verander. Is die Belydenis nog belangrik vir 'n kerk soos die NG Kerk? "Is dit nie nou te laat om daaraan aandag te gee nie?", sal baie mense vra.

PIETER GROVE: Dit is presies wat ek sê. Die verskil tussen 'n belydenis en 'n verklaring is: 'n verklaring is 'n teksgebonde saak; 'n belydenis, omdat dit sentrale waarhede verwoord, het 'n sekere tydloosheid. As ons vandag na die Drie Formuliere van Eenheid toe gaan, en ons lees dit reg, is dit asof dit gister gesê is. Elke belydenis het 'n aspek van tydsgebondenheid, want hy kom op uit 'n sekere situasie van konflik, maar elke ware belydenis is ook 'n belydenis wat daardie omstandighede transendeer, omdat dit juis aanklank vind by die ewige waarheid van die Woord, en dit probeer uitdruk. Daarom is dit toepaslik vir verskeie tye en verskeie omstandighede.

Hier is 'n voorbeeld. 'n Besoeker van die kerk van Skotland kom praat destyds met die sinode van die Sendingkerk en sê: “Hierdie selfde belydenis word gehoor in Belfast, net soos hy gehoor word in Belhar, en hy kan gehoor word in Jerusalem, Kosovo, Rwanda, Sri Lanka of selfs Korea.” Oral waar die oeroue menslike gebrek aan ware versoening tot sy reg kom, daar is hy toepaslik. Maar dit is nie net so met die versoeningsaspek nie, dit is ook so met die eenheidsaspek en die geregtigheidsaspek.

Daar is 'n baie besondere manier waarop Belhar praat oor geregtigheid, en dit is dat ons God op 'n sekere manier moet verstaan - hoegenaamd nie dat God eksklusief vir die armes is nie, maar dat God 'n sekere partydigheid het vir diegene wat verdruk is, wat in armoede is, wat in lyding verkeer - die hele Bybel is vol daarvan. God staan in 'n besondere wyse aan die kant van die armes, sê die Woord, en sê Belhar. Dit is niks anders as 'n ander kyk na die Bybel nie.

Ek praat met 'n evangeliese persoon wat vir 'n organisasie met die naam van “Mercy Ministries” in Kosovo (destydse Joegoeslawië) en Rwanda gewerk het. Toe ek hom vertel van Belhar, was hy verstom oor hoe aktueel hierdie belydenis is, want dieselfde verskeurdheid, kulturele verdeling was daar teenwoordig. Onthou, die Noorde van Joegoe-Slawië was Katoliek en die Ooste is Ortodoks. Hoe verdiep en verhard verskillende tradisies tot op die punt waar dit selfs geweld veroorsaak tussen gelowiges? Nou praat ons nie eens oor Bosnië nie.

JAN: Waarin ek nou baie in belangstel, wat ek graag sal wil weet, in terme van arm gemeentes: Is die Belhar Belydenis daar ter sprake?

PIETER GROVE: Dit is waar die geregtigheidsaspek baie sterk na vore kom, maar ook waar die versoeningsaspek na vore kom. Die armoede kan nie alleen deur armes aangespreek word nie, dit moet deur die breë samelewing, deur gelowiges gesamentlik, aangespreek word. Ek werk byvoorbeeld met die NG Kerk en die VGKSA gemeentes, en ek probeer juis armoede aanspreek deur dié twee [kerke] saam te bring. Die motivering daaragter is my teologiese verstaan van die kerk wat 'vir mekaar' sorg dra. Die een sê nie: “Ek doen die een ding, en jy doen die ander ding”

nie. Ons strewre saam. Belhar probeer daardie bewussyn en oortuiging anker dat ons vir mekaar moet sorg dra. Dit kom baie sterk deur.

Baie keer is armes die slagoffers van sisteme - dit is nie die mense se bewustelike bedoeling nie, maar die wyse waarop die samelewing georganiseer is - en Belhar spreek dit aan. Dit is nie net die bewuste bedoeling, verstaan of benadering van mense nie, maar dit is ook die wyse waarop dit in wetgewing en in strukture grondgevat het, geanker is, ingebed is. Dit wil sê, die sisteme wat armoede in stand hou, word ook aangespreek. Die teologiese verstaan van Belhar help ons ook om te kyk na die totale omstandigheid.

JAN: Iemand het gesê Belhar het 'n bepaalde ekklesiologie, dit is eintlik 'n regstelling op 'n skeefgetrekte ekklesiologie, wat daarvoor gaan dat elkeen vir homself sorg.

PIETER GROVE: In die hart van Belhar lê die vraagstuk van identiteit. Wie en wat is die kerk? Word die kerk gekonstitueer langs kleur-lyne of langs kulturele lyne, of langs geslagslyne, of langs ryk-en-arm lyne? Nee, die kerk word gekonstitueer daar waar die versoening van Christus tot sy reg kom - daar waar mense bely dat hulle hierdie Christus aanbid. Daardie “in Christus-wees” oorheers alle ander strukture en transformeer ons houding teenoor daardie strukture, sodat kultuur nie meer 'n verdelende faktor is nie, maar 'n verrykende faktor.

Baie mense dink dat Belhar probeer sê dat jy kultuur moet uitgooi, maar dit is nie so nie. Belhar sê dat kultuur in diens moet staan - dit is 'n geleentheid tot diens, tot wedersydse verryking – want kultuur is belangrik. Ons belewe ons geloof deur die kultuur waarin ons leef – op geen ander wyse nie.

Wat vir my 'n baie interessante element van Belhar is, is die gedagte van *hoop*. Daar is 'n aantal aksente in Belhar wat eksplisiet verwys na die hoop wat ons in Christus koester, en die hoop wat ons het op 'n nuwe samelewing en 'n nuwe wêreld - nie net hier nie, maar ook in die ewigheid. So, daar is 'n eskatologiese element aan die Belydenis van Belhar. Belhar draai ons weg in die “vasgevalheid” in die “nou” en die verskeuring van mense, en dit ondermyn die verabsoluttering waar mense sê: “Dit kan nie anders wees nie, want kyk hoe is ons.” Hy draai ons oë na God se toekoms toe – reeds hier op aarde. Omdat God vir ons die hemel voorhou, maak Hy 'n geweldige impak op die “nou”.

JAN: Sal u ook sê dat Belhar weer vir ons roep tot verantwoordelik om versoening en geregtigheid 'n werklikheid te maak hier op aarde?

PIETER GROVE: Ons het vir 'n lank tyd maar net versoening toegepas op die innerlike mens - die verhouding tussen God en mens. Belhar sê inderdaad dit is 'n belangrike aspek van versoening,

maar dit hou nie daarmee op nie. Versoening strek ook in die verhoudinge *tussen* ons. Kyk veral na die agtergrond van die Efesiërsbrief wat sê dat die vyandskap tussen die gelowiges vanuit die Griekse en Joodse agtergronde opgehef en afgebreek is. Dit spel die gemeenskapsimplikasie van die versoening uit. Dit is veral daardie aksent wat Belhar sterk op die voorgrond plaas. Nou, die rede hiervoor is die agtergrond waaruit dit ontstaan het - dit was juis die probleem, maar deur dit aan te spreek, herinner Belhar ons weer aan die breë impak van die versoeningsleer, dat dit nie beperk moet word tot die mens en God nie, maar die mens ook in sy verhoudinge met sy naaste en selfs die skepping.

JAN: Sou 'n persoon wat in die NG Kerk is en finansieël welaf is, maar wie se kinders nie werk kry nie en hulle nou oorsee moet gaan, wat beleef dat hy eintlik nie gehoor word in die regering van die dag nie - sou hy hom kon beroep op die Belhar Belydenis op 'n manier?

PIETER GROVE: Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag en dit is deels 'n geregtigheidsvraag. Wie sluit ons in in ons gemeenskap? As ons praat van versoening en as ons waarlik in die kerk tot 'n nuwe gemeenskap gestig word, dan kom die vraag onmiddellik oor hoe ons mekaar behandel. Hoe sien ons na mekaar se omstandighede om? Dan leef ons 'n nuwe verantwoordelikheid – nie net vir swart of bruin nie, maar vir almal wat op een of ander manier vreemd voel, of voel hulle lewenskans word bedreig.

In 'n sekere sin, na my mening, is dit ook van toepassing op die geregtigheidsaspek. Dit is nie net vir die mense wat fisies arm is nie, maar ook vir die mense wat in hulle gees arm voel. In daardie opsig voel ek dat Belhar baie inklusief gebruik kan word. Die Belydenis van Belhar wil nie 'n wapen wees nie. Dit is vir ons 'n staf waarop ons kan steun. Dit is vir ons 'n rigsgnoer om te sê watter koers ons moet hou, maar dit is nie 'n slaanstok nie. Dit is wel 'n baie helder en duidelike profetiese woord, en daarom is dit waarskuwend en ook kritiserend.

JAN: Was u self by die Belydenis-aanvaarding in 1986 teenwoordig?

GROVE: Ek was in 1982 daar as student in die 1986 as predikant. Dit was 'n groot oomblik!

Professor Bam het dit baie mooi beskrywe. Hy het gesê mens spreek nie sommer 'n belydenis uit nie. 'n Belydenis kom op uit 'n "oomblik", wanneer dit voel asof God jou op die mond slaan, en jy roep dit eintlik uit! Daarom is 'n belydenis nie noodwendig in die beste taal geformuleer nie. Jy moet dit nie gaan meet in die mees fyn-geformuleerde vereistes wat die teologie sou wou hê nie. Dit is 'n uitspraak wat bely - dit probeer nie teologies wetenskaplik korrek wees nie - dit probeer wel Bybels-getrou wees.

JAN: Is daar dalk nog ander gedagtes rondom die waarde van die Belhar Belydenis?

PIETER GROVE: 'n Belydenis is 'n ding wat uitgespreek word ten opsigte van 'n sekere teologiese oortuiging, maar terwyl dit 'n sekere party skerp mag aanspreek, praat dit net so skerp terug na die mense wat dit bely. Dit is vir my die interessante van 'n belydenis. 'n Ware belydenis versag eintlik om 'n slaanstok te word en dit werk ondermynend ten opsigte van hoogmoed aan die kant van dié wat bely. Ek vind dat die Belydenis van Belhar op dieselfde kritiese wyse die VGKSA huidiglik aanspreek as wat dit die NG Kerk sou aanspreek. Ek dink baie NG Kerk mense beseft dit nie. Hulle beseft nie dat die moeite waarmee hulle worstel met die Belydenis van Belhar om dit waarlik te hoor - daardie selfde moeite ondervind ons in die VGKSA om dit uit te lewe. Die woord is eintlik meer as wat ons lewe self behels. In daardie opsig sny dit na alle kante toe.

Ek dink op die pad vorentoe gaan hierdie Belydenis vir ons almal in Suid-Afrika van groot waarde wees. Die tendens van die geskiedenis is dat maghebbers maar die foute van die verlede herhaal. Ons sien alreeds die oormatige vertroue van die huidige regering. Dat hulle dink dat hulle alles kan doen - op hulle manier.

JAN: Ek is oortuig daarvan dat die Belhar Belydenis baie waardevol is, juis omdat dit uit die hart en Woord uitgekom het in 'n bepaalde situasie. In 'n ander soorgelyke situasie spreek dit dieselfde.

PIETER GROVE: Miskien moet ek ook byvoeg: Daar is mense, teen die agtergrond van die apartheidstryd, wat dink dat die Belydenis van Belhar eintlik sy vertrekpunt in die Bevrydingsteologie het, maar dit is glad nie die geval nie. Die Belydenis van Belhar het eintlik sy vertrekpunt in die Barmen Verklaring. In daardie opsig is dit baie sterk Calvinisties. Dit is 'n belydenis wat sê dat ons die gesag van Christus ten alle tye moet erken en ons moet toelaat dat Christus ons gemeenskappe vernuwe en herstel. Ons moenie die natuurlike en mensgemaakte dinge verabsoluteer en maak asof ons saambly daardeur gekonstitueer word, en toelaat dat dit in die pad van die Evangelie staan nie.

JAN: As die VGKSA en NGKSA een word, sal dit die rol wat u nou speel tussen die NG Kerk en die VGKSA enigsins vergemaklik?

PIETER GROVE: O ja! Kyk op die oomblik vind ek dat daar baie deure oopgaan rondom die armoede vraagstuk. Ek kry die indruk dat daar in die NG Kerk-geledere baie gemeentes is wat gereed is. Hulle wil baie graag 'n bydrae maak, maar hul weet nie aldag hoe nie. Daar is soveel versigtigheid aan beide kante, vanweë ons geskiedenis. Ek voel die tyd het ryp geraak. Mense voel, onder die besturing van die Gees, dat dit tyd is dat ons begin om stappe te neem. Daar is maar nog verskillende strome: sommige is nog ver van mekaar verwyder, sommige is traag, sommige is skrikkerig, maar daar is genoeg wat sê dit is hoogtyd dat ons nou moet begin om iets saam aan te pak.



JAN: Dit lyk ook vir my dat hier in die Suide is dit baie meer so, as in die Noorde.

PIETER GROVE: Kyk, ons [in die Wes-Kaap] kom vanaf 2001 met 'n konvent. Die konvent het ons predikante en gemeenskap bymekaar uitgebring. Ons het sekere beginsels vir mekaar uitgespel. Ons is voortdurend in gesprek met mekaar, en daar is min van ons sinodale kommissies wat nie in aktiewe gesprek is nie. Dit veroorsaak dat klomp predikante en kerkraadslede blootstelling aan mekaar kry.

JAN: Dit gebeur nog nie regtig daar in Pretoria en omgewing nie. Die konvent - waar kom dit vandaan?

PIETER GROVE: Ons plaaslike sinodes in Kaapland het besluit om oor te gaan tot so 'n Konventstigting in 2001. Die lesse wat ons daar leer, die uitdagings wat ons daar ontdek en identifiseer, maar ook die geweldige punte van oorvleueling, waar ons eintlik al konsensus het, kan jy sien in die reuse skuiwe wat al gemaak is. Mens besef dit nie aldag nie, maar die oomblik wanneer jy begin praat oor dinge, besef jy ons is baie nader aan mekaar as wat ons dink.

#### **Opmerkings uit die onderhoud met ds. Pieter Grove:**

- | Die waarde van die Belhar Belydenis lê daarin dat dit op 'n heldere wyse, op 'n kontemporêre wyse, eeu-oue Bybelse waarhede verwoord. Dit roep die kerk terug na daardie sentrale waarhede.
- | Elke belydenis het 'n aspek van tydsgebondenheid, want dit kom op uit 'n sekere situasie van konflik, maar elke ware belydenis is ook 'n belydenis wat daardie omstandighede transendeer omdat dit aanklank vind by die ewige waarheid van die Woord, en dit probeer uitdruk. Daarom is dit toepaslik vir verskeie tye en verskeie omstandighede.
- | In die hantering van armoede, kom die geregtighedsaspek en die versoeningsaspek van Belhar baie sterk na vore. Armoede kan nie alleen deur armes aangespreek word nie, dit moet deur die breë samelewing, deur gelowiges gesamentlik, aangespreek word. Die motivering daaragter is 'n teologiese verstaan van die kerk wat 'vir mekaar' sorg dra.
- | Belhar spreek die sisteme wat armoede in stand hou, aan.
- | In die hart van Belhar lê die vraagstuk van identiteit: Wie en wat is die kerk? Die kerk word gekonstitueer daar waar die versoening van Christus tot sy reg kom. Daardie "in Christus-wees" oorheers alle ander strukture.
- | Belhar sê dat kultuur 'n geleentheid tot diens en wedersydse verryking is, want kultuur is belangrik.

- | Die Belydenis van Belhar het 'n belangrike eskatologiese element, dit gee hoop. In plaas daarvan dat mense aanvaar dat die wêreld is soos dit is, wys Belhar vir ons waarna ons reeds op aarde kan werk, want God hou vir ons die hemel voor.
- | Belhar herinner aan die breë impak van die versoeningsleer, naamlik dat dit nie beperk moet word tot die mens en God nie, maar dat die mens ook in sy verhoudinge met sy naaste en selfs die skepping deur ons versoening in Christus geraak word.
- | Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag en dit is deels 'n geregtigheidsvraag. Versoening: dat almal ingesluit word in die nuwe gemeenskap, ongeag velkleur. Dit beteken dat gelowiges mede-verantwoordelikheid moet neem vir mense wat gemarginaliseerd is. Geregtigheid: dat dit van toepassing is op almal wat benadeel word, nie net die materiële armes nie, ook die armes van gees.
- | 'n Belydenis is 'n uitroep in 'n bepaalde oomblik. Dit is 'n uitspraak wat bely - dit probeer nie teologies wetenskaplik korrek wees nie - dit probeer wel Bybels-getrou wees.
- | Die Belydenis van Belhar spreek die VGKSA op dieselfde kritiese wyse aan as wat dit die NG Kerk sou aanspreek. Baie NG Kerk mense besef dit nie. Die moeite waarmee hulle worstel met die Belydenis van Belhar om dit waarlik te hoor - daardie selfde moeite ondervind die VGKSA om dit uit te lewe.
- | Die Belhar Belydenis het nie sy wortels in die Bevrydingsteologie nie, maar in die Barmen Verklaring. Dit is sterk Calvinisties en verkondig dat Christus se heerskappy op elke terrein van die samelewing moet geskied. Daarom moet die natuurlike nie so verabsoluteer word, dat die Kerk haar lewe daarvolgens rig nie.
- | Daar is baie NG Kerk gemeentes wat gereed is om 'n bydrae maak tot die armoede-vraagstuk, maar hul weet nie aldag hoe nie. Die Konvent tussen die NG Kerk en die VGKSA in die Wes-Kaap hou waarskynlik hiermee verband.

#### **7.11. ONDERHOUD MET (EMERITUS) PROFESSOR JAAP DURAND 23 FEBRUARIE 2007**

Emeritus Professor JJF (Jaap) Durand was baie nou betrokke by die opstel van die Belhar Belydenis in 1982. Hy was professor by die Universiteit van Wes-Kaap en 'n lid van die kommissie wat die bewoording van die belydenis moes opstel. Hy het artikels geskryf in die boek *'n Oomblik van waarheid : opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n 'status confessionis' en die opstel van 'n konsepbelydenis* (1984). Omdat hy bekend is daarvoor dat hy die Belhar Belydenis positief waardeer, is hy ingesluit in die navorsing.

#### **ONDERHOUD**

JAAP DURAND: As ek terugdink aan die tyd voor die Belhar Belydenis opgestel is, dan dink ek aan die klasse by die Wes-Kaapse Universiteit. Die studente het baie te sê gehad oor apartheid

en die regeringsbeleid, maar ek het hulle aangespoor om teologies daarvoor na te dink. Ek het in die klas gevra: “Wat is die teologiese probleem met apartheid in die kerk?” In die klasse is baie daarvoor gedebatteer, maar uiteindelik het dit na vore gekom dat die *teologiese regverdiging* van apartheid ‘n groot probleem is. Ons kon hiermee te werk gaan in die kerk en iets voorberei vir die volgende sinodesitting.

Ons het ‘n mosie opgetrek. Ek het geskryf dat apartheid teen die Evangelie is omdat dit uitgaan vanuit die onversoenlikheid van mense. Ek het dit toe opgetrek en vir Jan Mettler en Sakkie Mentoor gegee en hulle het dit toe aan die sinode [Algemene Sinode van NGSK 1978] voorgelê – die sinode het dit net so aanvaar. Dit is hier waar Allan Boesak die eerste keer na vore getree het. Hy is by daardie geleentheid tot moderator van die sinode verkies. Ná daardie besluit het die vergadering van die *World Alliance of Reformed Churches* (WARC) [= Wêreldraad van Gereformeerde Kerke] gevolg, en dit gebeur toe so dat Allan Boesak dit neem na die WARC en die hulle aanvaar dit toe so. Hulle voorstel was dat die Kerk ‘n standpunt moet inneem oor die teologiese regverdiging van apartheid.

JAN: Hierdie formulering van die teologiese begroning van apartheid as sonde, het dit heeltyd daarvoor gegaan, of het dit oor apartheid self ook gegaan?

JAAP DURAND: Dit het gegaan oor die teologiese regverdiging van apartheid. Dit is waaroor die kern van die saak gegaan het. Dit was vanselfsprekend in die Sendingkerk, en ook in die Bruin en Swart gemeenskappe, dat apartheid onaanvaarbaar was as gevolg van sy morele waardes, maar waarom rig dit hom juis teen die Evangelie? Iemand probeer om teologies dit te regverdig wat lynreg in stryd is met die Evangelie. Toe kom die hele gedagte na vore dat dit moontlik kettery is. Hierdie is die saak wat gestel is by die WARC.

Die boodskap gaan toe terug na die kerke wat deel is van die WARC, naamlik die NG Kerk, NG Sendingkerk en al die ander lidkerke, dat dit kettery en sonde is. Daarna het die 1982 sinode [van die NGSK] plaasgevind, waar Allan Boesak terug rapporteer het dat apartheid bestempel is as kettery en sonde. So is dit aanvaar deur die sinode.

By hierdie sitting het ds. Gustav Bam opgestaan in die sinode en gesê dat mens nie net so ‘n verklaring kan maak en sê dat die integriteit van die Evangelie aangetas word nie. Dit is ‘n moment van waarheid. Dan moet jy sê wat jy bely. Die kerk móét ‘n belydenis opstel. Onmiddellik het die sinode dit aangegryp en besluit om ‘n belydenis op te stel. Dit word toe ‘n sinodebesluit en hulle wys ‘n kommissie aan.

Ek gaan jou nou werklik die binneverhaal van die storie vertel. Ná die dag by die sinode het Dirkie Smit na my gekom in my kantoor op Universiteit, en gesê dat ons ‘n konsep moet opstel sodat die

kommissie daaroor kan besluit. Op daardie stadium het ek en Dirkie oor die struktuur gepraat, want dit gaan toe oor versoening, die eenheid van die Kerk, versoening tussen mense en ook geregtigheid. Ons besluit toe dat dít die struktuur van die belydenis sou wees. Toe gaan Dirkie Smit daardie nag en op grond van hierdie stuktuur gaan gee hy dit vleis, en skryf hy die hele belydenis, saam daarmee ook 'n begeleidende brief. Die volgende oggend vroeg op pad na die sinode het Dirkie dit vir my gelees. Ons het dit sonder enige wysigings ingehandig en dit is die volgende dag aan die kommissie voorgelê. Allan Boesak het toe voorgestel dat daar 'n klein wysiging moet kom by die aanhef. Verder het almal dit net so aanvaar. Net hier en daar was 'n paar klein wysigings, wat meer taalkundig was. Dit is toe in die sinode aanvaar in 1982, en genoem die “1982 Konsep Belydenis”. Hiervandaan moes die Belydenis uitgaan na die verskillende gemeentes. Dit is die binneverhaal daarvan.

In 1986 is dit amptelik in die sinode aanvaar as Belydenis. Die Belydenis het bekend geraak as die “Belydenis van Belhar”. Ek weet nie presies waar die naam daaraan gegee is nie.

Die groot beswaar wat uit die NG Kerk gekom het, is dat dit Allan Boesak se belydenis was. Dit is waar, maar ook nie waar nie. *Waar* in die sin dat hy 'n groot rol gespeel het in die hele proses om die Belydenis daar te kry. As Allan Boesak dit nie by Ottawa, Kanada, voorgelê het nie, sou daar niks van so iets gekom het nie. Dit is ook *nie waar nie*, want Allan Boesak was nie betrokke by die werklike skryf van die Belydenis nie - hy het geen hand op papier gelê nie. Hy was wel deel van die kommissie. Hy was 'n onmisbare skakel in die hele proses. As Moderator van die sinode, het hy die Belydenis vanaf die Sendingkerk-sinode, voorgelê in Ottawa.

Daar was ook op 'n tyd korrespondensie in die Burger gewees, wat gesê het, van die kant van die NG Kerk, deur Fritz Gaum-hulle, dat die Belydenis opgestel is deur Dirkie Smit met die hulp van Jaap Durand. Dit was 'n ongelukkigheid. Dit is nie die volle waarheid nie. Dit is 'n baie groter en breër storie, en daarom het ons ons heeltmal uit daardie diskussie gehou. Ons het nooit gereageer nie; ons wou nie reageer nie. Hulle het vir Allan Boesak teenoor ons afgespeel.

JAN: Ek dink die blote feit dat die Belydenis net so aanvaar is, sê dat dit eintlik die woorde is wat die mense in die sinode gevoel het, en nie net een persoon se gedagtes was nie.

JAAP DURAND: Die Belhar Belydenis het só gesprek tot daardie mense in die sinode - dit was net eenvoudig ongelooflik! Daar was nie een woordverandering nie - asof die sinode gesê het: “Dit is wat ons voel!” Dit is die volle verhaal van die Belydenis van Belhar.

JAN: Maar goed, nou is ons al 'n hele ent verder en daar het ontsettend baie dinge gebeur. Die VGKSA het tot stand gekom. Die NG Kerk het eers stilgebly oor die Belydenis en toe het hy negatief begin praat. Daar is mense wat al lankal die Belydenis wou aanvaar binne die NG kerk.

Nou het ons al 'n politieke oorgang gehad. Apartheid is nie meer daar nie, en die eerste vraag wat baie mense vra, is: “Is die Belydenis nie nou verby nie? Ons het mos nou klaar die politiek reg gekry ten opsigte van die teologiese stryd teen onversoendheid.”

JAAP DURAND: Die eenheid van die kerk gaan voort! Geregtigheid gaan voort! Die woord “apartheid” verskyn nie in die Belydenis nie, juis omdat ons gevoel het dat die Belydenis bo die historiese uitgaan. Ek dink op die sinode of in die begeleidende brief is gesê: “Later sal die witmense dankbaar wees in hierdie land vir die Belhar Belydenis, omdat dit oor iets anders gaan as net baie spesifiek oor 'n konkrete politieke beleid.” Dit gaan veel dieper en meer fundamenteel. Dit is daarom dat die Belydenis van Belhar nog net so aktueel is as wat hy was, die tyd toe hy geskryf is.

JAN: As ek nou vandag met mense in die NG Kerk se gemeentes wil praat oor die Belydenis van Belhar en vir hulle sê dat hierdie dokument net so waardevol vir hulle ook is, hoe sou ek met hulle daarvoor praat?

JAAP DURAND: Een van die opvallende dinge is dat nie een van die drie sake waarom dit gaan in Belhar, op enige wyse werklik aangespreek is in ons bestaande drie Belydenisskrifte nie. Die Heidelbergse Kategismus het een sydelingse verwysing na die *eenheid van die Kerk*. Dit kom nie voor in die Dortse Leerreëls nie, want Dortd het oor ander dinge gegaan. Daar is ook niks in die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Die hele saak van versoening tussen mens en mens: As die gemeente-mense redeneer en sê: “Maar ons het ons belydenisskrifte wat volledig is”, dan vra jy vir hulle: “Waar is die sake wat so belangrik is vir vandag?”

Laastens oor die geregtigheid - en dis natuurlik waaroor party ouens so bietjie beswaar het: oor die formulering dat God op 'n besondere wyse aan die kant van die verontregte is - dit is 'n saak wat jy baie deur die Bybel sal kry. Die God van die weduwees en die wese. Ek meen, dit loop soos 'n goue draad reg deur die hele Bybel!

Maar, snaaks genoeg, daardie boodskap het blykbaar binne die Christelike kerke nooit deurgebreek nie. Slawerny is aangespreek. Uiteindelik het hulle besluit dat slawerny net nie aanvaarbaar is nie. Die grondslag daarvan is sterk ondermyn, sodat hulle in die negentiende eeu kon besluit dit nie meer aanvaarbaar is nie. Maar hierdie idee van die sosiale geregtigheid van die arme en die ellendige en die verdrukke, het nooit werklik onder die kerk se aandag gekom voor die twintigste eeu nie. In die twintigste eeu, met die bevrydingsteologie, het hierdie een faset na vore gekom, en dit het aanklank gevind, sodat ook die NG Kerk dit in die tagtigerjare in *Kerk en Samelewing* opgeneem het.

JAN: Die Barmen Verklaring, het dit enige agtergrond gegee in julle gesprekke rondom Belhar?

JAAP DURAND: Ek dink dat die “Bekennende Kirche” in Duitsland wel bereid was om na vore te kom. Die Barmen-Verklaring was baie sterk teologies. Daardie blote feit het op my persoonlik, in hierdie hele proses, 'n invloed gehad, sodat, toe ek met my klasse besig was, ek vir hulle gesê het: “Vergeet nou wat apartheid aan julle gedoen het. Kom ons soek waar lê die teologiese probleem.” Wat my persoonlik betref en die proses wat dit geloop het in die klas, dít is waaroor dit vir my gegaan het.

JAN: Ek het met my Meestergraad ingegaan op John de Gruchy se teologie. Het julle enige kontak met mekaar?

JAAP DURAND: O ja, ek en John is baie goeie vriende, om die waarheid te sê, hy het een van sy boeke aan my opgedra. Hy was in die *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke* en hulle het ook in die laat-sestigers 'n dokument oor versoening opgestel, aar hulle het nie hierdie spesifieke punt aangespreek nie – wat John dan ook later vir my toegegee en erken het. Die kern van die probleem lê daarin dat apartheid sê: “Mense kan eintlik nie met mekaar versoen word nie, daarom moet jy hulle weghou van mekaar.” Dít lê ook aan die bron van die (ampere) onmoontlikheid, op hierdie stadium, in mense se gedagte-wêreld wat daardeur geïnfiltreer is, om ons so te laat sukkel om tot eenheid in ons kerke te kom - eintlik is dit [volgens hulle] nie moontlik nie.

JAN: Ek weet op hierdie stadium is daar in die buiteland ook kerke wat kyk na die Belhar Belydenis. Kan u my dalk meer inligting daaroor gee?

JAAP DURAND: Wel, ek weet net met die Algemene sinode van die VGKSA in Bloemfontein 'n paar jaar gelede, toe het ek daar opgetree, het daar 'n paar van die buitelandse mense gesit. Ek het met hulle gepraat en hulle aangespreek en gesê die Belydenis van Belhar is nie net vir Suid-Afrika bedoel nie - jy kan baie wyer gaan. Ek glo dat die Belydenis van Belhar kan baie sê vir ander lande en ook ander kerke.

JAN: Verstaan ek dan nou reg as u sê die groot waarde vir die NG Kerk op hierdie stadium is in die eerste plek dat die Belydenis uitbrei oor sake waaroor ons bestaande belydenisse hul nie volledig uitspreek nie?

JAAP DURAND: Ja.

JAN: Die vraag wat party mense sal vra, is: “Beteken dit dat ons nou iets nuut ontdek het in die Evangelie in hierdie eeu waarin ons leef, in hierdie omstandighede? Hoekom het die kerk vir 2000 jaar nie geweet hiervan nie, en nou kom dit na vore?”, of is dit vanweë nuwe omstandighede dat mens net anders kyk na dinge wat ons reeds gehad het?

JAAP DURAND: Ons het baie dinge reeds gehad. Oor die eenheid van die kerk, as jy na die reformasie kyk, en as jy luister na Calvyn se uitsprake, daar is geen twyfel daaroor dat mense tot versoening moet kom nie. Die kerk het dit altyd geweet. Ek sou sê die werklike bewussyn van iets nuuts wat na vore gekom het, is rondom sosiale geregtigheid, baie spesifiek, dat God hom op 'n besondere wyse bemoei met hulle wat verdruk en arm is - die ellendiges. Die Lukas-evangelie is baie duidelik hieroor. Lukas was ook die duidelikste en sterkste daarvan bewus. Skielik word jy bewus van 'n bepaalde Evangeliese boodskap wat na jou toe deurkom, wat die vorige groep nie verstaan het nie. Hoekom het die Christene vir 'n lang tyd met 'n sekere gemaklikheid met slawerny saamgeleef, totdat, soos die Engelse sê, die “Penny gedrop” het? Dit is dieselfde soos met die konsep van geregtigheid.

JAN: Ek het na die Ou Testament gaan kyk, en daar is eintlik min verwysings na die Ou Testament in die Belydenis van Belhar.

JAAP DURAND: Ja. Maar daar is oorvoldende beelde as hulle daar wou gaan kyk het - Psalm 146, Jesaja en Amos.

JAN: Ek dink self dat die mense van die NG Kerk, oor die algemeen, baie oningelig is oor die Belhar Belydenis.

JAAP DURAND: My ervaring is, in plekke waar ek was by die NG Kerk, dat hulle skielik tot die besef kom dat daar 'n gebrek iewers is. As jy hierdie dinge vir hulle begin uitwys, kan jy 'n verandering in hul houding sien.

JAN: Dan is daar ook die siening in die NG Kerk oor wat 'n belydenisskrif is.

JAAP DURAND: Dit is moeilik om te sê. Ek het in “n Oomblik van Waarheid” 'n stuk geskryf: “Waarom 'n Belydenis?”, en gevra wat die karakter van 'n belydenis is. Ek dink hulle gaan nou 'n stuk uitgee - wat hulle wil opstel oor die Eenheid vir gemeentes - wat eenvoudig gestel word. Hulle het vir Piet Meiring en myself gevra om iets te skryf oor Belhar. Ek het dit opgestuur na die Transvaal. Ek weet nie wat hulle daarmee gaan maak nie. Ek hoop wat hulle nié daarmee gaan doen nie, en dit is om weer 'n hele groot ding daar te sit vir die gemeentes - die mense gaan dit nie lees nie. Ek dink, soos jy ook sê, daar moet net iets kort vir die gemeentes gegee word, wat alles mooi uitstippel.

### **Opmerkings uit die onderhoud met (emeritus) professor Jaap Durand:**

| *Die agtergrond van die Belhar Belydenis*

- a. By die Universiteit van die Wes-Kaap is gesprekke gevoer oor die teologiese begroning van apartheid.
  - b. By die sinode van die NGSK in 1978 is 'n mosie rondom hierdie gedagtes aanvaar.
  - c. Dr. Allan Boesak het die besluit van die NGSK na die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (Afr: WBGK; Eng: WARC) geneem, waar verklaar is dat die teologiese regverdiging van apartheid kettery en sonde is.
  - d. Daarna het die 1982 sinode plaasgevind, waar Allan Boesak terug rapporteer het dat apartheid bestempel is as kettery en sonde by die WBGK.
  - e. Gustav Bam het gesê dat 'n klag van kettery nie sonder 'n positiewe belydenis kan plaasvind nie, en die sinode het besluit om 'n belydenis op te stel. 'n Kommissie is hiervoor saamgestel. Dirkie Smit en Jaap Durand was ook hierby betrokke.
  - f. 'n Belydenis is opgestel, en met enkele wysigings deur die sinode as die *1982 Konsep Belydenis* aanvaar.
  - g. By die sinode in 1986 is hierdie belydenis as die *Belhar Belydenis* aanvaar deur die sinode.
- l Dit is foutief om te beweer dat die Belhar Belydenis Allan Boesak of Jaap Durand of Dirkie Smit se belydenis is. Die Belydenis het die geloof van die NGSK-sinode uitgespel oor die sake wat uit die apartheidskonteks na vore gekom het, naamlik *eenheid, versoening en geregtigheid*.
- l Al het die omstandighede sedert 1982 baie verander, bly die Belhar Belydenis aktueel, omdat dit nie net geskryf is vir daardie tyd nie. Die sake wat daarin aangeraak word, word nie so duidelik omskryf in die drie Formuliere van Eenheid nie, en daarom is dit steeds belangrik. Die Suid-Afrikaanse samelewing en Kerk is nog nie klaar met eenheid, versoening en geregtigheid nie.
- l Hoewel die sake wat in Belhar voorkom, nie uitgespel word in die belydenisse uit die reformasie nie, beteken dit nie dat hierdie sake eers in ons eeu ontdek is nie. Dit kom baie sterk in die Skrif na vore, en die Belhar Belydenis is op hierdie elemente in die Skrif gebaseer.
- l Die NG Kerk is besig om bewus te word dat daar aan hierdie sake aandag gegee moet word.

#### **7.12. ONDERHOUD MET (EMERITUS) PROFESSOR PHIL ROBINSON 23 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. Phil Robinson op 23 FEBRUARIE 2007. Doktor Robinson is emeritus professor van die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) en woon tans in Durbanville. 'n Onderhoud is met dr. Robinson gevoer, op grond van die volgende oorwegings:

- l Doktor Robinson was hoogleraar in Sendingwetenskap by UWK gedurende die totstandkoming van die Belhar Belydenis, en is sedert 1976 lidmaat van die VGKSA, Sarepta-gemeente (Kuilsvier);
- l Doktor Robinson het 'n artikel geskryf in die boek *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis* en die opstel van 'n



konsep-belydenis (1984). Hierdie artikel se titel is: *Die Belhar-belydenis van 1982 in sendingperspektief*, wat baie relevant voorkom vir die tema van hierdie studie.

- I Doktor Robinson was aktief betrokke by die ontwikkelinge rondom sendingwetenskap ten tyde van die opstel van die Belhar Belydenis, asook in die jare daarna.

## ONDERHOUD

JAN: Ek het u artikel gelees in die boek *'n Oomblik van Waarheid*. Daarin het ek so 'n bietjie agtergrond gekry. Daarna wou ek graag met u gesels. Ek het dit baie interessant gevind en dit is taamlik in die lyn waaroor ek wil skryf en ook verder sal wil nadink. Die artikel se titel is *Sendingperspektiewe in Belhar*. Daarin het u ook so 'n bietjie gepraat van die ou Sending-terme en die ou Sending-siening en dat daar in Belhar iets verteenwoordig word in die ontwikkeling in die Sending.

PHIL ROBINSON: Ek weet nie of jy ons latere sending-definisie gekry het nie. Ons [dit is die Departement Sending- en Godsdienwetenskap en die Getuienis-Aksie Kommissie van die NGSK] het in 1985 'n konsultasie oor die verstaan en doen van sending binne die familie van NG Kerke belê. Hierdie konsultasie is aan die Universiteit van Wes-Kaapland gehou. Referate is deur al die teenwoordige NG Kerke gelewer oor hulle siening en praktyk van die sending. Tydens die besprekinge het die behoefte al sterker na vore gekom dat daar 'n gemeenskaplike 'werksdefinisie vir sending' opgestel moet word. Dominee Willie Cilliers en ek is aangewys om so 'n konsep werksdefinisie op te stel. Al die NG Kerke, VGKSA (toe nog die NGSK) en die NG Kerk in Afrika was almal teenwoordig. Die verskillende referate, sowel as die response daarop, plus die werksdefinisie is in 'n publikasie gebundel wat aan al die afgevaardigdes besorg is. Doktor Johan Botha, sekretaris van die SKGA-Kaapland, en ek het as redakteurs vir die publikasie opgetree. Ek sal die boekie vir jou probeer beskikbaar stel.

Ek was in die NG Kerke vir 'n goeie klompie jare betrokke, eers as predikant (1960-1972) en ten slotte as dosent (1972-1997). Ek dink daar was 'n gebrek aan werklike kommunikasie tussen die "moeder- en dogter-kerke", en dat 'n mens eintlik op twee vlakke by mekaar verby gepraat het. As 'n mens mooi gaan kyk, moet jy sê die sendingbeleid wat in die NG Kerke aanvaar is, dit is min of meer al die sinodes, was nie iets nuuts wat hier in Suid-Afrika ontwikkel is nie. Dit was die sendingdenke wêreldwyd. Kerke en sendinginstansies van oor die hele wêreld het met dieselfde vraagstukke geworstel. Die NG Kerk het veral aansluiting gevind by die sendingdenke in Nederland, Duitsland en Engeland. Ons het baie oor sending gelees uit Duitse- en Nederlandse boeke om uit te vind hoe die mense dink. Toe het dit nog gegaan oor *inheemsheid* en *selfstandigheid* van die gemeente op die sendingveld.

Hierdie doelwitte het hoegenaamd nie apartheid as bron of as oogmerk gehad nie, dit het bloot ekklesiologies gekonsentreer op wat hierdie kerk wat nou tot stand kom, moet wees. Dit moet sy eie Bybel hê, dit moet sy eie taal hê, dit moet sy eie struktuur en bestuur ontwikkel binne sy kulturele idioom. Dit was die groot fokuspunte. Dit was die een kant van die benadering.

Daarvan het die jonger kerke nie veel kennis gedra nie. Hulle was nie deel gemaak van die teoretiese besinning en debat nie. Gevolglik het hulle die praktyk bloot ontvang en dit gevolglik ook nie baie goed verdiskonteer nie. Soos hulle dit belewe het, was dit 'n verskuiwing in die verstaan van die kerk. Die twee belewenisvelde was so ver van mekaar, dat hulle dit nie met mekaar kon versoen nie. Dit was dus moeilik om in so 'n botsende situasie by mekaar uit te kom.

Wat tóe vir my uitgestaan het, is dat daar lyne was wat jy wel vanuit die Belydenis kon trek, wat 'n sekere koppeling gee, waarop sekere ontwikkelinge kan plaasvind en daardie kloof waarmee jy te doen het, vernou kan word en ons meer met mekaar in gesprek kan kom. Die probleem was egter dat sommige plaaslike kerke bly vassteek het in 'n sending paradigma wat nie meer gegeld het nie. Daarmee is die moontlikheid vir 'n sinvolle gesprek ernstig belemmer. Selfs van die oorsese kerke by wie ons lig opgesteek het, was besig om 'n paradigma skuif te maak.

JAN: Die buitelandse kerke het hier kom sendingwerk doen met 'n bepaalde beleid. Die sending- ywer het oorgespoel na die NG Kerk (Kaaps Hollandse Kerk) toe en die NG Kerk het begin sendingwerk doen, maar met dieselfe beleid as die buitelandse kerke. Die verskil is dat die NG Kerk reg langs die mense onder wie hulle sendingwerk gedoen het, gestaan het. Die buitelandse Kerke werk vanuit die buiteland en hulle moet 'n tipe selfstandigheid kweek, anders kan hulle nie die werk doen nie, maar ons het nie as NG Kerk raakgesien dat ons op 'n ander manier te werk kon gaan nie.

PHIL ROBINSON: Dit is 'n belangrike punt. Ek het begin kyk na wat die Hollanders in Indonesië gemaak het. Daar het hulle 'n Hollandse gemeente gevorm langs die gemeente wat hulle gestig het vir die Indonesiërs. Die een het die Hollandse taal gepraat en was in alle opsigte 'n duplikaat van die betrokke kerk in Nederland. Die ander een het van die Indonesiese tale gepraat en het gesoek om daaraan 'n gestalte te gee wat by die kulture aldaar aanpas. Die twee gemeentes het langs mekaar bestaan. Allerhande snaakse modelle het so ontwikkel. Dit laat jou wonder watter oogmerke daar was met die evangelisering van mense uit ander kulture?

Wat vir my verder interessant was, is dat Christene uit ander kulture, bv. die swartmense in SA asook in Afrika, woedend en venynig was oor die imperialistiese wittes of Westerlinge wat die Westerse kultuur hier kom indra het en sodoende die swart kulture verdring het. Die vraag is: Hoe rym jy dit met die siening van dié wat sê, kom ons respekteer elke kultuur ten volle en gee hulle kans om dan binne hulle idioom en taal hulle geestelike/geloofslewe te bedryf?

Jy het hier 'n vreemde dilemma: Enersyds kan jy die protes teen die kulturele verdringing goed begryp. Andersyds gryp die volgende klag jou in die hart: “Maar is ons nog nie goed genoeg, om deel te wees van dieselfde kerk nie?” Dit is nog 'n probleem wat dringend om 'n oplossing vra. Ek nie weet wie dit gaan oplos nie.

JAN: Dit is amper dieselfde vrees wat mense in die NG Kerk nou het met die eenwording - veral in die binneland. Hulle sê: “Wat van ons kultuur? Ons wil nie dans in die kerk nie, ons wil stilte hê.”

PHIL ROBINSON: Ja, dit sluit ook taal in.

PHIL ROBINSON: Om terug te kom na die teologiese lyne wat die belydenis trek. Soos ek in die artikel probeer sê het, gaan dit oor die oorhoofse raamwerk waarbinne 'n mens na die kerk se funksionering kyk. Ons, by UWK, het dit gedoen deur die teologiese opleiding te struktureer as 'n opleiding wat moet beantwoord aan die paradigma: die kerk in die wêreld. Dit gee vir jou 'n oorhoofse raam waarbinne jy jou kan rig op wat jy wil bereik met kerkwees. Daarom, soos wat ek ook in my skripsie probeer aandui het, het die klem vir my geval op *die presensie van die kerk in die wêreld in 'n sending perspektief*. Hiermee word die gedagte ook onderstreep dat die gemeente nie 'n sending het wat apart of los van sy bestaan is nie, maar sy bestaan is deel van die uitvoering van die sendingopdrag. Die gemeente is 'n getuie. Daarom het ek al vir mense gesê: “Julle is nie op pad na 'n sendingveld nie, julle is reeds daarin. Al wat julle moet ontdek, is wat om te doen en hoe om dit te doen.”

Dit is ook wat ek in die bydrae tot *'n Oomblik van Waarheid* gevra het. Kyk na die hoofmomente van die Belydenis, na die groot idees waarvoor die kerk staan, die eenheid van die kerk, die versoening in en deur Jesus Christus, die geregtigheid en ware vrede wat die kerk moet nastreef. Onthou, jy het basies te make met die gemeenskap van die gelowiges wat ervaar het dat die gemeenskap met mekaar verbreek is. Jy het verder ook 'n strukturele roeping in 'n ewe-eens gebroke samelewing. Jy spreek alle vorme van onreg wat bestaan, aan en daarop rig jy jou getuie en jou arbeid om hierdie tipe verkeerdhede reg te stel en op te ruim. Dit was die lyne waarlangs ek begin soek het. As ek nou daarna terugkyk, besef ek dat dit maar net 'n begin was. In my eie denke moes ek nog heelwat ontwikkel.

JAN: Ek het gelees by Hans Küng wat praat van die *missionêre dimensie*. Ek kry nogal iets as u so praat hieroor. Dit voel vir my amper dat dit 'n tipe term is waarvan jy meer moet praat. Ons moet meer praat van die *missionêre dimensie* van die kerk as die sending van die kerk. Sending word baiekeer gesien as 'n ding vir 'n aparte kommissie of 'n aparte losstaande saak in die kerk.

PHIL ROBINSON: Ek onthou dat ek dit by hom gelees het. Die persoon wat dit egter vir die Sendingwetenskap verder bedink het, is Hans-Werner Gensichen in sy *Glaube für die Welt* (1971). Hy onderskei tussen *dimensie* en *intensie*. Die missionêre *dimensie* het met die wese van die kerk self te maak terwyl *intensie* weer met 'n gerigte programmering te maak het. Ek dink die dimensie moet aangevul word met daardie intensie. Baie mense sal wil kort stop by die dimensie, maar dan gebeur daar eintlik niks. Dit is asof dinge spontaan moet gebeur. Daar is 'n groot deel wat spontaan gebeur as jy Christelik lewe, dit is nie onder 'n maatemmer weggesteek nie. Mense belewe dit, sien dit en hulle praat daaroor, maar die intensie gaan verder as daardie dimensie. Die intensie steek nog weer die grens oor van die dimensie. Die intensie gaan verder. Ietsie daarvan moet mens miskien beklemtoon. Dit lyk vir my dit is die moeite werd.

Ek het eintlik in my tesis twee hoof fokuspunte gehad. Die een is die *konteks* waarin die gemeente hom bevind. Dit vra egter voortdurende kontekstualisering in die sin dat as jy van konteks verwissel dan moet jy weer rondom jou verken watter taak en hoe kan ek dit hier verrig? Kontekstualisering bly soos 'n reformasie, 'n voortdurende verantwoordelikheid van die kerk, omdat sy konteks gedurig verwissel.

Die tweede fokus was *identiteitsvaslegging*. Die kerk kan net nooit ophou om sy identiteit stewig vas te lê nie, want dan is hy naderhand nie meer kerk nie. Hy kan in 'n agentskap vir 'n ideologie ontwikkel en dit nie agterkom nie, omdat hy nie met 'n proses van identiteitsvaslegging besig is nie. Ek het geoordeel dat tussen daardie twee pole is 'n voortdurende kreatiewe proses aan die gebeur.

JAN: Wat beteken identiteit vaslê? Is dit om gedurig te gaan kyk by die Skrif en Belydenisse?

PHIL ROBINSON: Dit beteken om al meer werklik 'kerk' te wees - dit wat jou identifiseer as kerk. Met ander woorde dat jy as geloofsgemeenskap in die wêreld geken word. Dit moet 'n blywende reformasie wees. H.W. Rossouw het 'n waardevolle artikel in die eerste jaargang van die NGTT geskryf oor: "Enkele aantekeninge oor die vraag: Wat is die kerk?". Dit bly vir my van die netjiesste formuleringe oor die taak van die kerk in die wêreld.

JAN: As ek nou moet gesels met mense in die gemeente en ek moet vir hulle die waarde gee van die Belhar Belydenis, wat sou ek vir hulle sê?

PHIL ROBINSON: Een van die belangriker dinge waarop ek altyd die klem wil lê, is: Vat jou drie Belydenisse wat jy aanvaar het en onderstreep al die frases van die Belhar Belydenis wat in jou belydenisse staan, en dan kyk jy wat bly oor in Belhar wat nuut is. Doen eers net dit. Dan moet jy sê: "Maar ek bely al klaar 98 persent. Met ander woorde, ek sê hierdie dinge al amper 100 jaar.

Nou wat is my moeilikheid dan? Wat is dit dan wat my pla?” Die lidmaat moet dit self uitlig. Die dominee moet hom nie hierin voorgaan nie. Die lidmaat moet self sê wat hy nie daar wil hê nie.

JAN: Met ander woorde, jy moet nie vir mense sê wat die waarde is nie, maar die lidmaat moet self ontdek wat vir hom die waarde is. Hy kan self uitlig waarmee hy saamstem en wat hy wil uithaal.

PHIL ROBINSON: Die tweede ding wat ek altyd ook sê is: jy moet daarmee rekening hou, dat in die tyd waarin die Belhar Belydenis ontstaan het, vanaf 1975 tot 1990, het daar 'n groot aantal belydenisse wêreldwyd ontstaan. Almal is geformuleer deur óf minderheidsgroepe, óf deur groepe wat lank gekoloniseer was en wat 'n wanbalans in hulle samelewings beleef het. Ek het nooit besef hoe baie daar is nie. Mens moet net op 'n keer daarna gaan kyk.

JAN: Nou waar sal mens hierdie belydenisse kon sien?

PHIL ROBINSON: Die een bron is in die reeks *New Directions in Mission and Evangelization* onder redaksie van James A Scherer en Stephen B. Bevans. Vol.1 handel oor: *Basic Statements 1974-1991*. Ek het ook by iemand wat belanggestel het, 'n belydenis wat die lere opgestel het, gekry. Dit was in dieselfde tyd as wat die Belhar Belydenis opgestel is. En as jy die twee langs mekaar sit, is daar verrassende ooreenkomste. Die interessante is dat dit wêreldwyd gedurende dieselfde tyd gebeur het. Nog 'n waardevolle bron wat veral ook die Suid-Afrikaanse toneel belig, is die bundel wat saamgestel is deur JW Hofmeyr, JA Millard en CJJ Froneman: *History of the Church in South Africa. A Document and Source book* (1991).

JAN: As mens kyk na die Drie Formuliere van Eenheid en mens kyk na die Belhar Belydenis - hoewel die Belhar Belydenis in 'n ander konteks geskryf is as wat die NG Kerk in daardie stadium was – sou mens vandag kon sê dat die NG Kerk nader staan aan die konteks van die Belhar Belydenis as die Europese konteks, waarin die Belydenisse van die Drie Formuliere van Eenheid geskryf is?

PHIL ROBINSON: Ek stem beslis saam. Ek moet vir jou sê dat die Belhar Belydenis debatte aan die gang gesit het wat die VGKSA en die NG Kerk se kontekste baie nader aanmekaar getrek het. Sowel die VGKSA mense het baie dinge by die NG Kerk ontdek wat hul nie geweet en besef het nie, en andersom ook. Die NG Kerk het ook baie dinge van ons ontdek. Hulle het gedink hulle weet baie van ons, maar hulle het nie eintlik al die feite gehad nie. Byvoorbeeld, die hele kwessie van die omwenteling van eerste- en tweede geslag stedelinge veral in die swart townships. By ons in die Oos-Kaap is nuut-inkommers “come-arounds” genoem – hulle moet by jou agterdeur kom klop, want hulle is nog rou, hulle ken nog nie die stad nie. Die gevolg hiervan was dat die nuut inkomendes 'n akute vorm van eensaamheid ervaar het, soos wat JJF Durand in sy *Swartman*,

*Stad en Toekoms* bevind het. Eensaamheid was dus die grootste probleem wat hulle het. Die swart konteks is ook glad nie so eenvormig nie. Dit het 'n enorme verskeidenheid.

JAN: Dis natuurlik fantasties om te sien dat die VGKSA en NGK se studente almal saam kan studeer by die kweekskool.

PHIL ROBINSON: Ja, dit is beslis anders as wat ons opleiding was.

JAN: Sou dit vir die VGKSA ook van waarde wees om te gaan kyk na *Kerk en Samelewing*?

PHIL ROBINSON: In die VGKSA is daar baie onkunde oor die Drie Formuliere van Eenheid. Die Dordtse Leerreëls ken min nog – dit geld natuurlik ook vir ander gereformeerde kerke. Die Nederlandse Geloofsbelofte weet hulle so ietsie van. Ek dink wat 'n mens moet bevorder, is gesamentlike studiegroepe wat die vier Belydenisse en van die belangrikste sinodale verslae en besluite kan bekyk. Dan ontdek ons weer goed wat ons al baie lankal vergeet het.

JAN: Dit lyk tog vir my of die eenheidsproses nou 'n bietjie losgemaak word van die Belhar Belydenis self.

PHIL ROBINSON: Daar is eintlik twee strominge. Sommige oordeel dat die Belhar Belydenis nie die eenwording moet verdra nie. Volgens hulle is dit twee sake. Andersyds is daar 'n onderstroming op die oomblik onder die gelede van die ou NG Sendingkerk wat sterk voel dat so 'n skeiding volledig onaanvaarbaar is. Vir hulle beteken dit verraad teenoor die lede en die stryd (struggle) van die verlede. Vir hulle is daar geen sprake van eenheid sonder aanvaarding van die Belydenis van Belhar nie. Hierdie gevoel word nie amptelik gelug nie omdat hulle nie die versoenende rol van Allan Boesak wil ondermyn nie. Almal wil hom graag in 'n leiersposisie hou. Dit is dus nog 'n onopgeloste probleem in die gelede van die voorheen NG Sendingkerk. Watter kant toe dit gaan ontwikkel, lê nog in die toekoms.

JAN: Ek dink dit sal goed wees dat die eenwordingsproses en die Belhar Belydenis uitmekaar gehou word. Die Belhar Belydenis raak partykeer weg in die proses. Ek dink dat as daar 'n eenheid sou kom, op watter manier ookal, dit net baie rustiger sal wees.

PHIL ROBINSON: Dan behoort daar ook 'n gesprek aangeknoop te word oor die gereformeerde aard/karakter van die Familie van NG Kerke. Ek dink nie die NG Kerk is meer 'n heeltemal gereformeerde kerk nie. Daar is soveel goed wat plaasvind in die NG Kerk wat ek dink nie gereformeerd is nie. Ons het al taamlik weg beweeg van 'n gereformeerde kerk te wees. Watter rigsgaer het ons om ons te lei? By die Hervormers was daar nie iets anders nie, die Woord moes

hulle lei – en dan terselfdertyd, terwyl jy dit gesê het, is die Woord se basis so verswak dat dit net sowel 'n ander dokument kon gewees het.

### Opmerkings uit die onderhoud met emeritus professor Phil Robinson:

- | In 1985 is 'n gemeenskaplike *werksdefinisie vir sending* opgestel vir al die NG Kerke.
- | Daar was 'n gebrek aan werklike kommunikasie tussen die “moeder-“ en “dogter-“kerke van die Familie van NG Kerke. Mense het eintlik op twee vlakke by mekaar verby gepraat.
- | Die sendingbeleid wat in die NG Kerke aanvaar is, was nie iets nuuts wat in Suid-Afrika ontwikkel is nie. Dit het aangesluit by die wêreldwye sendingdenke, veral Nederland, Duitsland en Engeland, waar dit gegaan het oor *inheemsheid* en *selfstandigheid* van die gemeente op die sendingveld.
- | Hierdie doelwitte het nie apartheid as bron of oogmerk gehad nie. Dit het 'n ekklesiologiese selfstandigheid in die oog gehad, maar dit is nie so deur die “dogter-“kerke ontvang nie. Hulle het dit so verskillend beleef, dat die kommunikasie daardeur belemmer is.
- | Die Belhar Belydenis het op sekere punte die twee belewenisvelde binne die NG Kerk bymekaargebring en 'n basis vir gesprek begin vorm.
- | In Indonesië het die Hollandse kerkplanting baie op dieselfde patroon as in Suid-Afrika plaasgevind. Daar is 'n gemeente vir die Europeërs gestig wat 'n duplikaat van die Hollandse Kerk was (soos aan die Kaap met Kaaps-Hollandse Kerk), en daarnaas is 'n Indonesiese gemeente gestig wat in die kultuur en taal van die Indonesiërs was (soos aan die Kaap met die Kaapse gestig en later die NGSK).
- | Die protes vanuit die jong gemeentes skep 'n dilemma. Aan die een kant wil mense ruimte hê vir verskillende kulture, aan die ander kant is dit 'n probleem dat daar nog verwydering in die kerk is langs kulturele lyne.
- | In Robinson se proefskrif is die klem gelê op *die presensie van die kerk in die wêreld in 'n sending perspektief*. Die gemeente het nie 'n sending wat apart of los van sy bestaan is nie, maar sy bestaan is deel van die uitvoering van die sendingopdrag.
- | Die hoofmomente van die Belhar Belydenis is ook die groot idees waarvoor die kerk staan (eenheid, versoening, geregtigheid) en die kerk moet sy getuienis en arbeid daarop rig om die verkeerdhede reg te stel en op te ruim.
- | Die missionêre *dimensie* het met die wese van die kerk self te maak terwyl *intensie* weer met 'n gerigte programmering te maak het. Beide is nodig.
- | In sy proefskrif werk Robinson met twee pole: Kontekstualisering en identiteitsvaslegging. Die Kerk moet voortdurend met beide besig wees.
- | Identiteit vaslê beteken om méér kerk te wees. (Sien H.W. Rossouw in NGTT 1(1): “Enkele aantekeninge oor die vraag: Wat is die kerk?”)
- | Twee riglyne vir lidmate wat op soek is na die waarde van die Belhar Belydenis:
  - a. Vergelyk dit met die drie Formuliere van Eenheid en vind die ooreenkomste.

- b. Gaan kyk na die groot aantal belydenisse wat in daardie tyd na vore gekom het.
- | Die Belhar Belydenis het debatte aan die gang gesit wat die VGKSA en die NG Kerk se kontekste baie nader aanmekaar getrek het. Beide kerke het deur hierdie debatte mekaar beter leer ken.
  - | Gesamentlike studiegroepe (bestaande uit verskillende lede van die NG Kerk-familie) wat die Belydenisse en sommige van die belangrikste sinodale verslae en besluite bestudeer, kan bevorder word.
  - | Daar bestaan twee strome ten opsigte van die kombinasie van die herenigingsproses en die aanvaarding van die Belhar Belydenis in die kerkorde van 'n herenigde NG Kerk. Sommige wil die twee skei, ander heg 'n groot simboliese waarde aan Belhar, en sien hereniging slegs saam met 'n opname van Belhar in 'n nuwe kerkorde.
  - | Saam met 'n gesprek oor Belhar, sal 'n herenigde NG Kerk ook moet praat oor gereformeerde identiteit.

### 7.13. ONDERHOUD MET DAAN CLOETE 27 Junie 2007

Emeritus Professor G D Cloete was dosent by die Universiteit van die Wes-Kaap toe die Belhar Belydenis opgestel is. Kort daarna het hy saam met dr. Dirkie J Smit 'n bundel byeengebring met die titel: *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis.* (1984) Hy het self een van die hoofstukke in die bundel geskryf. As persoon wat dus by die ontstaan van die Belydenis betrokke was, is dr. Daan Cloete beskou as 'n baie goeie kandidaat vir 'n onderhoud oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.

#### ONDERHOUD

JAN: Hoe dink u oor die Belhar Belydenis vandag?

DAAN CLOETE: Belhar is iets wat vir ons nie meer so voorop in ons denke staan nie, want dit is iets wat jare gelede gebeur het. Op daardie tyd was dit vir ons belangrik om op 'n waardige wyse, 'n teologies verantwoordelike wyse, te reageer op die situasie in ons land en ook binne die kerk, en ons het op daardie stadium gevoel die beste manier om dit te doen, is by wyse van 'n belydenis van die kerk. Dit is ook baie duidelik dat ons probeer sê het dit is gerig teen die teologiese regverdiging van apartheid. Dit is nie soseer gerig teen die ideologie of politiek van apartheid nie – alhoewel dit ook nie heeltemal uit die oog uit moet verloor nie, want mens moet onthou dat die regering van die dag alles wou baseer op 'n Christelik-Nasionale ideologie – maar in die eerste instansie was Belhar bedoel om beswaar te maak, om uit te roep teen die teologiese basis wat



gegee is aan apartheid. Vir ons het dit gevoel dat ons dit op 'n manier gedoen het wat pas by gelowige mense in dialoog met mekaar.

JAN: Die ideologie van apartheid – op watter manier het dit die mense in die destydse NGSK sinode geraak? Was daar mense teenwoordig wat teologies so gedink het? Hoe was die mense onder indruk van die teologiese regverdiging apartheid?

DAAN CLOETE: Mens kan nie die dinge wat op daardie sinode (1982) gebeur het, losmaak van die goed wat vooraf plaasgevind het nie. Ek ontdek onlangs weer 'n dokument oor 'n byeenkoms in Pretoria (1980) met die tema: “Die kerk in die jare 80.” Daar was baie kerkmense en hoogleraars byeen en in daardie tyd was ds. Pierre Rossouw nog voorsitter van die Ekumeniese Kommissie van die NG Kerk. Baie mense was nog ongelukkig oor sy toespraak waar daar verwys is na die uitdrukking van “kettery” en daarna is daar in die Kerkbode baie fel gereageer daarop. Die strekking van sy toespraak het nog probeer om apartheid te regverdig. Ek wil maar sê dat daar verskeie faktore was wat bygedra het. Kort daarna was die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Ottawa, waar die *status confessionis* afgekondig is, en ongeveer 'n week daarna is ons sinode (NGSK) bymekaar en dit is spesifiek ook dié soort van atmosfeer waarbinne hierdie goed plaasgevind het.

JAN: As mens nou terugkyk na hierdie gebeure, dink u die kerk kon enige ander pad stap as deur middel van 'n belydenis?

DAAN CLOETE: Ek dink nie die kerk het veel van 'n keuse gehad nie. Die kerk moet tog optree as kerk. Daar was in hierdie tyd baie besware vanuit die regering dat die kerk nou besig was om op die terrein van die politiek te beweeg, maar dit was natuurlik 'n maklike manier om te sê: “Bly weg van die politiek van die dag af en moenie inmeng met die politiek nie. Julle is nou besig met politiek.” Die vraag is egter of die politici nie hulle grense oorskry het deur die manier waarop hulle politiek bedryf het nie. Hulle dwing die kerk eintlik om dinge te sê oor diskriminasie, die probleme van die armoede, die kwessie van die Wes-Kaap dat swart mense nie daar mag gaan woon het nie – al hierdie goed (eintlik op die gebied van die menseregte) het neergekom op 'n oorskryding van die funksie van die politiek. Die kerk is as't ware gedwing om te sê: “Maar dit kan nie! Waarmee is ons nou besig?”

As jy nou terugkyk dink ek nie dat die kerk anders kon optree nie. Die kerk moes sy stem laat hoor, en die kerk moet dit altyd doen. As dinge nou verkeerd loop, moet die kerk sê: “Dit kan nie!” Gelukkig doen die kerk dit nou ook. Die kerk sê baie makliker vir die huidige regering dat daar dinge is wat net nie pas nie. Dit het niks te doen met 'n politieke beleid nie. Dit gaan oor hoe jy daardie beleid toepas.

JAN: My volgende vraag is nou: Belhar het ontstaan vanuit 'n bepaalde situasie. Daar het 'n groot verandering gekom in 1994. Is die Belydenis net 'n historiese verwysingspunt, 'n historiese dokument, of kan mens dit nou op 'n nuwe manier gebruik?

DAAN CLOETE: Natuurlik, 'n belydenis is nooit 'n dokument wat jy kan wegbêre en sê dat dit net vir 'n bepaalde situasie was nie. Jy moet dit in daardie situasie verstaan, maar ek dink dit behou 'n bepaalde relevansie vir alle situasies. Anders moet ons nou die Drie Formuliere ook wegpak en sê dat ons niks meer daarmee te doen gaan hê nie, maar ons kan dit nie doen nie. Dit is tog die basis van ons verstaan van die Bybel – so lees ons die Bybel met daardie belydenisskrifte in die hand. Die waarde van Belhar gaan bly en gaan moet bly. Dit is onder andere een van die groot besware wat mense het waarom die NG Kerk nie Belhar wil aanvaar nie: hulle wil soort-van sê dat dit oor 'n bepaalde situasie gaan en dat dit weggepak moet word – ons het niks meer met Belhar te doen nie, terwyl dit juis nuttig gebruik kan word ook in 'n nuwe situasie soos nou.

JAN: Het u enige voorbeeld van hoe mens die Belhar Belydenis nou nog in ons huidige situasie kan gebruik?

DAAN CLOETE: Wel, ons is nog nie klaar met rasse-diskriminasie nie. Rondom versoening kan ons nog altyd met Belhar werk. Ons is lank nie klaar met die hele kwessie van die verontregting van die armes nie. Elke dag sê mense dat daar eintlik vir arm mense niks verander nie – die geregtigheid. So, al drie basiese punte is nog relevant. Die eenheid van die kerk – nou praat ons nie net oor die NG Kerk-familie nie, maar ook kerklike eenheid in die algemeen met byvoorbeeld die Kongregasionaliste en die Presbiteriane. Daar kan ons Belhar gebruik.

Wat vir my baie interessant is, is dat daar deesdae baie meer nie-offisiële samewerking tussen verskillende kerke te vind is. Mense aanbid lekker saam, hulle sing, hulle hou eredienste saam, terwyl ons nog met die formele goed sit. Terwyl mense hulle nie vreeslik steur aan belydenisskrifte en amptelike vergadering en sulke dinge nie.

JAN: Ek wonder of hierdie samewerking nie makliker in die Wes-Kaap plaasvind as byvoorbeeld in die Noord-Transvaal nie, aangesien hier minder kultuurverskille is as daar.

DAAN CLOETE: Ja, in die Wes-Kaap is dit maklik wat die taal betref, maar in die Kaaplandse sinode met die ou Oos-Kaapse Xhosa-sprekende gemeentes moet ons maar hard werk om die samewerking te laat loop. Jy kan nie sê: “Ons sukkel en daarom moet ons dit maar los” nie, want dan ignoreer jy die imperatief van die Bybel. Nêrens word gesê dat die maklik gaan wees nie. Ons het nie 'n keuse wat dit aanbetref nie.

JAN: Dink u dat die Belhar Belydenis help om die eenheidsproses, wat met die totstandkoming van die VGKSA aan die gang gesit is, te laat werk?

DAAN CLOETE: Ja, jy kan jou gedurig daarop beroep. Dit is soos 'n grondwet van die land. Uiteindelik moet jy kyk of jy die grondwet gehoorsaam of nie. Vir die kerk funksioneer Belhar ongeveer op dieselfde manier. Jy kry spanninge, dit gaan moeilik, maar uiteindelik moet jy vir jouself sê: "Ek het my hieraan verbind en ek moet dit doen. Ek het nie 'n keuse nie."

JAN: SO, wanneer die kerk in so 'n eenwordingsproses ingaan, is dit baie waardevol om so 'n dokument te hê.

DAAN CLOETE: Presies.

JAN: Goed, nou sit ons met die emosionele bagasie wat saam met die Belhar Belydenis kom. Aan die een kant mense vir wie Belhar emosioneel baie kosbaar is, aan die ander kant, mense wat Belhar as 'n aanval beleef het op hul geloof – 'n negatiewe teregwysing – hulle koppel negatiewe emosies aan Belhar. Dit lyk asof daar in die eenheidsproses in die NG Kerk-familie nie dwingend met Belhar omgegaan moet word nie. Dit moet nie afgedwing word op mense wat emosioneel negatief oor die Belydenis dink nie, maar die dokument behoort tog 'n rol te speel. Hoe dink u daaroor?

DAAN CLOETE: Ja, ek verstaan die problematiek – die debat kom mos nou al lank aan oor of ons Belhar moet los of nie. Ek is tereg met u dat dit aan beide kante emosioneel goed is. Om van ons te verwag om dit te los is nogal veel gevra. Aan die ander kant, om mense wat nie daarby betrokke was van die begin af nie en wat dit as 'n aanval op hulle beleef het, sal aanvaarding uiteraard moeilik wees.

Met die opstel van die Belydenis het ons buite die sinode daarvoor gepraat. Onthou, toe was ons nog die NGSK, nie die VGKSA. Die sinode het die probleem daarby gevoeg dat jy nie kan sê 'n ding is verkeerd en sonder om te bely wat jy glo nie. Ons het destyds buite die sinode gewonder of ons onmiddelik 'n belydenis moet opstel en of ons een rondte sinode moet wag en dan by 'n volgende sinode dit moet aanpak. Maar die sinode het geoordeel dat dit tóé die oomblik was waarop dit gedoen moes word ('n oomblik van waarheid) – as dit uitgestel is, sou daar dalk nie 'n belydenis opgestel gewees het nie.

Ek verstaan die dilemma, maar daar is natuurlik die opvatting dat jy vra waar die belydenis funksioneer – meestal by die teologiese opleiding en by die aflegging van belydenis. Jy kan vir mense die keuse gee: wil jy drie of vier onderskryf, en so kan jy hierdie probleem ondervang. Veral ook omdat die Belydenis van Belhar in wese aansluit by die Drie Formuliere – dit is 'n

kontekstualisering van sake wat daar staan. Ek weet nie, ek dink dit is 'n moeilike saak. Jy kan sê dat dit net funksioneer by teologiese opleiding en voorstelling van kerkraadslede, maar daardie mense is meestal jongmense wat nie vreeslik probleme het met die Belydenis nie – so hulle sal nie 'n probleem hê (dink ek) om al vier te onderskryf nie. Ek het nie 'n duidelike antwoord daarop nie.

DAAN CLOETE: Daar is baie goed in die Bybel en in die Drie Formuliere waarvan mense sê dat hulle nie daarvan hou nie. Die vraag is of mens (as gelowige) dinge doen waarvan jy hou, of doen jy dinge waarvan die Bybel jou vertel? Ek dink dit is ook so dat daar met die tyd saam ook 'n groter aanvaarding van die Belydenis sal kom.

Daar is aan my vertel hoe daar in Nederland die gebruik was by die aanstelling van 'n dokter in die hospitaal in Kampen, dat die dokter die Drie Formuliere moes onderteken. Die persoon wat dit aan my meegedeel het, was voorsitter by 'n raad by die hospitaal. Hulle het in daardie tyd 'n dokter aangestel wat maar min belanggestel het in godsdiens, en vir hom gevra om die Drie Formuliere te onderteken. Hulle gee hom toe 'n dokument om te teken, en toe hy dit geteken het, sê hy: “Dit is nou die een, waar is die ander twee?” Hy het nie die vaagste benul wat hy onderteken het nie. Nou, ek dink in die toekoms mag dit dalk ook so gaan met die belydenisse. Die ouer mense sal altyd daarmee probleme hê, want hulle kom uit daardie situasie waarbinne hulle grootgeword het, en ek dink nie 'n mens moet hulle onder enige dwang plaas nie. In ons kommissie was daar ook 'n stuk of twaalf predikante wat nie die Belhar Belydenis wou aanvaar nie. By die sinode is toe 'n kommissie aangestel om hierdie mense te begelei. Ek was self deel van daardie kommissie. Ons werkswyse was maar om te luister na die broers en hul besware aan te hoor. Ons het met hulle gesprekke gevoer en gesê dat ons vir hulle beskikbaar is in die reses vir verdere gesprek. Toe die volgende sinode aangebreek het, was daar slegs een predikant wat geweier het om Belhar te onderteken. Die ander het nie meer beswaar gehad nie. So, ek dink met die tyd sal die aanvaarding kom. Mense moet nie gedwing word nie.

JAN: U het nou vanuit 'n Nuwe Testamentiese oog geskryf in *'n Oomblik van Waarheid*. Sou u sê dat sekere konsepte waarmee Belhar werk meer Ou Testamenties of meer Nuwe Testamenties is?

DAAN CLOETE: Ja, die afdelings oor eenheid en versoening is dalk meer vanuit die Nuwe Testament, terwyl die deel oor geregtigheid dalk meer vanuit die Ou Testament geneem is. Maar as ons kyk na belydenis as sulks, dan is die belydenis dat Jesus die Here is (en nie die Keiser nie) 'n belangrike vertrekpunt. Dit gee 'n vaste punt vanwaar gewerk kan word, waaraan jy jou kan anker.

JAN: So, die konsep van belydenis kom ewe veel vanuit die Ou Testament en Nuwe Testament.

DAAN CLOETE: Ja.

JAN: Sou u sê dat die Belhar Belydenis nou nog funksioneer, soos in die liturgie?

DAAN CLOETE: Ja, dit word nog dikwels gebruik, ook in die erediens. Daar is mos 'n verkorte weergawe wat vir die erediens geskryf is. Ons het verlede jaar die konferensie gehad wat die 20 jaar sedert Belhar se aanvaarding gevier het.

JAN: Sou dit verkeerd wees as mense in die NG Kerk wat nog rassisme beleef, of wat regstellende aksie negatief beleef, hulle op die Belhar Belydenis beroep?

DAAN CLOETE: Wel, sodra jy 'n belydenis opgestel het, en dit is aanvaar, dan gee jy dit in die hande van ander mense. Daar is nie 'n standaard interpretasie daarvan nie. Jy het jouself eintlik uitgelewer met daardie belydenis. Jy het gesê: "Dit is waar ons staan met hierdie saak." Geen kerk kan sê dat daar net een interpretasie van die Drie Formuliere van die gereformeerde tradisie is nie. Ons interpreteer dit op allerlei maniere. Wat wel gebeur, is dat wanneer jy dit op jou manier interpreteer, dan moet jy verwag dat mense met jou gaan saamstem of verskil. Die belydenis is nou openbaar en daarom deel van 'n openbare debat. Die kerk kan wel sê dat 'n bepaalde interpretasie nie geldig is nie, maar jy kan nie sê dat die belydenis nie beskikbaar is vir mense om te gebruik nie. As mense dit wel gebruik kan jy vra of hulle dit gebruik omdat hulle dit aanvaar of nie.

JAN: Ek sien die Belhar Belydenis as 'n belydenis, want daar is mense wat dit reeds bely. Daar is wel mense wat dit nie aanvaar as hulle belydenis nie, maar dit neem nie die feit weg dat daar mense is wat dit as hul belydenis sien nie.

DAAN CLOETE: Ek het gehoor dat daar in Nederland 'n gesprek is oor Belhar. Nou begin ek agterkom dat daar in Nederland begin hulle ook al 'n rasse-probleem ontwikkel – en hulle vra: "Hoe nou?"

Mense is bang dat daar 'n vermenigvuldiging van belydenis gaan kom – waarteen ek ook sal beswaar hê – dat ons vir elke dingetjie 'n belydenis wil opstel. Ek was eenmaal in New York by 'n konferensie waar ons hierdie derde wêreld belydenisse gehad het. Uit Korea, Taiwan, Kuba en Suid-Afrika was daar belydenisse – dan lyk dit asof mense oral in die wêreld nou belydenisse wil opstel. Daarteen moet mens ook bietjie waak – dit moet regtig 'n situasie wees waar jy amper nie 'n keuse het nie – waar jy dit moet doen ter wille van die eer van die kerk.

JAN: Binne watter tipe situasie sou u sê is dit geregverdig om 'n belydenis op te stel?

DAAN CLOETE: Dit weet ek ook nie. Belydenisse is kontekstuele goed. Konteks bepaal in 'n groot mate wanneer dit nodig word. Dit was met die Drie Formuliere ook so – 'n tipe situasie waar jy werklik nie meer 'n keuse het anders as om te sê wat die Skrif sê, ter wille daarvan om jou selfrespek te behou – en waar die eer van God aangetas word. Dit is wat ons noem: 'n oomblik van waarheid.

Wat is die getuieniskarakter van kerk-eenheid? Wat is die boodskap wat ons (nou nog) na vore bring? Ek redeneer, dat as ons in die apartheidsjare vir die wêreld kon sê: daardie is politieke beleid (die politici moet maar sien hoe hulle dit wil hanteer), maar ons as kerk bly een – dan sou dit 'n wonderlike getuienis gewees het – waar die kerk teen 'n politieke belydenis in kon sê dat ons glo in die sigbare eenheid van die kerk – ons gaan een kerk word of bly. Ons het dit ongelukkig toe nie gedoen nie, juis omdat die NG Kerk die politieke beleid onderskryf het, so, dit sou seker onmoontlik gewees het. Maar dit is 'n geleentheid wat vir my gevoel verby gegaan het. Die tweede geleentheid was in 1994 toe Suid-Afrika 'n demokrasie geword het. Toe het 'n hele aantal kerke (byvoorbeeld die AGS) gesê: “Kom ons kyk na ander. Ons kon in die verlede nie werklik een kerk wees nie, maar nou kan dit gebeur.” Saam met die demokratisering van die land het hulle besluit om saam met die proses te gaan en een kerk te word – en ons het dit weer nie gedoen nie.

Tien jaar later het dit nog nie gebeur nie. Al wat ek wil sê is dat ons 'n paar geleenthede om te getuig, in die NG Kerk laat verby gaan het. Ek weet mense is nou daarmee besig, en dit is seker goed so, maar wat my persoonlik betref – die entoesiasme daarvoor is eintlik weg. Ek dink daar is 'n hele klomp ander goed wat vir my nou belangriker is: die sosiale kant van die samelewing moet in 'n groot mate nou voorrang geniet. Ek weet dat as ons een word, ons hierdie dinge ook saam kan aanpak. Ek help nou by ons kerk met daardie sosiale sake.

### **Opmerkings uit die onderhoud met emeritus professor Daan Cloete:**

- | Die Belhar Belydenis was 'n teologies verantwoordelike manier om te reageer op die situasie in die land en ook binne die kerk, spesifiek gerig teen die teologiese regverdiging van apartheid.
- | Die teologiese regverdiging van apartheid was 'n realiteit, aangesien leiers in die NG Kerk selfs nog teen 1980 apartheid in die openbaar probeer regverdig het. Aan die ander kant het die WBGK in 1982 standpunt teen hierdie teologiese regverdiging ingeneem deur die aankondiging van 'n status confessionis. Hierdie dinge was deel van die aanloop tot die Belhar Belydenis.
- | In retrospek kon die kerk nie anders as om 'n belydenis op te stel nie. Die kerk moes sy stem laat hoor, en die kerk moet dit altyd doen.
- | 'n Belydenis behou 'n bepaalde relevansie vir alle situasies. Dit geld vir die Belhar Belydenis asook vir die drie Formuliere van Eenheid.

- | Belhar is vandag nog relevant, want daar moet nog baie gewerk word aan eenheid, versoening en geregtigheid in Suider-Afrika (en die res van die wêreld).
- | In eenwordingsprosesse funksioneer Belhar as 'n tipe grondwet – al is dit soms moeilik om met so 'n proses voort te gaan, bly Belhar 'n motivering om daarmee voort te gaan.
- | Die emosionele waarde wat aan Belhar gekoppel word, maak die hantering van die Belhar Belydenis in die herenigingsproses baie moeilik. Een moontlike hantering sou wees om slegs by sekere geleenthede, soos die belydenis van geloof en bevestiging van ampsdraers 'n verbintenis aan die Belhar Belydenis te verwag. Verder is dit 'n dilemma waaroor nog nie sekerheid gevind is nie. Mense moenie gedwing word om Belhar te aanvaar nie.
- | In Belhar kom die kosnepte van *eenheid* en *versoening* meer uit die Nuwe Testament, terwyl die gedagtes oor *geregtigheid* weer meer in die Ou Testament voorkom.
- | Die Belhar Belydenis funksioneer nog sterk in die VGKSA, ook in die liturgie.
- | Die Belhar Belydenis is tot almal se beskikking om te gebruik en te interpreteer: dit is ekumeniese eiendom – ook in die nuwe omstandighede waarin mense hulle vandag bevind.
- | Daar moet ook gewaak word teen 'n vermenigvuldiging van belydenisse. 'n Belydenis word opgestel wanneer mens eintlik geen ander keuse meer het nie. Elke konteks bepaal of 'n belydenis nodig is.
- | Die getuiskarakter van die kerk-eenheid in die NG Kerk-familie is telkens misgeloop omdat eenheid nog nie plaasgevind het nie.

#### **7.14. ONDERHOUD MET ANONIEM 3 10 AUGUSTUS 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met ANONIEM 3 op 10 Augustus 2007. ANONIEM 3 het grootgeword in die Wes-Kaap en die Oos-Kaap en sy moedertaal is Xhosa. Hy het skoolgegaan in King William's Town en het sy bediening in die Wes-Kaap begin in die 1990's. Hy is beskou as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud omdat hy 'n jonger teoloog vanuit die VGKSA is, wat grootgeword het in die NGKA en daarom vanuit 'n ander hoek as die ander onderhoude kan respondeer.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Was u betrokke by die proses waar die Belhar Belydenis ontstaan het en aanvaar is in 1982 en 1986?

ANONIEM 3: Nee, ek het in 1985 matriek geskryf en ek was in die NGKA, so ek was nie op daardie stadium bewus van die Belhar Belydenis nie.

JAN: Waar het u bewus geraak van die Belydenis?

ANONIEM 3: Op kweekskool het ek eintlik eers daarvan bewus geraak. Dit was vanaf 1991. Ek was student op Dicoligny, en Belhar was iets van 'n warm patat gewees – jy praat nie daaroor nie. Jy moet verstaan, dit was 'n seminarium vir die NGKA, en die dosente wat daar doseer het, het dikwels gevoel Allan Boesak was gelyk aan die Belhar Belydenis. Daar het ek bietjie bewus geraak van die belydenis. 'n Jaar later is ek Fort Hare toe, en daarna na UWK. Daar het ek meer deelgeneem aan gesprekke daaroor.

JAN: So, die dosente by Dicoligny was meestal vanuit die NG Kerk?

ANONIEM 3: Ja, ek dink daar was destyds een voltydse dosent in die NGKA (ds. Buso), die ander was NG Kerk.

JAN: Hoe, sou u sê, het die NGKA, wat u geken het, die opstel van die Belhar Belydenis beleef?

ANONIEM 3: Daar was nie werklik enige spanning nie. Daar was verskille van opinie, maar dit is maklik aanvaar. Eers in 1994 met die eenwording-sinode is die gesprek rondom Belhar in die NGKA op 'n spits gedryf. Daarna het die probleme vanuit die Vrystaat en Phororo na vore gekom.

JAN: Wat is u eie gevoel oor die Belhar Belydenis?

ANONIEM 3: 'n Mens identifiseer met 'n sekere dimensie van die Skrif – waar jy grootgeword het, en jou denke. Ek het in 1985 matriek geskryf, wat 'n baie moeilike jaar was. Daar was baie onrus en stakings en politieke konflik. Ek dink byvoorbeeld aan Zwelitsia, waar gemeentes van die NGKA spanning beleef het tussen die sendelinge en die Xhosa-sprekende predikant – dit was ook sigbaar in die skole. Jy raak in daardie konteks groot, wat maak dat mens jou identifiseer met 'n sekere perspektief van die Skrif vanuit jou omstandighede. Wanneer daar dan 'n teks soos Belhar kom, aanvaar jy dit maklik. In 1986, na matriek, was ek in *Pentech* gewees en in Athlone gebly in 'n koshuis. In daardie tyd was ek deel van 'n gemeenskap (“community”) en beleef hoe 'n priester gedeporteer word. Plaas nou die Belhar Belydenis binne daardie konteks, dan spreek dit jou positief aan. Dit is deel van 'n spektrum van jou eie spiritualiteit – dit wat deel van jou is – jy gaan net aan, dit is deel van jou etos. So het ek dit persoonlik begin aanvaar – nie omdat dit my direk aangespreek het nie – dit het maar net deel van my geraak: “Dit is maar hoe dit is.”

JAN: So, die dokument het eintlik maar gesê waarmee jy self geworstel het.



ANONIEM 3: Ja, jy moet onthou dat mens ook maar altyd daardie stuk identiteitsvraag het: wie jy is en waar jy staan teenoor 'n klomp goed. Ek dink dit is 'n breë etos van tipies swart gereformeerde te wees – dit is almal – daardie soort spiritualiteit wat gedeel word.

JAN: Hoe verstaan u die reaksie van die NGKA in die Vrystaat en die Phororo, waar sommige besluit het om nie deel van die VGKSA te word nie?

ANONIEM 3: Dit is 'n moeilike gebeurtenis. Die kerk het in 'n mate geskeur, so dit is nie lekker vir ons almal nie. My vraag is net altyd of diegene wat 'n probleem het nie daarvoor kan praat en mens kan agterkom wat lê daaragter, wat is die motivering, wat was die invloed vir hierdie optrede nie. Dit het so 'n invloed op mense se lewens in die Oos-Kaap, dat 'n handjievol mense beheer kon neem.

JAN: Weet u van gevalle waar dit oor die Belydenis van Belhar gegaan het?

ANONIEM 3: Nie waarvan ek weet nie. Almal is deur die sinode-besluite en op daardie stadium was daar nie probleme nie. Dit kon later gebeur het, maar daar was nie gemeentes en ringe wat besluit het teen die Belhar Belydenis nie.

JAN: In die herenigingsproses, sou ek graag wil weet, of die Belhar Belydenis waarde het vir die NG Kerk, of selfs vir 'n moontlike toekomstige verenigde NG Kerk?

ANONIEM 3: Ek dink dit het waarde, dit het waarde vir enige van die kerke in die NG familie in Suid-Afrika, maar dit het net waarde sover as wat teologiese elemente wat in daardie gemeente of kerk dominant is, of die spiritualiteit wat in daardie gemeente dominant is – as voedingsbron wat die waarde uitbring. Belhar gaan nie in 'n leë blik gegooi word waar daar niks teologie of spiritualiteit is nie. Die waarde gaan bepaal word deur die spiritualiteit van daardie gemeente, of ringe of kerk – deur dit wat daarbinne gebeur. Ek dink nie die waarde kan hang nie, dit moet voete kry – soos enige belydenis of teologiese tema soos versoening – iewers moet 'n voedingsbron wees daarvoor.

Ek sien Belhar soos enige belydenis met teologiese temas en 'n spiritualiteit daaragter. Mense kan dit voete gee binne hulle konteks, maar ek dink die konteks waarbinne hulle is gaan ook bepaal of dit waarde gaan hê. Jy sal definitief nie Belhar kan afdwing op mense nie, en gemeentes gaan verskillend daarop reageer. So, sy waarde word deur 'n konteks bepaal.

JAN: So, as ek reg is, het Belhar in die 1980's binne 'n bepaalde konteks tot stand gekom, en dit is baie duidelik wat die implikasies daarvan is. Maar nou trek ons by 2007, wat 'n ander konteks is, en binne elke konteks sal elke gemeente en persoon moet bepaal wat die waarde vir nou is.

ANONIEM 3: Ja, die implikasies vir nou is ook gekoppel aan die historiese aspek. As jy vra wat die implikasies is, moet jy ook vra: “Hoe dink ons aan Belhar soos hy gekom het?” om die waarde te ontdek – so dit is ‘n kontekstuele ding nou, maar dit het ook daardie historiese aspek. Al hierdie faktore het ‘n impak op hoe mens nou daarvoor praat – en as die waarde vir mense oopgemaak moet word, dan sal ons daardie gesprek moet voer. Waarde word geskep vir mense soos ‘n pakkie wat jy oopmaak, en as ons nie daardie gesprek voer nie, dan gaan Belhar ons nie help nie. Ons kan Belhar nie net lees in die politieke konteks van vandag nie, net soos ons dit ook nie net in die politieke konteks van die verlede kan lees nie. Mens moet Belhar definitief wyer sien as net die politieke konteks. Daardie “wyer” word ook weer bepaal deur hoe mense daardie konteks lees in hul gemeente of tussen hulle groep mense – dit is ‘n moeilike ding.

As jy praat van die waarde van Belhar, praat jy van die inhoud daarvan, of praat jy van die etos (spiritualiteit) daaragter? Waarvan praat ons? Dit is komplekse prosesse. Hoe kry jy dat mense daarmee identifiseer en sê: “Dis waardevol vir ons”? Dit is ‘n lang proses. Dit is maklik om te sê: “Die inhoud is reg, kom ons aanvaar dit almal”, maar dit is nie net inhoud nie. Dit is ‘n hele proses. Mense se verstaan daarvan lê diep – mense se verhouding met ander mense, al daardie faktore, die sosiale elemente, saam met wie jy vriende is, saam met wie jy werk en waar, saam met wie jy braai, wie jy nooi om saam met jou rugby of sokker te gaan kyk. Dít is vir my die konteks waarbinne hierdie ding voete moet kry, en die vraag is: “Hoe word daardie ruimte geskep vir mense om ook hierdie waarde van Belhar uit te lig?”

So, daar is ‘n teologiese dimensie en daar is ook sosiale prosesse van hoe mense omgaan met mekaar en waar mense leer om mekaar te aanvaar. Ek wonder of gesprekke daar rondom al plaasgevind het. Ek weet daar is voorstelle soos dat gemeentes maar outomaties van die grond af bymekaar moet kom en saamwerk om die dinge van onder af te laat gebeur. So, konteks vir my is nie net die breë politieke omstandighede nie, maar daar is ook ‘n sosiale dimensie waar mense mekaar in ag neem - en daardeur kry Belhar voete.

JAN: Het u al ‘n idee van hoe so ‘n proses aan die gang gesit kan word?

ANONIEM 3: Sjoë, dit is ‘n “tall order”! Ek dink mense sal self moet kyk wat die beste sal wees binne elke konteks. Jy sal letterlik moet kyk na mense met wie jy alreeds ‘n verhouding het, waar verhouding tog gevorm is. ‘n Hele aantal gemeentes het al klaar ‘n verhouding met ‘n dominee of ‘n paar mense van ‘n ander gemeente, wat hulle kan help om daardie eerste tree te kan gee – mense wat dalk oor ‘n paar goed saamstem – nie dat jy ander wil uitskuif wat verskillend dink nie! Dit is juis die probleem – wanneer net ‘n paar mense saamkom wat oor alles saamstem en dan kom jy later agter dat jy ander agtergelaat het wat anders daarvoor dink. Dit is ‘n gesprek waar

daar ruimte is vir 'n diverse verstaan van hoe mense dinge sien. Dit gaan oor verskillende invalshoeke.

As ek nou betrokke raak in so 'n groeps gesprek – ek is nie in 'n gemeente op die oomblik nie – weet ek presies wie van die mense is wat oor sekere goed op 'n bepaalde manier dink. Jy moet maar daar begin.

JAN: So, daar is 'n bepaalde groep mense by wie jy klaar aansluiting kan vind vir 'n gesprek oor Belhar?

ANONIEM 3: Ja, daar is mense wat jou reeds ken, wat in jou integriteit oor die saak sien. As jy die dokumente van die verskillende kommissies [van die verskillende kerke van die familie van NG Kerke] lees, kan jy sien dit is mense wat al 'n bepaalde pad gestap het met die etos van Belhar. Hulle het al sekere waardes gevorm oor hoe hulle met mekaar gaan praat. Die vraag is net of hulle hierdie proses al afgewentel het tot op gemeentevlak. As daar 'n kommissie van 30 mense sit, en hulle het sekere waardes gevind in terme waarvan hulle mekaar wil benader, kan hulle nie daardie tegniese waardes begin afwentel nie, mekaar begin help om daaroor gesprek aan die gang te sit nie?

JAN: Jy sou dus prakties 'n groep predikante bymekaar kry en hulle dan die vaardighede gee om so 'n gesprek ook in hul gemeentes aan die gang te sit.

ANONIEM 3: Dit hoef nie net in vergaderings en kommissie-gesprekke plaas te vind nie, maar ook in die erediens. Daar kan mense die geleentheid kry om die belydenis te bely, sonder om twee keer te dink, en dan vir mekaar te vra: “Wat beteken dit vir jou as VGKSA lidmaat, as Afrikaanssprekende, as Xhosa-sprekende, Sotho-sprekende lidmaat, as jy die belydenis bely?” Dan maak jy ook ander deure oop vir daardie mense. Ek dink as mens dit doen, kan jy die Belhar Belydenis gebruik om verskillende soorte kommentaar te lewer op vandag se konteks. Mense se eie ervaringe: mense wat sukkel met armoede, wat sukkel met 'n hele klomp sosiale probleme – as dit oopmaak, dan kan jy sien hoe dit vir daardie mense ook al tog geskuiw het? Gaan gesels bietjie met lidmate wat dit elke week bely, en vra vir hulle: “Wat beteken dit vir jou?”

JAN: Dit beteken dat in die ontdekking van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk, die VGKSA en NGKA lidmate 'n belangrike rol daarin kan speel.

ANONIEM 3: Dit is absoluut so. Dit is een van die mees belangrike dinge om te doen, want van daardie lidmate ontmoet mekaar. Die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes is missionêr ingestel, maar as jy missionêr ingerig word, dan is dit ook om jou ekumenies oop te maak na ander

mense toe. Jy kan nie agterna gaan dink: wat maak jy met hierdie goed om dit missionêr te maak nie? Versoening is inherent deel daarvan om missionaal te wees.

Dit is 'n interessante vraag. Ek wonder, as mens gesprekke voer waar die Gestuurde Gemeentes mekaar ontmoet in gemeentes. Ek kan net dink as 'n gemeente van Saron 'n ander gemeente in Goodwood ontmoet, en Saron se konteks is 'n sterk konteks oor die Belhar Belydenis al die jare. Nou is hulle betrokke in 'n missionale vennootskap wat begin groei, dit is waar daar dan kontak kom tussen twee verskillende wêreldes. Of hulle nou direk gaan praat oor Belhar of nie, en of hulle die Skrif gaan uitpak of nie, hierdie verskillende dimensies is daar. Die saad is daar, en dit is wat ek bedoel met die missionêre konteks – en daar is soveel gemeentes wat al hiermee begin het en hierin belangstel.

Dit is vir my belangrik, dat jy so praat oor Belhar, dat dit jou nie lam maak nie, maar dat jy voel jy wil nog uitreik, jy wil nog betrokke raak. Daar lê dit – nie net waar gemeentes betrokke is by mekaar in projekte nie, maar ook waar daar 'n missionale gesprek oor identiteit gevoer word. Dit is belangrik dat gemeentes so by mekaar betrokke is, waar mense mekaar leer ontdek – nie alleen nie, maar met mekaar oor grense heen. Anders sit ons net in vergadering (wat ook belangrik is) en raak kwaad vir mekaar, of verstaan mekaar verkeerd, of kyk net na ons eie probleme (binne-in onself).

David Bosch beskryf die pastorale dimensie van die Joods-Christelike konteks (jy is 'n Jood, maar ook 'n Christen, en dan is daar die ander heidense nasies), dat mense nie mooi weet wat om te doen nie, hulle word gespot en dan sukkel hulle met hul identiteit: "Wie is ek eintlik nou?" Dan is dit 'n gesprek rondom identiteitskrisis, waar jy die pastors inroep om jou te help. Maar daar is ook die missionale dimensie, waar daardie selfde mense moet uitbeweeg. So, dit lyk vir my dat as die gesprek net binne plaasvind, dan is dit 'n gesprek van identiteitskrisis, rondom 'n ander klomp krisisse wat daar is. Mense is al klaar so moeg, hulle sukkel met werkloosheid, hulle sit met 'n groot klomp probleme. Dan noem is daar nog goed soos "affirmative action", ons mense kry nie werk nie, ons jongmense is oorsee. Ons mense soek die pastorale dimensie. Die predikante moet hulle help om daardie identiteitskrisis aan te spreek. Die vraag is: "Wat gebeur met die missionale dimensie?" Ek dink dat, as die gesprek ook vanuit die missionale konteks kan plaasvind, dan kom al die dimensies bymekaar. Nou verstaan jy my eie motivering en my hoop daarvoor as mense bymekaar uitkom. Mense moet blootgestel word, dit is vir my belangrik!

Ek het op 'n keer saam met mens e van die Kommissie vir Getuienis Aksie (KGA) getoer (daar was byvoorbeeld Martin Pauw, Themba – wat nou oorlede is – Mary-Ann Plaatjies, Naidoo van die RCA). Daar het 'n hele klomp dinge gebeur. Op een stadium, as ek reg is, het ons in Malawi 'n gesprek gevoer met lidmate uit Zimbabwe. Hulle was boere wat 'n paar goed en plase verloor het. Een van die persone is 'n vrou, wat vertel wat met haar gebeur het. Sy het alles verloor – en dit is

vir haar bitter moeilik – maar in die proses, toe sy begin uitreik na vlugteling (nou sien jy die dimensie van die identiteitskrisis), toe is sy halfpad ook weer genees. Dit wys daardie spanning tussen die twee soorte identiteit – ‘n missionaal-pastorale een. Dit is vir my belangrik. Ek dink, as die gesprekke plaasvind is mense seer, en mense vra wat hulle vra, en die eerste ding wat hulle vra, is: “Hoe gaan ek nou verder my toekoms aanpak? Hoe gaan ek vorentoe maak met my identiteit, my krisis?”

Dit is hoekom ek sê dat dit nie alles vir die leiers gegee moet word nie. Dit lyk asof die NG Kerk leiers dikwels alleen gewerk het. As jy alleen staan, en daar is ‘n ander predikant van ‘n gemeente van die VGK in dieselfde omgewing, behoort jy hom saam te nooi om ‘n gesprek te voer – maar dan moes julle twee ook al ‘n pad gestap het, of iemand moes jul al gehelp het om so ‘n situasie te hanteer.

Kom ek noem ‘n voorbeeld. Toe ek in die Koue Bokkeveld was, is so ‘n gesprek onder leiding van Bossie Muller gevoer. Ek onthou ons was een Sondagaand in Worcester NG Kerk, waar ‘n groep mense bymekaar was. Hulle het ons net gevra waarvandaan ons kom, en hoe ervaar mense die Belhar Belydenis. Soos hulle vir ons vrae gevra het, het ek agtergekom hoe verskillend die mense binne daardie selfde gespreksgroep was. Mens moet daarvan bewus wees en jy moet dit kan hanteer. Om dit te kan hanteer moes jy ook al ‘n paadjie gestap het en bewus wees van jouself. Kom ons neem as voorbeeld jong dominees wat pas afgestudeer het. Hoe lank neem dit hulle om deur daardie gemeentes te beweeg en gesprekke te kan lei? Hulle moet versterk word. Hulle is nie almal op dieselfde vlak nie. Op die oomblik is daar net ‘n paar dominees in die sinode wat kom en die gesprekke lei. Daar is ‘n paar dominees wat mekaar bou, maar nie weet waar hulle staan nie – in terme van hulle jare in die bediening ook, nie net hulle standpunte nie. Hulle moet bewus wees van daardie diversiteit in die NG Kerk en daardie diversiteit nog bietjie meer uitbou deur ook ander lidmate en sommige van die VGKSA predikante in te sluit. Dit is wat ek noem die sosiale dimensie van Belhar wat hierdie gesprek kan ontdek.

Die waarde van die Belhar Belydenis, soos enige ander belydenis, kan ‘n kop-ding wees, hy kan hang – en tog terselfdertyd is daar ‘n paar aanknopingspunte wat kan plaasvind – en mens moet dit sien, jy moet jou posisioneer en jy moet oop wees daarvoor. Jy kan nie in die more opstaan en dink jy gaan skielik positief wees daaroor nie. Jy gaan ook nie in die more opstaan en ontdek wat Belhar se werklike waarde kan wees nie. Dit gaan nie gebeur deur net ‘n paar mense en fasiliteerders in te bring wat ‘n bietjie konflikhantering kan doen nie. Die waarde van die Belhar Belydenis is ‘n spirituele saak met ‘n sosiale dimensie. Mens moet die prosesse ook op hierdie manier verstaan. Jy neet nie net mense in ‘n tegniese sin daarheen nie, dit het ook ‘n sosiale dimensie.

Toe ons vroeg in die negentigs in Jeffrey's Baai saam met die studenteleiers begin vra het: "Hoe kan ons mekaar help?" het sommige van ons jong vriende gesê: "Hoe gaan ek terug huis toe na my ma en pa, hoe praat ek hieroor?" Daar het ons die gesprek gemis. Die vraag is: Wat het gebeur in terme van die jong leiers? Wat het gebeur in terme van die moderator wat ons kom toespreek het en gehoor het wat ons gesê het? En as ek nou terugdink, dan dink ek dit is nou presies hoe dit werk. Jy kan nie net inligting gee en die waarde ontdek nie, maar mense moet gehelp word, nie net op tegniese vlak nie, ook op 'n spirituele vlak. Daar moet ruimte geskep word waar mense mekaar kan vind. Eers dan is hulle op weg met mekaar en besig om missionêr te wees – op weg met mekaar.

Ek dink nie goeie idees is genoeg nie. Jy sien hoe ek persoonlik daarvoor voel en hoe ek voel wat dit vir myself beteken, maar ook dit vir beteken vir al ons gemeentes in die NG Kerk familie. As ons nie meer met mekaar op weg is nie, dan begin ons om in ons missionêre taak te faal. Ek dink daar is nog geleentheid vir ons om terug te kyk en te vra: Wat beteken dit vir ons om regtig missionêr te wees?

Ons kan nie die Amerikaanse missionêre debat slaafs navolg nie, want ons konteks vra ander vrae. Die vraag is hoe ons dit kan bestuur. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n tema wat binne 'n missionêre konteks kan beland, en nie net uit teologiese en abstrakte begrippe bestaan nie, maar ook op die grondvlak 'n invloed kan uitoefen. Die mense is al klaar daar, hulle wil beweeg. Dit is hoekom ek so opgewonde is oor van die goed wat ek al gehoor het.

Ek dink aan die voorbeeld van Kraaifontein VGK gemeente. Dit is 'n baie groot gemeente. Hulle het ná 'n gesprek met hul vennootskap, 'n bussie vol mense geneem het en in 'n tipiese tradisionele NG Kerk sendingmodus na 'n ander Afrika-land gereis het. Kan jy nou sien hoe daardie swaai gekom het vanuit die vennootskap? Dis mos missionêr. Jy hoef nie op 'n spesifieke uitreik te gaan nie, daar is ook ander maniere.

Ek dink die Amerikaners praat oor missionaal omdat hulle sukkel met 'n ander klomp sake, wat bietjie anders is by ons.

JAN: Wat is missionêr vir u?

ANONIEM 3: Dit is 'n hele klomp goed rondom mekaar. Ek dink letterlik hoe mense hulself ontdek in God – wie hulle is – en as gevolg daarvan uitreik, en mense se denke te laat skuif in terme van wat hulle glo, of nie glo nie. Missionêr is op daardie vlak. Dit is vir my, in kort, om in jouself te verstaan wie God eintlik is (jou identiteit voor God) en om as gevolg daarvan uit te reik na ander. Dit gaan daarvoor om ook letterlik 'n verskil te maak aan hul lewens. Dit maak nie saak of dit nou

grense oorskry in terme van ongeloof na geloof, of om te skuif in terme van sosiale aangeleenthede soos klas nie. Daar is 'n hele aantal dinge wat hiermee verband hou.

So, *missionêr* sien ek nie net as iets wat groot politieke dimensies het nie, dit is letterlik iemand wat ook betrokke is in ander mense se bestaan.

JAN: Dan verstaan ek ook die ekumeniese verbinding daarin. Deurdat gelowiges wat 'n bepaalde punt bereik het, na mekaar uitreik, kan hulle ook groei in hul geloof – en dit is alreeds 'n missionêre gebeurtenis.

ANONIEM 3: Ja. Dit is missionêr. Dit is die hele missionale beweging. Hoe ons die Skrif lees raak dan 'n missionêre modus – hoe kom God na my toe? Wat moet ek op daardie vlak verander? So, sonder om 'n sekere doel na te streef, net die missionêre lees van die Skrif bring al klaar die moontlikheid vir my om te verander. Ek moet aanhoudend verander – 'n tipies gereformeerde teologie. Jy kry alreeds 'n baie sterk missionêre dimensie in die lees van die Skrif. Die normale manier van lees is om 'n sekere missionêre teks te lees, maar hier gaan dit daarvoor om alles wat jy lees met 'n sekere invalshoek te lees [missionêre bril], waar God my letterlik “kyk”, my opdrag gee. Dit is dus 'n ander manier van plaasvind.

JAN: So, missionêr beteken vir u om al hoe nader te kom aan wat Christus vir my bedoel hier op aarde. As Christus dus in die middel staan en ons staan verder weg, is missionêr om al hoe nader aan Christus te beweeg.

ANONIEM 3: Ja.

JAN: Dit sou ook kon beteken: om te sê die NG Kerk moet die Belhar Belydenis moet aanvaar sodat eenwording kan plaasvind is verkeerd-om. Mens moet eerder sê: binne hierdie eenwordingsproses wat plaasvind, sal mense ontdek wat die waarde van die Belhar Belydenis is, juis in hulle kontak met mekaar. Want een groep mense leef reeds wat in die Belydenis staan, terwyl 'n ander groep nog onbekend is daarmee, maar in hulle kontak met mekaar, juis ook op 'n gestruktureerde manier, ontdek mense hoe hierdie dokument lewend is.

ANONIEM 3: Die gestruktureerde herenigingsproses is één van die maniere waarbinne hierdie kontak kan ontwikkel, maar dit is net één. Daar is ander maniere van kontak tussen mense. Die vraag is net dat mense in gesprek moet gaan, om uit te vind waar mense staan. Waar die persoon of die gemeente se doel is, en van waar hulle gaan aan beweeg van daar waar hulle is. Waar iemand gaan of nie, daar moet ook verskillende benaderings wees. Dit is ook nie oral dieselfde nie. Daar moet ons ook verskillende benaderings hê. Ons moet ook mense langs die pad ontmoet.

Ons kan nie die lyn daar trek en sê dit is verkeerd dat die NG Kerk dit moet aanvaar nie. Die vraag is eerder om vas te stel waar mense is. Wat maak ons met mense wat sê: “Ons aanvaar dit, en gaan aan.”? Wat maak ons met ringe en sinodes wat sê: “Ons aanvaar dit, en gaan aan.”?

Dit is vir my ‘n pastorale dimensie. Mens hoor baie jy moet pastoraal met mense omgaan, maar jy moet ook missionêr met mense omgaan. Mense sê dikwels: “Hierdie is die eiesoortige vrae wat ons het, en ons wil tog ‘n bietjie gekoester word” – dit is pastoraal. Maar hoe gaan jy ook missionêr met mense om en bring hulle in kontak met ander op weg na Christus? Dit is hoekom daar hierdie prosesse is. Daar is egter nie net nog prosesse nie, maar daar is ook ‘n streng missionale dimensie, en dit is hoekom ek dink dat Belhar op sekere vlakke nog gaan help om die missionêre dimensie uit te bring.

Die vraagstuk om ‘n blok voor mense te plaas en te sê: “Aanvaar dit of nie!” – dit is iets anders. Dit is ‘n ander soort gesprek. Van die goed kom so oor, in die media – mense praat daaroor. Maar as mens nou sit in ‘n klein kring, en jy maak oop - dit sal interessant wees om te sien hoe ‘n gesprek in ‘n gemeente gelei kan word rondom hierdie aspek. So, die manier waarop ek dink mens dit moet benader en hanteer is dan belangrik.

Die pastorale dimensie kom hierby in, maar ook die missionêre dimensie. As jy daardie twee by mense in kontak kan bring sodat hulle kan ontdek wie hulle voor God is en wat hulle vir mekaar kan beteken en wat hulle vir ander kan beteken wat buite daardie kring of op ander plekke staan. Ek dink ook die twee aspekte loop parallel. Ek dink dat mense wat tipies sending-georiënteerd is, is besig met missionaal. As hulle pastoraal is, dan gaan dit oor binne-pastorale goed. Dit is nie ‘n manier om hulle uit te help uit hulle pyn en al daardie klomp vrae nie. Dit is hoekom die stelling wat gewoonlik gemaak word dat die NG Kerk nog later sal besef wat die betekenis van Belhar is, tog net ‘n stelling is! Dit moet voete kry. Dit beteken niks as jy dit net sê nie. Wat bedoel jy daarmee? Wat is dit?

JAN: Ek het onlangs ‘n interessante gesprek daaroor gehad. Daar is die vraag gevra of mens die beginsels van die Artikel van Versoening (in Belhar) op ‘n huweliksverhouding kon toepas?

ANONIEM 3: Jy sou dit kon kontekstualiseer, en dan jou vraag vra, maar as jy dit daar uithaal, dan haal jy dit uit ‘n konteks uit. In die Bybel kom albei tipes versoening voor, en mens sou albei se kontekste moet oopmaak om dit te verstaan.

Kom ek gebruik ‘n voorbeeld. Toe ek getroud is met my vrou, wat nie Xhosa is nie – so ‘n teks sou vir my baie sinvol gewees het, want onmiddelik identifiseer jy op ander vlakke ook wat versoening vir jou oor kleurgrense heen beteken. Dan het ek onmiddelik daardie konteks anders



geïdentifiseer. Dan het ek gedink oor wat die kerk dalk gesê het oor kruis-kulturele huwelike. Onmiddelik kyk ek anders na ander mense wat dalk met dieselfde probleem worstel. So, dit raak deel van my storie, maar dit bemagtig my ook om ander mense te help wat dalk 'n krisis het in die toekoms. Dan is dit in konteks. Dit is natuurlik 'n uitdaging in jou gemeente, as jy byvoorbeeld die tradisionele huweliksformulier lees, en die volgende oomblik sê jy iets oor Belhar se versoening – ek wonder?! So, dit maak 'n klomp goed los – dit kan soveel kante wees, dit kan 'n brug wees na ander goed. Dit is hierdie teks wat jou so missionêr maak – dit spreek jou eers aan, voordat jy aan ander mense kan wys wat dit vir hulle kan beteken in 'n huweliks-konteks. Dit is 'n hele teologie. Dit is waardevol in verskillende kontekste. Wat maak mens met die konteks soos wat dit is? Die konteks van die gemeente of die paartjie sal bepaal wat gebeur. Dalk sit daar mense wat, onmiddelik wanneer hulle “Belhar” hoor, dadelik 'n klomp blokkasies het. Hulle hoor nie eens wat jy verder sê nie. Dit is vir ander mense dalk iets ander.

Dit is die dinamiese proses van die teks, die Gees en die prediking en al hierdie dinge – maar waar gebid word, kan 'n klomp goed gebeur! Maar as ons 'n teologiese begrip wil vat om net 'n paar goed in te sit omdat dit iewers van 'n ander konteks af kom, of net iets “nice” wil sê, dan is dit iets anders. Hoe ras en ander begrippe gebruik word, daardie konteks moet mens verstaan. Die teologiese, die spirituele en sosiologiese aspekte van mense is tog belangrik. Mens moet 'n gevoel daarvoor hê om dit op te tel in 'n gemeente.

My ervaring in die Koue Bokkeveld waar ek gewerk het, was dat mense met dieselfde probleme geworstel het – mense van die wit gemeente en die VGK op alle sosiale vlakke. Dit was vir my die lekkerste om in bidure te kom en te sit en te hoor mense dink oor 'n klomp goed. Ek onthou een van die pragtige gesprekke was toe al die werkers wat uit die Oos-Kaap uit kom, soek vir werk. Dit was droog en almal het gaan bid vir reën, en die reën kom, en die mense kom, maar toe reën dit so dat die mense nie kan gaan werk nie! Nou vra 'n bybelstudiegroep: “Wat maak ons nou? Die mense kos [geld], wat moet ons nou maak?” Dit gaan óór die klas-grense heen, omdat hierdie sake anders hanteer word.

Maar dit beteken ook nie dat julle nie oor die ander moeilike goed moet praat nie. Sodra julle met mekaar praat, dan vertrou julle mekaar en daar word integriteit opgebou oor tyd heen, en so word 'n konteks geskep sodat julle oor die moeilike goed kan praat. Jy het verskillende mense nodig. Op sekere plekke sal jy ook maar net stil moet bly wanneer iemand anders praat as gevolg van enige ander party wat ook daar is, maar jy sal dit ook maar moet aanvaar dat dit so is. Anders gaan ons aanhou verdedig en verdedig... oor en oor dieselfde, waar iemand dalk net iets anders kon gesê het in daardie konteks. Dit is letterlik om te kan “discern” en te kan voel - wat ook missionêr is vir my. Ek het al geleer, omdat ek met leiers gewerk het in verskillende kerke, het ek dit geweet: as sekere dinge opkom en as sekere mense praat, dan bly jy stil – dit is missionêr – “a moment of silence”. So, daar is 'n spiritualiteit wat daaragter lê – om missionêr te wees – anders

gaan ons die temas nog steeds dogmaties dodelik hanteer. Ons gaan al ons mooi instrumente gebruik, maar ons los die kos in die kombuis, in plaas daarvan om vir die mense te sê: eet, hier is dit. So, ek dink die hele spirituele dimensie is uiters, uiters belangrik. Nou kan jy vra wat bedoel ek daarmee – dit is ‘n hele klomp goed. Dit is hierdie moeilike groep. Ek dink ons moet maar bietjie by die sosioloë en die ander mense ook gaan luister oor hierdie prosesse – om die mens te verstaan...

JAN: So, bedoel u dat die persoon wat hiermee werk dus ‘n aanvoeling vir mense moet hê?

ANONIEM 3: Ek dink ons het almal (in die bediening) ‘n aanvoeling vir mense – dit lê wel op verskillende vlakke – ons moet net weet wie is waar. Dit gaan nie ‘n paar leiers wees nie, dit gaan nie ‘n paar mense in die moderatuur wees nie. Nee, daar is mense in gemeentes wat dit kan doen. Ek onthou in Worcester het ‘n onderwyser opgestaan wat in ander kringe begin beweeg het, en as hy praat dan hoor jy dat hy iemand is wat anders werk. So iemand moet jy dan kan gebruik. Hy is nie teologiese opgelei nie, hy is ‘n gewone lidmaat – maar hy het net ‘n aanvoeling vir menswees – om die goed dan te kan kleur. Van daardie rykheid weet ons alreeds. Ons moet dit identifiseer om dit te koester, om mense te help om grense oor te steek.

As ek *Uitsig* toe gaan en *Wallace View* toe gaan, dan weet ek presies wie is van die mense wat ek moet vat en bietjie help en koester en sê: “Daar, kom ons gaan.” Ons het dit almal, maar dit moet net uitgelig word, want ek glo die Gees werk in ons almal en dit moet net uitgelig word. Ons het te lank van bo af gewerk. Ons gaan nie daardie paradigma gou swaai nie. Mense wil nog hê ons moet so werk, as dit hulle pas onder. Nou val ons maar weer in soos dit is. Nou raak ons haastig en ons trek, en nou gaan dit so aan.

JAN: Ek hoor by iets van die postmoderne, die ope denke van die nuwere geslag, om vanuit verskillende oogpunte na ‘n saak te kyk en dat ons nie mense gaan voorskryf nie, maar eerder die Heilige Gees vertrou in hierdie proses.

ANONIEM 3: Absoluut die Heilige Gees vertrou, en aan die ander kant ook mense se motiverings op die tafel plaas – dat die Heilige Gees ook deur ons moet werk. As daar sekere ideologiese sake is wat aangespreek moet word, dan moet die Gees ook daarmee werk en ons moet met mekaar worstel daardeur – saam met die Gees. Dit is wat ek bedoel daarmee dat ons moet oopmaak. Die postmoderne gedagte dat alles reg is en almal reg is – dit kan nie wees nie. Alles is ook nie maar reg en aanvaarbaar nie.

**Opmerkings uit die onderhoud met dr. ANONIEM 3:**

- | Die Belhar Belydenis was vir Anoniem 3 'n uitdrukking van sy geloof, binne die konteks waarin hy geleef het toe dit tot stand gekom het.
- | Die skeuring wat in die NGKA ontstaan het ná 1994, is nie 'n "lekker" gebeurtenis nie, en die presiese oorsake is nie vir Anoniem 3 duidelik nie.
- | Die waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk word bepaal deur die spiritualiteit van die kerk. Die waarde van 'n belydenis kan nie in die lug hang nie, die belydenis kry waarde binne 'n spesifieke konteks.
- | Die waarde van die Belhar Belydenis word beïnvloed deur 'n teologiese dimensie én sosiale prosesse (hoe mense omgaan met mekaar en waar mense leer om mekaar te aanvaar). Het gesprekke daarvoor al plaasgevind?
- | Om so 'n proses aan die gang te sit, sal mens moet begin by jou bestaande verhoudings en van daar af mense by die proses betrek.
- | Die vaardighede waarvoor die kommissies van die NG Kerke beskik om met mekaar in gesprek te tree behoort oorgedra te word na gemeentes waar dieselfde tipe gesprekke gevoer kan word.
- | Hierdie gesprekvoering kan ook in die erediens gevoer word. Lidmate van verskillende kulture kan met mekaar begin praat en diegene wat Belhar elke dag bely, kan vertel wat dit vir hulle beteken.
- | Daar bestaan 'n missionaal-pastorale dimensie. Dit is belangrik dat mense in gemeentes geleentheid kry om oor grense heen met mekaar te kan praat. Dit kan hulle help om hul eie identiteit te ontdek. 'n Voorbeeld hiervan is dat leraars gesprekke inisieer waar mense vrae kan vra in gemeentes, en openlik onder leiding van die dominees oor sake soos die Belhar Belydenis kan praat.
- | Om die missionêre waarde van Belhar te ontdek, beteken nie net om inligting te gee en so die waarde te ontdek nie. Mense moet gehelp word, nie net op tegniese vlak nie, ook op 'n spirituele vlak. Daar moet ruimte geskep word waar mense mekaar kan vind. Eers dan is hulle op weg met mekaar en besig om missionêr te wees.
- | 'n Belangrike vraag wat gevra moet word, is: "Wat beteken dit vir ons om regtig missionêr te wees?"
- | Hier gaan dit nie net oor 'n missionêre tema nie, maar ook oor 'n saak wat mense op grondvlak aan die beweeg kan sit.
- | Die debat oor "missionêr" in Suid-Afrika verskil byvoorbeeld van die Amerikaanse debat.
- | *Missionêr* is om in jouself te verstaan wie God eintlik is (jou identiteit voor God) en om as gevolg daarvan uit te reik na ander. Dit gaan daarvoor om ook letterlik 'n verskil te maak aan ander se lewens. *Missionêr* beteken om al hoe nader te kom aan wat Christus vir jou bedoel hier op aarde.
- | Gesprek is nodig om uit te vind waar mense en gemeentes hulle bevind, en daardeur kan bepaal word waarheen hulle moet beweeg. Dit sal verskil van gemeente tot gemeente, van

persoon tot persoon. Daarom is gesprek en verskillende benaderings nodig. Hier is dus 'n pastorale dimensie saam met die missionêre.

- | Op watter manier Belhar ookal toegepas word, dit moet binne 'n bepaalde konteks "voete kry". Binne elke konteks sal bepaal word wat die toepassing en waarde van die Belhar Belydenis in daardie konteks is.
- | Dit is nodig dat predikante en ander mense in gemeentes, wat 'n sosiale aanvoeling het, met die gemeentede 'n pad stap oor die waarde van die Belhar Belydenis.
- | Daar sal 'n "oop" benadering moet wees, maar nie in 'n relativistiese (post-moderne) sin nie. In hierdie proses sal ons die leiding van die Heilige Gees moet aanvaar.

### **7.15. ONDERHOUD MET ANDRÉ BARTLETT 17 SEPTEMBER 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. André Bartlett op 17 September 2007. Doktor A L Bartlett is predikant van die Ned. Geref. Gemeente Aasvoëlkop. Dit is ook die gemeente waar dr. Beyers Naudé die eerste leraar was. 'n Onderhoud is met dr. Bartlett gevoer, op grond van die volgende oorwegings:

- | Dr. Bartlett is voorsitter van die Hoëveld Sinodale Diensgroep vir Ekumene, wat tans baie nou betrokke is by die herenigingsproses.
- | Doktor Bartlett is een van die stigterslede van die Gereformeerde Belydende Beweging, wat kerkeenheid in die familie van NG Kerke wil bevorder.
- | Die Kerkraad van Aasvoëlkop het te kenne gegee dat die Belhar Belydenis nie 'n struikelblok in die herenigingsproses moet wees nie.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Gee my asseblief 'n bietjie agtergrond van julle gemeente se besluite rondom die Belhar Belydenis en Kerkhereniging en hoe julle dit verstaan.

ANDRÉ BARTLETT: Dit was voordat ek in die gemeente gekom het, maar soos ek dit nou verstaan, was daar destyds, ná die 1994 Algemene sinode, weer 'n sterk aandrang (van die Algemene sinode se kant af) dat gemeentes gekonsulteer moet word en dat daar gesprekke gevoer moet word rondom kerk-hereniging. Piet Meiring was daardie tyd die persoon wat verantwoordelik was vir die proses en daar was gespreksdokumente uitgestuur. Hier in ons gemeente het die kerkraad die gesprekke baie ernstig opgeneem. Daar was 'n reeks gesprekke in die kerkraad self en die kerkraadslede is gevra om met die gemeentede te praat. So, daar was 'n redelike wye proses in die gemeente. By 'n kerkraadsvergadering is al die goed bymekaar gesit en die kerkraad het hom sterk uitgespreek ten gunste van kerk-hereniging. Daar was toe ook 'n behoorlike gesprek in die kerkraad oor Belhar en die kerkraad het 'n besluit geneem dat hulle Belhar onderskryf en ook ten gunste daarvan is dat dit in die herenigingsproses 'n belangrike rol

sou speel. Die bedoeling was eintlik dat Belhar nie 'n struikelblok moet wees nie. Ons het nie probleme met Belhar nie.

JAN: Dit is nou 'n belangrike opmerking wat jy maak. Dit lyk vir my daar is ook baie maniere waarop mense Belhar kan aanvaar.

ANDRÉ BARTLETT: Dit is die minimum wat die kerkraad waarskynlik gesê het. Daar was mense in die kerkraad gewees wat uit die aard van die saak 'n sterker binding met Belhar het, maar ek sal nie sover gaan om te sê dat die hele kerkraad so sterk gevoel het nie. Hulle het wel gesê dat hulle nie 'n probleem met die Belhar Belydenis het nie. Daar was mense daardie tyd op die kerkraad wat die Belhar Belydenis sterk onderskryf het. Baie voel dat dit een van ons belydenisskrifte moet wees, maar dit moet nooit 'n struikelblok wees vir kerk-hereniging nie. In die afgelope tyd wat ek hier op die kerkraad is, was die gesprek van Belhar weer op die tafel, en daar is baie min weerstand teen die hele aangeleentheid. Daar is hoegenaamd geen probleem hier by ons in die gemeente nie. Daar is twee tipes lidmate by ons: die een klomp wat positief oor Belhar voel en die ander groep wat voel dat dit nie 'n struikelblok moet wees nie.

JAN: Mens wonder nogal hoekom hierdie gemeente min weerstand teen Belhar ervaar. Het Johannesburg en die tipe mense wat hier woon 'n invloed?

ANDRÉ BARTLETT: Ek dink die stad het dalk iets daarmee te doen. In 'n plek soos Johannesburg met die korporatiewe omgewing wat jy hier het, is mense gewoon daaraan dat goed soos samewerking oor rasse-grense heen nie 'n "issue" is nie. Hier is 'n soort van 'n ongeduld om te sê: "Wat is die 'issue' nou, omdat die saak nou-al sloer vanaf 1986?" Vir die ouens in die korporatiewe wêreld maak dit net nie sin nie.

JAN: Ek wonder ook of die mense vir wie die prosesse net nie aanvaarbaar is nie, of hulle nie dalk al uit Johannesburg geskuif het nie.

ANDRÉ BARTLETT: Ek dink mense in Johannesburg het altyd 'n baie meer van 'n akkommoderende uitkyk. Hulle het lankal agtergekom dat jy moet aanpas by jou omgewing om jou voete te kan vind. In daardie sin kyk die mense baie meer met 'n oop gemoed na iets soos Belhar en sê: "Daar staan niks in wat my dwars in die krop steek nie."

JAN: Is hier 'n VGKSA-gemeente of NGK in Afrika hier naby julle?

ANDRÉ BARTLETT: Hier is 'n VGKSA-gemeente wat nou al baie jare ons kerksaal gebruik. Die naaste gemeente is in Coronationville, so 10-15 minute van ons af. Hier in Johannesburg oor die algemeen is daar baie goeie samewerking tussen die NGK en die VGKSA.

JAN: Het julle al met die VGKSA 'n gesprek begin in die rigting van kombinasie?

ANDRÉ BARTLETT: Daar was nog net sporadiese gesprekke, maar nog nie werklik ernstig nie. Dit lê nog in die toekoms. In die ring van Johannesburg, in die middestad, word gewerk aan 'n gesamentlike bediening. Dit het baie te doen met die demografiese verandering van die middestad. Daar is 'n baie sterk proses aan die gang.

JAN: Jy persoonlik voel baie sterk oor die Belhar Belydenis. Wat is die waarde van die Belydenis vir jou en vir die NGK in Suid-Afrika?

ANDRÉ BARTLETT: Die Belhar Belydenis het my persoonlik gehelp om te verstaan wat werklik vir 'n lang tyd verkeerd was in ons land. Dit het my ook gehelp om die rol wat die kerk gespeel het om die hele beleid van apartheid te legitimeer, te verstaan. Dit was nie net 'n fout nie, dit was ook prinsipiëel verkeerd. Dat die kerk hom prinsipiëel verbind het aan 'n beleid op sekere gronde wat later geblyk het dat die kerk hom verbind het aan grootskaalse veronregting van mense. Dit is wat 'n belydenisskrif, wat my betref, eintlik moet wees. Dit behoort jou die waarheid wat op 'n sekere punt in gedrang kom, duideliker te laat raaksien. Die verskillende punte van Belhar, voel dit vir my, het Belhar in die konteks waarin dit tot stand gekom het, 'n helder lig laat skyn. Met ander woorde, op watter punt het die waarheid hier ter sprake gekom – in so 'n mate dat die hart van die Evangelie eintlik op die spel was. Dit is wat 'n belydenisskrif volgens my moet doen. Ek dink die manier waarop die Belhar Belydenis geformuleer is, maak dat dit nie net betekenis het in daardie konteks van apartheid nie, en dat mens ná apartheid nog steeds kan sê: “Die gevaar dat die waarheid van die Evangelie op sekere punte in gedrang kan kom, is 'n blywende gevaar en daarom het ek 'n belydenisskrif nodig om hierdie waarheid helder gefokus te hou.” Net so help die ander drie Formuliere van Eenheid ons om nog steeds in fokus te bly. Belhar kan later weer gebruik word as daar soortgelyke oortredinge kom - al sou dit aan die ander kant van die kleurspektrum wees, bly dit nog steeds ongeregtheid.

JAN: Wat nou van *Kerk en Samelewing*, vervul hierdie dokument nie eintlik daardie funksie nie?

ANDRÉ BARTLETT: Daar is verskillende vlakke – en daarom is dit anders. *Kerk en Samelewing* was van die begin af bedoel gewees as 'n beleidsdokument. Dit is baie uitvoerig geskryf en op baie punte baie veilig geformuleer sodat dit amper meer as 'n studiestuk gedien het, terwyl Belhar baie meer in Belydenis-taal geformuleer is. Dit is baie meer in die vorm van 'n Belydenis waar die waarheid ter sprake kom. Dit spreek die waarheid dat die Evangelie werklik in gedrang gekom het. Dit vra vir 'n belydenis.

JAN: Die groot verskil tussen Belhar en *Kerk en Samelewing* is dalk die *status confessionis*-agtergrond van Belhar. Hoewel die twee dokumente wel in lyn praat, sal baie NGK mense nie probleem hê met *Kerk en Samelewing* nie maar wel soms met Belhar?

ANDRÉ BARTLETT: Baie mense sal sê dat apartheid 'n fout was, maar hulle kom nie regtig tot die punt dat hulle sal sê dat dit 'n dwaling is nie. Apartheid was 'n situasie wat vra vir 'n belydenis. Ek was 'n student in daardie tyd toe Belhar geformuleer is, en ek het besef dat ek self op 'n dwaalspoor was. Ek het self besef my denke is verkeerd – dat ek self nie die nood van mense gesien het nie. In daardie sin het ek in myself 'n soort van 'n *status confessionis* beleef.

JAN: Baie mense se reaksie is: ‘Hierdie is 'n aanval op my en daarom verwerp ek die dokument.’ Sommige jonger mense sê: “Dit is 'n verouderde dokument en dit pla my nie as jy dit in die kerk gebruik nie.”

ANDRÉ BARTLETT: Die feit van die saak is dat bitter min mense totaal onskuldig is. Al het jy nie persoonlik iets gedoen om ander mense direk te veronreg nie, as jy deel is van 'n sisteem wat veronregting in hom ingebou het, as jy deel is van 'n kerk wat daardie sisteem legitimeer, as jy nie protesteer teen daardie sisteem nie, is jy mede-verantwoordelik. Die lidmate van die NG Kerk was die mense wat invloed in die land gehad het. As mens uitvind dat ons politieke bestel 'n onregverdige bestel was, kon die mense nie sê hulle is onskuldig nie.

JAN: Sommige van die VGK mense sê dat Belhar nie net gemik is teen die NG Kerk nie, maar ook teen 'n teologie in hulle eie kerk.

ANDRÉ BARTLETT: Dit is die blywende waarde van Belhar dat hy op 'n manier geformuleer is om in nuwe situasies dieselfde waarheid te kan bevestig. Belhar skryf nie spesifiek oor apartheid nie, die woord “apartheid” word nie eens genoem in die dokument nie. Belhar is in meer universele terme geformuleer. Daar is gepoog om groter beginsels te formuleer.

JAN: Met ander woorde, Belhar is nie net 'n regstelling op die teologiese begroning van apartheid nie, maar ook 'n regstelling op 'n tipe piëtisme?

ANDRÉ BARTLETT: Dit is reg. Jou gereformeerde koninkryksteologie is tog uiteindelik om te sê dat die lig van God se Woord op elke terrein van die lewe val. En op elke terrein van die lewe moet daar tot gehoorsaamheid geroep word. Ons, in die kerk, moet sê dat ons op geen terrein in die lewe moet oortree nie en ons moet op geen terrein toelaat dat daar oortree word, sonder dat dit aangespreek word nie. So in daardie konteks bring Belhar gereformeerde koninkryksteologie weer solied op die tafel.

JAN: Hoe dink u oor die manier waarop Belhar 'n missionêre rol kan speel?

ANDRÉ BARTLETT: Belhar dui daarop dat God in hierdie wêreld nuwe dinge tot stand bring. Die nuutheid het nie net te doen met siele wat gered word nie, die nuutheid het te doen met God se *Shaloom* wat gevestig word. God se *Shaloom* het te doen met geregtigheid en met versoening en dit het te doen met die gestalte van die kerk. In daardie sin is Belhar 'n dokument wat jou help om suiwerder te dink oor Sending. Dit maak vir my sin dat dit 'n meer gesonde grondslag kan wees vir 'n sendingteologie. Dit het dan ook 'n meer belydenis-karakter. Dit help jou om jou teologiese denke suiwerder te fokus.

JAN: Belhar het my weer gehelp om heelwat wyer na sending te kyk. Ek begin eintlik die woord sending te vervang met die woord missie. Mens moet praat van “wat is die missie van die gemeente hier?” Watter verskil maak ons aan die omgewing hier?

ANDRÉ BARTLETT: Die sendingveld het nie Christendom en dan rondom die Christendom 'n sendingveld nie. Die wêreld is 'n sendingveld en die kerk is die gestaltes van die koninkryk oral in die sendingveld. Wat Belhar vir my goed maak is dat hy in 'n nuwe soort wêreld, 'n sosiale visie het vir die kerk, wat sin maak in die tyd waarin ons leef, en wat eintlik dus aanvullend is tot die bestaande belydenisskrifte – en hy doen dit meer in terme van etiese vraagstukke van ons tyd.

JAN: As jy praat van 'n nuwe era. Dis juis in die tagtigs wat jy baie duidelik die skuif sien en dit is waar Bosch vir my baie waarde het. Hy praat van die nuwe ekumeniese missionêre kerk terwyl ander weer praat van die industriële era wat oorgaan na die inligtings-era, waar mense kontak het op 'n gelyke vlak met alle godsdienste en op alle vlakke. Dit is hoe ons ouer belydenisskrifte werk en dit is wat Belhar vir my 'n bietjie anders maak. Wat Belhar miskien moeilik maak vir Afrikaner-mense is dat dit eintlik op drie slegte tone trap: Die eenheid was nog altyd 'n moeilike beleid, en die versoening - ons het altyd eerder getrek as wat ons versoen het - en dan nou die geregtigheid wat nou uit ons hele geskiedenis kom.

ANDRÉ BARTLETT: Ek verstaan dat belydenisskrifte op tone trap. Dit is waarskynlik wat *Kerk en Samelewing* anders maak. Sy bedoeling was om beleid te verander. Sy bedoeling was nie om in 'n konfessionele sin 'n kwessie aan te spreek nie.

JAN: As u dan nou met 'n gemeente daar in die Noorde van die land, wat worstel met Belhar, moet gaan praat, wat sal u vir hulle sê, waarom behoort hulle Belhar ernstig op te neem?

ANDRÉ BARTLETT: Ek moet eers gaan luister wat hierdie mense sê. Ek moet hoor wat hulle hoor wanneer hulle Belhar lees. Hulle beleef dit dalk dat daar 'n dolk net in hulle rug gesteek word. Maar ek sal vir hulle sê: “Kom ons kyk hoe Belhar geformuleer is.” Dit gaan oor breër beginsels



wat wel ter sprake was toe apartheid gefunksioneer het, maar dit moet ook universeel toegepas word. 'n Ander leemte, dink ek, is dat daar baie NG lidmate is wat met mekaar praat oor Belhar, terwyl ek dink die groot behoefte is dat NG Kerk-mense en VGKSA-mense eerder met mekaar gesprekke het. Dat die NG Kerk-mense vir die VGKSA-mense kan sê: “Wat bedoel julle as julle Belhar hoor?” en dat die VGKSA-mense weer kan sê wat hulle bedoel wanneer hulle oor Belhar praat. Op die oomblik is dit witmense wat met witmense praat. Daar was nog nooit werklik 'n behoorlike gesprek gewees waar daar openlike blootstelling was van beide partye nie. Net só, glo ek, sal ons werklik uitvind wat mekaar se bedoelings is wat ons kan help op die pad vorentoe.

JAN: In terme van wat jy nou sê begin ek elke keer wanneer ek in so 'n onderhoud is, al hoe meer dink dat ek die onderhoude wat ek so voer, op skrif moet stel. Die persoon wat my help om dit op skrif te sit het anders gedink oor Belhar, maar nadat hy hierdie onderhoude op skrif gestel het, het hy 'n totaal ander insig gekry.

ANDRÉ BARTLETT: Jy sê nou vir my wat sal ek vir die mense in die Noorde sê. Ek sal vir hulle sê: “Dit is belangrik dat julle julle gesprek onder mekaar voer, maar dink julle nie dit sal goed wees as ons nie net die gesprek met mekaar voer nie, as mense wat min of meer uit dieselfde kring kom nie, kom ons bring 'n paar ouens in van die VGKSA om saam met ons te gesels as gespreksgenote - nie om vir ons te kom sê hoe dit is nie, maar om saam met ons te kom gesels.” Daardie soort oop gesprek is nodig en ons is nie baie goed daarmee nie. Dit is 'n ideaal wat ek nog altyd het dat ons op verskillende vlakke, nader aan grondvlak, hierdie soort gespreksgroepe aan die gang moet kry. Waar mense met mekaar praat oor die hele kwessie van kerk-hereniging, hoe verstaan ons versoening, hoe verstaan ons die sosiale geregtigheid-rol van die kerk. Belhar is, dink ek, 'n goeie dokument om op die tafel te sit.

JAN: Ek het ook 'n vermoede dat daar minstens twee vlakke is waarop mense daarna kyk. Die een is half 'n “statement”-vlak, die ander is om werklik te kyk wat is die inhoud en om te verstaan wat Belhar sê. Baie mense voel die VGK het 'n “statement” gemaak deur Belhar op te stel en ons maak 'n “statement” deur dit te verwerp. Ek dink as ons begin begrip toon in die NG Kerk-familie, kan daar dalk selfs 'n nuwe dokument opgestel word, of Belhar kan 'n bietjie aangepas word - maar dit kan net gebeur as ons saam gesels.

JAN: Hoe sou mens mense motiveer om in gesprekke te gaan? Waarom sal ons nie kan sê: “Belhar is nie Bybels nie, los hom?” Hoekom wil ons gesels? Het dit te make met die konteks van die hereniging om te sê ons erken mekaar as gelowiges?

ANDRÉ BARTLETT: Ons kan nie vir die wêreld sê dat God die antwoord is en dat God dit moontlik kan maak om konflik tussen mense te transendeer, terwyl ons dit nie in ons eie kerklike gestalte kan regkry nie. Dan sê ons eintlik ons glo nie wat ons sê nie. As jou werke nie wys dat jy

glo wat jy sê nie, dan werp dit 'n refleksie op jou geloof. As ons sê: “Christus is ons vrede,” maar ons kry dit nie reg om vrede te maak in ons kerkfamilie nie, dan sê ons eintlik dit is maar leë woorde om te sê: “Christus is ons vrede.” Dit is wat vir my ook op die spel is in die kerk-hereniging kwessie - of ons werklik glo dat Christus mense, wat uit verskillende agtergronde kom, tot een nuwe mensheid kan verenig. Of ons dan werklik kan sê saam met Paulus: “Christus is ons vrede.”

### **Opmerkings uit die onderhoud met dr. André Bartlett:**

- | Die NG Gemeente Aasvoëlkop het in die tydperk ná 1994 die Belhar Belydenis bespreek en besluit dat dit nie 'n struikelblok vir kerk-hereniging moet wees nie. Daar was twee groepe mense in hierdie gemeente: persone wat baie sterk positief gevoel het oor die Belhar Belydenis, en persone wat gevoel het dat dit nie 'n struikelblok moet wees nie.
- | Die konteks van die NG Gemeente Aasvoëlkop speel moontlik 'n groot rol in die gemeente se benadering tot die Belhar Belydenis. Aan die een kant is dit mense wat in die korporatiewe wêreld gewoond is aan samewerking oor rasse-grense heen. Aan die ander kant is hierdie mense nie gewoond aan 'n saak wat lank sloer nie. Hulle kom vanuit 'n konteks waar daar dikwels akkomoderend gewerk moet word sodat 'n saak afgehandel kan word.
- | Nouer samewerking met die VGKSA in hul omgewing, lê nog in die toekoms van die Aasvoëlkop gemeente.
- | Vir dr. Bartlett lê die waarde van die Belhar Belydenis juis daarin dat dit 'n regstelling bring op punte waar waarhede van die Evangelie in gedrang gekom het. Dit het dus nie net gegaan oor 'n fout wat begaan is nie, maar oor 'n standpunt wat prinispiëel verkeerd is.
- | 'n Groot verskil tussen Belhar en Kerk en Samelewing, is dat laasgenoemde 'n beleidsdokument is, terwyl eersgenoemde gaan ook die belydenis van geloof.
- | Baie mense sal erken dat apartheid 'n fout was, maar nie dat dit 'n dwaling is nie. Die waarde van die Belhar Belydenis is dat dit hierdie dwaling in geloof uitwys.
- | Niemand wat deel was van die sisteem van apartheid kan sê dat hulle eintlik onskuldig was nie. Die sisteem het mense verontreg, en die mense wat daardie sisteem in stand gehou het, was mede-verantwoordelik daarvoor.
- | Die blywende waarde van Belhar is dat dit geformuleer is om ook in nuwe situasies dieselfde waarheid te bevestig.
- | Vanuit 'n koninkryksteologie sê die kerk dat daar op geen terrein in die lewe oortree moet word nie en dat daar op geen terrein oortreding toegelaat moet word, sonder dat dit aangespreek word nie. In daardie konteks bring Belhar gereformeerde koninkryksteologie weer solied op die tafel.
- | Belhar het, in 'n nuwe soort wêreld, 'n sosiale visie vir die kerk. Dit maak sin in die tyd waarin ons leef, en daarom is dit aanvullend tot die bestaande belydenisskrifte
- | Gesprekvoering tussen mense van die NG Kerk en mense van die VGKSA is nodig, en die Belhar Belydenis kan daarmee help.

- I Die NG Kerk kan nie Christus se versoening verkondig, as ons nie bereid is om dit in die familie van NG Kerke te beoefen nie. Hier gaan dit weereens om die geloofwaardigheid van die Kerk se boodskap.

### 7.16. ONDERHOUD MET REGGIE NEL 17 SEPTEMBER 2007

Hierdie onderhoud is gevoer met ds. Reggie W Nel op 17 September 2007. Dominee Nel is senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) en gee klas in onderwerpe soos: Gemeenskapsontwikkeling, Jeugwerk en Christen Aksie vir Rekonsiliasie (Versoening). Hy is ook predikant van die Riverlea VGKSA Gemeente. 'n Onderhoud is met ds. Reggie Nel gevoer, hoofsaaklik op grond van sy betrokkenheid by die VCSV en sy kontak met die jeug in die VGKSA.

#### ONDERHOUD

JAN: Wat is jou belewenis op pad met die Belhar Belydenis? Is dit enigsins 'n dokument wat relevant is vir die jongmens? Miskien vanaf 1986 tot nou toe, of het daar enige verskuiwings plaasgevind?

REGGIE NEL: Dit is miskien ook belangrik om dit te neem van waar mens bewus geraak het van die Belhar Belydenis. Ek het in 'n pastorie-huis grootgeword en die Belydenis was maar altyd deel van ons huisgesprekke. Ons moes Belhar met mekaar bespreek in die gemeente waar ons was op Stellenbosch (dit was toe eers die konsep-belydenis). Daardie tyd was ek baie betrokke by die jeugbediening in ons kerk, by die Christen Jeug Vereniging (CJV). Hierdie beweging was ook op daardie tyd baie betrokke by baie van die gesprekke. Ons kon met die predikante "engage". Die CJV het ook gefunksioneer binne die breër konteks van die "Congress Movement"<sup>2</sup>. Binne die jeug het ons baie gedebatteer oor die Belhar Belydenis. Die hele gesprek rondom ons rol as Christene in Suid-Afrika, in die breë publieke sfeer, was binne die konteks van: "Wat sê die konsep Belydenis vir ons as jongmense vir die 'issues' van vandag?" So, daar was die twee vlakke waar ons daaroor kon praat – by ons huis en by die Jeug Aksie.

My pa as dominee, was van 'n ouer, ander generasie. My pa was van 'n baie sterk evangeliese spiritualiteit – wat eg was. Ons was maar almal sterk daardeur beïnvloed. Nie net ons as kinders nie, maar ook die gemeentes waar hy bedien het. Tot op daardie stadium was dit maar die hoofstroom binne die Sendingkerk. Wat toe nou gebeur het met die denke in die Sendingkerk in die laat sewentigs, en dan nou met die draai van die dekade in die tagtigs, het die Sendingkerk ook baie meer bewus geraak van ons verantwoordelikheid hier by ons. Belhar het natuurlik 'n bepalende rol gespeel om dit teologies te verwoord. 'n Mens kan amper sê dit was 'n ander

---

<sup>2</sup> 'n Politieke beweging.

bekering wat binne die kerk plaasgevind het. Daar was ook 'n tipe van 'n afskeid van die spiritualiteit en teologie wat vir baie van ons mense in die Sendingkerk ook belangrik was. Dit is nie dat ons dit heeltemal wou prysgee nie, maar ons het besef dit is nie al wat daar is nie. Ons het besef daar is 'n breër rol en 'n breër verantwoordelikheid wat ons kerk te speel het.

JAN: As 'n mens nou sê dat daar 'n beweging plaasgevind het vanaf 'n evangeliese piëtistiese klem, in watter rigting het die verskuiwing plaasgevind?

REGGIE NEL: In die tagtigs was die kwessie nie spesifiek die sosio-ekonomiese goed nie. Ek dink dit was meer die rasse-kwessies: apartheid en die feit dat die kerk op grond van rasse-gronde geskei is. Ons kom nie by mekaar uit nie, en ons is nie een kerk nie. Op die voorgrond, op daardie stadium, was meer die sake rondom politieke uitsluiting en rasseverhoudings en die feit dat ons mense hulself polities eintlik buite die parlement moes vind. Uiteindelik was die droom van die "struggle" dat, as die politieke goed in plek kom, dan sou die ekonomiese transformasie as volgende fase ook gebeur.

Die skuif was meer vanaf 'n vroomheids-tipe af, wat meer gesteld was op die individuele, die persoonlike aard van sonde, na die begrip dat sonde ook sosiale sake insluit, ook strukturele sonde en ongeregtheid insluit. Die persoonlike sondebef is ook 'n belangrike element, wat baie goed in ons bestaande belydenisskrifte omskryf word – daar was net 'n behoefte dat die breër sake ook verwoord moet word: hoe ons ons geloof op daardie punt (en nou) verstaan.

JAN: As jy nou iets kan onthou – toe julle (jy en die mense rondom jou) die Belhar Belydenis vir die eerste keer onder oë gekry het – hoe het julle dit beleef en ervaar?

REGGIE NEL: Die een ding wat jy moet verstaan is dat ons dit van die een kant af nie beleef het as die Woord van die Here nie. Aan die een kant het die mense gevoel dit wat ons ál die jare gehad het, dit is mos die Evangelie soos ons dit van die Here ontvang het. So, daar was ook daardie skok-reaksie. Dit was die een kant. Aan die ander kant was daar ook daardie ervaring dat dit die goed is wat ons, as ons buitekant tussen mense is, kan verkondig.

Kom ek deel 'n staaltjie. Ek is baie mal oor sport en dan gaan ek een aand in Stellenbosch, na die Coetzenburg atletiek stadion toe, en dan word ek as kleurling daar weggejaag. Jy voel dan: "As Christelike land en as Christene, hoe werk dit dan?" Jy weet, as jy daardie absolute vernedering beleef en gesmaak het, dan is daar iets wat daarin moet lees dat die Here nie net in my siel besorg is nie, Hy is ook die Een wat ernstig is oor daardie dinge wat daar buite gebeur. Dan het jy eintlik daardie tipe van "wow"-ervaring, 'n bevestiging van jou waardigheid. Jy hoef nie skaam te wees as Christen om so te voel en te vra: "Is daar nie iets beter as dit nie?" Dan kom Belhar met idees, en later ook die Kairos dokument en jongmense sê: "Ons sal iets drasties moet doen, want dinge

verander dan nie.” En dan kom ‘n dokument wat vanuit die Skrif praat, en wys vir ons areas uit die Skrif wat ons nie voorheen raakgelees het nie – en jy voel voëlvry. Dit is wêreld wat vir jou oopgaan.

JAN: Sou ek kon sê dat ‘n groot deel van die positiewe van Belhar is dat dit ‘n bevestiging van jou menswees beteken?

REGGIE NEL: Definitief ja. Ja, daar is verskille, ons het nie almal dieselfde agtergrond nie. Dit is nie ‘n skandvlek nie. Ons as kleurlinge het die hele ding van Gam se nageslag, jou herkoms – die ou slawepraktyke – en jy loop half kollektief met daardie goed rond. Dan sê Belhar: “Ja, daar is verskille, maar dit is ter verryking van die Liggaam van Christus.” Dit is ‘n bevestiging van jou waardigheid as mens, maar ook van die feit dat ons anders en verskillend mag wees.

JAN: So daar is iets van ‘n geskiedenis waar die mense voel dat die “kleurling” amper ‘n “outcast” is, en dat hy niks daaraan kan doen nie. Belhar sê egter: Daar is meer, dit hoef nie so te wees nie.

REGGIE NEL: Ek lees dit nou vanuit my ervaring as kleurling, ‘n ander persoon lees Belhar en vind haarself of homself ook in die dokument as iemand anders wat dalk ook daardie soort van uitsluiting ervaar. Van my kant af, was dit my belewenis.

### **Opmerkings uit die onderhoud met ds. Reggie Nel:**

- | In die jare tagtig is baie gesprek oor die (konsep) Belhar Belydenis gevoer. Dit is op verskeie vlakke gevoer: in gemeentes, in Jeug-aksies en ook in sommige huise.
- | In die NGSK het ‘n verskuiwing in spiritualiteit plaasgevind: vanaf ‘n vroomheids-tipe af, wat meer gesteld was op die individuele, die persoonlike aard van sonde, na die begrip dat sonde ook sosiale sake insluit, ook strukturele sonde en ongeregtheid insluit.
- | Binne ‘n persoonlike belewenis van vernedering as gevolg van die rasse-beleid in Suid-Afrika destyds, het die Belhar Belydenis vir mense ‘n bevestiging van hul menswaardigheid beteken. Dit is veral waar in terme van die mense wat voorheen as “kleurling” beskou is. Hierdie mense het nog konnotasies gehad van ‘n “Gam-geslag” of die historiese slawe-praktyke.

### **7.17. Samevattende opmerkings**

In hierdie Hoofstuk is die kwalitatiewe onderhoude wat gevoer is woordeliks weergegee. Aan die einde van elke onderhoud is ‘n kort samevatting gegee van die kern-elemente van die betrokke onderhoud. In die Hoofstuk 6 word hierdie kern-elemente saamgegroepeer in die vorm van ‘n verwysingsbron.

Die belangrike bydrae van hierdie hoofstuk is om 'n paar voorbeelde van die wye reeks "stories" oor die Belhar Belydenis, en spesifiek die missionêre waarde daarvan, te reflekteer. Die doel is dat diegene wat hierdie onderhoude lees, aangespoor sal word om gesprekke tussen die verskillende lede van die NG Kerk-familie op grondvlak te inisiëer, aan te moedig, te fasiliteer en uit te bou. Hierdie onderhoude kan ook as motivering dien vir sulke gesprekke, aangesien hier reeds 'n wye verskeidenheid van sienswyses na vore kom. In realiteit behoort sulke gemeentelike gesprekke 'n nog groter variasie van denke na vore te bring. Dít is juis die bedoeling van interkerklike gesprek: dat die eenheid opgebou word, en gedien word, deur 'n sinvolle aanwending van die verskeidenheid.

Sulke interkerklike gesprekke kan, op sigself, 'n belangrike bydrae lewer tot die verstaan en uitleef van die NG Kerk-familie se missie in die Suid-Afrikaanse samelewing. As daar gekyk word na die *Gospel in our Culture Network* (GOCN) se drie doelwitte, naamlik kulturele analise, teologiese refleksie en ekklesiologiese gesprekvoering (sien punt 4.1), is gesprekvoering in NG Kerk-familie 'n uiters belangrike komponent vir die missionêre aard en taak van hierdie kerk. Die Belhar Belydenis het 'n belangrike rol te speel in hierdie tipe gesprekke.



## BIBLIOGRAFIE

- Adonis J C & Millard Joan A 1994. Christianity in South Africa since 1984. in Hofmeyr, J W & Pillay, G J (Ed.) *A History of Christianity in South Africa*. Haum: Pretoria
- Adonis J C 1982. *Die Afgebreekte Skeidsmuur weer opgehou: Die verstrengeling van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met die praktyk en ideologie van die Apartheid in historiese perspektief*. Rodopi:Amsterdam
- Alberts L & Chikane F (ed.) 1991. *The road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town
- Barth K 1925. The Desirability and Possibility of a Universal Reformed Creed. In Smith, L P (Transl.) 1962. *Theology and Church: Shorter Writings, 1920-1928*. Harper & Row: New York. Pp 112-135.
1956. *Church Dogmatics. Volume 1. The doctrine of the Word of God. Prolegomena to Church Dogmatics. 2nd half-volume*. Trans. Thomson, G T & Knight, H K. T&T Clark: Edenburg
1962. The desirability and possibility of a universal reformed creed. In *Theology and Church: Shorter Writings, 1920-1928*. Transl. Smith, L P. Harper & Row: New York.
2002. *The Theology of the Reformed Confessions*. Trans. Guder DL & Guder JJ. Culombia Series in Reformed Theology. Westminster John Knox: London
- Bosch, D J 1991. *Transforming Mission, Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis.
- Bosman, D B, Van der Merwe, I W en Hiemstra L W 1984. *Tweetalige Woordeboek. Bilingual Dictionary*. (8ste uitg.) Tafelberg: Kaapstad
- Botha, A J 1984. *Die evolusie van 'n volksteologie*. Gepubliseerde proefskrif. UKW Drukkery: Bellville
- Botha, D P 1981. Die sendingsituasie. In Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P (sames.). *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad 92-97
- Botha, J G 1991. Belhar: Yes or no? Reformed Ecumenical Synod: *Theological Forum*. 19(2)
1995. Belhar-belydenis – dwaallig of die evangelie uit Nasaret? *Kerkbode* 24 November B-D6
- Botha, J 1998a. Belhar, 'n staf om vandag en môre mee te gaan. In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik:Pretoria 38-57
- 1998b. Belhar, waarvandaan? In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik:Pretoria 23-37

2007. Mekaar se broers en susters, omdat Jesus dit wil! 'n Perspektief op die storie van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) vanaf 1994 tot 2006. In Nel R en Du Toit H (red.) *Ons Pelgrimstog na eenheid/Our Pilgrimage to unity: Conversations on healing and reconciliation within the Dutch Reformed Church Family*. Universiteit Pretoria Drukkery: Pretoria
- Botha, J & Naudé, P 1998. *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik:Pretoria
- Breytenbach, J A 1991. *Bewuswording en motief: 'n Ekklesiologiese ondersoek en tipering van die kerkgeskiedskrywing in die NGSK*. Ongepubliseerde Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Britz, R M 1998. Belhar verskil van ons Belydenisskrifte. *Kerkbode* 5 Junie:A-E13
- Bruwer, E 1981. Die sendingsituasie: Kommentaar. In Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P Storm-kompas: *Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad 97-103
- Burger, C 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Reeks: Gemeente en Bediening 4. BUVTON:Stellenbosch
2005. Kerke moet praat oor verlede se pyn: Evangelie se krag kan wonde in NG familie genees. Godsdiens aktueel. *BEELD* 31 Januarie p. 12
- Busch, E 2002. Preface. In Barth, K. *The Theology of the Reformed Confessions*. Trans. Guder DL & Guder JJ. Culombia Series in Reformed Theology. Westminster John Knox: London. vii-x
- Chikane F 1991. Understanding the South African reality. In Alberts L and Chikane F (Ed.) *The Road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town. pp 47-61
- Cloete G D en Smit D J (samestellers) 1984. *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*. Tafelberg: Kaapstad
- Conradie H 2005. *Die Belydenis van Belhar: Waarom gaan dit?* Hurter: Hermanus
- Crafford D 1982. *Aan God die dank: Geskiedenis van die Sending van die Ned. Geref. Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buurstate. Deel 1*. NGKB: Transvaal
- Cronjé J M 1981. *Aan God die dank: Geskiedenis van die Sending van die Ned. Geref. Kerk. Deel 2. Buite die Republiek van Suid-Afrika*. NGKB: Transvaal



- Daniels, A 2001. Bybelgebruik in die Belharbelydenis se artikel oor 'Eenheid'. In *Scriptura* 77, 193-209.
- Danzfuss, T 1998. *Belhar – Bely of Bestry?* Pretoria: Veritas.
- De Gruchy J W 1994. The Nature, Necessity and Task of Theology. In De Gruchy, J W & Villavicencio, C (ed.) *Doing Theology in Context: South African Perspectives. Theology and Praxis*. Vol. 1. pp 2-14.
- Deist, F E 1984: *A concise dictionary of theological and related terms: with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list*. J L van Schaik: Pretoria
- Doekes, L 1979. *Credo: Handboek voor de Gereformeerde Symboliek*. Ton Bolland: Amsterdam
- Dulles, A 1974. *Models of the church*. Image: Garden City
- Du Plessis, J 1965. *A History of Christian Missions in South Africa*. C. Struik, Kaapstad.
- Durand, J J F 1961. *Una Sancta Catholica in sendingperspektief. 'n Analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*. W. Ten Have N.V., Amsterdam.
- 1984a. 'n Belydenis – was dit werklik nodig?, in Cloete, G D en Smit, D J (samests.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*, 39-48. Tafelberg: Kaapstad
- 1984b. Belhar – krisispunt vir die NG Kerke, in Cloete, G D en Smit, D J (samests.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*, 123-134. Tafelberg: Kaapstad
2002. Hoe my gedagte-wêreld verander het: van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore. *NGTT*. 43(1 & 2) pp 64-70
- Eloff, S 1998. Skriftuurlik en teologiese is Belhar nie waterdig nie. *Kerkbode* 5 Junie A-E12
- Froneman 1982: Gewetenskrisis vir NGK: NG Kerk van afgodery beskuldig oor steun aan apartheid. *Kerkbode* A-D1
- Gaum, F 1997. *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid: 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis*. Hugenote: Wellington
- Geloof en Protes: 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing". Opgestel deur die Voortsettingskomitee, Mei 1987
- Gerber, J J 2008. *NG Kerk Moderamen: Terugvoer oor konsultasieproses*. Kemptonpark: 18 Maart 2008
- Goheen, M W 2000. *"As the Father Has Sent Me, I Am Sending You": J. E. Lesslie Newbigin's Missionary Ecclesiology*. Doctoral Thesis. University of Utrecht.

2002. The Missional Church: Ecclesiological discussion in the Gospel and Our Culture Network in North America. *Missiology: An International Review*. 30(4) 479-490
- Gouldner, A W 1980. *The Two Marxisms*. Oxford University Press: New York
- Guder, D et al 1998. *Missional Church: A vision for the sending of the church in North America*. Eerdmans: Grand Rapids
- Hartveld, G P 1991. *Symboliek: Een beschrijving van kernen van Christelijk belijden*. Kok: Kampen
- Hanekom T N 1972. *Die ontwikkeling van selfstandige lewenspatrone as verhoudingsprobleem tussen die Gereformeerde kerke in Nederland en in die Nederlandse Kolonies*. Referaat gelewer voor Teologiese Kring, Stellenbosch 1972.
- Hendriks, H J 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente*. Hugenote: Wellington
- Henning, E, Van Rensburg, W & Smit, B 2004. *Finding your way in qualitative research*. Van Schaik: Pretoria
- Heyns, J A 1984. *Dogmatiek*. NG Kerkboekhandel: Goodwood
1988. Ope brief aan dr. Allan Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu. *Kerkbode* 18 November B-E6
- Hofmeyr, J W 2002. 1962: Een liggaam en een Gees. In Hofmeyr G S (red.) *NG Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Lux Verbi BM: Kaapstad p198-199
- Hofmeyr, J W & Van der Linde, H H 2007. Historiese vlug rondom kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. In Nel R en Du Toit H (red.) *Ons Pelgrimstog na eenheid/Our Pilgrimage to unity: Conversations on healing and reconciliation within the Dutch Reformed Church Family*. Universiteit Pretoria Drukkery: Pretoria
- Hofmeyr, J W, Millard J A & Froneman C J J (reds) 1991. *History of the Church in South Africa. A Document and Source book*. Pretoria: UNISA
- Jonker, W D 1976. *Die Woord as opdrag*. NG Kerkboekhandel: Pretoria
1991. Understanding the Church situation and obstacles to Christian witness in South Africa. In Alberts L and Chikane F (Ed.) *The Road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town. pp 87-98
1993. *Bevrydende Waarheid: Oor die karakter van die gereformeerde belydenis*. Hugenote Uitgewers: Wellington
- Joyce, P 2000. *Suid-Afrika in die 20ste Eeu: Een Honderd Jaar in Oënskou*. Struik: Kaapstad
- Kairos Document* 1986. Revised Second Edition. Johannesburg: Skotaville

- Kane, J H 1978. *A Concise History of the Christian World Mission: A Panoramic View of Missions from Pentecost to the Present*. Baker Book House: Michigan
- Keta, D T, Hoffman, A M & Ramolahlehi, M J 2007 The story of the NGKA and it's decisions concerning unification. In Nel, R en Du Toit, H. *Ons Pelgrimstog na eenheid: Our Pilgrimage to unity*. Dept Kerkgeskiedenis: UP
- Kinghorn, J (red) 1986a. *Die NG Kerk en Apartheid*. MacMillan: Johannesburg
- 1986b. Konsolidasie, rasionalisasie en dogmatisering. In Kinghorn J (red) 1986a. *Die NG Kerk en Apartheid*. MacMillan: Johannesburg 117-143
- Kirk, J A 1999. *What is mission? Theological explorations*. Darton, Longman & Todd: London
- Kleynhans, E P J 1998. Waarom stem u so? *Kerkbode* 5 Junie B13
- Kraemer, H 1947. *The Christian Message in a Non-Christian World*. (2nd Ed.) Published for International Missionary Council. Edinburg House Press: London
- Kriel, CJ 1981. *Die Eerste Eeu: Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika – 5 Oktober 1881 – 5 Oktober 1981*. N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Goodwood Kaap. pp 180
- Loff, C J A 1998. *Bevryding tot eenwording: Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994*. Proefskrif: Theologiese Universiteit van de Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen.
- Malan, D F 1959. *Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op pad daarheen*. Nasionale Boekhandel:Kaapstad
- Mann, A 1998. *The in-between church: Navigating size transformation in Congregations*. Alban Institute
- Meyer, E E 2000. Interpreting Luke with the confession of Belhar. in *Scriptura*, 72/1, 113-120
- Meyer, E E 1997. *Die interpretasie van die Ou Testament in die Belydenis van Belhar*. Ongepubliseerde skripsie (B.D.). Universiteit van Stellenbosch.
- Meiring, P 1975. *Stemme uit die swart kerk: Gesprekke met dertien geestelike leiers*. Tafelberg: Kaapstad
- Meiring, P 1981. In die konteks van Afrika. In Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P (sames.). *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad
- Meiring, P & Lederle, H I (sames.) 1979. *Die eenheid van die Kerk*. Tafelberg:Kaapstad
- Moreau, A S 2000. Mission and Missions. In *Evangelical Dictionary of World Missions*. Moreau, A S (gen. ed.) Baker: Michigan pp 636-638

- Müller B A 2006. The role of worship and ethics on the road towards reconciliation. *Verbum et Ecclesia*. 27(2) pp641-663
- Naudé, P 1998. Belhar se ontvangs in die NG Kerk. In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik: Pretoria 77-89
2001. Om steeds nuut oor God te praat. in Meiring, P (red.) *So glo ons: gelowig nagedink oor God, die Bybel en ons leefwêreld*. 15-27 CUM: Kaapstad
2003. "A gift from heaven" – the reception of the Belhar Confession in the period 1982-2000 and its ecumenical significance today. *NGTT* 44 (3/4). pp407-420.
- Naudé, P & Botha, J 1998. Jesus is die Here! In Botha, J & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik: Pretoria
- Naudé, P & Pratt, D 2003. South Speaks to South: a New Zealand response tot the kerygma of Belhar. *NGTT* 44 (3/4). pp421-432
- Nel, A 1995. Is die Belharbelydenis 'n belydenisskrif? in Lombard, C en Hunter, J (reds.) *Kom ons word een*, 81-99 EIN: Windhoek
- Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion
- Newbigin, L 1989. *The Gospel in a Pluralist Society*. Grand Rapids: Eerdmans.
- NG Kerk 1974. *Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*.
- NGSK 1988. *Die Belydenis van Belhar TD 2/1*. Publikasie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk.
- Nicholls, B J 1979. *Contextualization: A theology of gospel and culture*. InterVarsity Press: USA.
1988. Contextualization. In Ferguson, S B and Wright, D F (ed.) *New Dictionary of Theology*. Inter-Varsity: England. (164-167)
- Noll, M A (ed.) 1991. *Confessions and Catechisms of the Reformation*. Apollos: England
- Pretorius, M 1988. Die resultate van die stryd. In Die kerklik-godsdienstige stryd van die Afrikaner gedurende die afgelope 150 jaar. *Bybel en Volk* 3(4) 30-37
- Robinson P J 1984. Die Belhar-belydenis van 1982 in sendingperspektief. In Cloete G D en Smit D J. (red.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*. 49-59.
- Robinson P J & Botha J G 1986. *Wat is sending? 'n Werkswinkel vir die Familie van NG Kerke*. Publikasie van die SKGA van die NGSK en Dept. Missiologie UWK.
- Schaff, P c1919. *The creeds of Christendom : with a history and critical notes. Vol I-III*. Harper: New York.
- Sears, D O et al 1988. *Social Psychology*. 6th ed. Prentice-hall: London

- Scherer, JA & Bevans, SB (Red.) Basic Statements 1974-1991. Vol.1. In *New Directions in Mission and Evangelization*.
- Schreuder N 2002. 1994. Toekomsskok of toekomsvisie? In Hofmeyr G S (red.) *NG Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Lux Verbi BM: Kaapstad p226-227
- Smit D J 1984. Wat beteken status confessionis? In Cloete G D en Smit D J (red.) *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis*. Tafelberg: Kaapstad pp 14-38
2000. Versoening en Belhar? *Gereformeerde Theologiese Tijdschrift* 100, 159-174.
2006. *Die Gereformeerde siening van belydenis? Enkele algemene gedagtes* beskikbaar vanaf: <[http://www.ngkok.co.za/KonventAlgemeen/OpmerkingsOorBelydenis\\_SmitDJ\\_2006.pdf](http://www.ngkok.co.za/KonventAlgemeen/OpmerkingsOorBelydenis_SmitDJ_2006.pdf)> [toegang: 10 Julie 2008]
- Smith N J 1972. *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Proefskrif: Universiteit Stellenbosch.
- Smith, N J, O'Brien Geldenhuys, F E & Meiring, P (sames.) 1981. *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Tafelberg: Kaapstad.
- South African Demographic and Health Survey 1998*. beskikbaar vanaf: <<http://www.doh.gov.za/facts/1998/sadhs98/>> [toegang: 10 Julie 2008]
- Sukdaven, M 2006. *Inclusive Or Exclusive? A Missiological Analysis Of Congregations In The Reformed Church In Africa*. Magister Thesis. University of the Freestate.
- Sweet, L 2007. The Missional Church. In *The Canadian Baptist*. Spring 2007.
- Ukpong, J S 1987a. Contextualisation: A Historical Survey. *The African Ecclesial Review*. 29:5 pp 278-86
- 1987b. What is Contextualization? *Neue Zeitschrift für Missionswissenschaft*. 43, pp 161-168.
- Van der Linde H H 2002. *'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie van die Kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie*. Ongepubliseerde Proefskrif: Universiteit Pretoria
- Van der Watt, G 2003. Die Sendingpraktyk van die Ned Geref Kerk: Enkele tendense vanaf 1952 tot met die eeuwenteling. in *Verbum et Ecclesia* 24(1) 213-231
- Van der Watt, P B 1989. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1905 Deel 1-3*. NGKB:Pretoria
- Van Niekerk A C J 1989. *Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse Sosiale Etiek: 'n Vergelykende ondersoek na 'The Kairos Document', die 'Evangelical Witness', 'Die Belydenis 1986' en 'Kerk en Samelewing'*. DD Proefskrif: Universiteit van Pretoria

1996. Moet ons die Belydenis van Belhar (1986) as 'n nuwe Belydenisskrif aanvaar? *Skrif en Kerk* 17(2) 443-455.

Van Niekerk, A S 1982. *Dominee, are you listening to the drums?* Tafelberg: Cape Town

1987. The Kingdom dimension in the church's mission. *Missionalia*.15(3)123-133.

1992. *Saam in Afrika*. Tafelberg: Cape Town

1996. *Anderkant die reënboog*. Tafelberg: Cape Town

2004. "Die interafhanklikheid en spanning tussen die bevordering van versoening en die bekamping van armoede". *NGTT* (Deel 45, no. 3/4) September, Desember. pp 728-741

Verkuyl, J 1981. *Inleiding in die nuiewere Zendingswetenskap*. Kampen: Kok.

Vroom, HM & Tennekes, J (red.) 1989. *Contextualiteit en Christeljk Geloof*. Kampen: Kok

WARC, 1983a. Ottawa 1982, Proceedings of the 21st General Council, Geneva:, pp.176-180.

1983b. Called to Witness to the Gospel Today. Studies from the World Alliance of Reformed Churches 1, Geneva:, pp.26-30.

Wessels, F 1998. Belhar – struikelblok of fondament? *Kerkbode*, 19 Junie. A-E11.

Williams H H 2006. *J A Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid*. Proefskrif: Universiteit van die Vrystaat

Woods D 2006. *Suid-Afrika: Oes die stormwind van volksgodsdienst*. Struik Christelike Boeke: Kaapstad

Wright, D F 1988. Theology. In Ferguson, S B & Wright, D F (ed.) *New Dictionary of Theology* Inter-Varsity Press: England pp680-681

### **Kerkbode artikels sonder outeur:**

*Eenheidsgesprek gaan gebuk onder spanning* 2006. *Kerkbode* 14 September Hoofberig.

*Gewetenskrisis vir NGK: NG Kerk van afgodery beskuldig oor steun aan apartheid* 1982. *Kerkbode* 6 Oktober.

*Noorde sê oor hereniging*. *Kerkbode* 22 Februarie 2008 A-C3.

*Sendingkerk se konsep-belydenis* 1982. *Die Belydenis* 1982. *Kerkbode* 15(134). 13

*Tai jaar wat op gesprekke oor eenheid* 2008. *Kerkbode* 25 Januarie A-E1

*Tyd van beslissing oor die Belydenis van Belhar* 1998. *Kerkbode* 20 Februarie 4. Redaksie

*Van verleentheid tot geleentheid* 2008. *Kerkbode* 22 Februarie A-E3

## **Bronne van die Nederduitse Gereformeerde Kerk:**

NG Kerk 1974. *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif.*

NG Kerk 1982a. *Handelinge Algemene Sinode.*

NG Kerk 1982b. Die Herderlike brief van die Algemene Sinode aan die Ned. Geref. Kerk.  
*Kerkbode 17 November E6-F7*

NG Kerk 1986. *Notule Algemene Sinode*

NG Kerkraad Langebaanweg 1998. Langebaanweg aanvaar Belhar. *Kerkbode 5 Junie A12*

NG Kerkraad Joubertina 1998. Joubertina aanvaar nie Belydenis van Belhar nie. *Kerkbode 19 Junie D8*

NG Kerk 1990. Algemene Sinode. *Kerk en Samelewing 1990: 'n Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Algemene Sinodale Kommissie.

NG Kerk 1990. *Handelinge Algemene Sinode.*

NG Kerk 2004a. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite*

NG Kerk 2004b. *Algemene Sinode. Besluiteregister*

NG Kerk 2007a. *Algemene Sinode. Agenda*

NG Kerk 2007b. *Kerkhereniging van die familie van NG Kerke: Inligting oor die voortgaande konsultasieproses.*



## BYLAE 1

# DIE BESLUIE VAN DIE NED. Geref. SENDINGKERK WAT AAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK OORGEDRA IS IN 1982

## BYLAE 1

### II DIE N.G. SENDINGKERK EN APARTHEID

('n Prinsipiële Besinning)

#### 1. VERSOENING EN APARTHEID

Stelling: Die politieke en kerklike bestel van Suid-Afrika is 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word, en waarin ten spyte val) vermeende goeie bedoelinge die hebsug en vooroordeel van mag hebbers en bevoorregtes ten koste van magtelose en minderbevoorregtes verskans word.

#### Verantwoording

In "apartheid" gaan dit om mense wat apart staan, **wat apart van mekaar gehou word.**

"Die moontlikheid dat die groepe bymekaar gebring **kan** word en dat 'n vreedsame naasbestaan die spanning en stryd **kan** vervang, word prinsipiël afgewys. Daarom moet mensegroepe sover as wat dit moontlik is, selfs deur wetgewing as dit moet, uitmekaar gehou word, omdat hulle bymekaarbring noodwendig lei tot konflik en die wedersydse bedreiging van mekaar."

Die gebruik van "eiesoortige ontwikkeling" in 'n poging om die gehate "apartheid" as term te vervang, bring in wese geen verandering aan die basiese uitgangspunt nie: die eie ontwikkeling moet steeds apart plaasvind, omdat die een se ontwikkeling 'n bedreiging is vir die ander s'n. Eweneens is die gesamentlike ontwikkeling 'n bedreiging vir die eie ontwikkeling.

In die lig van hierdie onveranderde uitgangspunt verbaas dit nie dat die poging om meer aandag te vra vir die positiewe aspekte van apartheid telkens stukkend breek teen die realiteit dat die bevoorregting in die ontwikkeling elke keer swaar oorhel na die kant van die wit bevolkingsdeel nie.

Die keuse van die term: onversoenbaarheid in die sinodebesluit van 1978 was doelbewus. Daardeur vertaal die Sinode sy getuie in terme van sy eie terrein, dié van kerk en teologie. Immers, onversoenbaarheid staan teenoor die gedagte van versoening; die hartaar van die Christelike evangelie en juis daarom ook die hartaar van die bestaan en die verkondiging van die kerk.

Die sigbare effek van die versoening tussen God en mens is gevolglik die bestaan van die kerk as 'n versoende gemeenskap van mense, 'n eenheidsgemeenskap. Aan hierdie kerk is die boodskap van versoening toevertrou. Aan hierdie kerk is die boodskap van versoening toevertrou. Aan die wêreld en die mense wat daarop woon, word die uitnodiging gerig om hulle ook met God en so ook met mekaar te versoen. In Christus, sê die Kerk, het daar nuwe hoop en 'n nuwe moontlikheid vir die wêreld gedaag.

Dit is nie die sonde en die haat, die vyandskap en die geskeidenheid wat die laaste woord hoef te spreek nie, maar versoening en vrede. Christus het dit moontlik gemaak. (Vgl. onder andere Ef. 2:11-22; 1 Joh. 3:11-24 en 4:7-21).

Die kerk sal altyd getuig dat geen samelewingsordering van die fundamentele onversoenbaarheid van mense en mensegroepe mag uitgaan en 'n samelewingsbestel op so 'n uitgangspunt mag baseer nie. So 'n uitgangspunt bind die mens aan sy verlede van vyandskap en haat. . . . dit ontkragtig die evangelie.

Ons bied nie een of meer Bybeltekste aan nie. Met Bybeltekste kan te maklik omgesprong word, soveel so dat dit selfs moontlik was om vir baie jare vol te hou dat apartheid Skriftuurlik is op grond van eintlik net twee: die verhaal van die toring van Babel (Gen. 11:1-9) en Hand. 17:26.

Nee! die toetssteen vir apartheid is die sentrale bybelse boodskap van versoening. As dit hier faal, kan enkele desperate Bybeltekse dit nie red nie. Trouens dan word die tradisionele uitleg van sodanige tekse self grondig bevraagteken.



## 2. DIE SINODEBESLUIT VAN 1978 I.V.M. APARTHEID

In aanvulling tot die teologiese stelling i.v.m. **onversoenbaarheid**, gaan die Sinode verder en toon aan dat die sisteem wat uit so 'n beleid (gegrond op onversoenbaarheid) voortkom noodwendig moes lei en gelei het, tot 'n toenemende polarisasie tussen mense. Dit doen meer as om hulle net uitmekaar te hou. Dit verwyder hulle verder van mekaar. Dit polariseer en skep konflik. Op sy beurt word die konflik gebruik as 'n alibi om die skeiding ten alle koste te handhaaf. So word almal ingetrek in 'n bouse kringloop wat net deurbreek kan word met die wysiging van die uitgangspunt.

## 3. DIE EIS VAN GERECHTIGHEID EN EIE BELANG

Die sinodale besluit gaan nog verder en wys daarop dat die praktyk onteenseglik aangetoon het "dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen nie aan die evangeliese eis dat gerechtigheid aan almal sal geskied nie." Binne 'n sisteem waarin die "eie" en die "afsonderlike" soveel klem kry, gaan die mens inderdaad in die eerste plek na die "eie" omsien. Die gevolg is dat die magtige en bevoorregte nie gewillig is om sy mag en bevoorregting te deel nie, maar inderdaad in die versoeking kom om nog meer na homself te haal. Ten slotte wys die sinode daarop dat deur die apartheidsisteem "nie alleen die menswaardigheid van die nie-bevoorregte bevolkingsdele nie, maar ook die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas is".

## 4. RASSISME EN APARTHEID

Die kommissie onderskryf die definisie wat soos volg lui: "Rassisme kweek 'n valse gevoel van meerderwaardigheid en is gebaseer op die veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur ras."

Waar dit gereglementeer is in kerk- en samelewingstrukture verloën dit die gesamentlike menswees van die gelowiges en dit verloën die versoenende en vermenslikende werk van Christus.

In Suid-Afrika steun die apartheid in Kerk en samelewing in 'n groot mate op 'n teologiese en morele regverdiging van die sisteem. Apartheid is dus 'n pseudo-religieuse ideologie sowel as 'n politieke beleid - wat hom laat geld op die terreine van kerk en staat en sodoende die hele Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed en struktureel bepaal.

## 5. ARTIKEL 9 VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Die bepalende karakter van die pseudo-religieuse ideologie van apartheid maak dit prakties onmoontlik dat dié belydenis "ek glo aan een heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges" die praktyk van kerklike strukture kan bepaal. Die sekulêre evangelie van Apartheid struktureer in werklikheid die kerkwees en kerkverband van die Ned. Geref. Kerke in S.A.

Aanbeveling wat besluit geword het.

\*Omdat die sekulêre evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die N.G. Sendingkerk in S.A. dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n Status Confessiones daarstel.

('n Status Confessiones beteken dat ons hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waarvoor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstiglik in gevaar te stel.)

\*Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is.

## DIE SINODE VAN 1978 EN OTTAWA

Dit is duidelik dat Ottawa en besluite i.v.m. rassisme en dus apartheid (afsonderlike ontwikkeling) nie 'n alternatief vir die sinodebesluit van 1978 is nie, maar die konsekwensie daarvan.

Die voorstel van die Kommissie oor Status Confessiones word tot stemming gebring en aanvaar.

Hierna stel prof. G. Bam die volgende aan die vergadering, nl.

"Die vergadering het so pas 'n besluit van ingrypende betekenis geneem. Dit is 'n heilige oomblik. Deur die afkondiging van 'n status confessiones sê die Sinode:

Ek het nou op 'n plek gekom waar ek apartheidsreëlinge oor my lewe, beide vanweë die staat en die kerk, verstaan en beleef as 'n uitvloeisel van opvattinge en oortuiginge wat direk strydig is met die evangelie van Jesus Christus soos ek dit verstaan. Ek ervaar die geloofsbotsing so skerp dat dit my dwing tot belydenis en afwysing van die valse leer wat my bedreig.

Ek bevind my in 'n situasie waar ek óf konfrontierend bely teen die magte wat dreig om my geloofsbelydenis in sy wese te neutraliseer en kragteloos te maak, óf swyg en verval tot niks.

Status confessiones word nie daargestel deur die omvang van armoede of deur die pyn van veronregting nie maar slegs deur 'n besondere bedreiging van die geloof.

Maar, daar is 'n tweede element. Wanneer ek my in 'n status confessiones bevind dan moet die woord wat op hierdie plek spreek die status en die karakter van belydenis hê. Dis nie maar 'n besluit wat ek neem, of 'n beleidsverklaring wat ek uitvaardig, 'n administratiewe reëling wat ek tref of 'n prosedure reëling in my onderhandeling met andere nie.

Dit is 'n belydenis op die vlak van die ander belydenisskrifte van die kerk. Die ou Christene het in 'n status confessiones gesê: Jesus Christus is die Heer. So het hulle bely teen die Romeinse kreet: Die keiser is heer.

Die Apostoliese Belydenis het gedeeltelik langs die weg gegroei en so ook die klassieke Ekumeniese simbole. Al was dit nie formeel die geval nie, saaklik was dit wel so.

Die Oosterse Leerreëls kom uit 'n Status Confessiones. Die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys.

Die verklaring van die belydenissinode van Barmen, 1934, is die jongste belydenis wat uit so 'n situasie ontstaan het. Ek lees vir u die eerste artikel van die belydenis:

Hier hoor ek die taal van belydenis. Dit is die taal wat ons Sondagmôres gebruik: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper, van hemel en aarde" .

Nog Ottawa, nog die Tydelike Ekumeniese Kommissie kom tot belydenis en tot afwysing van die dwalinge wat verwerp word. Vir Ottawa was dit nie nodig nie. Die W.A.R.C. is nie 'n kerk nie.

Maar van die kerk vra status confessiones duidelik belydenis en duidelike afwysing. Daar moet simbool geskep word wat deel word van die belydenis van die kerk waardeur die kerk hier en nou homself verklaar, 'n belydenis waarteen die dwaalleer erken kan word.

Daarom broeder voorsitter wil ek die sinode vriendelik versoek om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n belydenis daar te stel en vir goedkeuring aan die sinode voor te lê.

Karl Barth, een van die opstellers van die Barmen verklaring, sê in sy Kerklike Dogmatiek dat so 'n belydenis aan vier eise moet voldoen:

1. Die belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely omdat ek hoop om daarmee hierdie of daardie wins te maak nie, hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God en om niks, en dan ook niks anders nie.
2. Belydenis is nie 'n opinie wat ek uitspreek nie selfs nie 'n vaste oortuiging nie; dis 'n **protes** van die geloof wanneer dit gekonfronteer en bevraagteken word deur die lewe, dit sny dwars deur die clichés van die dag en lê tot op die been bloot. En Daarom gaan 'n status confessiones nie maar net terug op die ou belydenisse nie, maar dit skep nuwe belydenis.
3. Belydenis is nie 'n liriese ontboeseming nie of emosionele ontlading nie. Dit is 'n **daad** van uitdaging en **konflik**.
4. Belydenis is 'n vrye daad, onder dwang van die Heilige Gees aangegryp deur die Woord van God, en dit alleen. Dit vind nie plaas onder aanstigting van 'n wêreldmening nie. Belydenis is nooit iets om mee te speel nie, want dit is soos vuur. Laat ons hiermee omgaan soos dit ons pas met heilige dinge."

Die volgende voorstel ingedien deur die leraars van Douglas en Hopetown, nl.:

"Om die verlof van dr. G. Bam te vra om dit wat hy aan die vergadering voorgehou het oor die Status Confessiones en die daarbypassende belydenis te mag opneem in die notule van die Sinode,"

word aanvaar:

Die voorstel ingedien deur die mede-leraars van Beaufort-Wes Dos, nl.:

"Die H.E. Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie om as uitvloeisel van die afkondiging van 'n status confessiones teenoor apartheid 'n belydenis voor te berei wat nog voor hierdie sinode moet dien," word onbestrede aanvaar. Dit word gereël dat die Moderatuur hierdie Kommissie sal aanwys.

#### BEOORDELING VAN POSISIE VAN N.G. KERK

Die N.G. Kerk glo na die Sinode se oortuiging in die ideologie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk besluit van 1978 (soos prinsipiële beredeneer in Afdeling II) mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die N.G. Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologiese geformuleerde standpunt en die implementering daarvan in die praktyk.

Die N.G. Sendingkerk doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie "terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie." 1 Kor. 9:27.

#### DIE VERHOUDING TUSSEN DIE N.G. SENDINGKERK EN DIE N.G. KERK IN TERME VAN DIE STATUS CONFESIONES - BESLUIT

1. Dat die Sinodebesluit insake die Status Confessiones amptelik by die Algemene Sinodesitting van die N.G.K. in Pretoria oorhandig sal word om ook deurgegee te word aan die onderskeie streeksinodes.
2. Dat die N.G. Sendingkerk dit betreur dat ons **bande** met die N.G. Kerk nou ernstig in die gedrang is. Die H.E. Sinode oordeel dat die pad van versoening alleen bewandel kan word indien die N.G. Kerk haar skuld bely, wat betref die verskaffing van morele en teologiese be-gronding van apartheid en haar berou konkreet toon deur die konsekwensies van sodanige skuldbelydenis in kerk en staat uit te werk. Daarmee ontken die N.G. Sendingkerk nie sy eie skuld aan die situasie nie en verklaar hom bereid om in liefde en vergifnis met die N.G. Kerk op weg te gaan in 'n soeke na 'n uitbouing en nie 'n verbreking nie van ons verhouding. Ons versoek die N. G. Kerk dringend om saam te werk om dit vir ons moontlik te maak. Die N.G. Sendingkerk se diepste bede is dat die N.G. Kerk hierdie weg van bekering sal bewandel en nie sal toelaat dat die bande verbreek word nie,"
3. Dat die N.G.S.K. haar rol as profeet en priester teenoor die N.G.K. in S.A. (algemeen) met pastorale bewoëndheid sal vervul. Met alle weë en kanale tot haar beskikking sal ywer om die N.G.K. te begelei tot erkenning van haar aandeel en skuld in die totstandkoming en vestiging van die pseudo religieuse apartheidsideologie en politieke beleid wat mense van hulle menswaardigheid beroof het en onnoembare leed en lyding vir talle en talle mense tot gevolg gehad het en steeds het.
4. Dat die N.G. Sendingkerk in S.A. die N.G. Kerk in S.A. die woorde van 2 Kronieke 7: 13 en 14 toeroep; Die Here sê:

"As Ek die hemel toesluit dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eef, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."

Daarom in diepe bewoëndheid en ootmoed buig ons voor die Here met ons eie skuld en aandadigheid aan die onversoendheid tussen gelowiges in ons familie en ons bely dat ons dié waarheid op vele maniere van u teruggehou het. Ons veroordeel u nie, sodat ons nie dalk self veroordeel word nie.

Ons skuld u niks anders as die liefde nie, want daarin alleen is die vervulling van die wet. (Rom. 13:8) "Geliefdes, laat ons mekaar liefhê: want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God." (1 Joh. 4:7)

Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Geliefdes as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. As ons mekaar lief het, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het

die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan Hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê." (1 Joh. 4 verse)

Ons spreek u as ons suster aan in hierdie taal, omdat die evangelie van DIE LIEFDE wat u aan ons verkondig het, ons gids en troosbron bly.

Sola Scriptura.

## BESLUIE OOR UITVOERING

1."Om insake die Status Confessiones hierdie stuk wat die besluit van die N.G. Sendingkerk is, by:

1)Die Algemene Breë Moderatuur

2)Die Skakelkommissie

3)Die Federale Raad van Kerke en

4)Die Moderature van die Streeksinodes in te handig vir:

1)Studie en besinning en

2)Verklaring dat die N.G. Kerk weer opnuut in die lig van die besluite van die Hoogerwaardige Sinode weer sy standpunte met betrekking tot apartheid/eiesoortige ontwikkeling in oënskou sal neem en sal herformuleer,"

2."Die Sinode dra dit aan die Moderatuur op om die besluit van die Vergadering oor die Status Confessiones, asook die 1978 besluite oor apartheid en kerkeenheid aan die Algemene Sinode van die N.G. Kerk oor te dra en verlot te vra om dit persoonlik te mag doen in die volle vergadering op 'n tydstip waarop dit nog vir die Algemene Sinode moontlik sal wees om daaraan aandag te skenk,"

## Wêreldbond van Gereformeerde Kerke Ottawa Resolution on racism and South Africa 1982

I

God in Jesus Christ has affirmed human dignity. Through his life, death and resurrection he has reconciled people to God and to themselves. He has broken down the wall of partition and enmity and has become our peace. He is the Lord of his church who has brought us together in the one Lord, one faith, one baptism, one God who is the father of us all (Eph. 4:5,6).

The gospel of Jesus Christ demands, therefore, a community of believers which transcends all barriers of race - a community in which the love for Christ and for one another has overcome the divisions of race and colour.

The gospel confronts racism, which is in its very essence a form of idolatry. Racism fosters a false sense of supremacy, it denies the common humanity of believers, and it denies Christ's reconciling, humanizing work. It systematizes oppression, domination and injustice. As such the struggle against racism, wherever it is found, in overt and covert forms, is a responsibility laid upon the church by the gospel of Jesus Christ in every country and society.

At the present time, without denying the universality of racist sin, we must call special attention to South Africa. Apartheid (or "separate development") in South Africa today poses a unique challenge to the church, especially the churches in the Reformed tradition. The white Afrikaans Reformed churches of South Africa through the years have worked out in considerable detail both the policy itself and the theological and moral justification for the system. Apartheid ("separate development") is therefore a pseudo-religious ideology as well as a political policy. It depends to a large extent on this moral and theological justification. The division of Reformed churches in South Africa on the basis of race and colour is being defended as a faithful interpretation of the will of God and of the Reformed understanding of the church in the world. This leads to the division of Christians at the table of the Lord as a matter of practice and policy, which has been continually affirmed save for exceptional circumstances under special permission by the white Afrikaans Reformed churches. This situation brings a particular challenge to WARC.

This is not the first time that the Alliance has dealt with this issue. In 1964 the general council, meeting in Frankfurt, declared that racism is nothing less than a betrayal of the gospel: "The unity in Christ of members, not only of different confessions and denominations, but of different nations and races, points to the fullness of the unity of all in God's coming kingdom. Therefore the exclusion of any person on grounds of race, colour or nationality, from any congregation and part of the life of the church contradicts the very nature of the church. In such a case, the gospel is actually obscured from the world and the witness of the churches made ineffective." In 1970, the general council held in Nairobi confirmed this stance: "The church must recognise racism for the idolatry it is... The church that by doctrine and/or practice affirms segregation of peoples (e.g. racial segregation) as a law for its life cannot be regarded as an authentic member of the body of Christ." This strong language by WARC was not heeded by the Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk who were mentioned by name, and it was not given any follow-up by WARC itself.

The WARC general council meeting in Ottawa 1982 declares:

The promises of God for his world and for his church are in direct contradiction to apartheid ideals and practices. These promises, clearly proclaimed by the prophets and fulfilled in Christ, are peace, justice and liberation. They contain good news for the poor and deliverance for the oppressed, but also God's judgement on the denial of rights and the destruction of humanity and community.

We feel duty bound by the gospel to raise our voice and stand by the oppressed. "None of the brethren can be injured, despised, rejected, abused, or in any way offended by us, without at the same time injuring, despising and abusing Christ by the wrongs we do... We cannot love Christ without loving Him in the brethren" (Calvin).

In certain situations the confession of a church needs to draw a clear line between truth and error. In faithful allegiance to Jesus Christ it may have to reject the claims of an unjust or oppressive government and denounce Christians who aid and abet the oppressor. We believe that this is the situation in South Africa today.

The churches which have accepted Reformed confessions of faith have therefore committed themselves to live as the people of God and to show in their daily life and service what this

means. This commitment requires concrete manifestation of community among races, of common witness to injustice and equality in society, and of unity at the table of the Lord. The Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk, in not only accepting, but actively justifying the apartheid system by misusing the gospel and the Reformed confession, contradict in doctrine and in action the promise which they profess to believe. Therefore, the general council declares that this situation constitutes a status confessionis for our churches, which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed churches. We declare, with black Reformed Christians of South Africa that apartheid ("separate development") is a sin, and that the moral and theological justification of it is a travesty of the gospel, and in its persistent disobedience to the word of God, a theological heresy.

||

1. The WARC general council affirms earlier statements on the issue of racism and apartheid ("separate development") in 1964 and 1970, and reiterates its firm conviction that apartheid ("separate development") is sinful and incompatible with the gospel on the grounds that:
  - a. it is based on a fundamental irreconcilability of human beings, thus rendering ineffective the reconciling and uniting power of our Lord Jesus Christ;
  - b. in its application through racist structures it has led to exclusive privileges for the white section of the population at the expense of the blacks; and
  - c. it has created a situation of injustice and oppression, large-scale deportation causing havoc to family life, and suffering to millions.

Apartheid ("separate development") ought thus to be recognized as incurring the anger and sorrow of the God in whose image all human beings are created.

1. The general council expresses its profound disappointment that despite earlier appeals by WARC general councils, and despite continued dialogue between several Reformed churches and the white Dutch Reformed churches over twenty years, the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika have still not found the courage to realize that apartheid ("separate development") contradicts the very nature of the church and obscures the gospel from before the world; the council therefore pleads afresh with these churches to respond to the promises and demands of the gospel.
2. The general council has a special responsibility to continue to denounce the sin of racism in South Africa as expressed in apartheid ("separate development"). It is institutionalized in the laws, policies and structures of the nation; it has resulted in horrendous injustice, suffering, exploitation and degradation of millions of black Africans for whom Christ died; and it has been given moral and theological justification by the white Dutch Reformed churches in South Africa who are members of WARC and with whom we share a common theological heritage in the Reformed tradition.
3. Therefore, the general council, reluctantly and painfully, is compelled to suspend the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika from the privileges of membership in WARC (i.e. sending delegates to general council and holding membership in departmental committees and commissions), until such time as the WARC executive committee has determined that these two churches in their utterances and practice have given evidence of a change of heart. They will be warmly restored to the full privileges of membership when the following changes have taken place:
  - a. Black Christians are no longer excluded from church services, especially from holy communion;
  - b. Concrete support in word and deed is given to those who suffer under the system of apartheid ("separate development");
  - c. Unequivocal synod resolutions are made which reject apartheid and commit the Church to dismantling this system in both church and politics.

The general council pays respect to those within the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika who have raised their voices and are fighting against apartheid; the general council further urges member churches to pray that these efforts bearing witness to Christ, who frees and unites, may prevail within their churches.

The general council asks the WARC executive committee to keep this whole issue regularly under review.

|||

Even as we say these things, we, delegates at the general council, confess that we are not without guilt in regard to racism. Racism is a reality everywhere and its existence calls for repentance and concerted action. And so, certain questions emerge for our churches:

- a. How do we combat racism in our own societies and our own churches?
- b. How do we come to understand our complicity in the racist structures of South Africa through the economic involvement of especially Western European and North American countries and churches?
- c. How do we remain sensitive to the insidious way in which racism and social injustice are so often excused in the name of economic interest and national security?
- d. How can we give concrete manifestation to our concern for and solidarity with the victims of racism in South Africa and elsewhere in their struggle for justice, peace, reconciliation and human liberation?
- e. Churches should endeavour to develop relationship with black Reformed churches in South Africa and with churches and Christians (black and white) who are engaged in this struggle.
- f. In expressing solidarity with those who struggle for justice in this situation, we also ask the churches to struggle with the painful and difficult questions of how to witness to the reconciling grace of God for those whom we see as oppressive and in error.

## BYLAE 3 THE LAUDIUM DECLARATION

### 1. BIBLICAL GOSPEL

We affirm that the biblical Gospel is God's enduring message to our world, and we determine to defend, proclaim and embody it.

We affirm our commitment to the primacy of evangelism, of the preaching of the Gospel to every creature. We affirm that evangelism is not an option but an imperative.

We affirm that men are born in sin and guilty, and lost without Christ and totally depraved.

We affirm that religions and ideologies are not alternative paths to God, and there is no other name given among men whereby we can be saved but the name of Jesus.

We reject as derogatory to Christ and the Gospel every kind of syncretism and dialogue which implies that Christ speaks equally through other religions and ideologies. To proclaim Jesus as Saviour of the world is not to affirm that all men are either automatically or ultimately saved.

### 2. HOLY SPIRIT'S WITNESS

We affirm that the Holy Spirit's witness to Christ is indispensable to evangelism and that without His supernatural work new birth and new life is not possible and all our endeavours fruitless.

We affirm that we who proclaim the Gospel must exemplify it in a life of holiness and love; otherwise our testimony loses its credibility.

We affirm the constant need for revival and determine to seek God's face constantly for revival in our own lives, in the life of the RCA, and in the church of South Africa at large.

We affirm that nothing commends the Gospel more eloquently than a transformed life and nothing brings it into disrepute so much as personal inconsistency. We determine to live worthy of the Gospel of life.

### 3. EVANGELISTIC WITNESS AND COMPASSIONATE SERVICE

We affirm that the congregation of believers should turn itself outward to its local community in evangelistic witness and compassionate service.

We affirm that God has committed the whole Gospel to the whole world and to every member the task of making Christ known throughout the world. We long to see all lay and ordained persons mobilised and trained for the task. We determine to proclaim the

Gospel faithfully, urgently, passionately and sacrificially, until He comes.

We affirm that we must demonstrate God's love visibly by caring for those who are deprived of justice, dignity, food and shelter. Governments, religious bodies and nations will continue to be involved with social responsibilities but should the church fail in her mandate to preach the Gospel no other body will do so.

### 4. UNITY

We affirm our God given unity at the deepest level with all born again bloodwashed believers. We determine to foster such unity across all denominational barriers. In the immediate circle of our church we will foster structural unity with those who share the same confession provided that such structural unity will not stifle the evangelical witness of the Reformed Church in Africa.

We affirm that we who claim to be members of the Body of Christ must transcend within the church the barriers of race, gender and class. We affirm that racism within the church constitutes a denial of the Gospel and deterrent to evangelistic witness.

### 5. PROPHETIC WITNESS

We affirm that the proclamation of God's kingdom of justice, peace and holiness demands the denunciation of all injustice, oppression and immorality. We will not shrink from this prophetic witness.

We affirm the freedom in Christ of the church of Jesus Christ and refuse the alignment of the church to any ideology or current political trend, power or movement.

We affirm our solidarity with those who suffer for the Gospel and will seek to prepare ourselves for the same possibility.

We affirm the right of the believer to conscientious objection. In our demonstration and witness against evil we determine not to use carnal weapons but to act in the spirit of Christ and through





spiritual warfare and constant prayer enter into Christ's victory over the principalities and powers of evil.



## BYLAE 4 DIE BELYDENIS VAN BELHAR, 1986<sup>1</sup>

*Die Belhar Belydenis is in 1986 amptelik deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suider Afrika aanvaar. Dit het gevolg op die afkondiging van 'n status confessionis in 1982, in verband met die verwerping van die verdediging van apartheid op morele en teologiese gronde.*

### Artikel 1

Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

### Artikel 2

Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

#### Ons glo

- n dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;<sup>1</sup>
- n dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is;
- n dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;<sup>2</sup>
- n dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;<sup>3</sup>
- n dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees,
  - è daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen;
  - è daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee;<sup>4</sup>
  - è daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel en saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken;
    - o saam opgebou word tot die gestalte van Christus,
    - o tot die nuwe mensheid saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul;
    - o mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;<sup>5</sup>
- n dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie;

<sup>1</sup> Hierdie belydenis kom voor in Cloete & Smit 1984. In hierdie bylae is die belydenis voorsien van "bullets" om die lees van die verskillende dele te vergemaklik. Die begeleidende brief verskyn onderaan.

1. Ef 2:11–22

2. Ef 4:1–16

3. Joh 17:20, 23

4. Fil 2:1–5; 1 Kor 12:4–31

5. Joh 13:1–17; 1 Kor 1:10–13; Ef 4:1–6; Ef 3:14–20; 1 Kor 10:16–17; 1 Kor 11:17–34; Gal 6:2; 2 Kor 1:3–4

- n dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;<sup>6</sup>
- n dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

#### Daarom verwerp ons enige leer

- n wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsoluttering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;
- n wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;
- n wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;
- n wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

### **Artikel 3**

#### Ons glo

- n dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;
- n dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees;
- n dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is;
- n dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;<sup>7</sup>
- n dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het;
- n dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;<sup>8</sup>
- n dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;
- n dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

*Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.*

6. Rom 12:3-8; 1 Kor 12:1-11; Ef 4:7-13; Gal 3:27-28; Jak 2:1-13

7. 2 Kor 5:17-21; Matt 5:13-16; Matt 5:9; 2 Pet 3:13; Open 21-22

8. Efes 4:17-6:23; Rom 6; Kol 1:9-14; Kol 2:13-19; Kol 3:1-4:6



## Artikel 4

### Ons glo

- n dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring;
- n dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg;
- n dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee;
- n dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien;
- n dat Hy dié wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper;
- n dat vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek;
- n dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;<sup>9</sup>
- n dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;<sup>10</sup>
- n dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtheid en by die veronregtes;
- n dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

*Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.*

## Artikel 5

Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.<sup>11</sup>

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlijkheid in ewigheid.

9. Deut 32:4; Luk 2:14; Joh 14:27; Efes 2:14; Jes 1:16–17; Jak 1:27; Jak 5:1–6; Luk 1:46–55; Luk 6:20–26; Luk 7:22; Luk 16:19–31

10. Ps 146; Luk 4:16–19; Rom 6:13–18; Amos 5

11. Ef 4:15–16; Hand 5:29–33; 1 Pet 2:18–25; 1 Pet 3:15–18

## Begeleidende Brief

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die Ned Geref Kerk-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.
2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor Wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.
3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse

leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en verandering sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die Ned Geref Kerk-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin saam met ons sal wil maak, sodat ons saam kan vry word en saam hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.